

Die gewildste skrywer in Afrikaans

DEON MEYER KOORS



Hulle het my pa doodgeskiet. Ek gaan hulle kry.

Die gewildste skrywer in Afrikaans

DEON MEYER KOORS



Hulle het my pa doodgeskiet. Ek gaan hulle kry.

DEON MEYER

KOORS

Die memoires van Nicolaas Storm,
oor die ondersoek na die moord op sy pa

Human & Rousseau

OceanofPDF.com

The initial mystery that attends any journey is: how did the traveller reach his starting point in the first place?

– Louise Bogan

Memories of mortification persist for decades ...

– Oliver Burkeman, *Help!*

Every autobiography is concerned with two characters, a Don Quixote, the Ego, and a Sancho Panza, the Self.

– W.H. Auden

Autobiography is usually honest but it is never truthful.

– Robert A. Heinlein, *Friday*

Down these mean streets a man must go who is not himself mean, who is neither tarnished nor afraid. The detective must be a complete man and a common man and yet an unusual man. He must be, to use a rather weathered phrase, a man of honour.

– Raymond Chandler

1

Ek wil vir jou vertel van die moord op my pa.

Ek wil vir jou vertel wie hom vermoor het, en waarom. Want dit is die storie van my lewe. En die storie van jou lewe en jou wêreld ook, jy sal sien.

Ek het lank gewag voor ek dit doen, want ek dink 'n mens het wysheid nodig, en insig. En afstand. Ek dink 'n mens moet die kwaad – eintlik seker al die emosies – eers onder die knie probeer kry.

Ek is vandag sewe-en-veertig. Net so oud soos my pa was toe hy dood is, in die Jaar van die Leeu. Dalk genoeg afstand van die gebeure, maar ek weet nie of ek ooit die nodige wysheid en insig sal ontwikkel nie. My kommer is dat ek baie van die belangrike gebeure en mense en ervarings gaan begin vergeet. Daarom wou ek nie langer wag nie.

Hier is dit dus. My memoires, my moordstorie. En my exposé, sodat almal kan weet.

Die Jaar van die Hond

OceanofPDF.com

2

20 Maart

Ons onthou die oomblikke van vrees, verlies en vernedering die beste.

Ek is dertien jaar oud, op 20 Maart in die Jaar van die Hond.

Die dag verloop soos die vorige en die vorige. Daar is die dowwe dreun van die groot Volvo FH12 se dieselenjin, en die vae gedruis van sestien wiele onder die lang, toegeboude sleepwa agter. Buite skuif 'n voorspelbare, vergeetbare landskap verby. Ek onthou die kunsmatige koel van die lugversorging in die “perd” se kajuit. Die reuk van die vragmotor binne is nog nuut en vars. Daar is 'n skoolboek op my skoot, maar my gedagtes dwaal.

My pa verminder snelheid. Ek kyk op, en uit. Ek sien die wit letters op die padbord se swart agtergrond: *WELKOM IN KOFFIEFONTEIN!*

“Koffiefontein,” sê ek hardop, bekoor deur die naam, en die prentjie wat dit in my kinderverbeelding optower – 'n warm, aromatiese bron van pruttende, donker boeretroos.

Ons ry die dorp stadig binne. In die amper-skemer van die laatmiddag is dit spookagtig, sonder lewe, soos al die ander. Onkruid op die sypaadjies, grasperke agter heinings lank en dig vergroei. Op die horison, ver agter die plat geboue van die breë hoofstraat, speel weerlig kruis en dwars en skouspelagtig oor fantastiese wolkformasies. Die hele westerkim is bebloed in 'n vreemde, ontstellende dieprooi.

My pa wys daarna met sy vinger. “Cu-mu-lo-nim-bus,” sê hy elke lettergreep afgemete. “Dit is wat 'n mens daardie wolke noem. Ons kry dit uit die Latyn. ‘Cumulus’ beteken ‘stapel’. En ‘nimbus’ is ‘reënwolk’. Dit is wat vir ons donderstorms gee.”

“Cu-mu-lo-nim-bus,” durf ek die woord aan.

Hy knik, en draai die groot lorrie behendig by ’n vulstasie in, hou stil. Hy druk die skakelaar, wat hy self aangebring het, om die ligte teen die flank van die lang sleepwa aan te skakel. Die brandstofpompe werp meteens lang skaduwees wat na mensfigure lyk. Die enjin is af. Ons klim uit.

Só gewoon dat dit veilig is.

Die dag se laatsomerhitte slaan uit die teer op, die geruis van insekte dik. En ’n ander geluid, ’n dieper tapyt van klank.

“Wat raas só, Pappa?”

“Paddas. Die Rietrivier is net dáár.”

Ons loop langs die sleepwa af. Dit is wit, met drie groot, groen letters daarop wat lyk of hulle deur ’n vinnige wind skeefgewaai is: *RFA*. Dit word op die agterste deur van die wa verduidelik – *Road Freight Africa*. Ons het dit by ’n vragmotor-staanplek net buite Potchefstroom gekry, met die Volvo-perd aan, amper splinternuut, die tenk vol. Nou stap ons, pa en seun, langs mekaar. Sy hare lank en slordig en blond, myne ewe wild, en bruin. Ek is dertien, in die niemandsland tussen seuntjie en tiener, en gemaklik daar.

’n Vlermuis vlieg laag oor my kop.

“Hoe vang ’n vlermuis sy prooi?” vra my pa.

“Met eggo’s.”

“Watse dier is ’n vlermuis?”

“’n Soogdier, nie ’n voël nie.”

Hy vryf my hare nog meer deurmekaar. “Mooi.”

Ek hou daarvan.

Ons begin met die bekende ritueel, wat minstens een keer per dag gebeur, nou al weke lank: My pa dra die klein Honda-kragopwekker en elektriese pomp na die vulstasie se hervuldeksels, wat in ’n kleurgekodeerde ry langs mekaar sit. Dan kom haal hy die groot skuifsleutel om die swart dieseldeksel uit te lig. My verantwoordelikheid is om die lang tuinslang af te rol. Dit is aan die elektriese pomp gekoppel, en ek moet die ander punt in die bek van die Volvo se brandstoftenk druk, en dit daar hou.

Hervulling in ’n wêreld sonder petroljoggies en elektrisiteit.

Ek doen my deel, en staan verveeld, besig om die letters teen die wit muur van die verlengde vulstasie-gebou te lees. *Myburgh Elektries. Myburgh Bande*. Ek dink ek moet my pa daarna vra, want ek weet “burg” beteken fort – dit het hy vir my verduidelik toe ons deur plekke soos

Trompsburg en Reddersburg gery het – maar hierdie is ’n vreemde spelling, en nie die naam van hierdie dorp nie.

Meteens is die gons van die insekte stil.

Iets trek my aandag, agter my pa, in die straat af. Ek roep na hom, verbaas oor die onverwagse teken van lewe, en ek skrik ’n bietjie vir die sluwe aard van die beweging. My pa sit gehurk, besig om die pomppyp in die gat te skuif. Hy kyk op na my, volg die rigting van my blik, en sien die skimme in die skemer.

“Klim in!” roep hy. Hy kom orent, met die groot skuifsleutel in sy hande. Hy hardloop na die vragmotor se kajuit.

Ek staan verstar. Die skande daarvan sal maande daarna nog aan my vreet, die onverklaarbaarheid, die onbesonnenheid. Ek is botstil, my oë op die skuiwende skadu’s. Hulle kry gestalte.

Honde. Soepel, snel.

“Nico,” skree my pa, met verskriklike dringendheid. Hy staan stil om die doelgerigte diere van sy kind weg te keer.

Die desperaatheid in my pa se stem skok en ruk deur my, breek die vrees oop. Skiet die eerste vonk van selfverwynt. Ek snik, ek hardloop langs die lang sleepwa af. Ek sien deur die trane hoe die voorste hond in die ligkol insweef, na my pa se keel spring, bek wyd gesper, lang, skerp tande ontbloot. Die swaai van die groot sleutel, die vlietende skaduwee van dié beweging. Ek hoor die dowwe slag toe dit die kop tref, en die kort tjankgeluid. By die vragmotor se trappie, ek gryp die silwer reling, die bang dryf my aan tot bo in die kajuit. ’n Hond pyl op my af, ek ruk die deur toe. Dit spring op, hoog, tot amper by die oop venster, naels krappend op die metaal van die deur, geel tande glimmend in die ligte teen die lorrie. Ek gil. Die hond val terug. My pa staan daar onder. Vyf, ses honde wat hurkend, sluipend om hom sirkel. En nog wat die ligkol binnegalop, lenig, meedoënloos.

Daarna, alles so vinnig, maar asof die tyd stilstaan. Ek onthou die fyn detail. Die wanhoop op my pa se gesig toe die honde hom afsny van die veiligheid van die lorrie, net drie meter weg. Die woer-geluid toe hy die massiewe skuifsleutel swaai en swaai. Die elektrisiteit in die lug, die reuk van osoon, die reuk van die honde. Hulle deins terug van die skuifsleutel se dodelike momentum, so behendig, net buite bereik. Maar hulle bly tussen hom en die vragmotordeur, grommend, happend.

“Kry die pistool, Nico. Skiet.” Dit is nie ’n bevel nie, maar ’n angstige pleidooi, asof my pa in daardie oomblik die dood sien, en die implikasies daarvan: sy seun wat alleen hier oorleef, gestrand, gedoem.

Sy gesig vertrek van pyn, ’n hond wat hom van agter bespring, sy tande diep in my pa se skouer slaan. Dit ruk my uit my angsbeswyming, my hande vat na die Beretta in die vakkie op die wye instrumentpaneel, my duim druk die veiligheidsknip met groot moeite af, soos Pa my oor en oor geleer het. Nog ’n hond byt in my pa se kerende voorarm, en hang daar. Al twee my hande op die wapen. Twee vingers om die sneller se eerste, moeilike dubbelaksie te trek, die skoot by die venster uit die lug in, wild, die knal oorverdowend in die binneruim, sodat my ore suis, alle klank verdoof. Kordiet skerp in my neus. Die diere verstar ’n oomblik lank. My pa slaan met die skuif sleutel, die hond aan sy arm syg neer, hy tree nader aan die deur. Die trop roer, en spring. Ek mik na een se flank. Skiet. Die hond val skuins. Ek skiet weer, en weer. Die diere maak hoë, skaars hoorbare pyngeluide, die ander begin terugval, vir die eerste keer.

My pa is by die deur, ruk dit oop, spring in, ’n hond aan sy been, hy slaan daarna. Dit val. Bloed aan sy arms, bloed oor sy rug, hy stamp my van die sitplek af, slaan die deur toe.

Ek sien my pa se gesig, die weersin, die verbetering, vrees, afsku, woede. Ek voel hoe hy die pistool uit my hande gryp. Ek sien hoe hy die magasyn laat uitval, ’n nuwe een indruk. Hy hou die pistool by die venster uit. Hy skiet en skiet en skiet en skiet. Die skote is dof in my ruisende ore, die doppies spat geluidloos teen die voorruit, die instrumentpaneel, die stuurwiel, en val op die vloer langs my, oral. Ek kyk op na my pa se geskeurde hemp, en die diep rugwond, dieselfde donkerrooi as die wolke.

Die pistool is leeg, maar steeds trek Pa die sneller. Rook in die kajuit.

20 Maart in die Jaar van die Hond. Elf maande ná Die Koors.

* * *

My pa sit geboë, met die pistool op sy skoot. Hy sit doodstil. Ek kan nie sien of sy oë toe is nie.

Die klank van buite kom mettertyd terug in sagte golwe wat oor ons spoel.

Die paddas, die vroegaand se krieke. Ver in die weste verdoof die bloedhorison tot swart, en steeds sit hy.

Iemand snik sag. Dit neem 'n rukkie voor ek besef dit is ek. Ek wil nie nou nie, dit voel onvanpas. Ondankbaar, op 'n manier. Maar ek het nie beheer daaroor nie, die snikke harder, dringender. My pa draai na my toe, lê die pistool neer, sit sy arms om my. My hele lyf begin ruk, my hart hamer oorverdowend in my ore. Ek ruik die bloed en die sweet aan my pa, ek klou aan hom.

My oor teen sy bors, ek hoor sy hart wat so verskriklik vinnig klop.

“Toemaar,” sê hy. Ek hoor nie die woorde nie, voel net die vibrasies daarvan. *Toemaar. Toemaar, toemaar, toemaar.*

Hy hou my stywer vas. Ek bedaar langsaam.

“Jy is my held, Nico,” sê hy. “Jy het goed gedoen, hoor jy?”

Ek kry eindelijk die woord uit wat hier binne vassit, al so lank. “Mamma.”

En wanneer dit my ore bereik, brand die vernedering deur my.

“Ai, Here,” sê my pa en druk my stywer. Dan skakel hy die ligte aan die kant van die vragmotor af.

* * *

My pa se naam is Willem Storm.

In die lig van 'n sissende gaslamp maak ek die wonde op sy rug skoon. My hande bewe. Die ontsmetmiddel moet brand soos vuur in die lang rooi skeure oor sy vel, maar hy maak geen geluid nie. Dit is ongewoon. Dit maak my bang, versterk die vrees dat ek hom in die steek gelaat het.

Later maak hy twee blikkies Enterprise Spaghetti & Meatballs oop. Ons eet in stilte. Ek staar na die blou-en-rooi blikkie en wonder wat verkeerd is met “pork”. Want daar is 'n geel ster op die blikkie met vet rooi letters wat sê: *NO PORK*.

“Ek het nie gedink dit sal so gou gebeur nie,” sê my pa eindelijk.

“Wat, Pappa?”

“Die honde,” sê hy en maak 'n vae gebaar met die vurk in sy hand.

En dan bly hy weer stil.

21 Maart

In die oggend sleep Pa die honde se karkasse tot agter die vulstasie, en steek hulle aan die brand.

Ons hervul die vragmotor. Pa is stil. Niks voel reg nie. Die bang is soos 'n skaduwee wat al agter my aansluit.

Ons ry, sonder koffie, sonder ontbyt. “Ons gaan by 'n spesiale plek eet,” sê Pa. Hy probeer om dit na 'n okkasie te laat klink, maar ek is oud genoeg om te hoor hy forseer die blymoedigheid. Ek dink dit is omdat sy bytwonde seer is. “Okay, Pa,” antwoord ek gretig, asof ek sy opgewondenheid deel.

Hy drink water uit 'n vol eenliter-plastiekbottel. Hy drink dit in 'n kort rukkie leeg.

'n Uur later hou ons op die spesiale plek stil. Ek vergeet van die gevoel van onheil wat die hele oggend by ons is. Ek roep uit soos 'n veel jonger kind, in algehele verwondering, want dit is verskriklik mooi, en ongewoon en luid – 'n brug, 'n damwal, 'n dreuning. Links lê die dam, perfek stil, 'n tamaai uitgestrekte, blink uitspansel van water. Na regs is die diep kloof van 'n rivier, versluier agter die waterdamp-mis waar die water teen die sluise afdonder.

Pa stop die vragmotor op die middel van die massiewe beton-damwal. Hy laat al twee die vensters sak. Die klank van die vallende watermassa vul die kajuit. Dit laat die hele vragmotor vibreer.

Pa moet sy stem verhef, hy wys na die spieël van water: “Dis die Vanderkloofdam.” Dan kyk hy na die diep kloof. “En dit is die Oranjerivier.”

“Jissie.” Gister vergete, heeltemal bekoor.

“Ek dink hulle het die sluise oopgelos. Ná Die Koors. Ook maar goed.”

Ek vergaap my. Tot ek besef Pa het die woorde “Die Koors” op ’n snaakse manier gesê. Nie soos altyd nie. Sag en gou en onwillig, asof hy nie die aandag daarop wil vestig nie. Ek kyk na hom, maar hy vermy my oë. “Kom ons maak koffie,” sê hy vinnig.

Ons hou ’n gasstofie en ’n groot moka-pot onder die bed, agter die sitplekke. Saam met die beskuit en ’n pak biltong, en lekkergoed. Ek klouter agtertoe, en kry die proses van koffiemaak aan die gang.

Gewoonlik klim ons uit om te eet, as ons op die pad is. Maar nou bly Pa sit. Hy is seker versigtig, ná die honde.

Ek gee vir hom beskuit aan. Hy neem net een stukkie. Ek eet drie stukke, skielik honger.

Die moka-pot prut. Die reuk van die koffie vul die kajuit.

Ek skink eerste Pa s’n, wat hy swart en bitter drink. Ek hou van myne met twee suikers en Cremora.

“Hier, Pa.”

Hy draai na my toe om. Ek wag dat hy moet sê “terwyl ons kan”. Hy sê dit elke oggend as ons koffie drink. Hy hou die beker hoog, soos wanneer mens “tjeers” sê, en hy glimlag so skeef. Want koffie gaan iewers in die toekoms opraak, en voor dit opraak, gaan dit oud word en nie meer lekker wees nie, en daardie dag kom nader. Só het Pa verduidelik ná hy die eerste keer “terwyl ons kan” gesê het.

Vanoggend sê hy dit nie.

Eers sien ek hoe sy hand bewe. Dan sien ek die sweet op Pa se voorkop, hoe rooi sy gesig is. En sy oë, dof en ongefokus.

Skielik maak sy stiltes en alles sin. Ek huil, só onverwags, van die skrik.

“Dis nie Die Koors nie,” sê hy. “Hoor jy?”

Die vrees is nie meer ’n skaduwee nie, dit is ek.

“Nico, luister,” sê my pa, sy stem weer net so desperaat soos gistermiddag met die honde. Dit laat my die snikke ’n oomblik lank terugsluk.

Hy sit sy koffie op die instrumentpaneel neer en omhels my. Ek voel die hitte wat uit hom brand.

“Dit is nie Die Koors nie. Dit is die honde. Dis net ’n infeksie, van hulle byte, dis bakteries. Ek moet antibiotika drink, en baie water, en ek moet bedrus kry. Hoor jy?”

“Pappa hét koors. Ek kan sien.”

“Ek belowe jou, ek het ’n ánder soort koors, op my ere-erewoord. Jy het ook al ’n koors gehad, griep-koors of verkoue-koors, tandekry-koors toe jy klein was, daar is baie soorte, hierdie is nie die een wat almal ... Die honde het nie van mense af kos gekry nie. Hulle het afval gevreet, of vrot vleis, en toe byt hulle my, en daardie bakterieë is nou in my bloedstroom. Dis waar hierdie koors vandaan kom. Ek gaan net vir ’n rukkie siek wees. Ek belowe, Nico, ek belowe jou. Ons het die regte medisyne, ek gaan dit netnou drink.”

* * *

Ons ry op en op teen die heuwels, tot in Vanderkloof-dorp. Dit is ’n klein, eienaardige plekkie, deurmekaar en dun langs die dam, maar hoog in die koppe. Pa soek na iets. Hy kry dit eers diep in die grafstil dorp. ’n Huis, eenvoudig, met verf wat van die houtwerk afdop, ’n groot staal-veiligheidshenk voor die deur, en diefstaling voor die vensters. Oorkant is stilhouplek vir ons lorrie.

Pa stop daar. Hy klim uit, met ’n pistool en ’n jaggeweer. Ek moet in die Volvo bly. Hy gaan kyk in die huis. Ek sit vir die voordeur en kyk. Ek is bang hy kom nie terug nie. Wat gaan ek doen?

Alles is nou anders, ná gister, ná die honde. En nou, met Pa se koors.

Dan kom hy terug. Ek sien hy is onvas op sy voete.

Hy sê: “Dié plek is goed genoeg. Kom, bring jou boeke.”

Ek sit hulle in my rugsak en klim uit. Pa loop nou stadig, hy doen alles versigtig, hy gaan sluit die groot treiler agter oop, trek die leertjie af. Die inhoud van die sleepwa is die storie van ons lewe die afgelope maande. Dit is ’n immer aangevulde lys, netjies gepak en vasgemaak, ons weet waar elke ding is. Naaste aan die deur is daar bokse vol blikkieskos en rys en meel en pasta, poeiermelk, koffie, Cremora, honderde bottels water. Dan, in geen spesifieke volgorde nie: boeke, soos die kos met die hand uitgesoek waar dit veilig was om te snuffel. Selfdoen-boeke oor herstelwerk en persoonlike herstel en veld-oorlewing en *The Ultimate Beginner’s Guide to Guns: A Green Light Shooting Book* waaruit ons al twee geleer skiet het. Storieboeke en skoolboeke en resepteboeke en hoe-slag-jy-’n-bees- en hoe-behandel-jy-slang-en-insekbyt-boeke.

Daar is gewere, pistole, ammunisie, jagmesse en slagmesse en kombuismesse, ons toerusting om brandstof te pomp, en

watersuiweringsfilters. Medisyne, verbande, salwe, sonskerm. 'n Tentjie, kampstoele, opblaasmatrasse, kampbedjies, twee opvoutafels, twee groot sambrele, nog nooit gebruik nie, nog in hul Makro-plastiekomhulsel. Drie petrol-kragopwekkers, tien vyftigliter-petrolkannetjies. Toiletware: meer tandepasta as wat ons in 'n leeftyd sal kan gebruik, sjampoe, seep, deodorant, tandeborsels. Waspoeier, bleikmiddel. Skootrekenaars, drukkers. Messegoed, breekgoed, handgereedskap, elektriese gereedskap ...

Pa kry vir ons 'n paar bokse proviand, en hy soek tot hy die regte medisyne kry. Hy klim weer af, stoot die leer terug, sluit die treiler se agterdeure sorgvuldig. Ons dra die bokse in die huis in. Die plek is leeg, en netjies, asof die mense eers aan die kant gemaak het voor hulle dood is. Elke leë huis waarin ons kom, het sy eie reuk. Sommige lekker, sommige sleg. Hierdie een ruik so 'n klein bietjie na rubber. Ek weet nie hoekom nie.

“Die stoof werk met gas,” sê Pa. Ek knik.

“En daar is water.” Hy bedoel, die krane werk nog.

Pa loop terug na ons vragmotor toe, en sluit die kajuit ook. Hy kom weer in, sluit die veiligheidshek van die huis, dan die voordeur. Hy gee vir my 'n pistool.

“Nico, ek gaan nou al die hondbyte weer skoonmaak, en ek gaan die medisyne drink. Ek moet slaap. Daar in die kamer. Moenie uitgaan nie. As jy iets sien of hoor, kom sê dadelik vir my. Kry vir jou iets om te eet, daar is blikkies, van jou gunsteling-goed. En biltong en koekies. En sop, ek sal vanaand saam met jou sop eet, kom maak my wakker as die son begin sak. Ek weet jy is nou bang, Nico, maar ek gaan net 'n dag of twee siek wees, hoor jy?”

Ek vat aan hom. Hy is vuurwarm.

Ek huil nie. Ek knik net.

“Hoe bly ons veilig?” vra hy.

“Ons vertrou net vir mekaar.”

“Dis reg. Kom kyk, dat jy kan sien waar ek gaan lê. As ek nog slaap wanneer dit donker word: onthou, geen ligte nie.”

Hy sien iets op my gesig. “Alles gaan okay wees,” sê hy.

* * *

Alles is nie okay nie.

Ek haal van my boeke uit, daar in die sitgedeelte van die oopplan-leefkamer. Dis deel van die kombuis en 'n eetkamer ook. Ná 'n ewigheid kan ek dit nie meer hou nie. Ek loop na die slaapkamer toe. Pa lê onder die komberse. Hy bewe verskriklik, maar dit is glad nie koud nie. Hy weet nie eens ek is daar nie.

Ek wil nie sien as hy doodgaan nie. Ek loop stadig in die gang af. Ek hoor geluide in die dak van die huis, en buite. Ek probeer deur die ander slaapkamers se vensters uitkyk, maar alles is weer stil.

In die sitkamer sien ek deur die kantgordyn 'n beweging. 'n Dier draf in die straat af. Ek skrik, want ek dink dit is 'n hond. Ek gaan staan teen die venster. Ek sien dit is 'n bakoorkakkels, klein, met silwer in sy pels. Hy gaan staan meteens, en kyk na die huis. Hy lig sy neus asof hy dink hy ruik iets. Hy loop weer weg, haastig, asof hy laat is.

Ek draal kamer toe. Pa haal nog asem.

* * *

Die huis is eenvoudig, 'n lang reghoek, met die leefgedeelte by die voordeur, drie slaapkamers en twee badkamers agter. Ek verken al die ander kamers van die huis sorgvuldig, maak kaste oop, kyk onder beddens. Daar is nie speelgoed in die kaste nie, daar is nie boekrakke teen enige van die mure nie. Daar is tydskrifte in 'n houtkis langs 'n stoel in die sitkamer. *Sarie* en *Rooi Rose* en *Huisgenoot*. Ek hou nie daarvan om dit te lees nie, want al die mense daarin is nou dood, al die TV-goed en flieks bestaan nie meer nie. Die hele wêreld is anders.

Ek kyk glad nie in die yskas nie, want ek en Pa weet daar is goed wat vrot geword het in al die yskaste, mens los hulle liever toe.

Hoog in 'n koskas is twee groot pakke Simba-skyfies. Gerookte bief-geur. Ek hou meer van die blatjang-geur. 'n Groot staaf Cadbury-sjokolade. Ek maak die sjokolade oop. Ek weet dit sal vaal en uitgeslaan en sleg wees, maar ek hoop, want ek is dertien jaar oud.

Die sjokolade is sleg.

Ek eet een van die pakke skyfies leeg. Die smaak het al begin vervaag, maar dit is krakerig en vullend. Ek eet die ander pak ook.

Ek gaan kyk na Pa. Hy bewe nie meer nie. Hy het die kombers afgegooi. Hy sweet. Die wonde waar die honde hom gebyt het, is vlamrooi en

opgehewe.

Ek sit teen die muur van sy kamer en kyk vir hom. Dit is verskriklik stil.
Net Pa se asem wat ek hoor. In en uit. Te vinnig.

Die koors het hom.

OceanofPDF.com

Die man onder die veselperskeboom

Hulle het geweet Die Koors kom uit Afrika. Hulle het geweet dit was twee virusse wat gekombineer het, een van mense en een van vlermuise. Destyds het hulle baie daarvoor geskryf, voor almal dood is.

Een dokter het in 'n tydskrif gesê niemand weet presies hoe dit alles begin het nie, maar hier is hoe hulle dink dit kón gebeur het: 'n Man lê iewers in tropiese Afrika onder 'n veselperskeboom. Die man se weerstand is laag, want hy is MIV-positief én hy kry nie behandeling daarvoor nie. Daar is al klaar een koronavirus in die man se bloed. Dit is nie eienaardig nie. Koronavirusse kom nogal algemeen voor. In die era voor Die Koors het hulle van minstens vier geweet wat griep- en verkouesimptome in mense veroorsaak.

Koronavirusse leef ook in diere. Soogdiere én voëls.

In die veselperskeboom sit 'n vlermuis, met 'n ander soort koronavirus in sy bloed.

Die vlermuis is siek. Diarree veroorsaak dat hy mors op die man onder die boom se gesig, sy oë, of sy neus, of sy mond. Die tweede koronavirus is nou in die man se bloed, die twee virusse vermeerder saam in dieselfde selle van die man se lugpyp. En hulle genetiese materiaal raak deurmekaar. 'n Nuwe koronavirus word gebore – een wat maklik ander mense kan aansteek wanneer dit ingeasem word, en wat die vermoë het om jou baie siek te maak.

Die man onder die veselperskeboom bly in 'n arm gemeenskap, waar mense dig op mekaar woon, waar MIV algemeen voorkom. Hy infekteer gou ander. Die nuwe virus trek deur die gemeenskap en hou aan met

muteer. Een mutasie is net perfek: Dit versprei maklik deur die lug, dit neem net genoeg dae om mense dood te maak sodat elkeen baie ander mense kan aansteek.

Een van die man onder die veselperskeboom se familieledede werk by 'n lughawe in die groot stad daar naby. Die familielid dra dié perfekte virus. Hy hoes op 'n reisiger, net voor dié vrou met die vliegtuig Engeland toe gaan.

In Engeland is daar 'n baie groot internasionale sportbyeenkoms.

Al die Eerstewêreldlande het 'n protokol vir dodelike, aansteeklike siektes. Selfs die meeste ontwikkelende lande het uitgebreide planne vir só 'n gebeurtenis. Daar is maatreëls en stelsels vir 'n epidemie. In teorie behoort hulle te werk.

Maar die natuur steur hom nie aan teorieë nie. Die feilbaarheid van mense steur hom nie aan teorieë nie.

21 Maart

Ek sit daar op die vloer langs die bed waar my pa met die koors lê en ek raak per ongeluk in die laatmiddag aan die slaap.

Iets maak my wakker. Ek hoor 'n kar. Ek dink eers ek verbeel my dit. Die geluid raak harder. Ek loop sag en vinnig na die voorkamer toe.

Dit is regtig 'n voertuig, die enjin hoog soos hulle teen die bult na die dorp toe uitjaag. Ek hardloop terug na die slaapkamer toe.

“Pa.”

Hy hoor nie.

“Pa,” sê ek harder, dringend. “Ek hoor 'n kar.”

Pa se asemhaling is vinnig. Sy mond is oop. Hy roer nie. Ek wil skree, ek wil baie hard vir hom skree, moenie doodgaan nie, ek is bang, hier is 'n kar hier buite, ons vertrou net vir mekaar. Kom terug uit die koors uit, ek is nog te klein om alleen te wees, Pa moet asseblief net nie doodgaan nie.

Maar ek is nog skaam oor gisteraand se roep na my ma. Ek staan net daar en kyk hoe my pa nie wakker word nie.

Die kar kom nader.

Ek hardloop terug na die sitkamer. Buite is die skaduwees lank, die son sit nou laag. Die kar kom nader en nader. Hy ry nou stadiger, ek kan hoor. Hy is nou in die dorp.

Ek wil na buite hardloop en vir hulle gaan sê: “Kom help my pa, hy is siek.”

Ons vertrou net vir mekaar. Dit het ek en Pa besluit nadat die mense ons wou beroof anderkant Bultfontein, vyf weke gelede. Ek kan nie uitgaan nie.

Die kar kom om die hoek. Dit is hier voor, in die straat.

'n Swart Jeep Wrangler, met 'n oop dak. Dit jaag verby. Dit lyk of daar drie mense in is. Dan is dit weg, straataf.

Ek moes hulle gestop het, want my pa is baie siek.

Ek hoor hier kom die Jeep terug. Ek sien dit hou stil oorkant die Volvo. 'n Man met baie lang, swart hare skakel die kar se enjin af. Hy het nie 'n hemp aan nie, net 'n langbroek. Hy is maer, sy borshare is donker en dig. Hy spring uit en loop na ons vragmotor toe. Hy het 'n geweer in sy hand.

Ek gaan hulle roep. Ek gaan vir hulle vra om my te help. Vir my en Pa. Ek begin deur toe loop. Dan sien ek die vrou agter in die Jeep. Sy het bruin hare wat deurmekaar is. Haar kop is onderstebo. Haar hande is vasgemaak aan die rolstaaf. Sy skree iets, asof sy ook baie bang is.

Ek gaan staan.

Die ander man, wat nog voor in die Jeep sit, het 'n T-hemp sonder moue aan, en groot armspiere. Hy slaan die vrou met die plathand. Sy huil. Hy skree vir die man by ons Volvo: "Wanneer laas is ons hier verby?"

"Week terug?" roep die een met die lang hare terug.

"Die lorry was nie toe hier nie."

Langhaar klim op teen die Volvo se kajuit en probeer die deur oopmaak, maar dit is gesluit. Hy kom weer af. Hy sit sy hand op die uitlaattyp. "Dis koud," roep hy na die Jeep toe. "Is jy seker? Ons was dronk, daai tyd. Dit kan al lank hier staan."

Spiere lag. "Dis waar."

Ek gaan sit op die stoel, ek kyk oor die rusbank, deur die kantgordyn na hulle. Mense wat 'n vrou aan 'n kar vasmaak, is nie goeie mense nie. Ek kan hulle nie vertrou nie.

Spiere klim uit die Jeep uit. Hy sê iets wat ek nie kan hoor nie. Hy kyk na ons huis, hy kyk reguit na my. Ek sit doodstil, ek weet hy kan my nie deur die kantgordyn sien nie, maar dit voel so.

Langhaar loop al teen die vragmotor se sleepwa af. Hy gaan voel agter aan die deur, probeer dit oopmaak.

"Kan nie kwaad doen om te check nie," roep Spiere. Hy hou aan staar na die sitkamervenster. Miskien kan hy my sien? Eindelik draai hy weg, na die vasgemaakte vrou toe, en ruk aan haar arms. Hy roep na Langhaar: "Ek kyk in dié huis, kyk jy in dáárdie." Hy wys na die huise oorkant die pad.

"Okay," sê die ander een.

Spiere kom na ons voordeur toe. Hy het 'n groot, silwerblink rewolwer op sy heup.

Die vrou in die Jeep ruk skielik hard aan die rolstaaf. Ek kan haar gesig nou sien. Daar is bloed aan haar wang, en aan haar hare, net bokant haar voorkop.

Spiere lag. “Jy sal nie loskom nie.” Hy staan vir haar en kyk tot sy ophou met ruk en net sagte geluide maak, asof sy baie hartseer is. Hy klim op met ons huis se stoeptrappies. Hy ruk aan die veiligheidsdeur. Dit maak ’n harde lawaai wat my laat skrik, maar ek bly baie stil.

Ons pistool lê op ’n plat tafel in die middel van die sitkamer, tussen die stoele voor die TV. Ek vat dit, hou dit in my hand, en gaan sit weer.

Spiere loop na die sitkamervenster toe. Hy druk sy gesig teen die glas, en hou sy hand bak teen die son. Ek gly van die stoel af en lê plat, die rusbank se leuning tussen ons. Hy kan my nie sien nie, hy kan my nie sien nie, dit is te donker hier binne. Ek bly so plat, tot ek hoor hy ruk weer aan die veiligheidsdeur. Ek kom regop. Ek sien hy het die rewolwer, hy mik na die veiligheidsdeur se slot.

Die skoot is baie hard. Ek dink ek maak dié keer ’n geluid.

Die koeël laat die deur se hout splinter. Dit slaan vas teen die sitkamermuur links van my.

Spiere ruk aan die staalhek. Dit gaan nie oop nie.

“Moenie worry nie,” roep hy na Langhaar toe. “Ek skiet net die slotte af.”

Dan skiet hy weer.

Ek vat die pistool vas. Ek skuif terug, sodat my rug teen die sitkamerstoel is. Ek lig die pistool. As hy inkom, sal ek op hom móét skiet. As ek kan.

Hy ruk en pluk die veiligheidshek. Dit skree toe dit oopmaak. Hy vat die voordeur se handvatsel en draai. Die deur is gesluit. Hy lig sy rewolwer na dié slot toe.

Ek probeer my pistool na die deur toe mik. My kop sê nee, ek kan dit nie doen nie.

Ek wil nie ’n mens skiet nie.

Ek laat sak weer die pistool.

Ek maak my oë toe. Hy moet dan maar inkom. Hy moet my ook maar aan die Jeep vasmaak, saam met die vrou. Miskien kyk hy nie verder in die huis nie. Miskien sal my pa my kom haal, as hy nie doodgaan van Die Koors nie.

Ek wag vir die skoot, my oë toe.

Ek voel ’n hand wat oor my mond toemaak. Ek skrik, ek skree, maar die hand is styf oor my mond.

Dit is Pa. Hy vat die pistool uit my hand uit, sit sy mond hier teen my oor, fluister: “Sjuut.”

“Wat?” skree Spiere hier buite die deur, en kyk oorkant die straat. Hy laat sy silwer rewolwer sak.

Langhaar skree iets wat ons nie kan hoor nie.

“Nee, die hele plek is gesluit,” roep Spiere.

Pa lig die pistool asof dit baie swaar is. Hy mik na die voordeur. Ek voel sy hele lyf bewe en brand hier agter my. Ek wonder of Pa ’n man sal kan skiet soos hy die honde geskiet het. Ná Bultfontein het Pa gesê: “Om iemand te skiet ...” en toe net sy kop geskud, asof hy dit nie sal kan doen nie.

Die man met die spiere draai weer straatkant toe. “Ja, ja ... Nee, ek het nie die ... ” sê hy. Hy maak nie die sin klaar nie, hy luister wat Langhaar sê.

“Okay,” sê Spiere en lig sy rewolwer weer op.

Hy skiet ons voordeur se slot. Die geraas, die hout en pleister wat spat.

Pa hou die pistool op die deur, en sy hand oor my mond.

Spiere draai net om en loop weg, af met die trappies, na die Jeep toe. Langhaar kom aan van die ander kant af. Spiere klap die vrou teen haar kop. Hulle klim in die Jeep, skakel die enjin aan en ry weg.

* * *

Ons lê ’n ruk net so, in die sitkamer. Pa se asem is vinnig. “Ek is jammer, Nico, ek het gehoor jy roep my, maar ek het gedink dit is ’n droom.” Hy fluister. Hy het my geleer dat klank altyd verder trek as wat ’n mens dink. Veral nou, ná Die Koors, want daar is nie meer ander geraas nie.

“Jy het baie goed gedoen,” sê hy. “Jy kan trots wees op jouself.”

Later staan ons op. Hy drink baie water uit die kraan uit, ek maak die sop warm op die gasstoof. Baxters Cream of Chicken.

Ons eet. Pa sê: “Ons kan nie lig maak vanaand nie – ons weet nie hoe naby hulle is nie.”

“Ons sal nie môreoggend kan koffie drink nie,” sê ek. Want koffie se reuk is ’n menseverklikker. Dit het Pa my ook geleer.

“Dis reg.” Hy probeer glimlag, maar dit lyk of sy kragte net-net te min is. Ek eet my sop klaar.

“Ek voel beter,” sê Pa.

Hy jok. Hy kan sien ek glo hom nie.

“Môre gaan ek sommer baie beter wees,” sê hy.

“Okay,” sê ek. “Daai ooms het ’n tannie aan die Jeep vasgemaak.”

“Ek het gesien. Ons gaan môre iets daaraan doen.”

Ek lê die hele nag langs hom. Hy praat baie in sy slaap. Twee keer roep hy my ma se naam uit: Amelia.

OceanofPDF.com

Die verlede is 'n rivier

Dit is Pa wat gesê het die verlede is soos 'n rivier. (Dit was in die Jaar van die Vark, as ek reg onthou. Ek was sewentien.)

Ons was deel van 'n groter groep mense wat een Sondagaand tot laat gesels het in die Forum en toe ek en hy en Okkie huis toe stap, het ek hom gevra hoekom praat almal nog steeds so baie oor Die Koors, dis tog verby, vyf jaar al.

Toe sê hy: “Die verlede is soos 'n rivier, Nico. Ons kan nie al die water onthou wat verbygevloei het nie. Daarom, as ons terugdink, kyk ons eers na die opdrifsels, daardie stukke detritus wat die storms en die vloede hoog teen die walle agtergelaat het.”

“Ek verstaan nie wat Pa sê nie,” het ek ergerlik geantwoord. My verhouding met my pa was al stukkend, en ek was 'n tiener, grootmense het my oor die algemeen geïrriteer.

“Ons onthou die oomblikke van groot trauma die beste. Vrees, verlies, vernedering ... Jy sal sien, eendag.”

Nóú sien ek. Nou, terwyl ek hierdie memoires probeer skryf, noudat ek álles wil herroep, nie net die trauma nie. Ook die gebeure tussenin. Dit is nie so maklik nie. Ek het Auden en Heinlein oor die outobiografie aangehaal, want die slaggate wat hulle uitwys, is eg: Wanneer dit kom by die geheue-rivier se meer troebel waters, is jy aangewese op jou eie, soms onbetroubare en bevooroordeelde herinneringe, en die vertelling van ander. Jy is blootgestel aan die drange (en vrese) van die ego, wat net sekere gebeurtenisse wil insluit. Ander wil uitlaat.

Laat ek dit dus onomwonde beken: Hierdie is die storie van wat ná Die Koors gebeur het, soos ék dit onthou. My waarheid. Dalk subjektief, dalk effe krom. Maar ek is feitelikheid en eerlikheid verskuldig aan almal wat deel is van dié storie, veral hulle wat nie hier is om hul eie getuienis te lewer nie.

Waarheid was my grootste enkele dryfveer. Dit sweer ek.

OceanofPDF.com

22 Maart

Ek slaap langs my pa. Hy word verward wakker, in die vroegoggend, vervaard, sy hare en sy oë wild en deurmekaar. Dit neem hom 'n oomblik om my te herken. Hy lyk kleiner, skraler, hy lyk in hierdie blootgestelde oomblik wondbaar en breekbaar en feilbaar. Maar dit is asof ek dit nog nie kan sien nie. Nog nie wil sien nie.

Ek gaan maak vir ons hawermoutpap. Pa eet in die bed. Dankbaar. Hy sê: “Eendag sal ons weer vars melk proe.”

Hy sê dit baie.

En: “Ek behoort darem môre gesond te wees, Nico.”

“Dan ry ons weer, Pa?”

Hy skud sy kop, stadig. “Nee. Dit is waar ons gaan kom bly.”

“Hier?”

“Nou nie hierdie huis spesifiek nie. Daar is baie om van te kies. Ek bedoel, hierdie plek, hierdie dorp.”

“Maar wat van daardie ooms?” Ek wys straat se kant toe, waar die Jeep gestaan het. Ons praat steeds gedemp, asof hulle baie naby is.

“Hulle is ... 'n komplikasie.”

“'n Komplikasie?”

“Dit is 'n interessante woord. Ons kry dit uit die Latyn. ‘Complicare’ ...” Pa haal eers 'n paar keer asem, asof hy sy kragte bymekaar maak. “Dit beteken om saam te vou. Jy weet, as jy iets vou, dan maak jy dit mos meer ingewikkeld.” Hy probeer om sy ou geesdrif te vind: “Oulik, nè, hoe taal werk. Kompliseer beteken om iets meer ingewikkeld ...”

“Hoekom gaan ons nie net na 'n ander plek toe nie?”

“Want ek dink Vanderkloof is die beste plek in die hele land. Vir ’n nuwe begin.”

“Hoekom?”

Pa eet die laaste van sy pap. “Maslow ... Al die basiese behoeftes. Hier is struktuur en tekstuur ...” Hy sug. Hy is moeg. “Dis ’n lang storie. Ek sal vir jou mooi vertel, môre. Ek belowe. Reg so?”

“Okay.”

Hy gee sy leë papbord aan, en skud pille uit die botteltjie. “Ek gaan weer lê. Onthou om jou tande te borsel.”

* * *

In die middag hoor ek Pa praat. Ek gaan kyk in die slaapkamer waar hy lê. Hy het al die komberse afgegooi, hy sweet, hy yl, wilde woorde in ’n bang stem.

Dan word hy wakker. Hy kom meteens orent, hy draai sy lyf sodat hy nie op die bed mors nie. Hy gooi op oor die vloer.

Ek help hom om skoon te maak. “Jammer, Nico,” sê hy. “Jammer, jong.”

Ek maak die aand sop warm, maar Pa slaap deur alles.

Die Jeep kom nie terug nie.

Dit is verskriklik warm en benoud in die huis.

23 Maart

In die oggend word ek wakker, maar my pa slaap net.

Ek eet beskuit, ek drink water, ek kyk by die vensters uit, ek luister, ek kan nie stilsit nie, iets laat my drentel en dwaal, iets meer as verveling, meer as die vae bang wat ek gister gevoel het. Ek is dertien, ek het nie die vermoë om dit te prosesseer nie.

Ek staan voor die sitkamervenster. My hart begin klop, my hande sweet, die aarde sluk my, die lug druk swaar op my, die dag, en die mure. Ek verstaan nie mooi wat gebeur nie, ek wil nie vir Pa wakker maak nie, hy moet gesond word.

Ek gaan lê in 'n ander slaapkamer. Die vertrek krimp in. Ek maak my oë styf toe. Die honde, die aand van die honde is in my kop, ek sien dit alles weer. Die vernedering dat ek na my ma geroep het. Ek is dertien jaar oud. Ek is gróót. Die honde, Pa se koors, die twee mans hier voor die huis, die skote op ons deur geskiet, die vasgebinde vrou, ek herleef dit, die beelde, die reuke, die vrees. My pa, eergisteroggend, hy het uit die trok geklim met sy seer lyf, hy het bang gelyk, vir die eerste keer bang, die manier hoe hy gekyk het, die manier hoe hy teësinnig aan die stywe, grieselrige karkasse gevat het terwyl hy die honde weggesleep het. My hart wil uit my bors bars, my asem is nie genoeg nie, alles wil my oorweldig.

Ek wil skree. Ek het 'n kwaad in my, vir die wêreld. Vir die honde wat wil moor, wat ons so doelgerig wil doodmaak. Ons, wat ná Die Koors soveel wildplase en wildduine se heinings gaan knip het, wat al die dieretuinhokke in Bloemfontein gaan oopmaak het. Ons is dierevriende, hoekom wil die honde ons doodmaak? Die kwaad brand deur my, 'n

redelose kwaad. Vir alles, vir Die Koors wat my hele bestaan verwoes het. Ek bal my vuiste, ek wil iemand of iets uitskel vir die onregverdigheid, terwyl die kamer, die wêreld, die heelal al hoe nouer en swaarder word, die druk groter en groter en groter.

“Nico!”

Pa is skielik by my, die drukking is weg.

Ek kyk vir hom. Hy kom sit langs my. “Jy het geskree. Ek dink jy ly aan skok.”

My hele lyf is gespan, oorgehaal soos ’n geweer.

“Ek is hier,” sê Pa.

Daar is niks wat ek verder kan sê nie.

“My koors het gebreek,” sê Pa.

OceanofPDF.com

24 Maart

Dit reën vroegoggend, donder en blitse, 'n dreuning op die huis se sinkdak.

Daar is humiditeit in die lug, 'n drukking, soos iets wat broei of fermenteer. Binne my ook, want die kwaad en vrees het nie verdwyn nie, dit kruip net iewers in my agterkop weg.

Pa sê dis veilig om koffie te maak as dit reën, die geur sal nie ver geruik kan word nie. Maar ons moet steeds die vensters toehou. Ons drink in die kombuis. Hy vertel my van Abraham Maslow se hiërargie van behoeftes. Pa praat nooit af na my toe nie. Hy gee my feitelik al die inligting, ek moet self besluit wat ek nie verstaan nie. (Jare later besef ek hy het seks uitgelaat toe hy Maslow se fisiologiese behoeftes opnoem. Ek neem hom dit nie kwalik nie.) Hy verduidelik dat Vanderkloof op fisiologiese vlak ideaal is; al die water wat ons nodig het, en goeie potensiaal vir die belangrike vorme van boerdery. Want die klimaat is redelik goed, besproeiing is maklik, en daar is boonop hidro-elektriese krag wat ons sal kan herlei, as ons die regte mense met die regte kennis kan vind om die stelsel te verander en te onderhou.

Hy weet presies watter vraag op my tong lê. Hy sê natuurlik is daar ander plekke, ander damme en riviere, wat min of meer dieselfde bied. Maar hy ken hierdie wêreld so goed, hy was 'n paar jaar gelede hier. Hy weet: Vanderkloof is uniek as dit kom by Maslow se behoefte van veiligheid. Vanderkloof is 'n vesting, 'n burg, 'n natuurlike fort, danksy die heuwels met hul kranse, en die dam. Daar is net een maklik begaanbare pad in, teen die steil heuwel op. Daar is net een flank om te verdedig, tensy die vyand met 'n vloot skepe kom, wat darem baie onwaarskynlik is op die Oranjerivier, en Pa lag. Dit is wanneer ek kan sien hy het nog nie heeltemal

herstel van sy koors nie. Die lag is so 'n bietjie hol. Dit is asof daar 'n deel van hom is wat nie teruggekom het nie.

“Maar wat van die twee ooms in die Jeep wat hier bly?”

“Ja. Die komplikasie ... Ek dink nog daaroor.”

Die humiditeit in my kop is 'n voorbode. “Ek dink ons moet ry, Pa.”

Pa hoor nie.

* * *

“Hulle gaan nie met daardie oop Jeep rondry terwyl dit reën nie,” sê Pa. “Kom ons gaan haal die arsenaal.”

Ons luister en kyk eers mooi op die stoep voor ons na die Volvo toe draf om ons wapens en skoonmaakgoed te gaan haal. Ons noem dit ons “arsenaal” sedert Pa vir my verduidelik het waar dié woord vandaan kom – uit “pakhuis” in die oorspronklike Arabies, na Venesiese Italiaans, na Engels en eindelijk Afrikaans.

Ons lê die paar pistole en die twee jaggewere op die kombuistoonbank uit. Ek vee die reëndruppels van die donkergrys staal af. Ons sit langs mekaar en maak die wapens een vir een ordentlik skoon, en olie hulle.

“Ons sal vanaand in die donker kyk of ons hulle lig kan sien,” sê Pa. “Dan sal ons weet hoe gerus hulle is, en hoe naby hulle is.”

Ek wonder waarom ek nie daaraan gedink het nie.

“Dan sal ons net 'n bietjie gaan verken.” Nadat hy gedink het: “Daar kan meer as net die twee mans en die vrou wees.”

“Wat maak ons dan?”

“Dan ry ons maar eers. Die risiko ...”

“Hoekom ry ons nie net nie, Pa? Nou. Vanaand.”

Pa is so lank stil dat ek wonder of hy my vraag gehoor het. Dan sê hy: “Ons wil 'n nuwe begin hier kom maak. Ons wil 'n gemeenskap kom skep met moraliteit, met die regte beginsels, met omgee vir mekaar. Dan moet ons nou reg wegspring. Ons kan nie daardie tannie só los nie. As hulle net twee is, moet ons minstens probeer. Al is dit net ek en jy.”

Dit is die eerste keer dat Pa praat van “'n gemeenskap skep”. My gedagtes is op daardie oomblik te besig met ander dinge, dit registreer nie. Eers baie later sal ek besef hy het alles toe al deurdink. Hy het 'n visie gehad, vóór die dag met die honde, vóór ons hier aangekom het.

Teen vieruur klaar die reën op. “Dis jammer,” sê Pa. “Dit sou gehelp het.”

* * *

Pa behandel teen skemer sy hondbytwonde met salf en verbande en pleisters. Hy drink pynpille. Hy smeer swart strepe oor ons gesigte met skoenpolitoer uit die kombuiskas. Ons trek donker klere aan. Ons laai vir elkeen ’n Beretta en ’n geweer: die Tikka .222 met sy lang teleskoop vir my en die .300 CZ vir Pa.

“Die soort mense wat ’n vrou só behandel, hulle is ... gevaarlik. Ons gaan net verken, Nico, dis al.”

“Okay,” sê ek en hoop Pa hoor nie die verligting nie, want ek voel net alles is nie reg nie, daar is slegte dinge in die lug.

Tienuur is dit pikdonker, die maan is nog nie op nie. Ons los eers die wapens, en klim van die agterstoep af op ons huis se sinkdak. Ons sien hulle dadelik. Hulle huis is hoog op teen die heuwel, so drie kilometer weg. Hulle moet ’n sterk kragopwekker hê, want dit is elektriese ligte wat so helder brand. ’n Groot huis, drie verdiepings.

“Houtgerus,” fluister Pa, al is hulle heeltemal te ver om te hoor.

Terug in die kombuis vra hy: “Jy het geen ander voertuie gehoor terwyl ek siek was nie?”

“Nee, Pa.”

Hy is diep ingedagte wanneer hy die pistool en geweer vir my aangee. Ons stap deur toe. “Kan hulle só onverskillig wees?” Ek weet Pa vra nie vir my nie.

* * *

Hy kry sy antwoord in die pad.

Vanderkloof, in die Jaar van die Hond, is ’n deurmekaar dorp, nog in sy voor-Koors-vorm – ’n klein, onvoltooide, ondeurdagte lappieskombers wat oor die heuwels gegooi is. Daar is net een padverbinding na die boonste woonbuurt en die Jeep-mense se kasteel van lig. Ons loop suutjies en versigtig in die donker, ek so ’n halwe tree links en agter Pa. Ons tekkies

sag op die teer, ek kan Pa hoor asemhaal. Ons misgis ons eers met die roete, ons moet omdraai, weer probeer. Kry die regte teerstraat.

“Nico!” sê Pa sag maar dringend. Ek skrik. Hy hou sy arm uit om my te keer. Ek sien niks nie.

“Hulle het ’n draad gespan,” fluister hy.

Hy trek ’n vinger deur die lug om vir my die draad te wys. Ek moet nader staan, ek moet mooi kyk voor ek dit sien blink teen die lig van die huis daar bo, nog meer as ’n kilometer weg. Net hoër as my kop.

“Nee,” sê Pa, “dit lyk na vislyn.”

“Hoe het Pa dit gesien?”

“Ek het gedink, wat sou ek gedoen het as ek hulle was? As ek die ligte so aan het, soos ’n kers wat motte gaan lok.”

“Jinne,” sê ek in verwondering. “Maar hoe gaan vislyn iemand keer?”

“Kom,” sê Pa en beduie ek moet hom volg. Hy loop al met die vislyn langs, tot waar dit oor die noodreling langs die pad strek.

“Kyk.” Ek sien die vislyn is aan iets vasgemaak.

Pa hou sy mond hier by my oor. “Dis ’n ligfakkel. As mens die vislyn aanraak, skiet die fakkel in die lug in. Dan weet hulle jy kom.”

Hy gee my kans om te kyk. “Hierdie ouens ... Ons moet baie versigtig wees. Maak seker jy klim onder die lyn deur.”

Ons loop verder, nou baie stadiger. Ek probeer ook nou waaksaam wees. Ek wonder wat maak die Jeep-mense as hulle na hulle huis toe ry? Lig hulle die vislyn op?

Pa sien die volgende een ook eerste raak. Net ’n blok van hulle huis af, skaars tweehonderd meter ver. Dit is laag gespan, laer as my knieë. Hy keer met sy hand, hy beduie, hy praat nie. Ek sien ’n paar reëndruppels aan die vislyn hang. Dis hoe Pa dit raakgesien het. Ek het nie ondertoe gekyk nie, ek het gedink al die ligfakkel-lyne word hoog gespan.

Ons klim oor. Gee drie, vier treë. Pa staan, hou sy hand om te wys ek moet ook. Hy kyk na die Huis van Ligte teen die rant, wat so helder skyn. Dit lyk vrolik, verwelkomend. Maar daar is nie beweging of menslike geluide nie, geen ander teken van lewe nie.

Pa trek die geweer van sy skouer af, hou dit in sy hande. Hy loop nie vorentoe nie, hy kyk net, stip, na die Jeep-mense se huis. Dan links, na die ry kleiner, donker huise wat daar ingeryg is. En regs, waar daar net oop veld is.

Iets pla vir Pa.

'n Jakkals huil, sommer hier anderkant, teen een van die heuwels.

Ek wil omdraai. Ek wil Volvo toe gaan, ek wil ry. Die drukking, die humiditeit, die ding van gister roer in my soos 'n ondier in donker water.

Ek haal my geweer ook van my skouer af.

Pa buk effe vooroor, asof hy homself kleiner wil maak. Hy begin weer loop, nog stadiger. Kort-kort gaan hy staan. Honderd-en-vyftig meter van die Lighuis af. 'n Uil roep uit die veld uit, bo die sagte geruis van insekte.

Ons het net kom verken, hoekom hou hy aan met loop?

Op amper honderd meter van die huis af vlieg 'n vlakhaas meteens uit die struik links van ons. Die skrik laat my na my asem snak. Hard. Pa versteen net, kyk stadig na my. Ek wil ekskuus sê, maar hy druk my skouer om te sê hy verstaan.

Hy draai na my toe, druk sy mond tot teen my oor. "Sien jy die rots?" vra hy saggies en wys na regs. 'n Klip so groot soos 'n yskas het met die heuwel afgerol en lê op die sypaadjie.

Ek knik.

"Wag daar by hom. Ek gaan nog net so 'n entjie vorentoe."

Toe ek huiwer, sê hy: "Jy sal my heelyd kan sien."

Ek knik.

Hy wag. Ek loop na die rots toe. Ek kyk mooi waar ek trap toe ek van die teer afgaan. Die rots is so hoog soos my bors. Ek sit my geweer daarop neer, sodat ek deur my teleskoop kan kyk as dit nodig is. Ek lê teen die klip. Dit voel koud.

Pa gee 'n tree vorentoe. Staan stil. Nog 'n tree. Stil. Tree, staan. Die gloed van die huis se lig strek tot hier. Ek kan Pa sien, sy lyf so effens krom, sy hare lank en deurmekaar.

Hy tree, hy staan, hy luister en kyk. Tree, staan, luister, kyk. Verder en verder vorentoe, weg van my af. Hoekom so stadig en so versigtig? Daar is geen beweging, geen geluide, niks nie, behalwe die helder fort voor ons. Hy sal vislyn maklik kan sien, so naby aan die lig. Miskien is die Jeep-mense en die geslaande vrou lankal weg, miskien het hulle vergeet om alles af te sit, miskien was die ligfakkels net 'n grap, 'n poets. 'n Ewigheid, die tyd staan stil, hy is tien treë weg, dan vyftien, dan twintig, ek sien sy rug, al hoe kleiner, ons het net kom verken, Pa, ons het genoeg gesien, daardie tannie is nie meer hier nie, kom ons gaan terug, kom ons ry, vyf-en-twintig treë, Pa is ver, naby aan die ligkol, hy lyk klein.

Ek wil nie vir Pa so sien nie, ek wil nie nou hier wees nie, iets eet my van binne af.

“Hei,” sê ’n stem. Pa skrik en swaai na links. Ek sien die man daar staan. Dit is Spiere. Hy het die groot rewolwer in sy hand, besig om dit te lig. Sy stem klink verbaas.

Pa het die geweer reg. Hy skiet nie.

Spiere lig die rewolwer.

My pa skiet nie.

’n Skoot wat klap en galm, Pa wat val.

OceanofPDF.com

10

Pa val. Die heelal staan stil.

My hele lyf sidder, die eggo's van die swaar rewolwer se skoot daver oor my en die rots, dit ruk die drukking in my kop los en ek weet op daardie oomblik wat ek gister ervaar het, die angsaanval, die woede. Ek was nie kwaad vir die honde en hul verraad nie, ek was nie skaam omdat ek na my ma geroep het nie. Ek was kwaad vir my pa. Ek was kwaad vir hom omdat hy so klein en so bang en so verlore gelyk het by die vulstasie, met die honde wat grommend om hom sirkel. Ek was kwaad omdat hy my nodig gehad het om hom op daardie oomblik te help, en ek was nog nie reg daarvoor nie. Ek was kwaad omdat ek hom anders gesien het, die oggend ná die honde, toe Pa so versigtig uit die Volvo se kajuit klim, met die .300 CZ-jaggeweër oor die skouer en 'n Beretta in sy hand. Hy het so deur die honde-karkasse geloop, met klein treetjies, sy lyf styf en seer ná die aanval en die nag se slegte slaap. Toe sien ek iets, daar bo uit die vragmotor uit, maar ek wou dit nie sien nie.

Pa was kleiner. Minder.

Nou die aand, toe hy so op die nippertjie my mond toedruk en die pistool bewe in sy hand en die Jeep-manne is buite, toe voel ek dit, maar ek wou dit nie voel nie.

Ek was kwaad omdat Pa siek was. Swak was. Nou is ek kwaad omdat hy daar val in die donker. Sy geweer was reg, hy het gesien Spiere gaan skiet, maar Pa kan nie 'n mens skiet nie. Hy kan nie.

Eergisteroggend, toe hy so wild wakker word, toe weet ek, toe sien ek, toe verstaan ek, maar ek wou dit nie weet nie.

Dit alles vuur my kwaad aan, sodat ek daar agter die rots wil opstaan en na Pa toe loop waar hy in die ligkring van die huis teen die rant op die teer lê, ek wil vir hóm uitskel, al het ek nie op daardie oomblik die volle begrip en die toerusting en die woorde om te verstaan waarom nie. Jare later sal dit sin maak: Daardie nag, 24 Maart in die Jaar van die Hond, is die Oomblik van die Tweede Groot Verlies. Die eerste was my ma en my lewe soos dit

was. Die honde en hulle bakterieë en die Jeep-manne en Pa se koors het my weer beroof. Hulle het my ontnem van die beeld van Willem Storm as die onfeilbare beskerm, die alwetende lewensgids. Hulle het my beroof van my pa as heldefiguur.

Voor die aand op Koffiefontein was hy groot en sterk en slim. Onfeilbaar. Vir die laaste keer.

Ek lê daar teen die rots, ek kyk na Pa waar hy geval het. Ek sien sy deurmekaar hare in die gloed van die Lighuis, ek sien my pa vir die eerste keer soos hy is: 'n skraal man van gemiddelde lengte. Tenger. Broos. Bang. Breekbaar. Sterflik.

Ek skiet vir Spiere. Ek sien hom links van Pa, in die deurmekaar, vergroeide tuin van een van die ander huise. Hy is afgeëts teen die lig, hy gooi 'n lang skaduwee, die groot rewolwer voor hom uitgestrek. Ek swaai die teleskoop daarheen en ek skiet hom, soos ek geoefen het, op blikkies en klippe langs die pad die afgelope vyf of ses weke. Ek skiet hom deur die kop, en ek neem my oog weg van die teleskoop, ek kyk na Pa, ek sien nog 'n beweging, agter Spiere, dieper die donker in. Dit is die man met die lang hare. Hy kom aan na die sypaadjie toe. Ek swaai die geweer, en ek mik en ek skiet hom met die Tikka .222, ek skiet hom bokant sy regteroog, in sy voorkop, die bloed maak 'n donker sproei teen die lig en hy val.

Dit is die kwaad wat my laat skiet, die verskriklike kwaad.

Ek hardloop in die pad af na Pa toe. Ek struikel amper oor die vislyn wat laag gespan is. Die ligfakkel suis in die lug op en gaan bars daar bo in die hemel, en hier onder lewe die skaduwees vreemd en in stadige aksie – bome, lamppale, huise, bosse, my pa wat in die pad lê. En dan beweeg.

Pa staan op, wankelend. Hy hou sy nek vas. Daar is bloed wat deur sy vingers syfer. Dit lyk swart.

“Pa,” sê ek. My stem klink anders. Vir hom ook, ek sien dit in sy kyk.

* * *

Ek was dertien jaar oud, toe skiet ek twee mense. Uit woede. Vir die wêreld en vir my pa.

Daardie aand besef ek ek sal my pa voortaan moet beskerm. Dit sal my rol wees.

OceanofPDF.com

Pa

Terwyl ek hier skryf, terwyl ek daardie nag herroep, oorweldig die herinneringe my; 'n warboel, lukraak, sonder chronologie. En ek kan nie dié woord gebruik sonder om my pa se stem te hoor nie: “‘Chronos’ is Grieks vir ‘tyd’, ‘logos’ kom van ‘lego’, wat in antieke Grieks beteken ‘ek praat’. Dit het verbaster na ‘logia’, die studie van iets, dit is byvoorbeeld waar ons die woord en konsep ‘logika’ vandaan kry ...” En dan sal hy passievol oor die Grieke en hul beskawing begin uitwei, om eindelijk weer te eindig by sy groot versugting: “Ons was tot so baie in staat, ons het so baie verloor.”

Dit is 'n vreemde ding, om die ou deure weer oop te maak, die winde van daardie tyd te laat inwaai. Heimwee en verlange, pyn en vreugde. Verwondering: Dít is my lewe. Dít is hoe ek gemaak en gevorm is. En die ander groot dilemma van die memoires: Om my vertelling 'n leesbare struktuur te gee, ondanks die truuks van die geheue, en die moeilike navigasie tussen die riwwe van emosie deur.

My pa. Willem Storm. “That damn polymath”, soos Nero Dlamini hom dikwels sou noem wanneer Pa nie by is nie. My pa was sensitief en sag, maar hy wás 'n slim man. Én wys. Sy kwalifikasies as aardrykskundige en juris – in daardie aweregse volgorde – was die amptelike, akademiese rigtingwysers na sy rustelose intellek, maar het nie die volle verhaal vertel nie. In praktyk was sy belangstellings en insig veel wyer. Hy was half-historikus, semi-filosof, kwasi-wetenskaplike.

Hy was 'n immer soekende, voortdurend lesende, altyd bevraagtekenende kennisvraat, volkome geboei deur, en heeltemal verlief op, elke aspek van

dié wêreld. Sy fokus was nooit 'n eng soeklig nie, maar 'n helder lamp wat die onderwerp én alles om hom verlig het. Sy perspektief was altyd breed, dit het nooit mense, en veral nie vir my, uitgesluit nie.

Meelewing was sy kern, daardie seldsame vermoë om deur ander se oë te kan sien.

“Hoekom is jy só, Willem?” vra Nero kort voor Pa se dood een aand in die Orphanage se sitkamer, hulle elkeen met 'n brandewyn in die hand.

“Hoe?”

“Jy kyk nog so half grootoog na die wêreld. So asof dit 'n bietjie magies is, alles en almal. Jy leef in verwondering, amper soos 'n kind, as jy my sal vergewe.”

Toe lag Pa, en hy vra: “Weet jy waar kom die woord ‘magies’ vandaan?”

“Jy gaan nie die vraag ontduik nie.”

“Het jy geweet die woord ‘masjien’ het dieselfde herkoms as ‘magies’?”

“Hoekom is jy só?”

“Want die wêreld en die lewe ís magies, Nero. Op 'n manier. Want ons kan planne maak soos ons wil, maar die heelal steur hom nie daaraan nie.”

“Wat het jou so gemaak?”

Toe dink Pa, en hy sê dit is omdat hy op 'n dorp grootgeword het, die laaste geslag wat kinders was voor die Internet. Oudtshoorn was groot genoeg om 'n goeie hoërskool te hê, klein genoeg en ver genoeg van die stad af dat die plattelandse waardes behoue kon bly. Pa wou eers onderwyser word, geïnspireer deur van die goeie mense wat vir hom skoolgehou het. Vandaar sy studie in aardrykskunde. Maar toe is sy kamermaat op universiteit 'n regstudent, en hy begin die handboeke lees, en hy ontdek 'n wêreld wat hom óók fassineer. En hy raak in sy derde jaar verlief op Amelia Foord en hy besef hy sal meer van homself moet maak.

12

“Here, Nico,” sê Pa. Hy bring sy hand van agter sy nek en kyk verdwaas na die bloed op sy vingers. Sy knieë knak. Hy gaan sit. “Ek sal nou reg wees,” sê hy apologeties.

Ek kyk na sy wond. Ek kan die klein, wit punt van ’n stukkie nekwerwelbeen in die lig van die huis op die rant sien, voor die bloed daaroor syfer. Maar Pa was onmeetlik gelukkig. Die rewolwerskoot het hom skrams agter sy kop getref, ’n skeur deur die dun vel en sagte vleis aan die bopunt van sy nek. Millimeters van sy breinstam.

“Pa is net kwaai gekwes,” sê ek.

Hy knik.

Ek sien vir Spiere daar op die sypaadjie lê, sy oë oop, sy kop stukkend agter. Ek wil ook gaan sit. Ek staan weg van Pa af. Hy kyk besorg na my. Ek gooi op, op die teerpad. Aanhoudend.

Pa staan op van sy knieë af en kom hou my vas. Dis meer ’n gebaar van dank as van troos, dink ek vandag.

* * *

Ons ruik die drank aan Spiere en Langhaar toe ons verbyloop. Dis seker hoekom Spiere misgeskiet het.

Die Lighuis was net hulle lokaas. Hulle het in ’n ander huis aan die linkerkant van die straat gebly, die een waaruit hulle gekom het toe Pa ’n amper onsigbare waarskuwingsdraad afgetrap het en ’n liggie daar binne aangegaan het.

Die huis ruik suur binne. Daar is leë bottels en blikkies en kartonne en papier-rommel oral. Vuil klere, vuil borde, vuil glase.

Pa roep na die vrou. Niemand antwoord nie. Ons hoor hoe sy saggies huil. Pa loop voor, hy gaan staan in die kamerdeur. Hy sê: “Wag, Nico, die tannie het nie klere aan nie.” Ek bly in die gang, ek hoor hoe Pa sag en

mooi praat met haar daar binne. Sy antwoord nie. Hulle kom uit. Pa het haar toegemaak met 'n laken. Haar kop hang en haar lyf bewe fyn en daar is blou en pers kolle op haar gesig. Haar hare is vuil en olierig, sy ruik baie sleg.

Pa lei haar uit, straataf.

OceanofPDF.com

13

Die eerste vrou

Pa bied vir die vrou kos aan, eers in Afrikaans. Sy hoor nie, of sy verstaan nie. Pa probeer Engels, dan die Frans en Duits wat hy bymekaar kan skraap. Dit help ook nie. Sy sit net op die rusbank met die vuil laken om haar en sy bewe en sy kyk vir die tapyt.

Ons maak vir haar water op die gasstoof warm in 'n groot kastrol en dra dit badkamer toe, waar ons die bad volmaak. Pa vat haar en maak die deur agter hom toe wanneer hy uitkom.

'n Uur later gaan hy weer in. Hy kom uit en sê: “Sy sit nog net só, op die vloer.” Daar is net jammerte in sy stem.

Ons maak weer water warm. Pa gaan was haar, ek wag in die kombuis. Hy help haar om klere aan te trek wat hy in 'n kas in die hoofslaapkamer kry. Hy lei haar na die kleiner slaapkamer. Die klere is effens te groot. Hy sit haar in die bed.

Sy sê nie 'n woord nie.

25 Maart

Dit is die eerste keer in baie maande dat ons nie net twee in 'n huis of 'n kar of 'n vragmotor is nie. Dit is 'n snaakse gevoel, om te weet die vrou lê daar.

Ek en Pa eet ontbyt. Die vrou roer nie.

Pa lyk soos 'n mummie, want die wond agter sy kop is op 'n ongemaklike plek, die verband moet om sy voorkop gaan. En daar is verbande en pleisters aan die hondewonde van sy arms en sy skouer en sy rug.

Ek was die skottelgoed, Pa gaan kyk na die vrou. “Sy slaap,” fluister hy toe hy uitkom.

Ons praat nie oor gisteraand nie. Pa is anders. Hy gesels met my oor sy planne. En vroeër sou hy alleen vir Spiere en Langhaar gaan begrawe het, om my die skade te spaar. Maar vanoggend neem hy my saam om te help. Dit neem ure, want die grond teen Vanderkloof se koppies is hard en baie klipperig.

Ek gooi weer op toe ons die lyke na die grafte toe sleep en hulle toegooi. Pa sê net: “Toemaar, Nico, toemaar.”

Ons gaan terug huis toe, natgesweet en vuil en naar. Sy slaap nog steeds.

Pa vat vir haar kos kamer toe. Hy maak haar wakker. Ek staan by die deur en kyk. Hy moet haar met 'n lepel voer terwyl sy met leë oë na die muur kyk en haar mond oopmaak, en sluk, en oopmaak en sluk.

In die laatmiddag gaan verken ons die dorp. Ons kry 'n groot kobra in die OK Value-supermark. Pa sê hy is seker agter die muis en rotte aan wat die meel en graankos geëet het. Die slang seil tot in die hoek van die winkel en maak dan bakkop. “Sjoe, dis 'n mooi dier,” sê Pa. Ons loop versigtig terug na die voordeur toe.

Pa kan nie slange doodmaak nie.

Die OK Value se rakke is maar leeg, Spiere en Langhaar moes die meeste van die blikkieskos weggevat het.

Die Alpha Pharm-apteek is gesluit, die Renosterberg-drankwinkel is amper leeggedra, daar is die muwwe reuk van ou, vermorste bier agter, en die duisende glasskerwe van gebreekte bottels. “Daar is 'n storie hier,” sê Pa. “Ek kry dit net nie ontsyfer nie.”

Die poskantoor is oop, daar is onafgelewerde briewe en pakkies. Die polisiestasie se vensters is gebreek, duiwe het hulle binne tuisgemaak.

Op die hoek is die Midas-motoronderdele en -vulstasie ongeskonde. Ons kry 'n uitgedroogde lyk agter in die kantoor. Dit was 'n man. Die beanie is nog op sy kop. Pa sê hy bied geen gesondheidsgevaar nie, ons sal hom anderdag begrawe.

Buite beduie hy vir my om langs hom op die randsteen te sit. Ek sien hoe hy soek na woorde. Pa soek omtrent nooit na woorde nie. Ek sien hoe hy vinnig oor sy oë vee. Hy sê: “Ek is jammer. Oor gisteraand. Ek ...”

“Dis okay, Pa.”

“Ek wou jou dit nog langer spaar.”

Pa vat my hand. Dit was die laaste keer in sy lewe dat hy my hand gevat het asof ek ’n kind is, weet ek nou. Hy vat dit tussen al twee sy hande, druk dit teen sy wang, en hy sit so. Dit maak my ongemaklik, maar ek roer nie.

Pa laat my hand weer sak.

“Die wêreld is nou ... Ons sal dit regmaak, Nico, dit heelmaak. Ek en jy.”

“Ja, Pa.”

Ons staan op. Ons gaan huis toe.

“Ek wil nie hê ons moet in hierdie huis bly nie,” sê ek vir Pa en beduie na die plek waar ons slaap. Want dit is waar hy siek en swak was.

Pa vryf deur my lang, deurmekaar hare. “Ons sal ’n ander plek kry. Ons gaan in elk geval binne ’n dag of twee ry.”

Die vrou lê nog in die kamer. Sy praat nie. Pa vat vir haar kos. Sy eet net ’n bietjie, sonder sy hulp.

In die nag skree sy. Pa kry haar later kalm.

26 Maart

Pa is nog in die kamer, ek maak die oggendkoffie, so hier by halfsewe. Ek dink dit is die reuk wat haar wakker maak. Sy kom uit die kamer, loop badkamer toe en kom dan na ’n paar minute kombuis toe. Sy gaan sit in die voorkamer-gedeelte, regop, op die punt van die stoel. Sy kyk nie vir my nie.

“Wil tannie koffie hê?”

Sy knik.

Ek steek my verbasing weg. “Met suiker?”

Sy knik weer.

“En Cremora?”

Sy kyk op na my. Haar oë is donkergroen. Die merke om haar oë lyk nog nie beter nie. Sy is nie ’n mooi tannie nie. Sy het ’n lang gesig wat my so ’n bietjie aan ’n perd laat dink, ek kan dit nie help nie. Sy knik weer, en kyk af.

“Eendag sal ons weer vars melk proe,” probeer ek my pa se sêding, maar sy reageer nie.

Ek maak haar koffie en ek gaan sit dit voor haar. Sy kyk weer na my. Ek dink dit is om dankie te sê.

Pa kom in en sê: “Môre, almal,” asof alles normaal is. Hy vat sy koffie, sit met sy rug na haar toe en sê: “Vanoggend sny ons hare, Nico Storm, jy lyk soos ’n weerwolf.”

Sy staan op, vat die groot kastrol en maak dit vol water, gaan sit dit op die stoof. Ek wil opstaan om te help, maar Pa hou sy hand op my arm. Hy sê: “Ons maak vanoggend werwingspamflette. Jy moet die rekenaar en die drukker inbring. Ek het die bewoording omtrent reg, ons sal dit sommer net in Engels skryf. Ek weet nog net nie wat om dit te noem nie. ‘Settlement’ en ‘colony’ is sulke gelade woorde in hierdie land. Gewese land ... Miskien maak dit nie nou meer saak nie. Tog, mens wil alle goeie mense hierheen lok ...”

Pa praat voort terwyl die vrou water warm maak en die kastrol op haar eie badkamer toe dra. Weer wil ek help. Pa skud net sy kop klein om te sê ek moet sit. Ek verstaan nie heeltemal waarom nie.

* * *

Ek sit op ’n stoeltjie op die gras. Kaalbolyf. Pa het ’n kam en ’n skêr in sy hand. Hy begin knip.

Die vrou kom by die deur uit en loop na ons toe. Sy neem die skêr uit Pa se hand, dan die kam. Pa gee dit, en hy staan weg. Sy begin my hare knip. Jy kan dadelik sien sy weet wat sy doen.

Pa sê: “Miskien kan jy hom tog weer mens maak. Nico, kom roep my as julle klaar is, ek het ook ’n goeie sny nodig. Ek gaan daai pamflet begin skryf.”

Sy vat aan my kop. Sy is die eerste vrou sedert Ma wat aan my vat. Ek sit daar, en ek verlang op daardie oomblik so sterk na my ma. Ek verlang na haar vashou. Ek wens hierdie vrou wil my styf vashou, net vir ’n rukkie.

Dit is ’n bekende verlange. Ek onthou dit uit die tyd voor Die Koors, maar dit is nou amper ondraaglik, soos ’n groot holte in my.

Die vrou sny net my hare.

Ma

Ek kan onthou hoe my ma my vasgehou het.

Haar naam was Amelia, en haar nooiensvan was Foord. Ons het in 'n huis in Die Boord op Stellenbosch gebly, voor Die Koors.

Sy het my vasgehou wanneer ek gehuil het. Dan het ek heeltemal veilig gevoel. Dit was 'n warm en 'n welriekende vashou, en ek het jare lank gewens ek kan weet watter soort parfuum sy gedra het, wat haar só laat ruik het.

Pa het 'n foto van ons drie by hom gehad, sy lewe lank. Hy het dit in 'n sjokoladeblik gehou saam met twee ander foto's wat hy met groot sorg bewaar het. Toe ons nog 'n kamer gedeel het, het hy dit soms saans uitgehaal en daarna gekyk. Hy het oor Ma getreur, maar hy het moeilik oor haar gepraat. Op die foto's is sy 'n mooi vrou met dik bruin hare wat sy baie kort gedra het, en met 'n selfversekerde, breë glimlag asof sy daar tussen ons twee presies was waar sy wóú wees. Net so lank soos Pa. In 'n somersrok wat wys sy was fiks en gespierd.

Sy was 'n provinsiale hokkiespeler, amper vir die nasionale span gekies, maar sy moes kies tussen haar sport- en haar professionele loopbaan. Ek onthou die hokkiestok wat ek in 'n kas ontdek het, gehawend, ek onthou ek was agt of nege, en my ma het dit uit my hande kom neem en gesê, as jy hokkie wil speel, sal ek vir jou een koop. Maar hierdie is myne.

“Jou vrou?” sou mense vir Pa vra, soos almal maar gedoen het.

“Die Koors het haar gevat.”

Ek het geweet hy rou oor haar, en ek het dit probeer respekteer, selfs wanneer my eie verlange groot was, wanneer ek vir hom vrae wou vra om

my geheue te verfris of my seer te verlig. Soms móés ek weet, en dan het Pa my geantwoord. Hy sou ook soms, in onbewaakte oomblikke, iets oor haar noem of onthou. Ek het dit alles versamel, soos stukkies van 'n legkaart, sodat ek die beeld van haar kon behou en bou.

Sy was 'n statistikus wat by die universiteit gewerk het, by 'n plek met die naam die Sentrum vir Kompleksiteitstudies.

My vrou was die slim een.

Pa sê sy het gewerk aan 'n projek wat armoede moes verlig, dit was vir haar baie belangrik.

Ek onthou sy was die stiller, ernstige een. Dalk onthou ek verkeerd. Dalk is dit net omdat sy meer afwesig was, die lang ure, die baie reis, haar fokus elders, op die groot taak voorhande. Pa was beskikbaar, Pa was teenwoordig, Pa was maar altyd daar, in oorvloed, sodat ek hom nooit na waarde geskat het nie. Ma was voor Die Koors skaars, soos 'n eksotiese edelsteen, sodat ek altyd 'n bietjie na haar verlang het. En die kollig van haar aandag en die towerkrag van haar aanraking so intens geniet het wanneer dit die slag wél daar was.

Ek het geluister en die woorde gebêre, elke keer as Pa iets oor haar gesê het:

Sy het 'n goeie hart gehad, 'n baie goeie hart.

Sy het 'n sterk persoonlikheid gehad.

En die opmerking waarom ek die meeste gewonder het: *Jy is jou ma se kind.*

Pa het dit gesê toe ek daardie verskriklike winter my kos vir die kleintjies gegee het tydens die groot honger. En hy het dit gesê toe ek Die KTM van hulle motorfietse afgeskiet het in die Jaar van die Jakkals.

27 Maart

In die Volvo, op die N1 anderkant Trompsburg. Ek en Pa voor, die vrou agter op die bed, maar sy sit regop, sy kyk deur die voorruit. 'n Reguit stuk pad oor die Vrystaatse vlaktes. My hare kort en netjies gesny, Pa s'n ook. Sy het Pa se nekwond beplak en die swerende bytmerke aan sy rug vanoggend vroeg skoongemaak en ontsmet, maar die vrou het nog steeds nie 'n woord gesê nie.

Ek is verveeld ná die opwinding van die vorige dae. “Kom ons luister 'n CD,” sê ek.

“Laat die tannie kies,” sê Pa.

Ek haal die skoenboks onder my sitplek uit. Ons het dit in 'n verlate rooi Mercedes SL 500 gekry, naby Makwassie. Iemand het die duur motor gery tot die laaste druppel brandstof opgebruik was, en dit net so gelos. Pa het nog so om die verlate kar geloop en gesê: “Ongelooflik, hier, van alle plekke.” Die boks met musiek was die enigste ding in die kar. Daar is amper veertig CD's in. Omtrent enigiets, selfs Chopin vir Pa. Ek hou nie van Chopin nie.

Ek gee die boks vir die tannie. Sy hou dit op haar skoot. Sy kyk op en sien ek wag. Sy maak dit oop. Sy kyk na die inhoud, blaai met haar vingers deur die CD's se ruggrate en kyk na die titels. Sy haal een uit, draai dit in haar hande asof dit kosbaar is. Sy gee dit vir my aan.

Dit is 'n CD van Kurt Darren. *In jou oë*. Ek ken dit nie. Ek wil dit by haar vat, maar sy hou haar vinger by die heel boonste liedjie.

“Daardie een?” vra ek. “‘Heidi’?”

Sy knik, net soos toe ek haar gevra het of sy koffie wil hê. Amper sodat jy nie kan sien nie.

“Okay.”

Ek sit dit in die vragmotor se CD-speler. Ek ken nie die liedjie nie, ek weet nie wat om te verwag nie.

Dit begin. Vinnige ritme en ’n lekker deuntjie. Ek draai dit harder. Pa skud sy kop, maar hy grinnik en sy vingers hou die ritme op die stuurwiel, en hy trap die versneller dieper in sodat die Volvo se groot dieselenjin soos ’n klomp basviole by die musiek aansluit. Die musiek maak die hele kajuit vol van ’n soort lekkerte. Ek kyk na die tannie. Haar oë is toe.

Toe die liedjie klaar is, maak sy haar oë oop en sy sê haar heel eerste woord aan ons: “Weer.” Met ’n groot asseblief in haar gesig en in haar stem.

Ek speel die liedjie weer. Ek draai dit nog ’n bietjie harder. Ek ken nou al amper die refrein, ek sing saam.

Pa lag. Hy kyk na my, hy ry nog vinniger.

Toe dit klaar is, sê die vrou: “Weer.”

Ek speel dit weer. Ek én Pa sing saam. Hard. Die Volvo dreun. Ek voel vir die eerste keer in ’n jaar uitbundig. Gelukkig. Die wêreld is nie so ’n vreeslike slegte plek nie.

Die liedjie maak klaar. Ek kyk vir die tannie. Ek sien haar wange is sopnat van die trane, haar oë toe, sy skud van die huil. Sy wys met die palm van haar hand ek moet die CD stop. Ek druk die knoppie.

Pa kyk om na haar.

Ek trek my asem in om iets te sê, want ek verstaan nie hoekom sy huil nie, sy het dan gesê ek moet die musiek speel. Pa druk my op die arm om stil te bly. Die tannie huil lank, seker meer as twintig minute. Dan raak sy al hoe stiller, tot sy haar trane afvee met die agterkant van haar hand.

Dan vat sy saggies aan my skouer.

“My naam is Melinda Swanevelder,” sê sy.

Op daardie oomblik, voor ons kan reageer, vlieg ’n vliegtuig hier laag en baie naby oor die pad voor ons, van regs na links, en Pa trap rem, en hy sê: “Alla-maskas.”

Alles gebeur altyd tegelyk, net wanneer jy dit die minste verwag.

Die vliegtuig is klein, van daardie met die vlerk bo die kajuit, met net een skroef-enjin. Dit maak 'n sierlike draai in die lug, en vlieg dan in die rigting waarin ons ry, parallel met die pad.

“Jislaaik!” skree ek, vir die vliegtuig, én vir die lekkerte dat tannie Melinda Swanevelder begin praat het. Dit is die eerste vliegtuig wat ons in hoe lank sien. Ons het vliegtuie gehoor tot so sewe maande gelede, stralers wat hoog en ver iewers heen suis, al hoe minder en minder, maar nie sigbaar en hier bý ons soos hierdie een nie.

Die vliegtuig is wit, met 'n rooi stert. Hy vlieg vooruit, langs die pad, hy draai en hy kom van voor af, reguit met die pad langs, na ons toe. Laag, en toe hy so 'n paar honderd meter van ons af is, waggel hy met sy vlerke asof hy groet. Ek maak die venster oop en ek hang uit en ek waai vir hom. Pa sê: “Nico, nie te ver uithang nie,” en die vliegtuig skiet baie laag oor ons en dan is hy weg agter die vragmotor se wa.

Ek maak die venster toe. “Het tannie gesien?”

Sy knik. Daar is 'n klein glimlag op haar gesig, seker vir my opgewondenheid.

“Daar's net een ou in daai vliegtuig,” sê Pa. Hy kyk in die Volvo se groot kantspieël. “Daar draai hy ... Hier kom hy weer.”

Die vliegtuig kom van agter af, ek sien hom eers toe sy maag hier reg oor ons swiep. Hy vlieg nou saam met die pad, vooruit, stadiger. Hy sak nog laer. “Hy wil land, Pa!” roep ek. “Op die pad.”

Pa haal sy voet van die versneller af. “Dis reguit genoeg,” sê hy.

Die vliegtuig sak en sy wiele raak aan die teer. Pa begin rem, hy hou sy afstand agter die vliegtuig. Hy reik na sy pistool in die deur langs hom, hy kyk na die omliggende veld. Ek weet hy wil sien of daar iemand kan wegkruip.

Die vliegtuig kom tot stilstand. Ons ook. Die Volvo en die vliegtuig staan net tien meter uit mekaar. Die vliegtuig se deur gaan oop. 'n Oom spring uit. Hy is kort, iewers in sy veertigs. Hy is 'n lelike man, hy het 'n gesig soos 'n pug-hondjie, met sy uitpeuloë en die plooi op sy voorkop. Hy het 'n stewige pens en 'n breë glimlag. Hy dra plakkies en 'n kortbroek en 'n kakiehemp. Hy waai vir ons, en kom aangestap terwyl hy 'n sigaret aansteek.

Jy kan sommer sien hy's nie gevaarlik nie.

Pa sit die lorrie se enjin af.

“Dagsê, mense!” roep die man.

Ek en Pa klim uit. Melinda Swanevelder bly sit bo in die vragmotor-kajuit.

“Watse vliegtuig is dit, oom?” vra ek terwyl ek by ’n venster inloer. Dit is vol bokse, grotes en kleintjies. Sigarette. “Is dit alles sigarette, oom? Wat maak oom met al die sigarette?”

Pa lag, hy skud die man se hand en sê: “Stadig, Nico. Verskoon my seun, jy is net omtrent die eerste ou met wie ons in weke praat. Hy is Nico, ek is Willem. Willem Storm.”

Die man sê sy naam is Hennie Laas, hulle noem hom Hennie Flaai, hy is van Heidelberg in Gauteng. Dis ’n Cessna 172, hy het voor Die Koors sy vlieglicensie laat verval, maar wat, daar’s mos nou niemand wat dié dinge administreer nie, hy vlieg nou kruis en dwars, al die klein en medium plekkies, die groot plekke is gevaarlik, dink hy. Jy kan nie uit die lug uit sien of die mense woens is nie. Met die kleiner dorpe, as daar mense is, kom hulle uitgehardloop as hulle die vliegtuig hoor, jy kan sommer sien dis veilig. Hy wat Hennie Flaai is, maak “siegreets” en pyptabak bymekaar, want dit gaan valuta word, tot iemand weer begin twak kweek in Zim en daar weer handelsroetes gevestig is, dis amper soos die Middeleeue. Is Pa ’n roker? Het ons iets om te ruil? Hy sal ’n paar cartons siegreets verhandel vir ’n lekker steak, hy’t lanklaas ’n lekker vleisie gehad, blêddie blikkieskos ...

Pa sê nee, ons het nie steaks nie, ons is op ’n werwingstog, ons begin ’n nuwe nedersetting. “Nico, kry vir ons een van die pamflette. Ons begin ’n plek, ’n toevlugsoord by die ou Vanderkloof, ons gaan goeie mense nodig hê, vlieëniers ook.”

Pa en oom Hennie, al twee uitgehonger vir volwasse geselskap, staan in die middel van die breë N1 anderkant Trompsburg, by ’n groot Volvo-vragmotor en ’n Cessna 172, en hulle kan nie ophou met praat nie.

Ek bring die pamflet. Hy gee dit vir oom Hennie aan asof hy trots is daarop. Oom Hennie lees hardop: “A New Beginning for Good People,” met ’n swaar Afrikaanse aksent.

“Ja, dis in Engels,” sê Pa. “Ons wil almal bereik.”

“We are starting a sanctuary, a community that will have Justice, Wisdom, Moderation, and Courage ...”

“Dis Plato,” sê Pa. “Uit *Die Republiek*.”

“Ek sien,” sê oom Hennie met ’n stemtoon wat wys hy weet nie waarvan Pa praat nie, en hy skiet sy sigaretstompie oor die pad. Hy lees voort: “... in a very safe place with more than enough water, shelter, and soon, food and electricity ...” Hy kyk agterdogtig op na Pa. “Elektrisiteit?”

Pa verduidelik van die hidrokrag. “Ons kort nog net iemand om dit na die dorp toe aan te lê. As jy ’n ingenieur iewers raakloop ...”

Oom Hennie knik, en lees verder: “If you want to be a part of this orderly, open, democratic and free new society, come to Vanderkloof (on the R48 between Colesberg and Kimberley). GPS coordinates are -29.99952512 Latitude and 24.72381949 Longitude.”

Hy kyk op na Pa. “Dis maar ’n risiko ook. Hoe weet jy daar kom nie ’n klomp skarminkels aan nie?”

“Wat is ’n skarminkel, Pa?”

“Lieplapper,” sê oom Hennie. En as hy sien ek verstaan nog steeds nie: “’n Maaifoedie, ’n skurk. ’n Gemors.”

“Ons sal moet risiko’s loop as ons iets wil herbou,” sê Pa. “As die meerderheid goeie mense is, behoort dit nie ’n probleem te wees nie.”

Oom Hennie lees die laaste reëls van die pamflet: “Send these, the homeless, tempest-tost to me, I lift my lamp beside the golden door!”

“Dis Emma Lazarus,” sê Pa.

“Is dit sy daai?” vra oom Hennie en wys na tannie Melinda Swanevelder bo in die Volvo.

Pa sê nee, Emma Lazarus was ’n Amerikaanse digter, sy het die gedig geskryf wat op die Vryheidstandbeeld aangebring is. Die vrou in die kajuit is Melinda Swanevelder, wat ons in Vanderkloof gekry het.

Oom Hennie hoor skaars. Hy staan en staar na tannie Melinda. “Mooi vrou,” sê hy en lig sy hand om haar te groet. “Sjoe, baie mooi vrou.”

Sy groet terug, met ’n klein beweging van ’n huiwerige hand.

“Waarheen is jy op pad?” vra Pa.

“Wel, dit klink my ek moet maar Vanderkloof toe,” en oom Hennie kyk teësinnig weer na Pa.

“Jy’s nie lus om ’n draai te vlieg soontoe nie? Ons gaan seker nog ’n week of twee op die pad wees.”

“Ek kan ...”

“Jy sê as jy oor die dorpe vlieg, kom die mense uit?”

“As daar mense is. Die meeste van die dorpe is heeltemal godverlate.”

“Ja, ek skat die bevolkingsdigtheid is nou minder as een-en-’n-half per vierkante kilometer ... Jy sien nie dalk kans om van ons pamflette uit te gooi waar daar mense is nie?”

OceanofPDF.com

Die Koors

Só het ek dit uit wat ek ervaar het, uit Pa se vertellinge, uit Nero Dlamini se nugtere oordeel, en uit elkeen van die oorlewendes se stories wat Pa opgeneem of neergeskryf het as deel van die Amanzi-geskiedenisprojek:

Die Koors was 'n virus-tsoenami. Té vinnig, té dodelik.

Ondanks die protokolle en stelsels en entstof, ondanks die frenetiese geskarrel van viroloë en epidemioloë, sentrums vir siektebeheer, en regerings en militêre ingryping – en soms danksy sekere van dié pogings – het Die Koors vyf-en-negentig persent van die wêreldbevolking uitgewis. Binne net 'n paar maande.

Vyf persent van die wêreldbevolking, min of meer, het die genetiese geluiskoot van natuurlike weerstand teen die virus gehad. Maar nie 'n volle vyf persent het die afloop van Die Koors oorleef nie. Die katastrofe het stelsels in duie laat stort, wat ander ellendes losgelaat het: nywerheidsontploffings, brande, chemiese besoedeling, radioaktiewe bestraling, hepatitis en cholera. En die menslike element. In Domingo se woorde: “Where the corona-virus stopped, da’ het Darwin begin.” Gierigheid en vrees, misdadigheid en misverstand, onkunde en stommiteit. Chaos. Sommige van die oorlewendes was net te klein om alleen die mas op te kom, vyf jaar en jonger. Ander was oorweldig deur die stres en trauma van verskriklike verlies en die post-Koors-wandade. Duisende het hul eie lewe geneem. Veral in die groot stede.

Daar tussen die Cessna en die Volvo vra Hennie Flaai vir my pa: “Nou hoe weet jy daar is nou minder as een-en-’n-half mense per vierkante kilometer?”

Pa verduidelik. In wat Suid-Afrika was, sê hy, het daar omtrent drie-en-vyftig-miljoen mense voor Die Koors geleef.

Vyf-en-negentig persent, of vyftigmiljoen, is deur die virus en sy nasate uitgewis. En nog 'n miljoen – so min of meer – is in die afloop dood aan ander oorsake.

Hennie Flaai knik. Dit maak sin.

“Tweemiljoen oor. Dit klink na baie mense, maar as jy dit deel deur die grootte van die land, is dit minder as een-en-'n-half per vierkante kilometer.”

“Okay,” sê Hennie Flaai.

“Kom ek probeer dit vir jou in perspektief stel,” sê Pa. “Suid-Afrika is een punt twee miljoen vierkante kilometer groot. Voor Die Koors was die bevolkingsdigtheid vyf-en-veertig mense per vierkante kilometer. Dis nie vreeslik erg nie. Monaco het byvoorbeeld destyds vyftienduisend mense per vierkante kilometer gehad. Bangladesj meer as 'n duisend, en Duitsland tweehonderd-twee-en-dertig.”

Hennie Flaai

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

My naam is Hennie Laas. Almal noem my Hennie Flaai.

Ja, kyk, toe Die Koors kom, was ek 'n plaasbestuurder by die Nelboerdery anderkant Heidelberg.

Ek was geskei, my eksvrou is toe weer getroud met 'n Badenhorst van Centurion. Ons het twee kinders gehad, twee meisiekinders, hulle het by haar en dié Badenhorst gebly. Hulle is almal dood in Die Koors. Ek het gaan kyk, ek is na die huis toe in Centurion. Daar was niemand nie. Ek meen, waar gaan soek 'n mens, as hulle nie by die huis is nie? Jy weet hoe dit was, daardie tyd ... Ek loop nou dinge vooruit, seker?

Nietemin, ek kom maar van Heidelberg af, ek is daar gebore. My pa het uit armoede gekom, maar hy het homself ryk gewerk. Hy het daardie jare aan die goudmyne voorsien, hy het sy geld gemaak uit stutte wat hulle ondergronds gebruik het. Bloekomstutte. Hy't altyd Jaguars gery, hy was baie lief vir Jaguar-karre. Ek dink, as jou pa ryk is, dan is jy maar 'n slapgat, want jy dink alles gaan joune word. So ek is universiteit toe vir BCom, maar dit het nie gehou nie. Ek het te veel gekuier. Toe skop ek op voor die eerste jaar verby is, en ek smeek by my pa om my te laat vlieg, ek het gevrek oor vlieg. Toe kry ek my vlieglisensie, en ek gaan werk vir Lowveld Air, hulle het so mense aangevlieg Wildtuin toe, ek was 'n co-pilot in die Beechcraft King Airs, hel, dit was genuine koninklike vliegtuie daai. En ek dra 'n pilot-uniform en die girls like dit, en ek gee toe vir myself die bynaam "Hennie Flaai", ek sê vir almal nee, mense noem my maar só. Gelieg. Groot kop gehad, al het die kaptein my nie aan 'n stuurstok laat vat

nie. Toe ontmoet ek vir Doreen, en sy raak swanger met die derde date, en ons trou. Maar toe speel Lowveld Air bankrot. Toe kry ek nie werk nie, en my pa sê ek moet maar by hom kom werk. Toe fire hy my na 'n jaar. Slapgat. Te veel gekuier. Toe gaan werk ek vir Justin's Cars, tweedehandse karre, en ek gaan werk vir KFC as 'n apprentice manager, en my vlieglicensie verval, en ons tweede meisiekind kom, en ek drink te veel en ek kom nie huis toe saans nie, en Doreen los vir my. Eers net tafel en bed, en sy sê, kom reg of ek loop. Toe loop sy. Ek blameer haar nie, ek was sleg, daai tyd. Toe werk ek hier en ek werk daar.

Dit het my tien jaar gevat om reg te kom, om my nonsens te los. Om groot te word, seker. Elke jaar 'n ander jop gehad, ek was so vir agttien maande in Durban ook, ek het probeer rep vir Castrol. Dit wou ook nie vat nie. Jannie Nel was een van die groot boere in Heidelberg. Hy't vir baie mense 'n tweede kans gegee. Toe gaan vra ek vir hom vir 'n werkie. Drie jaar voor Die Koors. Toe ry ek skaaplorrie vir hom slagpale toe. En toe sien hy ek het my nonsens gelos, toe maak hy my assistent-voorman, en toe voorman op een van die hoenderplase, hulle het dit "plaasbestuurder" genoem.

Toe begin ek my dinge met my kinders regmaak. Een keer 'n maand, dan ry ek Pretoria toe, dan vat ek hulle Spur toe. Dit was die begin, ek het geweet ek het 'n lang pad voor met hulle. Toe het ek weer begin vlieg ook, ek het probeer om genoeg ure te kry sodat ek weer my lisensie kan kry.

Toe kom Die Koors. Hoe vertel 'n mens van Die Koors? Jy kan dit nie beskryf nie.

Dit was seker maar soos met almal. Jy kyk die nuus op TV en jy hoor op die radio, en jy dink, nee, hulle sal dié ding keer voor dit hier kom, maar jy wonder, en jy is so 'n bietjie bang. Net soos met Ebola, so 'n jaar of twee voor Die Koors. Maar jy weet, ons leef in die tyd van die wetenskap, hulle sal iets doen, jy worry nie so vreeslik baie nie. Tot Engeland en Amerika en almal begin vlugte kanselleer en noodtoestande instel. Dan worry jy, want dit was nog nooit so erg nie. En dan is die virus hier, en jy dink, nou beter hulle vinnig iets doen, en jy's vir die eerste keer regtig bang. En dan gaan die krag af, en niemand kom meer werk toe nie, en ek bel en ek bel my kinders, maar hulle antwoord nie hulle selfone nie. En dan gaan die selfoon-netwerke af. Ek het weggekruip op daardie hoenderplaas, ek sal nie vir jou lieg nie. Ek het gedink ek leef nog omdat ek daar gebly het, daar geslaap het, ek het nêrens gegaan nie. Toe is die radio stil, alles is stil, ek sit so en

ek kyk vir die pad, maar daar's niks. Toe ry ek. En ek ruik vir Heidelberg, ek ruik op vier kilometer al daardie dooies. Toe weet ek.

Daar's 'n tyd dat jy baie skuldig voel dat jy oorleef het, en jy weet nie hoekom nie, want jy was dan so 'n sleg mens gewees. Maar jy raak gewoon daaraan. Dis snaaks, nè.

Ek het teruggery plaas toe, en ek het al die hoenderbatterye gaan oopmaak.

OceanofPDF.com

'n Week lank sien ons geen mense nie.

Ons ry met die verbypad om Bloemfontein, en deur Winburg en Senekal en Bethlehem, ons plak ons pamflette teen stoptekens en padwysers en kerke se deure, ons strooi hulle by die drumpels van doodstil supermarkte en apteke. By elke dorpsbiblioteek en skoolbiblioteek dra ons leë bokse in, en vol bokse met boeke uit. Helfte van die lang sestienwiel-sleepwa is al vol boeke, die res is blikkieskos, koffie en medisyne. “Vir ons toevlugsoord, vir ons toekoms” soos Pa sê om my aan te spoor om nog 'n swaar boks aan te dra.

Naby Bloemfontein sien ons sebras wat langs die snelweg wei, en weghardloop as ons aankom. Ek sê vir Pa dit is die diere wat ons vrygelaat het.

Dalk is daar mense in die dorpe, dalk skuil hulle as ons verbykom. Ons ry na Clocolan en Ladybrand en Wepener, Aliwal-Noord en Adelaide. Ons sien nie 'n ander siel nie, ons gaan plaas ons pamflette in drankwinkels, ons plak dit op vulstasies se vensters.

Pa slaap snags minder gemaklik, want ek en Melinda Swanevelder deel die bed, hy moet sy sitplek so plat maak as wat dit kan kom.

Sy praat baie min met haar stem. Sy sê die meeste met haar oë en haar gesig. Sy neem van my pligte oor. Sy maak die koffie, wil dan die skottelgoed was, maar Pa sê, nee, ek moet iets doen. Ná vyf dae voel dit of sy maar altyd saam met ons was.

4 April

In die vroegmiddag, anderkant Fort Beaufort, sien ons die groot Aberdeen-Angus-bul voor ons oor die pad hardloop. Sy swart pels blink van die

sweet, hy bloei op sy flanke, oor sy boude. Agter hom, om hom, is die trop honde, dieselfde lenige soort wat vir my en Pa aangeval het.

Pa verminder spoed, die bul hardloop deur die doringdraad regs van die pad. Die draad sny hom, hou hom 'n oomblik terug. In dié oomblik spring die honde op hom.

Melinda Swanevelder trek haar asem skerp in. Dan kyk sy weg, sy wil dit nie sien nie.

Die bul skud die honde af, hy hardloop verder, na 'n ruigte toe.

Dan is ons verby, en ons kan hulle nie meer sien nie.

“Omtrent twintig van hulle,” sê Pa. “Net soos wildehonde. Dieselfde tropgrootte.”

Hy praat met homself, hy steek nie sy kommer weg nie.

* * *

Ons is 'n paar kilometer voor Grahamstad, ons ry verby die gholfbaan op die linkerkant, skaars veertig kilometer per uur, soos wat Pa doen as ons naby 'n dorp kom. Hy kyk by sy kantvenster uit. Tannie Melinda lê agter en slaap. Ek is die enigste een wat sien hoe die wit wa van voor af kom – een van daardie bussies wat omgebou is na 'n woonwa. Dit trek feitlik onmiddellik van die pad af, en hou stil.

“Pa,” roep ek opgewonde, en wys met my vinger, seker ek het die eerste teken van menslike lewe sedert Hennie Flaai gesien.

“Wat?”

“Daai bus-ding. Hy het nou net stilgehou.”

Pa trap rem. Melinda Swanevelder kom regop agter.

“Dis 'n kamper,” sê Pa. Nou staan die voertuig stil, en Pa vra: “Is jy seker?” Want ek het al een of twee keer 'n vals alarm gegee omdat ek dinge so graag wou sien.

“Ek dink so.”

Pa bring die Volvo tot stilstand in die middel van die pad. Ek gee die verkyker aan sonder dat hy hoef te vra. Hy kyk. Die kamper staan nou op die gruis langs die pad, vierhonderd meter van ons af, net voor die lang draai na die linkerkant.

“Sien Pa iets?” Al hoe meer onseker dat ek regtig gesien het hoe die voertuig beweeg.

“Nee, jong ...”

Pa gee die verkyker vir my aan. Ek kyk. Daar is geen teken van lewe nie. Ek is verleë, want ek besef ek het ’n fout gemaak.

Pa sê: “Kom ons ry bietjie nader, miskien het hy geskrik vir ons, miskien lê hy plat ...” Maar ek kan hoor hy wil my net nie laat sleg voel nie. Hy trek weg, ry stadig nader.

Ons hou langs die kamper stil. Op die deur staan *Ibhayi Camper Hire*. Langs die kant, agter, staan *Discoverer 6*. Daar is ’n Fiat-kenteken op die rooster voor. Ons kyk vanuit die hoë Volvo-perd af op die kamper. Daar is niemand agter die stuurwiel nie. Die woondeel agter se twee vensters is met gordyne toegetrek.

“Die ding se spore is vars,” sê Pa sag en vat na sy pistool in die deur langs hom. Sy linkerhand werk die rathefboom sodat hy reg is om weg te trek. “Kyk, agter sy wiele.”

Melinda Swanevelder gaan lê. Sy trek die kombers oor haar. Ek kyk. Agter die kamper, tussen die wiele en die teer, lê die duidelike spoor van die bande.

“Wat het jy gesien, Nico?”

“Hy’t gery, en toe sien hy ons, en toe stop hy vinnig.”

Die gordyn by die kamper se groot middelvenster beweeg net ’n bietjie, reg in die middel, en onder.

“Het Pa dit gesien?”

“Kry jou pistool,” sê Pa. Hy los die koppelaar, ry stadig vorentoe, hy lig sy vuurwapen en hou dit teen sy venster – hy wil seker hê hulle moet dit sien. Ek haal myne uit die paneelkissie. Ek weet ek sal moet skiet, as daar geskiet word.

Die gordyn beweeg weer. ’n Oomblik lank is daar ’n gesiggie in die venster. “Dis ’n kind,” sê Pa en hou weer stil. Hy laat sy venster sak. Hy roep: “Hallo!”

Net ons groot dieselenjin wat luier.

Die gordyn beweeg. Twee kindergesiggies, miskien vier jaar oud, een swart, een wit, groot ogies, bang en nuuskierig.

“Hallo, ons kom in vrede, een man, een vrou, een kind hier by ons,” roep Pa.

Doodstil.

“Ons het kos en drinkgoed.”

Die bestuurder se deur gaan oop. 'n Vrou sit regop, sy moes platgelê het, sy klim uit. Sy het 'n haelgeweer in haar hande, 'n dubbelloop. Sy rig dit op Pa. "Laat ek die kind sien," sê sy.

Ek wurm langs Pa in en hang by sy venster uit. "Hallo, tannie, ons is goeie mense."

Die vrou is bruin en lank, haar hare baie kort. Haar ken is sterk en prominent, soos iemand wat 'n baie sterk wil het. Sy is nie oortuig nie. "En die vrou?"

Pa kyk na agter. Melinda Swanevelder lê steeds met haar kop onder die kombers. "Dit gaan nie so maklik wees nie."

Die gordyne by die kamper-venster trek nog verder weg. Ons kan nog kinders daar binne sien. 'n Paar is effens ouer, so ses of sewe.

"Hoeveel kinders het jy daar agterin?" vra Pa.

"Laat ek eers die vrou sien."

Pa sê Melinda se naam. Sy kom stadig onder die kombers uit. Ek maak plek sodat sy haar gesig kan wys.

"Is hulle goeie mense?" vra die vrou vir haar.

Ek dink, nou moet tannie Melinda asseblief tog praat.

"Baie goeie mense," sê sy amper onhoorbaar sag.

Die vrou staan nog vir 'n rukkie só met die haelgeweer op Pa gemik, en dan laat sy dit sak en sy sê: "My naam is Beryl Fortuin. Het julle regtig kos?"

Die kinders begin uitklim agter haar, 'n proses wat verstommend lank aanhou: swart en bruin en wit, tot 'n groot groep van hulle in die pad staan.

"Hoeveel is daar?" vra Pa.

"Hier is sestien kinders," sê Beryl.

* * *

Ons staan agter die Volvo se sleepwa, die deure oop, blikkieskos en blikkies vrugtesap, beskuit en biltong op 'n kampeertafeltjie. Ons sit ons eie lepels by al dié wat in die kamper is, en steeds is daar te min. Die sestien kinders moet beurte maak daarmee. Hulle is almal veel jonger as ek. Elf dogtertjies, die oudste een is ses; vyf seuntjies, tussen drie en vier. Sommige is luidrugtig en besig, ander klou verskrik aan Beryl se bene. 'n Seuntjie van

drie loop skaam-skaam tot by Melinda Swanevelder en kyk vol hoop op na haar.

“As jy hom optel, gaan nog twee dieselfde wil hê,” sê Beryl Fortuin. Ek sien sy het gespierde arms vir ’n vrou.

Melinda knik en tel die seuntjie op. Hy omhels haar, druk haar styf. Sy maak haar oë toe.

Beryl Fortuin sê dit is onmoontlik om hulle stil te hou, om hulle gehoorsaam te hou, sy het vir ons sien kom in die groot vragmotor, toe stop sy en sy gaan lê agter die kamper se bestuursitplek. Toe sê sy hulle moet doodstil wees, hulle mag nie beweeg nie. Toe loer die twee deur die venster. Hoe maak mens? En dit nadat hulle beroof is by die brug oor die Sondagsrivier. Vyf mans, of ses, sy kan nie en sy wil nie regtig onthou nie. Mans wat drie kinders, daardie drie – en sy wys hulle uit, twee swart kinders en ’n wit blondekoppie – as lokaas gebruik het, wat hulle langs die pad laat staan en huil het.

En toe hou sy stil, en die mans kom uit die bosse uit, en hulle vat die kos en die water wat sy gehad het. Kos en water vir die kinders. Hulle sou ander dinge ook met haar gedoen het, as dit nie vir die kinders en die olifante was nie. Die kinders, wat begin huil en skree het toe van die mans vir Beryl aan die hare gegryp het ...

Dit is toe dat Melinda Swanevelder weer begin huil. Vir die tweede keer.

Sy staan met die seuntjie teen haar bors, sy armpies om haar nek, die een oomblik nog met haar oë toe, maar dan vertel Beryl van die mans wat haar aan haar hare gryp, en Melinda druk haar gesig teen die kind en sak op haar knieë en huil.

Die seuntjie en van die ander kinders kom troos haar met bekommerde gesigte. Sommige huil saam.

Beryl kyk vraend na Pa terwyl sy kinders probeer paai.

Pa sê net: “Laat haar huil. Sy het nodig om baie slegte goed uit haar uit te kry.” Hy gaan staan by Melinda en hy tik-tik haar skouer paaiend en ongemaklik met die palm van sy hand.

* * *

Eers heelwat later, toe almal bedaar het, sê Beryl, ja, die kinders en die olifante het haar gered. Die kinders se skril geskree, en die olifante wat op

daardie oomblik uit die bosse oorkant die rivier kom en luid deur die water plas, op pad na hulle toe. Asof die kinders se vrees-gille die olifante geroep het. Toe klim die mans, die vyf of ses van hulle, in hulle bakkies en hulle ry, Port Elizabeth se kant toe. Die olifante moes uit die Addo-park gekom het. Daar was baie reën daar, die drade moes weggespoel het. Toe los hulle die laaste drie kinders ook by haar. Dalk is dit wat die gode vir haar bestem het, dat sy die kinders moet beskerm. Sy, wat op rekord is dat sy nie tyd vir kinders gaan hê in die lewe wat sy beplan het nie.

“Waarheen is julle op pad?” vra Pa.

Sy trek haar skouers op. “Na die volgende dorp toe. Iewers waar dit veilig is, waar ek die kinders kan kosgee. Waar ek hulp kan kry.” Sy staan nader, sy praat sodat die kinders nie moet hoor nie. “Niemand wil hulle hê nie. Almal is te besig om te oorleef.” En dan, nog sagter, met ’n stem wat swaar dra aan die skuld: “Hulle is te veel vir my.”

“Kom saam met ons Vanderkloof toe,” sê Pa.

19

Ek en Pa ry eers voor. Dit is twee uur voor sononder, ons soek 'n veilige plek vir almal om te slaap. Melinda Swanevelder ry nou in die kamper saam met die kinders, voor in die passasiersitplek.

Op pad Jansenville toe sien ons die advertensiebord van die Koedoeskop Game Ranch. Ons draai af, ry in. Blouwildebeeste maak 'n stofwolk soos hulle weghardloop. Verder aan lig springbokke hulle koppe, draf lui-lui teen 'n koppie uit, asof hulle minstens die skadelose teenwoordigheid van toeriste onthou. Twee vlakvarke staan op die oord se stoep, baie traag om die vergroeide tuin af te staan.

Pa sê: “Bring die Tikka.” Hy vat sy .300 CZ. Ons spring uit. Hy draf na die vroue in die ander voertuig. “Wag net 'n rukkie, ons kyk net gou die plek deur,” sê hy.

Ons loop langs mekaar. Ons is die manne, wat manne se werk moet gaan doen: alles beveilig. Ek hou daarvan. Ek na-aap vir Pa, hou my geweer voor my, oorgehaal, vinger op die sneller. Ek dink nie daaraan dat ék sal moet skiet as daar mense-gevaar is nie.

Die geboue was 'n mooi ou plaasopstal wat in 'n gastehuis omskep is. Ons maak die deur oop. Duiwe fladder skielik op in die ontvangsarea en ons skrik. Hulle vlieg uit by 'n gebreekte dakvenster. Binne sien ons dit was 'n luukse wildplaas. “Seker vir internasionale toeriste,” sê Pa. Daar is die jagtrofee-koppe van koedoes en buffels en blouwildebeeste teen die mure, nou bemors met duiwemis.

Alles is stil, alles is veilig.

Ons sien buite die agterdeur, na die lapa se kant toe, lê 'n mens se skedel en 'n paar ribbes verstrooi oor die werf. Die Koors het iemand hier oorval. Die diere het die karkas gestroop en die beendere versprei. Ons tel dit op en gaan gooi dit in die lang gras.

Ons dra kosbokse aan na die kombuis toe. Pa gaan staan en kyk na die veld. Hy sit sy boks neer en sê: “Kom, Nico. Hier is baie monde om kos te gee. Ons kyk of ons ’n springbokkie kan plattrek, dan braai ons vanaand.”

Dit is ’n eerste vir ons twee.

Ons kry die gewere en loop in stilte in die rigting waarheen die bokke weggedraf het. Die son sit laag, die lig is sag en die kleur van heuning. Die veld is ruig en mooi en groen in die laatsomer, die veld se geluide dik aan voëlgesang en insekte.

Pa gaan staan. Hy kyk na die ry koppies, die wolke, die skakerings en teksture. “Hel, Nico, dis mooi.”

Ek sien daar is iets anders aan Pa. Asof die mense, Beryl en die kinders, vir hom ’n doelwit gegee het, en ’n genoegdoening. Ek verstaan dit nie.

Pa hou sy kop skeef soos hy luister, en hy sê: “Ek dink dit is hoe dit was, voor die Europeërs gekom het. Afrika.”

Dit neem ons twintig minute om die bokke te bekruip. Pa beduie iets. Ek snap nie. “Vat die skoot,” fluister hy.

Eers jare later sal ek besef dit was ook ’n betekenisvolle oomblik. Want hy het sy geweer saamgedra, maar hy het nooit, dink ek, bedoel om self te skiet nie. Dit was nou my taak. Later, om die vuur, haal hy ’n bottel rooiwyn uit en skink net vir homself en die twee vroue. Ek is nog nie oud genoeg vir wyn nie.

* * *

Ons eerste ete as ’n nuwe, klein gemeenskap is nie by Vanderkloof nie.

Melinda Swanevelder maak roosterkoek-deeg met die bruismeel, suiker en sonneblomolie uit die wildplaas se ongeskonde spens. Ons eet dit saam met appelkooskonfyt. Ek en Pa braai die onbeholpe uitgeslagte vleis. Die kinders speel oral deur die gebou en buite in die gaslamp en die kampvuur se ligkring, hulle stemmetjies hoog en uitbundig, hul lyfies besig ná die dae van stilsit in die kamper. Ons eet almal saam om die vuur in die lapa, onder die sterre. Dit is lekker, ná die maande van afsondering, om die kinders se gebabbel te hoor, en ’n vrou se stem, en die braaivleis se geur, en die smaak van kos wat nie uit ’n blik of ’n boks kom nie.

Toe die kinders almal slaap in die groot sitkamer van die oord, deurmekaar op rusbanke en gemakstoele, toe onder komberse, gaan sit ek weer saam met die grootmense buite. Pa skink die wyn en gooi nog stompe op die vuur.

Beryl vertel haar storie. Sy was 'n gholfspeler, die inwonende professionele vrouespeler by die Pezula-oord buite Knysna. Sy glimlag ironies en sê dit was 'n beroep wat haar met absoluut geen vaardighede vir 'n post-apokaliptiese wêreld gelaat het nie, behalwe fiksheid, en 'n bietjie mensekennis.

Pa sê dis dalk nie slegte vaardighede om te hê nie.

Haar ma was oud en sieklik en een van die heel eerste slagoffers van Die Koors. Beryl het haar op Humansdorp gaan begrawe. Toe is sy terug werk toe, om besig te bly, om die verlies te verwerk, omdat daar eintlik niks anders was om te doen nie, want die land was verlam en deurmekaar. Sy het gesien hoe haar kollegas en die hotelgaste siek word, maar sy nie. Sy het gehelp waar sy kon, sy het by hulle gewaak, sy het elkeen van hulle sien doodgaan. Tot niemand oor was nie. Toe wil sy terug Humansdorp toe, dit was waar sy grootgeword het, dit was waar sy wou skuil of doodgaan of weer begin. Alles was onseker en seer en sleg.

Beryl se stem dra daardie aand by die kampvuur swaar aan die trauma van haar reis, jy kan die ontbering in elke woord hoor.

Sy het 'n ou wit Nissan 1400-bakkie gevat, sy het te skuldig gevoel om iemand anders se duur motor sonder toestemming te neem. Die eerste van die kinders het langs die N2 gestaan by Harkerville, ses jaar oud, honger en dors en baie alleen. Sy het gestop, en 'n hartverskeurende gehuil gehoor, in 'n houthuis daar naby. Sy het nog twee kinders daar gekry, klaarblyklik familie, hulle lyk na mekaar. Hulle is te klein om hul verwantskap te verduidelik, maar sy dink weerstand teen die virus is geneties. Want daar was 'n vrou wat ook oorleef het. Dalk die ma. Beryl het haar tweehonderd meter die Knysna-woude in gekry. Sy het haarself aan 'n boom opgehang.

* * *

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

Dit was 'n baie gevaarlike tyd, daardie tyd. Die Koors was nog nie heeltemal klaar nie, jy het siek mense op die paaie gekry, en siek mense in die dorpe en so. Jy kon nog nie sê wie gaan survive en wie gaan nie. Ek dink dit was ook oorlat dit die Tsitsikamma was, mense het in daai woude gebly ver van ander af, hulle het die virus kom optel soos hulle uitgekom het. Met die kinders by my, toe moet ek upgrade na 'n groter kar toe. Dit was vir my sleg, dit het maar altyd vir my geworry om so mense se goeters te vat. Hoe weet jy daai een kom nie terug en kom soek sy kar nie. Ek het 'n bussie gevat anderkant Plet.

Daar het soveel vreemde goed gebeur, soveel goed wat jy nooit sal vergeet nie. Net voor Stormsrivier toe is daar 'n ou wat baie siek is, in 'n BMW, hy ry so reg voor ons in, ek dink dit was 'n attempted suicide, en sommer "I'm not going to die alone" ook. Gelukkig toe mis hy ons en hy ry so in die bos in, en hy tref 'n boom en die kar brand. En ek sê vir die kleintjies, moenie kyk nie, maar hulle kyk.

Ek verstaan lat die mense se koppe uitgehaak het, regtig, ek verstaan. Ma' jy wil 'n bussie met kindertjies in saam met jou vat graf toe? Daai is messed up, even under those conditions.

By die groot filling station daar by die brug by Stormsrivier, toe is daar 'n vrou in 'n Fortuner, sy kom na my toe, sy kan skaars loop, jy kan sien Die Koors het vir haar. En sy sê kom kyk. Ek gaan kyk. In die Fortuner lê Lizzie en slaap, vier jaar oud. En die vrou sê sy gaan doodgaan, maar Lizzie makeer niks. Ek sê, asseblief, ek het klaar drie kinders by my ... Maar sy sê, vat vir Lizzie. En sy draai om en sy huil verskriklik en sy loop die woud in, so val-val, en sy los die kind net daar in die kar.

Toe sit ek met vier. Ek, wat nie kinders wou hê nie, toe sit ek met vier. En ek ken net een se naam.

* * *

Humansdorp in die onmiddellike afloop van Die Koors was nie 'n plek vir die kinders nie, nie met al die ontbindende lyke en waansin van die paar oorlewendes nie. Beryl kon nooit haar mense gaan begrawe nie. Sy en die vier kleintjies het weke lank op 'n plaas langs die Gamtoos gaan bly, tot die ergste verby was. Toe is hulle Humansdorp toe, en al wat sy gekry het, was nog 'n kleintjie. Daarna Jeffreysbaai en Port Elizabeth, waar die kinders nog meer geword het. Sy sê hulle was 'n soort “amalgamated Pied Piper of Hamelin”, want die kinders wat by haar was, se stemme het ander weses voortdurend uit hul skuilplekke gelok. In Motherwell het twee mans vyf Xhosa-kindere in hul sorg gehad. Hulle het voorgegee om kragte met haar saam te snoer, maar die volgende oggend was hulle weg, en die kinders nog daar.

Niemand wou die kinders hê nie. Almal was te besig om te oorleef.
Sy het net aanhou beweeg.

5 April

Pa laat Beryl voor ry, want die kamper is stadig, dit sukkel om tagtig te haal teen die wind. Ons volg net 'n honderd meter agter hulle. Pa het vir Beryl 'n klein Zartek-tweerigtingradio gegee, ons kan met mekaar gesels.

In die middel van Graaff-Reinet sê Pa: “Liewe land.” Hy hou in die middel van die straat stil en beduie.

Ek sien die skildery, tamaai en kleurvol, wat strek oor drie ou geboue. Dit is van 'n trop Nguni-beeste in die veld, besonder realisties.

Pa lig die radio na sy mond. “Sien julle die skildery?”

“Die beeste?” vra Beryl.

“Ja.”

“Dis ongelooflik. Was dit nie altyd hier nie?”

“Nee,” sê Pa. “Dis was historiese geboue hierdie. Die Camdeboo-restaurant en die hotel. Altyd wit mure gehad.”

Ek sien daar is nog skilderye oor die geboue vorentoe, links en regs van die hoofstraat. En dan sien ek die kerk, 'n halwe kilometer vorentoe, in die middel van die pad, met sy hoë toring. Die kerkgebou is nou 'n Nguni-bees se skouers, die toring is besig om 'n kop en 'n enkele horing te word. Daar

is 'n lang leer teen die kerk se toring, en 'n klein figuur aan die bopunt van die leer. Ek wys vir Pa met my vinger.

* * *

Ons hou by die kerk stil. Die man is hoog op die leer teen die toring besig, met 'n groot kwas. Hy is 'n swart man, lank en lenig. Die enigste kledingstuk aan hom is 'n heldergroen sportbroekie. Aan sy voete is bruin sandale. Hy waai met die kwas, sy wit tande ontbloot in 'n glimlag, sy linkerhand hou styf aan die leer vas.

“You like?” vra hy en beduie na sy kuns.

“Yes!” roep Pa terug.

Beryl hou agter ons stil. Die sestion kinders borrel uit die kamper om te gaan kyk.

* * *

Later sê die skilder hy wil nie saam met ons Vanderkloof toe nie. Hy wil hier bly, by sy kuns. Daar is nog baie skilderye om te maak.

Pa sê hy moet oppas vir die honde.

OceanofPDF.com

Domingo

Dit is meer as drie dekades gelede dat ek die eerste keer vir Domingo gesien het. Ek dink my herinneringe is sterk gekleur deur die groot indruk wat hy op my as dertienjarige gemaak het. Die werklikheid was sekerlik minder dramatiese en romantiese, maar laat ek dit vertel presies soos ek dit onthou. Ek is darem doodseker van die datum: 7 April in die Jaar van die Hond.

Ek onthou die datums, want ek het hulle neergeskryf. Die joernaal dateer uit die eerste weke van Die Koors, toe ek en Pa in die grotte van die Vredefort-koepel gebly het. Of geskuil het. Ek is nie seker hoe om dit te omskryf nie. Pa het vir my die boek gegee, 'n geel Moleskine-joernaal, en 'n swart pen. Hy het vir my gesê al die grootste ontdekkers het reisjoernale gehou. “Net 'n paar woorde, elke dag, Nico, sodat jy dit later sal onthou.”

Die aand van 7 April het ek net een woord geskryf: *Domingo*. Dit is al wat ek sou nodig hê om te onthou.

* * *

Met ons terugkeer saam met Beryl en die kinders en die kamper, laatmiddag op 5 April, is daar niemand op Vanderkloof nie. Geen reaksie op die honderde pamflette nie.

Pa steek sy teleurstelling weg in frenetiese aktiwiteit. Hy laat ons by die eertydse Pride Rock-gastehuis intrek – dis eenvoudig makliker om almal só te beskerm, te versorg en te bestuur. Hy pomp vroeg die volgende oggend

die groen, vuil water uit die halfleë swembad om dit veiliger te maak vir die kleintjies. Ek moet hom help om 'n petrol-kragopwekker te koppel, sodat die kinders almal 'n warm bad kan kry. Dit neem 'n paar uur om al sestion skoon en aangetrek te kry. Sommige het weke laas ordentlik gewas.

Ons dra bokse kos kombuis toe, boeke na die sitkamer toe, pak reg, maak skoon.

Ek en hy gaan soek deur die huise op die dorp vir kinderklere, vir nog vinnig beskikbare proviand. Ons kry 'n vierwiel-motorfiets onder 'n afdak en sleep dit aan die brand met die Volvo. Pa spandeer vyftien minute om my te leer hoe om met die ding te ry, en dan nog 'n uur om vir my te wys en te vertel hoe maklik dit is om die voertuig te laat omslaan. Hy laat my oor en oor oefen, op die pad en in die veld.

Die aand kook Melinda Swanevelder pasta met 'n sous van geblikte tamaties en frikkadelle. Dit is lekkerder as enigiets wat Pa nog kon optower. Ons skuif al die viersitplek-tafeltjies van die gastehuis se eetkamer teen mekaar. Ons eet saam, as 'n gemeenskap.

Die oggend van 6 April gaan sit Pa met my in die tuin, langs die leë swembad. Hy praat ernstig. Hy sê die Rolfontein-natuurreservaat is hier agter, hoog in die heuwels. Dit is twee derdes omring deur water, een derde kranse, uitstekend omhein, en bykans onbereikbaar deur enige ander pad as die een wat hier deur Vanderkloof loop. Daar is gemsbok en koedoe, springbok en rooibok. Dit gaan ons wildboerdery wees, maar binnekort ook ons veekamp. Want die honde is besig om skaap en bees uit te wis. Ons twee, ek en hy, sal binne die volgende week 'n bakkie of iets moet vat en gaan skape vang en aanry terwyl daar nog oor is. Beeste ook. Maar daarvoor gaan ons hulp nodig hê. Miskien kom Hennie Flaai. Dalk iemand anders ...

Maar vir die afsienbare toekoms sal ons die reservaat moet gebruik as 'n bron van vars vleis vir die kinders en vroue. "Vat die vierwiel en gaan skiet vir ons. Vat een van die radio's ..."

Ek is gretig en opgewonde. Ek is dertien jaar oud en kan met 'n vierwielmotorfiets gaan jag. Ek spring op voor hy klaar gepraat het.

Pa roep my terug. "Ek kan sien jy wil graag met die ding gaan ry, Nico, maar wees versigtig. Dis 'n sterk voertuig, met daardie verhouding van krag teenoor gewig. Jy gaan baie lus raak om iets met daardie krag te doen. Maar dink twee keer. As jy daar bo in die berg lê en bloei onder 'n bos, en ek kry jou nie ... Bly op die paadjies, sodat ek jou kan kom soek as iets gebeur. En

onthou, daar is witrenosters ook, van die laaste oorlewendes. Moenie kanse vat nie.”

Hy praat my kop terug aarde toe. Hy sê ons het nou ’n klomp ander mense vir wie ons verantwoordelik gaan wees. Hy sal op my moet staatmaak. “Maar ek weet jy gaan dit met gemak hanteer.”

Pa weet daardie tyd nog hoe om met my te werk.

* * *

Op die oggend van 7 April is ek besig om ’n raamwerk te bou van stewige stokke, sodat ek die springbokvel daaroor kan span soos Pa verduidelik het. Dit is volgens hom deel van die jagter se verantwoordelikheid – die verwerking van die hele dier. In dié nuwe wêreld sal ons alles moet benut, die velle ook. Ek hou nie van dié deel van jag nie. Ek werk in die erf langs die gastehuis, want die vroue wil nie hê die kinders moet die bebloede vel sien nie.

Ek is seker klank trek verder in die oggend, hier voor tien. Die lug is skoon, en stiller.

Ek hoor die geluid. Dit is hoog en baie ver, maar intens, deurdringend. Ek los my handewerk en staan op, draai my kop om beter te hoor.

Dit is ’n mensgemaakte klank. Die toonhoogte is nie konstant nie. Dit styg en val, van ekstatiëse crescendo na ’n laer, dierlike gegrom, op en af teen die toonlere. Dit galm oor die vlaktes heen, dertig, veertig kilometer weg. Dit verdwyn heeltemal vir ’n oomblik. En dan kom dit weer aan.

Dit is die geluid van ’n enjin. Dit is onvanpas, koddig, eienaardig op dié sonnige, rustige, perfekte windstil oggend – amper ’n jaar ná Die Koors – in die verlate heuwels op die randjie van die Groot Karoo. En omdat dit die enigste meganiese musiek in die lug is, kan ek dit nie uitken of plaas nie.

Dit klink op uit die suide, hierdie kant van die rivier. Petrusville se rigting.

Dit neem ’n hele paar minute voor ek besef die geluid kom nader. Ek voel ’n opgewondenheid. Iemand het ’n pamflet gelees. Iemand kom na ons toe.

Ek begin instinktief afstap in wat nog destyds bekend gestaan het as Madelifiestraat, na Protea toe, want as hy Vanderkloof toe kom, sal hy in Proteastraat moet opry.

Ek hoor voetstappe agter my. Dit is Pa. Hy was besig om 'n Tata Super Ace aan die gang te probeer kry, want die Volvo-perd is te groot om hier op die dorp mee rond te ry. Ons loop saam tot op die hoek. Ons staan langs mekaar en luister hoe die volume van die klank groei en groei.

“Dis 'n motorfiets,” sê Pa.

Ek luister.

“Net een,” sê Pa.

“Jinne, dit moet 'n vinnige ding wees,” sê ek.

Ons wag daar op die straathoek sonder om verder te praat, ons luister net na die naderende ryer. Ons kan hoor hoe hy die ratte aftrap wanneer hy die verkeersirkel onder die berg, buite die dorp nader – so een-en-'n-half kilometer van ons af. Hoe die klank 'n oomblik lank wegraak. Dalk talm hy om 'n padwyser te lees? Dan klim die toere weer, hoër en hoër deur die ratte teen die bult uit. Dit sing 'n enkele noot deur die twee wye draaie soos die pad 'n U maak, sak vir die onsekerheid van die eerste vurk, en dan kom hy aan en ons sien hom, 'n swart gevaarte: swart motorfiets, swart valhelm, swart rugsak, swart leerpak, stewels en handskoene.

Hy sien ons twee laat. Hy rem en hou reg oorkant ons stil, aan die ander kant van die pad. Daar is dun, heldergroen kontoerstrepe deur die swart van die fiets. Op die tenk staan *Kawasaki* in silwer letters. Op die stert: *Ninja*. Op die ryer se regterheup is 'n groot pistool in 'n holster toegeknip.

Die valhelm se sigskerm is donker, die man is onsigbaar daaragter. Hy beweeg stadig, lakonies, gemaklik, strek sy hand om die sleutel af te draai. Die enjin is stil, net die tik-tik van die metaal wat begin afkoel. Hy skop die systaander van die motorfiets uit, swaai sy gestewelde voet af. Gaan staan langs die motorfiets. Ek sien hy het nog 'n pistool, op die linkerheup.

Hy trek die handskoene af, eers die linker, dan die regter. Plaas die handskoene op die tenk. Maak die valhelm se band onder sy ken los. Hy plaas al twee sy hande op die valhelm se flanke en lig dit van sy kop af, 'n vloeiende, geoefende beweging. Hy skud sy lang swart hare uit terwyl hy die valhelm op die tenk neersit en omstap, na ons toe. Sy tred is soos dié van 'n roofdier aan die bopunt van die voedselketting, argeloos en vol selfvertroue. Hy haal sy donkerbril af, sy oë is hipnoties, lig – 'n grys wat soos 'n verkleurmannetjie sy omgewing weerspieël, nou vaagweg groen, dan 'n vermoede van blou, in sterk kontras met sy donker gelaat. Hy loop tot by Pa. Hy steek sy hand uit.

“Domingo.” Sy stem is diep. “Tempest-tost,” sê hy en sy oë trek skrefies, asof hulle sonder sy mond kan glimlag.

“Ek is Willem Storm,” sê Pa. “En dis Nico.”

Domingo kyk my in die oë en hy skud my hand. Ek sien daar is ’n tatoeëermerk op die rugkant, twee kromswaarde en ’n opkomende son. Ek voel die hitte en koue van sy hand tegelyk. ’n Siddering wat deur my trek, want sy glimlag en sy oë, eintlik sy hele teenwoordigheid, sê hy is dodelik. Ek weet nie waarom ek dit op daardie oomblik ervaar het nie. Dalk kinderintuisie. Dalk omdat Domingo so in skrilte kontras met my pa se vredeliewende onskuld is. Maar ek weet instinktief en sonder twyfel, jy wil vir Domingo aan jôú kant hê.

Alles gebeur altyd tegelyk, net wanneer jy dit die minste verwag. Dit is wanneer ons die vliegtuig hoor, hy kom hier van agter af, oor die berg. Ek en Pa en Domingo kyk. Dit is die Cessna 172 van Hennie Flaai. Hy vlieg laag oor ons, hy wikkel sy vlerke.

* * *

Ons ry af tot anderkant die verkeerssirkel buite die dorp, waar die Cessna op die naaste stuk reguit, plat teer gaan land – in die Tata Super Ace wat ons aan die brand moet stoot. Pa bestuur, Domingo in die passasiersitplek, ek in die middel.

Domingo ruik na sweet en naskeermiddel. Pa vra, waar het hy van ons gehoor? Hy sê hy het ons pamflet in die Bethlehem Mall gesien.

Kom hy van daar af?

Nee, hy was op pad van Durban af Bloemfontein toe. En dan bly hy weer stil, maar Pa laat hom nie afsit nie. Hy vra, waarom.

Domingo kyk na Pa, sy oë onsigbaar agter die donkerbril, maar ek voel aan dat hy dinge teen mekaar opweeg. Dat hy weet daar is ’n prys om te betaal as hy dalk hier by ons wil bly. Ná ’n rukkie sê hy die padoppervlakke in die natter deel van die land is te onvoorspelbaar ná die somerreën, hy het kom droë roetes soek vir die Ninja. Want hy hou van hoë snelheid. Terwyl die paaie en die petrol hou, dit is dalk die laaste somer wat ’n man ’n motorfiets só sal kan geniet. Geen verkeer, geen snelstrikke nie. Hy glimlag daardie amper-glimlag en kyk vir my.

“Waar was jy oral?” vra Pa.

“Hazyview se wêreld vir twee maande. Daardie paaie ... Lekker. Maar toe raak dit rof. Kwaai reën, verspoelings. Mense by Nelspruit wat skiet sonder om vrae te vra. Toe ry ek Mosambiek toe. Maputo. Dis chaos daar. Ek sit op die bike in die middel van Avenida Vinte e quatro de Julho, en 'n ou hardloop kaalgat oor die straat, 'n ander ou met 'n panga agterna. En hy ...” Domingo kyk na my en skud sy kop. “Let’s just say chaos. En toe is ek Durban toe ... Daar’s omtrent vyftig mense wat daar op die beach bly. Flower power vibe.”

“Het jy ander ... gemeenskappe gesien?”

“Ou op Harrismith het gesê van mense wat glo naby Fouriesburg 'n ding begin het. Net vir wittes, in die berge. Ek het nie gaan kyk nie.”

“Was jy gister in Bethlehem?”

“Nee. Vier dae terug. Ek is eers Kaap toe, om te kyk of dit waar is wat hulle sê van die radiation.”

Ek en Pa het destyds oor die radio gehoor van die kernkragsentrale by Koeberg wat ontplof het, omdat niemand oor was met die kennis om dit af te skakel nie.

“Hoe lyk dit daar?” vra Pa, met groot verlange in sy stem.

“Sleg. Anderkant Rawsonville, net voor die Du Toitskloof-pas, lê die uitgebrande lorries en busse en karre die hele pad vol, jy kan nie daar deur nie. Charred bodies, it’s pretty gruesome. En daar is hand-painted signs wat sê, danger, radiation, go through and die. Die berge is swart, dit lyk toxic. Ek kan maar net dink hoe die Kaap self lyk ...”

Pa is stil. Dan vra hy: “Van waar is jy oorspronklik?”

Voor Domingo kan antwoord, sien ons vir Hennie Flaai en die Cessna. Hennie het al uitgeklim, hy staan voor by die vliegtuig se enjin. Hy draai om en hy waai vir ons.

Die eerste ding wat hy sê, is: “Daar’s amper tweehonderd-en-sestig mense op pad, Willem. Hulle behoort môre aan te kom, as hulle brandstof hou. Hoe gaan dit met Melinda Swanevelder?”

Aankomsdag

Dit is wat ons dit noem. Aankomsdag. 8 April. 'n Openbare vakansiedag, al vier-en-dertig jaar lank.

Pa was daarteen. Nero Dlamini was daarteen. Al twee het gesê dit was bloot die datum waarop die grootste enkele groep saam aangekom het. Dit herinner te veel aan Van Riebeeckdag, toe die eerste Europese setlaars in 1652 in die Kaap aangekom het in die Era voor Die Koors. Wat toevallig op 6 April was, baie naby aan Aankomsdag se datum. 'n Mens wil nie 'n saadjie saai wat later in tweespalt en onmin kan ontkiem nie.

Maar Aankomsdag is wat die mense wou gehad het, en Aankomsdag het dit gebly.

* * *

My springbokvel hang in sy raam, styf gespan en met sout ingevryf. My hande stink, al skrop ek hulle met Sunlight Liquid.

Ek neul en ek neul tot Pa sê ek kan maar hoog op die koppie gaan sit en wag vir Die Aankoms.

Ek ry met die vierwiel, ek kry 'n plekkie waar ek kan uitkyk oor die damwal, die pad wat ek en Pa die eerste keer hiernatoe gery het. Want hulle kom uit die noorde.

Gisteraand het Hennie Flaai gesê hulle kom van Tshwane en Centurion, Johannesburg en Sandton, Lenasia en Soweto, Nigel en Standerton,

Randfontein en Rustenburg af. Dit is waar hy pamflette uit sy vliegtuig gaan strooi het.

Daar was by Westonaria 'n veertiental mans met aanvalsgewere wat die groeiende groep beroof het. Wat juwele gesoek het. En geld, kan jy dit glo, hulle het geld gesoek, sê Hennie Flaai. Nou, in hierdie tye. Niemand is darem beseer nie, al is meeste van die kos en water in die busse gevat.

Op pad het die konvooi mense bymekaar gemaak in Potchefstroom en Warrenton. Dit was voor Hennie van die groep geweet het. Hy het die stoet voertuie – 'n luukse toerbus, 'n voorstedelike bus, 'n klompie minibusse en bakkies en motors – eers anderkant Wolmaransstad raakgesien, hy was op pad na ons toe. Toe land hy voor hulle en hy gesels. En toe gee hy lugdekking, vooruit gevlieg om te kyk of daar onheil is. Daar was nie nog teenspoed nie.

Gisteraand het Hennie Flaai gesê hy het hulle in Kimberley gelos en vir ons kom sê hulle behoort voormiddag al aan te kom.

Toe gaan sit oom Hennie by Melinda Swanevelder, en hy gesels, en sy sit net en luister. En Pa sê vir my en Domingo: “Hy sal groot geduld met haar moet hê.”

* * *

Pa vra vir Domingo waar hy oorspronklik vandaan kom en Domingo antwoord: “Hier, en daar.” En hy begin Pa uitvra oor wat hy beplan met die gemeenskap, asof hy nog nie weet of hy wil bly nie. Ek sit daar en hoop Pa gee al die regte antwoorde, want ek wil hê Domingo moet bly.

Vanoggend, toe ons klaar ontbyt geëet het, sê Domingo: “Ek het gedink, being single ... There's no sense taking a whole house. Is dit okay as ek net eers hier in die orphanage intrek. Hier's baie kamers oop.”

Toe sê Pa: “Natuurlik.” En dit is hoe die ou Pride Rock-gastehuis sy nuwe naam gekry het. Die Orphanage.

Ek maak 'n vuus onder die tafel en ek fluister: “Yes!”

Pa vra vir my: “Hoe ver is daai vel van jou?”

Op die heuwel waar ek wag vir Die Aankoms en ek uitkyk oor die groot, diep Vanderkloofdam en die damwal, waar die water nie meer met dieselfde donderende massa oorloop nie, dink ek dis goed dat Domingo bly. Want hy moet aan ons kant wees.

* * *

Die konvooi kom wanneer ek al baie honger is, eers hier teen twee-uur. Ek wil nie my uitkykpunt verlaat nie, want dan mis ek hulle. Maar ek raak baie ongeduldig. Dan sien ek die bus wat om die heuwel oorkant die rivier kom en die wye draai van die damwal vat. Agter hom, 'n ouer bus, en agter hulle die motors en bakkies.

Ek gryp die radio en sê: “Hulle is hier, Pa. Hulle is op die wal, ek sien hulle.”

“Dankie, Nico.” Ek hoor hy lag. Ek weet dit is vir my groot opgewondenheid.

Ek kyk hoe hulle in die middel van die damwal stilhou en eers vertoef, en seker vir almal 'n kans gee om te kyk na die water en die kloof van die rivier. Hulle ry. Ek klouter haastig teen die heuwel af tot waar die vierwiel staan, oor rotse en klippe, deur doringbosse en -bome. Dit voel na 'n ewigheid.

En dan jaag ek terug. Om hulle te verwelkom, en om iets te gaan eet.

* * *

Ek sien dit so 'n bietjie van 'n afstand af, en eers jare later sal ek nadink daaroor, sal ek filosofer oor die belangrikheid en veelseggendheid van dié toneel.

Daardie dag weet ek dit is 'n stukkie geskiedenis, soveel soos 'n opgewonde dertienjarige, uitgehonger vir ander se geselskap en vir maats van sy portuur, daarvan kan snap. Die werklike gewig van die oomblik en van die mense wat daarby betrokke is, sal eers veel later kom.

Die luukse bus staan al in die middel van die pad wanneer ek met die vierwiel stilhou. En twee mans klim uit en loop na Pa en Hennie Flaaï en Domingo, Melinda Swanevelder en Beryl en al sestien kinders wat staan en wag in die middel van Proteastraat. Die eerste man uit die bus is bejaard, sy hare spierwit, hy's in 'n wit toga met 'n goue oorhangsel en 'n vreemde hoed. Hy het 'n herderstaf in sy regterhand, van hout en silwer. Met sy linkerhand steun hy op die arm van die ander een – 'n jonger, indrukwekkende man met 'n breë bors, wat langer is as almal.

Dit is wat ek sien, wat ek vaslê om eendag oor te vertel, om vir ander te sê ek was by, ek was dáár, ek was deel daarvan.

Ek hardloop en gaan neem my plek in tussen Pa en Domingo.

“Die een met die rok, dis die biskop, nè, oom Hennie?” fluister ek vir Hennie Flaai.

“Dis ’n toga,” sê Pa met ’n lag in sy stem.

“Ja, Nico, dis die biskop,” sê Hennie Flaai ootmoedig. Hy het ons vertel van die Anglikaanse kerkman wat deel is van die groep, wat hulle leier geword het.

Die gryse biskop skuifel oor die pad na Pa toe. Hy sprei sy arms wyd, hy glimlag en hy sê in Engels met ’n vae Skotse aksent: “Jy moet die skrywer van die pamflet wees.”

“Ek is,” sê Pa. Hy loop nader en skud sy hand.

Die breëborsman langs hom roep uit: “Halleluja!”

“Amen,” sê die biskop. “Ek is vader James Rankin. Dit is my kollega, pastoor Nkosi Sebego.”

Pa skud die forse Sebego se hand. “Julle is almal welkom,” sê hy.

“Prys die Heer,” sê Sebego. Hy draai om en wys vir die ander mense in die bus om uit te klim. Daar is ’n goedgeunstige glimlag op sy gesig en ’n intensiteit in sy oë. Maar dan kyk hy terug, en fokus op Domingo.

Met mense wat uit die busse en bakkies en motors klim, wat uitroep, gesels, aangestap kom, dink ek dit is dalk net ek wat sien hoe pastoor Nkosi Sebego se glimlag omkeer na ’n frons van meting, agterdog en eindelik, ’n onpeilbare afkeer.

Domingo se gesig is strak en onleesbaar agter die donkerbril.

Die 256

Tweehonderd-ses-en-vyftig mense kom daardie dag aan.

Syferkoppe in die gemeenskap sal later uitwys dat 256 'n perfekte vierkantsgetal is – sestien tot die mag twee. Bygelowiges sal hierdie beginsel verleng tot 'n gelukkige getal, 'n goeie voorbode. Ek vermoed hulle sal oor 'n honderd jaar praat van die nasate van die 256, soos die afstammeling van die Mayflower in wat destyds die VSA was. Dit sal dalk status dra.

Maar in die eerste week is dit 'n ongelukkige getal, omdat niemand vir hulle voorberei het nie.

'n Beter getal in hierdie tyd is dertien. Want as jy dertien jaar oud is, en jy is die seun van die Skrywer van die Pamflet, word jy oral toegelaat waar grootmense vergader, maar jy is terselfdertyd onsigbaar as jy doodstil sit en tjoepstil bly.

Die eerste noodvergadering is in die laatmiddag van Aankomsdag. Dit handel oor akkommodasie.

Die probleem is dat die 256 nie in netjiese gesinsgroepe aangeland het nie. Onder hulle almal is daar net drie mense wat verwant is – die bejaarde mevrou Nandi Mahlangu, haar dogter Qedani, en haar kleinseun Jacob. Drie geslagte van genetiese weerstand teen Die Koors, die enigste een aangeteken. (In die daaropvolgende maande en jare is daar broer-en-suster-kombinasies wat by ons aansluit, daar is ek en Pa, mettertyd nog vier ander gevalle van ouer en kind.)

Wanneer die opwinding van die aankoms wegsyfer en die 256 in die middag begin dink aan slaapplek en blyplek, word dit 'n skielike stormloop

na die beste, grootste of naaste-aan-dié-wat-ek-ken-verblyf, sonder organisasie of nadenke. Sommige mense wil akkommodasie deel, daar is verskeie enkelinge wat stoksielalleen in groot huise intrek, daar is 'n rusie oor wie die twee luuksste oewerhuise met 'n uitsig oor die dam gaan opeis. En ses tieners wat saam in die ou munisipale bus gereis het, se nuwe vriendskapsbande dikteer dat hulle móét saambly, sonder toesig, in die verste, afgesonderdste huis bo teen die heuwel.

Die Komitee, soos hulle later bekend staan, vorm op 'n natuurlike manier wanneer dit alles besleg moet word: Die eerste drie lede is Pa, vader James en pastoor Nkosi.

Die biskop en pastoor roep al 256 mense bymekaar om die chaos van die verblyfreëlings te bespreek. Pa en die biskop staan op die bak van die Tata Super Ace voor die Midas-vulstasie om hulle toe te spreek, en om almal te kan sien en hoor. Pa doen 'n beroep op orde. Pillay kom vanuit die groep na vore. Hy is 'n tenger figuur, grys langs die slape, iewers tussen vyftig en sestig. Hy vra Pa of hy net 'n oomblik kan kry om iets te sê. Pa knik, en help Pillay om op die Tata se dak te klim.

Hy hou sy hand in die lug vir stilte. Sy stem is verrassend diep en gesaghebbend toe hy praat. Dit dra oor die groep, dit gebied aandag. Hy praat Engels met die kenmerkende aksent van die Suid-Afrikaanse Indiër. Hy sê vir die mense hy het vyftien jaar lank 'n restaurant op Bedfordview bedryf. Sy aanvanklike bemarkingsaanslag was om op Sondae 'n buffet te bied: Eet soveel as wat jy wil, teen 'n vaste prys. “Dit het gewerk. Die mense het gekom, hulle het vir ander gaan vertel van die lekker kos en die goeie diens. Ek het 'n stewige wins gemaak. Maar twee jaar later, toe hou ek op met die buffet. Baie kliënte was kwaad vir my. ‘Ravi, ons ondersteun jou dan. Ravi, die plek is propvol, hoekom vat jy ons geliefde buffet weg?’ Toe sê ek vir hulle ek kan nie meer die vermorsing verdra nie. Elke Sondag sien ek hoe mense hulle borde só skep, tot oorlopende toe vol. Maar hulle eet nie eens die helfte nie. Ryk mense. Swart en wit en Indiër, almal. Elke Sondag mors ons so baie kos, in 'n land waar baie armes broodtekort het. Dis nou maar hoe ons is, ons mense. As ons iets verniet kry, vat ons meer as wat ons nodig het. Meer as wat ons gaan gebruik. Kom, laat ons nou nie hier, by hierdie nuwe begin, ook só maak nie. Laat ons vat wat ons nodig het en wat sin maak en wat die beste is vir ons bestaan en ons toekoms en die goeie orde hier, ook wat die huise en die blyplek betref. Ons is maar die eerste aankomelinge, ons gaan nie die enigstes wees nie.”

Van daardie oomblik af was Ravi Pillay ook 'n lid van die Komitee. Later sou hy vir ons sê hy was eens burgemeester van Lenasia gewees.

* * *

Die tweede krisis is kos.

Die tweehonderd-ses-en-vyftig het nie proviand saamgebring nie. Van hulle beskik oor twee of selfs drie dae se voorraad, maar die meeste het aangeneem dit sal by Vanderkloof voorsien word.

Op die aand van Aankomsdag hou Pa, Pillay, vader James en pastoor Nkosi die tweede noodvergadering in die eetkamer van die Orphanage. Ek sit aan die tafel en luister, Domingo sit eenkant, besig om 'n pistool skoon te maak en te olie. Pastoor Nkosi kyk nou en dan na Domingo met 'n afkeer, of 'n ongemak, dit is moeilik om te sê wat hy regtig dink.

Beryl Fortuin bring vir hulle koffie terwyl hulle moontlikhede oorweeg van spanne en groepe en skofte – vir kos soek, en kos maak. Beryl sit die skinkbord hard neer en sy gaan sit, en sy sê: “A new beginning for good people, right?”

Sy het almal se aandag.

Sy is kwaai: “Dis wat Willem se pamflet gesê het. Dis hoekom dié mense al die pad gekom het. Sover ek weet, het dit nie gesê ‘A new beginning for good people ruled by middle-aged men’ nie.”

Ek sien hoe Pa om die tafel kyk en knik. Biskop James spring hom voor. “Jy’s heeltemal reg. Kom, ons het jou wysheid net so nodig.”

En dit is hoe Beryl lid word van die Komitee.

Met Domingo wat in absolute stilte so 'n paar tafels verder sit, sy hande altyd met iets besig, maar hy luister aandagtig.

* * *

Die derde krisis kom twee dae later. By die Midas-vulstasie staan die voertuie tou. Hulle moet volgemaak word vir die beplande ekspedisies: die soeke na enige verpakte kos wat nog eetbaar is in die dorpe tot tweehonderd

kilometer weg, en die vang en aanry van oorlewende skaap en bees en varke en hoenders op dit wat voorheen plase was.

En dan raak die brandstof op.

Die Komitee moet herbesin, die mensekrag herverdeel, sodat twee groepe van vier mense elk moet gaan soek na 'n brandstof-tenkwa. Een van daardie groepe sien ons nooit weer nie, en ons vind nooit uit wat van hulle geword het nie. Die ander groep keer eers tien dae later terug met 'n groot, byna nuwe tenkwa, vol petrol.

Die meeste van ons voertuie gebruik diesel.

Só struikel ons op die pad na vooruitgang.

* * *

Op die Saterdag van daardie eerste week val 'n trop uitgehongerde, bloedlustige honde een van ons skaapvang-ekspedisies aan, ses kilometer oos van Philippolis. Die mans – twee grootmense, twee tieners – keer die sewe skape in 'n hoek van 'n kamp vas. Ná so lank sonder mense is die skaap wild en senuagtig. Die mans wil die diere op die bakkie laai, hulle fokus is op die vee, hulle sien nie die honde voor dit te laat is nie. Nie een is vaardig met die vuurwapens waaroor hulle beskik nie. Hulle gebruik gou al hul ammunisie in die vlug terug na die bakkie toe, en doen nie veel skade aan die honde nie. Die honde byt een van die mans aan die arm en een van die tieners aan die bene voor hulle die bakkie se deur toekry. Dan sit hulle en kyk hoe die honde die skape verskeur. Hulle kom verskrik maar veilig terug by Vanderkloof.

Die Komitee besin dié aand oor die voorval.

“Ons sal die mense moet leer skiet,” sê vader James.

“Ons sal eers genoeg ammunisie moet versamel,” sê Pa.

“Wie gaan dit doen?” vra Beryl. “Daar's nie meer bruikbare hande of voertuie of brandstof oor nie.”

“Die mense wat gaan kos soek, moet vir ammunisie ook kyk. Die meeste plase het wapens.”

Die lede van die Komitee knik stilswyend, want daar is nie ander raad nie.

“Too many calibers,” vul Domingo se stem die stilte van waar hy eenkant sit. Dit is die eerste keer dat hy 'n woord sê tydens 'n Komiteevergadering.

Al vyf se koppe draai na hom toe.

Hy sê: “Wapens op plase is mostly jaggewere. Daar is ’n klomp verskillende calibers. As ons mense wil leer skiet ... Oor drie of vier maande sal ons baie ver moet gaan soek vir ammunition.”

Die Komitee is stom.

“Don’t look so worried, daar’s ’n solution,” sê Domingo. “Ons moet standardise. Die Weermag se depot by De Aar. Dis ’n uur se ry van hier af. Daar moet ’n paar duisend R4’s wees. Minstens. En hundreds of thousands of rounds of ammunition.”

“R4’s?” vra pastoor Nkosi.

“Die Weermag se assault rifle. Vyf-punt-vyf-ses by vyf-en-veertig millimeter, vyf-en-dertig in die magasyn. As ons nie daardie arsenal gaan leegmaak nie, sal iemand anders dit die een of ander tyd doen. En dan het ons groter probleme.”

“Sal jy ’n ekspedisie lei?” vra Pa.

Domingo knik.

* * *

In daardie eerste week brand ek om ook op ’n ekspedisie te gaan. Enige ekspedisie, maar veral Domingo s’n. Ek, wat al twee slegte mense en ’n paar honde en bokke doodgeskiet het. Wat saam met Pa groot avonture beleef het in die era voor Vanderkloof. Dit is meer as wat die meeste mense kan sê, veral dié wat uitgestuur word agter skape en kos en brandstof en ammunisie aan en nie eens weet hoe om te skiet nie. Maar Pa skud net sy kop as ek eers skimp, en later reguit vra.

Ek moes geweet het daar is iets aan die broei.

Op die Sondagmiddag hou die Komitee ’n vergadering, maar Pa sê ek moet vir Melinda Swanevelder gaan help in die kombuis.

Daardie Sondagaand maak pastoor Nkosi namens die Komitee die aankondiging wat my lewe ingrypend sal verander. Hulle vra die hele gemeenskap om in die parkeerterrein agter die OK Value-supermark byeen te kom, die vergaderplek wat later as die Forum bekend sal staan. Die pastoor staan op die Tata-trokkie se bak. Hy praat in sy welluidende stem eers oor die kosnood, en vra almal om die rantsoenering van die beskikbare

voedsel te respekteer. Hy sê almal werk baie hard daaraan, en sodra daar genoeg reserwes is, sal hulle begin om vee te slag.

Hy gee terugvoer oor die onderskeie ekspedisies. Daar is nie juis goeie nuus nie.

En dan kom hy by “die kinders”.

Volgens hulle berekeninge, sê hy, is daar nege-en-veertig kinders tussen die ouderdomme van ses en sestion jaar. Die Komitee stel voor dat al nege-en-veertig van Maandag om agt-dertig bo by die ou rolbalkklub bymekaar kom vir skool. Daar is drie mense geïdentifiseer wat voorlopig as onderwysers gaan werk. “Kinders, ons wil hê julle moet weet, jul skoling is vir ons as gemeenskap baie belangrik. In normale omstandighede sou ons julle uitsluitlik wou laat skoolgaan. Maar ons leef nie in normale omstandighede nie. Daarom gaan dié kinders wat tien jaar en ouer is, een week se onderrig ontvang, en een week moet help met al die werk wat gedoen moet word.”

James Rankin

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

I spent my whole adult life working for the church, I was with the Anglican Diocese of Johannesburg for eleven years, but nothing prepares you ...

There was this moment, at the height of the Fever ... I was working, helping at the Milpark Hospital, I was really just praying for people, for the dying, for their relatives who were being infected. It was ... There was this moment, I was standing next to a bed, holding a dying man's hands, in this six-bed ward, and I heard the shouts, there was a man with a gun, he was pointing it at me. He was saying, "It's your God who did this, it's your God," and he just came closer and closer, with the gun pointed at my head. He was already sick, you could see that, he was in the first stage, the Fever had started, he knew he was going to die, and he wanted to blame someone. He stood right against me, and he pressed the barrel against my forehead. And then he looked at me, and he realised I wasn't sick. So he started shouting, "Why aren't you sick?" Over and over again. He was so furious, I was sure he was going to shoot me.

I am ashamed to say that I stopped praying. It was because of the fear, but mostly, it was because I felt so incredibly guilty for not being sick.

The man with the gun, he just turned the gun around and shot himself.

I still feel this guilt, every day. But I keep praying, and I keep telling myself, the Lord spared me for a reason. Perhaps it was to help lead these people to Amanzi.

Amanzi

Op die derde Julie in die Jaar van die Hond vergader almal in die Forum. Ons is al meer as driehonderd mense sterk. Die eerste tentatiewe demokratiese verkiesing van leiers is op hande. Pa staan op die Tata se bak. Hy sê hy dink ons moet 'n nuwe naam kry vir hierdie plek, Vanderkloof is net op geen manier toepaslik nie. En in die stilte wat daarop volg, roep die krom, grys tannie Nandi Mahlangu uit: “Amanzi.”

Daar is 'n tinteling van klank deur die groep soos almal die naam op hulle tonge toets. Iemand begin hande klap. En dan klap almal skielik hande. Wanneer dit bedaar, sê Pa: “Welkom in Amanzi.”

Niemand sê wat dit beteken nie, daarom is ek te skaam om openlik te vra. Ek vra fluisterend vir Pa, eers wanneer ons later huis toe stap – “huis” is en sal vir die volgende klompie jare die Orphanage wees wat ons deel met Beryl en die kinders, Melinda Swanevelder en haar hoopvolle vryer Hennie Flaai Laas, Domingo en Nero Dlamini.

“Dis Zoeloe én Xhosa vir ‘water’,” sê Pa.

Ek herkou daaraan, maar kan nie die water-kloutjie by die ovasie-oortjie kry nie. “Nou hoekom het almal so hande geklap?”

“Omdat dit perfek is.”

* * *

Nkosi Sebego

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

I was the founding father and pastor of the Grace Tabernacle Church of Christ in Mamelodi. I kept the church open, through it all. It was very difficult, because I knew it was God's way of telling us to change our ways.

God sent the Fever, because the whole world had lost their way. But you cannot tell that to the people who are suffering so much, who are dying.

I thought I wasn't dying because I was a God-fearing man, a righteous man. But then I saw that God was taking my wife, and she was a better Christian than I was. And he was taking babies, and little children, nobody was being spared the Fever. So then I did not understand, and I was very angry at God. I shouted and I swore. But I think God knew that it was because of the pain of all the loss and the suffering.

The strange thing was, Mamelodi was a safer place, during and after the Fever, than a lot of the white neighbourhoods. I think most of the black townships were better, because the black people, the poor people, we were used to helping one another, we were much more used to loss and suffering and standing together, and sharing.

Three months after the Fever we were twenty-nine people in Mamelodi who had survived, who were living together at the church, who were helping each other, taking care of each other. And then during that time, I went to Silver Lakes Golf Estate, and Faerie Glen, where all the rich people lived, mostly white people. I went there to look for food. There were no groups, nobody working together. Just a few people shooting at everything that moved.

Domingo

Ek is in Abbotsdale gebore. Dis die coloured township van Malmesbury. Ek het daar skoolgegaan. My ma het by die Sasko mill op die dorp gewerk. Ma' ek was daar naby Swellendam toe Die Koors kom. Soort van paramilitary occupation gehad. Nee, ek gaan nie elaborate nie. No need. Useless information.

Nkosi Sebegu

There is one sight I will never forget. It was when the Fever was at its worst. It reminded me of those black and white films about the atrocities during the Second World War.

I woke up in the morning, and I heard this engine. You have to remember, this was when the Fever was ... when it was really bad, so Mamelodi was much more quiet than usual, and I heard this big engine. I walked in that direction, it was coming from the open ground between Khutsong and the Pateng Secondary School. This was about one kilometer from the Mamelodi Hospital. The engine was a bulldozer. It was pushing people into this mass grave.

It is a terrible thing to see. People. People who laughed, who loved, who lived. And there they were, just rag dolls. Pushed into a hole in the ground. Like rubbish.

OceanofPDF.com

Nero “Lucky” Dlamini

Kyk, ek was 'n dandy, a very snazzy dresser, make no mistake. Ek was die best-dressed psychologist in the greater Johannesburg metropolitan area. I know, I know, not a difficult achievement, but nonetheless ...

Ek kan nie stry nie, my lifestyle was 'n reaction gewees, to the poverty of my youth.

My pa het net vier jaar by die skool gehad. Hy was 'n labourer, hy het gewerk by 'n auto electrician plek in Braamfontein, en hy het private auto electrical werk gedoen in ons agterjaart in Orlando East to keep the wolf from the door. My ma het gewerk by Baragwanath, die hospitaal, die Chris Hani-hospitaal. Sy het graad tien darem gehad, sy het administrative werk gedoen by die Paediatric Burn Unit, so baie aande dan kom sy by die huis, dan huil sy oor wat sy gesien het by daai hospitaal, die township-kindere wat so gebrand is. Injury by poverty, that is what she called it.

My pa het gedink Nero was a great Roman emperor, classic case of a little knowledge being a dangerous thing. So he insisted on christening me that. But he meant well, and he was a wonderful man, he never left my mother, so I have forgiven him long ago.

Anyway, I was a clever boy, I matriculated in 1999, ek het bursaries gekry, ek wou gaan psychology doen, because I wanted to make sense of the world, really, everybody was so ... so angry. Ek is Wits toe. In 2006 toe het ek 'n practice begin in Sandton, I treated all these nouveau riche black businessmen, and after two years I thought, is this as good as it gets, is this going to be the difference I am going to make in my world? So I took a sabbatical for six months, I gave it a lot of thought, and I changed course ...

Long story short, I have always been fascinated by how we absolutely need to be in a relationship. Ek meen, it consumes us, that need, that terrible need to be loved, to be with someone. The disease of the last decades BF was loneliness, lack of being loved. To be with someone, dis waaroor alles gaan, movies, books, TV, Facebook ... Ek het al hierdie pasiënte gehad, rich people, Willem, very rich, highly successful. And so very unhappy. If you cut through all the crap, all they needed was love.

Toe specialise ek in couples therapy. Oh, the stories I could tell.

* * *

Ek hou baie van Nero. Ek noem hom “oom”, en hy sê: “Nee, asseblief, nooit nie. Jy sê vir my Nero.”

My pa hou van die eerste dag af baie van Nero. Omdat hy ’n “raconteur” is. (Toe ek die eerste keer vra wat dit beteken, sê Pa dit is ’n “baasverteller”, die woord kom uit die negentiende-eeuse Frans, *raconte* beteken “om te vertel”.) Maar ook omdat hy Pa se intellektuele skermvennoot word, omdat hy ’n goeie klankbord is, dikwels van Pa verskil, en later saam met Pa die oorweldigende geestelike aanslag van pastoor Nkosi probeer teenstaan.

In die raconteur-weergawe van sy besluit om na Amanzi te reis, sê hy dit was noodsaak, en die vreugde van die fiets:

Dis nie dat ek competitive fietsgery het nie. Ek was ’n weekend mountain bike warrior, dit was my fitness regime, my way of staying slim to fit in all those snazzy clothes, did I tell you I was a real dandy? I never liked jogging, it is such an inelegant pastime, so much sweating and jiggling ... Anyway, my big hope was to one day do the holiday cycling routes in Europe. In die era BF. Before the Fever. En toe, first months AF, toe dink ek nie aan fietsry nie, dis net survival. Ek het in Sandton gebly, ek het in die oggend vroeg gaan scavenge vir groceries, want dan was dit die veiligste, all the dangerous people stayed up late. And it was so damn inelegant to run from the dangerous people ... Ek het geweet ek sal moet trek, die resources raak min en die dangerous people meer, maar waar gaan jy heen? And how? Ek het nie geweet waar en hoe sal ek petrol kry nie. I’m not technically minded, despite what my dad did.

Toe kry ek julle pamphlet in die straat, Hennie Flaai se airmail pamphlet, en ek dink, maar kom ek vat 'n fiets. Of course there was a certain risk, maar ek het net gedink, who is going to rob a black man on a bicycle? Daar's hierdie fietswinkel, the Cycle Lab Fourways Megastore, waar ek my Silverback Sola 4 gekoop het, my regular fiets. Ek het elke Saterdag BF daar gestaan en drool oor die Cannondale, so 'n love-hate relationship, you beautiful thing, maar hoe kan iemand honderd-en-vyftig-duisend rand betaal vir 'n fiets, in hierdie land, it's vulgar.

Toe tel ek jou pamphlet op en ek like wat ek sien, en ek sê okay, ek gaan na dié plek toe. Toe loop ek Cycle Lab toe, here's a fascinating statistic: After the apocalypse, nobody took a single thing from that shop. Nothing. Ek loop daar in en ek dink die Cannondale is seker al lankal ge-loot, but there it is, together with every other thing that was in that shop, energy bars, water bottles, you name it. Toe vat ek die Cannondale-fiets en 'n Garmin Edge 810 en die heel mooiste, beste, duurste biking apparel, en ek pak die rugsak en toe ry ek. Ek het niks geweet van die honde nie, ek het nie eens vier honde gesien nie, die hele drie weke, die hele seshonderd-nege-en-twintig kilometer, dis die presiese afstand van daai fietswinkel tot hier volgens die Garmin GPS, voor die ding se battery pap geword het. Toe ek hier gekom het, toe hoor ek van die honde. Toe skrik ek, take my word for it, toe skrik ek groot en ek dink, ek was baie, baie lucky. But I loved it, ek ry op daardie Cannondale op die N1 en ek is die enigste traffic en ek kan hoor as daar iets aankom, ek kan lank voor die tyd hoor en dan kruip ek weg langs die pad. Maybe it was unnecessary. Maybe those people who saw me were thinking, that black guy on the bike must be a loony, let's not mess with him.

Hy kom op 2 Mei in die Jaar van die Hond by ons aan. Die werklike rede vir sy koms sal ons eers later uitvind. Want op 3 Mei kom die eerste van dié bitter winter se kouefronte – 'n seldsame sewe sentimeter sneeu in die herfs, op die rand van die Karoo. Binne 'n dag val die temperature tot ver onder vriespunt, pype bars, kinders bibber en baljaar met sneeuballe in die straat. Die hele gemeenskap moet ratte verwissel, moet aandag afstaan aan noodreparasies en die skep van hitte.

En op 5 Mei kom Die KTM. Vir die eerste keer.

OceanofPDF.com

Die KTM

Voor Die Koors het dit dalk een keer in vyf of ses jaar in die Karoo gesneeu, sê Pa. Meestal nie eintlik regte sneeu nie, net so 'n halwe sentimeter yslagie wat hulle “kapok” genoem het. Dié woord kom van Maleis af, kapoq, daar was in die trope sekere bome wat sulke wollerige wit vrugpluis gemaak het waarmee hulle kussings en matrasse opgestop het.

Op 3 Mei van daardie jaar lê die sneeu in die oggend sewe sentimeter dik. Ná die sneeu kom die winde en die ysreën.

Die gemeenskap het nie genoeg warm klere vir dié ekstreme weer nie. Niemand het gedink om brandhout te versamel vir die winter nie. Paaie is 'n paar dae lank byna onbegaanbaar.

Ek en Jacob Mahlangu, kleinseun van ou tannie Nandi, is aangestel as veewagters, 'n taak wat ons elke tweede week verrig, wanneer ons nie moet skoolgaan nie. Maar op 5 Mei is daar vir niemand skool nie. Ons twee ry agterop die ou munisipale trekker saam met oom Hennie Flaai. Dit neem langer as 'n uur om in die reservaat bo in die berg te kom. Ons moet in die veld sneeu gaan wegvee en -skoffel, sodat ons groeiende troppies skape en beeste 'n paar plekke het waar hulle gras kan vreet. Dan soek ons hout, ons moet kap en saag en aandra na die sleepwa toe. Dit is harde fisieke werk, ons is nat en koud en teen laatmiddag baie honger.

Gewoonlik help ek saans vir Domingo om gewere skoon te maak. Maar op die aand van 5 Mei is ek te moeg. Pa en Nero Dlamini en Ravi Pillay sit in die groot sitkamer van die Orphanage in 'n kring en praat oor die moontlikheid dat die baie rook in die aarde se atmosfeer vir dié ekstreme en ongewone weer verantwoordelik kan wees – die rook van brande reg oor

die wêreld, van haastig ontruimde industrieë en oorverhittende kernreaktors en onbeheerste bosbrande en selfs hele stede in digbevolkte lande wat in vlamme opgaan weens gaslekke, byvoorbeeld. Nie een van hulle kan dié soort intense koue, soveel sneeu in suidelike Afrika, só vroeg in die jaar, onthou nie.

Domingo is eenkant, soos gewoonlik. Hy olie en maak vyf R4-gewere skoon, deel van ons arsenaal wat uit De Aar se Weermag-opslagplek aangery is. Hy doen elke aand vyf nuwes, en soggens gaan bêre hy hulle weer by ons magasyn. Domingo hou tweehonderd gewere en patrone in die kluis van die ou polisiestasie – die gewere wat hy so skoonmaak. En nog ’n paar duisend gewere en baie ammunisie het hy stil-stil op ’n geheime plek gaan berg, waarvan net die Komitee weet. En ek, want ek kon afluister: die pakhuis van die natuurreservaat, sewe kilometer uit die dorp uit, bergop. Agter die hek en die heining. Afgeleë.

Domingo se bewegings is ritmies, georden, geoefen. Sussend vir ’n uitgeputte dertienjarige wat amper aan die slaap is.

Tot hy skielik ophou, en opkyk, voordeur se kant toe. “Hier’s mense,” sê hy.

Pa sug. Daar was die hele dag mense hier om te kom sê van ’n nuwe krisis, nog skade of nood.

Domingo sit die geweer neer, staan op, en loop na die voordeur toe. Eers dan kom ’n harde, dringende klop.

Ek is wakker, ek sien hoe Pa en Ravi ook opstaan. Domingo maak oop, die wind waai ysig in, daar staan ’n vreemde vrou buite. Sy is lank en indrukwekkend en baie mooi, daar is grys in haar hare, al is sy nie oud nie. Sy sê iets, ek kan nie hoor nie. Domingo kyk na haar, en die mense agter haar. Tot Pa sê: “Laat hulle inkom.”

Domingo huiwer.

Dan staan hy weg. Die vrou kom in. Agter haar, nog vier vroue en drie mans, almal onder vyftig jaar oud, vreemdelinge. Pa nooi hulle almal om te kom sit. Die vrou stel haarself voor. Sy het ’n melodieuze stem, sy sê haar naam is Mecky Zulu. Hulle is jammer hulle kom só laat, hulle sou al vroeër vandag hier gewees het, maar hulle bussie het gebreek voor Venterstad. ’n Bebaarde man in sy veertigs sê hy is Hans Trunkenpolz, hulle het ons pamflette in Steynsburg gekry. Dit het hulle twee dae geneem om van daar af te kom, oor die sneeu, en die meganiese teenspoed.

Pa heet hulle welkom, hy nooi hulle om by die vuur te kom sit, hy vra of hulle geëet het. Hy loop self kombuis toe om soutbeskuitjies en koffie te gaan haal terwyl die biskop met die aankomelinge gesels.

Domingo staan vir hulle en kyk. Dan loop hy ook kombuis toe. En ek agterna, nuuskierig, want ek kan sien hy is baie ongemaklik.

“Hulle lieg,” sê Domingo agter die toe kombuisdeur.

“Waaroor?” vra Pa.

“Oor die bussie wat gebreek het.”

“Hoe weet jy?”

“Hulle hande is skoon.”

“Domingo, ons weet nie wat gebreek het nie, dit beteken nie ...”

“Waar is die kinders, die oumense?”

“Hoe bedoel jy?”

“Hulle is nie ’n natural groep nie. Hulle is almal ... fighting age. En aware ...”

“Vyf is vroue ...”

Domingo frons. “Willem, daar is iets aan hulle ...”

Pa glimlag. “Ek waardeer jou besorgdheid, maar hulle lyk vir my na doodgewone, doodgoeie mense, en hulle is moeg en honger.” En hy dra die skinkbord uit sitkamer toe.

* * *

Trunkenpolz en Mecky Zulu doen die meeste van die praatwerk. Hulle sê hulle kom almal van die ooskus af: Margate, Durban, Umhlanga en Richardsbaai. Hulle het mekaar so stelselmatig ná die chaos gevind. En toe begin hulle reis, op soek na veiligheid. Mecky is ’n Zoeloe-prinses, sê Trunkenpolz, vol eerbied. En hy was ’n ingenieur.

“Dit is baie goeie nuus,” sê Pa. “Ons het ’n ingenieur dringend nodig. Wat was julle ander se beroepe?”

Voor hulle kan antwoord, vra Domingo: “Wat het met die bussie gebeur?”

“Ekskuus?” sê Trunkenpolz.

“Die bussie wat gebreek het. Wat het gebeur?”

“Die vergasser ... Ons dink die petrol in die vulstasies se tenks is besig om te degradeer. Ons moes die vergasser skoonmaak. Heeltemal. Dit het ons ’n paar uur gevat om die blêddie fout te kry ...”

Domingo knik.

“Kom,” sê Pa. “Julle kan vanaand sommer hier in die Orphanage slaap.”

* * *

Domingo kom klop aan ons deur nadat almal kamers toe is. Pa maak oop. Domingo kom in, geweer in die hand. “Ek vertrou hulle nie.”

“Kom ons kry ons slaap,” sê Pa in sy dis-nou-genoeg-stem.

“Niemand ruik na petrol nie. Jy kan nie ’n carburettor skoonmaak en nie na petrol ruik nie.”

“Asseblief, Domingo, ons praat weer môre.”

* * *

Die KTM beroof ons net voor die middaguur van die sesde Mei, maar ek is nie by nie. Ek en Jacob Mahlangu moet met die vierwiel op berg toe om seker te maak die vee het vreetplek, en om ongediertes af te skrik. Ons is laat met die terugkom in die middag, want die sneeu lê nog diep bo in die reservaat, die grondpaadjies is modder, en baie glad.

Wanneer ons eindelijk weer in Amanzi is, hoor ons die volle verhaal:

Dié oggend gee Pa en pastoor Nkosi vir Mecky Zulu, Trunkenpolz en die nuwe aankomelinge ’n stewige ontbyt en ’n deeglike toer van die dorp en al die sleutelpunte. Hulle kies kwansuis vir hulle huise, hulle kom doen die administrasie by die ou poskantoor, hulle kry hul rantsoene waar ons die meeste van ons kos hou, in die ou OK Value-supermark.

Domingo sit voor die polisiestasie na alles en kyk, R4 in sy hande. Hy is die enigste inwoner van Amanzi wat gewapen is. Trunkenpolz en Mecky loop tot by hom. Trunkenpolz vra iets oor die geweer om Domingo se aandag af te trek. Zulu haal ’n pistool uit haar handsak en druk dit teen Domingo se kop en sê: “Gee hom die geweer.”

Domingo sit net.

Trunkenpolz druk sy hand in haar handsak en haal nog ’n pistool uit. Hy slaan vir Domingo in die gesig daarmee. “Gee my die geweer,” en hy ruk die R4 uit Domingo se greep. Domingo se neus en oogbank bloei. Hy sit net

en kyk hoe Mecky Zulu 'n teken vir die twee ander mans by hul bussie gee. Die een haal 'n tweerigtingradio uit, en praat daarin.

Tien minute later hou 'n vragmotor en agt motorfietse in die straat stil. Die motorfietse is almal helderoranje-en-swart. Op hul tenks staan die letters *KTM*. Die mans is almal gewapen. Hulle dra ons hele voorraad blikkies- en droë kos uit die supermark-stoor uit. Hulle steel al tweehonderd R4-gewere en ammunisie in die ou polisiestasie en pak dit in die vragmotor. Een van die mans wat in die nag aangekom het, klim in ons brandstoftenkwa vol diesel en ry daarmee weg.

Trunkenpolz hou nou die R4 teen Domingo se kop. Hy sê vir Mecky: “Ons moet hierdie een skiet.”

Ons mense wat dit alles sien, sê later daar is geen vrees in Domingo se gesig nie. Hy sit net daar met haat en kwaad in sy oë, alles op Trunkenpolz gefokus, sy hande is vuiste, sy naels so diep in sy palms ingeslaan dat dit bloei.

Die vrou kyk Domingo smalend op en af. “Nee, wat.”

En dan ry hulle, die motorfietse brullend, in 'n triomfantelike konvooi daar weg.

* * *

Die Komitee vergader die aand in die Orphanage se eetkamer. Pa sê: “Ek was verkeerd. Ek moes na Domingo geluister het.”

“Ons is almal ... ons is te goedgeelowig,” sê biskop Rankin.

“Ons sal dit moet regstel,” sê Ravi Pillay. “En gou ook.”

“Maar hoe? Ons het nie die kennis nie,” sê pastoor Nkosi.

“Ons het,” sê Pa. Hy kyk na my waar ek in die hoek sit en luister. “Gaan roep vir Domingo, Nico.”

Ek gaan soek hom. Hy is nie in die sitkamer nie. Ek klop aan sy kamerdeur. Hy maak oop. Die wonde is dun bloedlyne teen sy oog en neus af. “Pa vra of jy eetkamer toe kan kom.”

Hy knik, asof hy weet waarom. Ons stap saam.

In die eetkamer vra Beryl Fortuin: “Wat moet ons doen, Domingo?”

Hy kyk na hulle. “Vra jy vir my?” vra Domingo.

“Dis reg. Hoe maak ons dat dit nooit weer gebeur nie?”

“Kom sit hier by ons,” sê Pa.

“Ek staan.”

“Hoe maak ons?”

“Ons moet toegang beheer,” sê Domingo. “Ons moet gewapende mense dag en nag by ’n toegangshek laat wagstaan.”

“Ons het nie ’n hek nie,” sê pastoor Nkosi.

“Ons het die twee busse wat ons oor die pad kan trek, halfpad teen die eerste bult op,” sê Domingo. “Só dat niemand kan deurjaag nie. En ons sit nog ’n kar tussen hulle, wat geskuif moet word. Kos ons niks.”

“Kom sit, asseblief, Domingo,” sê Pa weer.

“Nee, dankie.”

“Is dit al? Is dit genoeg?” vra Beryl.

“Nee. Ons moet ’n army train,” sê Domingo.

“Sad,” sê die biskop. “But true.”

“Sal ’n baie klein army moet wees,” sê Beryl. “Daar’s nie mense nie.”

“Kan maar eers klein wees,” sê Domingo. “Klein is beter as niks. Klein sou die KTM-spul gekeer het.”

So staan die rowers eers as “die KTM-spul” bekend, en later net as “Die KTM”.

“Sal jy so ’n verdedigingsmag begin? En afrig?” vra Pa.

Domingo skud sy kop.

“Hoekom nie?”

“Verdediging is ’n symptom of a certain attitude. Ons soek ’n aanvalsmag,” sê hy. “Vir hulle sal ek train.”

* * *

Ek onthou: Daardie aand loop die gemoedere hoog in die Orphanage se eetkamer. Hulle stry oor noodmaatreëls, oor prioriteite, oor beleid en die algemene filosofie van verwelkoming van onbekende nuwelinge.

En Nero Dlamini, wat eenkant sit met ’n boek in die hand en ’n slapende kind op sy skoot, verbreek die spanning. “My goodness, that woman was beautiful,” sug hy.

“What woman?” vra pastoor Nkosi gesteurd.

“That Zulu princess. If I have to be robbed, I’d want it to be by her.”

Die skerpskutter

Op 7 Mei begin die werk om Amanzi se ingang te beveilig.

Voor ek en Jacob Mahlangu berg toe ry om vee te gaan oppas, gaan kyk ons gou: Ek sien vir Pa by die biskop en Beryl teen die heuwel staan. Hulle kyk hoe Domingo en die paar mans wat hom help die versperrings oprig. Pa lyk vaagweg senuagtig en bekommerd.

Domingo-hulle trek die twee busse dwars oor die pad, net mooi waar dit tussen die eerste twee heuwels deurloop. Dit is 'n slim keuse, want wanneer hy later 'n hekwag in die voorste bus laat sit, kan hy minstens drie kilometer bergaf sien. En met verdedigers teen die hoogtes sal dit baie moeilik wees om die nuwe hek aan te val. Domingo verwyder die twee busse se wiele om hulle baie moeilik skuifbaar te maak. Hy sleep 'n swaar ou Nissan-bakkie tot tussen die busse, sodat dit die dwarslat van 'n H vorm. Die Nissan sal eers moet beweeg voor enige voertuig tussen die busse kan deurkom.

Hy laat twee mense permanent op hekwagdiens staan – een in elke bus – toegerus met radio's om vir hom en Pa te laat weet as iemand op pad is. Dan ry Domingo en sy span klippe en rotse aan, om die gapings tussen die busse en die heuwels aan die kant van die pad te vul. Dit neem hulle drie weke om dié taak te voltooi.

In die nag bring Domingo ongesiens nog tweehonderd R4-aanvalsgewere uit die berg uit, en genoeg ammunisie. Hy hervul die wapenstoor in die polisiestasie. En oor die daaropvolgende week kry almal in Amanzi kans om te leer skiet en hul talent ten toon te stel, mans en vroue, seuns en meisies, enigiemand ouer as tien jaar.

Dié wat op ekspedisies uit is, kry ook hul beurt wanneer hulle terugkom.

Domingo rig 'n skietbaan in by die tamaai ou klipgroef naby die damwal. Hy gee vir elke groep van tien skuts 'n uur se basiese opleiding in wapenhantering en wapenveiligheid. Dan laat hy hulle skiet. Wanneer almal redelik bedrewe is, toets hy ons: Elkeen moet vir hulself vyf klippe, min of meer so groot soos 'n baksteen, op vyftig meter pak en dit met vyf koeëls deur 'n oop visier probeer tref. So skei hy die koring van die kaf.

Ek kry my kans eers heelwat later. Ek word aangevuur deur 'n vrees vir vernedering, want ek het 'n bietjie spogtend vir die ander seuns vertel ek kán skiet. En ek is gemotiveer deur my begeerte om vir Domingo te beïndruk.

Ek skiet al vyf my klippe flenters.

Die volgende slag skiet ek teen al die ander vyfklip-finaliste – twaalf van ons. Dié keer moet ons oor honderd meter raakskiet. Ek dring deur, saam met ses ander, na die uitdun op honderd-en-vyftig meter. Steeds ses. Op tweehonderd is die klippe amper te klein om te sien. Net drie van ons dring deur. Die ander twee is ouer as twintig jaar. Ek sukkel om my trots weg te steek. Ek kyk kort-kort na Pa, maar hy lyk kwaad. Hy staan arms gevou vir my en kyk. Ek verstaan nie waarom nie.

Domingo loop na sy Jeep toe – dieselfde een waarmee die twee oorspronklike Vanderkloof-inwoners gery het. Hy haal drie ander gewere uit, gee vir ons elkeen een. Hulle het teleskope op. “Dis die DM-variant van die R4. DM staan vir ‘dedicated marksman’, dit is skerpskutter-gewere hierdie. Die teleskope is ingestel. Nou skiet julle op driehonderd meter,” sê hy vir ons.

Ek is die enigste een wat vyf uit vyf kry. Domingo gee vir my 'n vuisstamp. Ek hardloop na my pa toe.

“Pa, ek gaan 'n soldaat wees.”

Hy sê: “Jy is nog te jonk, Nico.”

“Maar Pa ...”

“Nee. Jy is nog te jonk.”

“Asseblief, Pa.”

“Ons gaan nie daaroor stry nie,” en hy draai om, en hy loop.

Hoekom maak hy nou só? Ek het die skietkompetisie gewen, dit is my grootste oomblik, die hoogtepunt van my hele lewe. En hy loop net weg? Ek het 'n oomblik van volkome en diepe teleurstelling voor die kwaad deur my brand. Dit is so verskriklik onregverdig. Ek wil vir hom skree, hoe kan Pa dit sê? Wat van die twee ouens wat ek geskiet het? Toe Pa nie kon nie, toe Pa te sag was, te bang was om te skiet. Toe was ek nie te jonk nie. Wat van die honde wat ek moes doodskiet om vir Pa te red. Toe was ek nie te jonk nie. Wat van die bok, toe ons gaan jag het by die Koedoeskop Game Ranch? Toe was ek nie te jonk nie.

Ek trek my asem in om my woede te laat uitkom, om dit alles vir hom te skree, voor almal, ek gee nie om nie, hy het my verrai.

'n Hand op my arm, vingers wat baie styf druk. Ek kyk. Dis Domingo. Hy skud net sy kop.

Die perfekte storm

In daardie Mei en Junie wankel die jong nedersetting van Amanzi.

Die eerste sneeu en koue, so buitengewoon intens en heeltemal onverwags, ontbloot ernstige tekortkominge in vaardighede en kennis, denke en beplanning. Ek hoor hoe 'n inwoner vir 'n ander sê my pa is nie so slim soos wat almal dink nie. Hoekom kies mens 'n plek vir 'n nuwe begin as daar nie eens genoeg bome vir brandhout in die winter is nie?

In dié gure weer eet ons meer, maar ons kry minder kans om na nuwe kosvoorraad te soek. 'n Klomp mense moet help om strate, dakke en gebarste pype reg te maak, skoorstene oop te maak, dikwels sonder die regte kennis of gereedskap. Ander moet hout aanry en opsaag, harde fisieke werk. Die wat wel op voedsel ekspedisies gaan, sukkel om te vorder op die gladde of beskadigde of onbegaanbare paaie. Daar is vir drie weke geen skool nie, die kinders moet help met die baie werk. Seuns van vyftien en sestien gaan saam met grootmense uit op ekspedisies, op soek na kos en skaap en bees en varke en hoenders. Maar ek word nie vir een gekies nie.

En steeds groei ons getalle; daar is elke week nuwe groepies moeë, honger aankomelinge.

As die onverwagse ysige temperature en sneeu die enigste terugslag was, dink ek ons sou relatief maklik kon oorleef en oorkom. Dit is die rooftog deur Die KTM wat alles verander, wat die domino's vinniger laat kantel. Die verlies aan wapens en veiligheid erodeer die optimisme en selfvertroue van Amanzi. Die verlore kos en brandstof stoot die gemeenskap tot op die rand van ineenstorting, die honger en ontbering blaas die vlamme van ontevredenheid en rebellie aan. Almal weet ons moet voedsel rantsoeneer.

Almal stem saam dat ons dit in Pa en Ravi Pillay se hande kan laat om die verdeling op 'n regverdigte manier te doen. In die eerste week of twee ná die KTM-inval aanvaar almal dié omstandighede gedweë. Dan begin die honger egter knaag, en die mense kla: Waarom kan ons nie nog beeste en skape slag nie, of van die hoenders waarmee Hennie Flaai boer in die tydelike geboue van die ou vakansieoord? Waarom kan ons nie nog springbokke in die ou reservaat skiet nie?

“Want dit is 'n uitputbare bron, en die winter lê nog lank en koud voor,” verduidelik Pa elke keer geduldig, en die Komiteelede staan bankvas agter hom. “Ons moet volhoubaar bestuur, en dit gaan soms vir opofferings vra.”

Die druk op my pa is erg. Meer as een keer word ek in die middel van die nag wakker, dan sien ek hy sit regop in die bed en staar voor hom uit. Hy moet 'n nuwe gaatjie in sy gordel maak, want hy verloor gewig. Dit is asof hy die volle verantwoordelikheid vir die groeiende ramp alleen wil dra. Op 26 Junie, voor die OK Value-supermark, kla nog 'n groepie inwoners oor die grootte van die rantsoene wat uitgedeel word. Pa probeer weer verduidelik van langtermynbeplanning.

“Maar wie gee vir jǃu die reg om oor sulke goed te besluit?” roep 'n vrou se stem, bitsig en anoniem van iewers in die ry. Ander stemme murmureer saam, 'n groeiende golf van tweedrag.

Dit is wanneer Pa sê die enigste oplossing is 'n demokratiese verkiesing. So gou moontlik.

* * *

Op 'n Forumvergadering van die hele Amanzi besluit die gemeenskap om op 14 Julie verkiesing te hou, vir 'n bestuurskomitee van ses mense. Stemreg is vir almal wat sestien jaar of ouer is, jy moet minstens agttien wees om benoem te word, en alle benoemdes moet hul toestemming daarvoor gee.

Baie mense vra vir Domingo om homself verkiesbaar te stel. Hy sê elke keer net: “Sorry, nee.”

Saans vra Pa vir hom: “Wil jy nie weer dink nie, Domingo? Ons het jou nodig.”

“Ek het klaar gedink,” sê hy.

2 Julie, twaalf dae voor die verkiesing. Dit is net-net donker toe die ekspedisie terugkom, drie middeljarige mans, twee seuns van skaars sestien, in 'n ou tienton-skaaplorrie. Hulle was vir twee weke weg op 'n amper vrugtelose soektog na kos in die ou Noord-Vrystaat: Welkom, Virginia, Kroonstad. Hul oes is skraal, hul verlies aan moed groot.

Hulle kom eers by die Orphanage aanmeld. Pa kommandeer almal op om die vragmotor te gaan help aflaai, want die werkers by die OK Value-supermark is al huis toe. Ek en hy gaan, en Beryl en Domingo, pastoor Nkosi en Hennie Flaai en Melinda Swanevelder. Biskop Rankin is siek, hy bly.

Ons werk in die donker, in die ysige koue. Soos wat ons aftel en aandra, hoor ek hoe die mense van die ekspedisie vertel van hul ontberings, van slaggate in die paaie, van struikrowers, van dorpe se supermarkte en kafees wat leeggeplunder is deur ander mense.

Domingo dra 'n groot boks aan store toe. Hy sê: “Ja, well, it is because we are stupid.”

“Wat sê jy, Domingo?” vra Pa skerp.

Domingo gaan staan en sit die boks neer. “We are stupid,” sê hy.

“Wat beteken dit?” En Pa kom nader. Ek het hom nog nie só gesien nie. Kil, 'n ysige kyk in sy oë. Ek weet dit is die spanning van die afgelope weke, die druk van verantwoordelikheid. Ek hoor hoe almal stil raak, hoe almal kyk na Pa. En Domingo.

“Dit beteken ons moes die low-hanging fruit vir laaste gelos het – die naby dorpe – vir die winter. Vir die bad times. Ons moes op die ver plekke gaan kos soek het toe die weer mooi was.”

Pa kom nog nader aan hom. “En hoekom het jy nooit iets gesê nie?”

“Cause nobody asked.”

“Cause nobody asked?” sê Pa. “So ons moet vra voor ons jou wysheid kry? Dis jou idee van gemeenskaplikheid? Van 'n bydrae maak?”

“Sê jy ek maak nie 'n contribution nie?” Meer verbaas as aggressief.

Pa haal diep asem, en hy kry sy kwaad onder beheer. Hy sê: “Dis nie die punt nie, Domingo. Jy het elke aand in die Orphanage gesit en luister hoe ons planne maak, en toe bly jy stil. Maar nou staan jy hier en opmerkings

maak. Nou staan jy hier en sê hoe dom dit was. Jy, wat nie jouself verkiesbaar wil stel nie.”

Domingo antwoord nie. Ek kan aan sy lyftaal sien hy weet op dié oomblik hy was verkeerd. Ek dink dit is op sy tong om die situasie te ontloot, op ’n manier wat hom sal toelaat om sy waardigheid te behou.

Hy kry nie die kans nie. “That’s just cowardly,” sê pastoor Nkosi Sebego. Hy kom staan bonkig en breed van skouer langs Pa. Hy lyk soveel groter en sterker as die lenige Domingo.

Domingo se oë vernou. “You calling me a coward?”

“I am saying that a man, a real man, would put himself in the democratic firing line. Takes a lot more guts. So yes, I think you are a coward.”

Dinge gebeur in Domingo se gesig, moontlikhede beweeg soos spoke daaroor, hulle almal maak my bang. Dit is sy oë, daardie kleurlose, ligte oë van hom, wat in woede verdonker. Hy laat sy hande sak tot by die gespe van sy lyfband. Aan die lyfband is sy twee geholsterde pistole. Hy maak die gespe los, hy gaan die pastoor kaalvuis aandurf.

Pa probeer die situasie ontloot. Hy loop tussen hulle in, sy stem het ’n informele geselstrant. “We all know Domingo is one of the bravest in our community. I’m sure he has a good reason for declining the nomination.”

Domingo se hande bly op sy gespe. Hy kyk verby Pa na pastoor Nkosi. Dit is ’n mespunt-oomblik wat rek en rek, die paar omstanders is vasgenael.

Domingo haal diep asem, ontspan, sê dan sag: “Tell me, padre, would you rather have a real man who lies about his beliefs?”

Die pastoor dink hy het die konfrontasie gewen, sy stem steeds aggressief: “What do you mean?”

“I declined the nomination because I don’t believe in democracy. Not now.”

“What do you believe in?”

“Even in a perfect world, democracy is a messy business. This world is all screwed up. What it needs, is a benevolent dictator.”

“You can’t be serious?” sê die pastoor met triomfantelike afgryse.

“Hy het die Romeine aan sy kant, Nkosi,” sê Pa, sy stem verlig en paaiend. “Hulle het ’n diktator verkies in tye van krisis. In daardie tyd was die term ‘diktator’ ’n positiewe een.”

“Then call me a Roman,” sê Domingo.

Nero Dlamini is die enigste een wat op dié oomblik sag lag.

Die pastoor blaas af. Maar ook hy moet met waardigheid retireer. “You scare people,” sê hy vir Domingo.

“I know,” sê Domingo. Hy draai om en loop.

* * *

Op 4 Julie sneeu dit weer.

Nero Dlamini noem dit die laaste strooi wat die Amanzi-kameel se rug breek. Pa verwys later na al die gebeure, van die eerste sneeu en Die KTM tot die laaste onweer, as “die perfekte storm”.

Hennie Flaai is al vir twee maande besig met die enigste noemenswaardige boerdery in die gemeenskap – ’n hoender- en eierprojek, én ’n groentekweekhuis, alles in en om die asbesgeboue van die uitgestrekte ou vakansieoord heel bo, naby die hek na die natuurreservaat.

Die sewe sentimeter sneeu doen algemene skade aan geboue en paaie, maar die grootste skade is wanneer die kweekhuis se dak weens die gewig instort. Al die plantjies daarmee heen – die tamaties en soetmielies, die groenboontjies en beet, twee weke voor Hennie dit kon begin oes. Dit was die Komitee se voedsel-versekeringspolis.

Die ysige nagte laat ’n ontstellende aantal hoenders vrek. Ons karige eierproduksie kom heeltemal tot stilstand. In die reservaat verkluim ’n klomp skape.

Die twee oudste inwoners, sekere kandidate vir die komende verkiesing, tannie Nandi Mahlangu en biskop James Rankin, word ernstig siek. Nero Dlamini is die naaste aan ’n mediese praktisyn wat ons het, en hy sê oor en oor hy weet eintlik niks. Hy skryf uit radeloosheid vir die siekes antibiotika voor. Dit help nie. Hy besef die twee oues eet nie, hulle staan hul kosrantsoene aan die kleintjies af. Nero steek ’n stokkie daarvoor. Hy sit al twee op ’n drup. Dit is te laat vir biskop James Rankin. Hy sterf op 10 Julie. Almal wat nie op ekspedisies uit is nie, woon sy begrafnis by op 12 Julie.

Tannie Nandi oorleef om verkies te word tot die Komitee. Saam met Pa, Ravi, Beryl, Nero en pastoor Nkosi. Omdat daar geen grondwet is nie, besluit die gemeenskap om almal ’n geleentheid te gee om bykomende lid van die Komitee te word: Elke inwoner van Amanzi ouer as agttien sal in alfabetiese volgorde ’n beurt kry om vir twee weke ook op die Komitee te sit, met volle stemreg.

Die Voorsitter moet deur die Komitee self verkies word, en sal 'n jaar lank dien.

Daardie selfde aand van 14 Julie, in die eetkamer van die Orphanage, verkies hulle my pa Willem Storm tot die eerste Voorsitter van Amanzi. Pa probeer keer, maar hy huil. Hy sê in sy toespraak hy weet dit is 'n simboliese gebaar, daar is ander wat dit beter sal kan doen as hy. Maar dit is vir hom 'n groot eer, en hy beloof sy trou en sy beste pogings aan almal in hierdie moeilike, moeilike tyd.

Ou tannie Nandi Mahlangu sterf op 29 Julie. Haar begrafnis word ontwrig wanneer die hele Amanzi se watertoevoer ineenstort op die dertigste. In die daaropvolgende twee weke moet die hele gemeenskap skarrel om dit te probeer regmaak.

Die ekspedisies wat terugkeer, bring nie veel meer as slegte nuus nie, veral oor die desperaatheid en aggressie van troppe jagtende honde wat al hoe nader aan ons gesien word. Pa sê dit maak sin, die groot feesmaal vir dié diere is verby, die winter eis ook sy tol. Domingo stuur patrollies uit om die paaie rondom Amanzi dop te hou. Hulle sien in die tweede week van Augustus 'n paar keer 'n groot trop honde, op 'n afstand. Wanneer hulle nader gaan, smelt die diere weg in die veld. Hulle sien oral oorblyfsels van die honde se verskeurde prooi – klein bakkies, springhase, 'n ou, sterwende koedoebul.

Teen dié tyd slaap my pa omtrent nie meer nie. Hy is so maer soos die laaste van ons skape. Hy bekommer hom erg oor die meer as twintig mense wat siek is weens wanvoeding en ontbering, en die feit dat die gerantsoeneerde kos se einde in sig is.

13 Augustus

Ek en Jacob Mahlangu stel 'n wip vir die kransduiwe bo in die reservaat, 'n eenvoudige lokval van stokke en ogiesdraad en 'n lang stuk lyn. Voëlsaad as lokaas. Ons vang sewe terwyl ons veewagterdiens verrig. Ons slag hulle daar. Ons is bedrewe met slag, ons het baie geleer in die afgelope maande. Ons kan skaap en bees en springbok en hoender en kransduif slag sonder om te mors, sonder om deur die proses ontstel te word.

Die sneeuvalle was die groot uitsonderings. Die meeste van die winterdae op die rand van die Karoo is blou, oop hemel, sonskyn, maar delikaat, soos iets waaraan jy met omsigtigheid vat.

Ek onthou hy het die sout gebring. Ek onthou die verterende honger en die ongeduld terwyl die duiwe op ons spit oor die kole draai, ek wat sê: "Hulle is reg," en Jacob wat sê: "Nee, nog 'n bietjie, onthou jy laas?"

Laas was hulle nog rou, omdat ons te honger en gulsig was. Rou duif is nie lekker nie.

Ons sit in die son terwyl ons eet, soos dassies op 'n rots. Agterna help ons mekaar skoonmaak, sodat daar geen bewysstukke is nie.

Dié aand is dit koud in die Orphanage se sitkamer, want die vuur brand net terwyl die klein kinders nog wakker is, om hout te spaar.

Domingo kom na my toe aangestap, met wapens in sy hande. "Kom saam met my," sê hy. "Ons moet met jou pa praat."

Ek skrik, want hy lyk kwaai. Ek dink hy weet van die duiwe wat ons so alleen vreet, so skelm. Ek vergeet Domingo lyk altyd kwaai.

Hy gaan sit langs Pa, hy sit die twee R4's op die koffietafel neer. Die een is die DM- skerp-skuttersgeweer met 'n teleskoop. Hy sê vir Pa: "Dis vir

Nico en Jacob Mahlangu. Die bushek se guards sê hulle het vanoggend die honde gesien teen die flank van die suiderberg, aan die sirkel se kant. Hulle gaan die vee daar bo kry, Willem. Die night shift op die berg is al klaar armed and ready. Die seuns moet ook kan skiet. Ons kan nie afford om nog skape te verloor nie. Ek wil vra of Nico en Jacob eers die skool kan los, tot ons met die honde gedeel het.”

Pa se kop is by al die ander ellendes. Hy kyk na Domingo. Hulle verhouding is deesdae meer formeel. Pa kyk na my. “Dis goed.”

“Dankie.”

Domingo staan op, neem die gewere, loop voor my uit sitkamer toe. Hy beduie ek moet langs hom kom sit. Hy gee vir my die DM-geweer en ’n swart seilsak met agt magasyn. “Jy oefen hiermee, hoor jy?”

“Ek hoor,” sê ek en probeer my geesdrif onderdruk.

“Begin op honderd meter, en oefen tot op seshonderd. Skiet al die ammunisie uit, ek bring vir jou môre nog agt.”

“Okay, Domingo,” sê ek. “Dankie.”

“Niks dankie nie. This is business. Daai honde kan ons uitroei as hulle by die herd kom.” Hy gee ’n kleiner sakkie met magasyn aan. “Dis vir Jacob. Help hom, lat hy ordentlik kan skiet. Jy’t hom nodig.”

“Okay.”

Hy staan op en loop.

14 Augustus

Ek help eers vir Jacob. Hy het baie goeie oë, die vermoë om ’n springbok of selfs ’n steenbokkie van ver af in die vaal wintergras raak te sien. Maar hy is net ’n redelike skut. Ek dink dit is omdat hy nie regtig daarin belang stel nie.

Daarna skiet ek al die magasyn uit.

Domingo bring die aand nog agt Orphanage toe. “Hoe het jy gedoen?”

Ek sê vir hom van vierhonderd meter af sukkel ek. Hy vra waarheen my skote gaan. Bietjie bont, sê ek, maar oor die algemeen te links en te kort. Hy kyk of my teleskoop reg gemonteer is. Hy sê hy kom môre ’n draai maak in die berg. Want die honde is weer gesien.

15 Augustus

Hy kom elfuur die oggend. Hy kyk deur 'n verkyker na waar my skote tref. Dan sê hy: “Jy is net inconsistent. First thing to remember, as jy baie skote op mekaar skiet, gaan jy te veel barrel heat generate, en jy gaan inconsistencies kry. Tweede ding is inconsistent trigger pull. Elke een moet dieselfde wees. Derde ding, inconsistent shoulder pressure. Try hom so bietjie stywer druk, en try dit elke keer dieselfde doen.”

Ek skiet weer.

“Much better,” sê Domingo. “One more thing. Jou skoot is nie klaar as jy die sneller getrek het nie. Dis soos 'n golf swing. Jy moet follow through. Jy moet deel bly van daai rifle, jy moet visualise hoe die bullet die target tref. En jy kyk deur die scope, vir die target, tot hy tref. Eers dan is die skoot verby.”

Ek skiet weer, 'n hele magasyn.

“Perfect,” sê Domingo.

Ek gloei van trots.

“Now both of you, remember, if those dogs come up here, you aim for the leaders first, the ones in front of the pack. You get them, they will get confused. Keep shooting, we need to get them all. You hear me?”

Ons knik, ek en Jacob Mahlangu, en ons harte klop vinniger.

“Waar het jy dit alles geleer?” vra ek vir Domingo.

Sy oë is agter sy donkerbril, soos altyd bedags. Sy gesig vertrek effens na wat moontlik 'n glimlag kan wees. “You’re talkin’ with Davy, who’s still in the Navy.”

“Jy was in die Navy?”

“Nee,” sê Domingo. “Billy Joel.”

“Wie?”

Hy sê niks.

Ek verstaan glad nie. “Was jy saam met Billy Joel in die Navy?”

Maar hy is al weer op pad, en ek is niks wyser nie.

16 Augustus

Iewers ná nege in die oggend. Ek en Jacob is hoog in die berg, naby die skape. Dis hy met sy arendsoë wat die honde sien. “Nico,” fluister hy, en hy wys met sy vinger. Hulle kom oor die rant, sydelings en skelm, hulle snuif die wind. Hulle het nog nooit so helder oordag kom jag nie, hulle moet baie uitgehonger wees in dié verskriklike winter.

Ek rig die teleskoop op hulle, Jacob kyk deur ’n verkyker. “You can see,” sê hy. “They are killers.” Daar is amper dertig, hulle draf ’n moeitelose draffie, die trop naby aan mekaar, ’n klein, hoogs doeltreffende doodsoptog.

“You shoot,” fluister hy. “I’ll pass you the magazines.”

“Okay.”

Tweehonderd meter van ons af versnel die honde, want die skape is in sig. Die vee sien en ruik die honde, hulle skarrel vreesbevange. Dan begin ek skiet.

Die eerste skote is nie baie akkuraat nie. Ek is oorgretig, oorhaastig, ek laat nie genoeg ruimte vir hulle beweging toe nie.

Die skote ruk die trop eers tot stilstand. Ore regop, oë soekend na waar ons windaf lê, terwyl ek aanhou skiet. Ek fokus op die leiers. Domingo was reg, dit verwar die trop verder sodat hulle heen en weer hardloop en eindelik koers kies, weg van die geluid van die geweer.

Ek kry die laaste een net voor hy vyfhonderd meter weg is. Ek is baie trots op die skoot, dit is ’n bewegende teiken, dit is ver. Jacob spring op, hy juig, vuiste in die lug, hy slaan my op die rug, hy sê: “Incredible shot, we got the bastards, Nico, we got the bastards, every one of them!”

Ons jaag met die vierwiel om vir Pa en vir Domingo te gaan sê, om die eerste goeie nuus in ’n baie lang tyd te gaan oordra. Ons sien almal staan saamgedrom voor die Midas-vulstasie. Daar is vreugde in die lug, die meeste is besig om te help om sakke van een van ons teruggekeerde vragmotors af te laai.

“Ons hongerte is verby, dis mieliemeel,” sê iemand vir ons. “Tweeduisend sakke. Hulle het dit op ’n goederetrein anderkant Warrenton gekry.”

“Ons het amper dertig honde doodgeskiet,” sê Jacob.

“Tweeduisend sakke. En daar is dalk nog, hulle het nie al die treintrokke oopgebreek nie. Is dit nie fantasties nie?”

Ek gaan soek vir Pa om hom van die honde te vertel. Ek kry hom in die OK Value-supermark. “Pa ... !” sê ek opgewonde.

Pa hou sy hand in die lug, die radio naby sy oor. Domingo se stem kraak oor die eter: “As jy ’n draai kan kom maak, hier’s fresh arrivals by die bushek.”

“Ek kom,” sê Pa. Hy probeer altyd hek toe gaan as nuwe mense aankom. Hy ry met die Cannondale Scalpel Black Inc. Nero Dlamini het die duur fiets geskenk as Amanzi se “ampsmotor”, vir uitsluitlike gebruik van die Voorsitter – om brandstof te bespaar en oral sigbaar te wees. Pa hou baie van die idee, hy glo as leier moet hy nederig bly, net een van die mense wees.

Ek en Jacob is agterna met die vierwiel.

Dit is Birdie wat by die hek aankom. Birdie en Lizette Schoeman.

OceanofPDF.com

Cairistine Canary

Dis daai blêddie Domingo wat my kom staan en Birdie noem het. Ek is Cairistine gedoop, en dis wat mense my genoem het, in die ou dae. Ek weet nie hoekom almal nou hier so hulle mond vol het oor die “Canary” nie, daar was baie Canary’s voor Die Koors. Ek gaan nie baie oor Die Koors self praat nie, ek hoop dis okay. Dit maak nog te seer, al is dit nou al ’n paar jaar gelede. My ma ... I just don’t want to go there.

Ek kom uit die Newtown uit, op Calvinia. Ek was besig met my masters in High Energy Physics by UCT toe Die Koors kom. Ek het vroeg al gesien dis ’n lelike ding, ek is weg uit die Kaap voor die groot gemors gebeur het, ek is met die taxi’s huis toe, want ek was baie worried oor my ma. By Clanwilliam, toe het hulle daai dam se sluise oopgemaak, hulle was glo bang daar’s niemand oor om dit te doen nie. That was a sight to behold.

Ek het alles van Calvinia af gesien gebeur. Ek het al my familie en my vriende verloor, in die hele dorp was daar net twee survivors, ek en so ’n obese witte met die naam van Nelus Claassen wat Claassen’s Trading gehad het, ’n supermark daar op die dorp, hy was so dik van net agter die till sit en marshmallows vreet. Nou moet jy verstaan, sy winkel is die laaste een uit op die R twenty-seven, langs die Total garage, so it’s the last place I’m going to go look for food, want daar’s darem ’n hele paar ander supermarkets op Calvinia, en dis net twee survivors, daai eerste weke, voor die travelling scavengers begin kom het.

Ek het vir my ’n scootertjie gekry, ’n MotoMia wat daar by een van die garages gestaan het. Ek het met daai dingetjie rondgery, ek het vir my ’n handpompie gemaak wat in ’n backpack gepas het, vir die petrol, very basic

physics. En ek wou gaan kyk hoe maklik die petrol by die Total is, toe kom daai dikke Nelus Claassen daar uit sy winkel uit, en ek skrik my omtrent dood.

Ons is al twee so honger vir gesels, vir 'n ander siel, ons chat, en hy sê, kom, hier's nog baie kos hier binne. En ek sê, thank you very much, en kry vir my 'n paar blikkies kerrievis, en hy sê dit sal vyf-en-sewentig rand wees. I kid thee not. En ek sê vir hom, jy's darem nou lekker laf, en hy sê, maar dis my winkel se goed. En ek sê, moet ek nou da' by die Total inloop en cash uit die till uit gaan haal en vir hom gee, jy weet, to try and point out how ludicrous he is. Sê hy vir my, nee, hy het klaar daai Total till leeggemaak, ek sal ander geld moet gaan haal. Toe lag ek maar net en ek sit sy kerrievis neer. En toe ek wou loop, toe maak hy wragtig 'n pass. Hy sê ons is soos Adam and Eve, we have no choice but to procreate, ma' net 'n bietjie meer kras as wat ek dit nou sê. Ek was so op die punt om my te vererg, toe sien ek hoe kwaai snaaks dit is. Toe lag ek al die pad terug Newtown toe.

It was the last time I saw him. Ek wonder nogal of hy die scavengers survive het.

* * *

Cairistine "Birdie" Canary en Lizette Schoeman kom aan met 'n klein silwer Hyundai.

Birdie, die tengerige, bebrilde Birdie met die draadjies op haar tande. Ek onthou min van Birdie in daardie ontmoet-oomblikke, want ek is oorweldig deur Lizette.

Dit is wat ek later gehoor het hulle "kalwerliefde" noem. Sy staan langs Birdie en sy lyk lank en grasieus, sy is negentien jaar oud. Sy het 'n blou denim aan wat styf oor haar mooi sitvlak span, en 'n dik roomkleurige woltrui, en haar hare is baie lank teen haar rug af, okkerneut van kleur, en reguit en blinkend in die son. Haar vel is glad en foutloos en haar mond is breed en haar oë is onmoontlik groot en mooi, en ek staar na haar, sprakeloos, ek hoor niks, sien niks anders nie.

Sy kyk vir my, sy sien die intensiteit van my aandag en seker ook my bewondering. Sy glimlag met foutlose tande, dit is soos die son wat opkom. Met 'n stem vol vrolikheid en musiek sê sy vir my: "Haai daar, slaai blaar."

Ek bloos en kyk weg, en vir weke daarna wonder ek of dié rymende groet, dié eerste digterlike woorde van Lizette aan my, 'n belediging was of dieper betekenis het. Tot ek hoor sy groet ander mense van wie sy hou ook só. Toe voel ek effens beter.

Maar in daardie oomblikke van verliefraak gebeur ander dinge waarvan ek niks kan onthou nie. Ek hoor dit later, en dit word deel van legende.

Domingo, die dodelike Domingo, die emosielose Domingo, het sy eie knie-swikkende oomblik van liefdeswaarheid. Maar dit is nie die beeldskone Lizette wat sy ysige hart steel nie, dit is die tenger Birdie.

Al wat Domingo kan uitkry ten aanskoue van haar – omdat hy iets wil sê, 'n konneksie wil maak – is: “'n Hyundai i10?” Dit kom veel meer smalend uit as wat hy bedoel.

“Ja,” sê Birdie Canary. “Dis baie energy efficient.” Haar stem is heeltemal uniek, die een teenstelling op die ander: 'n halwe oktaaf te hoog, selfs vir haar kordate lyfie, maar so vreeslik vol selfvertroue en wysheid. 'n Aksent wat Pa sê “pure Namakwaland” is, maar sy gebruik soms groot, geleerde, akademiese woorde, en frons geïrriteerd wanneer jy nie kan byhou of verstaan nie. En amper elke sin eindig opwaarts, op 'n hoër noot, soos 'n geïmpliseerde vraag.

Haar antwoord boul vir Domingo uit, sodat hy reageer met 'n “Uh ...”

“Die brosjure praat van elektrisiteit,” sê Birdie. “Hidro, neem ek aan?”

Domingo sê: “Uh ...”

“Dis meer van 'n pamflet,” sê Pa. “Ons hoop ons sal die hidrokrag aan die gang kan kry.”

“Hoop? Werk dit nog nie? Daai is false advertising.”

Domingo sê: “Uh ...”

Pa sê: “Nee, die pamflet praat darem van ‘soon’ ...”

“Which apparently is a relative term,” sê Birdie.

Pa is nou ook verleë. “Ons het nog net nie die kennis om die verbindings te maak nie.”

“Well, ek is nou hier,” sê Birdie.

“Jy weet hoe om met elektrisiteit te werk?” vra Pa.

“Basic physics. I'll figure it out,” sê sy.

“Fantasies,” sê Pa.

“Uh,” sê Domingo.

“Shame, is hy 'n bietjie sag in die kop?” vra Birdie vir Pa, en wys na Domingo.

Die buswagte lag. Pa lag, van die omstanders lag. Birdie lag en die draadjies op haar tande blink. En almal kyk na Domingo, wat nog nooit hard gelag het van hy daar aangekom het nie.

En dan lag hy ook.

OceanofPDF.com

Birdie Day

Op 24 September in die Jaar van die Hond is daar vierhonderd-en-een inwoners in Amanzi. Nero Dlamini bewimpel dit só dat hulle almal dié dag daar is – niemand is uit op ekspedisies of patrollies nie. Hy maak seker almal weet hulle moet om 18:15 op die oewer van die dam wees, onder by die ou bootlandingsplek wat oor die groot betonwal uitkyk.

Hy sê vir Domingo die bushek se wagte moet ook kom. “Because, really, Domingo, we are not going to be invaded on this day, and at this hour. And even if they do, so be it.”

Domingo grom en gee toe, want soos die hele gemeenskap het hy ook sy vermoede oor wat Nero beplan.

Hulle begin van voor ses die middag aankom. Al wat hulle sien, is ’n groot bokseil wat oor iets gedrapeer is – bonkige vorms wat ’n paar meter van die water af staan, in ’n netjiese ry. Beryl Fortuin en Dlamini wys vir die mense om in ’n halfmaan om die geheimsinnige bokseil te gaan sit.

Teen tien oor ses sit almal. Daar is ’n feestelike atmosfeer, mense lag en gesels, almal sien hoe die son al hoe laer sak oor die damwal, tot dit net ná twintig oor ses daaraan begin raak.

Ek sit so na as moontlik aan Lizette Schoeman, ek hoop en smag dat sy net een keer in my rigting sal kyk. Want ek is groot, ek is veertien, sedert 22 Augustus is ek veertien jaar oud. Tot my groot teleurstelling sien ek Pa kom aan en hy soek my tussen die mense, en hy kom sit langs my. Wat gaan Lizette dink?

Nero stap tot in die middel, voor die bokseil, en hou sy hande in die lug. Beryl loop tot agter, waar ons haar nie kan sien nie. Meer as driehonderd-

en-negentig mense bly tjoepstil. Van die kleintjies se stemme is nog hoorbaar. Nero sê: “Vandag was Erfenisdag, in die tyd voor Die Koors. En Braaidag, ons het saam met vriende en familie gekuier, dit was ’n dag van saam wees, dit was nie ’n dag wat politici of geskiedkundige figure of gebeurtenisse herdenk het nie, dit was ’n dag wat gewone mense geëer het. En vanaand gaan ons dit weer doen. Gewone mense eer. Op ’n spesiale manier. Sononder is vanaand om presies agt-en-twintig minute ná ses hier by ons. Onthou dit, onthou dat julle op hierdie oomblik hier was.”

Nero kyk na sy horlosie, en hy wag.

Agter hom verdwyn die son agter die damwal. Die westerkim is ’n skouspel van kleurskakerings, opeengestapel. Nero lig sy arm, sy oë steeds op die horlosie, en hy laat dit sak.

Beryl trek die bokseil af.

Dan kom die musiek.

Die note trek oor ons, eers die basviole, die onheilspellende tromsarsies, met die viole wat skimp van die mooi wat kom, soos ’n stryd tussen goed en kwaad, tot die goeie stelselmatig alles oorrompel – alles vanuit die massiewe nagklub-luidsprekers wat daar staan, nou ontbloot. Die mense wat die musiek herken, snak na hul asem. Ons is stomgeslaan, meegesleur, selfs die kleinste van kinders voel dit is ’n gewyde, gelade oomblik, en hulle maak nie ’n geluid nie. Beethoven se Negende Simfonie, die vierde beweging, die koraal, die mooiste musiek wat ek nog in my hele lewe gehoor het, soos ’n duisend nagvoëls wat oor ons vlieg, op na die sterre wat een na die ander begin flonker.

Ek sit langs my pa en ek hoor hy snuif. Ek kyk en ek sien hy huil. En ek wil ook, maar ek veg daarteen, want as Lizette my sien ...

Só sit ons, met die musiek wat daal en styg, keer op keer, die orkes, die koor, dit is oorweldigend en perfek.

En toe die laaste noot oor die dam en die heuwels en die vlakte daar ver onder wegsterf, is daar ’n ander soort geluid, ’n enkele diep, meganiese klank, en dan gaan die ligte van Amanzi aan, agter ons en voor ons, die lengte van die damwal, en daar onder by die substasie.

Vir die eerste keer in amper twee jaar sedert Die Koors is daar weer elektrisiteit.

“Ons eer vanaand vir Cairistine Canary,” sê Nero Dlamini. “Ons bringer van lig.”

“Birdie Day,” roep, van alle mense, Domingo in ’n vrolike stem.

“Birdie Day,” juig die klein skare van Amanzi-mense.

En so het dit gebly.

Dit is dalk die enigste ding wat my pa vergeet het: Ons onthou daardie oomblikke van groot vreugde net so goed soos die vrees en vernedering.

OceanofPDF.com

Stukkies en brokkies I: Oor Willem Storm

Nostalgie is die groot verleidster van die skrywer van memoires.

Ek wou graag vertel van die dag toe die ligte aangekom het. Dit was 'n oomblik en 'n dag wat 'n groot indruk op my gemaak het as veertienjarige. Dit was vir almal in Amanzi 'n gebeurtenis van verlossing, van blymoed, een met geweldige simboliek: Dit het die donkerte letterlik én figuurlik verdryf. Daardie winter se swaarkry was uitmergelend. Die grootmense het werklike honger beleef, vir weke aanmekaar, daar was die koue wat tot murg en been deurgedring het, rugbrekende werk, moedverloor en, eindelijk, wanhoop. En toe die biskop en tannie Nandi Mahlangu oorlede is, was daar vrees vir 'n vlag koors, vir 'n nuwe virus-mutasie, vir nog 'n doodsgolf wat oor ons sou spoel.

Elektrisiteit het dit alles verander. Ons het met een knip van 'n skakelaar vanuit die Middeleeue na die tegnologie-era gespring. Dit het onder meer veel groter lewensgemak gebring. Ligte, reg deur die nag. Verwarmers. Stoofplate. Yskaste. Oondgebraaide skaapboud! Dit het arbeid onmeetlik vergemaklik: elektriese besproeiing, elektriese sae en bore en voedselverwerkers en stofsuikers. En 'n Playstation in die Orphanage se speelkamer.

Maar bowenal het dit nuwe vooruitsigte gebring. En die bestanddeel wat ons die nodigste gehad het: Hoop.

Cairistine Canary

Soos opgeteken deur Sofia Bergman. Voortsetting van die Amanzi-
geskiedenisprojek, ter nagedagtenis aan Willem Storm.

Kom ek sê jou, daai dag wat die power aangekom het, moes eintlik Willem Storm Day gewees het. 'Cause, first of all, hy was die een met die vision. Nie die short-term, small-time vision van 'n switch gooi en die lig skyn teen die dak nie. Nee, die long-term vision of progress, of reclaiming some of the lost time and technology. Partykeer het ek gedink Willem Storm het Amanzi gesien as 'n struggle between Man and Virus, of at least between Man and the Devastation of the Virus. And the hydroelectricity was a big score against the Virus. He had so much drive. Daai sal ek nie vergeet nie, kyk, Willem was nie 'n groot man nie, ma' daai drive het van hom 'n presence gemaak. Hy was oralster, op daai official fiets van hom – dis ek wat dit Bike Force One gedoop het – hy was die Chairperson, ons Fearless Leader, ma' hy het nie omgee om sy hande vuil te maak nie, of dit nou was om 'n auntie se drein te gaan oopmaak, of om aartappels uit te grawe op die plase, of om vir my te kom electricity kables losmaak by die substation. En daai kables was nie grappies nie, hulle het ons laat sweet. En dan het hy in die aand huis toe gegaan en nog gaan kind grootmaak ook. Daai aand toe ons die power aansit, toe is hy so heavy nervous, ek sê vir hom, Willem, chill, what's the worst that could happen? As dit nie vanaand werk nie, dan werk dit môre of oormôre.

Toe sê hy nee, dit moet werk. Ons kan nie die mense teleurstel nie. That's the kind of man he was. Hy wou nie sy mense teleurstel nie.

But what I loved most about him, he was so happy for someone else to get the glory.

* * *

In daardie eerste jaar bly ek en my pa saam in 'n kamer in die Orphanage. 'n Groot kamer – net-net groot genoeg vir 'n vader met 'n seun van dertien

of veertien. Dit is bloot 'n voortsetting van ons bestaan vóór Amanzi, toe ons 'n Volvo-kajuit of kamers in leë huise op verlate dorpe gedeel het.

Pa gaan slaap ná my, en staan voor my op. Nou en dan is ek nog wakker wanneer hy in die bed klim. Dan sien ek hoe hy met sy notaboek sit en lysies maak van alles wat die volgende dag of week of maand of jaar gedoen moet word. En sommige oggende is ek voor hom wakker, en dan sien ek hy lê só met die notaboek, dit is hoe hy die vorige aand aan die slaap geraak het. Daardie tyd dink ek nie veel daaroor nie, ek tel nie die somme op om by 'n antwoord van “Pa is doodmoeg” uit te kom nie.

Dit is nou te lank gelede om presies te onthou wat my gevoel in daardie tyd oor my pa was. Maar ek onthou wel die groeiende jaloesie. Dit was redeloos, dit was so selfsugtig soos enige tiener s'n, maar dit was darem op 'n manier verstaanbaar. Voor Melinda en Beryl en die kinders en Domingo, voor die aankoms van die 256, was my pa vir amper twee jaar lank net myne. Eksklusief en volkome myne. Nie omdat ek dit vereis het nie, maar omdat omstandighede dit so dikteer het. En toe moet ek hom skielik deel met almal.

Dit was nie 'n bewustelike jaloesie nie, daar was nie 'n oomblik van ontdekking, 'n moment van gewaarwording oor sy grootlikse afwesigheid nie. Dit was 'n stadige sweer. Dit sou eers veel later oopbars. Want ondanks alles was ek in daardie tyd heimlik baie trots op hom: My pa was die Voorsitter, die Stigter, die man wat omtrent van alles weet en met almal kan klaarkom, die een wat oral gekonsulteer en gerespekteer is in daardie klein gemeenskap. Hy was die Skrywer van die Pamflet, die Vader van Amanzi. En net vir die rekord, hy het my natuurlik ook by tye grensloos geïrriteer, want hy was ook die een wat geneul het oor hoe ek die buisie tandepasta uitdruk, hoe ek nie my handdoek ophang nie, hoe ek nie my voete ordentlik was nie. En hy was baie beslis soms in my kop die een wat nie die Jeepmanne kon skiet nie.

As ek terugdink, as ek probeer om die stukkies en brokkies wat ek kan onthou bymekaar te sit, kan ek Pa se skielike afwesigheid, sy meteense afskeep van my beter verstaan. Birdie was reg, hy het Amanzi as 'n stryd tussen Mens en Virus gesien. En ek dink hy het op 'n sekere vlak geglo hy gaan persoonlik die uitkoms van die stryd bepaal. Daarom dat hy so gewerk het, van vroegoggend tot laataand. Dit was sy groot obsessie.

Birdie was ook reg met die stelling dat Pa saans kom kind grootmaak het. Al het dit vir my gevoel dit was te min, het hy tog tyd gemaak om saam met

my te sit, te eet, het hy met my probeer gesels. Hy het vir my vrae gevra oor my dag, my ervarings, my gevoelens. Op dertien, en in die na-gloed van ons Volvo-maande, het ek nog goeie gesprekke met hom gehad. Vandag is ek skaam en seer oor die daaropvolgende jare waarin ek my verhouding met hom so verskriklik vermors het.

As ek maar geweet het hoe min tyd ons saam sou hê.

* * *

Hennie Flaaï

Daardie tyd was ek die bestuurder van die hot house met die tamaties en die blaarslaai en die kool, en die hoenderboerdery, alles in die ou Vanderkloof Holiday Resort se asbesgeboue. Later toe moet ons dit skuif, toe produseer ons genoeg kos, maar die blyplek word toe 'n probleem, maar daardie tyd, toe is dit ek en vier ander mense wat met die groente en die hoenders boer. Elke tweede Dinsdag het ons hoendermis met die grawe in die kruiwaens gelaai en dit oorgestoot na die tamaties toe. Eerste ding in die oggend. Nou, Willem het dit geweet, dan kom hy aan op die fiets, en hy trek vir hom so 'n blou overall aan, en hy vat 'n graaf, en hy spit lustig saam hoendermis. Hy was nie vreeslik goed met 'n graaf nie, jy kon sien dit was nie sy ding nie. Maar hy het kom help met die tweede stinkste werk in Amanzi. Hy't nooit 'n storie daarvan gemaak nie. Sover ek weet, het hy nooit verkondig hy skoffel elke tweede Dinsdag hoenderstront nie. So dit was nie 'n kwessie van dat hy 'n politikus is wat wil wys hy kan ook sy hande vuilmaak nie. Ek dink hy het dit gedoen sodat hy ... Wanneer die tamaties ryp is, dan kom hy, en hy vat een – altyd net een – en hy pluk hom so van die rank af, en hy vat 'n hap, so met die toe oë, en jy kan sien dis vir hom baie lekker. Ek dink hy het kom hoendermis spit, want dit het hom laat voel hy het 'n aandeel in daai tamatie. Hy het gehelp om ons nog so een stappie verder van hongersnood af te kry, en een stappie nader aan beskawing.

Beryl Fortuin

Dit was hier net nadat ons krag gekry het, toe kom een van die ekspedisies aan met die boks vol digital voice recorders, seker twintig in die boks, almal met rechargeable batteries. En so met die aflaai, toe wil hulle dit weggooi, maar Willem sê nee, en hy vat die goed, en hy bring dit na 'n Committee meeting toe en hy sê hy wil dit graag hê, dié voice recorders. Want hy wil mense se stories begin bymekaar maak. Hy noem dit die Amanzi-geskiedenisprojek. En toe dra hy altyd een saam in sy sak. En as hy kan, dan praat hy met mense, dan vra hy hulle, vertel ...

OceanofPDF.com

Stukkies en brokkies II: Oor Baruch Spinoza

Die einde van die Jaar van die Hond.

Oor minder as vyf jaar sal my pa vermoor word.

Die skuldige het reeds in hierdie bladsye verskyn. En dié wat ek as medepligtig ag, hoe gering ook al. En almal wat ek sou verdink, sommige tot my skande.

Ek het aan die leser belowe dat ek hierdie memoires met eerlikheid sal skryf – soveel eerlikheid as wat die seer en die kwaad toelaat, selfs nou, ná soveel dekades. Hierdie eerlikheid sluit ook die versagtende omstandighede in vir hulle wat ek sou beskuldig, en skuldig sou bevind.

En die versagtende omstandighede vir myself en my foute, my onvergeeflike foute.

Daarom moet ek nou weer die chronologie verbreek. Want in my haas en geesdrif om by die eerste groot vreugde van Amanzi uit te kom, om die aanskakel van die elektrisiteit op Birdie Day te herroep en weer te beleef, in my toegee aan nostalgie, het ek van die kleiner gebeure uitgelaat, oënskynlik onbelangrike dinge wat eindelijk rigtingwysers sou wees na ons toekoms, ons komende ellendes, en die motief en motivering vir moord.

Soos die gesprek die aand nadat ons vir tannie Nandi Mahlangu begrawe het.

Dit is in die donker dieptes van daardie moordwinter, vóór die mieliemeelvonds by Warrenton, vóór Birdie se aankoms. Die vergadering van die Komitee is verby, die lede sit by die reeds koue kaggel in die Orphanage se sitkamer. Nero Dlamini is die een wat almal probeer opbeur. Hy dra die paar flikkerende kerse nader, hy bring 'n bottel brandewyn op 'n

skinkbord, skink vir al die grootmense, deel die glasies uit. Soos elke aand hou hy die bottel omhoog, en sê: “Domingo?”

Soos elke aand skud Domingo net sy kop. Hy drink nie. Ek lê eenkant op die rusbank en kyk hoe Domingo gewere skoonmaak. Wanneer ek groot is, dink ek, sal ek ook nie drink nie.

Pa staar voor hom uit, stroef en gespanne en moeg en koud. En honger ook, dink ek.

“Is jy okay, Willem?” vra Beryl.

Pa sug. “Dis my skuld.”

“No, Willem, she was old and frail,” sê Ravi. “Nobody knew she wasn’t eating her rations.”

“Nee,” sê Pa. “Nie Nandi nie. Hierdie plek. Ek het hierdie plek gekies. Ek het almal met my pamflette hierheen gelok. En ek het ’n fout gemaak, omdat ek ingenome was met myself en my denkprosesse ...”

“Wat praat jy?” vra Beryl.

Pa staar na die as in die vuurherd, sy stem sonder intonasie. “Ná Die Koors, toe ek en Nico ... Toe ek besef ons gaan oorleef, toe het ek baie gedink oor waar die beste plek sal wees om my seun heen te vat. Om ’n nedersetting te begin. Om ... die beskawing weer te begin bou. Dit was seker ’n interessante oefening, omdat my eerste impuls was om plekke te kies wat ek geken het. Waarmee ek ’n positiewe band gehad het. Soos Kaap St. Francis, waar ek as kind vakansies deurgebring het. Of mooi Knysna, daar is tekstuur, daar is hout, daar is skuiling, daar is water ... Die uitdaging, die wetenskaplike en intellektuele uitdaging was om persoonlike voorkeur uit te skakel ... Ek het nie baie van Vanderkloof gehou nie, destyds ...”

Pa kyk op na die mense om hom. “Julle weet die klomp wittes wat so op hulle eie wou bly, was net hier af teen die rivier, dertig kilo’s of so?”

“Yes,” sê pastoor Nkosi. “Orania. The last outpost of apartheid. I wonder if any of them survived?”

“Well,” sê Pa, “before the Fever, when I had the time, I would take the car on business trips to Jo’burg, and do a different route every time. About four years ago, I came through Vanderkloof. Actually, I spent a whole day in this town, because it was ... different, I suppose. Unique. Like a seaside holiday town with no sea. Queer. A little run down, a little sad. And sleepy. Very sleepy, two thirds of the houses empty, waiting for the holidays. With that vague promise that it would come alive and transform in a summer

vacation ... It fascinated the geographer in me. I spoke to everybody I met. One local whispered to me that most of Vanderkloof's inhabitants shared the Orania ideology of whites only, or Afrikaners only, or whatever it was that they hoped to do. The only difference was, the Vanderkloof inhabitants did not want the racist stigma. So this town, Vanderkloof, was a sort of clandestine Orania, where the more cowardly separatists lived. That's why I did not like the place very much."

"Maar wat het dit te doene met die feit dat jy sê dis jou skuld, al die slegte goed wat gebeur het?" vra Beryl.

"Ek was die afgelope maande so ingenome met my dinkproses," sê Pa. "Ek was so beïndruk met die feit dat ek verby die stigma van Vanderkloof kon kyk, na die kaal feite, om dit te oorweeg as 'n plek vir 'n nuwe begin. Intellektuele selftevreedenheid, want ek was seker ek het alles in ag geneem: tekstuur vir oorlewing, veiligheid, water, die potensiaal vir boerdery, 'n goeie kans om elektrisiteit op te wek. Ek het gedink die afstand van die stede af sal 'n bate wees. En dit is, op 'n manier. Maar toe hou ek daar op met dink, omdat ek in my noppies met myself was. Ek moes besef het, jy betaal 'n prys vir die afgeleë ligging, vir die destydse lae bevolkingsdigtheid van dié area. Ons moes dáárdie risiko's gesien het. Soos Domingo ..."

Beryl gee vir Domingo 'n vuil kyk – wat hy nie raaksien nie. "Niemand kan aan alles dink nie. Niemand het geweet dit sal so kwaai sneeu nie."

"God brought the snow," sê pastoor Nkosi in sy luide predikerstem. "God brought the hunger and the suffering. He is trying to show us that we are taking the wrong road again."

"And how exactly is He doing that?" wil Nero Dlamini weet.

"Just look at all our troubles. Just look at all the sad things happening. Where is God when we have Forum meetings, Nero? Or Committee meetings? We don't pray together, we don't praise together. He is trying to tell us ..."

"That's why auntie Nandi died?" vra Domingo, sy hande stil, sy stem dun soos 'n lem. "And the bishop? That's why the KTM robbed us? And it snowed? Because God wanted to make a statement?"

"Tell us, Domingo," sê pastoor Nkosi, sy oë vol evangeliese drif: "Do you believe in God?"

"Yes, pastor, I believe in a god. My god is Darwin. I believe in the survival of the most ruthless."

“Then you have the devil in you,” met soveel afgryse dat die hare in my nek regop staan.

“Are you going to drive him out now?”

“Perhaps one day, we will have to,” sê die pastoor met veel meer moed as wat hy gewoonlik teenoor Domingo openbaar.

“Nobody is going to drive out anybody,” sê Pa. Hy kan nie die moegheid in sy stem wegsteek nie.

Pastoor Nkosi is nog nie reg om van onderwerp te verander nie: “Do you believe in God, Willem?”

Asof Pa eers die noodsaaklikheid van ’n antwoord oorweeg. Dan: “Do you know what Einstein answered when a rabbi asked him the same question, Nkosi?”

“No.”

“Einstein said, ‘I believe in Spinoza’s God, who reveals himself in the orderly harmony of what exists, not in a God who concerns himself with the fates and actions of human beings.’ ”

“And that’s what you believe?”

“That’s what I used to believe. Now, I just believe in Spinoza, really.”

“I see ...”

“Spinoza,” sê Nero Dlamini en teug aan sy brandewyn. “He’s the guy who first said religion and politics should be kept separate?”

“Yes, and with all due respect, that’s why Nkosi will not like him,” sê Pa in ’n doelbewuste poging om die gesprek minder ernstig te maak. “And the wonderful thing is, Domingo won’t like him either.”

“Hoekom?” vra Domingo, wat nie daarvan hou dat hy en die pastoor iets gemeen het nie.

“Want Spinoza het geglo demokrasie is die regeringsvorm wat persoonlike vryheid die beste sal akkommodeer.”

“Persoonlike vryheid is overrated,” sê Domingo, sy toon vaagweg tergend, soos Pa s’n.

Pastoor Nkosi is nog diep ernstig. “I will keep on fighting for God in this community. And in this Committee. One day, He will be our Chairman. I will bet my life on that.”

Stukkies en brokkies III: Oor liefde en luste

Nostalgie moedig onbenullighede aan. Nostalgie fluister: “Vertel vir hulle van hoe Lizette Schoeman jou hart gebreek het toe jy amper sestien was.” Dit is, terloops, onopspraakwekkend: Ek kom afgestap van die watertoring se kant af in die Sondag-laatmiddag van Augustus, in Die Jaar van die Jakkals. Ek sien vir Lizette in ’n omhelsing met Charl Oosthuizen, ’n man in sy dertigs wat skaars twee maande in Amanzi is.

Ek wil huil, ek wil skree, ek wil voor haar neerval, ek wil hom aanrand, ek wil vlug, vir altyd wegkom. Maar ek hou net aan met stap Orphanage toe, my hart stukkend, stukkend, stukkend. (Skaars twee maande later sal dit volkome herstel!)

Hulle is eindelijk getroud, dié twee. Charl is ’n goeie man, hy word later ’n groot sonneblomboer, en sy ons grootste heuningprodusent. Maar ek kon eers regtig van hom begin hou nadat ek die liefde van my lewe gevind het.

Ek was vir twee jaar lank intens en nutteloos verlief op Lizette. Nutteloos, omdat ek nog kind was, en sy nie. Nutteloos, omdat dit nie wederkerend was nie.

En nutteloos omdat ek daardeur die grootste liefde- en luste-bonanza van my era misgeloop het, veroorsaak deur:

Ten eerste, die algemene verskynsel van wat Nero Dlamini die “baby boom effect” genoem het, ’n menslik-evolutionêre drang tot ’n drastiese toename in bevolkingsaanwas ná ’n bloedige oorlog – of ’n verpletterende virus-epidemie.

Ten tweede, die groot begeerte van mense om aangeraak en vasgehou te word, om te konnekteer, te koester en gekoester te word, in ’n wêreld waar

die normale bronne daarvan uitgewis is – ouers, gesins- en familieleden, en geliefdes. Nero het dit die John Bowlby-effek genoem, en gesê onder jongmense wat nog boonop erg getraumatiseer was, het dit 'n groter invloed.

En ten derde, die feit dat tieners – in elk geval die ywerigste vryers in die wêreld – statisties een van die grootste groepe in Amanzi was. Omdat dié ouderdomsgroep se jeug, aanpasbaarheid en fisieke krag hulle gehelp het om die gevare van die post-apokalips so 'n bietjie makliker te oorleef.

Dit was die Dlaminaanse, akademiese verduideliking vir die Groot Gevry, onder oud en jonk, maar veral jonk, en ek het dit misgeloop omdat ek soos 'n sot verlief was op Lizette Schoeman. Maar nie Jacob Mahlangu nie. Hy het die oorfloed van aanbod benut, en my nooit aangemoedig om dieselfde te doen nie. Jare later sou hy beken: “I did not need the competition, Nico. I'm not stupid. If you knew how many of the girls had a crush on you ... I had to console them.” En dan lag hy daardie diep Mahlangu-lag wat sy hele lyf laat skud.

Jacob was my mede-veewagter en my kameraad. Hy was ook my skinderkonneksie, my inligtingsbron oor alles buite die Orphanage. Want as seun van die Voorsitter het ek die groot voordeel van binnekennis gehad in daardie eerste jare; van Komiteevergaderings en -besluite, van die groot kwessies van ons gemeenskap, die onderstrominge, die planne, die konflikte en die strategie. Maar die grootste nadeel was dat die mense van Amanzi my nie met al die skindernuus en klagtes vertrou het nie. Ook nie met die kritiek wat hulle maar altyd op die Voorsitter en die Komitee en al sy lede gehad het nie, ongeag of hulle goeie of slegte besluite neem.

En dit is waar Jacob so 'n belangrike rol gespeel het. Ons is in vele opsigte teenoorgesteldes, en die perfekte kombinasie. Jacob is rustig, geduldig, filosofies, gemaklik in sy eie vel. Ek is nie een van daardie dinge nie. Tog het ons al twee 'n liefde vir lees ontwikkel, en 'n onblusbare dors na skindernuus.

Dit was Jacob wat my een oggend by die skool eenkant toe geroep het en ademloos gesê het: “Beryl and Nero are gay.”

Ek het op veertien 'n ietwat losse begrip van die term gehad. “Gay? Maar hulle kan mos nie saam gay wees nie.”

“No, stupid, she likes women and he likes men.”

“Hoe weet jy?”

“Auntie Denise said so.” Denise was ’n veertigjare vrou wat op Aankomsdag al gearriveer het, een van die groot skindertonge in Amanzi. “She says Beryl was a pro golfer, and everybody knows pro golfer women were all gay. And you can still see from Beryl’s muscles, and her butch ways.”

Ek dink aan Beryl, en op daardie oomblik maak dit sin.

“En Nero?”

“Has he shown any interest in any of the women?”

“No ...”

“And the way he dresses. And speaks ...”

“Oh.”

“So there ...”

Ek het hom geglo.

* * *

Sipho Jola is gebore op 26 Desember in die Jaar van die Hond, die eerste mens wat die lewe inkom as ’n lid van die gemeenskap van Amanzi.

Sy naam beteken “geskenk”.

Die Groot Gevry sou vier-en-twintig babas in die daaropvolgende twaalf maande – die Jaar van die Kraai – oplewer.

OceanofPDF.com

Die Jaar van die Kraai

OceanofPDF.com

Thielert se ratkas: I

Cairistine “Birdie” Canary

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

Ja, causality kan 'n pyn wees. Ek meen, die ding met Hennie en die vliegtuig en die petrol, en Nico en Okkie en al die drama begin by Monsanto en al daai ander companies wat genetic engineering op die sade gedoen het. Dis nie asof hulle gedink het, wag 'n bietjie, what happens in case of a global catastrophe, what happens in a post-apocalyptic world, nie. Hulle het hulle se sade só gemodify dat jy net een keer kan oes. En dan moet jy eet, want die sade van daai eerste oes kan jy nie plant nie, they are programmed to fail. So jy moet weer by hulle gaan sade koop. Beautiful business model, ma' al daai companies is gone with the wind, ma' die sade het gebly.

Toe sê ek vir die Committee dis een van ons primary objectives, if we are going to do long-term planning: Develop a seed bank. Gelukkig het ons toe al vir Matthew Mbalo gehad. Hy't gewerk op 'n saaiplaas wat behoort het aan die premier van die Free State Provincial Government, back in the day, naby Reitz. Matthew was die boer, want daai premier was omtrent nooit da' nie. En Matthew was 'n goeie boer. Toe hy by ons aankom, toe word hy die chieft in charge van Amanzi se saaiboerdery.

Ek en Matthew Mbalo het baie gesels oor die probleem van die genetically modified saad. Toe sê Matthew, hy weet da' was baie Eastern

Free State boere wat koring gekweek het vir traditional, non-modified saad. As ons van daai saad kan kry ...

Ma' dis toe nie net vir ry en gaan haal nie, Die KTM control daardie tyd te veel van die paaie tussen die Lesotho-berge en Bloemfontein; as jy daar wil deur, dan moet jy 'n armed convoy stuur, en ons het nie die mense of die vehicles nie, en ons kan nie die risk loop nie, daar's te veel ander nood om reg te maak vir die volgende winter.

Toe sê Hennie Flaai hy kan vierhonderd kilo's se saad in die Cessna kry. Sal dit help?

Hennie Flaai

Ek kom van Bethlehem af met die Cessna, stoksielalleen. Ek het oor die vierhonderd kilogram se koringsaad aan boord. Dis saad wat Amanzi bitter nodig het, en voor die winter, want daar moet nog geploeg en gesaai word. Nou, vierhonderd kilogram is te veel vir die Cessna, as jy my gewig en die odds and ends wat ek moet saamvlieg, en brandstof, ook intel.

Toe laai ek die koring, en ek pomp van die brandstof uit die tenks uit om die gewig af te kry. Ek los darem 'n goeie safety margin met die range wat ek op die brandstof kan kry, so ek worry nie erg nie. Maar ek is steeds so omtrent veertig kilogram te swaar, dis nie kwaai nie, maar dit laat jou die vitals, die instrumente, dophou. Dis so half in jou agterkop dat jy oorgewig dra, jy moor die ou girl, so jy moet kyk of sy nie iewers kla nie.

Ek is op tienduisend voet ... dit is so drieduisend meter, dis net 'n goeie hoogte vir die 172. Ek cruise, honderd-en-twintig knope, dis so twee-en-twintig kilometer per uur. Rondom tienuur in die oggend, in Januarie. Jy weet die weer kan opsteek, daai tyd van die jaar, in daai deel van die land. En dié oggend is daar al klaar wolke en daar is al klaar bietjie turbulensie, maar ek behoort voor eenuur by die huis te wees, die groot donderstorms sal darem eers laatmiddag kom.

Anyway, ek het nog hier by die vyf-en-sewentig liter in die tenk, dis genoeg vir vyfhonderd kilometer as ek dit mooi en kalm hou, en dis maar net vierhonderd kilometer terug Amanzi toe. Alles hunky-dory, so reken ek toe.

Toe begin sy stotter. Uit die bloute uit. Op tienduisend voet.

Ek dog eers die enjin sny heeltemal uit, so kwaai is daai eerste stotter, en toe kom sy terug, en toe sukkel dit. Kompleet of die petrol op is, maar al twee die tenks wys daar's nog net so oor die helfte oor. Stotter, stotter, en ek verloor krag, en ek verloor hoogte, en ek is oorgewig.

Toe werk ek die magneto's, en dit help nie, toe weet ek dis die plugs wat vuil is. Nou, as die plugs vuil is, dan maak jy jou brandstofmengsel nog meer lean, en jy gooi maksimum krag om te kyk of jy nie die gemors van die plugs kan afbrand nie. Dit help, maar net so vir vyf minute, dan begin die stotter weer, dan moet jy weer brand.

Toe weet ek, nou moet jy land, Hennie, nou moet jy land, jy moet daai plugs skoonmaak.

Nou, Bethlehem na Amanzi toe, soos die Cessna vlieg, vat jou net mooi tussen Bloemfontein en Botshabelo deur. En toe sy begin stotter, toe is ek so dertig, vyf-en-dertig kilo's oos-noordoos van Botshabelo af, en seker so sewentig oos van Bloem. Dis goed en wel jy sê jy kan 'n 172 enige plek neersit waar die pad redelik goed en redelik reguit is, maar as jy nie die wêreld ken nie ... Jou moeilikheid is drade. Kragdrade en telefoondrade. Jy sien nie die goed nie, en daar is altyd langs die pad en oor die pad, en jy sien nie vir hulle nie en jy vlieg in die goed vas en dan's jy in jou maai in. As jy tyd en baie petrol het, en jy is nie oorlaai nie, dan kan jy eers mooi kyk of daar drade is waar jy wil land. Maar as jy dit nie het nie, dan soek jy maar 'n vliegveld. Vinnig.

En die ander ding is, ek dink op daardie oomblik ek wil darem waaragtig nie tussen niks en nêrens op 'n stuk pad sit wat vrot is van Die KTM terwyl ek aan die enjin werk nie. As ek kan, moet ek plan maak.

Voor ek vlieg, dan kyk ek nou maar op die paar kaarte wat ek bymekaar gemaak het waar is die vliegvelde. En die plan, die beste plan wat in my kop kom op daai oomblik toe dit so stotter, is Thaba 'Nchu se lughawe. Nou nie die grootste in die wêreld nie, net een aanloopbaan, maar dis lekker lank, en dis mooi geteer. Ek onthou, dis suid van Botshabelo, maar ek weet nie presies waar dit is nie. En die ou lady stotter, en ek verloor spoed en ek verloor hoogte, my glide ratio is sleg, te sleg vir die afstand, en ek moet met die kaart op my skoot kyk waar die hel is Thaba 'Nchu se vliegveld. En dan moet ek koers kies, en ek moet die plugs skoonbrand elke vyf minute, en ek moet mooi kyk of ek bakens sien, of ek die lughawe sien. Ek sê jou, ek het gesweet, ek het gedink as ek daar moet crash, sal Melinda dink ek het

weggeloop, ek kan dit nie aan haar doen nie, en Amanzi het daai saad baie nodig. Toe bid ek hardop, so tussen die plugs skoonbrand en die rate of descent check.

En ek sien hom, maar toe sweet ek meer, want hy is dalk net te ver, en boonop lê die aanloopbaan van noordwes na suidoos, so ek moet eers die wye draai gaan gooi ook nog. Nou moet jy weet, Thaba 'Nchu se vliegveld was gebou onder die ou apartheid, vir die Bophuthatswana-tuisland, eintlik vir die casino, daardie tyd was dit 'n grand lughawe gewees. Maar ná apartheid het die plek verval. En dis nou al hier by die twee jaar ná Die Koors, so daar's nie 'n windkous van 'n uur oud nie, en ek skat die wind waai so effens noord na suid, so ek draai nou maar na die suidoostelike punt van die aanloopbaan, welwetende ek gaan dit seker nie maak nie, maar as jy nie traai nie, nè ...

Daar's so 'n koppie, 'n heuwel wat ek moet oor, en ek maak dit net. En ek brand vir oulaas die plugs en ek trek daai enjin oop, en ek gooi my laaste draai vir final approach, nou is ek ... Ek wil nou nie lieg nie, maar die grond is naby en die aanloopbaan is nog te ver, dis grasveld, sulke lang groen somergras, daar kan 'n bok in daardie gras wegkruip. En ek besef, nee, o koot, maar die wind is nog van agter ook, ek kom 'n bietjie vinnig in. En toe sien ek die beeste op die aanloopbaan, daar ver, noordwestelike punt.

En ek sit vir haar neer, seker goed honderd-en-twintig meter vóór die aanloopbaan begin, in die lang, groen gras, as ek teen daardie spoed 'n miershoop tref, of 'n erdvarkgat, dan's ek én die koring én die 172 in ons maai in, maar sy rol teer toe, en ons is op die teer, maar nou is ons te vinnig en die wind is te sterk van agter af, en ons is te swaar om betyds te stop, nou sit ek en kyk hoe kom daai beeste nader. Twee van hulle wat op die teer staan, seker so tien ander wat in die gras weerskante van die aanloopbaan staan. Nou vra ek jou, wat soek 'n bees op die teer, daar's niks om te vreet nie, dis nou net die noodlot. Ek breek soveel ek kan, jy kan ook nie te veel breek nie, dan slaan sy op haar neus, en die beeste kom, en ek breek en ek sweet, en die beeste kom.

Dis een van daai goed wat jy nooit sal vergeet nie, jy dink, ek het nou net hierdie aerie met vierhonderd kilo's koring en 'n stotterende enjin tot hier gebring, dit was 'n groot prestasie, al moet jy dit nou self sê, dit was bloedsweet, maar jy's op die grond, en nou gaan jy teen 'n blêddie koei bots, jy kan haar sien, hier voor, met daai verskriklike stupid uitdrukking op

haar gesig en die lang wimpers soos 'n maklike vrou s'n, en dis teen haar wat jy jou te pletter gaan ry.

Nou, daai koei loop uit die pad uit, net so op die laaste sekonde, ek dink nou nog dit was die enjin se geraas wat haar geïrriteer het, sy loop net ver genoeg dat ek so links kan swaai, en ek is tussen die twee beeste deur, en ek stop daai Cessna en ek sit so, my hele lyf bewe, my hele lyf, ek sê jou, maar ek laat net my kop so sak, en ek sê, dankie, Here, baie dankie, en ek staan op die punt, die laaste stukkies teer, en ek kan so sien, daar was verspoeling net anderkant die strook, ek sou haar omgeslaan het as ek nie dáár gestop gekry het nie, dit was 'n bestiering.

Min weet ek, ek en die Here gaan nog baie werk hê om te doen daai dag.

Cairistine "Birdie" Canary

Petrol was gemaak om maklik te brand. En dis juis een van die redes hoekom dit nie so lank kan hou nie. Want as dit te lank staan, dan begin van die elemente wat die maklikste brand, te verdamp. En die ander ding is, hydrocarbons in die petrol begin met die suurstof react, en dit verander die chemical composition van die petrol. Dit contaminate die fuel, dit het gemaak lat Hennie Flaai toe sulke gommerige goed in sy fuel system kry.

Hennie Flaai

Nou staan ek daar op die punt van Thaba 'Nchu se landingstrook en ek moet twee goed doen. Ek moet uitvind hoekom die plugs so vuil geraak het, en ek moet die plugs skoonmaak. Die eerste deel is die maklikste, want toe ek begin soek, toe ek petrol uit al twee die tenks uit tap, sien ek sommer dadelik dis die petrol van die linkervlerk wat so vuil is, sulke stukkies gommerige gemors wat daarin is. Toe worry ek baie, en ek tap die regtervlerk se tenk, en ek sien dis darem skoon.

Nou, daai 172's het drie settings gehad vir die vloei van petrol. Jy kan die linkervlerk se tenk kies, jy kan die regtervlerk se tenk kies, of jy kan hom só stel dat jy uit al twee tenks petrol gebruik, tegelyk. Dis dié derde stelling wat 'n mens maar altyd het as jy vlieg. Maar met die linkertenk vuil, moet ek dit so stel dat ek net die regtervlerk gebruik.

Die lollery is, dit halveer skielik die petrol wat ek oor het. So ek staan daar en ek dink, gaan ek dit huis toe maak?

En ek tap al die vuil petrol uit die linkervlerk uit, om die aerie so lig as moontlik te kry, en ek dink, as ek mooi werk, sal ek dit maak. Met 'n bietjie geluk. En die wind van agter. En die Genade van Bo.

En as die petrol lyk of dit gaan opraak, dan land ek nou maar so naby aan Amanzi as wat ek kan, en ek stap en gaan roep my mense.

Ek meen, wat anders kon ek doen?

En die tyd stap aan, die wolke in die lug word groter.

Maar eers moet ek die plugs skoon kry, en dis weer 'n ander storie. Want die Cessna se plugs, jy kan dink, dis nie soos 'n kar se plugdrade wat jy net kan aftrek nie, die drade is vasgeskroef aan daai plugs. Ek het so 'n klein toolbox in die aerie, en ek weet ek het 'n plug spanner, en ek weet ek het 'n three eighths spanner, maar ek weet ek het nie 'n seven sixteenths nie. En sonder 'n seven sixteenths kan ek nie daai plugs uitkry om hulle skoon te maak nie.

Nou kyk ek, en ek sien, jy het die aankomsgeboutjie van die lughawe, dis verval, alles stukkend. En jy het 'n paar hangars, sulke kleintjies, vyf of ses langs mekaar. En ek loop, en ek sien die hangars se deure is so halfoop, dan weet ek sommer daar's niks in nie. En ek is reg, daar is nie vliegtuie in daai hangars nie. Maar ek hoop en ek bid en ek soek vir hulle deur, en in die tweede laaste een is daar nog 'n werksbank teen die muur af. En dis vuil, so 'n dik laag stof en gemors, en daar's lappe en leë kannetjies, en stukke enjin, en 'n klompie spanners en tange en skroewe en goed, lekker geroes, en ek begin krap en ek blaas die stof weg, en ek sien, maar van dié stukke enjin is 'n 172 se enjin. Nou begin ek weer hoop kry, en ek soek, en waaragtig, daar is 'n seven sixteenths, en ek sê nou vir jou, ek stort 'n traan toe ek daai spanner so in my hand vat.

Ek begin die plugs uithaal en skoonmaak en ek sien hulle is vieslik vuil, maar dis okay. Die tyd stap aan, dit vat mos altyd langer as wat jy dink, en die donderkoppe steek op na die weste toe. Ons praat nou van groot weer, jy kan voel aan die lug, daar's daai elektrisiteit, hier kom moeilikheid.

Toe maak ek gou, so gou as wat ek kan. En ek sit die plugs terug, en ek jaag die beeste so ver ek kan, en ek gooi 'n klomp gras in die lug om die wind mooi te kyk. En hy waai nog steeds noord, so ek kan net omdraai en laat waai, en ek styg op, en die plugs is skoon, en ek kry haar in die lug en ek draai, en ek klim. En nou's dit een oog op die weer en een oog op die fuel gauge, want dis so tweehonderd-en-dertig kilometer Petrusville toe. Daai tyd toe het ek al die Petrusville-vliegveld se aanloopbane mooi skoon-en reggemaak, toe is dit waar ek die Cessna hou, dis so twintig kilometer padlangs van Amanzi af.

Nou vlieg ek, en dit gaan okay. En met so honderd kilo's om te gaan, toe loop draai die wind. Nou waai hy van voor af. En ek weet as hy so aanhou waai, is die petrol wat ek oor het net te min, en die wolke raak dikker en die turbulence raak kwaaier en die wind waai sterker van voor af, maar die enjin loop darem mooi. Nou maak ek somme in my kop, en ek dink, hoër of laer, vinniger of stadiger, wat gaan die beste wees? Want hierdie is touch and go, hierdie gaan baie benoude boude wees. Baie.

Die Cessna se glide ratio is so min of meer vyftien kilometer vir elke tweeduisend meter wat jy hoog is. As alles normaal is. Maar nou is alles nie normaal nie. Teen daardie tyd, toe is ek al baie ligter van die afgetapte petrol en die gebruikte petrol, maar die wind waai teen my, al hoe sterker.

En my glide ratio skat ek op, sê nou maar, twaalf of dertien kilometer vir die tweeduisend hoog. So ek is nog positief, maar hel, daai petrol gauge lê laag, ek het hom nog nooit só laag sien lê nie.

Jy weet hoe dit is, hoe jy sekere goed perfek onthou? Vir my het dit nogal baie met reuke te doen, ek ruik iets, en dan onthou ek so helder. Maar met daai dag onthou ek nie 'n reuk nie, ek onthou 'n toneel, omdat dit so verskriklik mooi was, en omdat ek gedink het ek moet dit nou mooi in my kop bêre, want dis die laaste ding wat ek regtig gaan sien.

Want twintig kilometer van die Petrusville-landingstrook af, toe raak die petrol op. Heeltemal.

Thielert se ratkas: II**Hennie Flaai**

Toe die enjin vrek, toe is dit seker die adrenalien, maar dis asof ek helderder kan sien: Ek is net bokant die tweeduisend meter. Hier onder my is Amanzi se dam, hy strek vyftig kilometer van noord na suid, ek vlieg oos na wes, en sy waters is so blou daai dag. Die son kom so deur die donderwolke, soos 'n heilige lig, ek sê jou, sulke bane, sulke strale, asof die Here wil sê: Ek is nog hier, Hennie, vlieg net daai ding. En die son en die strale blink hier op die water van die dam. En die wolke is só, jy kan hulle nie beskryf nie. Ek is hier bo, net onder hulle, en hulle lê so in linies, soos 'n army wat aankom, sulke torings, hulle is diepgrys aan die basis, so diep hulle is amper swart, maar daar na boontoe is hulle die witste wit, en dit maal en dit kolk daar bo, en jy weet as jy en die Cessna daar in daai kolke beland, as daai konveksiestroom vir jou gryp ... En jy sien die weerlig wat hier anderkant verby jou slaan, van die wolk af na die aarde toe, jy sien hy tref die hoogste berg net suid van Amanzi, en jy weet jou Melinda en die kindertjies en al jou mense het dit seker gesien of gehoor, jy is só naby. En jy sien daai mooie wêreld, die heuwels hier onder en die vlakte van die Karoo wat so uitstrek Petrusville toe, en anderkant verby tot waar die aarde ophou. Wyd lê hy. Jy sien vir jouself en daai kleine Cessna'tjie teen die wolke en die waters en die aarde, jy is net 'n spikkel, só klein, só nietig, en die son skyn

skielik op jou en die lig is soos goud, man, ek sê nou vir jou, dis so mooi jy wil huil.

Maar jy kan nie nou huil nie, want die enjin is dood, die petrol is op, en jy moet darem traai om te land, al weet jy die kanse is nul. Okay, nou nie nul nie, maar as jy 'n weddenskap moet vat, sou die groot geld aan die kant van 'n crash gelê het, want soos ek sê, die glide ratio sê dis net te ver.

As jy dáár bokant die dam is, op daai spesifieke plek, is al jou landingkanse ewe ver. Omdat die dam daar lê, en die heuwels, daar's nie 'n stuk aarde plat genoeg om haar neer te sit nie. En nou glide ek, en ek dink, traai maar vir die aanloopbaan, Hennie, jy ken die approach, jy ken dit die beste. Traai maar.

En ek sweef. Dis 'n weird sensasie, om so te sweef ná die enjin so lank geraas het. Dis skielik so stil en so kalm en so rustig, en ek hoor die donderweer. En ek vlieg in die reën in, en dit kletter en dit spat, en dan's ek weer uit onder die bui, en dis stil, en ek kyk vir die mooi en ek kyk vir die instrumente, en ek dink, wel, minstens is die koring hier, as ek daar duskant die aanloopbaan loop en crash, met die petrol wat op is, sal die Cessna nie brand nie, hulle sal darem seker die wrak en die koring kry.

Die winde van die donderstorms ruk jou dié kant toe en daai kant toe, niks is konstant nie, en alles is woens, die groot ding is om kalm te bly, om nie te oorreegeer of oorkompenseer nie. So ek hou kop, ek moet die koring op die grond kry, dis die ding, maar nou is ek 'n duisend meter hoog en ek sien duidelik ek gaan ver te kort wees, vier, vyf kilometer kort, ek meen, dis 'n ewigheid te kort, dis in-die-water-land te kort. Nou kyk ek en ek sien: Reg oos van die vliegveld maak die dam so 'n snaakse baai, soos 'n pyl se kop, en ek weet daar is 'n tweespoorpaadjie wat afloop na die baai toe, en ek dink, as ek net oor die water kan kom, kan ek hom probeer, hy is sleg en vol slote en klippe, maar dan hou ek minstens die koring uit die water uit. So ek mik en ek bid, en ek weet ek gaan dit nie maak nie, alles sê so, die rate of descent en die afstand en my oë en my kop. Daar is nie 'n kans nie, ek gaan dit eenvoudig net nie maak nie, ek gaan in die dam val, in die water. En toe kom die konveksiestroom, toe kom daai turbulensie wat daai Cessna optel, soos die Hand van die Here. Nou, ek weet dit gebeur. Ek het al gevlieg op die hoëveld in die ou dae, dan vat 'n konveksiestroom vir jou soos 'n hysbak en hy ruk vir jou op, sommer 'n honderd meter, of tweehonderd, dis nie onmoontlik nie. Maar daar oor die dam daardie dag, met daai koring, en die enjin dood en die petrol op, dis nie toevallig nie, dis

die Hand van die Here. Dis nie toevallig dat hy my kom vat nie en hy lig vir my, ek sê nou vir jou, hier by die vyfhonderd, seshonderd meter lig Hy vir my op. Dis 'n wonderwerk, dis niks anders as 'n wonderwerk nie.

* * *

Ons drom saam voor die ou polisiestasie, rondom die sakke koringsaad. Pastoor Nkosi moedig vir oom Hennie Flaaï aan om sy storie ook vir die nuwe aankomelinge te vertel. Oom Hennie het nie baie aanmoediging nodig nie. As hy klaar is, klap die mense hande, en vir hom op die skouer. Hy gee nie om vir die bewondering nie. Hy soek net elke keer na goedkeuring in Melinda Swanevelder se oë. En hy kry dit.

Netnou moet hy die hele verhaal weer van voor af vertel, vir 'n nuwe groep. En elke keer lig die Hand van die Here vir oom Hennie en die Cessna so 'n bietjie hoër op.

* * *

Birdie Canary sê: “Dis die laaste vlug, Hennie. Die petrol gaan van nou af net meer en meer contaminated raak.”

“En as ek dit deur 'n filter druk?”

“Dit gaan nie help nie.”

Hennie lyk gebroke. Sonder 'n vliegtuig is hy net nie meer Flaaï nie.

“Ons het die vliegtuig baie nodig,” sê Pa bekommerd.

Ravi Pillay sê: “Indeed. It's one of our few strategic advantages.” Hy bedoel oor Die KTM en al die ander onheile.

“Ons sal daarsonder moet klaarkom,” sê Birdie.

“Kyk na die koringsaad. Kyk na die skape,” sê Pa. Hy bedoel die meer as vierhonderd skape wat oom Hennie in afgeleë uithoeke van die Karoo met die vliegtuig opgespoor het in die afgelope maand, en toe ekspedisies daarheen begelei het. “Kyk hoeveel tyd en brandstof het ons gespaar.”

“En lewens,” sê Beryl Fortuin.

Pa kyk na Birdie. “Ons moet alles in ons vermoë doen om die vliegtuig in die lug te hou.” Hy sal later baie spyt wees daaroor.

Birdie skud haar kop. “Vliegтуie vlieg nie op diesel nie.”
“Dis nie heeltemal waar nie,” sê Hennie Flaai.

* * *

Birdie Canary is oral betrokke. Sy gee wetenskap-klas vir die oudste kinders, sy lei onderwysers op, sy is al van Desember af permanent op die Komitee, op aandrang van die hele gemeenskap. Birdie is Amanzi se skerpste wetenskap-brein, en haar kennis sluit nie net fisika en chemie in nie, maar danksy haar voorgraadse studies ook so ’n bietjie plantkunde, soos met die geneties-gemanipuleerde saad, en dierkunde.

Sy en Pa het ’n hegte werksverhouding ontwikkel – tot Domingo se frustrasie, want hulle deel ’n verbete vasberadenheid om hierdie gemeenskap te laat oorleef en te laat groei. Naas die tragiese verlies aan menselewens, sê Pa eenkeer, is die grootste skade van Die Koors dat dit ons ontnem het van soveel wetenskaplike en tegnologiese moontlikhede – dit kon al ’n baie beter wêreld gewees het. En Birdie sê: “Exactly! Dis exactly hoe ek voel.” En Nero Dlamini merk ’n paar dae later droog op dat dit lyk of hulle twee eiehandig die tegnologiese en wetenskaplike moontlikhede wil herwin.

Pa en Birdie is onder andere Amanzi se span langtermynbeplanners. Pa ondersteun haar geesdriftig wanneer sy met die eerste Komiteevergadering in Januarie ’n brandstof-voorlegging doen. Sy verduidelik waarom die petrol in vulstasie- en voertuigtenks oor die volgende maande al hoe meer onbruikbaar gaan raak. Sy sê vir hulle ons sal bio-brandstof moet vervaardig. Sy vertel van die verskil tussen etanol en diesel, en verduidelik waarom eersgenoemde onder ons post-Koors-omstandighede nie vir Amanzi geskik is nie (sy sê basies kan ons nie maklik en ekonomies genoeg die nodige hoeveelhede suiker kweek nie). Ons toekoms is diesel. En dat dit ’n bedekte seën is, want al die landbou-implemente werk met diesel.

Sy sê ons moet sonneblomsaad begin versamel om van die volgende somer af aan te plant. En met die sonneblomolie diesel produseer. Dit is nie te moeilik nie. En omdat diesel langer hou as petrol, sal ons nog vir minstens twaalf maande met ou tenkdiesel oor die weg kan kom. Dalk langer.

Dit is waarom Birdie daar voor die ou polisiestatie vir Hennie Flaai sê ons sal sonder 'n vliegtuig moet klaarkom.

Sy weet nie 'n mens kry dieselvliegtuie nie.

* * *

“Daar is 'n paar tipes dieselvliegtuie,” sê Hennie Flaai 'n week later vir die Komitee tydens 'n amptelike sitting. “Maar daar is net twee soorte ingebring Suid-Afrika toe: die Cessna 172TD, wat dieselfde een is as ons vliegtuig, maar net met die dieselenjin, en die Piper Archer DX. Ek weet nie waar die Piper is wat hulle ingebring het nie. Maar net voor Die Koors, toe praat ek en 'n ou by die Heidelberg-vliegveld. Hy't gesê hy was baie lus om 'n TD-Cessna te koop, en hy weet daar is een by die Western Transvaal Flying School op Klerksdorp, en by die Hoedspruit Flying Club in die laeveld. Nou, Klerksdorp se lughawe is naby, net so oor die driehonderd-entertig kilometer van hier af ...”

“That's a dangerous route, Hennie,” sê Ravi Pillay.

“Ek wil nie ry nie, ek wil vlieg,” sê Hennie.

“Ná jou petrol-teenspoed van verlede week?” vra Beryl Fortuin.

“Ek het na ons voorraad gekyk. Ons het nog genoeg skoon petrol, die vuil petrol was in die tenk by die Petrusville-vliegveld. Maar ons sal moet spring, Birdie sê die petrol gaan al hoe vinniger begin degradeer.”

“Dis reg,” sê Birdie.

“So jy wil eers Klerksdorp toe vlieg?” vra Beryl.

“Ja. En as daai vliegtuig reg is, bring ons vir hom terug. Anders vlieg ons Hoedspruit toe.”

“En as al twee vliegtuie onbruikbaar is?” vra Pa.

“Dan is dit nou maar so. Maar as ons 'n vliegtuig wil hê, sal ons moet gaan kyk.”

“How far is Hoedspruit?” vra pastoor Nkosi.

“About eight hundred and eighty kilometers,” sê Hennie.

“Can you fly that far?”

“Easily. The 172 has a range of about one thousand six hundred kilometers.”

“Maar jy moet soontoe en terug, Hennie, dit is meer as 'n duisend-seshonderd,” sê Birdie.

“Ek weet. Maar as ek honderd-en-vyftig liter petrol saamvlieg, sal ek dit maklik maak.”

“What are the risks?” vra pastoor Nkosi.

“Oh, the usual ...” probeer Hennie dit afmaak.

“And what would that be?” vra Ravi Pillay.

“Weather. Mechanical failure. Getting attacked when we land ...”

“We?” vra Beryl. “Hoeveel mense het jy nodig?”

“Net nog een. Julle weet hoe vrot skiet en baklei ek. Ek soek iemand om my te cover as ons op die grond is. Ek sal ’n battery moet saamvat vir die TD en hom insit. Ek sal die tenks se drains moet check, ’n general preflight moet doen, ek sal die aerie aan die gang moet kry. Dit gaan ’n rukkie vat ...”

“Can we afford to send two?” vra Nkosi.

“Dis darem nie so vreeslik gevaarlik nie,” sê Hennie.

“Hoekom sê jy so?” vra Birdie.

“Julle het nie ’n probleem dat ek omtrent elke dag, as die weer reg is, saam met iemand twee-, driehonderd kilometer vlieg om te kyk vir Die KTM of skaap of bees nie. Hierdie is dalk net tot op Klerksdorp. So twee ure se vlieg. Al moet ons Hoedspruit toe, dis net ’n paar uur verder. Al die ander risiko’s bly dieselfde.”

“Dis waar,” sê Pa. “Ons stuur elke dag vier of ses mense padlangs uit. Ons moet nou nie die kluts kwytraak net omdat hierdie deur die lug is nie ...”

“Dis reg,” sê Hennie hoopvol.

“En as hulle ’n dieselvliegtuig kan terugbring ...” sê Pa. “Dis ’n groot prys. ’n Baie groot prys.”

Die hele Komitee, kopnikkend.

“Sal ons stem? Almal daarteen?” vra Pa.

Geen hand in sig nie.

“Fantasties!” sê Hennie Flaai. “Dankie. Baie dankie.”

“Ons moet vir jou dankie sê, Hennie. Dis ’n dapper ding. Wie het jy gedink moet saamgaan?” vra Pa.

Ek sit in die hoek van die vertrek, ek sien hoe Hennie Flaai diep asemhaal en dan vir my kyk en sê: “Nico.”

Thielert se ratkas: III

Soms sal ek in Komiteevergaderings aan die slaap raak. Soms sal dit so verskriklik vervelig wees vir 'n veertienjarige dat ek saggies uitgaan en vir Domingo in die sitkamer gaan help gewere skoonmaak. Vanaand het ek elke woord van die gesprek gevolg omdat dit my verbeelding aangegryp het, veral ná Hennie se koring-sage. Wanneer hy my naam sê, is ek heeltemal stom van verbasing.

Maar dan sien ek die avontuur, en al die roem wat daarmee gepaard sal gaan, en ek sê: “Jis!”

“Bly stil,” sê Pa vir my. En dan vir Hennie: “Jy is seker nie ernstig nie.”

“Dis al hoe ons dit kan doen,” sê Hennie.

“Al? Hoe is dit al?”

“Ek sal die tenks propvol moet maak voor ek vertrek. En ek het vir julle gesê ek moet omtrent honderd-en-vyftig liter petrol saamvat, want ek moet dalk met dieselfde vliegtuig terugkom van Hoedspruit af, as niks reg gaan nie, as al twee die diesel-Cessnas onbruikbaar is.”

“Ja,” sê Birdie. “Maak sin.”

“Honderd-en-vyftig liter petrol is omtrent honderd-en-twintig kilogram. En dan moet ek nog minstens honderd-en-vyftig liter diesel saamvat, want ons weet nie of die TD enige diesel in sy tenks gaan hê nie, of hoe skoon die diesel in sy tenks is nie. En ons moet huis toe kom.”

“Okay,” sê Birdie.

“Dis nog honderd-en-twintig kilogram. En ek moet 'n ekstra gelaaide battery saamvat, want die TD se battery gaan sekerlik pap wees. En ek weeg vier-en-negentig kilogram soos ek hier staan. En dan is daar nog die

gereedskap, en 'n wapen of twee, en ammunisie, en water en kos en 'n paar ander goedjies ... Die ding is, daar gaan nie plek wees vir iemand wat swaarder as vyf-en-veertig, vyftig kilo's weeg nie. Maksimum. En die enigste ou wat kan skiet in daai gewigsafdeling, is Nico Storm."

Doodse stilte. Tot Pa sy kop skud. "Nee," sê hy beslis.

* * *

Ek is veertien, daardie Januarie in die Jaar van die Kraai. Veertien-en-'n-half, soos ek vir Domingo sê.

'n Jaar of twee later sou ek sekerlik in 'n adolessente woedebui – dalk voor die hele Komitee? – vir Pa presies gesê het wat ek van dié flagrante onregverdigheid dink. Ek sou op hom geskree het dat ek op dertien al goed genoeg was om twee mense dood te skiet om sy lewe te red, ek was goed genoeg om bokke te jag en te slag, bloed aan my hande te kry. Op veertien is ek oud genoeg dat hy my afskeep, dat hy al sy tyd vir die mense van Amanzi gee. Op veertien is ek oud genoeg om elke tweede week bo in die reservaat met 'n geweer te gaan sit saam met 'n ander veertienjarige, daar is mos altyd 'n kans dat Die KTM of iemand daar kan uitkom en probeer om ons vee te steel. Maar ek mag nie saam met oom Hennie Flaaï gaan nie?

Ek sou op sestien, in 'n siedende drifbui, venynig vir Pa gesê het dat 'n paar veertienjariges, en verskeie vyftienjariges, in ons gemeenskap al saam op ekspedisies was, verlede jaar, tydens en ná daardie vreeslike winter, toe ons desperaat was. Maar dis ander mense se kinders, of weeskinders, maak hulle lewens dan nie saak nie?

En dan is daar die feit dat Pa tot op datum nog nooit vir my gesê het hy is trots op my oor die trop wildehonde wat ek eiehandig en met groot vernuf uitgewis het om ons veekudde te red nie. Dit is 'n ding wat al maande lank by my broei – waarom praat Pa dit weg, waarom vermy hy die onderwerp en die lof wat my toekom?

Ek soek lof en ek soek roem, soos alle veertienjariges. Ek wil deel wees van die legende van Amanzi, die legende van die Eerstes, die Pioniers, die Geskiedenis makers, die Helde. Ek wil vir Lizette Schoeman beïndruk. Saans lê ek in my bed voor ek slaap, en ek droom drome van my en Lizette, van hoe ek haar red uit die kloue van Die KTM, en sy dan vir my sê: "Nico, jy is die man vir my," en sy omhels my en soen my. As ek saam met Hennie

Flaai kan vlieg, sal Lizette weet ek is groot en oud en dapper genoeg vir haar. Ek wil so graag aangeteken word, oor gepraat word, soos hulle praat oor Domingo se veragte kyk toe Die KTM hom wou skiet, soos Birdie en die hidrokrak, soos Hennie Flaai en die koring. Ek weet ek is bestem daarvoor. Ek wéét dit.

En nou ontnem my pa my daarvan.

Die gewig van die teleurstelling en frustrasie veroorsaak nie 'n tienerontploffing nie, maar net 'n veertienjarige se tranen. Wat ek moet wegsteek. Sodat ek opstaan en deur toe loop en uitgaan en aanhou stap, deur die Orphanage se sitkamer, verby Domingo wat my agternak, uit by die deur, en straat toe, donker toe.

* * *

Pa weet waar ek is. Ek sien hom in die donker teen die heuwel uitklim met 'n flitslig, en eindelijk langs my op die rots kom sit. Ons kyk saam uit na die dorp hier regs en die damwal daar voor, die straatligte soos krale in die nag.

Ek voel die spanning in my pa, ek voel die massa woorde en emosies wat agter sy stilte opdam. Ek wag dat dit moet ontsnap.

Hy sit sy hand op my rug, hy vat my hemp vas asof hy my wil terughou. Ek hoor hy sug. Pa, wat altyd die regte woorde het – en selfs weet waar hulle vandaan kom – het niks wat hy vir my kan sê nie.

Later skuif hy sy hand, hy sit dit op my skouer. Ons sit só, dalk vir 'n kwartier, dalk 'n halfuur, tot Pa sê: “Ek verstaan hoekom jy teleurgesteld is.”

Ek sê niks.

“Kom, ons moet gaan slaap. Môre is 'n lang dag.”

* * *

Hulle kies vir Klein-Joe Moroka om saam met Hennie te vlieg. Klein-Joe omdat hy dapper en onverskrokke is, omdat hy net een-en-sestig kilogram weeg en darem redelik kan skiet. En Klein-Joe is twee-en-twintig jaar oud, want toe Pa sê veertien is te jonk, toe vra die ander vir hom, hoe oud is oud

genoeg? En toe moet Pa standpunt inneem, en hy sê as dit nie 'n noodtoestand is nie, ouer as agttien, darem seker.

Domingo neem vir Klein-Joe onder hande. Hy gee vir hom een van die paar R6-aanvalsgewere wat ons het. Die R6 is gebaseer op die R4, maar dis kleiner, ligter, korter. En beter vir binnewerk, vir die omstandighede wat hulle verwag in vliegtuigloodse in Klerksdorp of Hoedspruit.

Ek is baie jaloers. Ek het nog nooit met 'n R6 geskiet nie.

Klein-Joe stel nie vir Domingo tevrede as skut nie. Die Komitee sê: “Laat hom nog oefen.” Hennie Flaai sê: “Julle is almal so geworried oor die skietery. Ek gaan eers oor die plekke vlieg om te kyk of daar moeilikheid is. Ons gaan nie land as daar gevaar is nie. Ek is nie 'n pampoen nie.”

Domingo laat Klein-Joe nog skiet. Hy raak 'n bietjie beter.

Klein-Joe was nog nooit in 'n vliegtuig nie.

Hennie Flaai neem hom op in die Cessna, een oggend net ná sonop, vroeg in Februarie, net om hom gewoon te maak aan vlieg. Klein-Joe sweet en hy word naar en hy gooi op oor die vloer van die vliegtuig en hy smeek vir Hennie om te gaan land. Terug op moeder aarde staan en bewe hy soos 'n riet, en sê hy is so verskriklik jammer, maar hy sal nie kan saamgaan nie. Hy sal enigiets anders doen, regtig enigiets, maar vlieg sal hy nie kan vlieg nie.

“It is fear of flying, also known as aviophobia,” sê Nero Dlamini. “I can treat him, but it is going to take time.”

Ons het nie tyd nie, want die petrol word elke week nog 'n bietjie slegter.

Ek praat nie met my pa nie.

* * *

Birdie het met draadjies op haar tande by Amanzi aangekom, ses maande gelede. Sy sê dikwels: “Ek weet die goed moet af, maar waar kry ons 'n orthodontist?”

Dan sê Domingo: “Ek sal hulle afhaal, Birdie.”

“Jy? Ek trust g'n former biker met my tande nie.”

Hy grynslag klein en geduldig. Sy is die enigste een wat só met hom praat, wat hom soms so 'n bietjie minder gevaarlik laat lyk. Almal weet Domingo is verlief op haar, almal weet hy probeer al maande lank om vir Birdie op 'n afspraak te vra. “Sal jy saam met my uitgaan, Birdie?”

Sy sê elke keer: “Vir wat? Ek sien jou dan elke dag. En waarheen gaan jy my uitvat? Hier’s nêrens heen om uit te gaan nie.”

Dan knik hy maar en hy loop.

Sy sit op ’n aand in Februarie na Domingo en kyk waar hy besig is om ’n pistool te herbou. Sy sien hoe fyn hy werk, hoe sterk sy hande is, hoe presies sy bewegings. Sy sê: “Okay. Môre haal jy hierdie drade van my tande af.”

Hy kyk op. “Why now?”

“Want dit moes al lankal gebeur het, en ek sien jy kan werk met jou hande. Maar ek sê nou vir jou, as jy my seermaak, sny ek jou water en ligte af.”

“Ouch.”

“My point exactly.”

“Ek kry die tang ...”

“Nee, Domingo. Môre, as die son skyn.”

“Môre trek jy weer kleinkoppie. Of kleinbekkie ...”

* * *

Die volgende oggend kom haal sy hom, en sy gaan sit op ’n stoel by die somer-groentetuin waar die swembad eers was, met haar mond son se kant toe. Pa en Nero Dlamini, Beryl en Melinda Swanevelder gaan saam, uit nuuskierigheid en vir morele ondersteuning.

Ek is in die skool, Nero sal later vertel: Birdie sit in die stoel, klein en weerloos. Groot Domingo wat bo haar staan, as jy nie weet wat hy doen nie, lyk dit na bouse marteling. Maar hy werk so mooi en sag en sekuur met haar. Stadig, versigtig, sy stem paaiend. Hy gebruik ’n draadknipper en ’n langbektang en sy sterk vingers. Hy sê vir haar: “Moenie worry nie, moenie worry nie, ek sal jou nooit seermaak nie.” Hy verwyder die draadjies en die metaal-ankers, hy plaas dit in ’n leë teekoppie, elkeen rinkel fyn as dit daarin val, tot die laaste anker af is.

Nou neem hy die teekoppie en wys vir haar die inhoud en hy sê: “Daar’s hy. Nou skuld jy my dinner.”

“Ek skuld jou niks, ma’ ek sê jou wat, as ek en Hennie Flaai lewendig terugkom, sal ek saam met jou dinner én brekfis.”

“Wa’ gaan jy en Hennie Flaai?”

“Ons gaan die diesel aeroplane haal.”

“Over my dead body,” sê Domingo.

“Dan moet jy maar solank dood neerslaan, Domingo, want ek gaan. I had an epiphany last night: As ek vir myself kan wys ek het die guts lat jy met ’n tang in my mond rondkrap, het ek die guts vir dié trip. En hier is ons nou. Ek is die kleinste, die ligste grootmens over eighteen in Amanzi. En nou gaan jy my leer skiet.”

“Nee, Birdie,” sê my pa voor hy kan keer. “Jy’s te kosbaar.”

Sy staan op uit die stoel uit, sy vat-vat aan haar kakebeen, en sy sê: “So, Willem, some animals are more equal than others?”

* * *

Op Vrydag 12 Februarie in die Jaar van die Kraai kom haal Domingo my uit die skool uit, tienuur in die oggend.

“Jy moet kom leer om met die R6 te werk,” sê hy.

“Hoekom?”

“Jy ry shotgun vir Hennie Flaai op die Great Diesel Expedition.”

OceanofPDF.com

Thielert se ratkas: IV

Ons kom by die skool uitgestap, ek en Domingo. Ek wil weet: “Maar hoe het dit gebeur? Sê my pa dit is okay? Wanneer vlieg ons? Gaan ons nou ...?”

“Nie nou nie.” Kort en kil, sy oë agter die donkerbril.

Ek verstaan nie mooi nie, ek bly stil. Ons klim in sy Jeep. Hy vat aan die sleutels, maar hy draai hulle nie. “My pa was ’n vicious man gewees,” sê hy.

Ek wag dat hy moet verduidelik. Hy kyk in die verte, dan sit hy die Jeep aan en hy ry. Gruisgroef toe. Ek het so baie vrae, ek is baie opgewonde en nou, meteens ’n bietjie bang.

Ons praat nie, tot hy in die gruisgroef stilhou. Hy klim nie uit nie. Hy sê: “Jou pa is ’n goeie man. Dit moes vir hom ’n kwaai difficult decision gewees het. Jy’s nog kind.”

“Maar ek het ...”

“Bly stil. Jy is nog ’n kind. Ek scheme jy wil baie graag ’n grootmeneer wees. We’ve all been there. Ma’ jou pa weet, en ek weet, kind wees, daai innocence ... as hy eers uit is, jy kry nie daai genie terug in die bottel nie. Dis wat jou pa wil doen. Hom so lank daar hou as wat hy kan ...”

Ek wil vir hom sê dit is al klaar te laat, ek wil vir hom vertel van die aand toe ek die twee mans geskiet het. “Domingo, ek het al twee ...”

“Shaddap. Maak nie saak hoeveel honde jy geskiet het nie, jy’s ’n kind, en jou pa protect jou. Ma’ nou het die Committee en die community hulle se trump cards gespeel, en jou pa sit toe met ’n losing hand, en ek voel vir

hom, en jy gaan nie gloat nie, en jy gaan baie, baie humble wees. In fact, as ek vir jou vang dat jy gloat, slat ek vir jou. Versta' ons mekaar?"

"Ja, Domingo." Dit is die meeste wat hy nog ooit op een slag met my gepraat het. Ek is geïntimideerd en geëerd. En opgewonde, want dit beteken 'n klomp opwindende dinge.

"En jou pa het vanoggend twee ure lank met Hennie Flaai gepraat, en Hennie het vir jou pa geconvince hy sal nie land as daar gevaar is nie. So your role is very clear: Jy's net die pass-me-the-spanner-boy. Versta' jy?"

"Ja, Domingo."

Hy kyk lank vir my. Dan is sy stem sagter: "Nou, jy vat die DM saam op die aerie. En hier agter op die seat lê die R6. Hoekom vat jy die R6 ook? Want as julle binne hangars en geboue is, is die R6 die better choice of weapon."

Ek vra nie vir hom waarom ons met die wapen oefen as ek net die pass-me-the-spanner-boy is nie. Ek luister net aandagtig, doen presies wat hy sê.

* * *

Drie-uur kom haal Hennie Flaai my, want hulle wil seker maak ek het nie vliegrees en raak nie lugsiek nie.

Oom Hennie praat die hele tyd met my, hy vertel my wat elke instrument en hefboom doen. Ek dink hy wil my aandag aftrek, hy is net so gretig dat ek dié toets moet slaag. Ek hoor niks, ek wil hê hy moet opstyg, sodat ek kan wys ek is reg.

Toe die aarde wegsak en my maag bollemakiesie maak, is ek 'n oomblik lank doodbang ek gaan siek word. Dan oorrompel die mooi my, die dam wat sigbaar word voor, die uitgestrekte landskap. "Jinne," sê ek. Hennie Flaai glimlag.

Hy gaan soek turbulensie, hy kry dit. My maag draai. Hy hou my dop. "Nee wat," sê hy. "Jy gaan okay wees."

* * *

Ek kry my pa in die laatmiddag by die besproeiingsprojek, ses kilometer rivieraf, waar hy help om beet te oes. Hy sien my aankom. Hy staan op, hou sy rug vas, want dis harde werk, hy vee die sweet van sy voorkop. Ek kan sien hy probeer sy emosies wegsteek.

“Pa, ek sal Pa trots maak,” is wat ek sê, want ek het lank gedink oor wat die regte ding sal wees, wat Domingo bedoel het met “humble”.

“Ek weet, maar ek hoop dit sal nie nodig wees nie,” en hy tree nader om my vas te hou, maar ek wil nie, want Lizette Schoeman staan net twee beetrye verder.

Pa sien hoe ek die omhelsing wil ontwyk, en vir ’n baie klein oomblik is daar iets in sy oë, ’n hartseer, en dan dink ek hy verstaan. Hy vryf my hare deurmekaar met ’n grondbesmeerde hand. “Luister mooi vir Domingo en oom Hennie.”

“Ek sal.”

Ongemak en stilte. Pa knik, hy buk en trek nog ’n beet uit. “Ek hoor jy’t lekker gevlieg?” Want hy het ’n radio op sy heup.

“Dis awesome, Pa.”

Hy glimlag. Trek nog ’n beet uit.

“Het jy al vir Lizette gesê?”

“Wat moet ek vir haar sê?”

Hy glimlag net. “Toe, gaan sê vir haar jy’s die een wat gaan saamvlieg.”

Ek is baie skaam dat Pa weet, dat hy my so maklik lees. “Ek wil nie vir Lizette sê nie.”

Maar ek wil.

“Toe,” sê Pa. “Ek het werk om te doen.”

Ek wik en weeg en bloos. Ek loop eers terug na die vierwiel toe, ek steek vas, kyk vir Pa. Hy fokus op die beet. Ek dwaal in Lizette se rigting. Dan begewe my moed my.

* * *

In die oggend, in die gruisgroef.

“Mense is fragile creatures in ’n hostile environment,” sê Domingo. “Daai is die woorde van my favourite philosopher.”

“Wie’s dit?”

“Nathan Trantraal.”

“My pa het my nog nie van hom vertel nie.”

“Never mind, onthou jy ma’ net sy woorde, ’cause it’s the foundation of survival. And we will be revisiting it, over and over again. Except for a bullet-proof vest is da’ baie min wat jy kan doen aan jou fragility. So combat en survival is mainly about hoe jy jou environment less hostile kan maak. Versta’ jy?”

“Ja.”

“Okay.” Domingo gee vir my ’n mes. Dit is amper dertig sentimeter lank en baie skerp. Swart handvatsel, swart staallem. “Flick knives is vir posers en showmen. In ’n regte knife fight is da’ nie tyd vir flick en afshow nie. So ek gee vir jou hierdie combat knife. Jy dra hom op jou heup.”

“Okay.”

Hy trek sy asem in om te praat, bedink hom en skud sy kop. “Jy’s te jonk vir die goed wat ek vir jou moet leer.”

“Okay.”

“Vir wat sê jy okay?”

“Ek weet nie.”

Hy haal sy donkerbril af. Sy oë is staalgrys en baie ernstig.

“This is combat training. Jy sê net okay as ek sê jy kan okay sê. Jy’s te jonk om die goed te leer, ma’ dis ’n ander wêreld hierdie, and I’ll just have to live with it. En dit help ’n bietjie lat ek gesien het jy het die restlessness. En die hart. Da’ binne is jy ’n predator, ’n warrior, ma’ maybe weet jy dit nog nie. Nee, jy gaan nie nou okay sê nie. Nou gaan jy net luister. Want hier kom die groot les nou. Die heel grootste, vir elke first-time warrior: The other guy wants to kill me. Daai moet jy baie mooi verstaan. Met daai eerste fight, met daai eerste battle, is da’ ’n moment wat jy skrik oor wat jy moet doen. Dis ’n big step, to kill another human being. Selfs as jy die hart het. Selfs as dit in self-defence is. A very big step. So, jy gaan skrik, en jy gaan hesitate. And he who hesitates, is lost. ’Cause you are not making your environment less hostile when you hesitate, you are making it *more* hostile. So just remember: The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die. Om vir my te indicate lat jy verstaan, kan jy nou ‘okay’ sê.”

“Okay.”

“Okay. Jy’t al so ’n bietjie geskiet. Met ’n rifle is dit makliker, da’s hierdie distance tussen jou en jou adversary. Jy kan skrik en jy kan hesitate, ma’ jy kan skiet, want dis nie so kwaai personal nie, and that distance buys you a little time. But a knife fight is extremely close and personal. And

dirty and messy and hectic and chaotic. Jy het al knife fights in movies gesien?”

“Ja.”

“Okay, now let me tell you, daai ouens wat die movies gemaak het, daai ouens was nog nooit in ’n knife fight gewees nie. As a matter of fact, daai ouens wat die movies gemaak het, was nog nooit in enige type of fight gewees nie. Jy weet hoe die ouens in movie knife fights so om mekaar dans-dans, knife in hand? En dan sê die hero ’n cool ding, en dan sê die baddy ’n cool ding, en dan sien jy net ’n blur en dan hoor jy die knife wat so woosh through the air, en die hero spring so mooi weg, just his shirt was ripped to show his sixpack, bietjie bloed, daai soort van ding? Daai is bullshit. Om vir my te indicate lat jy verstaan, kan jy nou ‘okay’ sê.”

“Okay.”

“The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die. Sê dit.”

“Okay.”

“Nee, sê: ‘The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die.’”

“The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die.”

“As jy die mes uithaal, wil jy nie dans nie, jy wil moor. Sê dit.”

Ek sê dit.

“Harder. Say it like you mean it.”

* * *

Die aand voor ons vlieg, kom sê Lizette Schoeman vir my: “Ek dink jy is baie dapper, Nico Storm.”

En sy gee my ’n druk.

Dit is hoekom ek daardie nag nie kan slaap nie.

Pa skryf vir my ’n briefie:

My liewe seun

Die woord “verantwoordelikheid” is ’n interessante een. Ons kan lank gesels oor die stam (“antwoord” uit die Nederlands, dit beteken “teenwoorde”), maar ek wil dit nie ingewikkeld maak nie. “Verantwoordelikheid” beteken in wese dat ons eindelik antwoorde moet verskaf op vrae wat ons geliefdes, ons naastes, of ons gemeenskap van ons vra. (En noudat ek daaraan dink, geliefdes, naastes en gemeenskap behoort sinonieme van mekaar te wees.)

Ons gemeenskap – en jy – het die afgelope week vir my vrae gevra, en my ver-antwoord-elikheid was om in te stem om jou saam met oom Hennie te stuur. Nou is dit my beurt om jou op te saal met ’n verantwoordelikheid, deur jou te vra: Kom asseblief veilig terug.

Ek is baie lief vir jou, en baie trots op jou.

Pa

Daardie briefie lê nou hier langs my terwyl ek skryf.

* * *

Die storie van Hennie Flaai en die koring maak ’n groot indruk op die gemeenskap. Dit is asof sy oorlewing en die graansaad se veilige aankoms ’n teken is dat ons bestem is vir sukses. Voeg daarby die soeke na die een wat moet saamvlieg op die “Great Diesel Expedition”, en die belangstelling in ons sending neem epiese afmetings aan. Daarom dat so baie mense aankom by die Petrusville-vliegveld, net voor dagbreek op die oggend van Saterdag 20 Februarie in die Jaar van die Kraai. Hulle het gery met elke voertuig wat nog kan loop in Amanzi.

Hennie Flaai is baie ongemaklik. Hy kyk oor die skare heen, hy frons diep. “Ek weet regtig nie waarom die bohaai gaan nie,” sê hy vir Pa. “Ons gaan net ’n entjie vlieg.”

Wanneer ons opstyg, waai hulle, en hulle juig, en hulle klap hande. Ek sien oom Hennie hou eintlik net so baie daarvan soos ek. Maar sy oë soek vir Melinda Swanevelder, en myne vir Lizette Schoeman.

OceanofPDF.com

Thielert se ratkas: V

Die sonsopkoms uit die lug uit, op ons hoogte van drieduisend meter, is so mooi dat ek uitroep.

Hennie Flaai haal 'n donkerbril uit sy hemsak en sit dit op. Dan vat hy in sy ander hemsak en haal vir my ook 'n donkerbril uit. “Die lig kan skerp wees hier bo.”

Ek sit dit op. Dit is te groot vir my gesig, dit hou aan afskuif van my neus af, maar ek wens op daardie oomblik ek het 'n spieël gehad om te sien hoe ek lyk. Dit voel nog beter as die sonsopkoms.

Oom Hennie praat nogal baie. Hy verduidelik vir my hoe 'n vliegtuig werk, hy laat my die stuurstang vashou, hy vertel vir my van ander vliegtuie wat hy al gevlieg het, en dié wat hy nog wou vlieg.

Hy wys vir my Hoopstad, die enigste dorp waaraan ons naby genoeg verbyvlieg, hy wys vir my die Vaalrivier. Die res is eentonige landskap daar ver onder. En dan skaars twee uur nadat ons opgestyg het, begin ons sak vir Klerksdorp. Hy wys vir my die goudmyne se hope uitskot wat soos wit wonde in die landskap lê. “Dis wat hulle onder die grond uitgegrawe het,” sê oom Hennie. “Dit sal seker nog vir baie lank daar sit.”

Ons vlieg laag oor die lughawe. “As hier iemand is, sal hulle uitkom en kom kyk,” sê oom Hennie. “Hulle doen dit altyd.”

Ons sien geen teken van lewe nie.

Hy vlieg weer en weer oor die lughawe. “Ek het jou pa belowe ons sal baie versigtig wees ...”

Daar is twee vliegtuie wat buite op 'n teer-vierkant staan. Die een het twee enjins. “Gelukkig is nie een van daai ons TD nie,” sê oom Hennie. “As

hulle so lank buite staan ... Jou groot moeilikheid is reënwater in die brandstoftekniks ...”

Daar is ’n hele klomp groot staal-vliegtuiglloodse, ek tel meer as sestien, sommige lank en groot, ander kleiner en vierkantig. “Ons TD kan in enige hangar wees,” sê Hennie Flaai.

Hy draai en hy gaan land. En dan ry hy met die Cessna al met die teerpaadjie langs wat verby die lloodse loop. Ek sien hy soek vir iets. “Daar’s hy,” sê hy en beduie. Op die kant van die lloods staan *Western Transvaal Flying School*.

Hy draai die Cessna sodat die neus weer terug aanloopbaan toe wys, en dan hou hy stil. Hy skakel nie die enjin af nie. Hy sê: “Sien jy mense?”

Ek het die R6 in my hande, ek wens daar was iemand wat kan sien hoe ek lyk met ’n wapen én ’n donkerbril. In my verbeelding lyk ek net soos Domingo. Maar daar is niemand nie. Ek hoor Domingo se stem in my kop: “Mense is fragile creatures in hostile environment. Vigilance makes the environment less hostile. Gebruik jou oë en jou common sense.”

Ek kyk. Ek vra, soos Domingo my geleer het, waar sou ek weggekruip het, waar sou ek ’n lokval gestel het?

Ek sien niks. “Nee, oom,” sê ek vir Hennie Flaai.

“Okay, kom ons klim uit.”

* * *

Ek wil, terwyl ek hier skryf, onthou presies hoe dit was om veertien-en-’n-half te wees.

Ek kan nie. Ek word verblind deur die kennis van wie ek nou is, die man wat ek geword het.

Ek verbeel my ek het op daardie dag reeds die voortekens van die onvergenoegdheid in my gehad, die rusteloosheid, die vae vermoede dat ek dalk nie heeltemal soos Hennie Flaai is nie. Of Nero of die pastoor, of Jacob. Of Pa. Dat ek anders was, dat ek meer soos Domingo was, of dan minstens al klaar die potensiaal gehad het om soos hy te word.

Dalk is dit waar. Dalk was dit alles sluimerend in my.

Of dalk nie. Miskien was daardie paar dae die kantelpunt, die vurk in my pad. Miskien het ek ewe veel die vermoë gehad om my pa te word, dit was

dalk net die gebeure rondom die Great Diesel Expedition wat my lot en my karakter bepaal het.

Op die verlate lughawe buite Klerksdorp klim oom Hennie uit die 172 en steek dadelik 'n sigaret aan. Hy trek die rook diep en behaaglik in. Ek het die R6, ek doen wat Domingo gesê het ek moet doen, ek kyk na al die plekke, al die tekens wat hy vir my geleer het, maar daar is geen gevaar nie, dis net ons twee.

Ek onthou: Ek wil hê iets moet gebeur, ek weet ek is verlig en bly dat Hennie Flaai die loods se deur ooptrek en met teleurstelling sê: “Blikslater.” Want ek wil hê hierdie avontuur moet langer duur, dit moet dramaties wees, dit moet moontlikhede vir heldhaftigheid bied.

“Wat is dit?” vra ek terwyl ek nog buite is.

“Hulle ... Die ding gaan nie vandag kan vlieg nie ...”

Hy verdwyn in die skemer van die vensterlose loods. Ek kyk nog een keer buite, na die ander geboue, na die horison. Ek loop agterna. Daar is drie vliegtuie binne. Die een in die middel lyk baie soos ons 172, maar sy enjin is uitgehaal, dit hang van die dak af aan 'n dik ketting.

“Dis die TD,” sê oom Hennie. “Ons sal moet Hoedspruit toe.”

Ek is bly. Kinderlik en opgewonde bly. Soos 'n veertienjarige.

* * *

Ons vlieg oor Johannesburg en Pretoria. Op drieduisend meter is daar nie veel te sien nie.

'n Oomblik van opwinding: Ons sien vier groot vragmotors agter mekaar op 'n dubbelpad, asof hulle in konvooi ry. “Dis die N4,” sê oom Hennie. “Ek wonder waar hulle heen op pad is. En wat hulle dra.”

Ek is vir 'n rukkie in verwondering, want ek besef vir die eerste keer daar is ander mense, ander gemeenskappe wat ook 'n nuwe begin maak, wat ook sukkel en stry en bou en hoop.

Elfuur in die oggend wys Hennie met sy vinger na die noorde toe. Spikkels, 'n duisend spikkels in die lug. Ons vlieg al hoe nader. Die spikkels is voëls. Ons vlieg oor die swerm wat swiep en draai en sweef. Oom Hennie gee vir my die verkyker aan.

“Dis kraaie,” sê ek.

“Nou wonder ek hoekom. Hulle maak nie gewoonlik só nie.”

My pa sou geweet het. Of 'n teorie gehad het.
Ons begin daal vir Hoedspruit.

* * *

Oom Hennie kry die Cessna 172TD in 'n enkelvliegtuigloods nadat hy 'n slot met 'n breekstaaf moet afkap. Hy kyk terug na waar ek by die ou petrol-Cessna staan en hy sê: “Kom kyk, Nico, dié ding is splinternuut.” Hy met die pistool op sy heup, hy van wie Domingo vir my gesê het: “Hennie skiet orraait.”

Ek is onwillig om te gaan kyk, om my waaksaamheid te verslap, want dit is 'n vreemde plek hierdie. Die sweet stroom my af, dit is drukkend en bloedig warm. Die aanloopbaan is in die dorp, daar is huise en wat lyk na 'n winkelsentrum reg langs die vliegveld, ons het oor 'n gewone vulstasie ingekom toe ons land, daar kan mense enige plek wegkruip. En ek het 'n voorgevoel, 'n ongemak, iets wat sê dit is 'n baie “hostile environment”.

Hennie Flaai draf terug, sigaret tussen sy vingers, om ons ou Cessna se enjin af te skakel. “Nico, kom kyk,” maar in die skielike stilte hoor ek die dik tapyt van klank, insekte, iets anders, dit is soos daardie dag op Koffiefontein, daardie laatmiddag toe die honde ons aangeval het, só broeiend en onheilspellend. Hy trek die loods se skuifdeure wyd oop, ek sien 'n glimp van die Cessna. Ek druk die R6 se veiligheidsknip af en ek wil sê: “Oom Hennie, ek dink hier is iets,” maar ek het nie rede nie, behalwe vir die gevoel. Ons het vier keer oor die dorp gevlieg. Hy het met sy vinger ooste toe gewys en gesê: “Die lugmagbasis lê daar, net tien kilometer van ons af.” Ek en hy het mooi gekyk na tekens van lewe en toe kom land ons. Die Cessna 172TD was in die sewende loods wat oom Hennie oopgemaak het.

Ek haal die donkerbril af, vee die sweet van my voorkop, sit die bril op, kyk weer na die beboste oorkant, die beboude duskant.

Iemand hou ons dop, ek voel dit. Ek staar, ek soek, ek draai om en om.

“Wat makeer jou, Nico?”

“Niks, oom,” en ek loop in die loods in en die Cessna staan daar, spierwit, met sulke swierige grys en swart strepe oor sy kant.

“Hierdie aerie het nog skaars gevlieg.” Hy het al die deur oop, hy klim in, kyk alles deur, doen iets, en sê: “Ja, ek sal daardie battery maar moet insit.”

Ons loop 'n paadjie deur die lang, groen gras tussen die aanloopbaan en die loods, dit was seker eens 'n grasperk gewees. Ek help hom om goed aan te dra – die gereedskap, die battery, die kanne diesel. Ek sit die R4 teen die binnemuur neer. Tussendeur loop ek met die R6 om die loods, kyk rond, ek kan nie die gevoel afskud dat iemand vir ons sit en kyk nie.

Oom Hennie gaan staan voor by die skroef, hy ruk en pluk daaraan met sy hande, hy sê: “Nee wat, die enjin is nie gelock nie, alles is net hunkydory.”

Hy het 'n handpomp, tap die diesel oor na die TD se vlerk-tenks. Hy sê: “Ek dink ons moet weer terug Klerksdorp toe, ek dink ons moet daai enjin gaan haal ...”

“Dis reg, oom.”

“... vir die Thielert-gearbox.”

“Oom?”

“Kom ek vertel jou 'n ding, Nico: Toe hulle propeller-vliegtuie begin bou het, toe kom hulle agter as die propeller te vinnig draai, dan loop sy punte vinniger as die spoed van klank, en dan werk die propeller nie meer so goed nie.”

“Hoekom is dit?”

“Ek ... As ek reg onthou, raak die *drag* dan te groot. So iets ... In elk geval, die sweet spot is so tweeduisend-sewehonderd revs per minuut, dan werk die prop op sy beste. Maar lae revs het groot krag nodig, so die enjins van daai tyd se vliegtuie was groot. Toe hulle dié Cessnas die eerste keer gebou het, in die negentien-vyftigs, was petrol goedkoop, so groot enjins was nie 'n probleem nie. Toe bou hulle 'n enjin van vyf punt twee vier liter, daai ding maak honderd-en-sestig perdekrags. Toe later, toe petrol baie duur raak, toe moet hulle weer dink. Die interessante ding is, as jy 'n dieselenjin kan laat loop teen vyfduisend revs, maak hy dieselfde perdekrags as daai groot enjin, maar hy gebruik baie minder brandstof. Nou is jou moeilikheid, hoe kry jy 'n enjin wat teen vyfduisend RPM loop om 'n propeller teen net tweeduisend-sewehonderd revs te laat draai, Nico?”

“Ek weet nie, oom.”

“Jy bou 'n gearbox wat die revs afbring. En dis toe wat hierdie Duitse maatskappy gaan doen het. Thielert. Hulle bou toe 'n gearbox vir 'n

dieselenjin. Daar is só 'n gearbox in hierdie aerie waarop ek nou sit.”

“Okay ... Maar hoekom moet ons weer Klerksdorp toe?”

“Skuif vir my daardie kan diesel nader ...”

Ek doen dit. Oom Hennie druk die voerpyp in en begin weer pomp. “Die probleem met Thielert se gearbox was dat jy hom elke honderd-en-vyftig uur moes laat inspekteer. In Duitsland. Thielert het jou nie gecharge vir die inspeksie nie, maar dit het jou nog steeds die posgeld en die tyd gekos om die gearbox van hier tot daar en terug te kry. En toe gaan staan en speel Thielert bankrot, en toe kos dit jou skielik agtduisend dollar om die gearbox by ander ouens te laat inspekteer. En toe vlieg net die baie ryk ouens met hulle 172TD's, want dis net te duur. Dis seker hoekom hierdie een omtrent nooit gebruik is nie. Ons gaan terug Klerksdorp toe om daai gearbox van daai TD te gaan haal. Sodat ons twee het. Sodat ons die een in die vliegtuig kan hê wanneer ek die ander een uitmekaar haal vir inspeksie. Dan is die Cessna altyd reg vir aksie.”

“Cool,” sê ek.

“Dit sal ons nie meer as 'n ekstra halfuur kos nie. Maar kyk daai weer ...” Hy wys na buite.

Ek kyk deur die oop deur, ek kyk op. Maar dit is 'n beweging hier onder wat my aandag trek.

Ek snak van die skrik, iets, 'n skadu het beweeg in die lang gras naby ons. Ek vat die R6 vas, vinger op die sneller.

“Wat is dit?” fluister oom Hennie.

Ek wil vir hom wys hy moet nou doodstil bly.

Ek sien iemand opspring uit die gras. Hy kom reg op ons afgepyl.

Thielert se ratkas: VI

Dit is 'n kind, 'n seuntjie, sy ligbruin hare lank, sy lyfie okkerneutbruin, poedelnakend, hy is vuil, sy gesig en sy voete en sy hande is smerig, hy kom reguit na my toe aan.

Ek dink aan die lokval waarvan Beryl Fortuin vertel het, die mans wat die kinders gebruik het om haar te laat stilhou, ek hoor Domingo se opleiding, “maak jouself 'n klein teiken”. Ek sak op my knie, die R6 teen my skouer, en beweeg die loop om die sigbare area agter die kind te dek.

“Oppas ...” sê ek vir oom Hennie.

Die seuntjie kom by die loods ingehardloop, hy steur hom nie aan die geweer nie. Sy gesig is vol vrees en hoop, hy hardloop teen my vas, gooi sy hande om my nek, hy druk my styf vas teen hom.

Daar is niemand agter hom nie.

“Hallo,” sê ek.

“Hallo,” sê hy. En hy lag met groot verligting en blydschap. Die twee rye wit tandjies is 'n verrassing binne die vuil mondkring, en hy sê weer: “Hallo, hallo.”

Hy ruik na vuurrook en piesangs en ontlasting.

* * *

Dis net hy, daar is niemand anders nie.

Ek vra hom wat sy naam is.

“Okkie.”

Wat is sy van?

Hy trek sy skouers op. “Weet nie.”

Hy sê vir oom Hennie hallo, maar hy bly hang aan my.

Ek vra hom hoe oud hy is.

Hy hou vyf vingers in die lug. En dan maak hy die een weer toe. Vier. Dalk. Want hy lyk nie heeltemal seker nie.

“Kom. Ouma,” sê hy en trek my hand in ’n rigting.

“Wag, wag ...”

“Kom.”

“Is hier ander mense?”

“Kom. Ouma.”

Oom Hennie staan nou buite die loods en sy oë soek saam met myne. Hy skud sy kop. “Ek sien niemand nie ...”

Ek is onrustig, onseker.

Okkie hou sy armpies sodat ek hom moet optel. Ek kyk na hom. Hy is te klein om nou hier iemand se lokval-opdragte uit te voer, heeltemal te klein.

Ek moet die R6 skuif om hom op te tel. “Waar’s Ouma?”

“Daar,” sê hy en wys met sy vieslike vingertjie, ons moet na die hoë draadheining toe loop, na die weste toe. Daar is huise anderkant die draad, anderkant die straat. Ek dra hom op my linkerarm, my regterarm hou die R6 gereed. Ek staan en luister en kyk.

“Kom,” gebied hy, ongeduldig.

Net die geruis van die insekte. Ek stap.

“Ek gaan solank hier aan,” roep oom Hennie.

Ons skuif deur ’n gat in die draad, ons stap oor die straat. Na links is die vulstasie, na regs is die huise. Hy wys na die huis op die hoek.

Ek ruik al die dood, vyf treë van die voordeur af. “Ouma,” sê hy. “Ouma slaap.”

Op die stoep is tekens van aktiwiteit – ’n braai-konka met potte en panne en ’n ketel op, kookgereedskap. Leë blikkies, ’n waterbottel, piesangskille.

Ek maak die deur oop. Die reuk is oorweldigend. Ek hoor die brommers en die vlieë. Sy lê in die sitkamer. ’n Ou gryskoptannie. Sy het vir hulle kos voorgesit, daar is borde en ’n glas en ’n koppie op die tafeltjie voor die rusbank. Sy het daar inmekaar gesak, sy lê skuins oor die bank.

“Ouma slaap,” sê hy weer.

* * *

Langs die Total-vulstasie is 'n Spar-supermark. Okkie ken dit, hy wys na 'n gang. "Sweets," sê hy. "Als klaar." Gelate met sy lot.

Al die gebottelde water is weg, daar is min kos oor in die supermark, maar daar is baie seep en sjampoe en tandepasta en waslappe. Ek neem daarvan en loop met hom terug na oom Hennie in die loods toe. Ek het reënwater in 'n halwe plastiekdrom daar gesien.

"Waar's Ouma?" vra oom Hennie toe ons aankom.

"Ouma slaap vir altyd." Okkie eggo my trooswoorde. Ek het vir hom met groot geduld op sy ouma se stoep verduidelik. Hy het net aangehou om instemmend te knik, ek het nie geweet of hy verstaan en aanvaar nie. Nou sê hy die woorde natuurlik dog met 'n sekere oerwysheid.

"Kom," sê ek. "Ons moet jou was."

"Ja. Okkie se bas was."

Ek glimlag, wonder of sy oorlede ouma hom só geleer het. "Ja, Okkie se bas was."

Ek was vir Okkie. Toe ek klaar is, is die water diepbruin.

* * *

Oom Hennie sit die nuwe Cessna, die TD, aan, en die dieselenjin loop mooi, en Okkie skrik hom boeglam vir die lawaai.

"Dis net die vliegtuig." Ek moet skree om hoorbaar te wees.

Hy kom spring in my arms, sy oë groot van die skrik, begin huil, sy arms styf om my nek. Sy hare ruik na sjampoe.

"Dis net die vliegtuig, moenie bang wees nie, ons gaan met hom vlieg, ons gaan hoog in die lug in."

Hy lig sy koppie uit my nek uit, kyk dan versigtig na die Cessna. "Vliegtuig," sê hy.

"Dis reg. Ons gaan Amanzi toe."

Oom Hennie sit die Cessna weer af. Hy wys buite, na die wolke wat opsteek. Hy sê: "Daardie weer ... ons moet nou nie gaan staan en moeilikheid soek nie. Ek dink ons moet oorslaap, Nico. Dan kom ons vroeg

môreoggend weg, dan is daar genoeg tyd om nog in Klerksdorp te land en daai enjin te laai.”

“Dis reg, oom Hennie.” Want Pa-hulle weet die kanse is goed dat ons ’n nag gaan uitslaap, ons het dit bespreek.

“Ons het plek vir Okkie, nè?”

Oom Hennie lag. “Ja, hy weeg minder as daai battery wat ons saamgebring het.”

* * *

Ek sê vir Okkie ek gaan net gou matrasse soek vir die slaap, hy moet by oom Hennie bly.

Hy loop agter my aan.

“Jy het ’n skaduweetjie gekry,” sê Hennie Flaii.

Ons eet voor dit donker word. Ons stoot die groot deure van die loods toe om die insekte weg te hou van ons kerse. Daar is twee klein vensters aan die agterkant, waar die motte in hul honderde versamel.

Ná donker, ’n diep, onheilspellende geluid.

“Daar’s hy,” sê Okkie. “Ou grote.”

“Dis ’n leeu,” sê oom Hennie. “Die Krugerwildtuin is net hier anderkant.”

“Leeu,” sê Okkie. “Ou grote.”

* * *

Ek kan nie slaap nie. Die nag is sweetwarm, en Okkie dring daarop aan om styf teen my te lê. As ek wegskuif, skuif hy nader.

Ek moes ingesluimer het, want ek word skielik wakker, ek hoor die geluide buite, ek besef Okkie lê nie langs my nie. Ek gryp die R6, ek sien deur die agterste vensters iets beweeg, iets groot en stadig.

Okkie staan by die venster. Hy kyk buitentoe. Ek loop vinnig na hom toe, sit my arm om hom. Hy kyk sameswerend na my, sit sy vingertjie op sy mond. Hy fluister. “Sjuut. Olifantjies.”

Die massiewe vorms kry ’n naam.

Ek hoor 'n olifant se maag wat rammel, verrassend diep en luid, reg langs die dun staal van die muur.

En dan laat die olifant 'n wind, komies, rollend, eindeloos lank.

“Askies,” sê Okkie, sit 'n skaam hand voor sy mond en giggel.

Ek veg teen die lag, so hard dat my oë traan.

Oom Hennie slaap vas hier langs ons.

“Hy’t gepoep,” fluister Okkie, asof dit 'n groot skande is.

* * *

Ons styg op oor die gholfbaan. Okkie sit op my skoot. “Kyk, Nico,” sê hy. “Kyk!” Hy wys na die trop olifante wat daar wei, onverstoord.

“Hulle het seker lankal die wildduin se drade platgeloop,” sê Hennie. En dan: “Nou wonder ek hoe los en hoe naby was daai leeu gisteraand?”

Okkie boots die geluid van die olifant se middernagtlike wind na, met verstommende akkuraatheid.

Ons skaterlag, ek en hy.

Die nuwe vliegtuig is in 'n uitstekende toestand, binne en buite, stiller, mooier, lekkerder.

“Hel, die ou girl vlieg soos 'n droom,” sê Hennie.

Nou wil ek nie meer hê iets dramaties moet gebeur nie. Nou wil ek huis toe, om Okkie vir Amanzi te gaan wys. En Amanzi vir hom.

* * *

“Ons moet maar roer, ek hou nie van die weer nie,” sê oom Hennie Flaa en hy vlieg laag oor die Klerksdorp-lughawe se geboue. “Sien jy iets?”

Met Okkie op my skoot is dit moeilik om mooi te kyk. “Nee, oom, hier’s niemand nie.”

Hennie land, hy rol tot by die loods waarop *Western Transvaal Flying School* staan, hy draai om en skakel die enjin af. Ons klim uit, hy gaan kyk weer dadelik na die enjin binne wat ons wil saamvat. Hy roep: “Nee wat, hier was nog niemand nie.”

Ek en Okkie gaan ook in. Die R6 is aan my skouer. Die mes is op my heup. Oom Hennie se pistool is in sy gordel gedruk. Hy staan, hande op die heupe, op na die kettingtakel waaraan die enjin hang. “Ek gaan hom laat sak tot op die stuk bokseil. Hy gaan te swaar vir ons wees, ons moet hom maar so stukkies vir stukkies aanskuif, so op die seil. Die geneuk gaan wees as hy in die aerie moet in.”

Okkie skrik vir die rammel van ketting toe die enjin tot op die grond sak, hy spring in my arms. Ek lag, ek sit hom neer, ek sê: “Wag, ek tel jou netnou weer op.”

Hennie maak die ketting los. Hy vat die bokseil se twee punte eenkant, ek vat anderkant. “Op drie,” sê hy. “Een, twee, drie.” Ons beur, en ons skuif ’n driekwart meter. My R6 val van my skouer af. Ek los eers die seil, neem die geweer, ek plaas hom bo-op die enjinlose Cessna se vlerk, buite Okkie se bereik.

Oom Hennie sê: “Ja, goeie idee,” en hy haal die pistool uit sy gordel en kom sit dit langs die aanvalsgeweer.

Ons gaan buk weer. “Een, twee, drie.” Skuif die enjin. Dit is swaar. Hennie Flaai is baie sterker as ek. “Een, twee, drie.” Skuif die enjin. My vingers en hande kramp. “Een, twee, drie.” Skuif.

Eindelik uit by die deur. Ons rus. Ons skuif hom tot buite, nader aan die vliegtuig. Dan tot by hom. Ons rus vyf minute.

Okkie is binne, hy speel met iets wat hy daar opgetel het.

Ons tel die enjin op om dit in die Cessna te laai. Oom Hennie se oë en sy nek swel op, sy gesig rooi van die inspanning, hy steun, daar is ’n oomblik wat ek voel ek kan nie meer nie, dan is hy in en Hennie skuif hom dieper, en hy sê: “Allamaskas, vat vyf,” en hy wil my hand klap soos ’n high five, maar dis mis. Ons lag albei.

“Kom, Okkie,” sê ek en ons loop terug na die loods toe. Ons gaan in.

Okkie sit net binne die deur, teen die muur. Hy het ’n botteltjie met blink boutjies en skroefies in.

Hennie loop tot in die middel, kyk rond. “Wat kan ons nog vat?” wonder hy.

Ek buk om vir Okkie op te tel. Ek hoor die voeteval, ek kom orent. Buite. Iemand. Ek reageer te stadig, ek is verdwaas, verras, ek skrik. Ek los vir Okkie, ek ruk om, geweer toe. ’n Man in die deur, pistool in sy hand, nog een agter hom. Die voorste een kyk na oom Hennie, kyk na my. Hy lig die pistool, hy skiet na Hennie Flaai. Ek sien al twee die mans se oë is

terselfdertyd wild en vasberade, doelgerig en woedend. En hulle grynsag,
asof hulle genot uit hierdie oomblik put, uit ons skrik en ons bang.

OceanofPDF.com

Thielert se ratkas: VII

Ons onthou die oomblikke van vrees, verlies en vernedering die beste. Ons onthou die detail van beweging, van uitdrukking, van emosie, van reuk en klank en kleur. Die kleur van bloed, die smaak daarvan, die tekstuur.

Die koeël klap vas teen die vliegtuig agter, hy het oom Hennie gemis. Die man was te haastig, hy het alles wat Domingo my geleer het, verkeerd gedoen. Dit sien ek en weet ek, op daardie oomblik, met 'n vlietende verligting: ons het 'n kans.

Ek is by die R6, ek draai my rug op hulle om die kort, outomatiese geweer te vat. Ek swaai, my hande bewerk die R6, al die oor en oor oefen in die gruisgroef wat inskop, ek span die R6, ek mik, ek skiet.

Die adrenalien hamer deur my, ek swaai te ver. Ek tref die een met die pistool, maar in die heup, die ander twee skote te wild, dak toe.

Ek sien hoe die agterste man afkyk na Okkie daar langs die deur. Hy steek die kind met 'n lang, dun swaard of 'n dolk, 'n tuisgemaakte wapen, die handvatsel is van vuil lappe, dig geweef. Okkie sit langs die deur, sy gesiggie verskrik en verstom, die man sien die kind, die naaste mens aan hom, en hy steek vir Okkie.

Hoekom het hy die kind gesteek? Vier jaar oud, hoekom het hy die kind gesteek?

Iets breek in my, iets wat nog heel was. Woede ook, verwoestende woede.

Die een met die pistool ruk van die koeël in sy heup, hy gil hoog, swaai die pistool terug om dit op my te rig.

Die woede en die skok van die dolk in Okkie verlam my. Die pistoolman trek die sneller. Die wapen slaan vas met 'n metaalklank, 'n storing. Hy

besef dit, reageer, hy kom na my toe, storm op my af. Sy oë is nou anders, wild, maar bang-wild.

The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die.

Ek kom tot verhaal, ek rig die R6. Hy gryp die geweer se punt, hy ruk dit op, boontoe, my vinger druk die sneller, die skoot knal, dit tref sy wangbeen, dit ruk vlees en been uit sy gesig, hy skree, hy het die geweer in al twee sy hande, hy is baie sterk, hy het die loop beet, hy ruk dit uit my hande uit.

The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die.

Ek vat die mes, ek trek dit gladweg uit sy skede, ek druk teen hom aan, hard teen die man, ek wil hom nie kans gee om die geweer om te draai nie. Ek steek hom.

Da' is six angles waarmee jy met 'n mes kan attack. Hierdie een is die forward horizontal strike, coming in parallel to the ground. Jy attack die soft, vital target areas. Net hier ...

Hy val vorentoe, op my. Ek tree terug, ek gryp die geweer. Hy klou daaraan vas. Ek steek weer, ek steek hom in die hart. Hy tuimel ineen, op my. Ek wurm onder hom uit, spring op, kyk:

Okkie lê by die deur. Daar is bloed aan sy lyfie.

Die ander man, dolkman, is op oom Hennie. Oom Hennie hou die hand met die lang dolk vas, hy keer om nie in die bors gestek te word nie. Hulle maak geluide soos diere. Ek kyk terug na die man hier voor my voete. Hy lê op die geweer, hy lê stil, ek los my mes, ek vat my geweer, maar kry hom nie onder die man uit nie. Ek vergeet van oom Hennie se pistool op die vliegtuig se vlerk, my woede is te groot. Ek tel die mes op, ek hardloop na die dolkman toe, waar hy op bo-op oom Hennie beur.

In die nek kry jy die carotid arteries. Hier, en hier, al twee kante van die nek. Dis goeie targets, body armour maak die carotids gewoonlik nie toe nie.

My gevegsmes is vlymskerp. Ek sny die dolkman se nek, diep, eers die een kant, dan die ander. Die bloed spuit oor my, warm, nat en klewerig. Hy val. Oom Hennie kom onder hom uit, hy haal hygend asem, hy strompel orent, hy gaan vat sy pistool.

Ek is by Okkie. Ek sien sy oë is toe. Ek hoor Domingo se stem in my kop, *ek gaan jou leer om 'n paar field dressings te doen*, ek hardloop Cessna toe, my rugsak is daar.

Skote binne.

Ek kry die rugsak, ek hardloop terug. Hennie Flaai staan met sy vuurwapen in sy hande, hy het vir pistoolman in die kop gaan skiet. Oom Hennie staan nou dubbel gevou, hygend, hy wil opgooi. Ek gaan sit op my knieë by Okkie, ek ruk die sak oop, kry die klein pakkie, die noodhulp-goed, my hande bewe, dis glad van die bloed, die man s'n, Okkie s'n. Ek kry die verbande, ek vee die bloed weg van Okkie se buik. Die wond sit daar, diep en lelik en bebloed. Ek gryp die ontsmet-poeier, ek byt die pakkie oop met my tande, ek strooi dit oor die wond. Ek druk die verband teen die wond. Ek kyk op. Oom Hennie staan daar.

“Kom help my,” sê ek.

Hy hoor nie.

“Oom Hennie!”

Hy kyk skielik na my. Dan kom hy.

“Druk die verband teen die wond,” sê ek.

“Here,” sê hy, en doen wat ek vra.

Ek steek my hand in die sakkie, ek soek die supergom, kry dit.

Hulle het superglue uitgevind om combat wounds te dress, jy druk die twee kante van die wond so teen mekaar.

* * *

Twee ure se vlieg Amanzi toe. Ek sit met Okkie op my skoot. Sy mondjie is oop, ek hoor hoe sukkel hy om asem te haal, soms dink ek hy haal nie meer asem nie, ek hou hom vas, ek hou hom styf teen my vas, ek probeer hom warm hou.

Ek wil huil, in daardie twee ure.

Hoekom het hy die kind gesteek?

Ek huil nie.

Ek wil nog iemand doodmaak, hoekom het hulle ons kom aanval? Wat wou hulle hê? Hoekom het hy die kind gesteek?

Ek kyk een keer na oom Hennie. Hy is baie bleek. Hy het van dolkman se droë bloed op sy gesig, op sy hemp en broek, op sy kaal arms. Hy sien ek kyk na hom. Hy sê: “Jy moet weet, ek vlieg so vinnig as wat dié ding kan.” Hy klink so moeg.

Ek sien die dam, Amanzi se dam.

Okkie haal hortend en hygend en sag asem.

Hy moenie doodgaan nie.

Ons daal.

Oom Hennie vlieg laag oor die dorp. Ek sien mense uitkom en waai. Blydschap.

Hy draai Petrusville se vliegveld toe. Hy gaan kyk eers na die windkous, hy sirkel om van die suide af te kom land.

Oom Hennie se bakkie staan daar langs die loods. Hy ry met die vliegtuig tot langs hom. “Kom ons kry hom by Nero.”

* * *

Halfpad Amanzi toe kom Domingo op die motorfiets. Hy sien ons, hy draai om, hy ry tot langs ons. Hy is onsigbaar agter die valhelm, maar ek kan sien hy draai sy kop om in te kyk. Ek weet hy sien my, die droë bloed, die kind in my arms. Hy versnel vooruit.

* * *

Domingo staan by die deur van die Orphanage. Hy roep na binne, na Nero, Beryl en Melinda Swanevelder. Ek kom met die kind in my arms, ek hardloop met die geplaveide paadjie op. Domingo wil vir Okkie uit my arms vat.

“Nee,” sê ek.

Ek huil. Ek weet nie waarom ek op dáárdie oomblik begin huil nie. Nero sal later, wanneer hy op Pa se versoek “traumaberading” met my doen, sê ek het begin huil omdat ek die verantwoordelikheid aan Beryl kon oorgee om vir Okkie lewend te hou. Ek kon die verantwoordelikheid om vir hom en vir oom Hennie veilig te hou, aan Domingo oorgee.

Ver-antwoord-elikheid.

Nero sal sê dit was ’n fout om my te stuur. Nero sal sê ons moes na my pa geluister het.

Oom Hennie kom agterna, hy sê vir Nero en vir Beryl die kind is in die maag gestek, hy sê ons het die bloeding gestop.

Ek lê vir Okkie neer op die bed in die Orphanage se siekeboeg. Ek sê:
“Nero, jy mag hom nie laat doodgaan nie.”

Ek onthou die uitdrukking op Nero Dlamini se gesig, die wanhoop.

OceanofPDF.com

Okkie Storm

Soos opgeteken deur Sofia Bergman. Voortsetting van die Amanzi-geskiedenisprojek, ter nagedagtenis aan Willem Storm.

Ek onthou niks van vóór Amanzi nie. Heeltemal niks. Ek onthou niks van my ouma en Hoedspruit en Klerksdorp en die vliegtuig en die man wat my gesteeek het nie. Kyk ... Hier sit die litteken nog ... Ek weet nie wat my regte naam is nie. Ockert, miskien? Ek weet maar net wat my ouboet my vertel het. My ouboet Nico. Hy is nie regtig my ouboet nie, ek weet “Storm” is nie my regte van nie, maar dit ... Ek dink nie dit maak saak nie. Wat saak maak, is dat Nico en oom Hennie my lewe twee keer gered het; een keer op Hoedspruit, toe hulle my saamgevat het, en toe weer op Klerksdorp, toe Nico die wond met die supergom toegeplak het. Nero sê dis wat my gered het, want toe ek hier aankom, het hy net vir my ’n drup opgesit vir die hidrasie, en antibiotika gegee, daar was niks anders wat hy kon doen nie.

Nico het vir my van kleins af gesê hy is my bloedbroer. Dis wat hy vir my is. My bloedbroer-ouboet.

* * *

Okkie leef.

My kop sê ek moet baie bly wees. Nero sê dit is normaal om so ver van alles te voel. Hy sê dit is deel van die toestand, om bang en hartseer te voel, en angstig. En soms niks. En kwaad, dit is vir my die grootste ding, die kwaad, vir almal.

Nero is goed. Hy praat so mooi met my. Hy verduidelik vir my 'n honderd keer dat niks my skuld is nie.

Pa, my liewe pa, kom sit daardie eerste aand langs my op die bed. Hy hou my vas en hy huil. Hy sê: “Vanaand is ek die een wat wens jou ma was hier.”

En later, toe hy klaar gehuil het, sê hy: “Dankie, Nico, dat jy jou verantwoordelikheid nagekom het.”

Pa is sag met my. En geduldig, weke en maande lank. Hy én Nero dink dit is net die terapie wat my beter gemaak het. Dit is nie. Dit is Domingo ook. Domingo en sy philosophy.

* * *

Die kraaie lê dood langs die pad. 'n Hele paar ekspedisies wat uit die weste terugkom, rapporteer dit.

Birdie sê dit het niks met die pad as sodanig te doene nie, dit sal 'n wetenskaplike blaps wees om dié afleiding te maak, want die mense ry net op die paaie, so dis al waar hulle die kraaie sien. Sy gee 'n kort lesing oor wetenskaplike waarneming. Sy sê die dooie kraaie is 'n ekologiese regstelling.

My pa stem saam. Hy sê hulle het dekades lank al hoe meer geword omdat hulle so goed aangepas het by mense, stede, dorpe, en al die aas van dooie diertjies lang die pad.

Ja, sê Birdie, daar was met en ná Die Koors nog meer aas vir hulle. En nou is dit alles weg. Mense, stede, dorpe, aas.

Dis net 'n ekologiese regstelling.

* * *

Amper die einde van Maart. Dit is 'n werkswEEK. Ek en Jacob is vroegoggend by die vierwiel, ons pak ons middagete en ons gewere, ons is reg om reservaat toe te ry. Die kind staan daar by ons. "Okkie wil saam, Okkie wil saam."

Ek tel hom op. Hy druk my vas. Ek sê: "Anderdag, Okkie. Ek kom vanaand."

Hy druk my vas.

Domingo kom aangestap. Hy sê: "Jacob, jy's af vandag, ek gaan saam met Nico."

"Jis," sê Jacob, wat stelselmatig in 'n boekwurm ontaard. Hy kan gaan lees.

Ons het een keer gesels ná Okkie, ek en Domingo. Hy het vir my kom vra om hom te vertel presies wat gebeur het. Hy het geluister, hy het 'n paar keer sy kop geknik. Toe ek klaar was, het hy net in die verte gestaar, en toe staan hy op en hy loop.

Die grootmense het saans in die Orphanage aan my kom vat, my arm, my skouer, Pa wat my hare deurmekaar vryf, almal om met my "te konnekteer", die term wat Nero gebruik het. Nie Domingo nie. Hy het net sy gang gegaan.

En nou vat Jacob vir Okkie, en ek en Domingo ry bergop. Ons ry al met die grense langs om te kyk of die drade mooi heel is. Hy vat my na 'n uitkykpunt oor 'n kloof wat reg suid van ons dorp lê, aan die agterkant van die berg. Dit is een van my gunstelingplekke, ek en Jacob kom dikwels daar.

Ons staan op die punt van die krans, Domingo wys met sy vinger, hy sê: "Daai is ons soft underbelly. Daai is die weak spot in ons defences. Daai is die enigste ander plek wat jy met 'n motorbike of 'n four-by-four by ons kan kom. Not easy, but possible, if you put your mind to it. As hulle kom, gaan hulle da' inkom."

"Wie?"

"Die KTM."

"Dink jy hulle sal kom?"

"Ja, hulle sal kom."

"Hoekom dink jy so?"

'n Lang stilte voordat hy sê: "Sit, Nico."

Ons sit langs mekaar. Ons kyk uit. Dit is laatsomer, die veld is groen en dig en mooi. Ons sien die klofie wat hier onder ons strek, uitgekerf deur 'n

stroompie wat net loop wanneer dit reën, af en af, tot daar onder by die dam, drie kilometer ver.

“Hulle sal kom, vir dieselfde rede hoekom daai man vir Okkie gestee het. That’s what I want to talk to you about.”

Ek kyk na die dam, die water vandag ’n militêre bruin-groen.

“Ek het gesien jy suffer vanlat jy terug is. En dis goed en dis reg lat Nero vir jou therapy gee, ’cause there’s a lot that’s true in that therapy. Niks wat gebeur het, was jou skuld gewees nie. That’s part of my philosophy, and I’m going to give you that philosophy. Jy sal sien, dis nie jou pa se philosophy nie, dis nie die pastoor se philosophy nie. Ook nie Birdie of Nero s’n nie. Dis net myne. Jy sal nie baie mense kry in jou lewe wat dié philosophy share nie, ’cause it’s harsh, and it’s trouble. Ek try nie om jou te convert nie, I’m just putting it on the table. Use it, don’t use it. Maybe kan dit help met alles wat jy voel.”

“Kan ek nou ‘okay’ sê?”

Hy glimlag agter die donkerbril. “This is not combat training, jy kan sê wat jy wil.”

“Okay.”

“Ons is soos die honne.”

“Die honde?”

“That’s right. That’s the essence of my philosophy.”

“O. Nee. Dis nie waar nie.”

“Ek weet, dis harsh. But it’s true.”

“Hoekom sê jy so?”

Hy talm. Ek dink hy soek na woorde en begrippe. Hy sê: “Back in the day, vóór Die Koors, toe lees jy so elke maand of twee van ’n hond wat ’n kind of iemand attack. Major outrage, lawsuits, always aimed at the owner of the dog. Ma’ wat die mense conveniently vergeet, honne was wolwe gewees. Voor ons hulle mak gemaak het. Wild wolves, predators, killers, they hunted in packs. Which makes them social animals. En toe maak ons vir hulle mak, ons gee vir hulle so ’n veneer, so ’n thin layer van civilisation. One degree away from wild. En wat gebeur, toe Die Koors daai civilisation lat verdwyn? Toe word hulle weer wild. Hulle maak vir mekaar dood, hulle maak alles dood wat voorkom, hulle attack hulle se former masters, hulle word weer wolf. Gaan praat met die mense hier ...” Hy wys in die rigting van Amanzi. “Gaan luister na die outrage, hoe kan die honne daai doen? Hoe kan die honne vir mense en beeste en skape sommer net so

wil kom doodmaak, ons was dan goed vir hulle gewees, ons het hulle dan gedomesticeer en geciviliseer. Same outrage as back in the day. En niemand versta' nie. Want hulle wil nie, want hulle kan nie afford om te versta' nie. Net soos niemand kan afford om te versta' as mense evil deeds doen nie. Want almal glo vas die mens is die crown of Creation, we are the animals who think and cry and laugh, noble creatures, hoe is dit lat ons kan moor? Daai een wat moor, da's fout met sy kop. Skroef los, liggie af, fuse blown, right?"

"Right."

"Well, I'm not so sure. Hier is my philosophy: Ons is animals, Nico. Social animals. Domesticated, social animals. Thin veneer of civilisation. Gentle creatures as die wêreld orraait is, as die social conditions undisturbed and normal is. Ma' as jy die conditions disturb, dan skuur daai veneer af. Dan raak ons wild, ons raak predators, killers, ons hunt in packs. Dan raak ons net soos die honne. Daai is hoekom dit my mantra is: The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die. Want dis hoe dit werk in die jungle, dis hoe dit werk met animals. Daai ou wat vir Okkie kom steek het, daai ouens wat vir Melinda Swanevelder in die huis captured gehou het, Die KTM wat vir ons kom besteel het, hulle is animals, net soos ek en jy. Da's niks verkeerd met hulle se koppe nie, dis net die veneer wat afgeskuur het."

Ek dink aan die twee mans in die vliegtuigloods op Klerksdorp, aan hulle oë, hulle uitdrukking. En dan dink ek aan goeie mense.

"Maar hoekom ... ? Daar is nie net slegte mense nie? My pa ..."

"Daai is 'n classic mistake. Very human reasoning. If we're good, we can't be bad, the one has to exclude the other. Net soos met die honne. Daai tyd voor Die Koors, as jy vir iemand sê sy hond is bad news, dan kyk hulle jou aan of jy 'n serial killer type is. How can you not be a dog lover? Dan sê hulle dogs are noble. Dogs are loyal and loving and cute. Hulle vra: Wat van die police dogs se bravery, en van man's best friend, al die mooi goete wat honne al gedoen het? Ek sê nie honne en mense kan nie mooi goete doen nie. Onthou, ons is social animals. Dit meen ons moet social wees, from time to time, nice goete doen. Ma' dit meen ook ons moet animal wees, from time to time."

Ek probeer dit verteer.

"I don't need you to buy into my philosophy, I don't want you to," sê Domingo. "I may be totally wrong. Gaan kry ander views. Die pastor, let the pastor tell you about God. Of jou pa en sy support of daai Spinoza dude.

Gaan praat met hom, gaan praat met Nero. One of them may be right. Maybe is niemand reg nie, dan vat jy net die philosophy wat vir jou die beste werk. A lot of people do that anyway. But do yourself one small favour, vra jy net een vraag vir jouself: Which philosophy explains everything about the human condition? No loose ends. No awkward, unanswered questions. Which one makes complete sense?"

"Okay."

Ons sit baie lank in stilte daar langs mekaar. Tot 'n laksman in 'n doringboom hier reg langs ons kom sit en skree.

"Wat maak ons as Die KTM kom?" vra ek hom.

"Ons moenie wag tot hulle kom nie, dis wat ons moet maak. Maar die Committee ... Hulle ken nie van animals nie."

OceanofPDF.com

Lizette Schoeman

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

Romain Puértolas se boeke. En sjokolade. En lipstick. En my iPhone. Dit is wat ek mis.

Cairistine Canary

Ek voel soos jy, Willem. Ek mis die potential ...

Okay, ek sal try explain. Die wêreld before the Fever was a complex one. We had major problems, in onse land, én in onse wêreld. En die grootste een van almal was global warming, want dit sou 'n swaar impact gemaak het op al die ander probleme – die poverty, die inequality, die extremism.

Dit was al laat in die nag met global warming, maar die ding is, we were getting closer and closer to a solution. Da' was die potential of fixing it all.

Nou, jy kan sê ja, ma' daai was net 'n potential of a solution, ons was eintlik in baie groot trouble. But look at our track record. Kyk wat het ons al gedoen, mankind. Kyk net na al die diseases wat ons ge-eradicate het. Kyk na die theory of relativity. Quantum theory. We mapped the human genome. Ons het dit in ons gehad om al die probleme op te los, we had the potential.

So, daai loss of potential, dit is wat ek die meeste mis, Die Koors het ons ge-rob van daai potential. Dit maak nie saak hoe jy daarna kyk nie, dit het scientific and human development met at least 'n honderd jaar teruggesit. As dit nie meer is nie.

Less lofty stuff? Okay ... Ek mis die Internet die meeste. Nie goed soos Facebook of Instagram nie, ma' access to information. Daai mis ek kwaai. Okay, en *Huisgenoot*. En ... Dis nou seker nie vir public consumption nie, maar dis waar: Ek mis tampons. Lil-lets Nano Tampons.

Pastoor Nkosi Sebegu

Isidingo on SABC1. I loved that show.

And Saturday mornings at the Menlyn Mall. Me and my wife used to go and do our grocery shopping at the Checkers Hyper, and then we would wander around, that was a big mall. I loved Coricraft, and she loved @Home ... I wanted one of those recliners at Coricraft, I wanted it real bad. We could never justify the cost, but I would go look at it every Saturday morning. And we would have lunch at Panarotti's, and we would just sit and watch people ...

Ravi Pillay

Newspapers. Especially the auto supplements. And new cars. New models, I mean, I loved to see what they would improve on next. And fish tikka. I tell you now, that was the single biggest achievement of civilisation.

Melinda Swanevelder

RSG.

(RSG was 'n Afrikaanse radiostasie voor Die Koors – WS)

Hennie (Flaai) Laas

As ek nou doodeerlik moet wees: daar's niks wat ek regtig mis nie. Ek weet Die Koors was vreeslik tragies, maar ek is nou baie happy. Miskien rugby, Saterdagmiddae voor die TV. Dis al wat ek nou aan kan dink.

Beryl Fortuin

Oysters. Met suurlemoen en Tabasco, so uit die skulp uit. Kyk hoe water my mond nou. Obviously a good round of golf on a clever, challenging, perfectly manicured course. En tydskrifte. *Fair Lady*. *Cosmo* ...

Nero Dlamini

Shopping for clothes? Okay, okay seriously: The city. I loved the city. Friday nights in Sandton, man that place was alive ... Craft beer. Imported cheese. Good cheese in general. No offence to Maureen and Andy, of course, they are doing great work ... And those first few years, I really missed fresh croissants. Until our own bakery started doing them. That's when I knew we were going to be all right.

Domingo

You really want to know?

Friends reruns. And a good bunny chow. En Bundesliga football. Ek was 'n Dortmund fan. Oorlat ek hou van die underdog, en ek het hulle style gelike. There is no justice in the universe, toe Die Koors kom, toe lê Dortmund tweede in die liga, hulle kon gewen het. Daai Thomas Tuchel, hy was hulle coach. Man's a genius ...

OceanofPDF.com

Die Komiteevergaderings vind plaas in die eetkamer van die Orphanage, sommer net omdat dit maar van die begin af só was, en niemand gedink het om dit te skuif nie.

Dit is 'n groot vertrek, met vierkantige tafels wat in verskillende aansit-permutasies geskuif kan word. Tot in November in die Jaar van die Kraai woon ek al die vergaderings by, nie-amptelik, ongenooi, onsigbaar en stil. Omdat ek Pa se seun is, maar ook sommer net omdat dit maar van die begin af só was, en niemand gedink het om dit te verander nie.

Die vergadering van 19 November is my laaste in dié bevoorregte hoedanigheid. Dit is my eie skuld wanneer Pa my uitjaag en verban.

Die eerste punt op die agenda is Domingo. Hulle roep hom in, hulle vra dat hy moet sit. Nee, sê Domingo, dankie, maar hy staan.

Ek hou daarvan dat hy só is. Ek weet nie hoekom nie. Ek is eenkant, ver genoeg om nie deel van die verrigtinge te wees nie, naby genoeg om alles te hoor. Ek sit-lê soos dit 'n vyftienjarige betaam wat onsigbaar wil wees, en meestal belangeloos en verveeld wil lyk.

“Domingo,” sê my pa, “dankie dat jy hier is.”

Domingo sê niks.

“Jy wil ons toespreek oor Amanzi se veiligheid.”

“Dis reg, ek ...”

“Nadat jy ons vreeslik geïrriteer het hierdie laaste klompie weke,” sê Birdie vies. “Met al jou bangmaakstories.”

“Birdie ...” sê my pa paaiend.

“Daai is nie bangmaakstories nie ...” sê Domingo kalm en beredeneerd.

“That’s not the point,” sê pastoor Nkosi, wat baie bly is wanneer hy ’n vennoot in sy konstante stryd teen Domingo kan kry. “You’ve been trying to influence us individually, despite the fact that we have asked you to do a formal presentation to the Committee.”

“It’s called canvassing. Age-old democratic practice,” sê Domingo.

“Ladies and gentlemen ...” sê Pa vermanend.

“You are starting to sound like the old apartheid government,” sê die pastoor. “The Swart Gevaar, the Rooi Gevaar, and now the KTM Gevaar ...”

“And you don’t believe in democracy,” sê Nero Dlamini met sy tong in sy kies.

“Please, enough.” Pa roep die vergadering tot orde. “Ons sal vir Domingo ’n kans moet gee om sy saak te stel.”

Die Komiteelede se lyftaal sê hulle het seker nie ’n keuse nie. Maar hulle is nou stil.

“Gaan voort, Domingo,” sê Pa.

Hy knik, hy begin, hy praat sonder notas. “Of julle dit nou like of nie, of ek nou klink soos die apartheidregime of nie, Die KTM kom ...”

“Hoekom sê jy so?” vra Beryl.

“Gee hom kans ...” sê Pa.

“Nee, fair question,” sê Domingo. “Let me give you the facts. Fact One: We know they’re robbers and marauders. They’ve staged an armed robbery of Amanzi itself, they keep attacking and plundering our expeditions, ek hoef seker nie meer evidence as daai te present nie. Fact Two: Hulle plant niks, hulle boer met niks, hulle bou niks, hulle bêre niks. Hulle is die modern-day equivalent of hunter-gatherers, maar hulle hunt en hulle gather ander mense se goed. Fact Three: Ons plant, ons boer, ons bou, ons bêre vir die winter. Ons het baie goed wat hulle wil hê. Birdie, watter ou se razor praat jy altyd van, daai een wat sê die simplest explanation is die regte een?”

“Occam’s razor, ma’ daai apply nou nie heeltemal nie ...”

“Maak nie saak nie, hierdie is baie simple. Ons het wat Die KTM wil hê. En hulle gaan dit kom vat, unless we are prepared.”

“Well, I’m not so sure,” sê die pastoor. “Their attacks on our expeditions have decreased. We haven’t had one in more than a month. Everybody knows the roads are getting worse, especially for motorbikes. The petrol is growing increasingly useless, so they can’t use the bikes anyway. And we now have a gate to keep them out.”

Domingo kyk na die pastoor, daardie koue kyk van hom. “Their attacks are less, because it is summer now. Lots of low-hanging fruit. Maybe they’ve focused on robbing other, more vulnerable communities. And the roads are worse, but they ride dual-purpose motorcycles, they can go

anywhere. And who knows how long they will stick to motorcycles? There are a lot of diesel trucks and cars and bakkies out there ...”

“Wat wil jy hê, Domingo?”

“Nóg vyftig mense vir ons army. Vyftig full-time mense, geselect en getrain. And no fossils, ek soek young and able mense. En radio’s vir hulle almal. En ons moet die pad oor die damwal toemaak, ’cause I’m worried about the security of the power stations. Daai is ons soft underbelly, our most strategic asset. Da’s net te veel traffic da’ verby. En ek soek nog ’n secret arsenal vir die majority van ons weapons, en ’n seed bank. En ’n back-up herd van beeste en skape op Heart’s Island. We don’t have any insurance in that regard.”

Heart’s Island is die grootste eiland in die dam. Beryl het dit só gedoop, nadat sy die vorm daarvan op die groot lugfoto in die ou munisipale kantore gesien het. Dit is omtrent vierhonderd hektaar in grootte.

“Maar julle is al klaar agttien mense,” sê Birdie.

“Agttien? Ons total security force is ek, en sewentien geriatrics. With all due respect, hulle is goeie mense, ma’ hulle is nie fighting material nie, en hulle is nie fighting fit nie: twaalf manne wat permanently op bus gate duty is, want hulle is nie able-bodied genoeg om in die lande of in die dorp te werk nie. Goeie mense, ma’ daai noem jy cannon fodder. Drie aunties op radio room duty. En twee reasonably fit sixty-year olds wat border patrol om die dam en die reserve se drade ry, ma’ net in die dag. En verlede week, ná die thunderstorm, toe moet ek vier mense kry om te help om border patrol se bakkie uit die modder te gaan uitgrawe. Daai is ons army. Daai is ons first line of defence, Amanzi’s finest. Julle het laas gesê ons is te min mense, da’s niemand om te spaar nie. Kyk waar staan die population figures nou. Surely we can spare fifty now. Fifty non-fossils.”

“We can’t,” sê Ravi Pillay. “That’s just too many.”

“Agreed,” sê pastoor Nkosi. “Way too many.”

“Hoekom nog vyftig?” vra Pa.

“Twenty-five for defence. And twenty-five for an assault force. Twenty-five is die kleinste unit wat ek kan vat as ons Die KTM gaan attack ...”

Hulle word ’n koor van besware: aanval? Wie het gesê ons gaan Die KTM aanval? Dit gaan net provokatief wees, dit gaan groter moeilikheid veroorsaak. Ons kan nie van ons mense verwag om hulle lewens te gaan waag nie. Die KTM beroof ons, maar hulle het ons nog nie doodgemaak nie. Dis oorlogsugtig, dis onverantwoordelik.

Domingo hou sy hande in die lug asof hy die aanslae moet afweer. My pa vra orde, as dit weer stil is, sê hy: “Is daar nog iets wat jy wil sê? Oor jou versoeke? Voor ons dit bespreek?”

“Die KTM kom,” is al wat hy sê.

“Why this obsession, Domingo?” vra Nero Dlamini, baie skepties. “Why this obsession?”

Dit was seker retories, sal ek eers later besef. Domingo antwoord nie, die stilte rek. En dit is wanneer ek myself nie kan keer nie. “Want hulle is animals,” sê ek.

Domingo glimlag klein.

“Uit,” sê Pa vir my.

Dit was my laaste Komiteevergadering as kind.

* * *

Hulle laat vir Domingo agterna weet hy kan net vier bykomende mans werf vir sy sekuriteitspan. En hulle al vier mag jonger as vyftig jaar oud wees. Hulle gee toestemming dat hy die pad oor die damwal heeltemal kan toemaak, aan Luckhoff se kant – een minder toegangsroete wat beskerm hoef te word. Hulle laat hom weet ons kan ’n klein teeltroppie van die skape en beeste op Heart’s Island hou as ’n versekeringspolis. Hulle keur ook die saadbank goed.

Maar vir die tweede geheime wapenopslagplek sê hulle net botweg “nee”. Pastoor Nkosi som die Komitee se sentiment op met: “We acknowledge certain risks to our community, but we are not completely paranoid.”

Wanneer ek hoor van die Komitee se besluite, gaan sien ek dadelik vir Domingo. “Ek wil een van jou soldate wees,” sê ek.

“Watse soldate? Die Committee het my vier security-mense gegee.”

“Ek wil een van die vier wees.”

“Too early,” sê hy. “Go finish school first.”

“Maar ...”

Hy sit sy vinger op sy mond, hy kyk links en regs, asof hy reg is om ’n geheim met my te deel. “I will be needing a few guys I can trust. For a special mission.”

“Jy weet jy kan my trust,” my stem net so sag en sameswerend soos syne.

Hy knik. “Kan ons vir Jacob Mahlangu trust?”

“Ja. Maar hoekom ...?”

“All will be revealed. Ma’ dit gaan harde werk wees.”

“Okay.”

“And if you or Jacob spill the beans, I will have to kill you.”

“Okay.”

* * *

Die “special mission” is ’n reuse-teleurstelling, ná die opwinding en glorie van die Great Diesel Expedition. Die “special mission” is ’n direkte verontagsaming van die Komitee se besluit, want dit behels die verskuiwing van ’n groot deel van ons arsenaal na ’n geheime opslagplek. En die enigste rol wat ek en Jacob moet speel, is om anderpad te kyk wanneer ons aan diens is as veewagters in die reservaat. En om te help om die swaar kiste op en af te laai van die sleepwa.

Oor ’n periode van weke verskuif Domingo en vyf van sy sekuriteitsmanne die honderde geweer- en ammunisie-kiste van waar hulle by die ou pakhuis in die natuurreservaat gestoor was. Stap een van die verskuiwing is om hulle deur die agterste kloof – die een wat hy as ons “soft underbelly” beskryf het toe ons die filosofie-gesprek gehad het – tot by die oewer van die dam te bring. Langs dié roete kan net die veewagters jou sien; en as jy jou veewagters reg kies, sal hulle geen sprook sprak nie.

Ons weet aanvanklik nie wat daarna met die arsenaal gebeur nie. Maar ek kom agter dat Domingo sommige aande laat die Orphanage verlaat, en dan bykans die hele nag uitbly. Soms, wanneer hy die volgende oggend terugkom, kan ek sien sy broekspye is nat. Dan weet ek hulle was met bote op die dam besig. En ek weet dit het iets met die “special mission” te doene. Ek brand van nuuskierigheid, ek maak planne om in die nag uit te sluip om te gaan kyk, maar as jy ’n kamer met jou pa deel, is dit onmoontlik.

Tot ek hoor hoe hy een aand in die sitkamer vir Birdie Canary sê: “Trust is a two-way street, you know.”

Die volgende oggend met ontbyt loop ek na hom toe en ek sê: “Trust jy my, Domingo?”

“Of course trust ek jou.”

“En trust is a two-way street?”

Sy oë vernou, hy weet ek is besig om hom te manipuleer, omdat hy self so 'n meester is daarmee. “So?”

“So, jy trust my om die geheim te hou van die arsenaal wat skuif, maar jy trust my nie genoeg om te sê waarheen nie.”

Hy hou aan met eet. Ek wag.

Eindelik sê hy: “Sisilië.”

“Okay,” sê ek.

“Nie eens Jacob nie,” en hy trek die mes waarmee hy eet stadig oor sy keel. Ek knik. Ek weet wat hy bedoel.

Sisilië is 'n kleiner eiland in die dam, net wes van Heart's Island. Dit is so tweehonderd hektaar groot. Pa het dit destyds so gedoop nadat hy voor die munisipale lugfoto gestaan het en die vorm hom aan die regte Sisilië herinner het.

OceanofPDF.com

In die Jaar van die Kraai word ek vyftien. En kraaie gaan dood as 'n ekologiese regstelling. En Amanzi se bevolking groei verby die eenduisend-tweehonderd. Vier-en-twintig babas word gebore.

Dit is Jacob Mahlangu wat sê hulle behoort elkeen 'n etiket om die nek te kry wat sê "Made in Amanzi".

In die Jaar van die Kraai kry ons 'n skrynwerker en 'n jong geoloog onder die nuwe aankomelinge. En 'n man wat op 'n melkplaas grootgeword het en genoeg daarvan kan onthou. En 'n loodgietersassistent, 'n sweiser, twee onderwyseresse, 'n sous chef en amateur-bakker. En 'n elektroniese ingenieur, Abraham Frost, wat ons radiostelsel baie sal verbeter. En die oud-polisiesersant Sizwe Xaba, alombekend as Sarge X.

In die Jaar van die Kraai kry ons vir Okkie en 'n Cessna 172TD.

In die Jaar van die Kraai smag Domingo na Birdie en nog vyftig manskappe, ek smag na Lizette. Hy maak geen vordering op een van die twee fronte nie. Die Groot Gevry gaan steeds voort, sonder my én sonder Domingo.

Ons besproei langs die rivier met elektriese en dieselpompe. Ons ploeg en ons werskaf en ons plant en ons oes: mielies, beet, tamaties, aartappels, uie, boontjies, skorsies en pampoene. Ons plant oom Hennie Flaai se aangevliegde koring vir saad, en die opbrengs is uitmuntend.

Ons begin 'n klein gemeenskaplike inmaak-industrie om kos te bêre vir die winter.

Ons begin 'n klein melkery.

Ons skape, bokke en beeste se getalle groei aan, omdat ons ekspedisies en ons teelprogram meer byvoeg as wat ons gebruik.

En die hondeplaag is iets van die verlede.

In die Jaar van die Kraai stuur ons ekspedisies uit vir kunsmis.

Hennie Flaai herbou die hoender- en eierboerdery in die ou vakansieoord. Daar is mense wat hom Hen Flaai noem. Hy lag net.

Ons ekonomie is kommunisties – almal deel in die opbrengs van ekspedisies en oeste. In Oktober kom vra twee mense vir die Komitee of hulle 'n kapitalistiese vir-hul-eie-wins-bakkery kan begin in die ou “Menslief Craft Shoppe”. Hulle wil eers daaglik brood bak, en later pasteie en soetgoed ook.

Die Komitee dink dit is 'n blink idee, maar die groot dilemma van kapitalisme is dat Amanzi nie 'n geldeenheid het nie. Ruilhandel is nie 'n opsie nie, want in die kollektief het niemand iets om te ruil nie.

Dit is my pa wat sê ons moet sout gebruik. Want dit is 'n skaars kommoditeit, en dit het 'n wonderlike geskiedenis van waarde en valuta. Pa sê die woord “salaris” kom van “sout” af, Romeinse soldate is soms in sout betaal. Dis waar die begrip “sy sout werd” vandaan kom. Sout was per gewig in daardie tyd net so kosbaar soos goud. As jy gesê het iemand is “die sout van die aarde”, het jy bedoel hulle is kosbaar.

Birdie stel voor ons meet die sout af volgens die klein 125 ml-Cerebos-plastiekhouders waarin dit oral voor Die Koors beskikbaar was. Dit is hoekom die Amanzi-geldeenheid vandag nog die Cerebos is.

Die Jaar van die Kraai is wanneer ons ook besef ons suiker gaan opraak, al het ons baie voorraad.

Daardie winter sneeu dit net een keer, lig. Maar ons het elektrisiteit. Niemand kry snags koud nie.

Daardie November reën dit nege dae aanmekeer. Swaar reën. Die rivier en die dam stoot hoër en hoër, die water donder oor die damwal in 'n ysingwekkende, rollende, malende massa, jy kan die klank tot tien kilometer ver hoor. Ons is almal bang. Niemand weet mooi hoe om die sluise te bewerk nie.

Birdie sê moenie worry nie, sy sal dit uitfigure.

Pastoor Nkosi sê hy en sy groeiende gemeente sal bid vir die behoud van die dam.

Wanneer die waters bedaar en die damwal nog staan, maak die pastoor én Birdie aanspraak op 'n aandeel in die sukses.

Die reën doen groot skade aan van die grond- en streekspaaie. Almal sê dis 'n goeie ding, dit sal Die KTM weghou. Domingo skud sy kop. Hy sê Die KTM het dual-purpose motorbikes. Niks gaan hulle weghou nie.

Jy's paranoïes, sê Birdie, Beryl en Pa, maar soort van goediglik.

Domingo sê Die KTM is animals. Hulle kom. En hy kyk vir my en hy glimlag.

OceanofPDF.com

Die Jaar van die Jakkals

OceanofPDF.com

In die Jaar van die Jakkals kom smouse. En dood. En oorlog. En gruwels.
En Sofia Bergman.

Sofia Bergman

Soos opgeteken deur Sofia Bergman. Voortsetting van die Amanzi-
geskiedenisprojek, ter nagedagtenis aan Willem Storm.

Ek het in die Jaar van die Jakkals al besef die einde is naby, vroeg in daardie jaar, Januarie, seker. Die einde van my, oom Meklein en tannie Vytjie. Sy hoesbuie het al hoe erger geword. En tannie Vytjie was so brandmaer, ek was seker sy gaan nie meer lank leef nie. Sy het in daardie eerste week van die jaar verdwyn, vir tien dae aanmekaar. Oom Meklein het aanhou sê: “Nee, kinta, moenie worry nie, sy maak maar so, sy sal kom,” maar ek het soort van vrede gemaak daarmee dat sy ... Onthou, ek was vyftien, en ek het hierdie verbeelding gehad. Ek het gedink sy was te lief vir oom Meklein, sy kon hom nie meer sien swaarkry nie. Of sy wou in die veld doodgaan, sy wou een word met die natuur, op die stof-tot-stof-manier. Noudat ek onthou, voel ek so simpel, dat ek so kon dink ...

Ná tien dae, toe kom sy terug met plantjies wat sy gaan soek het. Plantjies waarmee sy tee getrek het vir oom Meklein se hoes. En sy sê net die plantjies is baie skaars hierdie tyd van die jaar, asof dit doodnormaal is om so lank weg te wees.

Die tee het nogal gehelp vir sy hoes. Vir ’n ruk.

Sofia Bergman

Ek is gebore in Middelburg, Kaap. Ek was die jongste van vier kinders, my ouers het geboer tussen Middelburg en Nieu-Bethesda. Ek het twee broers gehad, en 'n suster. My oudste broer was Dawid Bergman, wat silwer in die vyftienhonderdmeter by die Statebondspele gewen het. Ek en hy is al twee met die witblonde hare gebore. Ons was almal goed in atletiek, ons was almal in Bloemfontein op skool. My broers was op Grey Kollege, my suster was in Oranje Meisieskool. Ek was in Laerskool Oranje toe Die Koors kom. Ons was almal in die koshuis.

My pa was nie jou tipiese Karoo-boer nie. Hy het byvoorbeeld van die begin af gesê al sy kinders sal gelykop erf, daar's nie die tradisionele ding dat die seuns die plase erf nie.

Ons is almal dieselfde grootgemaak. My broers moes leer kosmaak, hulle moes net soveel soos ons meisies help in die kombuis. En ek en my suster het leer skaap vang en dip, ons het trekker en bakkie bestuur, en perdgery en leer skiet, van kleins af. Pa het vir ons laat skiet, dan sit ek so met my rug teen die bakkie, en die geweer se kolf hier onder my arm, die kolf druk ook teen die bakkie, want Pa het gesê die geweer se skop is nog te erg vir my skouer. Só het ek leer skiet, eers met 'n oop visier, toe later met 'n teleskoop.

My suster was 'n naelloper, maar ek het Vrystaat-kleure gehad in landloop, en in spiesgooi toe ek in graad ses was. En weer in graad sewe. Dit was die jaar wat Die Koors gekom het.

My suster was die eerste een van ons familie wat siek geword het. Sy is binne twee dae dood. My ma-hulle het ons almal in Bloemfontein kom haal, my sussie in haar kis. Hulle wou haar op die plaas begrawe en ons weggry

uit die skole en die stad, sodat ons nie die virus moet aansteek nie. Toe word hulle almal siek ...

Oom Meklein en tannie Vytjie was arbeiders op die plaas. Hulle het nie siek geword nie.

* * *

2 Januarie

Die kamer wat ek en Pa in die Orphanage deel, is groot. Hy slaap op die dubbelbed, ek slaap op die enkelbed, ons het elkeen ons eie klerekas.

Op die oggend van die tweede Januarie, met ontbyt, sê Pa: “Ek dink dis tyd dat jy jou eie kamer kry.”

Ek is nie seker of hy ernstig is nie. “Regtig, Pa?”

“Met Hennie Flaai en Melinda wat Saterdag trou ... Hennie se kamer gaan beskikbaar wees. En jy word sestien hierdie jaar ...”

“Jinne, dankie, Pa!”

15 Januarie

Soms gesels ek en Nero Dlamini in sy “kantoor” by die Orphanage, wanneer hy met my terapie moet doen vir die posttraumatiese stres van die aanval op Okkie. Maar meer dikwels sê hy, kom ons gaan stap buite. Dikwels loop ons af na die water toe en gaan sit op ’n boomstomp lang die dam.

Op dié dag, 15 Januarie, sê hy dit is vir eers ons laaste sessie.

“So, I’m cured?” Terwyl ek baie hard probeer om die vae teleurstelling weg te steek. Die PTSD-behandeling was so ’n bietjie van ’n statussimbool en ’n verlenging van die heldeverering van die “Great Diesel Expedition”.

“No, you’re nutty as a fruitcake, but sane is so boring, Nico.” Hy weet hoe om met tieners te werk.

“Right.”

“In a perfect world, I would have asked you to continue to see me. But people with bigger damage keep arriving, so it’s a matter of priority. And it does seem that the fifteen-year-old psyche is quite robust, particularly when daily life is mostly a big adventure, and you have Okkie Storm as a little brother.”

Okkie hét ’n groot rol gespeel in my herstel. Want Okkie Storm is my skaduwee. Okkie Storm aanbid die grond waarop ek loop. Beryl sê Okkie Storm vra elke middag van eenuur af: “Wanneer kom Nico?” Okkie Storm kan glad nie verstaan dat elke tweede week ’n werkswaek is en ek eers laatmiddag weer terug is by die Orphanage nie. Op daardie middae gaan sit hy by die hek van die Orphanage en wag vir my, enige tyd van vieruur af. En as hy my hoor aankom op die proesende, rukkende vuil-petrol-vierwiel, spring hy op en hardloop straataf.

Ek moet hom op die hoek oplaai. Dan straal sy gesiggie. “Ry, Nico, ry vinnig!”

Okkie het ’n onblusbare lewensvreugde en ’n aansteeklike lag. Okkie het die vermoë om altyd die vuilste kind in die voorskoolse klas te wees, selfs al speel hulle in die vlak water van die dam.

Okkie kom elke aand in die Orphanage se sitkamer ingehardloop met ’n storieboek in al twee sy handjies, sy stemmetjie wat deur die groot vertrek dra: “Nico, Nico, lees vir ons ’n storie.”

En dan moet ek lees, of ek moeg of lus is of nie. Okkie en sy trawante kom sit om my en op my en oor my en ek moet lees. En Domingo kyk na ons van waar hy eenkant sit, en hy glimlag. Nie grynslag nie. Hy glimlag.

Okkie wil weet hoekom hy nie saam met my in my nuwe enkelkamer kan slaap nie. “Hier’s baie plek ...”

“Eendag,” sê ek. “As jy groot is.”

Okkie het vir my en Pa aangeneem. “Geannekseer” is dalk die meer tegniese korrekte term. Dit was ’n baie natuurlike proses. Hy het homself bloot op ’n dag “Okkie Storm” begin noem toe nuwe aankomelinge vir hom vra wie hy is.

'n Skoolweek-somersdag in my lewe in die Jaar van die Jakkals: Pa kom klop aan my deur, sesuur. Ek staan op, trek aan, was my gesig en borsel my tande. Ek gaan kombuis toe om die hawermoutpap te kook. Dit is my oggend-taak: om vir al die weeskinders hawermoutpap te kook. Dit is nie moeilik nie, ek weet presies hoeveel water, hoeveel hawermout en hoeveel sout om in die groot pot te sit. Ek weet presies hoe lank dit moet kook. Ek kyk na my Rolex-horlosie om die tydsberekening reg te kry. Ons het almal goeie, duur horlosies gehad. Want dit was menslike natuur vir ekspedisies en reisende smouse en snuffelaars en vlugteling om juwelierswinkels se inhoud – alles wat blink – te vat en saam te dra, vir hulself, of in die hoop om dit te verhandel. Die konsep van wat waardevol was, het bly kleef. Ek het my Rolex vandag nog.

Deel van my oggend-verantwoordelikheid is om die hawermout vir die weeskinders in te skep, en heel laaste vir myself. Ek moet ook die pot was en bêre.

Ek eet my pap saam met Domingo, omdat ek wil, en Okkie, omdat hy daarop aandring. Ek kan ontbyt en middagete eet waar en saam met wie ek wil. Aandetes moet ek saam met my pa en Okkie eet, want ons is “'n gesin”.

Agtuur begin die skool. Ons leer aardrykskunde, wiskunde, biologie, wetenskap en wêreldgeskiedenis. En een “vaardigheid”. My vaardigheid-vakke is skaapboerdery en skiet. Ek stel nie só baie belang in skaapboerdery nie, maar mens leer dit buite, in die veld, jy werk met die skape. Ek hou nie van binne nie.

Gewone skool is van agt tot halftwee, vaardigheid-skool is van twee tot vier. Vrydae is my lekkerste dag, want dit is wanneer die uitverkorenes saam met Domingo gaan skiet.

Net Domingo skiet beter as ek.

Gemeenskapstake is van vieruur tot sesuur vir kinders jonger as sewentien.

My gemeenskapstaak is om vir Beryl en Melinda Swanevelder te gaan aflos met die weeskinders. Jacob help my daarmee. In die somer vat ons hulle gewoonlik dam toe, om te gaan swem, of kleilat gooi, of stokkie-bootjies ry in die vlak water. Of ons vat hulle om te gaan eiers uithaal by oom Hennie se hoenders, of ons speel met hulle op die grasperke van die ou

rolbalbaan – vroteier of wegkruipertjie. Okkie ry op my nek as ons stap. Hy laat geen ander kind toe om dit te doen nie.

Ná ses in die middag hang ek saam met die ander tieners uit voor die bakkery, tot net voor sewe. Ons is meer as dertig tussen vyftien en agttien. Jacob is eintlik my enigste goeie vriend. Vir die ander is ek “die Voorsitter se Seun”, die een wat in die Orphanage bly, al is hy groot. Ek hang eintlik in die laatmiddag saam met die ander tieners daar uit in die hoop om vir Lizette Schoeman te sien. Lizette werk by Saaiboerdery. Hulle kom tussen vyf en ses terug van die lande af, en sy en van haar vriendinne kom sit by die bakkery en gesels. Soms.

Sewe-uur moet ek met skoongewaste hande saam met Pa en Okkie en die res van die Orphanage eet.

Ek moet twee tafels afdek voor ek kamer toe mag gaan. Gewoonlik bring ek my huiswerk en ek sit in die sitkamer of eetkamer om te hoor wat alles gebeur het. Ek was nog altyd baie nuuskierig. Dit is dan dat Okkie my opkommandeer vir leesdiens.

27 Januarie

Hennie Flaai vlieg twee keer per week patrollie, net ná sonop op Dinsdae en Vrydae. Op 27 Januarie sien hy die lang optog, anderkant Luckhoff op die ou R48, net dertig kilometer van Amanzi af. Uit die lug uit, sê hy later, lyk hulle soos oorlogsvlugtelinge, ’n lang, moeë wurm van mense. Die meeste loop te voet, net die oudstes en die heel jongstes ry op die voertuie – gehawende, enjinlose bakkies en klein vragmotors wat deur donkies en perde gesleep word. Vyfhonderd-een-en-tagtig mense, meestal uit Namibië, en ’n paar wat by die groep aangesluit het in Upington se omgewing.

Twee-en-veertig perde, ses-en-dertig donkies.

Ek en omtrent al die ander tieners is by die bushek wanneer hulle deurkom. Die vlugtelinge én die diere lyk moeg en honger en dors en bang. Die mense gee hulle wapens gelate aan Domingo en sy soldate, asof hulle verlig is om dit te doen. Feitlik die hele Amanzi is betrokke rondom die Forum, om hulle welkom te heet, om vir die aankomelinge kos en water te gee, om verblyf te probeer bepaal, maar veral om hulle stories te hoor.

Die Namibiërs sê die meeste van hulle kom uit Windhoek. Vir die laaste agttien maande het hulle daar probeer om 'n nuwe lewe te maak. Hulle het 'n goeie voorraad droë kos gehad, hulle het klein geplant, daar was 'n gesonde kudde bokke. En toe begin die aanvalle, verlede September was die eerste een: 'n groep van so vyftig mans uit die Noorde uit. Hulle was in bakkies, hulle het drie van die Windhoek-mense doodgeskiet en 'n klomp kos gesteel.

Middel Oktober het die groot inval gekom. Dalk tweehonderd mense, dalk meer, niemand weet nie, want dit was in die nag, dit was deurmekaar, dit het so vinnig gebeur. Die invallers was in voertuie en te voet. Honderd-twee-en-sestig inwoners is doodgemaak. Die hele bok-kudde is meegevoer, wapens en voorrade kos en drank is gesteel.

Toe pak hulle en hulle begin trek, suid. Want hulle kon nie die stad verdedig nie, dit was te groot, daar was te min van hulle. By die Oranjerivier het hulle die gerugte begin hoor van die Plek van Lig wat jy 'n honderd kilometer ver kan sien, die enigste plek in Afrika met elektrisiteit. By die ou Vanderkloof. Amanzi.

Ons.

'n Honderd-en-twee van hulle is dood tydens die Groot Dorslandtrek, van ontbering en honger en moeg en leeus en slange en siekte en ouderdom. En mens-diere wat hulle aangeval het.

Die KTM kom: I

Sofia Bergman

Ek, oom Meklein en tannie Vytjie het vir Pa en Ma en my twee broers en die ander arbeiders op die plaas versorg toe hulle siek geword het, en doodgegaan het. Vandag is ek bly dat ek dit kon doen. Daar is so baie van die mense hier by Amanzi wat ver van hulle geliefdes was toe Die Koors hulle gevat het. Dit was so seer om my familie te verloor, maar ek kon groet, vir elkeen van hulle. En ek kon hulle begrawe.

Natuurlik het ek geweet wat besig was om te gebeur. Die epidemie was op die Internet en die radio en die televisie, dit was allesoorheersend, dit was alles. So ek het presies geweet wat aan die gang was.

Ek en Nero Dlamini het veel later baie gesels oor die invloed van daardie soort van trauma op die psige. Ek dink net 'n mens het 'n oervermoë om dit op die een of ander manier te hanteer, in die oomblik. Om aan te gaan. Om te oorleef.

My pa is laaste oorlede, hy het vasgeklou aan die lewe, hy het so verskriklik baklei teen die dood want ek dink hy het verantwoordelik gevoel vir ons, hy wou ons beskerm. Toe eers, ná hy oorlede is, toe eers besef ek, maar ek is nog nie siek nie, ek gaan dalk nie doodgaan nie. En oom Meklein en tannie Vytjie ook nie. My eie oorlewing was vir my die ergste, die moeilikste om te aanvaar. Dit is asof ek gedink het ek sal my familie begrawe, en dan sal oom Meklein my begrawe, ek sal gou saam met hulle

wees ... Nero Dlamini sê dit is tipiese oorlewingskuld. Dit was waaraan ek die meeste gely het, as ek moet eerlik wees. Ek het so ontsaglik skuldig gevoel dat ek die een is wat oorleef het. Ek het dit die minste verdien. Ek was dertien. Ek was nog niks.

Meklein en Vytjie ... Dit is een van daardie groot geheimenisse van die heelal, dat hulle saam Die Koors oorleef het. 'n Statistiese onmoontlikheid. Hulle was man en vrou. Hy was driekwart Boesman, sy was bruin. Met Griekwa-bloed, het sy altyd gesê. Meklein was my pa se regterhand. Vytjie was 'n vrye gees. Sy was die veldgeneesheer van die hele distrik se bruin mense. En ons kinders s'n ook. Sy het elke plant in die veld se medisinale kenmerke geken.

Meklein het sigarette gerol uit Boxer-tabak en koerantpapier. Dis wat hom doodgemaak het, daardie sigarette.

Ek dink die Boesmans het 'n genetiese weerstand teen die virus gehad, as ek kyk hoeveel ons die afgelope jare al raakgeloop het, hoeveel van hulle oorleef het.

* * *

Die gelyktydige aankoms van die vyfhonderd-een-en-tagtig Namibiërs het implikasies.

Die Komitee moet eerstens mooi dink oor die verbruik van voedsel, want daar moet nou meer mense gevoed word deur die komende winter.

Die tweede implikasie is dat Amanzi se beskikbare behuising skielik vol is. Heeltemal. Die Namibiërs neem die laaste huise, selfs die kleinste in die ou township, die mees vervalte huise in die hoofdorp, die enkele leë voormalige winkels, en die laaste oop kamers in huise.

Weens my verbanning, en tot my groot spyt, kan ek nie eerstehands die groot debat aanhoor oor die toekomstige uitbreiding van Amanzi nie. Maar die Komitee gee openbare terugvoer in die Forum, en ek maak my afleidings. Daar was twee denkrigtings:

Die eerste was om Petrusville te begin ontwikkel en bevolk. Dit is net vyftien kilometer van Amanzi af, dit is baie maklik om aan die elektrisiteitsnetwerk te koppel, en net agt kilometer van die groot landboubesproeiingsprojekte teen die rivier. Die groot nadeel is dat dié dorp op die vlakte lê, met geen natuurlike skanse nie.

Die tweede denkrigting is om dadelik te begin beplan én werk aan die uitbreiding van Amanzi self – die ontwikkeling van ’n baksteenoond, die uitleg van nuwe paaie, erwe, en al die nodige infrastruktuur. Dit gaan moeiliker wees, want ons het nie die kennis en vaardigheid om dit alles vinnig te doen nie, en dit gaan maande se voorbereiding verg voor ons huise kan bou.

In wat Domingo ’n “tipiese committee decision” noem, besluit hulle om al twee uitweë solank aan die gang te kry. Ekspedisies word gevra om te soek na sement. Ons jong geoloog wat die vorige jaar aangekom het, sê nee, ons kan ons eie maak, as ons regtig wil. Of dan minstens ’n basiese, werkbare weergawe daarvan. Ons sal net kalksteen moet aanry.

Die derde implikasie van die Namibiërs se aankoms is dat Domingo vyftig mense kry vir sy Weermag. Omdat die Komitee skrik vir die aankomelinge se stories van wrede aanvalle, en omdat daar bloot meer mense is wat aangewend kan word.

Almal is oor die veertig, die oudste is een-en-sestig. Nie een het vorige militêre ervaring nie. “Grandpa’s army. For defence purposes only. Ek is seker Die KTM sidder in fear,” mor Domingo teenoor my tydens skietoefening, wanneer hy weet niemand anders kan ons hoor nie.

Ek is jaloers op elkeen van ons nuwe soldate.

Die vierde – en beste – implikasie is die waardevolle nuwe vaardighede wat ons bykry: ’n verpleegster, vier gesoute veeboere, ’n wildebewaarder, ’n motorwerktuigkundige en ’n amper gekwalifiseerde dieselwerktuigkundige.

En die laaste implikasie van die Namibiërs se koms is dat ek en Jacob Mahlangu nie meer met die vierwiel-motorfiets reservaat toe ry nie. Ons kry elkeen ’n perd vir ons veewagter-werk, diere wat ons moet leer ry, en leer versorg. Ons help ook om die stalle te bou, net oorkant Heidestraat se T-aansluiting.

17 Februarie

Domingo en sy soldate bedryf drie padblokkades: een net suid van Petrusville, een so vyftien kilometer wes van Amanzi op die ou R369, en

een op die oorkantste oewer by die ou Havenga-brug oor die Oranjerivier, so 'n kilometer stroomaf van die damwal.

Op 17 Februarie hoor die vier dagskof-wagte by die Havenga-brug se blokkade die diep dreuning van 'n dieselvragmotor, en die toeter wat 'n dawerende, vrolike deuntjie speel. Dan is die groot ERF-trok met die lang wit wa sigbaar vanoor die bult, duidelik nie een van Amanzi se ekspedisievoertuie nie. Dit hou 'n honderd meter van die versperring af stil – 'n veilige afstand.

'n Man en 'n vrou klim uit die kajuit, staan voor die vragmotor en waai vir die wagte. Die man kom aangestap, die vrou bly by die trok. Die man stel homself aan die wagte voor as Thabo. Hy wys na die vrou en sê sy is Magriet. Hulle is handelsreisigers. Hulle hoor ons het 'n groeiende, suksesvolle nedersetting, met elektrisiteit. Hulle verkoop medisyne vir mense, en medisyne vir diere. En hulle het rys, en 'n bietjie pasta, en elektriese toebehore – kombuismengers en naaimasjiene, wasmasjiene en tuimeldroërs, yskaste en stowe, alles splinternuut en ongeskonde.

Die wagte roep vir Domingo oor die radio. Domingo sê hy kom. Hy ry na die brug toe, ontmoet die man en die vrou. Hulle is opgeruimd en onskadelik. Hy kyk na die wit sleepwa. Op die kant is 'n groot rooi kruis geverf, en amateuragtig die woorde: *Medicine. For trade. We Come in Peace.* En dan 'n groot vredesteek in groen.

Domingo deursoek die vragmotor. Drie keer. Hy kry net bokse en kratte, alles vol medisyne, rys, pasta en elektriese ware, netjies verpak en gemerk.

“Vir wat verkoop julle dit?” vra Domingo.

“Vir wat julle het. Ons doen ruilhandel. Ons soek dringend diesel. Groente en vrugte is vir ons baie werd, eintlik enige nat kos. Vleis ook, ons het 'n vrieskas in die wa.”

Domingo vra hulle nog vyftien minute lank uit, dan is hy tevrede. Hy gee die teken – die blokkade-hek swaai oop. Thabo en Magriet ry oor die brug, op met die heuwel, en tot voor die ou polisiestasie.

Dit is die eerste reisende smouse ná Die Koors. Pa sê dit is die beste teken nog van 'n normaliserende wêreld.

Dié aand hang ek aan die smouse se lippe wanneer hulle vir ons in die Orphanage stories vertel. Hulle sê hulle is al twee rustelose siele wie se paaie toevallig gekruis het.

Thabo Somyo is byna vyftig jaar oud. Hy was maar altyd soort van in transito, hy het op verskeie plekke in Suid-Afrika gewerk, die paar jaar voor Die Koors as ontvangsklerk by die hawe in Oos-Londen se vraghouer-terminaal. Toe die epidemie en die chaos kom, het hy eers daar geskuil, want hy het geweet van die duisende tonne ingevoerde graan in die hawe se silo's, van die skeepshouers vol vreemde kossoorte, onder meer rys en noedels uit die Ooste en pasta en geblikte tamaties uit Italië. Hulle was later amper sestig mense wat in en om die hawe 'n bestaan gemaak het, maar Thabo was al weer reg om te beweeg.

Die iets-in-die-twintig Magriet van der Sandt was 'n apteker op Queenstown. Sy was 'n rugsak-reisiger toe die wêreld nog heel was, ná Die Koors het sy gou gefrustreerd geraak deur die eng bestaan van oorlewing. En sy het gesmag na vars groente en vrugte. Toe pak sy eindelijk 'n vragmotortjie vol medisyne en sy ry. En oral waar sy mense raakloop, ruil sy geneesmiddels en mediese raad vir brandstof, vars kos en veiligheid.

In Oos-Londen ontmoet sy vir Thabo Somyo. Hy vra waarom sy met so 'n klein vragmotortjie smous. Sy sê dit is al wat sy kan bestuur. Hy sê daar is sewe skepsvraghouers vol medisyne in die hawe. Hy sal vir haar wys waar dit is, hy sal vir hulle 'n groot trok kry, maar dan wil hy saam, en hy wil 'n volle vyftig persent van die vennootskap besit.

Die medisyne in die vraghouers was nie net vir mense nie. Feitlik die helfte was dip- en entstowwe vir skape, beeste en varke. Hulle het daarvan ook ingepak, en gery. Dit was vier maande gelede. Eers net na plekke soos Port Alfred en Cradock, Mthatha en Port St. Johns. En toe verder. Durban toe. Pietermaritzburg, Manzini, en Richardsbaai. Toe Nelspruit, Pretoria, Johannesburg, Polokwane, Gaborone, Vryburg, Kimberley, en eindelijk, Amanzi.

Ja, daar is al op hulle geskiet, mense het hulle met klippe gegooi in die verbyry. As dit moontlik is, hou hulle nie stil as dit baie gevaarlik lyk nie. Hulle is al so baie voorgekeer, so dikwels deur mense met wapens, mense met aggressie of vrees, meestal mense wat uit vrees aggressief is. Maar feitlik al daardie mense het nog elke keer die een of ander soort medisyne nodig gehad, of raad oor medisyne. Of iemand in daardie groep wat siek of beseer was. Of mense wat sommer net gretig is vir nuus oor wat elders in

die wêreld aangaan. En dan ruil hulle, en elke keer is Thabo en Magriet toegelaat om voort te reis.

Hulle sê die wêreld is besig om te verander, om stadigaan te stabiliseer. Mense snoer kragte saam op ander plekke, net soos ons. Rondom Pinetown in KwaZulu-Natal is daar 'n groot nedersetting wat oorleef op beesboerdery en piesangs en pynappels. En hulle maak etanol uit suikerriet. Daar was 'n etanol-aanleg voor Die Koors, hulle het dit weer aan die gang gekry, hul produksie was aanvanklik klein, en die gehalte wisselend, maar dit groei en verbeter byna weekliks. Eers het hulle net genoeg brandstof geproduseer om petrol-kragopwekkers te laat werk, maar nou loop heelwat van hul voertuie al daarop.

In Nelspruit is 'n vreedsame, groeiende gemeenskap wat veselperskes, avokado's en makadamianeute geruil het vir medisyne.

In die noorde van Pretoria is 'n beesboer-dorp aan die ontwikkel, en in Johannesburg het daar twee dominante groepe ontstaan, die Easties van die Kemptonpark-omgewing, en die Westies van Soweto en Randburg. Hulle het geen boerdery nie, dit is groepe wat die stad huis vir huis plunder vir alles wat eet- en bruikbaar is. Die spanning tussen die twee bendes raak al hoe groter namate die buit minder word. "There will be war," sê Thabo Somyo. "We got out of there pretty quickly."

Amanzi, sê hulle, se reputasie lê wyd, so ver as Johannesburg. Daardie gemeenskappe praat van "die plek by die dam wat al elektrisiteit het". Dit is waarom Thabo en Magriet hulle medisyne vir splinternuwe elektriese ware begin ruil het, oral waar hulle aandoen.

"So you haven't been to Bloemfontein?" vra Domingo.

"Nee," sê Magriet. "Ons hoor daar is bikers wat daardie deel beheer, en hulle is gevaarlik."

29 Maart

Thabo en Magriet kom weer, dié keer uit die suide uit. Hulle het 'n hele vrag rys gebring. Hulle kom ruil dit vir ingelegde vrugte, vir ons gebottelde tamatie-en-uiesous, hulle sê dit is baie gewild, oral waar hulle aandoen.

Hulle sê hulle het deur die Langkloof en Oudtshoorn en Beaufort-Wes
gekom, om die bikers, die mense wat ons Die KTM noem, te vermy.
Hulle sê hul reis was sonder voorval.

OceanofPDF.com

Die KTM kom: II

Sofia Bergman

Ek wil iets sê wat vreemd gaan klink, maar dit sal oneerlik ... Dit sal onvolledig wees as ek dit nie sê nie: Daardie drie jaar wat ek en Meklein en Vytjie op die plaas gebly het, daar was iets goddeliks, iets Bybels, iets heiligs daaraan.

Die plaas is baie afgesonder, dit lê diep in 'n riviervallei, in bergagtige wêreld, noord van Nieu-Bethesda. Daar versterk die geografie jou gevoel van ... eensaamheid is nie die regte woord nie, want ek was nooit eensaam nie. Hulle twee ook nie, want hulle het vir mekaar gehad, en hulle het vir my gehad as 'n verantwoordelikheid, as 'n doelstelling, verstaan jy wat ek bedoel? Nero sê 'n rede om te oorleef en te bly leef het 'n groot invloed op oumense se lewensjare. Ek was dalk dit vir hulle.

Maar ek dwaal af. Die berge om die plaas versterk 'n mens se gevoel van afsondering, dit maak dat jy makliker kan glo hierdie is die wêreld, dit is al wat bestaan, al weet jy dit is nie. Maak ek sin?

Ons het niemand anders in daardie drie jaar gesien nie. Niemand nie. Aan die begin, in daardie eerste maande nadat ons al ons mense begrawe het, het ons nog satelliet-TV gehad, ons kon saans kyk hoe die wêreld stukkies vir stukkies in duie stort. Die TV-uitsendings het so skielik opgehou. Net een aand toe ons aansit, toe is daar niks. Daar was nog radio, vir 'n klompie weke. En toe is dit net ons, en die grafte van ons geliefdes, en ons

eenvoudige leefwyse. Soos mense seker in die antieke tyd geleef het. Nou moet ek lag, want 'n mens verromantiseer tog so maklik: Die mense van die antieke tyd het definitief nie 'n windlaaier én sonpanele vir elektrisiteit gehad nie. Maar ons het nogtans so 'n ongekompliseerde en geroetineerde bestaan gevoer, ons is geregeer deur die son en die maan, en die seisoene.

Ons het melkkoeie en skape en varke en hoenders gehad. En die ingelegde vrugte en sousboontjies en kerrieboontjies en beetslaai in Ma se spens, en in die somer het ons weer geplant en gepluk. En Vytjie het eetbare goed in die veld gekry in die winter, plante wat ek nie eens geweet het 'n mens kan eet nie. So ons het altyd meer as genoeg gehad om te eet. Sodat daar tyd was om na Meklein en Vytjie se stories te luister, sodat hulle vir my goed kon leer. Veral Meklein.

Vytjie kon nie verstaan waarom ek nie soveel in háár kennis oor die plante en die medisyne belang stel nie. Want ek het eerder by Meklein geleer van jag. Natuurlik was daar jaggewere in die huis, maar tussen die vyf gewere was daar maar iets soos tweehonderd-en-vyftig patrone, en ons het van die begin af besluit ons gaan hulle spaar. Ek weet nie vir wat nie. Maar daar was 'n kruisboog. My oudste broer het dit tweedehands by iemand gekoop, hy het ... Jy weet mos hoe iemand vir drie, vier maande diep in iets belang stel, en dan ... Die kruisboog was daar, met presies elf pyle. Ek het met die kruisboog begin skiet. Ek kan nie onthou waarom nie, ek dink dit kan verveeldheid of nuuskierigheid wees, ons het definitief nie nodig gehad om aan selfverdediging of aan jag te dink nie.

En toe raak van die pyle beskadig, en Meklein sê hy sal hulle kan maak. En hy het, en toe leer hy my om dit ook te doen. En toe sê hy dit is hoe sy voorvaders gejag het, met pyl en boog. En toe leer hy my wat hy geweet het. Toe leer hy my van bekruip en van spoorsny, van oorlewing in die veld. En saans langs die vuur dan vertel hy hoe sy mense ure en ure agter 'n gewonde bok aangehardloop het, hoe dit regte jag was, die diere het altyd 'n kans gestaan.

Toe begin ek só jag uit nuuskierigheid, en verveeldheid. Onthou, ek was 'n landloper, dit was vir my hierdie intense lekkerte om so vir ure en kilometers te hardloop.

2 Junie

Ek is in die skool op dié dag. Winter, 'n koue oggend met ryp, maar 'n perfekte sonskyndag, nie 'n wolkie in die lug nie.

Amanzi is vreedsaam en fluks, elkeen besig met hul dagtaak.

Thabo en Magriet en hulle ERF-trok met die woorde *Medicine. For trade. We Come in Peace* kom in die oggend tussen nege en tien by die blokkade suid van Petrusville aan.

Domingo is in die ou polisiestasie, daardie tyd nog sy hoofkwartier. Die blokkade-wagte vra hom oor die radio of hulle die handelsreisigers kan deurlaat.

“Is hulle alleen?”

“Ja.”

“Het julle agterin gekyk?”

“Ja.”

“Laat hulle deur.”

Hy weet Thabo en Magriet sal by die bushek ook moet stilhou, want die protokol is dat alle voertuie daar wéér deurgesoek word. Hy laat weet solank vir die Komiteedele dat die twee smouse terug is, en binne die volgende halfuur in Amanzi sal stilhou. Hy stap van die polisiestasie af oor die straat na ons nuwe, groot voedselstoor en inmaakfabriek. Dit is waar die ou OK Value-supermark, die Ribbok-restaurant en die Renosterberg-drankwinkel was, maar die bouspan van Amanzi het dit alles een struktuur gemaak. Dit is versterk en beveilig, met net een ingang. Dit staan onder die mense net bekend as die OK.

Hy gaan sê vir die OK-mense Thabo en Magriet is amper hier. Domingo stap terug polisiestasie toe.

Sestien minute later hoor hy die skote.

Die bushek is 'n kilometer-en-'n-half van die polisiestasie af, agter 'n heuwel. Maar Amanzi is stil, en outomatiese geweervuur is 'n unieke geluid. Domingo weet sy soldate het nie vandag skietoefening nie. Hy weet dis iets anders, dis moeilikheid, hy weet dit het met Thabo en Magriet te doene, hy het al klaar sy vermoedens, want dit is hoe sy kop werk.

Domingo gryp sy radio en sy R4 en hy hardloop na sy bakkie toe. Hy roep oor die radio vir die bushek om te antwoord. Al wat hy hoor, is nog

skote in die verte.

Hy roep oor die radio na sy klein garnisoen van twintig soldate. Hulle is dié wat nie vandag die padblokkades beman nie, hulle is besig met veldoefeninge tussen die rioolwerke en die dam. Domingo skree in die mondstuk hulle moet kom, polisiestasie toe. Hy klim in die bakkie, skakel die enjin aan.

Pa kom aangehardloop en vra wat aangaan.

“Hou almal binne,” skree Domingo. “Hou almal binne-in die huise. En hou jou radio aan.”

Domingo jaag bushek toe. Hy probeer weer die wagte daar op die radio kry. Hulle antwoord nie.

Net ná Heidestraat draai die grootpad uit Amanzi uit wyd na links – die eerste been van die pad se U-vorm – en loop teen die heuwel af. Domingo sien die ERF-vragmotor – perd en sleepwa – aangery kom. Dit is nog vyfhonderd meter weg. Die skote, die radiostilte van die bushek se wagte, die lorrie wat nou aangejaag kom, hy is doodseker dit beteken groot moeilikheid. Domingo trap hard rem, sodat die bakkie se bande sleep. Hy hou dwars in die middel van die pad stil om te keer dat die vragmotor kan verbykom. Hy spring uit en hardloop links van die pad af, teen die helling op. Hy val agter ’n paar rotse plat, kyk deur die R4 se teleskoop. Die trok is vinnig op pad, skaars tweehonderd meter weg. Hy sien dit is nie Thabo of Magriet agter die stuur nie. Daar is twee vreemde mans in die kajuit. Domingo huiwer ’n oomblik, en dan skiet hy, vier waarskuwingskote.

Die vragmotor stop nie.

Domingo skiet weer, enkelskote, gemik na die bestuurder. Die eerste wond die man, die vragmotor swenk. Dit laat Domingo se tweede skoot mis. Dit lyk vir hom of die trok van die pad gaan loop, maar dan trek dit reguit, dit versnel, die bestuurder lê laag agter die instrumentpaneel, die een langs hom skiet terug.

Domingo hou aan mik en skiet, die vragmotor snel op sy bakkie af, tref die agterkant teen ’n hoë spoed, ’n daverende klank van metaal op metaal en glas wat breek, die bakkie tol van die pad af, die vragmotor is by Domingo, dan verby.

Hy skiet, hy gryp sy radio terwyl hy opspring en hardloop. Hy skree in die radio vir Pa om die alarm te maak, die stelsel van motortoeters wat Domingo geprakseer het vir ’n noodgeval. Hy skree in die radio vir sy garnisoen van twintig mense om vanaf die polisiestasie die

verdedigingsplan in werking te stel. Hy hardloop terug dorp toe, teen die opdraande op, omtrent 'n kilometer, hy hardloop so vinnig as wat hy kan.

* * *

Ek is in die skool. Ek hoor die geweerskote, maar dink dit is Domingo se soldate wat in die steengroef oefen. Ek is jaloers.

Ek hoor Domingo se skote, nader, net hier anderkant, skaars vierhonderd meter van die skool af. Ek spring op. Die onderwyseres sê ek moet sit.

Ek staan, ek weet iets is verkeerd, want ek ken vir Domingo. Hy sal nie toelaat dat iemand so naby aan die dorp en die huise en die Orphanage skiet nie.

Sy sê weer ek moet sit, in die strenger jy-gaan-die-gevolge-dra-stem wat alle onderwysers inspan.

Ek gaan sit baie teësin.

Die dowwe slag van metaal op metaal.

Van die kinders trek hul asem in. Ek staan weer op en sê: “Juffrou ...”

Sy luister nou ook, haar gesig bekommerd.

Doodse stilte in die klas.

Die alarms gaan af, die motortoeters wat Domingo-hulle aan die hoë paal by die Midas-vulstasie aangebring het. Elkeen weet wat om te doen as die alarms afgaan.

Ek sê vir Jacob: “Let’s go,” en hardloop uit die klaskamer uit. Ek moet my R4 DM en my R6 gaan haal, ek en Jacob moet die perde kry en bo na die reservaat toe jaag, ons moet die klopie gaan verdedig. Dit is ons noodtaak, soos goedgekeur deur die Komitee, ons deel van Domingo se verdedigingsplan. Ons word reservaat toe gestuur omdat daar bes moontlik niks gaan gebeur nie.

Ek hardloop deur die veldjie, oor die heuwel. My gewere is in my kamer in die Orphanage, net honderd meter van die skool af.

Ek hoor die groot dieselenjin, maar weet nie dit is die ERF-trok nie, want ek kan dit nie sien nie. Ek hardloop oor die grasperk van die Orphanage. Die kleintjies is daar, saam met Beryl en Melinda. Okkie sien my. Hy skree: “Hier’s ek, Nico!”

Ek ignoreer hom, hardloop in na my kamer toe, gryp die gewere, gryp die rugsak met die magasyn en die radio, ek hardloop uit, hoor Okkie se

stemmetjie agter my, hoor van die kleintjies wat hoog skree. Ek is uit, hardloop na die perdestalle toe oorkant Heidestraat se T-aansluiting. Ek hoor Domingo wat my roep, hy is onder op die hoek, geweer in sy hand: “Kom hier.”

Ek hardloop na hom toe, hy skree en hy beduie: “Gaan cover die teerpad, die pad bushek toe.”

“Wat van bo, wat van die reservaat?”

“Gaan cover die teerpad. Nou. As jy ’n motorfiets sien, dan skiet jy hom. Gee my die R6.” Sy stem is kalm, asof hy alles onder beheer het.

Ek gee hom die korter aanvalsgeweer.

“Hoeveel magasyn het jy?”

“Drie vir die R6, drie vir die DM.”

“Gee my die R6-magasyn.”

Ek haal hulle uit, te haastig, ek laat een val.

Domingo tel dit op, vat dan aan my skouer. “Bly kalm, cover die teerpad.” Hy draai om en hy hardloop middedorp se kant toe, hy lig sy radio en sê iets daarin.

Ek storm af in Heidestraat, ek draai links, in die rigting van die bushek, ek weet waar ek wil gaan lê. Ek sien die bakkie, Domingo se bakkie, die stert is stukkend gestamp, dit staan oorkant die teerpad. Ek wil aan die teenoorgestelde kant gaan lê, op die rantjie wat uitkyk oor die inkompad se wye U.

Ek hoor Okkie se stemmetjie agter my: “Wag vir my, Nico, wag vir my.”

Ek hoor die geluid van ’n motorfietsenjin. Ek kyk na waar die teerpad oor die heuwel van die bushek af kom, omtrent ’n kilometer ver. Ek sien die eerste KTM-ryer. En die tweede en die derde en die vierde.

Die KTM kom: III

Onder op die vlakte lê die groot verkeersirkel waar vier paaie bymekaar kom – die een van die damwal af, die een van die Havenga-brug, en die een Petrusville toe.

Die vierde pad loop bultop na Amanzi toe. Eers tot by die bushek in die nek van die twee heuwels, vierhonderd meter van die sirkel af.

Net ná die bushek draai die pad na regs, en vorm dan 'n groot U oor die vlakte, voor die tweede opdraande wat in die dorp in lei.

Van waar ek lê, is die verste sigbare punt van die U omtrent agthonderd meter weg. Ek sien die motorfietse in die eerste been van die U afjaag, ek hoor die hoë geskree van hul enjins. Dit is te ver, selfs al het die teiken doodstil gestaan. Ek volg die eerste een met die teleskoop, ek wag dat hy die eerste draai van die U bereik, dan sal hy teen 'n hoek van omtrent vyftien grade in my rigting begin ry. Die beste plek om hulle te skiet is wanneer hulle sal moet spoed verminder vir die tweede draai van die U. Dit is net tweehonderd meter van my af. Die probleem is dat ek nou twaalf KTM-ryers tel. As ek een hier onder in die draai mis, en die visier moet begin skuif, en vinniger begin skiet, gaan van hulle dalk verby my kom.

Ek sal op vyfhonderd meter, in die middel van die tweede U-been, moet begin skiet. Ek sal vinnig moet skiet. Ek sal raak moet skiet.

Okkie lê langs my. Toe hy aankom, het ek vir hom geskree: “Kom lê hier, en jy maak jou oë styf toe en jy is doodstil, hoor jy my?” My stem was baie kwaai oor my skrik dat hy hier is, my vrese vir sy veiligheid. Okkie begin huil van bang vir die sirenes en my reaksie, ek het nog nooit só met hom gepraat nie.

Hy lê styf teen my heup, sy armpies oor sy oë. Hy maak klein geluidjies.

Die motorfietse is in die tweede U-been. Ek volg die voorste een, ek kry 'n gevoel vir die beweging, ek bereken die skoot. Die son is agter my, daar is geen wind nie. Perfekte omstandighede.

Ek skiet.

Hy val. Die ryer rol, die motorfiets skuur en skuif voort op die teer, vonke spat.

Die volgende een. Ek mik vir die bors, onder die valhelm. Skiet.

Val.

Nog een en nog een, en elke keer as die skoot klap, dan ruk Okkie hier teen my.

My wêreld vernou tot die tonnelvisie van die teleskoop.

Die sesde een se motorfiets slaan aan die brand, en dan ontplof dit. Agter die rook en die vlamme verloor ek die groep, nog een kom daardeur gejaag, nader, byna by die tweede draai van die U.

Ek skiet. Hy val. Skiet, val.

'n Koeël klap hier langs my teen 'n rots vas. Iemand skiet op my. En Okkie.

Ek wil my oog van die teleskoop wegruk, ek wil kyk waar die skut is, maar ek durf nie, hulle kom te vinnig, ek moet die ritme behou, ek moet seker maak nie een van hulle kom deur nie.

Die volgende een is in die draai hier onder my, honderd-en-vyftig meter weg. Ek skiet. Hy val.

Nege raak. Drie om te gaan.

Die volgende een skiet ek in die draai, nog een wanneer hy negentig meter van my af uit die draai uit kom, hy en sy motorfiets skuif oor die pad, rakelings verby Domingo se bakkiewrak, en slaan teen die klippe aan die regterkant vas, en dan is daar geen ander motorfietse op die pad nie en ek dink ek het verkeerd getel, ek het twaalf gesien, elf geskiet. En dan slaan nog 'n koeël langs my vas en ek besef een het iewers gestop, een het gaan lê en skiet op my.

Dit is die skielike stilte wat vir Okkie laat opspring.

“Okkie!” skree ek.

“Pappa toe,” sê hy en hardloop.

Dit sal deel word van die Domingo-legende, dit wat in die dorp gebeur op die tweede Junie in die Jaar van die Jakkals. Dit sal die gerugte oor sy verlede en sy vermoë aanblaas, dit sal deel word van die mite van Amanzi.

Die kruising by die Midas-vulstasie bo in die dorp is bedrieglik, want die paaie kom daar bymekaar soos die bene van 'n driepunt-ster.

Domingo het die bestuurder van die ERF-vragmotor – voor dit sy bakkie getref het – se linker-sleutelbeen afgeskiet, sodat hy met net een hand die voertuig moes beheer, wat nie genoeg was vir die snelheid en die hoeke van die driepunt-ster nie. Op die nippertjie probeer die bestuurder links draai, dam se kant toe. Hy verloor beheer en die vragmotor ry in die lamppaal en die olyfboom voor die polisiestasie vas. Die paal en die boom kan die groot trok-massa nie keer nie, en die vragmotor sloeg tot teen die hoek van die polisiestasie en breek deur die muur.

Die twintig Amanzi-soldate wat met veldoefening besig was, is nou in die polisiestasie, besig om hulself te bewapen volgens Domingo se radiobevele. Die ERF se neus bars deur die muur en tref sewe van ons troepe wat in die wapenmagasyn besig is om koorsagtig wapens te gryp en te laai. Die ander dertien soldate wat in die vertrek langsaan wag vir hul wapens, val plat terwyl die stof en die skok en die lawaai deur die struktuur trek.

Domingo het klaar sy bevele aan my geskree, hy het my R6 gegryp, hy hardloop agter die trok aan. Hy hoor die slag wanneer dit die polisiestasie se muur tref, vierhonderd meter van hom af.

Teen die tyd dat hy om die draai kom en die ERF-trok kan sien, is hy tweehonderd meter weg. Op daardie oomblik gaan die agterste deure van die sleepwa oop, en daar is KTM-manne wat met gewere daar staan, binne die lang sleepwa. Ons gewere, die R4's wat hulle byna twee jaar gelede by ons kom steel het.

Domingo het my R6 oor sy skouer, en sy R4 in sy hande. Sy R4 se magasyn is amper leeg, nog so ses rondtes in. Hy hardloop nie meer nie, hy loop nou straataf. Oop en bloot, hy soek nie skuiling nie. Daar is mense wat hom sien, deur huise se vensters. Hulle sal later sê dit lyk of Domingo so gefokus is, so vasberade is dat hy vergeet van die gevaar.

Die KTM-ouens begin uit die sleepwa spring.

Domingo lig die R4 na sy skouer toe, hy kyk deur die teleskoop, hy skiet. Drie afgemete skote.

Drie lede van Die KTM val. Maar daar was tien agter in die trok. En die oorblywende sewe skiet nou terug.

* * *

Ek weet die skerpskutter wat daar onder iewers lê, gaan vir Okkie sien hardloop. Ek weet hoe dit werk, hoe beweging jou oog deur 'n teleskoop trek, hoe jy instinktief mik en meet en skiet.

Ek skree weer Okkie se naam, ek spring op. Hy hardloop terug Orphanage toe. Hy is vier treë voor my, ek het die R4 in my linkerhand, ek reik met my regterhand uit na hom, dan ruk iets my linkerbeen onder my uit. Op daardie presiese oomblik is daar nie pyn nie, maar ek weet ek is geskiet omdat ek die koeël verwag, ek is net dankbaar dit het vir my getref.

Ek gryp vir Okkie, so in die val, 'n hand vol van sy hempie agter sy nek. Ek slaan neer, my skouer tref vir Okkie, sy wind is uit, ek hoor hoe hy hyg en beur vir asem. Ek draai op die grond om, voel die nat van die bloed teen my been. Ek voel vir die eerste keer die brandpyn, maar net aan die uitskietwond se kant, en ek wonder hoekom, so 'n vreemde ding om oor te dink in daardie omstandighede. Ek weet ek moet die skut se skuilplek kry, ek moet hom skiet.

Okkie hyg, hyg.

Ek sien die blits van die skieter se geweer. Hy lê plat agter sy ryding wat in die middel van die pad op sy sy gekeer is. Die man is skaars sigbaar deur die rookwolk van die brandende motorfiets.

Die volgende skoot slaan reg voor my vas, stof en sand en klippies in my gesig, in my oë.

Okkie hyg, snak na asem.

Ek vee my teleskoop-oog, desperaat, ek sal baie gou moet skiet, hy het my afstand, die volgende skoot gaan nie mis nie.

Ek trek die visier op hom, ek skiet. Ek het hom.

Okkie kry sy wind terug. Hy huil hard, in kort, asemlose sarsies.

Ek kyk na my been. Ek sien die poel bloed wat op die grond vorm.

Ek gaan hier doodbloei.

“Okkie,” sê ek. “Jy moet iemand gaan roep. Enigiemand by die Orphanage. Hoor jy?”

* * *

Die R4 is leeg. Domingo gooi hom eenkant, hy swaai die R6 van sy skouer af. Koeëls slaan vas in die teerpad voor hom, opslagskote kerm weg.

Hy beweeg meteens vinnig na links, uit die straat uit, agter die Midas-vulstasie se gebou in.

Die KTM-manne spring almal uit die ERF-sleepwa uit. Drie van hulle kruip weg onder die vragmotor, met die groot wiele as skuiling. Vier van hulle hardloop deur die gapende muur van die polisiestasie.

Dié vier sien die beweging van die dertien Amanzi-soldate. Ons soldate probeer by die wapenmagasyn uitkom, deur die stof en die stukke pleister en baksteen, en oor die liggame van hul makkers wat in die botsing tussen vragmotor en muur getref is. Die KTM skiet wild. Hulle maai die Amanzi-soldate af – net vier van die twintig sal oorleef.

* * *

Domingo

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

There's a lot of exaggeration and nonsense about that day. Ek het baie sleg gedoen. Ek en my hele team. Our losses were heavy. En ons het al die advantages gehad, the high ground, the checkpoints, the gates. And we failed miserably ...

* * *

Hulle sê hy was soos 'n skaduwee. Hy beweeg soos 'n skim deur die vulstasie, terwyl die drie KTM-ouens wat onder die vragmotor skuil, op

hom skiet.

Domingo gebruik die vensters en deure, die petrolpompe self, en hy kry hulle een vir een, met enkelskote van die R6. Hy lyk nie haastig nie, hy lyk nie bang nie, daar is net die fokus en die doelgerigtheid.

Hy draf tot by die vragmotor, rol onderdeur die sleepwa, tel twee van hulle gewere op, haal die magasyn uit, druk dit in sy sakke. Hy verdwyn in die oop gat van die polisiestasie.

Die mense oorkant in die OK hoor die skote. Hulle sê Die KTM skiet wild en wakker. En nou en dan 'n enkelskoot van Domingo af. Onthou, sal hulle die storie oorvertel, daar was vier van hulle, en net Domingo, en die polisiestasie is nie groot nie. Maar dit vat nie lank nie, hulle dink dit is drie minute, en dan kom Domingo uit en hy loop na die ERF-trok se perd toe, en hy het nie eens 'n merkie op hom nie.

Daar is nog die twee KTM-lede wat daar binne in die ERF se kajuit is, bestuurder en passasier, beseer ná die vasjaag in die lamppaal en die boom en die polisiestasie. Die twee wat vir Thabo en Magriet doodgeskiet het, bloeiend, gebreek, maar nog lewend. Domingo maak die deur aan die bestuurderskant oop. Stukke glas val af grond toe. Die bestuurder met die afgeskiete sleutelbeen gee sy pistool met die knaldemper vir Domingo. Hy sê: “We give up, we give up.”

En Domingo vat die geknaldemperde pistool, en skiet hulle tussen die oë. Een na die ander.

Die KTM kom: IV

Domingo

Let me try to set the record straight:

Die KTM was nie getrain nie. They were a bunch of amateur yahoos with assault rifles. And yet they managed to kill my guards at two gates, breach those gates, and get past me with the lorry. They managed to kill twenty-six of us.

En jy moet onthou, hulle plan het gebackfire. Hulle plan was die Trojan Horse, hulle plan was om vir Thabo en Magriet te hijack. Dan kruip twee ouens met silenced pistols voor by Thabo-hulle in die lorry se cabin weg, en tien is agter in die trailer, en die twaalf op die bikes kom agterna. By die hek dan sien my guards vir Thabo en Magriet, en hulle is nie suspicious nie, en dan spring die twee silenced pistols uit en sê vir my guards om op die radio te sê alles is okay.

By die Petrusville checkpoint, toe werk hulle plan. Toe skiet hulle my guards, en die motorbikes kom ook deur.

Toe wag die motorbikes waar die bus gate se guards hulle nie kan sien nie, en Thabo-hulle se lorry ry tot by die bus gate.

By die bus gate, toe loop die plan skeef, want een van my guards daar het survive om die storie te vertel. Hy sê Thabo try toe om een van die silenced pistols te gryp, en toe begin almal skiet, en die ouens agter in die trailer pop uit, en dis hoe hulle my bus gate gebreach het. But now their plan has gone

to hell, no more element of surprise. Die groot fout wat hulle toe maak, they should have cut their losses, they should have retreated to fight another day. Ma' hulle het nie goeie leadership gehad nie. Toe skiet hulle vir almal, my guards, vir Thabo en Magriet, en die lorry jaag vooruit om in die dorp te kom, en da's hierdie groot gap tussen die lorry en die bikes, that's what messed it up for them.

But despite the fact that they were yahoos and their plan was messed up, they still managed to kill twenty-six of my people. That is just totally unacceptable. That is a defeat. Daai is 'n skande.

En dis hoekom die mense nie moet kom en sê ek was 'n hero daai dag nie. Ek was 'n total failure. The real hero is Nico Storm. You won't see shooting like that again. Ever.

But nobody says a word.

That's messed up.

* * *

Ek het my hemp uitgetrek, ek draai dit baie styf om my heen, ek probeer die bloeding stop.

Ek raak duiselig.

Ek hoor nie meer skote uit die dorp uit nie. Ek wonder wat het gebeur.

Ek sien vir Nero aangehardloop kom. En agter hom, 'n huilende Okkie.

* * *

Ek lê in die siekeboeg. Domingo staan langs my bed.

"Hoekom het jy hulle geskiet? Daardie laaste twee."

"Jy ken my mantra."

"The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die?"

"That's the one."

"Maar hulle het oorgegee."

"Met concealed weapons aan hulle kuite vasgebind?"

"O."

“Nico, hulle is animals. As hulle jou nie vandag kry nie, kry hulle jou môre. Moenie daai vergeet nie.”

Ek knik.

“En wat gaan ons maak met prisoners?”

OceanofPDF.com

Sofia Bergman

Soos opgeteken deur Sofia Bergman. Voortsetting van die Amanzi-
geskiedenisprojek, ter nagedagtenis aan Willem Storm.

Ek wonder soms, as oom Meklein nie daardie Mei in die Jaar van die Jakkals doodgegaan het nie, as hulle nog vier of ses of tien jaar geleef het, of ons op die plaas sou gebly het, of ek ooit Amanzi sou gesien het ...

Ek weet nie hoe oud hy en Vytjie was nie. Ek dink diep in die sewentig.

Ons het so baie aande buite gesit by die vuur. Dit was Meklein se vreugde, om onder die sterre te sit.

Ek weet dit is romanties om dit te sê, maar ek dink hy het geweet die einde is naby. Daardie laaste aand van sy lewe was ons om die vuur. Dit was al koud saans, ons het naby aan die vuur gesit. Hy het baie gehoes, meer as gewoonlik. Toe sê Meklein hy dink Die Koors het gekom oor die mense die aarde so seergemaak het. Hy sê, met 'n hoesbui ná elke sin: “Vytjie, wanneer laas het jy 'n gompou gesien? Onthou jy die witkruisarende, toe ons klein was? Daar was baie. Onthou jy die bakoorkakkalsies, hoe baie het ons hulle gesien in die ou dae. Die bakoortjies is termietvretertjies, skerpioenvretertjies, maar die mense het gedink hulle vang skaap. Hulle het nooit skaap gevang nie. Jy sien hulle nie meer nie. So baie wat jy nie meer sien nie. Die ou mensdom het die aarde baie seergemaak. Ek wonder, is dit nie die aarde wat die virus gestuur het nie?”

Laat die aand het hy meteens ophou hoes, asof sy lyf net eenvoudig genoeg gehad het. En daardie nag is Meklein in sy slaap dood, en ons begrawe hom, ek en Vytjie, en ons herverdeel die pligte, en nie eens vier

weke later nie, toe is Vytjie ook oorlede, sy het die aand só stil langs die vuur gesit, dit was baie koud, ek onthou. En sy het net nooit weer haar oë oopgemaak nie.

Toe begrawe ek haar, daar langs oom Meklein, teen die rantjie waar hulle so graag op winteroggende styf teen mekaar in die son gesit en kruietee drink het.

Vir maande ná Vytjie se dood het ek nie eens daaraan gedink om die plaas te verlaat nie. Ek wou bly. Ek het gebly. Deur die winter. Dit was 'n normale Karoo-winter, daardie jaar, geen sneeu nie, net wat my pa altyd “perfekte woestyn-koue” genoem het. Ek het die vrugtebome gesnoei in Julie, en biltong van twee springbokke gemaak. Ek het gebly deur Augustus en September. En toe dit warmer word, moes ek begin plant. Ek het begin werk, ek het mis en kompos in die groentetuin begin inwerk. En toe, een oggend, sit ek met die saad reg op die tafel, en ek kyk vir die groentetuin, en ek sien die seisoene wat voor my lê, en ek sien die oes van die groente en die vrugte, en ek besef ek sal dit met niemand kan deel nie. En dit is dié oomblik wat die eensaamheid my vang. Eienaardig, nè, die wete dat ek alleen sal moet eet, al daardie vars groente. Ek sal nie vir Meklein hoor wat sy lippe van genot klap nie, of wonder hoe Vytjie die soetmielies se pitte so behendig kan eet met die paar tande wat sy oorgehad het nie.

Dit was toe ek besef ek sal mense moet gaan soek. Dit is soos 'n damwal wat breek, skielik is daar hierdie vloed van insig: Dit is eintlik gevaarlik, só alleen op die plaas. Jy kan gly en val in die veld of in die bad, en niemand kan help nie. Dis net so gevaarlik om nou iewers heen te wil gaan. Want waarheen? En hoe? Ons het nooit die voertuie gebruik nie, die batterye is pap, die diesel is seker lankal vrot, ek het nie eens gedink om iets aan die gang te probeer kry nie. Ek sou moes stap. Maar waarheen?

Bloemfontein toe.

Dis die plek wat ek geken het as kind. Dit was my verwysingsraamwerk vir waarheen mens gaan as jy iets nodig het wat jy nie op die plaas kan kry nie. Dit is waar mense en goedere en dienste was.

Ek weet dit sal vir mense moeilik wees om te verstaan, maar ek het die buitewêreld verbeel soos dit was vóór Die Koors. Jy moet onthou, ek was toe al langer as drie jaar op die plaas, sonder om 'n ander siel te sien, behalwe vir Meklein en Vytjie. Ek was toe al amper vyf maande stoksielalleen. Ek was net sestien jaar oud. En ek was so half in 'n dwaal.

Ek het gedink ek pak 'n rugsak, ek vat 'n geweer, en ek stap. Ek ken die kortste pad na die N1 toe, met die plaaspaaie langs tot by Hanover op die N1 is dit 'n honderd kilometer, in elk geval nie veel meer as dit nie. Daar sal karre op die N1 wees, dan vra ek op Hanover of ek kan saamry Bloemfontein toe. Ek kan in die koshuis van Laerskool Oranje gaan bly.

Simpel plan, ek weet. Ek was so naïef. So oningelig.

Ek het gedink as ek genoeg kos en water vir 'n week het, sal ek okay wees. Ek het gedink dit maak nie saak dat my ma se stapstewels so 'n bietjie te groot is nie.

Die beste besluit wat ek geneem het, was om op die laaste nippertjie die kruisboog ook saam te vat.

OceanofPDF.com

Die staatsgreep: I

Dit neem Domingo en sy helpers vier dae om die grafte te grawe, in die harde klipgrond van Amanzi se heuwels. Ek hoor net daarvan, ek lê eers in die siekeboeg, en toe die verpleegster en Nero tevrede is dat ek “gestabiliseer” het, skuif ek na my kamer toe.

My wond lyk erg, maar Nero sê dit is “skoon”, daar is nie baie weefselkade nie. Dit behoort goed te herstel. Dié nuus vertel ek vir niemand nie.

Op die vyfde dag ná die aanval van Die KTM versamel die hele gemeenskap teen die rante vir pastoor Nkosi se begrafnisdiens. Ek mag nie gaan nie, die verpleegster sê die wond het nog nie goed genoeg geheg nie.

Op die negende dag hou ons ’n gemeenskapsvergadering in die Forum. Jacob Mahlangu stoot my in ’n ou rolstoel met ’n mank regterwiel, my been stewig verbind en seer, van die Orphanage af na die Forum toe, want ek wil nie die groot aankondigings misloop nie. Ek wil nie die bewondering van die mense verbeur nie. Ek het immers twaalf KTM-lede van hul motorfietse afgeskiet. Ek wil nie Lizette Schoeman se simpatie vir my wond kwyt wees nie.

Ons moet uit die Orphanage sluip sodat Okkie ons nie sien nie.

Ek kry die bewondering in die Forum; inwoners wat hul gelukwensing uitroep of kom blad skud, kom vra hoe dit gaan. Sommige klop my op die skouer. Van die sewe- en agtjariges loop saam met die rolstoel deur die skare, hulle vat-vat aan my, hulle oë groot in heldeverering. Ek hou baie daarvan.

Ek sien nie vir Lizette nie.

Die Komitee is 'n eendragtige groepie langs die ou Tata-trokkie. Ek en Jacob en ons bewonderaars-entourage gaan staan net 'n entjie weg. Pa klim op die bak van die Tata, wat steeds die podium van die Forum is. Hy praat oor 'n mikrofoon, die klankstelsel dra sy stem maklik oor die skare. Feitlik die hele bevolking van Amanzi is daar om te luister.

Pa sê ons het verlede week van te veel van ons mense afskeid geneem. Vandag moet ons begin met die proses om seker te maak dit sal nooit weer gebeur nie.

Die mense klap hande. Stemmig, nog onder die indruk van verlies.

Pa sê die Komitee het gisteraand besluit om die volle produksie van bakstene uit ons steengroef, en al die sement wat ons jong geoloog meng en ons ekspedisies saambring, te kanaliseer na 'n projek om Amanzi te fortifiseer.

Die handeklap se desibels styg.

Pa sê die bushek sal 'n vesting word. Die ou, wiellose voertuie wat die hek vorm, sal vervang word deur dik baksteenmure en groot, dubbele staalhekke. Daar sal wagtorings gebou word. Die hekwagte sal verdubbel word. En Amanzi se staande Weermag sal sou gou moontlik weer aangevul word om die nuwe verdedigingstrukture te beman.

“What about the KTM?” skree iemand uit die skare.

Pa sê sodra die nuwe hoofhek gebou is, sal werk begin aan beter strukture by die Petrusville-blokkade, en die een by die Havenga-brug onderkant die damwal.

“Wat van terugslaan?” skree iemand anders. “Attack the KTM.” Nog stemme gaan op in ondersteuning: “Maak soos Domingo sê.”

Wanneer ek dit hoor, weet ek die nuus het versprei: Domingo het voor die Komitee gesê die enigste manier om Die KTM se bedreiging uit te skakel is om hulle te gaan aanval, om hulle uit te wis. Ek wonder wie dié inligting uit die Komitee laat lek het.

Pa sê: “Hierdie gemeenskap se veiligheid is ons grootste prioriteit. Ons kyk na al die moontlike reaksies en strategieë. Ek ... Die hele Komitee deel julle woede, ons deel julle drang om wraak te neem, om hulle te gaan aanval ...”

“Dis oorlog!” skree iemand. Die koor van steun raak sterker. “Val aan!”

“Ja,” sê Pa. “Dit is oorlog. En in 'n oorlog is ons eerste prioriteit om seker te maak ons gemeenskap is veilig téén 'n aanval. Ons vra net geduld ...”

Pa hou op met praat, want pastoor Nkosi het ook op die Tata se bak geklim en sê iets in Pa se oor.

“Pastoor Nkosi wil iets sê.” Pa staan weg van die mikrofoon af en die forse pastoor lig stadig ’n hand.

“The Bible says, an eye for an eye,” roep die pastoor in sy sterk en meesleurende predikerstem.

’n Koor van ondersteuning styg op uit die skare.

“The Bible says, a tooth for a tooth.” Die woorde daver teen die heuwel af, en oor die uitgestrektheid van die dam.

Die ondersteuningskoor raak driftiger.

Ek kyk na my pa. Hy staan reg langs Nkosi. Pa is ’n kop korter en is veel skraler. Ek sien die uitdrukking op Pa se gesig – hy is verward, verstaan nie wat die prediker doen nie.

“There is a time for war and a time for peace. And the time for war has come,” die pastoor se stem donder harder en hoër. Die skare se reaksie ook. “Joel three verse nine says, ‘Proclaim this among the nations: Prepare for war! Rouse the warriors! Let all the fighting men draw near and attack.’”

Ek sien nou kommer op Pa se gesig, ek sien die hand wat hy ophig om die pastoor te keer, om sy aandag te trek.

Die mense van Amanzi juig Nkosi toe.

“Jeremiah twenty: ‘The Lord is with me like a mighty warrior; so my persecutors will stumble and not prevail. They will fail and be thoroughly disgraced; their dishonour will never be forgotten.’”

Die mense juig.

“But if we want the Lord to be with us like a mighty warrior, my brother and sister, we have to allow God to rule this community. We must elect Him our Chairman. Because I am telling you today, God sent the KTM as a warning. Just like he sent the Fever. He sent the KTM and he sent the Fever because we did not make Him our King. How much more must He send before we listen, my brother and sister? When are we going to listen?”

Pa vat aan pastoor Nkosi se arm, ek kan sien hy is kwaad. Pa skree iets, maar sy stem is heeltemal verlore in die luidkeelse reaksie van die honderde omstanders. Nkosi skud sy kop driftig, hy stem duidelik nie saam met Pa nie.

Pa beur voor die pastoor in om by die mikrofoon te kom. Die aansienlik groter Nkosi druk hom weg. “Do you want to listen to our Chairman now?”

vra hy die skare. “Do you want to listen to the man who does not believe in God?”

Die lawaai is oorverdowend, niemand weet of dit “ja” of “nee” is nie.

“No, Willem, they don’t want to listen to you. They want to listen to God. They want an eye for an eye. They want to elect God as the Chairman of Amanzi. I say, let’s have an election.”

Die mense skree.

“Yes. Let’s have an election. I hereby resign from the Committee. I am herewith creating the Mighty Warrior Party. I hereby nominate God for Chairman. Are you with me? Are you ready for a Holy War?”

Oorverdowende lawaai, almal skree iets.

“Right! Let’s have an election. This week. This Friday. Let us get God on our side.”

Stemme, hande, arms, ’n massa van reaksie.

En dan staan die pastoor terug en hy glimlag vir Pa. Hy loop na die kant van die Tata se bak, en hy spring af.

Ek wonder waar Domingo is. Ek het hom glad nie gesien nie.

* * *

Dit is stil in die sitkamer van die Orphanage. Hulle sit verslae: Pa, Birdie, Ravi, Nero, Beryl.

Ek sit naby Pa, my been rus voor my op ’n ander stoel. Die pyn is erg saans. Ek spaar my pille vir die nag.

Nero staan eindelik op, gaan haal die bottel brandewyn en die glase. Hy skink vir elkeen, hy sê: “The pastor is an opportunist, like all good politicians and preachers. And this was the perfect opportunity. If we were paying attention, we would have seen this coming.”

Beryl sê die prediker is ’n rugsteker. Ravi noem hom ’n verraaier. Birdie klik haar tong. “Dis nie opportunism nie, dis ’n skande. Dis uitbuiting van mense se vrees en mense se seer.” En dan skud Birdie haar kop. “Einstein het gesê: ‘Two things are infinite: the universe and human stupidity; and I’m not sure about the universe.’ Nou verstaan ek wat hy bedoel het.”

“I’m a Muslim,” sê Ravi. “I’m the only Muslim in Amanzi. I’ll have a bit of a problem if Nkosi gets what he wants.”

Pa sit doodstil en wasbleek en stroef, asof hy aan skok ly. Hy laat hulle uitwoed. Dan sê hy, in 'n sagte stem wat swaar dra aan emosie: “Tweehonderdduisend jaar. Dis hoe oud ons spesie is. Dis hoe lank dit ons gevat het om 'n Benedict Spinoza op te lewer ...” Hy sien dis net Nero wat onthou wat hy bedoel. “Spinoza was die eerste ou wat kerk en staat wou skei, die eerste ou wat gesê het die basis van alle politiek behoort persoonlike vryheid te wees, en dat demokrasie die staatsvorm is wat die versoenbaarste is met persoonlike vryheid. En toe vat dit nog meer as driehonderd jaar vir dié beginsel om in hierdie land inslag te vind. En nou ... Ons kan tog nie regresseer nie, kan ons?” Dis asof hy by hulle pleit.

Nero wil antwoord, maar Pa is te diep verlore in sy kommer en drif. “Weet julle hoekom ek daardie pamflet destyds geskryf het? Hoekom ek 'n nuwe begin hier wou kom maak? Ek is nie hierdie vreeslike altruïs nie, ek moet dit nou maar beken. Ek het hiernatoe gekom vir Nico, sodat hy kan sien ... Nee, sodat hy deel kan wees van hierdie reis van tweehonderdduisend jaar, sodat die onderbrekings nie so ... Ek ... Is julle nie ook soms heeltemal verwonderd oor waartoe ons in staat is nie? Kyk na ons reis, Homo sapiens se reis, kyk hoe ontsaglik ver ons gekom het, van savanna-prooi tot 'n robot op Mars en die splitsing van die atoom en die dekodering van DNS. En demokrasie, en rede en rasionaliteit. Wetenskap bo bygeloof, feite voor mites ... Die Koors, dis verskriklik, die biljoene wat dood is in Die Koors, ek weet, dit is verskriklik, maar ek wonder of die groter skade nie die onderbreking was in wat ons besig was om te vermag nie. Ons het sulke massiewe probleme gehad, voor Die Koors. Polities en maatskaplik en ekologies, maar ons was besig om oplossings te kry, soos ons nog altyd gemaak het. Tegnologie, net in die laaste twintig jaar, die ontsaglike ontwikkelinge en deurbrake en ontdekkings, alles om probleme op te los, om die wêreld 'n beter plek te maak. Dít was vir my die groot verlies, dat ons nooit die kans gehad het om al daardie ontwikkelinge voort te sit, om ons vindingrykheid te gebruik om daardie probleme op te los nie. Ons sou, ek weet ons sou. Ek ... ek is dit aan Nico verskuldig. En Okkie. Ons is dit aan al ons kinders, aan al die mense, aan tweehonderdduisend jaar se stryd en strewe verskuldig om nie nou te regresseer nie. Dis wat Nkosi gaan doen. Ons ... Ons moet met die mense gaan praat, ons moet aan hulle verduidelik, ons moet hulle inlig. Voor Vrydag ...” En Pa is só begeesterd, só desperaat dat hy opstaan uit sy stoel, asof hy bedoel ons moet nou met dié veldtog begin.

“Ai, Willem,” sê Birdie. “Hulle soek nie inligting nie. Hulle is bang. Hulle wil hê iemand moet daardie bang wegvat. Nkosi se se hele strategie is gebou op vrees.”

“We are going to lose,” sê Nero Dlamini.

“Behalwe as julle glo in miracles,” sê Beryl. En dan lag sy sag. Dit breek die ergste spanning.

OceanofPDF.com

Sofia Bergman

Ek het in Oktober van die plaas af weggeloop. Redelik vroeg in Oktober. Ek weet nie wat die presiese datum was nie, want ek het lank nie meer 'n kalender noukeurig gevolg nie. Ek het gewag vir die lente, vir warmer nagte.

Rugsak, stapstewels, geweer en kruisboog.

My ma was 'n stapper. Sy het die groot rugsak en die stapstewels gehad, sy het dit seker vyftien jaar voor haar dood laas gebruik, maar dit was in hulle kamer se ingeboude kas. Ek het my ma en my suster se klere gedra, want my eie was lankal te klein. Ek het die rugsak met onderklere en klere en kouse gepak. Met 'n slaapsak en kos en water, vuurhoutjies, flits, Leatherman-multitang. Ek het die geweer en ammunisie gevat, en die kruisboog en pyle. En 'n selfoon, my pa s'n. Kan jy dit glo? Ek het regtig gedink dit sal werk in Bloemfontein.

Ek het die vark- en hoenderhokke gaan oopmaak, die stalle en kampe se hekke.

En toe is ek een laaste keer na almal se grafte toe, en toe loop ek, sonop een oggend in Oktober van die Jaar van die Jakkals.

Dit was 'n vreemde tog daardie. Ek loop op paaie wat ek in drie jaar nie gesien het nie, wat in drie jaar nie 'n mens of 'n voertuig gesien het nie. Alles lyk net so 'n bietjie anders. Die bome en bosse is groter, die slote is dieper. Die pad plek-plek verspoel. Die plaashuise verlate.

Net die insekte en die voëls se geluide, net die natuur se reuke.

Daardie eerste aand, toe droom ek ek sien die helikopter.

Ek loop eers Nieu-Bethesda toe, om by die Doornberg-pad uit te kom. My ma se stewels is te groot, en my voete stamp hulself voor by die tone en agter by die enkels stelselmatig seerder.

Daar is niemand in Nieu-Bethesda nie. Net voëls en klipspringers en oogpisters. Die leë dorp is spookagtig, daar staan twee karre in die middel van die straat, die kweperlanings en die landerye wat so netjies was, en die olyfbome is oorgroei en verwaarloos. Dit maak my ongemaklik, ek loop vinnig daardeur, al weet ek dis simpel. Ek loop anderkant uit, en so twee uur later draai ek regs by die vurk, op die Doornberg-pad. Dit is die pad wat my pa die liefste voor was. Die Doornberg-pad is 'n grondpad, dit loop al met die riviervallei langs, so slingerend, tot by die R398. Daar is minstens tien plaasopstalle langs die pad, maar ek loop net verby, ek wil nie daaraan dink dat almal dood is nie. Ek dink al hoe meer aan my seer voete.

Middagete langs die riviertjie. Die stroompie loop nie, ek sit by 'n poel, ek sien die spore van bobbejane en klipspringers en koedoes. Ek trek die stewels uit, ek druk van my onderklere in om hulle stywer te laat sit. Dit help.

Ek stap weer. Ek voel vreemd. Amper soort van koorsig. Nie siek-koorsig nie, net snaaks-koorsig. Verwyder, een dimensie weg van hierdie verlate werklikheid. Die rugsak word swaarder, dit skaaf hier tussen my borste en my arms.

In die laatmiddag is ek moeg. Ek probeer bereken hoe ver ek gekom het. Omtrent sestig kilometer, dis baie, maar ek weet ek gaan dit nie maak tot by die R398 nie, ek sal hier iewers moet oornag. Die son is agter my, ek sien die dam links van die pad, 'n plaas se opgaardam, daar is water in, dit lyk mooi in die sagte lig. Dis Welgelegen, Pa het die boer en sy vrou geken. Die opstal is nog 'n kilometer weg. Ek hou aan met loop, moeg, baie alleen, terwyl die son sak, dit raak aan die berge agter my.

Ek kry die plaasgeboue, vyfhonderd meter van die grondpad af, net voor sononder. Daar is vlermuise wat deur die skemer skiet. Ek sien nie kans vir die opstal nie. Ek belig die stoor. Daar was lusern, daar is diertjies of slange wat deur die droë voer ritsel. Ek sal op die stoep slaap.

Dan hoor ek die geluid, die dreuning, 'n vreemde een, en ek kyk instinktief op in die rigting waarvandaan dit kom. Ek sien die streep, die lig, die vuur, laag oor die donker oostelike horison, soos 'n meteoriet wat val, maar naby, asof dit net hier anderkant is.

Dit verdwyn agter die berg, en dan is dit stil.

Ek staan in verwondering en kyk na die naglug, ek luister, ek besef alles het stil geraak en begin weer ontwaak, al die vroegaandgeluide wat ek ken. Ek staar na die oosterkim, maar daar is nou niks, net die verbeelde rookstrepie waar die vuurklip geval het.

Ek moet regmaak vir die nag.

Ek gaan verken die huis se groot stoep. Ek gebruik die flits, ek kry 'n verroeste drom en brandhout, ek maak 'n vuur net om die alleen te verdryf, en die spoke. Die naglug is sigbaar tussen die stoepmuurtjie en die dak. Dit is asembenemend, miljoene sterre wat flonker. Ek eet en drink, ek wonder, wat het ek gesien en gehoor? En dan dink ek aan al daardie satelliete in die ruimte. En die ruimtestasie! Daar is so baie goed wat aarde toe kan val. Ek moes een van hulle gesien het.

My eerste aand sonder 'n matras, die stoep se vloer is kliphard en koud, ek slaap baie sleg, onrustig en ongemaklik.

Ná vier ruk ek uit 'n diep slaap wakker van die lawaai. Dit is 'n helikopter, ek sweer dit is 'n helikopter, ek spring op, ek kyk oos, dit is waar die lawaai vandaan kom, die wap-wap-wap van 'n helikopter.

Ek sien heeltemal niks, net die sterre.

Die geluid vervaag agter die bulte.

Ek kan nie weer slaap nie. Ek wonder of ek dit gedroom het. Ek wonder of ek hier is, of ek nog bestaan. Ek wonder, maak ons ons eie werklikheid? Sien ons dieselfde werklikheid as ander mense? Bestaan hierdie wêreld enigsins?

Is daar enige ander mense oor in hierdie wêreld? Sê nou maar ek is die laaste een.

Die staatsgreep: II

My pa. My dierbare pa. My idealistiese, patetiese, sterk, slim, frustrerende pa.

Hy kom sit by my waar ek in die kamer lê. Hy sê: “Ek is verskriklik bly die wond is nie ernstig nie.”

Ek wens hy wil my vra om hom te vertel presies hoe dit gebeur het. Hy vra nooit. Hy gee my nie die geringste aanleiding om te vertel nie. Hy sit sy hand op my skouer en hy sê: “Jy is jou ma se kind.” Soos ek daardie oomblik onthou, is daar ’n toon van onhebbelikheid in sy stem, ’n verwondering dalk, en ’n klein bietjie respek.

Hy het nooit vir my gesê hy was trots op my rol om die tweede inval van Die KTM te stuit nie. Hy het toegekyk as mense my kom prys. Daar was ’n goedige glimlag op sy gesig, daardie een wat sê dit is nou die regte ding om te doen, om te glimlag. Maar sy hart was nie daarin nie. Hy het nooit gesê hy is trots op my nie.

Ek was teleurgesteld, want ek wou dit baie graag hoor, maar ek was nie regtig kwaad vir hom daaroor nie. Die lof en waardering en verering van die gemeenskap het my ego genoeg gestreel.

Ek het tydens pastoor Nkosi se coup d'état in die Forum vanuit die rolstoel vir Pa gekyk en ek was verskriklik skaam dat hy so maklik oordonder en weggestoot en verwerp kan word deur die prediker en die skare. En ek het terselfdertyd ’n oorweldigende liefde vir hom gevoel, en ’n beskermingsdrang. Ek wou hom die seer en die vernedering spaar. Ek wou opspring en die pastoor hardhandig gaan tereg wys. Dit is waarom ek op die

oomblik van Nkosi se oorwinning gewonder het waar Domingo is. Want ek is gewond, ek is magteloos, maar dalk kan Domingo help.

Daardie aand in die Orphanage se sitkamer, wanneer hy vertel van die mens se spesie-reis van tweehonderdduisend jaar, vergeet ek van my teleurstelling oor sy gebrek aan lof vir my heldedaad. Ek voel net die trots op en die liefde vir my pa. En die behoefte om hom te beskerm.

En ek wonder weer, waar is Domingo? Want hy is daardie aand afwesig. Die gerug is dat hy omtrent nie slaap nie. Dat hy van hek tot hek ry om ons te beskerm.

* * *

Hulle stig daardie selfde aand in die Orphanage 'n politieke party.

Die proses om by 'n naam vir hul party uit te kom is só lank en vervelig dat ek tussendeur slaap en wakker word. Ek kan onthou van die moontlike name wat hulle oorweeg, is “Die Vryheidsparty” en “Die Demokrate” – Pa laat hulle skater deur hardop te bekommer dat hulle nie “Demokraters” van hulself moet maak nie – of variasies op dié temas, soos “Die Amanzi-demokrate” of die “Amanzi Freedom Party”.

Eindelik volstaan hulle by Free Amanzi. Die stigterslede is Pa en Birdie, Nero, Beryl en Ravi. Pa stel vir Birdie voor as Voorsitter, sy stel vir Pa voor. Hulle stem, en Pa kry almal se steun.

Hulle het ses dae voor die Vrydag se verkiesing. Daar is net meer as eenduisend stemgeregtigdes in Amanzi. Hul strategie is dat Pa persoonlik met elkeen van die kiesers sal gaan gesels. Hy is immers die stigter van Amanzi, die man wat alles begin het, die man wat hulle deur hongersnood en sneeu gekry het, die man wat groot respek by almal afdwing. Pa se aanslag, kom hulle ooreen, moet nie vir pastoor Nkosi of godsdiens aanval nie. En sy boodskap moet eenvoudig en verstaanbaar, pragmaties en eiesoortig wees. (“Don’t give them a history lesson about Benedict Spinoza,” sê Nero Dlamini speels, maar nie sonder erns nie, want hy ken vir Pa.)

Hul gekose wekroep is: *Ja! vir vergelding – ná deeglike voorbereiding.* Dit is flou en verbeeldingloos, maar dit is die beste wat hulle kan doen, dit is wat Domingo later kopskuddend sou beskryf as “creativity by committee”. En Pa-hulle sal in die verkiesingstryd die mense daaraan

herinner dat die gemeenskap se spens vol is vir die winter, die elektrisiteit is aan, en die eerste sonneblomme vir dieselfterproduksie is besig om uit te droog.

Hulle werk in daardie ses dae harder as wat ek hulle nóg sien werk het. Pa praat met almal, elke inwoner, selfs dié wat nog te jonk is om te stem. Hy verduidelik, hy pleit, hy paai, hy smeek. Hy kry by almal 'n hoflike en simpatieke ontvangs. Baie mense bedank hom vir wat hy alles vir die gemeenskap gedoen het.

En die oorgrote meerderheid sê jammer, maar hulle gaan vir die prediker stem.

“Your dad’s party is going to lose,” kom sê Jacob vir my die Dinsdagmiddag ná skool. Hy is die bron van die meeste van my inligting. “The pastor just keeps telling people: ‘Twenty-six comrades are dead, go check the graves, that all happened on Willem Storm’s watch.’ ”

Die Woensdagaand sê Pa vir my hy het nie hoop nie. Hy sê dit met 'n gelatenheid, 'n aanvaarding. Asof hy weet hy het alles in sy vermoë gedoen. En hy het getrou gebly aan alles waarin hy glo.

Die Donderdagoggend vroeg lê ek op my bed terwyl die verpleegster die wond skoonmaak en nuwe verbande opsit. Ek sien vir Domingo haastig in die gang verbystap. Dit is die eerste keer sedert die begrafnis dat hy weer in die Orphanage kom. Ek roep om te groet, maar hy antwoord nie.

Sodra die verpleegster klaar is, sukkel ek met krukke op en hinkpink eetkamer toe. Die deur is toe. Ek hoor stemme binne. Pa s'n. En Birdie en Domingo.

“Nee, nee, dis nie demokrasie nie,” hoor ek Pa driftig sê, die enigste woorde wat ek kan uitmaak.

Hulle kom kort daarna uit, ek kan sien niemand is gelukkig nie.

Ek skuifel terug na my kamer toe.

Jacob kom vra later of ek gehoor het: Domingo gaan die mense van Amanzi laatmiddag toespreek. Pastoor Nkosi het sterk beswaar gemaak. Toe sê Domingo vir hom: “Keer my as jy kan.”

* * *

Jacob stoot my weer af Forum toe in die rolstoel. “An ill wind,” sê hy, want dit ruk en pluk, koud en onheilspellend.

Die mense kom aan. Ek kan sien niemand hou van dié verkiesing, hierdie tweespalt nie. Daar is 'n gedemptheid, 'n onwilligheid. Maar almal kom as Domingo gaan praat, want hy is die een wat hulle veilig hou.

Om vyfuur klim Domingo op die Tata. Hy lyk moeg. Hy dra 'n R4 aan sy skouer. Hy skakel die mikrofoon aan. Hy tik-tik om te hoor of dit werk.

Ek sien die pastoor en sy groot groep volgelingen eenkant, hande in die sakke, gesigte nors. Ek sien vir Pa en sy handjievol ondersteuners, regs van die Tata. Pa staan met sy kop geboë, asof hy klaar verloor het.

“I’ll keep this simple,” sê Domingo, sy woorde afgemete en glashelder. “If Nkosi wins the election, I will be leaving Amanzi. You will have to go to war against the KTM without me. Thank you.”

Hy sit die mikrofoon af, hy spring ligvoets van die Tata af en stap weg.

Pa sal die volgende dag vir Voltaire aanhaal, en oor Domingo sê: “Slim tiranne word nooit gestraf nie.”

Sofia Bergman

Ek droom op daardie stoep in die nanag, dié verwese deel van die nag net voor die son opkom, ek droom wilde drome, ontstellende drome, drome wat jou stadigaan eers los, selfs nadat jy wakker geword het.

My voete is seer. Ek weet nie hoe ek gaan loop nie. Maar ek sal moet loop, ek het net vyf dae se kos in die rugsak, ek kan nie 'n dag mors nie.

Ek het nie pleisters ingepak nie. Daar was pleisters in die badkamer by ons huis, ek moes net 'n paar ingepak het. Die drome en die werklikheid, die wete dat iets so maklik kan verkeerd gaan, dat daar dalk nog onheil en teenspoed is wat ek nie voorsien het nie, gee my 'n hol kol op my maag.

Ek eet 'n bietjie en drink water. Ek tel 'n ronde klip op in die vergroeide tuin van die plaas Welgelegen en breek 'n venster, en gaan in die opstal in. Daar is altyd pleisters in 'n plaashuis, ek moet net soek. Dit maak my baie ongemaklik, om só in iemand anders se huis te wees, 'n inbreker, 'n indringer, 'n skender van privaatheid en grense. Daar is 'n uitgedroogde lyk op die bed in die hoofslaapkamer. Dit was 'n vrou. Drie jaar dood, dit ruik na niks. Sy lê met haar twee hande saamgevou. Ek loop haastig uit, ek gaan sit op die stoep, my bene lam. Ek drink nog water. Ek sien die vrou se storie: Sy het alleen siek geword, haar man was in die dorp, of in die veld toe hy inmekaar sak. Dalk het sy nie 'n man gehad nie, dalk was sy 'n weduwee en haar kinders is in Kanada of Nieu-Seeland. Sy het alleen siek geword in die huis en toe het sy gaan lê en geweet sy sal nou doodgaan, sy het die nuus van Die Koors oor die radio gehoor. Maar sy wil netjies doodgaan, sy wil mooi doodgaan. Sy het grimering aangesit, en haar hare

geborsel en haar beste klere aangetrek en toe het sy gaan lê, op die bed wat so netjies met die mooiste linne oorgetrek is, en sy het doodgegaan.

Ek huil op die stoep van die plaas Welgelegen. Dit is die eerste keer dat ek huil. Ek huil soos iemand wie se hart heeltemal stukkend is, vir langer as 'n uur. En dan gebeur daar iets met my. Ek wéét ek moet nou klaar huil, en ek moet nou 'n besluit neem: Gaan maak ek vir my mooi en gaan lê ek langs daardie vrou en wag vir die dood om te kom? Of wil ek lééf?

Toe besluit ek, ek wil lééf.

Dit klink sommer nou klein as ek dit vertel, maar dit was groot, dit was 'n baie groot besluit vir my, en dit is asof ek daar op die stoep van die plaas Welgelegen wakker geword het van 'n slaap van drie jaar.

Toe staan ek op en ek gaan soek in die badkamer en in die kombuis en die pleisters is toe in 'n kas in die gang, saam met salf en Disprins. Ek het my voete baie mooi verbind. Toe kry ek die idee dat ek dalk nie hoef te loop nie. Toe gaan soek ek in die buitegeboue, en dit was snaaks, maar ek was nie meer skrikkerig vir die geritsel en die spinnerakke en die stilte en die verlatenheid nie.

Ek het 'n fiets gekry in die waenhuis, 'n ou fiets, een sonder ratte. Die bande was pap. Daar was 'n handpomp. Ek het die bande opgepomp, en die pomp en my rugsak gevat en toe ry ek met die plaaspad langs, ná tien in die oggend.

Die fiets se bande het elke uur weer pap geword. Dan klim ek af en ek pomp. By die steil opdraandes het ek die fiets sonder ratte uitgestoot, en lekker weer anderkant afgery, my hare wat waai in die wind. Ek draai links op die R398, dié grondpad is verspoel en 'n koedoe staan helder oordag in die middel daarvan vir my en kyk terwyl ek op die fiets aankom, en dan draf hy lui-lui weg, seker die eerste mens wat hy in ses-en-dertig maande sien.

Ek draai regs op die volgende plaaspad, Hanover toe. Dit is die pad wat my pa graag gery het, want dan kan hy kyk hoe die boere se veld lyk, hoe hulle damme en hulle skape lyk. Ek ry dié plaaspad ter nagedagtenis aan my pa. Ek ry amper vyftig kilometer op die fiets voor die agterwiel deurstamp en die pomp nie meer die band styf kry nie.

Ek pluk 'n veldblom en ek druk dit in die fiets se klokkie en ek los haar daar teen die draad, en ek loop tot my voete weer begin seer word.

Ek slaap daardie aand in die veld, onder die sterre, sonder 'n vuur.

Niks val uit die lug uit nie, geen droomhelikopters vlieg naby my verby nie.

OceanofPDF.com

Die staatsgreep: III

My pa en sy Free Amanzi-party wen die verkiesing met 'n tweederde-meerderheid, maar niemand jubel daaroor nie.

Pa kookus met sy partybestuur voor hulle 'n plek in die Komitee aan pastoor Nkosi bied. Hy sê hulle sal daaroor dink. Hy dink nie lank nie. Die Sondagaand ná die verkiesing kom hy Orphanage toe. Beryl nooi hom in, sê hy moet in die sitkamer kom sit. Ek lees vir Okkie stories, Domingo sit naby ons en luister. Die pastoor is geklee in sy formele kerkdrag – die swart pak met die lang manelbaadjie. Hy sien vir Domingo, ek kyk op die regte oomblik op, ek sien die afsku in die prediker se gesig, ek dink hy gaan in die verbyloop op Domingo spoeg. Maar hy stap net aan, na Birdie, Pa en Nero toe. Die mans staan op, skud Nkosi se hand.

“You know I would have won the election if it wasn’t for your devious and very undemocratic tactics, Willem,” sê die pastoor.

“You would have won, yes. But what Domingo did, he did on his own.”

“That’s not true,” sê Nkosi. “I hear he came to talk to you before his little speech.”

“I implored him not to do it,” sê Pa.

“I don’t believe you.”

Domingo staan nie op nie. Hy sê vanuit sy leunstoel: “He did. Now come and tell *me* I’m a liar, padre. Come and tell me to my face.” Sy stem is lakonies, asof hy dit alles vaagweg amusant vind.

Nkosi ignoreer hom.

Ek weet Domingo verstaan dat die pastoor se waardigheid vir hom alles is. Dis hoekom hy nou spot en lag in sy stem toelaat: “You were the one to

introduce scare tactics, padre. I just did a variation on your theme,” sê Domingo.

“I want two seats on the Committee,” sê Nkosi vir Pa.

“That’s a reasonable request,” sê Birdie.

“And I want to build a church.”

“We don’t have enough resources, Nkosi. You know we have to build the gates first.”

“Security gates first, Pearly Gates second,” sê Domingo. Hy tart die pastoor nou openlik.

Nkosi hou aan om hom te ignoreer. “The church is the very next priority?”

“We cannot commit to that now,” sê Pa.

Die pastoor wik en weeg. Pa besef die prediker moet ’n klein oorwinning behaal. Hy sê: “Nkosi, you are a highly respected member of our community, and you have been a vital, wise and much valued part of this Committee from the start. I have the utmost respect for your beliefs, and the beliefs of the members of your congregation. I am sure we can extend our invitation to two seats, and we can promise to put the building of a church on the agenda the very moment the gates are finished. I would also propose that you and I lead a subcommittee to write a constitution for Amanzi, now that we seem to have a party system. You and I both want to ensure religious freedom.”

En Pa hou sy hand uit vir die pastoor om te skud.

Nkosi laat die spanning eers opbou, seker ook om te wys hy laat hom nie só maklik ompraat nie. Dan skud hy Pa se hand. “In principle, I accept. But I want to pray on the matter. I will give you a final answer by tomorrow.”

Pastoor Nkosi Sebego is op pad uit toe Domingo opstaan. “Terwyl ons dan nou die nuwe Intergalactic Council bymekaar het ...”

“Domingo,” sê Birdie. “Moenie. Asseblief.”

“Da’s dinge wat julle moet weet, Birdie. Soos dat Die KTM gewire is. Soos dat Die KTM op ethanol loop.”

Dit maak hulle ’n oomblik lank stil.

“Hoe weet jy hulle loop op ethanol?” vra Birdie.

“Ek het die bikes da’ uit die pad uit gaan haal wa’ Nico hulle gepot het. Ek wou weet hoekom sukkel hulle nie met die bad petrol nie. Ek het vier van hulle gery, op en af, not a single misfire. Toe ruik ek, ma’ die exhaust gasses is so half soet. En die petrol ook. Toe vat ek dit na ons mechanics

toe. Hulle sê daar is definitief 'n paar modifications gemaak, hulle dink dis 'n mixture, fifty or sixty percent ethanol to petrol."

Selfs die pastoor kom terug van die deur af. Dit is nuus wat hulle almal tot nadenke stem.

Pa sê: "Trunkenpolz het gesê hy is 'n ingenieur ..."

"Dis meer as dit," sê Birdie. "Dit meen hulle het technology. Know-how. Facilities. En daarvoor het hulle 'n base nodig. En 'n base beteken 'n soort community ..."

"Nee," sê Domingo. "I grant you, this indicates a certain sophistication, en ons sal moet baie mooi notice vat van die potential implications. Ma' hierdie gemors het nie 'n community of 'n significant base nie. Hulle economy is gebou op hunt and gather and maraud, but mostly robbery. As daai jou lifestyle is, kan jy nie afford om 'n base te hê nie, 'cause why, you are making a lot of enemies, and sooner or later those enemies are going to come looking for you. So jy moet maak soos Amanzi, jy moet kwaai invest in defence, in human and other resources. Which is expensive for hunter-gatherer-robbers. They are not going to do that."

Birdie knik. "Okay. Ma' dit beteken ook hulle maak nie self die ethanol nie, want daarvoor het jy ook 'n base nodig."

"That's right," sê Domingo. "En wat sal hulle gebruik om ethanol mee te stook, anyway? Hulle plant niks. So here's my theory: Thabo and Magriet het gesê da's ouens da' naby Pinetown wat ethanol van sugar cane maak. Ek dink daai ouens is besig om te export na Die KTM toe. En Die KTM hunt and gather and rob, and they exchange some of the proceeds for the Pinetown ethanol."

Pa knik, hy stem saam: "So what you're saying is they will keep coming back, because they have to feed their economy."

"That's right," sê Domingo. "Unless we stop them. But it won't be easy, because when your enemy uses guerrilla tactics, you have to fight an unconventional war. Hulle is gewire ook, hulle het almal CB radio's in die motorbikes ingebou, hulle kan met mekaar chat, hulle kan met 'n controller praat 'n honderd kilometer weg, as daar 'n base station antenna iewers is. They are becoming a bigger and bigger threat."

Almal in stille nadenke.

"So," sê Domingo, "dis hoekom ek gedink het, terwyl ons nou so almal bymekaar is en die grand future van Amanzi discuss, ek wil net my demands ook sommer table."

“Your demands?” vra pastoor Nkosi.

“Padre, they’ve just listened to your demands. Why not mine, too?”

Pa sug. “Sê vir ons, Domingo.”

Nkosi vou sy arms ontevrede voor sy breë bors.

“Thank you. I’ll keep it very simple. Ek sal die een wees wat julle almal se election promises moet gaan uitvoer as die hekke gebou is. Ek is die een wat die oorlog na Die KTM toe moet vat. Unless, of course, you have someone else in mind for the job ...” En hy wag, om te hoor wat hulle sê.

“Gaan aan,” sê Pa.

“Okay. Cool. Here’s what we are going to need: three shifts of eight people for each gate. That’s twenty-four per gate, times three gates, is seventy-two people. Plus three shifts of eight people to permanently guard the jeep track running up the back of the mountain, into the reserve ...”

“Ons het nog nooit hekwagte in die reservaat gehad nie,” sê Pa.

“True. Ma’ Die KTM is nie stupid nie. Hulle weet hulle het ’n Trojan Horse strategy by ons hekke getry, and it failed. So what’s the next option? Find the soft underbelly. Da’ is twee soft underbellies: die dam, en die jeep track in die klofie op. Die dam is highly unlikely, unless they teach fifty guys to swim three kilometers with weapons and ammo, en ek dink net nie dit gaan gebeur nie. That leaves them with only one option ...”

“Ek sien,” sê Pa.

“Now where was I? O, ja, dit maak ’n total van ninety-six mense. En dis net die defence force. Verder soek ek twee spanne van twaalf vir ons Special Ops Team, ons attack force. Another twenty-four, for a grand total of a hundred and twenty souls. Dis nie oop vir negotiation of discussion nie, those are the numbers. En my final demand: Julle allocate nie vir my mense nie. I get to pick people, from the ranks of anybody and everybody who volunteers. Also not open to negotiation, take it or leave it.”

“And if we leave it?” vra Nero Dlamini.

“Dan pak ek my goedjies, en ek vat twee perde, en ek drift. I won’t mind seeing the ocean again ...”

* * *

Ek wil die volgende oggend vergeet, daardie Maandagoggend.

Die herinneringe is vandag nog 'n ding hier in my binneste, 'n dier wat my hart met sy skeurtande vreet. Ek wil die tyd kan terugdraai, ek wil weer in die eetsaal inloop en langs my pa gaan sit, en dan wil ek dit heeltemal anders doen, ek wil vir hom sê ek het hom lief, ek bewonder hom, ek kan maar net droom om eendag die man te wees wat hy is.

Maar ek kan nie. Die skade is vir altyd gedoen, en die pyn is onuitwisbaar.

Hier is my rasionalisasie, my verduideliking, my versagtende omstandighede:

Ek was amper sestien. Dit is die ouderdom van swaksinnigheid.

Ek was kwaad vir my pa, daardie kwaad wat kom van die dae wat hy koors gehad het, in die huis waar ons moes wegkruip, die huis op die hoek van Aalwyn- en Gansiestraat, Vanderkloof, die huis waar ek steeds die ongemak voel wanneer ek verbyloop. Daardie kwaad wat kom van die dag toe hy so verwese buite die vragmotor gestaan het op Koffiefontein, so klein en tengerig. Daardie kwaad wat aangeblaas is deur die feit dat ek die Jeep-manne moes skiet, dat hy my nooit erkenning gegee het vir die honde wat ek gekeer het in die reservaat, vir Die KTM wat ek gekeer het in die grootpad nie. Dat ek vir Okkie gered het, dat ek gehelp het om 'n dieselvliegtuig te gaan haal. Die kwaad dat hy my afgeskeep het, dat hy sy tyd en sy toewyding vir Amanzi gegee het, die tyd en die aandag wat eens myne was.

En ek was skaam vir my pa. Ek was skaam dat hy op die Tata-podium so maklik deur pastoor Nkosi oordonder en weggestoot is, dat hy gisteraand so maklik vir Nkosi en vir Domingo ingegee het toe hulle eise en ultimatus stel. Ek het seker op 'n manier vir Pa en Domingo konstant met mekaar vergelyk, en Pa as die veel swakker een gesien. Pa wou kompromieë aangaan, Pa wou akkommodeer, Pa het mense as mense gesien, wonderlike wesens wat in staat is tot die edele. In my sestienjarige kop was Pa 'n swakkeling.

Dit is wat ek het om aan te bied as verskoning. Hier is wat gebeur het, daardie Maandagoggend:

Ek moet terug skool toe, die wond het genoeg herstel dat ek in die klas kan gaan sit. Maar ek is nog verskoon van my Orphanage-verpligtinge. Daarom trek ek vroeg aan, hinkepink met die krukke eetsaal toe, en sien vir Pa en Okkie by 'n tafel eet.

Ek besluit om Pa nou oor my voorneme in te lig.

Ek gaan sit by hulle. Pa groet. Ek is so vasberade om my sê te sê dat ek nie sien hoe swaar sy verantwoordelikhede op hom lê, hoe rooi sy oë van die min slaap is nie. Okkie is bonsend en borrelend soos gewoonlik, hy wil gesels, hy wil ook krukke hê, hy vra of ek regtig moet skool toe, hy het baie daarvan gehou dat ek in die Orphanage vasgekeer was met die wond.

Ek maak hom stil. Ek sê: “Pa, ek gaan Augustus die skool los. Vir die Special Ops Team.”

Dit is asof Pa van iewers af moet terugkom om te verstaan wat ek sê. Hy kyk na my, sê dan: “Nee, Nico.”

“Pa het nie ’n keuse nie. Ek is sestien in Augustus.” Dit was die ouderdomsbepanking wat die Komitee gisteraand op Domingo se eise gestel het.

“Nee, Nico.”

Veel later, wanneer ek nadink oor dié gesprek, sal ek besef Pa se stem het nie met die “nee, Nico” verbied nie, hy het geskerm en gepleit. Sal ek besef hy het nie die vorige aand die ouderdomsperk ingestel omdat hy geweet het ek sal die eerste vrywilliger wees nie. Hy het dit beding as ’n breë beginsel, ten bate van almal. Maar ek het die vorige aand tot laat in my bed gelê en elkeen van Pa se teenargumente probeer antisipeer, ek het voorberei wat ek wil sê, en nou kom die woorde uit, met tiener-selfsug en -onsensitiwiteit, met al die kwaad en skaamte vir Pa: “Dis wat ek wil doen, en Pa gaan my nie keer nie.”

Dit was al wat ek moes gesê het. Ek moes op daardie oomblik opgestaan en weggeloop het. Maar ek doen dit nie. Ek voeg by, soos ’n imbesiel: “Ek is nie soos Pa nie. Ek wil nooit só wees nie.”

Hy kyk na my in verwildering. Ek verwag hy gaan sy humeur verloor, hy gaan op my skree, my verbied om by die Special Ops Team aan te sluit. Vir dit alles is ek oorgehaal.

Hy doen dit nie. Sy gesig wys pyn, asof ek hom fisiek seergemaak het. En Pa is by die ontbyttafel en daar loop trane oor sy wange. Okkie kyk na Pa, en hy kyk na my, en hy begin ook huil. Hy staan op, hy loop om die tafel na my pa toe, hy vat Pa om die nek en hy troos en hy sê: “Moenie huil nie, Pappa. Moenie huil nie. Ek wil soos jy wees.”

Ek loop weg, met my krukke.

Op pad skool toe voel ek skuldig. Dalk, dink die amper-sestienjarige-ek, was dit onnodig om te sê. Dan, tot my groter skande, troos ek myself. Ek dink: Ons is animals. Dit alles maak nie regtig saak nie.

OceanofPDF.com

Sofia Bergman

Laat ek net nog 'n bietjie aangaan oor die laaste dag se stap, tot by Hanover, want daar het 'n interessante ding gebeur, dit het nogal 'n verrassende gevolg gehad.

Ek loop al met die plaaspad langs. 'n Plaaspad. Vóór Die Koors het ons in daardie wêreld gepraat van 'n plaaspad as 'n pad wat nie 'n provinsiale of 'n streekspad was nie. Die boere het dit gewoonlik self in stand gehou, want dit het na afgeleë opstalle of kampe toe gelei. Dit was die meeste van die tyd nie breed genoeg vir twee voertuie om gemaklik by mekaar verby te ry nie, en daar was elke paar kilometer plaashekke.

Die veld tussen die pad en die heinings was gewoonlik digter en groener as anderkant die draad, daar het baie keer duikers of steenbökkies gewei, en as jy met die kar aankom, dan hardloop hulle al met die pad langs. Springhase ook. In die nag is daar baie van hulle só doodgery.

Ek stap Hanover toe op die plaaspad, want dit is korter. En mooier, dié pad volg ook 'n riviértjie, rofweg. My voete is seer, maar die pleisters en die onderklere in die stewels en die Disprins help. Ek kan nie sê ek het gereeld omgekyk nie. Ek kan nie onthou of ek enigsins omgekyk het in daardie drie dae se stap en fietsry nie. Hoekom sal 'n mens wil omkyk as jy weet jy is die enigste een in jou wêreld?

Dis so elfuur in die oggend, so 'n pragtige dag in die Karoo, nog nie baie warm nie. En iets sê vir my ek moet omkyk.

Toe is daar 'n jakkals agter my. 'n Rooijakkals. My pa het rooijakkalse gehaat met 'n passie, omdat hulle sy skape gevang het, maar eintlik omdat hulle sommer 'n klomp skaap sal doodbyt en net hier en daar aan die skaap

vreet. Hulle mors, het Pa gesê, en in die Karoo kan jy eenvoudig nie bekostig om te mors nie. Maar my pa het 'n vreemde respek vir rooijakkalse gehad. Hy het altyd gesê dis die mens se skuld dat die rooijakkals so slim geword het. Want die mense, die boere, het die dom jakkalse uitgeskiet, en net die slimstes het oorgebly, en hulle het met mekaar begin teel, en só het die boere hul eie genetiese manipulasie toegepas en 'n superjakkals geteel. Dis hoekom dit later so onmoontlik was om jakkalse in die Karoo uit te roei.

Toe ek omkyk, is die rooijakkals agter my in die pad. Minder as 'n honderd meter. 'n Mooi groot rooijakkals, sy nek en sy rug so pikswart, die res so 'n rooi skynsel soos wat ek altyd gedink het Esau van die Bybel se hare moet wees. En die dik stert. As jy al 'n jakkals gesien het, sal jy weet wat 'n jakkalsdraffie is, so 'n gemaklike draffie, partykeer so half skuins. So kom hy agter my aan. Al met die pad langs.

Ek het nie die gevoel gekry dat hy enigiets anders as nuuskierig was nie. Regtig. So het ons aangegaan, ek met my seervoet-stap, en hy met sy jakkalsdraffie, vir langer as 'n uur, al met die plaaspad langs. Asof ons reisgenote was.

En toe ek weer omkyk, is hy net weg, en toe voel ek so 'n bietjie alleen. Maar ook geseënd dat ons die tydjie saam kon spandeer. Wat sou deur daardie jakkals se kop gegaan het, vir daardie uur? Ek wonder vandag nog.

En hier is die verrassende gevolg van daardie uur of wat: Toe ek en Nico die jare begin vernoem het, toe onthou ek weer die jakkals. Dit is na daardie jakkals wat die Jaar van die Jakkals genoem is, al het Nico-hulle daardie selfde jaar bo in die reservaat ook jakkals-skade onder die vee gehad.

Dis net ek en Nico wat begin het om die jare so te noem, met name, meestal dierename. Ons het vir mekaar ons stories vertel van wat met ons gebeur het ná Die Koors. En dan kan ons nie onthou watter jaartal dit was nie, dan sal ons sê: “Man, daardie jaar van die kraaie.” En ek dink dit het ook iets te doene gehad met die feit dat ons en ons geslag deel was van iets nuuts. Ons was nie 'n voortsetting van die ou era nie. Ons was die na-Koors-kindere.

O, en ons het 'n stel *Encyclopaedia Britannica* wat hulle in 'n stoorkamer van die skoolbiblioteek op Philippolis ontdek het, wat sê die Chinese het ook jare na diere vernoem, na hulle sodiak of diereriem. Elke twaalf jaar begin hulle weer van voor af. Hulle het die jaar van die Rot, en dan kom die

Os, die Tier, die Haas, die Draak, Slang, Perd, Skaap, Aap, Haan, Hond en Vark.

Dit het ons toe nog verder geïnspireer om aan te hou met ons eie diereriem.

Ons diereriem, my en Nico s'n, herhaal nie. Dit help ons om ons lewe te onthou. En vandag gebruik almal dit in Amanzi. Dit is uniek aan ons.

OceanofPDF.com

Sofia Bergman

Die N1 was 'n hoofslagaar, voor Die Koors. 'n "Malhuis".

As ons Bloemfontein toe gery het en Pa was haastig, het hy na die N9 toe gery en van daar oor Middelburg Colesberg toe. Hy het altyd gesê jy bly van die N1 af so lank as wat jy kan, want "dis 'n malhuis". So onthou ek die N1 as kind-voor-die-Koors; 'n baie breë, besige teerpad waarop mense tussen die Kaap en Johannesburg gejaag het met karre en lorries en busse en trokkies. Jy kon nooit op die N1 wees en nie 'n ander voertuig sien nie, dit was só besig, dag en nag.

En teen sononder op die Dag van die Rooijakkals kom ek by Hanover op die N1 aan en dit is grafstil, en dit betrap my heeltemal onkant, dit is asof ek gedink het daar sal mense wees. Ek weet ek het dit nie mooi deurdink nie, maar dit vat nogal 'n tydjie om te besef niks van wat jy onthou, is meer soos dit was nie.

Niks.

Ek loop eers na die Caltex-garage toe daar langs die N1, aan die suidekant van die dorp. Daar was 'n tannie wat hamburgers gemaak het, baie lekker hamburgers. Nou is daar niemand nie, maar ek kan sien hier was mense. Iemand het vuur gemaak, nie só lank gelede nie, sommer daar waar die karre vir petrol stilgehou het, en ek dink, sjoe, dis baie gevaarlik, ek besef nie die petrol is lankal opgebruik nie.

Daar's niks om te eet nie, die kafeetjie is dolleeg, net 'n klomp stukkende koeldrankbottels wat in die hoek lê.

Toe loop ek na die dorp toe, na die Exel-dieselstasie toe waar die groot vragmotors gestop het, en daar is dit dieselfde ding, daar's niks nie, net

rommel.

Die son sak, en ek sien 'n bord wat sê Hanover Lodge Hotel, en ek loop soontoe. Die hotel sit op die hoek, oorkant die Indraf-supermark. Ek gaan by die hotel in. Ek sien daar is nie rommel nie, alles is netjies, maar stowwerig. Ek kry vir my 'n kamer. Dit is al sterk skemer buite, ek wil my skoene uittrek, ek wil my voete laat rus. Die dubbelbed is nog so pragtig opgemaak in wit. Ek gaan sit op die bed, ek haal die rugsak af, ek haal my flits uit en sit dit aan. Ek trek die stewels uit, dit is so 'n groot verligting, en die bed is so sag.

Ek doen só 'n dom ding. Ek sit Pa se selfoon aan.

Dit sê: *No signal*.

Mens dink nie, mens gaan net aan. Ek loop na die badkamer toe. Daar is 'n pers sepie, en sjampoe en stort-jel. Ek draai 'n kraan oop by die wasbak. Daar kom water uit, ek draai dit dadelik toe, ek dink, dan gaan ek lekker stort, solank die water hou.

Ek sluit die deur, ek trek my klere uit, ek klim onder die stort. Ek stort vinnig, die water is yskoud, maar dit was 'n warm dag. Ek was my hare, ek was my lyf, ek ruik lekker, en ek besef my klere en my kouse ruik 'n bietjie sleg.

Ek gaan sit op die bed, en dan tref dit my: Hier's niemand op die N1 nie, hier's niemand op Hanover nie. Ek het nie genoeg kos om Bloemfontein toe te loop nie. As daar nie iets te ete is in die Indraf-supermark of in die hotel of in een van die huise op die dorp nie, sal ek 'n ander plan moet maak.

Daar moet nog mense wees wat oorleef het, ek weet dit. Dalk op Colesberg? Dalk by die massiewe Gariepdam anderkant Colesberg – water is tog altyd iets wat mense sal lok, wat mense help om te oorleef, om 'n lewe te maak.

Ek weet nie ...

Wat ek nie weet nie, is dat dit die laaste aand in my lewe is dat ek só heeltemal alleen sal wees.

Die eerste KTM-oorlog: I

Ons is 'n verdeelde gemeenskap ná die tweede inval van Die KTM. Ons is in twee kampe, Free Amanzi en die Mighty Warrior Party, en niemand is gelukkig nie want ons is ons eenheid kwyt.

“Paradise lost,” noem Nero Dlamini dit.

En ek en Pa het mekaar verloor.

Pa bly uitreik na my, maar ek is 'n idioot. 'n Sestienjarige idioot.

Ons is darem verenig in ons drang om die dorp se nuwe poorte te bou. Almal wat kan, help met die vervaardiging van sement, die maak van stene, die aanry van sand en klip, die grawe van fondamente, en die bouwerk. Die hoofhek verrys indrukwekkend waar die ou bushek was, mense sê dit sal 'n tenk vat om daar deur te kom.

Vroeg in Julie – en in konsultasie met Domingo – stel die Komitee die oud-polisiesersant Sizwe Xaba aan as hoof van Amanzi se verdedigingsmag, sodat Domingo kan konsentreer op die opleiding van SpOT, soos die Special Operations Team gou bekend staan. En die lede van dié aanvalsmag word gou in die volksmond die “Spotters” gedoop. Hoewel Birdie na hulle verwys as die SOTte, net om Domingo te treiter.

Hul verhouding is stormagtig; hulle sal luide argumente hê wat die hele Orphanage kan hoor, meestal oor Domingo se “attitude”. Net om later op 'n rots op die rantjie gesien te word waar hulle rustig sit en gesels asof niks gebeur het nie. Hul verhouding is steeds eiesoortig: Hy vra haar uit. Sy sê “nee” op 'n manier wat hom laat dink sy sal môre “ja” sê.

Amper sewentig mense meld aan vir keuring van die Spotters. Domingo laat hulle hardloop, op reservaat toe, anderkant af, al met die dam se oewer

langs terug dorp toe. Dit is meer as dertig kilometer, steil op en af, moeilike terrein.

Die helfte gooi tou op voor hulle halfpad is. Net ses-en-twintig voltooi die roete.

Domingo laat hulle skiet. Een van sy sterkste kandidate, 'n groot, sterk, fikse Namibiër, kan niks raakskiet nie.

“Wat makeer jou?” vra Domingo ergerlik.

“Ek het my bril verloor, 'n jaar terug.”

“So jy kan nie eens die teiken sien nie?”

“Nee.”

Domingo stuur hom weg.

Een-en-twintig kwalifiseer. Drie minder as wat Domingo wil hê. Dit maak my baie opgewonde. Ek wil een van daardie drie plekke vul. Ek kan nie wag dat ek sestien word nie. Ek oefen my gewonde been, ek het minder as twee maande. Ek weet ek kan beter skiet as almal buiten Domingo.

* * *

Buite die hoofhek, tussen die groot verkeersirkel en die rivier, lê 'n koppie waarop die destydse Departement van Waterwese se kantore en store was. Dit is nou die hoofkwartier en die verblyfkwartiere van SpOT. Op 22 Augustus om sesuur die oggend meld ek aan by die voordeur van die groot, lelike ou gebou, met my R4 DM en my R6.

Die deurwag is geïrriteerd. “Wat soek jy, Nico?”

“Ek is sestien vandag.”

Hy knik. Hy verstaan. “Wag hier.”

Ek wag vir 'n volle uur, tot al twee die SpOT-spanne uitgehardloop kom, in gelid, in uniforms, rugsakke, gewere. Domingo hardloop voor. Hy sien my. Hy roep halt.

“Ek hoor jy is sestien vandag?”

Hy weet. Ek het nog gisteraand vir hom gesê ek sien hom vanoggend. Toe knik hy. Hoekom vra hy dit nou? “Ja,” sê ek.

“Ja, wat?”

“Ja, Domingo.”

Die Spotters lag. Nie Domingo nie. “Jy sê vir my ‘kaptein’.”

“Ja, kaptein.” Ek verstaan nie hoekom hy so kwaai is met my nie. Ons ken mekaar, ons sien mekaar elke aand in die Orphanage. Daar is ons vriende.

Domingo roep ’n spanlid. “Vat hom Q-store toe. Laat hy daai gewere van hom daar los.”

“Ja, kaptein,” sê die troep. En dan vir my: “Kom.”

Hy hardloop, ek agterna. Op die eerste verdieping is die Kwartiermeesterstore. Die troep maak die deur oop en wys na binne. “Kry vir jou ’n broek en hemp en kouse en stewels. Moenie die stoor deurmekaar krap nie. Los jou gewere op die tafel.”

Alles staan in baie netjiese rye op rakke. Dit is klere en stewels wat Domingo van die groot Weermag-depot by De Aar aangery het. Ek begin soek na my grootte.

“Maak gou,” sê die troep.

Ek wil vir hom sê hy is net ’n troep. Ek is die Voorsitter se seun en Domingo se vriend. Ek sê niks, ek kry goed wat my pas.

“Nee, trek dit hier aan en los jou klere hier op die tafel. As jy dit nie maak nie, moet jy dit vanaand weer kom kry.”

“Ek sal dit maak.”

Hy lag sag. Hy is drie jaar ouer as ek, maar hy is nie veel langer nie. En ek weet ek kan verder as hy hardloop, en baie beter as hy skiet. As hý dit kon maak ...

Op daardie oomblik weet ek eintlik niks van die Special Operations Team en hul opleiding nie. Hulle is afgesonder van die res van Amanzi, en wanneer hulle naweke dorp toe kom, praat hulle nie oor Domingo of wat hulle elke dag doen nie. Ons burgerlikes sien hulle net soms in hul uniforms in gelid iewers heen draf, of ons hoor hulle skiet, in die dag en in die nag.

Dit maak nie saak nie. Ek is vol selfvertroue. Ek is die held van die Great Diesel Expedition, en van die twaalf KTM-lede.

Ek vou my klere op, trek die nuwe uitrusting aan. Dit ruik na mottegif, die gestyselde bruin-en-groen kamoefleerdrag is styf teen my vel. Ons loop uit, hy maak die deur agter my toe. Ek en die troep hardloop weer af met die trappe tot buite. Die twee SpOT-spanne is besig om te drill voor die gebou. Ons hardloop tot by Domingo.

“Daardie is joune.” Domingo wys na ’n rugsak en ’n R4 wat teen die muur staan.

“Ja, kaptein.”

Ek vat die rugsak en die geweer. Die geweer is 'n gewone R4, gekrap en geduik en verrinnweer, die rugsak is swaar.

Domingo haal 'n stophorlosie uit sy sak. Hy draai na die twee spanne toe. Hy skree: "Dit is nou sewe-uur."

Die twee SpOT-spanne skree hard, in perfekte gelid: "Ja, kaptein."

"Hoe ver is Luckhoff?"

"Dertig kilometer, kaptein."

"Hoeveel tyd het hy?"

"Sewe ure, kaptein."

Domingo kyk na my. "Jy't gehoor?"

"Ja, kaptein."

"Jy moet Luckhoff toe, en jy moet weer terug. Tot hier. Sestig kilometer. Binne sewe ure."

"Ja, kaptein."

"Sewe ure."

"Ja, kaptein."

"Jy mag nie die pad gebruik nie. As enigiemand jou op of naby die pad sien, is jy gediskwalifiseer. Verstaan jy?"

"Ja, kaptein."

"As jy jouself diskwalifiseer, kan jy weer terugkom as jy sewentien is."

Hoekom praat Domingo nou met my wit Afrikaans? Hy het nog altyd Kaaps met my gepraat, dis asof hy my van iets wil uitsluit.

"Ja, kaptein."

"Op die hoek van Fowler en Barnard in Luckhoff is daar 'n klip. Onder die klip is 'n briefie. Lees die briefie, sit hom terug soos jy hom gekry het. Kom sê vir ons wat staan op daardie briefie."

"Ja, kaptein." Ek skree, soos die Spotters skree, maar ek is seergemaak. "Kom sê vir óns," het Domingo gesê. Hy is saam met hulle, teen my.

"Waarvoor wag jy?"

Ek staan, ek is nie seker hy bedoel ek moet begin hardloop nie. Die Spotters lag.

Ek swaai die rugsak op my rug. Ek vat die geweer. Ek begin draf.

"Jy mag die brug gebruik," sê Domingo, en beduie na die enkelbaanbrug hier onder die damwal.

"Ja, kaptein."

"Die klippe in jou rugsak is gemerk."

"Ja, kaptein."

“Sewe ure.” Hy klik die stophorlosie.

* * *

22 Augustus in die Jaar van die Jakkals. Dit is laat-winter, dit is al wat in my guns is. Somerhitte sou dit onmoontlik gemaak het. Want die sestig kilometer tussen Amanzi en Luckhoff is nie regtig sestig kilometer nie. Dit is sestig as jy dit op 'n eendimensionele kaart meet. Dit is nader aan sewentig as jy die reliëf in ag neem. Dit is 'n moeilike sewentig, as jy nie die paaie mag gebruik nie. Dit is ruwe terrein, dit is koppies en rivierloopies, op en af, klippe en rotse, doringbosse, dongas, soms sand. Dit is nie 'n reguit lyn nie, ek het nie 'n kompas nie. Met 'n gelade rugsak en 'n geweer en swaar militêre stewels.

Die eerste vyftien kilometer dryf my kwaad vir Domingo my aan.

Vir wat maak hy só met my? Ek is die een vir wie hy laat uitkyk het oor die dam van die reservaat af, ek is die een vir wie hy daar vertel het van social animals. Ek is die een vir wie hy heel eerste militêre taktiek geleer het, toe ek saam met Hennie Flaai moes vlieg. Ek is die een vir wie hy gesê het, “jy het die restlessness. En die hart. Da’ binne is jy 'n predator, 'n warrior ...” Met wie hy sy mantra gedeel het: “The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die.” En nou maak hy só met my?

En die grootste onreg van alles: Ek moet sestig kilometer hardloop. Al daardie troepe van hom het net dertig gedoen. En nou moet ek sestig doen?

Ek sal hom wys.

Vir vyftien kilometer draf ek soos ek geoefen het, die een voet voor die ander, my fokus tien treë voor my, moenie verder kyk nie, doen net eers dié tien treë. Die geweer rus agter my nek, ek kyk waar ek trap, probeer die reguitste lyn. Ek doen amper nege kilometer per uur. Ek gaan dit maak.

Die rugsak word swaarder. Die geweer ook.

Ek hét al dertig kilometer gehardloop, twee weke gelede, as deel van my voorbereiding. Maar toe het ek water by my gehad. En ek het op tweespoorpaadjies gedraf.

Ná vyf-en-twintig kilometer besef ek hoe slim Domingo is. Die R48, die teerpad Luckhoff toe, loop teen 'n groot kop verby. As daar mense op daardie pad is, gaan hulle my sien, tensy ek oor die kop hardloop, of om

hom. Oor is taai, dis hoog. Om is ver, dit gaan nog vyf of ses kilometer bylas.

Twee moeilike moontlikhede.

Ek kies óór.

Dit tap my kragte. As ek die klippe in die rugsak hier los, en hulle weer met die terugkom kry? Nee. Sê nou maar iemand wag in Luckhoff om te sien of ek al die klippe dra?

Anderkant af, ek sien die dorp hier onder lê, my knieë wil swik teen die steilte af. Dan begin my been pyn, die een wat gewond was. 'n Vae pyn, 'n dowwe pyn. Ek het gedink dit is heeltemal gesond.

Ek is bekommerd. Hoeveel seerder gaan hy word? Ek draf stadiger. Ek het genoeg tyd.

Ek draf in die dorp in. Ek sien dit het my drie uur en een-en-dertig minute gevat. Ek sal vinniger moet terughardloop. Ek weet nie of ek kan nie.

Langs die klip op die hoek van Fowler- en Barnardstraat is 'n militêre waterbottel. Dit is vol water. Ek draai dit oop en drink. Die water is loutwarm, dit smaak na koper. Ek lig die klip op. Op die briefie staan: *Roer jou riete. Die son trek water.*

Die eerste KTM-oorlog: II

Sofia Bergman

'n Verlate dorp teen sonop is 'n baie eensamer plek as 'n eenmens-plaas.

Ek is vroeg op, ek was en trek aan en gaan soek in die Indraf-supermark na kos. Daar is niks. Letterlik niks op die rakke nie. Die winkel is duidelik deeglik en stelselmatig leeggedra.

Ek loop af in Markstraat. 'n Familie meerkatte laat spaander oor die straat. Ek gaan in by huise en gastehuse, ek kyk in kombuise en spense. Niks om te eet nie, alles gestroop. Ek stap terug na my hotelkamer toe.

Ek vat al my goed, ek loop na die hotel se eetkamer toe. Die tafels staan gedek met wit tafeldoeke en klein wit sout- en peperpotjies, en messegoed wat nie meer blink nie. Alles het 'n laag Karoo-stof op. Diere en insekte het geknaag aan die tafeldoeke en plekmatjies.

Ek eet my biltong en drink my water en verbeel my dit is 'n feesmaal in 'n kasteel. Ek kyk na my voorrade. Ek het nog twee dae se rantsoene oor. Ek kan nie onthou hoe ver Bloemfontein van Hanover was nie. Drie ure in die kar? Vier ure? Laat ek konserwatief wees en sê dis vierhonderd kilometer. Dis nie só ver nie. En daar is ander plekke op die pad. Colesberg is 'n groter dorp, dalk is daar iemand, of iets om te eet, en dit is dalk twee dae se stap weg. Drie, as ek nog moet jag vir kos ook. Ek kan jag, ek kan oorleef.

Ek staan op, vasberade vir die uitdaging wat voorlê.

Ek hoor die geluid van enjins in die verte. 'n Hele klomp enjins.
Ek hardloop N1 toe.

* * *

Ek maak dit nie. Nie eens amper nie. Ek hardloop die sestig kilometer wat nader is aan sewentig in net onder die agt ure.

“Hardloop” is nie die waarheid nie. Die laaste vyftien kilometer struikel en sukkel en loop en val en draf ek.

Dit is die stewels en die rugsak en my been wat my kelder. Die stewels skaaf my stelselmatig, tot die pyn op al twee my hakke ondraaglik word, ek stop ná amper vyftig kilometer, ek pluk die stewels af, die blase op my hakke bars, stukke vel sit aan die kouse vas, dit bloei, dit brand soos vuur. Ek trek weer die kouse en die stewels aan, ek moes nooit daarvoor gestop het nie, dis nou nog seerder. Die rugsak skud en skaaf en die massa word lood. En die pyn van my beenwond klop sterker en sterker, ek draf al hoe meer kruppel.

Wanneer my horlosie sê sewe ure is verby, brand die pyn van vernedering ook deur my. Ek het vir Pa gesê ek wil nie soos hy wees nie, en nou ís ek. Al my groot heldedade gaan nou vergete wees. Ek gaan net die klein twak wees wat gedink het omdat hy die Voorsitter se seun is, en saans naby Domingo sit, kan hy sommer 'n Spotter word.

En die pyn van verraad. Domingo het my verraai.

Dit is om die laaste bietjie eer te red dat ek aanhou. Dat ek minstens vir daardie klomp troepe wat vanoggend so meerderwaardig vir my gekyk het, kan wys ek kan die sestig klaarmaak, dis dubbel soveel as wat hulle moes doen. Met Domingo sal ek nooit weer praat nie, hy is dood vir my, hy het my op elke moontlike manier in die rug gestee.

Die moeilikste is die laaste twee kilometer, deur die enkelbaanbrug se poort, oor die Havenga-brug, en teen daardie heuwel op tot by die SpOT-hoofkwartier. Die uitputting is nou groter as die pyn.

Ek sukkel-loop die laaste tweehonderd meter, ek kan nie anders nie.

Ek sien hulle staan vir my en wag. Die twee spanne, in gelid, op aandag. Domingo voor hulle, met 'n stophorlosie in sy hand. Ek loop tot by hom. Hy druk die stophorlosie.

Hy roep, sodat almal kan hoor: “Sewe uur, sewe-en-vyftig minute.”

Ek staan, my kop hang.

Hulle begin hande klap. Eers stadig en, vermoed ek, sarkasties. Maar dan harder en vinniger. Ek kyk op na Domingo. Sy gesig gee niks weg agter die donkerbril nie.

Die handeklap bedaar. Domingo sê: “Dis die sesde vinnigste tyd.”

Ek verstaan nie.

Domingo kyk na die twee spanne. “Was dit goed genoeg?”

“Ja, kaptein,” skree hulle terug.

Domingo knik en steek sy hand na my toe uit. “Welkom in die kring van die Spotters.”

* * *

Op 23 Augustus trek ek na die barakke van die Special Ops Team. Ek word lid van Team Bravo. My lewe verander permanent. SpOT is my nuwe huis. My kamer in die Orphanage is vir ’n kind gegee wat te groot geword het vir die gemeenskaplike kindersaal.

Die Spotters is my nuwe familie, Team Bravo is my nuwe gesin. Ek gaan sommige naweke wanneer ons af is vir Okkie en vir Pa kuier, maar dit is nie meer dieselfde nie, al is Okkie oorstelp wanneer hy my sien, al probeer ek soveel tyd moontlik op Saterdag en Sondag met hom deurbring. Want die band tussen Pa en Okkie versterk. Asof Okkie my plek inneem by Pa. En Pa my plek by Okkie. Asof Pa vrede maak met die feit dat hy my verloor het. Hy is hoflik teenoor my, selfs hartlik, maar nie meer op die ou manier nie.

Ek is nog net sestien, maar ek is oud en slim genoeg om te weet dit is Pa se manier om die pyn waarvoor ek verantwoordelik was, te hanteer en te verwerk. Dit laat my skuldig voel, maar ek tob nie daaroor nie, ek rasionaliseer dit weg en ek werk dit weg. Want Domingo laat ons werk. Lang, intense dae, en dikwels ook nagte. Hoe langer die opleiding duur, hoe sekerder is ek dat hy ’n militêre agtergrond het. Nie net wat hy ons leer nie – die drillwerk, die dissipline, die taktiek, die wapens en handgevegte, die lees van kaarte, die oorlewing in die veld, die aksie en reaksie, maar ook hoe hy dit vir ons leer, die metodiek, die sêgoed, die behendigheid en die stille selfvertroue, alles wat saamspan om te sê hy weet presies wat hy doen.

Op 24 Maart in die Jaar van die Hond het ek twee mans geskiet in Boomstraat, Vanderkloof. Ek was dertien jaar oud. Dit was die eerste dag

van die einde van my kindwees.

22 Augustus in die Jaar van die Jakkals was die laaste dag van my kindwees. Van die volgende dag af is ek 'n soldaat. Ons is in 'n oorlog en daar lê baie veldslae voor. En dit is goed en dit is reg, want hier binne is ek 'n predator, 'n warrior, en dit sal ek bly vir die res van my lewe.

* * *

19 November

Ek is die jongste lid van SpOT se Team Bravo. Ons ry in die sleepwa van die Volvo-vragmotor – dieselfde perd waarmee ek en Pa vir die eerste keer na Vanderkloof toe is. Die sleepwa is anders. Korter. Gemodifiseer. Daar is versteekte loergate en gekamoefleerde skietgate. Daar is staalplate gesweis om ons te beskerm. Daar is rakke vir wapens en ammunisie, en luggate en lugvloegate, sodat ons nie versmoor of te warm kry nie. Daar is kaste vir kos en water en persoonlike besittings, want ons kan ure en dae agterin wees, ons weet nie. Daar is 'n elektriese stoofplaat en 'n ketel en 'n yskassie.

Die vragmotor is 'n nabootsing van Thabo en Magriet s'n, dit is ons lokaas, want langs die kant staan: *Peace to you. We Trade Food.*

Voor in die kajuit is ons twee oudste Bravo-spanlede, Cele en Brits. Cele bestuur. Hulle het hul baarde en hul hare laat groei, hulle lyk soos sigeuners, soos handelsreisigers.

Team Bravo.

Domingo het my voortvarendheid afgebreek, my hoogmoed en my individualiteit. Hy het vir my, soos al sy troepe, gereduseer tot net 'n lid van die span. Dit is al wat vir ons bestaan, al wat vir ons belangrik is. Die span. Dit is ons wêreld. Cele en Brits. Jele, Taljaard, Esau, Ximba, Aram, Masinga, Jakes, Wessels, en ek. Ek is nou net bekend as Storm, want Spotters het nie voorname nie.

Ons jag Die KTM op die N1. Ons weet hulle is daar. Ons weet hulle het uitkykposte en radio's. Ons weet hulle strategie is om eers waar te neem. Twee of drie motorfietse, Domingo noem hulle die Scouts. Ons almal noem hulle dan só. As die KTM Scouts tevrede is dat 'n prooi vangbaar is, laat hulle die ander per radio weet. Dan stuur hulle die Skaapwagters – ses motorfietse wat 'n voertuig agtervolg en aanjaag, soos skaapwagters, tot in die lokval.

Ons weet, want dit is wat hulle met ons ekspedisies doen. Dié wat oorleef om ons te vertel.

Vandag neem ons die oorlog na Die KTM toe, vandag is ons eerste wraakaanval.

* * *

Sofia Bergman

Ek is net betyds by die N1 om hulle te sien aankom.

As jy daar in die middel van die pad staan en jy kyk na die suidweste, maak die N1'n draai na links. So jy kan hulle hoor aankom, maar jy kan niks sien voor hulle nie redelik naby aan jou is nie.

Ek staan uitasem van die hardloop, die enjins se lawaai al hoe harder, al hoe nader, my hart sing, daar is ander mense, daar is lewe op die N1, alles gaan regkom, ek en my geweer oor my skouer en my kruisboog aan my rugsak, in die middel van die N1. Ek ruik die teer wat verhit in die vroegsomeroggend, en die unieke Karoostof-reuk van paaie, en dan sien ek die eerste een om die draai kom en ek draf uit die pad uit. Dit is 'n motorfiets, hy lê sommer so laag in die draai, hy kom met 'n groot spoed, dan nog een en nog een en nog; ek staan op die soom van die pad langs die N1 en ek waai toe hulle verbyskeur – een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, elkeen se wind laat my hare beweeg, sodat ek dit moet terugvee, ek staan en waai met my regterhand soos 'n kind vir 'n

parade, en ek dink, as hulle nie stop nie, beteken dit daar is baie mense in dié nuwe wêreld, dit is niks snaaks om 'n meisie langs die N1 by 'n verlate Hanover te sien staan nie.

En dan draai hulle om.

* * *

Team Bravo is elf lede. Plus Domingo.

Ons moet twaalf wees, maar daar was nie genoeg mense wat die keuring kon voltooi nie. Hulle het probeer – nuwe aankomelinge, mense wat sestien word, ander wat reeds probeer en misluk het en weer wil probeer.

Ons is die room van die room.

Twee is voor in die kajuit. Nege is agter. Plus Domingo. Elkeen van ons het volle gevegsuitrusting aan. Helms. Oorfone sodat ons mekaar – en die twee daar voor – kan hoor.

Team Alpha is by die basis in Amanzi. Domingo het 'n ou vyfrandstuk opgeskiet om te besluit watter span aan die eerste operasie gaan deelneem. Bravo het gewen. Nou glo ons ons is die beter span.

“Kontak,” sê Brits vanuit die passasiersitplek voor. “Van agter af.”

Ons almal se harte klop vinniger.

Ons neem stelling in by ons loergate. Myne is aan die bakboordkant van die wa. Domingo het ons geleer om van bakboord en stuurboord te praat as ons met voertuie werk. Toe Pa hoor ek praat van “bakboord”, sê hy: “O, dis links. Weet jy hoe weet ek?”

Hy sê dit vir Okkie, nie vir my nie.

“Nee, hoe weet Pa?” vra ek.

Pa hou aan om vir Okkie te kyk. Hy sê: “Dit kom van ‘bac’, wat ‘rug’ beteken het. Die stuurman van 'n skip het altyd met sy rug na die linkerkant toe gestaan. Oulik, nè?”

“Oulik!” jubel Okkie.

Ek is nie meer deel van my pa se Team Alpha nie.

My loergat na die bakboordkant van ons aanvalsvoertuig, ons Trojaanse Perd, is die een wat niemand wil hê nie. Dit is die een waardeur 'n mens niks sien nie, behalwe die veld links van die pad. Die beste loergate is dié wat na agter en na regs en vorentoe kyk. Maar ek is die jongste lid van die

span. My spanlede noem my soms “The Beardless Wonder” as ek hulle op die skietbaan uitstof. Ek kry die loergat wat niemand wil hê nie.

“Twee bikes,” sê Domingo. Hy kyk agtertoe. Hy kan enige plek kyk, net waar hy wil, want hy is die kaptein. “Dis die Scouts.”

Die vraag is, sal die KTM Scouts sien daar is iets spesiaals aan ons vragmotor? Of iets agterdogtig?

Domingo beweeg meteens na ’n loergat aan die regterkant. “Hier kom hulle ...”

En dan na een wat vorentoe kyk.

“Hulle study nou eers ons merchants hier voor,” sê hy. En dan aan Cele en Brits in die kajuit: “Just wave at them, nice and friendly.”

Ek kan die twee motorfietse se enjins hoor bo die dreuning van ons diesel. Ons Volvo loop op die heel eerste diesel wat in Amanzi vervaardig is, uit sonneblomolie. Sover seepglad. Ek staan en luister terwyl die sekondes minute word, Domingo kyk steeds, Die KTM bly langs ons. Hoekom só lank? Wat vermoed hulle?

“Daar gaan hulle.”

Die spanning verlig in die sleepwa. Ons hoor hoe Brits daar voor in die kajuit sy asem uitblaas. “Wait and see,” sê hy.

“So far, so good,” sê kaptein Domingo.

Die eerste KTM-oorlog: III

Sofia Bergman

Hulle draai almal om, al twaalf van hulle, hulle kom stop hier by my, hulle laat hulle motorfietse vreeslike lawaai maak. Ek lag, ek is so bly om hulle te sien, om lawaai te hoor. Hulle sit almal hulle motorfietse af, haal hulle valhelms af. Almal het swart valhelms. Almal het gewere wat agter hulle rug vasgemaak is. Almal het lang hare en baarde, almal is mans.

“Pop,” sê die een in die middel, hy het so ’n bietjie grys in sy lang hare, hy het wat Pa altyd ’n whiskyneus genoem het. Sy klein bruin ogies vonkel ondeund, soos ’n stout seun. Hy lyk of hy die oudste is, op daardie oomblik hou ek van hom. “Waar de hel kom jy vandaan?”

“Van die plaas af,” sê ek.

“You’ve got to be kidding me,” sê die een met die whiskyneus. En hulle lag almal, hulle lag so lekker vir my.

* * *

Ons ry op die N1 tussen Drie Susters en Richmond. Dit is nege-uur in die oggend. Ons eet ons rantsoene (beskuit uit ons eie bakkery, biltong uit die slaghuis) en ons drink bitter tee (met melk uit ons eie melkery). Ons wag

om te sien of die KTM Scouts die aas gesluk het. Die Volvo snork voort teen tagtig kilometer per uur.

Ons hele aanvalsplan is daarop gemik om in 'n lokval in te ry. Ons het oor en oor geoefen hoe om van binne die sleepwa te skiet, hoe om uit te spring. Hoe om nabye geboue in te gaan en hulle vertrek ná vertrek skoon te maak.

Ons het geleer hoe om mekaar in die veld te dek terwyl ons vorentoe beweeg, op plat terrein, in heuwels, van bo of van onder.

My gewere staan hier langs my, 'n gewone R4 en my R4 DM. Ek is die skerpskutter, die sluipskutter, ek is die spanlid wat almal moet dek. Hulle vertrou my, hulle glo in my. Ons vertrou mekaar, ons is broers en susters. Esau en Masinga is die twee vrouens in Team Bravo. Esau hou die rekord vir die meeste opsitte in een minuut. Een-en-sestig. Sy is 'n masjien. Sy is negentien.

Ons het elke verslag versamel van elke ekspedisie en elke voertuig en elke aankomeling wat deur Die KTM voorgekeer of aangeval is. En almal wat deur Die KTM in 'n lokval gelei is. Ons weet Die KTM is slim. Hulle gebruik nie altyd dieselfde plek nie. Soms is die lokval in 'n dorp, soos Hanover of Colesberg op die N1, of Middelburg op die N9, of Smithfield op die N6. Soms – veral op die streekspaaie – is die lokval waar mense stadiger moet ry, soos by skerp draaie of 'n bergpas, of 'n plek waar die teer sleg verspoel het. Soms is dit sommer net op 'n plek.

Ons dink Die KTM bestaan uit agt of tien verskillende selle, omdat hulle oor so 'n wye gebied bedrywig is. Ons vermoed die hoofkonsentrasie is in en om Bloemfontein, maar die verskillende selle dek verskillende roetes.

Ons wil van hulle gevange neem sodat ons meer inligting kan bekom. Daarvoor moet ons eers in 'n lokval inry.

Ons strydkreet vir vandag: “Don’t let a single one get away.” Dit is wat Domingo ons laat uitskree het, ure aanmekaar, op die paragegrond. Want as een van hulle wegkom, gaan hy die ander vertel daar is 'n oorlog wat kom. Ons wil die verrassingselement so lank as moontlik behou.

Anderkant Richmond sê Cele van voor in die kajuit: “Hier kom hulle. Van voor af.”

Almal wat vorentoe kan kyk, gaan staan by 'n loergat. Die res van ons hoor toe hulle van voor af verbysnel. “Ek tel tien,” sê Brits.

“Ek ook,” sê Domingo. Ek hoor die tevredenheid in sy stem, asof hy baie uitsien na dit wat voorlê.

Ek kan nie sê ek sien uit nie. Ek is bang, maar ek steek dit goed weg.

* * *

Sofia Bergman

Die een met die whiskyneus trap sy motorfiets se staander uit met 'n gestewelde voet, klim van die motorfiets af en loop na my toe. Ek steek my hand uit om hom te groet. “Ek is Sofia Bergman, oom,” sê ek.

Hulle lag almal. 'n Paar sê “oom”, en dan lag hulle nog harder. Hy vat nie my hand nie, hy kyk my op en af. Hy is 'n groot man, baie langer as ek, sy maag hang oor 'n dik swart leergordel.

“Sofia,” sê hy, “jy's 'n pragtige pop,” en hy lig sy hand en vat aan my linkerbors. Ek vererg my, dit is verskriklik ongeskik, ek klap sy hand weg. Hy slaan my met die vuis teen my wang. Ek val.

Ek moet nou eerlik sê ek is nie op daardie oomblik bang nie. Ek is net heeltemal verras, want hy het sulke ondeunde oë gehad, en ek is baie kwaad, want hy is 'n opperste vark. En natuurlik pyn my wang.

Hulle maak geluide, die ander, geluide wat koggel en lag. Die whiskyneus-man gryp my geweer. “Wil nie hê jy moet my skiet nie, pop.” Dit ruk my van balans af, want die geweer is aan 'n band oor my skouer.

“Ek dink Number One sal dié een vir homself soek,” sê een van die ander.

“Number One is nie hier nie,” sê die whiskyneus, en hy gryp my aan die hare en trek my op. Dit is seer. Ek word kwaad. Ek staan op en ek slaan hom met my vuis in sy gesig, teen sy ou vieslike neus, want hy is 'n opperste vark.

Die ander motorfietsryers maak weer geluide. Whiskyneus-man slaan my terug, so hard teen my slaap dat ek val en duiselig raak.

“Die radio,” sê een van hulle, hard. “Hulle roep ons op die radio.”

Die gelag en gekoggel raak stil. Ek lê, ek kan voel my balans is nie reg nie, ek voel dronk, ek hoor 'n geruis in my ore. Ek dink ek hoor 'n stem oor die radio. "There's a truck coming, ETA Hanover thirty minutes."

Ek kyk op, ek sien die man met die whiskyneus loop weg van my af, hy gaan vat die radio, hy sê daarin: "That's too close, we'll ambush in Colesberg."

"Roger," sê die stem oor die radio.

Hy kom na my toe aangeloop, ek probeer op my hande en knieë weg van hom af kruip, maar hy gryp my aan die rugsak en hy sleep my tot by die ander motorfietse. "Cable tie haar hande, laat ons ry."

* * *

Wanneer die KTM-skaapwagters agter ons stelling inneem, beveel Domingo ons: "Battle stations." Dit beteken ons moet elkeen ons vasgespe in ons sitplekke, sodat iemand nie beseer word as ons baie skielik moet rem nie.

Domingo beskryf wat hy deur die agterste loergat sien: Hulle ry in formasie, drie langs mekaar. Hulle hou 'n afstand van amper tweehonderd meter van ons Volvo af, ook teen so tagtig kilometer per uur. Daar is 'n geweer aan elkeen van die tien KTM-ryers se skouers.

"Stand by, Hanover coming up," sê Cele van voor af.

"Stand by," sê Domingo.

My hart hamer in my bors.

Die Volvo verminder spoed.

Niemand sê 'n woord nie.

Eindelik: "Niks," sê Brits. "Nie Hanover nie."

* * *

Hulle maak my hande agter my rug vas. Die een met die whiskyneus klim op sy motorfiets, een van die ander ruk en pluk my tot agterop sy motorfiets. Hulle maak ons aan mekaar vas met 'n stuk tou. Ek het steeds die rugsak oor my skouers. Die kruisboog is daaraan vas, maar ek weet nie waar my geweer is nie.

Whiskyneus sê vir my: “Jy kan iets traai, pop. Op honderd-en-sestig maak dié teerpad mincemeat van jou.”

Ek is só teenaan hom, ek ruik sy asem stink, en sy lyf ook, hy ruik na ou sweet en drank. Hy sit sy valhelm op en hy trek weg, so vinnig dat ek amper agter afval.

Hy ry vinnig, my hare waai kwaai in die wind, ek dink, nou gaan my hare gekoek raak. Minstens ruik ek hom nie meer nie.

* * *

Cele sê: “That sign says ten kilos to Colesberg.”

Doodse stilte agter in die sleepwa. Ons wag nou al langer as veertig minute. Ons is ongemaklik, ons is gespanne, ons is oorgehaal, en niks het gebeur nie, behalwe die Skaapwagters wat agter ons bly.

“Stay sharp,” sê Domingo.

Ek gaan in my gedagtes deur alles wat ek moet doen as ons kontak het.

Een. Maak die skietgat oop hier langs my, die een wat na bakboord wys.

Twee. Kyk. As ek 'n “Ali Baba” sien – die term wat Domingo gebruik vir die vyand – en ek kan hom tref, moet ek skiet. Enkelskote. Gedissiplineerd. Akkuraat.

Drie. Wanneer my bakboord-sektor heeltemal skoon is, moet ek skree “port side front clear”.

Vier. Wanneer Domingo skree “deploy”, weet ek Fase Een van die aanval was geslaagd. Dan moet ek die leer losmaak. Dit hang van die dak af, ek moet 'n tou pluk wat die sluitpen sal uittrek. Ek moet die leer aftrek. Ek moet my R4 DM vat en met die leer opklim. Ek moet die luik bo in die dak oopmaak en eers seker maak dit is veilig om my kop uit te steek.

Vyf. Ek moet skerpskuttersdekking bied aan Team Bravo.

Ons het dit alles oor en oor geoefen. Ek is so reg soos ek ooit sal wees.

Minute draal.

Domingo sê: “Die Skaapwagters is besig om terug te val. This is it. Cele, hou jou spoed, en dan ry jy so ’n klein bietjie vinniger, asof jy bly is hulle het belangstelling verloor.”

’n Oomblik se stilte. “Daar is hulle,” sê Cele, skerp en waarskuwend.

En hy trap hard rem. My rug slaan vas teen die sitplek agter my, my valhelm stamp teen die staal van die wand.

OceanofPDF.com

Die eerste KTM-oorlog: IV

Sofia Bergman

Op die N1, agterop daardie motorfiets, toe besef ek, maar ek is nou in die moeilikheid.

Dit sal seker altyd 'n uitdaging wees om te verduidelik hoe naïef ek was. Ek het so beskerm grootgeword, my ouers, my broers ... En toe, die drie jaar op die plaas saam met Meklein en Vytjie, daardie liefdevolle twee, dit laat 'n mens dink alle mense is só; sorgsaam. Sag en skadeloos. En dit wat daar by Hanover gebeur het, het so vinnig gebeur, dit was so onverwags dat ek dit nie kon verwerk nie. En toe nog die hou teen my kop ook. Maar toe is ek vir 'n halfuur agterop daardie motorfiets, en ek het kans om te dink, en ek besef ek is diep in die moeilikheid, hierdie is nie goeie mense nie. En toe weet ek ek moet wegkom. Iewers moet hulle stop, iewers moet daar kans wees. En ek dink, okay, ek het die Leatherman-tang in my rugsak, in die kantsakkie. Daardie Leatherman het in sy handvatsels lemme en skroewedraaiers en 'n vyltjie en alles, maar die tang self sal die cable ties maklik kan knip. Of hierdie opperste vark met 'n lem dreig. Of iets. Ek moet net by die tang kan uitkom.

Toe wikkel en wriemel ek, om te kyk of ek kan. Toe slaan ou Whiskyneus my met die elmboog. Toe sit ek eers weer stil.

Ek het nie 'n valhelm opgehad nie, hulle het baie vinnig gery, die wind waai so dat ek omtrent nie kan sien nie, maar ek weet ons is op die N1, ek

weet die volgende dorp is Colesberg, en ek dink, as hulle Bloemfontein toe gaan, daar sal mense wees wat help.

Ons ry daar by Colesberg skielik stadiger, by die groot aansluiting wat hulle voor Die Koors so verbou het, waar die N1 en die N9 bymekaar kom. Pa het altyd daar petrol ingegooi, ek dog miskien gaan die motorfietsmanne ook nou petrol ingooi, dalk is daar iemand by die garage – kan jy dink dat ’n mens so simpel kan wees om dit te dink?

En hulle ry onderdeur die N9-oorbrug, en hulle gaan stop by die tweede oorbrug wat oor die N1 loop. Whiskyneus maak die tou los wat ons vashou en hy klim af, hy ruk my van die motorfiets af, en hy trek my, hy hardloop, hulle almal hardloop. Ek sien die pad onder die brug is toe, daar is twee stukke van ou lorries wat die pad toemaak, reg onder die brug. En party van die motorfietsryers hardloop op teen die wal om bo-op die brug te gaan sit, en ander kruip agter die stukke lorrie weg, almal het hulle gewere reg en hulle roep na mekaar, en Whiskyneus het sy radio in sy hand. Ons twee hardloop op met die wal, tot bo-op die brug.

Hy praat in die radio. Iemand sê vir hom: “Nee, julle het ’n goeie halfuur, die trok is nie haastig nie.”

Whiskyneus skree vir die ander: “Ons het ’n halfuur!”

Bo-op die oorbrug is daar so ’n ou Toyota Prado, sy wiele is pap. Whiskyneus druk my by die agterdeur in en hy sê: “Jy sit hier, en jy sit stil, of ek slaan jou weer.” Hy loop na een van die ander toe, hy gaan haal my geweer, en hy bekijk hom. En hy vat sy geweer en daar is sulke groot petroldromme op die kant van die oorbrug wat regop gesit is, twee-twee, en op party van die dromme is daar kardeure of sinkplate, met klippe op die sinkplate om hulle in plek te hou. Ek sien Whiskyneus gaan sit tussen twee dromme, onder die sinkplaat, en hy laat sy geweer op die oorbrug se reling lê. En toe besef ek hulle lê iemand voor. En as ’n mens kyk na alles wat hier reggesit is, is dit nie die eerste keer dat hulle dit doen nie. Hulle is ingerig.

Maar toe is ek alleen in die Prado, en ek begin versigtig skuif en beweeg en rek en strek om die rugsak van my rug af te kry, of dan minstens my hande op die Leatherman te kry.

My hande is agter my rug vasgebind, so dis nie maklik nie.

Maar ons het ’n halfuur.

Die verslae oor ons ekspedisies wat deur Die KTM in lokvalle gelei is, verskil.

Soms skiet Die KTM glad nie. Hulle dreig net, en hulle roof alles wat eet- of bruikbaar is. Partykeer vat hulle van die vroue ook, of die mense onder twintig. Ons weet nooit wat met dié mense gebeur nie.

Soms skiet hulle waarskuwingskote. Soms skiet hulle een van die mans omdat hy gevaarlik lyk.

Ons weet nie wat om te verwag nie. Ons dra almal koeëlvaste baadjies.

Domingo het vir ons gesê jy kan voorberei vir kontak, jy kan oefen so lank en so hard as wat jy wil, maar wanneer dit gebeur, is dit absolute chaos en alles loop verkeerd.

Ons Volvo rem, die bande skree. Dit kom tot stilstand. Ons almal herwin ons balans. Domingo staan agter in die sleepwa, hy kyk na die Skaapwagters. Hy sê: “Hold your fire, hold your fire.”

Ek kyk uit by my loergat. Ek sien geen teiken nie. En dan sê Domingo “Fire”, en die hel breek los.

Later sal almal hul oorlogstories vertel, almal sal ’n bietjie aanlas en bylieg, want niemand sal presies kan onthou nie. ’n Skermutseling is ’n oordosis adrenalien, dit is naakte vrees, intense stres. En dit gebeur veel vinniger as wat jy verwag, veel vinniger as waarop jy voorbereid is, dit is ’n oogwink van chaos. Maar min of meer gebeur dit dat Domingo wag vir die Skaapwagters om die kordon om ons te sluit. En dan begin ons skiet, oorverdowende knalle in die engte van die sleepwa, kordietreuk wat jou wil laat verstik, en rook, en ek staan daar en ek sien niks buite nie en dan meteens hardloop een in my gesigsveld in en ek mik en ek skiet en dit is heeltemal mis. Ek, die beste skut in die SpOT. Ek skiet weer en weer, te vinnig. Domingo het gesê skiet gedissiplineerd, enkelskote, maar ons almal vergeet dit, behalwe hy, ons almal skiet ’n magasyn leeg in sekondes, en moet herlaai. Domingo skree: “Single shots, single shots!” maar niemand hoor hom nie. Ek skiet my man, hy is vyftien meter weg, ek sien die bloedsproei, ek sien die vrees en die verbasing op sy gesig, hoe sy bene nog pomp om te hardloop, maar hy val. Ek voel niks. Ek voel soos ’n animal. The other guy wants to kill me. If I hesitate, I die. Ek voel verwyder van daardie man se dood. Ek vergeet om te roep dat my sektor skoon is. My ore suis, my bloed kook, almal skree in ons radio’s. Cele sê: “I’m wounded, I’m

wounded.” Domingo ruk aan my, hy ruk my arm en skree: “Is jou sector geclear?” Ek skrik, ek stamel.

“Storm! Is jou sector geclear?”

“Ja, kaptein.”

“Deploy, deploy, deploy!” skree Domingo.

Ek staan versteen.

Domingo ruk aan my: “Kry jou gat daar bo.”

Die skaamte verswelg my. En dan nog meer, want ek vergeet om my DM te vat, Domingo moet my terugpluk en die geweer vir my gee.

Die deur is oop agter, daglig stroom in, Team Bravo spring uit. Ek is op met die leer, ek lig die luik. Ek sien daar is een van Die KTM op die oorbrug voor die Volvo, sestig meter weg, ek sien hy skiet op my makkers, ek hoor hoe die lood vasklap hier voor. Ek kry hom in die teleskoop, maklike skoot, ek skiet hom in die voorkop.

Die res van Team Bravo hardloop buite, soos hulle geleer is, dek mekaar, hardloop, dekvuur, hardloop, om al die sektore te dek.

Ek soek teikens, ek kyk deur driehonderd-en-sestig grade, ek sien niks behalwe KTM-lede wat lê nie.

En dan sien ek die meisie met die lang blonde hare.

Ek sien net eers die beweging, ver en regs, uit die hoek van my oog, ek sien iemand hardloop, driehonderd meter weg. Dan rig ek die teleskoop, en ek sien haar.

Ek het nog nooit iemand gesien wat só hardloop, met soveel ritmiese grasia nie. Sy het ’n kortbroek aan, en stewels, haar bene is onbeskryflik lank en bruingebrand, en die lang blonde hare wat agter haar aan sweef. En sy het ’n wielsleutel in haar hand.

Ek besef sy jaag iemand met daardie wielsleutel, haar hele lyf wys sy jaag iemand, en sy gaan vir hom met daardie wielsleutel slaan as sy hom kry. Ek skuif die teleskoop. Ek sien die KTM-man met die vet pens wat vir haar weghardloop. Hy het ’n kruisboog in sy hand, hy is so tien treë voor haar. En sy haal hom in.

Ons strydkreet sê: “Don’t let a single one get away.”

Die meisie en KTM-ou is in die dorp, in ’n Colesberg-straat, nou al tussen die huise.

Hy mag nie wegkom nie.

Ek vat die skoot.

Sofia Bergman

Ja, ek was kwaad dat Nico vir Whiskyneus skiet, want ek wou vir hom met daardie spanner geslaan het, die opperste vark.

Ek het daar in die Toyota Prado gesit, in die halfuur wat ons wag, toe sukkel ek en ek sukkel, maar eindelijk kry ek my Leatherman en ek knip my hande los, saggies, baie saggies. Whiskyneus staan op en kom kyk na my, maar ek lê stil, en hy vat so aan my been, druk sy hand so hier op, nou moet jy weet, my hande is los, ek moet op my tande kners om hom nie te probeer keer nie, ek weet ek moet wag tot die tyd reg is. Maar dan los hy my weer, dan loop hy weer en gaan sit onder die sinkplaat tussen die dromme, en die radio's praat met mekaar, en ek hoor die groot vragmotor, ek hoor hoe die vragmotor briek. En Whiskyneus sê oor die radio: "Okay, Kelly, gaan kry daai mense uit die lorrie uit."

En toe skielik, toe skiet almal op almal. Daar slaan koeëls teen die Prado vas en ek duik tussen die sitplekke in en ek lê en ek wonder wat gaan aan.

En toe skielik toe voel ek iets ruk vir my, en ek kyk om, en ek sien vir Whiskyneus. Hy probeer my kruisboog losruk van my rugsak. Hy het al sy koeëls uitgeskiet, hy soek nou my kruisboog. My rugsak is nog op my rug en die kruisboog is vas daaraan. Ek sien maar die man is skielik doodbang, ek sien dit daar op sy gesig, en hy kry die kruisboog los en hy hardloop. Die ander skiet nog, en hierdie ou hardloop weg met my kruisboog, en hy is 'n opperste vark.

Toe dog ek, maar ek wil my kruisboog terughê, dit was my broer se kruisboog. Ek lê in die Prado, en die skote knal en die koeëls klap oral vas, en ek wik en weeg tussen bang en kwaad, en dit gee vir hom 'n voorsprong. En ek soek 'n ... Ek kan nie sê 'n wapen nie, want dit is nie heeltemal die waarheid nie, ek soek meer 'n ding om soort van vir die kwaad iets te gee om aan vas te hou, as dit sin maak. En ek sien hier onder die Prado se sitplek steek 'n ding uit, en ek vat dit vas, en dit is die spanner, en dit gee

vir my die moed om uit te spring, die Vader weet hoekom. En ek spring uit, en ek sien die whiskyneus-man, toe is hy al 'n hele ent weg.

Toe sien ek hy is nie baie vinnig nie, maar die rugsak hou vir my terug. Toe gooi ek die rugsak af en ek hardloop, so met die spanner in die hand. Hy het my hoor kom, hy het my stewels op die gruis en die teer gehoor, hy het so omgekyk, en toe skree hy, ek weet nie wat hy geskree het nie, maar dit was die skree van 'n man wat weet hy is in die moeilikheid, en dit was vir my die mooiste geluid wat ek nog in my hele lewe gehoor het.

En ek haal hom in, en ek weet ek wil vir hom met die spanner slaan, net so 'n paar keer, voor ek my kruisboog terugvat, en toe tref die koeël hom, dis 'n nare geluid om so naby aan iemand te wees en te hoor hoe 'n koeël hom tref, so 'n siek klank, en hy val net soos 'n sak patats, hy slaan daar neer.

Toe is ek kwaad, want ek wou eers vir hom geslaan het. Hy het my geslaan, hy het aan my bors en aan my been gevat, hy was 'n opperste vark, en toe kry ek nooit die kans om hom te slaan nie.

* * *

Ek het die langbeen-meisie met die witblonde hare in my teleskoop se visier. Ek sien sy kyk na my kant toe, met groot woede op haar gesig. Sy buk by die vetpens en sy vat die kruisboog wat hy gedra het. Ek maak die afleiding: Sy is saam met Die KTM. Dit is 'n semi-logiese afleiding. Ek kan haar nie laat wegkom nie. Sy is verder as driehonderd meter, sy is tussen die huise, die kans is baie goed dat sy buite my gesigsveld gaan verdwyn.

Ek mik, ek trek die visier op haar, ek druk die sneller.

Die eerste KTM-oorlog: V

En ek kan nie skiet nie. Nie 'n meisie nie.

Ek weet nie hoekom nie.

Ek los die sneller, ek kyk deur die teleskoop, ek sien hoe sy agter 'n huis se betonmuur verdwyn.

Don't let a single one get away.

Alles is skielik stil, niemand skiet meer nie, Domingo staan onder die oorbrug, tussen die wrakstukke van vragmotors wat strategies daar geplaas is. Hy hou 'n vuur in die lug, ek hoor sy stem in die oorfoon: "Hold your fire."

Ek sê oor die radio: "Kaptein, daar's 'n meisie wat wegkom."

"Waar?"

"In die dorp. Oos."

"Een meisie?"

"Ja, kaptein."

"Nou gaan haal haar, Storm."

Ek gly terug in die sleepwa in en ek hardloop tot by die agterste deure en ek spring uit. Sy het 'n groot voorsprong en ek het gesien hoe sy kan hardloop. Ek sal haar nie kan inhaal nie.

Ek hardloop om die Volvo. Ek sien Aram en Wessels tel vir Cele uit die kajuit uit, Cele bloei aan sy arm, baie bloed.

Ek hardloop. Ek gebruik die wal om op die oorbrug te kom. Ek sien die motorfietse wat daar staan.

Ek swaai die geweer se band oor my skouer, spring op die naaste motorfiets, sit hom aan en jaag agter die meisie aan.

* * *

Sofia Bergman

Nou moet jy verstaan, ek hoor hier kom al weer 'n motorfiets, en hierdie keer is ek nie 'n dom plaasmeisie langs die N1 nie, ek weet wat hierdie ouens doen. Toe gaan staan ek, en ek trek 'n pyl uit die koker uit – die koker is so aan die kruisboog vasgemaak as jy dit dra – en ek haal die kruisboog oor, en ek wag, net om die hoek van die muur, en ek wag, ek hoor die enjin kom nader en nader, en toe hou ek die kruisboog reg en ek kom om die hoek en ek skiet die motorfietsryer mooi in die bors.

* * *

Sy verskyn net skielik hier reg voor my en sy skiet my met 'n kruisboog. Die koeëlvaste baadjie keer dat sy my morsdood skiet, want sy tref my reg in die hart, maar die slag van die pyl is só hard dat ek agteroor van die motorfiets afval, my gevegshelm klap teen die teer. My wind is uit, dit voel of my hart gaan staan ná die helse slag, die motorfiets ry op sy eie by haar verby, en ek sien hier kom sy, my geweer is agter my rug. Ek hyg na my asem, ek sien sy is besig om nog 'n pyl in die kruisboog te sit. Hierdie meisie gaan my doodskiet. Ek rol, ek hyg, ek moet my geweer loskry, daar gaan nie tyd wees nie, ek staan op, ek is stadig en wind-uit en seer, maar ek weet my lewe hang nou af van hoe vinnig ek kan beweeg.

Ek is op, ek storm vir haar en ek duik haar plat, ek sit bo-op haar, ek druk haar hande vas.

En ek kyk vir haar. Ek sien sy is nie bang nie, sy is net kwaad. Dit is 'n manjifieke kwaad, dit is soos 'n natuurkrag, 'n bron van suiwer energie.

En ek sien dit is die heel mooiste meisie wat ek nog in my hele lewe gesien het. Beeldskoon mooi.

Dit is die oomblik dat ek verlief raak op Sofia. Dit is die oomblik dat ek weet ek gaan met haar trou.

* * *

Sofia Bergman

Ek skree vir hom: “Klim af, jou opperste vark, klim af.” Hy sit net daar en maak sulke steungeluide soos hy probeer asem kry, en hy glimlag, so ’n sotlike glimlag.

Ek het glad nie op daardie oomblik op hom verlief geraak nie. Glad nie. As ek losgekom het, sou ek hom geskiet het.

OceanofPDF.com

Die eerste KTM-oorlog: VI

Ek en die mooi blonde meisie stap terug na Team Bravo en die slagveld toe. Sy dra die kruisboog en haar skouers só dat ek kan sien sy vertrou my nie, en sy hou nie van my nie. Al het ek minute lank vir haar verduidelik ons is aan dieselfde kant.

Die pyl sit nog in my koeëlvaste baadjie vas, die pylpunt verstrengel in die materiaal. Ek probeer die pyl uittrek, maar dit sit.

My kamerade kyk na die pyl, en na die meisie met die kruisboog. Dan lag hulle. Skaterlag, die post-adrenalien-lag van oorlewing en verligting.

Domingo sê ons moet “shaddap”. Hy is woedend. Hy sê ons was pateties. Hy sê die enigste doelwit wat ons bereik het, was om geeneen van Die KTM te laat ontsnap nie. En dit was ook maar per ongeluk. Waar, vra hy, is die KTM-lid wat ons gaan ondervra? Waar was die dissipline, die beheer, die teenwoordigheid van gees wat ons herhaalde oefening probeer vestig het?

Ons staan daar met geboë hoofde. Die meisie staan daar en vergaap haar aan alles.

Domingo sê ons het jammerlik misluk. Want om ’n spul amateurs in ’n skermutseling op só ’n chaotiese manier te verslaan, wanneer jy die voordeel van volkome verrassing het, is niks minder as ’n skande nie.

Hy sê hy vat ons nou terug basis toe sodat hy ons van voor af kan begin oplei, want ons is hopeloos. Sodat hy Team Alpha kan gaan haal, want hopelik is hulle ’n bietjie beter as ons klomp morone. Sodat Cele behandeling kan kry vir sy wond. Sodat ons “hierdie girtjie” – en hy wys na die blonde meisie, my trouwrou – “out of harm’s way” kan kry. “Of,” sê

Domingo en kyk vies na die pyl wat hier reg teen my hart soos 'n beskuldiging sit, “om vir Storm uit harm’s way te kry van ’n girltjie met ’n crossbow.”

“Ek is nie jou girltjie nie. Ek is Sofia Bergman.”

Domingo kyk na haar. Ons almal dink ’n oomblik lank hy gaan spontaan aan die brand slaan. Of ontplof. Maar hy skud net sy kop, kyk vir ons en sê vir Esau en Masinga hulle moet vir Cele bystaan en gemaklik maak. Die res van ons moet grafte grawe vir die gesneuwelde KTM-lede, in die klipharde grond van Colesberg, in die veld agter die Merino Inn Hotel. En elkeen van die motorfietse moet ons oor die berg oos van die dorp ry en by die waterreservoir gaan wegsteek.

Terwyl hy in die koelte sit en gesels met Sofia Bergman.

Ek wens ek kon by haar sit. Ek kan aan niks anders dink as dié meisie nie.

Lizette Schoeman is heeltemal vergete.

Wat mis jy die heel minste?

Domingo

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

Da' was niks om te like voor die Fever nie. Niks. It was a crazy, bad world. Ammal haat vi' ammal. White and black, haves and have nots, liberals en conservatives, Christian en Muslim, north and south, ek scheme mense het net rede gesoek om mekaar te haat, jy's langer as ek, so ek haat jou daarvoor ook.

So ek mind nie lat daai wêreld nie meer hie' is nie.

Ja, of course het ek ook gehaat. Facebook most of all, if you have to know. Facebook. Hated it. Daai was vir my die epitome van wat verkeerd was met society. 'Cause why, jy't al hierdie friends, ma' dis nie regte friends nie, dis mense vir wie jy kan foto's post van jou breakfast en jou lunch en jou cute kitty. I ask you. Like they really cared. They only cared because they needed you as an audience. Facebook friends was 'n audience, dis al. And it made me sick how they all needed an audience. Society het so impersonal geword, so don't care, lat ons onself moes laat validate op iets soos Facebook, voor an audience of people who don't give a flying ... Let me just say, that's sad. Tragic.

Ek sê nie ek is bly oor the Fever nie. Ek sê net ek het niks nostalgia vir die time before the Fever nie. Niks.

Cairistine Canary

Nee, ek kan nie ... Sê maar ... Die bergies by die robots in die oggend. Daai was vir my die slegste deel van die ou wêreld. En dan kan jy dit seker extrapolate na inequality in general. I don't miss that deep inequality, and the guilt. Ma' hierdie is 'n baie philosophical question, en ek dink nie jy moet die wêreld before and after the Fever probeer vergelyk nie, ek dink nie jy moet vir jouself vra wat mis ek die minste of die meeste nie. Because somehow you end up thinking that the one is better or worse than the other. Comparisons can be misleading, and they can lead you to bad places. Every world was what it was. And it's what we make of it, is dit nie?

En nou het ek seker geen contribution gemaak tot jou history project nie ...

Lizette Schoeman

Ek dink die samelewing was baie meer ... soos, in silo's, as jy verstaan wat ek bedoel. Soos ons nou is in Amanzi, hier is 'n baie sterk sin van gemeenskap. Van "ons is op mekaar aangewese". Verstaan jy? Dis seker ook omdat ons almal mekaar hier ken, omdat ons wêreld so klein geword het, maar ek hou daarvan. Voor Die Koors het jy elke dag honderde of duisende mense gesien wat jy nie ken nie, wat jy nie groet nie. Jy loop of jy ry verby hulle, jy kyk nie eens vir hulle nie, daar is geen band tussen julle nie. Niks. Julle kan netsowel van verskillende planete wees.

Dit was wat verkeerd was met die ou wêreld. Dit is wat ek nie mis nie.

Pastoor Nkosi Sebego

I don't miss that world. Because it was a Godless world. And that is why I am working so hard to make sure that we don't live in a Godless world again.

Before the Fever, our president and our government and our media and our businesses were all Godless. But not only in our country. In every country, all over the world. Everybody just wanted one thing: Money. To get rich. Even if you had to take it or steal it, even if you had to pull other people down to get it. We were in this vicious cycle, we were prisoners of the system. That's why God sent the Fever. To break the shackles.

Abraham Frost

Net so 'n paar maande voor Die Koors, toe lees ek 'n artikel oor piesangs. Toe sê hulle piesangs soos ons dit ken, loop gevaar om uit te sterf. En dis die tweede keer.

Blykbaar was daar eers 'n piesangspesie met die naam van Gros Michel, hierdie lekker, romerige, soet piesang. Omtrent nege-en-negentig persent van al die piesangs wat in die wêreld verbou is, was destyds Gros Michel. En toe, in die negentien-sestigs, toe kom hierdie fungus-siekte, en dit verwoes Gros Michel heeltemal. Toe moet die wêreld se piesangboere 'n ander spesie kry, hulle kry toe Cavendish, wat nie so lekker is nie, maar dis bestand teen die fungus.

En toe word Cavendish die piesang wat nege-en-negentig persent van die wêreld se piesangs lewer. En toe kom daar 'n fungus, net so 'n jaar of twee voor Die Koors, en hy begin vir Cavendish uitwis.

Wat ek probeer sê, is dat ons as mense 'n aarde geskep het wat baie onnatuurlik was. Ons het 'n groot wanbalans gebring. En toe gebeur met ons presies dieselfde as wat met die piesangs gebeur het.

Dit is wat ek nie mis van die ou wêreld nie. Dit voel net asof dinge nou weer in balans is.

Ravi Pillay

I don't miss the traffic jams. You had to see it to believe it. All that time lost, sitting in a traffic jam. Time we could have spent with our loved ones. Or just being productive. We lived in this high-tech world where they put little robot cars on Mars, but they couldn't fix traffic jams. They couldn't fix bad driving either. There's another thing I really, really don't miss: Those idiots who clog up the fast lane, and when you dare to flash your lights – which is absolutely within your rights to do – they give you the finger. That used to really ... I was sure I was going to die in a road rage incident.

Hennie (Flaai) Laas

Nee, soos ek gesê het met die vorige vraag: Daai wêreld voor Die Koors was maar vir my 'n slegte een. As jy vir my vra, Hennie, wat mis jy glad nie, dan wil ek sê: Alles, Willem. Ek mis álles glad nie. Ek weet dit is net my eie skuld dat ek in daai wêreld ongelukkig was, ek het my eie lot gemaak. So ek gee niemand die skuld nie. Ek sê maar net, ek is nou happy. En jy weet hoekom? Want ek voel ek beteken nou iets. Ek het waarde. Dis snaaks, nè.

Beryl Fortuin

Die lewe before the Fever was soos om in die stad te bly, en nou is dit soos om in 'n dorpie te bly. Letterlik ook, seker. Ek bedoel maar net, daar is pros en cons aan al twee kante. Ek mis nie die hectic lifestyle van daai tyd nie. Die rat race. Die competition. Ek mis nie die scattering van al die mense vir wie jy lief is nie. Ek meen, jy word mos groot met jou mense, jou family, jou community. En dan, as jy klaar was met skool, dan moet jy vort. Jy moet gaan leer, of jy moet gaan werk. Humansdorp was te klein om vir ons

almal te sorg, so dan scatter almal vir wie jy lief is, vir wie jy so goed ken. En dan moet jy van voor af begin om mense bymekaar te maak om lief te hê, but it is never the same.

Daai mis ek nie. Ek like dit van Amanzi. We're not going anywhere soon.

O, en dan is daar die detox myth. Ek kan nie vir jou sê hoe bly is ek dat ek nie weer in 'n women's magazine of op die Internet 'n ding gaan sien van detox dit en detox dat nie. Lies, damn lies, and detox. Legal fraud, dis wat daai was.

Nero Dlamini

Interesting question. Okay, I'm going to ... Just bear with me. There was this recurring theme in therapy that I found interesting ... No, wait, let me just take one more step backwards, because I really want this to make sense:

The world before the Fever was truly complicated. In the words of the great M. Scott Peck, "life was difficult". You would not believe the stress levels ordinary people had to cope with. Just for getting through your day, for navigating all the social and professional and relationship reefs. And then they worried about all the stuff that was happening in the country, politics, and poverty, and the economy. And then they worried about all the things happening in the world. Terrorism, and recession, and we're running out of fish to catch, and there's more plastic than fish in the sea, and there's global warming ...

So, getting back to that recurring theme: a disturbing number of my patients had this wish, this fantasy, this urge for a new beginning. Just to walk away from their old lives, their old worlds and their old planets, and start over. Free from the worries.

Now, here's the interesting thing: Amanzi's world is not stress-free. Just forget about the trauma of the Fever itself for a minute, and look at this environment, right here where we are now. It's not stress-free, we've had a lot to deal with. But I see a huge difference in the stress levels, in the kind of stress. It is as if people are much better able to cope with the simple challenges of feeding themselves, keeping warm, dodging dogs ...

So, here's my answer: It seems to me that all of us don't miss those old complexities. And those fears about the world and the planet, those threats that we felt were too big for us to fix.

OceanofPDF.com

In die Jaar van die Jakkals word ek sestien. Lizette Schoeman breek my hart, en Sofia Bergman maak hom tydelik heel.

In die Jaar van die Jakkals eindig my jeug, en ons veg vir die eerste keer terug teen Die KTM.

Okkie word vyf. Of ses. Ons sal nooit weet nie.

In Desember in die Jaar van die Jakkals begin ek om Sondae saam met Pa en Okkie te eet. Dit gee my die geleentheid om naby Sofia Bergman se blyplek verby te loop. Daardie hele maand lank sien ek haar glad nie. Ek vra baie versigtig vir ander mense of hulle weet waar sy is.

Hulle sê sy is maar meestal Sondae in haar kamer, besig met 'n boek. Sy is glo nie 'n baie sosiale mens nie.

Die ontbyt saam met Pa en Okkie is ongemaklik. Ek en Pa het niks om oor te praat nie. Wanneer ek hom wil vertel van Team Bravo se skermutseling met Die KTM, skud hy sy kop. “Nee, nie voor Okkie nie.” Maar eintlik is dit hy wat nie wil hoor nie.

In die Jaar van die Jakkals maak ons vir die eerste keer diesel uit sonneblomolie, kaas uit melk, en 'n bietjie suiker uit suikerbeet. Ons ekonomie skuif verder in die rigting van kapitalisme wanneer 'n hele paar van die Namibiërs verder teen die Oranjerivier af hul eie besproeiingsplase begin bedryf en groente op die vrye mark begin verkoop – boontjies, ertjies, broccoli, slaai. Sommige ding selfs met Hennie Flaai se hoenderboerdery mee deur eend en kalkoen te produseer, en dit teen stewige pryse aan te bied op die boeremark wat in die Forum ontstaan.

Ons het sewentien huwelike, nege-en-dertig geboortes, en 'n aanwinst van meer as 'n duisend mense wat van reg oor die subkontinent na ons toe kom. Die dorp bars uit sy nate, ons bou poorte en huise.

Ons eerste oorwinning teen Die KTM was klein in skaal, maar groot in wat dit vir die moraal van Amanzi doen. Sodat ons 'n veel meer verenigde gemeenskap is wat man en muis, gelowige en heiden, op Kersdag in die Forum luister na pastoor Nkosi se mooi preek. Al sê hy, tot Domingo se

frustrasie, dit was net hul gebede en die Heilige Hand wat ons daardie eerste veldslag teen Die KTM laat wen het sonder 'n enkele Amanzi-gesneuwelde.

Maar dan, op 'n kleiner kerkdiens vir sy volgelinge, langs die dam op Oujaarsdag, preek Nkosi vir die eerste keer oor sy droom van 'n land van Kanaän, 'n nedersetting waar die mens nie regeer nie, maar die Hoër Hand. 'n Gesuiwerde gemeenskap waar net Christene toegelaat sal word, wat in permanente boetedoening sal staan vir die sondes wat Die Koors en Die KTM ontketen het. “So, let us pray, my brother and sister, that the war against the devil will end soon. So that I can lead you to a new beginning, a promised land.”

Dit is hoe die Jaar van die Jakkals eindig.

OceanofPDF.com

Die Jaar van die Vark

OceanofPDF.com

Die eerste KTM-oorlog: VII

1 Februarie

Team Alpha se eerste veldslag is kleiner, korter en veel minder intens en gevaarlik, ondanks hul beste pogings om dit met die oorvertel te vergroot en te dramatiseer. Maar hulle – eintlik Domingo – kry een ding reg wat ons nie kon nie:

Op 1 Februarie ry hulle met die Volvo in 'n lokval in, waar die N10 deur die berge kronkel naby Ludlow-stasie, net voor die N9-aansluiting tussen Noupoot en Middelburg.

Daar is geen KTM Scouts nie, daar is geen KTM-skaapwagters nie, net die skielike padblokkade in die poort. Domingo hou hulle kalm. Wanneer die bestuurder voor in die Volvo-kajuit sê: “Hier’s KTM,” sê Domingo in sy bevelvoerderstem: “Bly kalm, bly kalm, battle stations, hulle weet nie ons is hier agter nie, we still have the element of surprise.”

Team Alpha maak dieselfde foute as ons. Hulle raak net so meegevoer, hulle verval in net soveel chaos. Hulle kom te staan teen net twaalf KTM-lede, en hulle laat een baie amper wegkom. ’n Jong, ratse, vreesbevange KTM-ryer sien teen die einde van die skermutseling die skrif is aan die muur. Hy kry dit reg om met sy motorfiets te vlug, oos, in die rigting van die N9.

Ons Alpha-makkers sê: Domingo sien dit. Hy spring op een van die gestorwe KTM-ouens se fiets, sit die voortvlugtige agterna. Al wat die

Alpha-spanlede kan doen, is om in die daaropvolgende stilte te luister na die twee enjins se hoë note wat van die berge af eggo, dan heeltemal verdwyn.

Hulle wag. Hulle kyk na al die lyke van die vyand om seker te maak daar is nie een wat nog lewe nie, hulle begin solank die grafte grawe en die ander motorfietse onder in 'n droë lopiese wegsteek. Twintig minute. 'n Halfuur. Hulle is bekommerd, hulle begin dit al oorweeg om die spanlede wat redelik kan motorfiets ry, agterna te stuur. Dan hoor hulle 'n enjin wat terugkom. En dan verskyn Domingo op die KTM-fiets, om die draai van die kronkelende pad, en hy hou stil en hy sê vir die Volvo-bestuurder daar is 'n krygsgevangene omtrent vyf-en-dertig kilometer weg op die N10 anderkant Middelburg. Gaan haal hom, hy leef, en hy sal praat.

Hulle kry die gevangene daar, vasgemaak aan 'n padpredikant. Die motorfiets staan eenkant met 'n skoot deur die waterverkoeler. Die oorlewende lid van Die KTM se naam is Leon Calitz. Hy is twee-en-twintig jaar oud. Hy is lank en maer, met 'n prominente adamsappel en bakore en 'n gaping tussen sy voortande. Hy praat baie, hy praat aanhoudend, hy sê met bang oë en in verwondering dit was Domingo wat die skoot deur die waterverkoeler geskiet het, die twee motorfietse langs mekaar, teen tweehonderd kilometer per uur. "Ek het nog nooit 'n ou só sien ry nie."

By die aanhoor daarvan skud Domingo net sy kop. Hy sê dit was nie só vinnig nie.

Dit word deel van die legende.

2 Februarie

Team Alpha kom paradeer hul gevange KTM-lid en hul oorwinning deur Amanzi. Vir dié dag is hulle ons gemeenskap se helde.

Domingo en die Komitee ondervra op 2 Februarie vir Leon Calitz.

Calitz is gretig om sy hele storie te vertel, om sy lewe as struikrower te verruil vir die veilige hawe van ons gemeenskap. Hy skep die indruk dat hy verlig en dankbaar is om uit die kloue van die motorfietsryers te kon ontsnap. Met woorde wat soos 'n sug van verligting uit hom tuimel, skets

hy die feite oor Die KTM. En dit is glad nie soos enigeen van ons gedink het nie.

Ons in die Special Ops-spanne sal alles later hoor: Die KTM bestaan nie.

Wat wel bestaan, is 'n losse netwerk van plunderaars. “Clans” is wat Calitz dit noem, met 'n eerbiedige stem, maar Domingo sê: “Twak. Dis 'n klomp common gangs.”

Die meeste van dié bendes is op motorfietse. Daar is ander wat bakkies gebruik, in die ooste van die land. Selfs perde. Of 'n kombinasie van voertuie.

Dié bendes roof, steel en versamel, gebruik die meeste van hul eetbare buit self, en lewer die res aan 'n sentrale aankoper wat – klaarblyklik ironies – bekend staan as die “Sales Club”.

Leon Calitz sê hy was die afgelope negentien maande 'n lid van 'n “biker clan” met die naam “The Marauders” – die bende wat Team Alpha die vorige dag naby Ludlow-stasie op die N10 feitlik uitgewis het. Calitz kom van Vereeniging af, hy het daar al gehoor van die biker clans, hy het hulle gaan soek op sy Honda CRF450, hy wou deel wees van iets opwindends en sterk. Die eerstes wat hy raakgeloop het, was die Marauders, wat op pad was van Kroonstad af na Cradock “ná 'n Sales Conference verby was”. Die Marauders het hom ondervra, 'n uur lank rondgestamp en gedreig, en hom twee weke agterdogtig dopgehou voor hy met 'n inisiasie-seremonie wat onmoontlike hoeveelhede drank ingesluit het, by hulle ingelyf is. Hulle het vir hom 'n groter motorfiets, 'n outomatiese aanvalsgeweer, broederskap, voedselsekuriteit en baie “lekker tye” en avontuur belowe.

Daar is ander bendes, byvoorbeeld die Tribe, die Vikings, die Freedom Riders, die Death Squad. Sommige is groot, tot dertig lede, ander is aansienlik kleiner, maar nie kleiner as tien mense nie. Die Marauders het gewoonlik tussen tien en sestien lede gehad. Sommige lede dros, sommige val met hul motorfietse en word beseer, sommige sneuwel tydens 'n rooftog, of word na ander, groter bendes gelok. Daar is ook bendes wat saamsmelt.

Elke bende se hiërargie en benamings verskil. Die Marauders is gelei deur 'n “captain”. Daar was ook 'n tweede-in-bevel, wat as die “roadie” bekend staan, 'n afkorting vir “road captain”. En 'n “sparkie”, die een wat die groot radio kan werk, en een of twee “drywers”, die ouens wat die bende se buit met 'n vragmotor kom oplaai.

Hul lewe het daaruit bestaan om hul gebied te stroop van alles wat moontlik waardevol kan wees, veral wapens, ammunisie, kos, goud en diamante, kragopwekkers, sonpanele, en spesifieke motor- en motorfietsonderdele. Die Marauders se gebied het gestrek van Aberdeen in die weste tot King William's Town in die ooste. Dit is hoekom hulle 'n klein "clan" was, want hul gebied was arm aan die meeste waardevolle bronne en hul getalle te klein om 'n ander bende uit te daag vir 'n groter gebied.

Hulle versamel hul buit by 'n tydelike basis, 'n veilige, afgesonderde plek, tot hulle hoor waar die volgende Sales Conference is. Die Sales Conference word gehou deur die Sales Club, "maar dis eintlik net die name wat ons op die radio gebruik, die Sales Club is net hierdie man en vrou en hulle ... hulle bodyguards wat soort van wholesalers is, hulle koop ons goed, en hulle verkoop dit weer aan ander ouens," sê Calitz. En dan voeg hy met oordadige respek by: "Die vrou is 'n Zoeloe-prinses."

Ons Komiteelede kyk vir mekaar, want dit klink bekend.

"Wag," sê Domingo. "Het jy haar al gesien?"

"Ja. By Maselspoort. Met die vorige Sales Conference," sê Calitz.

"Hoe lyk sy?"

Calitz beskryf haar.

"Dis Mecky Zulu," sê Pa.

"Nee, hulle noem haar die Chair, maar haar naam is Dudu Meyiwa," sê Calitz.

"En die man saam met haar?"

"Clarkson. Dis wat hulle sê, sy regte naam is Clarkson. Hy's hierdie kwaai slim ingenieur ..." En volgens die beskrywing weet Domingo en die Komitee dit is die twee wat hulself as Trunkenpolz en Mecky Zulu voorgestel het. Leon Calitz sê hy het nog nie daardie name gehoor nie. Die man en vrou se "radio call signs is 'Number One' en die 'Chair' ". Hulle gebruik baie wegkruipplekke en Sales Conference venues. Hulle is baie slim, want almal wil hulle probeer eliminate. Hulle is die middelman, hulle het al die kontakte, hulle beheer eintlik alles."

Number One en die Chair laat vir die bendes weet watter "produkte" hulle graag wil hê. Dié goedere se aard en waarde het verander in die afgelope negentien maande. Blikkies- en droë kos was eers baie gewild en winsgewend, maar deesdae is die klem op ammunisie, drank, onderdele,

motorfiets- en vragmotorbande. Daar is ook 'n baie groot vraag na sonpanele en batterye. 'n Goeie stel kan maklik seshonderd liter werd wees.

“Liter wat?” vra Pa.

“Liter etanol,” sê Leon Calitz. Daar is vier maniere hoe die Sales Club die bendes betaal: in kennis en vaardigheid om voertuie om te skakel na etanol, in etanol-brandstof self, in voertuigonderdele en in ammunisie.

“Hoe werk dit presies?” vra Pa.

“Die Sales Club laat weet vir ons van 'n Sales Conference, dan vat ons al ons product met die lorry om te gaan ruil ...”

“Hoe het die Sales Club vir julle laat weet?”

“Oor die radio.”

“Watse radio?” vra Domingo.

“Die radio's wat Number One vir ons gegee het.”

“Daai CB-radio's wat in die bikes ingebou is?”

“Nee, daai gebruik ons net om met mekaar te praat, of met ons sparkie. Number One roep ons op die groot radio. Dis só groot ...” En Leon Calitz beduie met sy hande, so min of meer sestig by sestig sentimeter.

“Wait a minute,” keer Domingo: “Hoe ver is Number One as hy vir julle op daai groot radio roep?”

“Ek weet nie. Ons weet nooit waar hulle is nie. Maar die groot radio's kan honderde kilometer ver praat.”

“Ja,” sê Domingo, “'n ham-radio kan daai doen, maar dan het jy hierdie lang aerial nodig.”

“Ons het een.”

“Waar?”

“By ons base camp. Dis waar die sparkie bly. By die groot radio en die CB base station, en die product wat ons versamel het.”

“Waar's julle base camp?”

“Anderkant Tarkastad.”

Pa wil iets sê, maar Domingo staan op, hy lyk bekommerd, hy hou sy hand in die lug vir stilte.

“Daai sparkie sit nou nog daar?”

“Seker.”

“En elke biker gang het 'n sparkie en 'n base station?”

“Ja.”

“Het elke gang sy eie frequency?”

“Ek weet nie. Ons sparkie praat net altyd van veertig meters, daar’s niks op die veertig meters nie.”

“Het julle iets gehoor, die laaste maand, van gangs wat net ... stil geraak het?”

“Ja, die Road Rage Kings.”

“Die Road Rage Kings?”

“Ja. Hulle gebied was die N1 tussen Beaufort-Wes en Colesberg. Hulle was ’n groot clan, hulle was altyd meer as twintig. En toe verdwyn hulle net. Ons captain het gesê hy dink hulle was net gatvol omdat alles so kaalgestroop is, daar’s nie meer ’n lewe in dié ding nie.”

“Hoe het julle gehoor hulle het verdwyn?”

“Number One het oor die radio vir ons gevra of ons iets weet, want die Kings se sparkie sê hy kan glad nie kontak maak met sy captain nie. Met niemand van die Kings nie. Number One het gesê hulle gee tweeduisend liter gratis vir inligting oor die Road Rage Kings. Toe sê ons captain, maar ons weet niks.”

“En toe?”

“Toe sê Number One die aanbod staan, ons moet ons oë en ons ore oophou. Hy dink ’n ander clan kon hulle uitgevat het. Vir die territory. Maar ons captain sê territory se gat, hulle was net so gatvol soos ons.”

Die eerste KTM-oorlog: VIII

Domingo bring vir Leon Calitz na die SpOT-hoofkwartier toe sodat ons kan luister na die ondervraging. Ons sit buite op die paragegrond in 'n halfmaan, Domingo en Calitz op stoele.

“Vertel vir ons van die radiobasis,” sê Domingo.

Dit is die eerste keer dat ek vir Calitz van so naby sien. Hy lyk na so 'n gewone ou, 'n goeie ou. Soos een van ons. Ek het gehoor hy was besig om te leer vir passer en draaier toe Die Koors kom. Dít is my vyand, dink ek. Hy kon ek gewees het.

“Aag, daar's eintlik niks,” sê Leon Calitz. Die groot adamsappel baar 'n bariton en die houding is dié van iemand wat meteens verhoogvrees gekry het.

“Vertel ons.”

“Dis so 'n armoedige ou plasie, dis al.”

Hy sien Domingo gaan nie daarmee tevrede wees nie. “Dis naby Tarkastad,” voeg hy onwillig by.

“Waar naby Tarkastad?”

“So twintig, dertig kilo's.”

“Gee my detail.”

“Daar's 'n plaas, ons het op die plaas gebly ... Die radiotoring is op die berg net langs die plaashuis. As jy opklim tot by die toring, kan jy baie ver sien. Jy kan die dorp self sien, en al die paaie wat dorp toe loop.”

“Watter paaie?”

“Die vier teerpaaie wat Cradock en Queenstown en Adelaide toe en bergop loop.”

“Hoe ver kan jy sien, op daai paaie?”

“Op die een wat Cradock toe loop ... Eintlik Hofmeyr toe, kan jy amper vyftig kilometer ver sien. Miskien nog verder, ek het nooit gemeet nie. Maar dis hoekom ons captain die berg gekies het. Vir die ver sien, en vir die hoogte, om die radio se aerial so hoog te kry.”

“Wat gaan gebeur as daai sparkie daar bo-op die berg vir ’n dag of twee nie van julle gangstas hoor nie?”

“Nee, wat,” sê Calitz, “dit gebeur baie. Hy sal niks doen nie.”

“En as ons net vier of vyf bikes is wat hy sien aankom? Julle bikes, julle leathers?”

“Hy sal wonder waar die ander is.”

“Maar hy sal niks doen nie?”

“Nee. Wat kan hy doen?”

“En as daar ’n paar bikes by die plaas aankom met twee ouens op, en die sparkie sien hulle kom?”

“Dis okay, die bikes breek, dan moet ons van die ouens pillion.”

“Hy sal nie skrik nie?”

“Ek ...” Dit is asof Calitz al hoe meer gespanne raak. Hy trek net sy skouers op, ’n gebaar wat sê hy weet nie regtig nie.

“Leon, wat sal hy doen?”

“Hy sal ons miskien op die CB-radio probeer roep, maar baie keer as ons vinnig ry, dan hoor ons nie as iemand die CB gebruik nie.”

“Sal hy vir ander gangs of vir Number One op die ham-radio laat weet daar is fout voor ons by hom kom?”

“Nee. Dit werk nie só nie.”

“Is jy seker?”

“Ja.”

“Hoekom?”

“Ons het nog nooit ... Ons praat nie met ander clans nie, en jy roep nie vir Number One as jy self moeilikheid het nie, hy’s nie ons baas nie. Hy praat net met die clans oor product en Sales Conferences en goed.”

“Okay. Jy kom saam, ons ry môre.”

“Nee.” En Leon Calitz skud sy kop.

“It’s not as if you have a choice,” sê Domingo.

“Ek wil nie.” En hy vou sy arms in finaliteit. Dit is nie net vasberadenheid nie, dit is iets anders ook.

“Vir wat nie?”

“Ek wil hulle nooit weer sien nie. Ek is klaar met hulle.”

“Ma’ dis net die sparkie?”

“Ek wil hom nie weer sien nie.”

Domingo staan op en loop na Calitz toe. “Lieg jy vir ons?”

“Nee, ek het vir julle net die waarheid vertel.”

“Is daar meer gangstas as net die sparkie by die radio base?”

“Nee, ek sweer, dis net hy. Maar ...”

“Maar wat, Leon?”

“As julle ... As hy ... Sê nou maar iets gaan verkeerd, en hy laat weet vir Number One ...”

“Vir wat is jy skielik bang vir Number One?”

“Jy ken hulle nie. Hulle het bodyguards, dis psychos daai. Moordenaars. Hulle ... Van die clans ... Daar was clans wat hulle wou uithaal, vir Number One en die Chair, clans wat die wholesalers wou word. Die bodyguards het daai ouens aan bome opgehang, met hulle tonge so deur die kele getrek ...”

“Nou hoe gaan Number One weet van jou? Van ons?”

Leon Calitz skud net sy kop, hy wil nie verder praat nie.

“Wat kan verkeerd gaan, Leon?” Domingo is nou agterdogtig en aggressief. Hy loop tot reg voor Calitz. “Wat is dit wat jy nie vir ons sê nie?”

Die toonhoogte van Calitz se stem styg. “Ek ... Daar’s niks, ek sweer ek het vir julle alles vertel.”

“Wat kan verkeerd gaan?”

“Ek weet nie. Enigiets. Daar is nie garanttees in die lewe nie.”

“Garantees se gat,” sê Domingo. “Jy ry môre saam. As ek daar kom en daar’s meer as net die sparkie, skiet ek albei jou knieë stukkend. Verstaan jy?”

Calitz kyk na Domingo asof hy een bedreiging meet teen ’n ander. Hy laat sy kop sak, skud dit dan liggies asof hy ’n groot onreg aangedoen is. Maar hy sê: “Ek verstaan.”

3 Februarie

Vieruur die oggend staan Team Bravo op aandag en in volle gevegsuitrusting by die Volvo.

“I’m expecting you to do a lot better today,” sê Domingo.

“Ja, kaptein,” skree ons.

“Ons het hard gewerk.”

“Ja, kaptein.”

“Ons het baie geleer.”

“Ja, kaptein.”

“Ons gaan kalm bly.”

“Ja, kaptein.”

“Ons gaan pro soldiers wees.”

“Ja, kaptein.”

Ek loer skelm na waar Leon Calitz staan, half verwese, eenkant, sy oë groot in verwondering. Of dalk net vrees.

“Let’s go,” sê kaptein Domingo.

* * *

Ons ry tot waar Team Alpha hul skermutseling gehad het. Daar klim Domingo, Calitz en vier Spotters op die motorfietse wat in die droë lopies versteek was – die enigste vier van ons wat goed motorfiets kan ry. Die res van ons sal agter in die Volvo bly tot op Hofmeyr.

Dit is ’n baie klein dorpie. Leon Calitz sê dit is heeltemal verlate. Domingo glo hom nie en laat Team Bravo die plek deursoek, die mooi ou munisipale geboue, die parkie met die monument en die slaweklok, die snaakse kerk met die vier lelike pilare. Ons sien dié dorp is kaalgestroop en leeggedra van enigiets wat die Marauders kon verkwansel.

Ons kry niemand nie. Calitz het ’n seergemaakte ek-het-julle-mos-gesê-houding.

Die Volvo en die res van Team Bravo moet in Hofmeyr wag.

Die ses motorfietse ry verder – drie nou met passasiers. Ek is een van hulle, danksy my skietvermoë. Domingo is voor, dan Calitz. Ek en Jakes – wat bestuur – ry langs Calitz. Domingo het gesê as dit lyk of Leon Calitz wil afdwaal, is ek welkom om hom te skiet. Die ander drie motorfietse vorm die agterhoede.

OceanofPDF.com

Die Eerste KTM-oorlog: IX

Ons ry tot op Tarkastad. In die middel van die dorp is die enigste verkeersirkel. Hier hou Leon Calitz stil. “Ek ry nie verder nie,” sê hy toe Domingo befoeterd nader kom om te hoor wat aangaan.

“Jy ry.”

“Nee. Ek sal vir julle verduidelik hoe om daar te kom.”

Domingo kry snuf in die neus. “Kan hy ons sien, Leon? Is hierdie ’n teken vir jou sparkie? Ek skiet jou, Leon, jy moet mooi verstaan, ek skiet jou maklik ...”

“Nee, nee, ek sweer, maar ek is ’n verraaier, ek kan nie vir Loots in die oë kyk nie. Ek bly hier.”

Domingo vloek op hom.

“Vloek my maar,” sê Calitz. “Ek bly hier.”

Domingo klim van sy motorfiets af, haal sy pistool uit, gryp Leon Calitz se hand, en skiet sy pinkie af. Calitz skree soos ’n meisie.

“Jy kom saam,” sê Domingo.

“Nee,” sê Calitz.

Domingo skiet die ringvinger af. Calitz gil, wild van vrees, maar hy skree: “Okay, okay, okay!” Sy hand drup bloed op die motorfiets se handvatsels.

“Ry voor,” sê Domingo en beduie met die pistool. Dit is al wat hy hoef te doen.

Calitz lei ons bergop. Dit is ’n nou teerpaadjie, vrot van die slaggate en verspoelings, wat verander in ’n slegte grondpad. Bo-op die berg vurk dit.

Calitz hou links. Hy ry al hoe stadiger, hy kyk al hoe meer gereeld vir my waar ek agter Jakes sit met my geweer reg om vir Calitz te skiet.

Tot op die werf van die plaas Bergfontein.

Die man moes ons hoor aankom het, hy kom uit die opstal gehardloop, hy roep: “Captain, captain, hier was ouens, captain, hier was ’n chopper,” sy gesig verwronge in opgewondenheid. Hy is ’n baie lang man, hy dra net ’n ou denim, sy kaal bolyf wys hy is pynlik maer, hy het ’n dik swart baard wat tot op sy bors hang en sy kop is skoongeskeer.

Ons hou almal stil, die man draf tot by Domingo se motorfiets, steeds babbelend oor die “chopper”. Domingo haal sy valhelm af en rig sy geweer op die maer man.

Die man sien dit is nie sy captain nie, hy hou op met praat, hy is verbouereerd, hy stink sterk na ou drank.

Leon Calitz klim van sy motorfiets af. Ek sien hy bewee soos ’n riet. “Dis die sparkie,” sê hy vir Domingo. Dan haal hy sy valhelm af, en hy sê vir die sparkie: “Loots, almal is dood, dis net ek oor.”

Dit is asof die sparkie nie registreer wat Leon sê nie. Sy oë flits van Calitz na Domingo, die res van ons, terug na Calitz. “Leon, hier was ouens ...”

“Watse ouens?” vra Calitz, met baie groot spanning in sy stem.

“Chopper-ouens.”

“Watse chopper-ouens?” vra Domingo.

“Ek weet nie. Wie’s jy?” vra die sparkie vir Domingo.

“Was jy dronk?” vra Domingo.

“Dis oorlog, Loots. Hulle het ons geskiet,” sê Calitz. “Hulle het almal doodgeskiet, dis net ek oor,” met swaar beklemtoning en betekenis in sy stem, asof hy baie hard probeer om vir Loots ’n boodskap te gee. Maar Loots is te ontsteld en verward om dit te hoor.

“Is julle die chopper-ouens?” vra hy.

Domingo gryp vir Loots-die-sparkie aan die kraag en hy vra: “Wie is die chopper-ouens?”

Loots skrik nie vir Domingo nie, hy is afwesig, in skok. “Hulle was laas nag hier. Middel van die nag. Eenuur, toe hoor ek die chopper, toe staan ek op, toe sien ek hier kom land die chopper. Net dáár. Toe spring daar vier ouens uit met night scopes en laser sights en hulle sien my en hulle skiet hier teen die deur vas, kyk, daar is die gate. En ek staan met my hande in die lug, en hulle kom en hulle druk my op die grond vas, en ek lê, ek dog

hulle gaan my doodskiet. En hulle skree goed, hulle vra my goed oor mense wat ek nie ken nie, en ek sê net ek weet nie, ek sweer, ek weet nie, ek dog hulle gaan my doodmaak, Leon. Toe soek hulle die radio, en toe los hulle alles net weer, en hulle spring in die chopper en hulle vlieg weg. Chopper-ouens, Leon, ek dink dis Number One se chopper-ouens ...” Daar gaan lig op in sy oë, hy fokus op Domingo: “Number One het julle gestuur.”

“Nee,” sê Domingo.

“Het hulle niks gevat nie, Loots?” vra Leon Calitz. Met ’n sekere verskuilde, betekenisvolle intonasie.

“Nee,” sê Loots. En dan, onnadenkend: “Almal is nog hier.”

Domingo duik hom plat, hy druk sy pistool teen Loots se slaap, hy skree: “Wie’s almal?”

Loots is verward. “Die girls,” sê hy.

Leon Calitz maak ’n geluid van wanhoop.

“Watter girls?”

“Daar in die stoor.”

Domingo sê vir my en die ander troepe: “Bring vir Calitz. Wees versigtig.” Terwyl Domingo die sparkie aan sy baard beetkry en hom sleep in die rigting waarin die man beduie, na die buitegeboue langs die opstal.

Calitz sit hom teë. Ek én Jakes moet elkeen ’n arm vashou. Ons moet hom sleep, tot Jakes hom vererg en vir Calitz aan sy bloeiende vingers gryp en sê: “Nou kom jy saam.”

Een van die buitegeboue is ’n stoorkamer met ’n slot. “Daardie een,” sê Loots.

Leon Calitz maak weer ’n wanhopige geluid.

“Maak oop,” sê Domingo.

Loots se hand bewe toe hy die sleutel uit sy broeksak haal. Hy sluit oop. Domingo loop in. Die ander wag buite.

Domingo kom uit. Hy het sy pistool in sy hand. Hy is besete, ek het hom nog nooit só gesien nie, sy asem jaag, sy oë is wild van woede. Hy loop na Loots toe, druk sy pistool teen die sparkie se voorkop en trek die sneller. Loots slaan neer.

Calitz gil hoog en vreesbevange: “Vir Number One, dis vir Number One!”

Dan skiet Domingo hom ook, tussen die oë.

Die res van ons staan versteen.

Domingo loop weg, kom terug, loop weer weg.

Domingo draai na ons toe, hy sê vir Brits: “Gaan haal die Volvo.”

Dan vir die ander: “Kry hulle daar uit. Kry kos en water. Kyk of daar klere vir hulle is. En seep en water.”

* * *

Daar is sewe vroue in die stoorkamer.

Eintlik drie meisies en vier vroue.

Die drie jonges is die enigstes met stukkies klere aan. Die res is kaal. Hulle het geen toiletgeriewe gehad nie, hulle is weke lank in die stoorkamer aangehou, hulle is gestamp en geslaan, hulle is die minimum kos gegee, hulle is een keer per week toegelaat om te was, uit ’n emmer.

Ons help hulle om uit die stoorkamer te kom. Hulle staan in die skerp son, hulle oë knip-knip, hulle staan bymekaar, ineengekrimp en verwese. Verby bang, hulle staan en wag vir iets, dalk instruksies, dalk ’n hou teen die kop. Hulle kyk na Loots en Calitz se lyke, wat van ons troepe besig is om eenkant toe te sleep.

Domingo kan nie vir hulle kyk nie, hy loop weg, berg se kant toe. Jakes kom van die plaashuis af, hy het komberse en lappe en wat lyk na klere, hy begin dit oor die vroue drapeer.

Hulle staan net.

* * *

Daar is drie meisies tussen elf en vyftien, en vier vroue tussen negentien en veertig.

Ons lei hulle na die opstal toe, ons gee vir hulle die kos en water wat ons kan kry, ons gaan wys vir hulle die badkamer.

Die ouer vrou begin eerste huil, dan die ander.

Die oudste een sê later vir ons hulle is só aangehou omdat die Marauders nie genoeg mense by die basis kon los om hulle in beter omstandighede gevange te hou nie. Die stoorkamer het net een wag geverg.

Die captain van die Marauders het vir hulle gesê nog net ’n week, dan is dit die Sales Conference. Hulle moet net hulle bekke hou.

Ons kry twee Nissan UD40-trokke in die skuur. Die een is byna vol sonpanele en batterye, die ander het 'n klompie dromme vol diesel en etanol, en voetboeie. Ons kry baie leë drankbottels en meer as tweehonderd bottels brandewyn wat nog vol is.

Ek kry vir Domingo op die kruin van die berg agter die plaashuis, by die antenna wat ons uitmekaar moet haal om saam te vat. Hy staan en staar na die horison.

“Kaptein ...”

Hy reageer nie dadelik nie. Hy kyk net in die verte.

Ek loop tot by hom. Dan sê hy: “So now you know, Nico. Ek het 'n bietjie van 'n anger management problem.”

OceanofPDF.com

Team Bravo begin om grafte vir Calitz en die sparkie te grawe. Domingo keer ons. “Nee. Laat hulle lê,” met ongebreidelde minagting.

Ek wonder hoe hy so suiwer kan haat.

Ons breek die radiomas daar op die berg af. Ons neem dit, die radiotoerusting in die opstal en die vroue saam.

Ons ry terug Amanzi toe.

Agter in die Volvo hou ek vir Domingo dop. Hy sit net, regop, gespanne. Hy kyk nie vir die sewe vroue nie, hy kyk nie vir ons nie.

Anderkant Petrusville kyk ek deur my bakboord-loergat. Ek sien ons besproeiingsprojekte, ek sien die uitgestrekte landerye langs die rivier, die sonneblomme en die mielies, die groente, ek sien die mense van Amanzi wat werk in die landerye, die sagte, goeie mense. Ek sien die elektriese pompe, die trekkers, ’n paar bakkies, ’n vragmotor, die tegnologie wat ons weer op die been gekry het.

Hoe kan daar sulke uiteenlopende wêrelde wees? Hoe kan daar die barbaarsheid van die mans wat destyds vir Okkie gestee het, en nou die Marauders wees? En dan is daar hierdie oase? Wat my pa geskep het.

Is ons almal van dieselfde spesie?

* * *

Ons herbou die radiomas op die hoogste kop van Amanzi. Ons ingenieur en sy span koppel dit aan die elektronika van die kortgolf- of amateur-radio. Domingo noem dit ’n ham-radio. Hulle skakel dit aan, hulle hoor net ’n geruis, al soek hulle deur al die uithoeke van die eter.

Domingo sê: “Julle moet dit regkry. I am looking for Number One. Hy’s myne.”

Birdie sê: “Patience. We’ll figure it out.”

Tussen haar, Hennie Flaai, Domingo en die ingenieur besluit hulle om te konsentreer op die veertigmeterband, volgens Leon Calitz die frekwensie waarna die Marauders moes luister.

* * *

Die gemeenskap omhels die sewe vroue.

Hulle word op die hande gedra, verpleeg, versorg, vertroetel, sielkundig behandel met 'n toewyding en 'n fokus wat wil sê ons is anders, alle mense is nie soos die Marauders nie.

Hulle koms en hulle ervaring en geskiedenis verander iets fundamenteels in die dinamiek van Amanzi.

Dit is my pa wat dit raaksien, wat dit verwoord, wat dit in konteks plaas. Hy deel dit met my oor 'n paar Sondae, wanneer ek saam met hom en Okkie middagete eet. Ek dink hy reik daarmee uit na my toe, baie versigtig. En ek luister met groot aandag, ek moedig hom aan, want ek wil die band herbou, veral om my skuldgevoel te verlig.

Pa se manier is soms om verbaal te gaan torring aan die voorgevoel van 'n nuwe intellektuele insig of standpunt. Soos iemand wat weet daar is 'n goue draad in 'n kraaines van wol, en dan versigtig ruk en pluk tot hy dit vasvat en ontrafel. Soos iemand wat die teoretiese klok hoor lui, en weet hy sal die bel vind as hy oor die unieke toon van die lui praat.

Hy besef stadigaan die Sewe Vroue se teenwoordigheid het 'n invloed op ons. Hy snap dat dit ons, ondanks ons interne tweespalt, begin saamsnoer, as 'n entiteit, as 'n begrip: “die mense van Amanzi”. Pa sê vir my hy vermoed Leon Calitz se verduideliking van die motorfietsbendes as 'n losse versameling van wilde, ongeorganiseerde plunderaars het vir ons – minstens 'n paar dae lank – ontnem van 'n enkelvoudige vyand, 'n enkele beliggaming van onheil. En mense word makliker 'n eenheid wanneer hulle deur 'n ander eenheid bedreig word.

Ons kon die dinge wat Die Sewe ons vertel, voeg by die kortstondige ervaring van Sofia Bergman toe sy 'n gevangene was, en 'n glimp kry van 'n nuwe, suiwerder boosheid: 'n opponerende entiteit wat gedaal het tot die barbaarse vlak van mensehandel. Pastoor Nkosi het meegehelp, met sy preke oor “Die Duiwel wat kinders in hokke toesluit”. Domingo ook. Sy naakte haat vir Trunkenpolz en Mecky / Clarkson en Meyiwa / Number One

/ die Chair is aansteeklik, en hy het 'n groot invloed op openbare mening. Pa sê so word ons verenig. Ons as die teenpool van die boosheid. Ons is die teenwig én die teengewig wat die skaal van die heelal moet laat balanseer. Ons put ons identiteit uit ons andersheid, ons is die Plek van Lig, ons kan dit net wees wanneer “hulle” die Donkerte verteenwoordig.

Ons en hulle. Nou suiwerder geformuleer en gedefinieer.

Pa vertel my van die historikus Yuval Noah Harari wat geskryf het oor alle diere wat slegs groot gedragsveranderinge kan ondergaan as hulle geneties verander.

Alle diere behalwe die mens.

Pa sê vir honderde duisende jare was die mens net nog een van die baie spesies op die aardbol, ons getalle wankelend volgens droogte en vloed, hongersnood en oorvloed, maar die getalle altyd binne beheer en in balans met die natuur.

En toe, 'n stuk of twaalfduisend jaar gelede, toe verander dit dramaties. Toe begin die mens vinnig meer word. En dit was nie 'n genetiese verandering nie, dit was nie 'n klimaatsverandering nie. Dit was ons vermoë om stories te vertel.

Pa sê ons is die enigste organisme wie se gedrag dramaties kan verander omdat ons fiksie kan skep. Fiksie wat só groot en sterk is dat dit mense in groter en groter groepe kon saamsnoer, om groter en groter dinge te kon vermag. Yuval Noah Harari het dit verbeelde realiteite, sosiale konstrunkte en mites genoem. Hierdie stories van ons, hierdie sosiale konstrunkte, is goed soos nasionalisme tussen mense van verskillende tale en kulture, of godsdienste, of politieke ideologieë. Kommunisme. Kapitalisme. Demokrasie. Verbeelde realiteite, want dit bestaan net in mense se koppe, dit het geen wetenskaplike DNS-basis nie.

Die Franse revolusie is 'n perfekte voorbeeld van 'n mite wat oornag menslike gedrag verander het – in 1789 het 'n groot aantal Franse die mite van konings se goddelike reg om te regeer verwerp, en die mite van die opperheerskappy van die burgery aangeneem.

Dit, sê Pa, hierdie menslike vermoë om 'n sosiale konstruk, 'n verbeelde realiteit of mite te skep en daarin te glo, het direk daartoe gelei dat ons in ons derduisende en later miljoene kon saamwerk. As volke, as nasies, as geallieerdes. En Pa lag en hy sê die een wat vir hom die oulikste was, is die sportspan. Hy sê daar was van sy kollegas op Stellenbosch wat in die Kaap gebly het, maar die Blou Bulle se rugbyspan ondersteun het net omdat hulle

in Pretoria op skool was. Of vir die Arsenal-sokkerspan, al het hulle geen verbintenis met Brittanje nie. Sport-lojaliteit, het Pa gesê, was die onverklaarbaarste fiksie en sosiale konstruk van almal.

Maar hierdie konstrunkte het vir ons samewerking gegee, en samewerking het ons die magtigste spesie op aarde gemaak.

“Oulik, nè,” in Pa se gewone trant van verwondering oor die boeiende wêreld waarin ons leef.

“Ja,” sê ek. Op sestien-en-’n-half het ek die kuns vervolmaak om my geesdrif weg te steek.

Pa sê hy is nog besig om te dink oor presies hoe dit gebeur het, maar die Sewe Vroue het Amanzi op ’n manier in ’n sosiale konstruk verander. ’n Mite. Voor hulle was daar net twee faksies – die Free Amanzi-party en die Mighty Warrior Party – met ’n gesamentlike, gedeelde smagting na oorlewing. Dit was die rede waarom ons saamgewerk het.

Nou is daar ’n groeiende bewustheid van die mite van ons as Amanziane. Van wie ons is en waarvoor ons staan.

“Ek dink ... dit voel asof daar ’n momentum is aan dié ding, Nico. Dit is asof die momentum pastoor Nkosi se helle-retoriek verdun. Sy invloed ook.”

Ek wonder agterna of Pa dit wens, en of dit regtig so is. Dan sien ek die tekens. En die momentum daarvan dra ons die winter in.

Dit dra die Special Ops Team deur intense oefening, dit spoor meer mense aan om die keuring vir die eenheid te doen, sodat ons teen Junie voltallig is, twee spanne van twaalf elk.

Dit stuur ons uit op nog sendings, verder, langer. Ons ry tot in Harrismith in die ooste, Willowmore en Beaufort-Wes in die suide, Williston, Brandvlei en Kimberley en Uppington, op verbrokkelende teerpaaie en al hoe meer onbegaanbare grondpaaie. Afwisselend Alpha en Bravo, elke twee weke, dralende dae van frustrasie en verveeldheid en lou drinkwater en smaaklose kos agter in die sleepwa, en dieselfde flou grappe en irriterende persoonlikhede en op- en aanmerkings tot jy jou kameraad te lyf wil gaan, tot jy wil skree, tot jy leer om sittend te slaap en in jou kop in te verdwyn om die breinlose roetine te probeer verbreek.

Met net twee keer die ontploffing van adrenalien wanneer ’n nuwe bende ons in ’n lokval lei en ons hulle verras en uitwis met toenemende behendigheid en selfvertroue en groter afstomping vir die tonele en reuke en klanke van oorlog en dood.

Die twee bendes is klein en agterlik. Nie een van hulle het radio's nie, nie een van hulle het al gehoor van Number One en die Chair nie.

Dis asof die Sales Club snuf in die neus gekry het ná die Road Rage Kings en die Marauders se verdwyning. Daar is niks van hulle op ons amateurradio nie, daar is niks op die paaie nie.

* * *

Die Sewe Vroue se koms, en die skok van hul voorkoms en die dierlike behandeling wat hulle van die Marauders ontvang het, is moontlik primêr daarvoor verantwoordelik dat ons die sparkie se gebrabbel oor “die chopper” so heeltemal negeer.

Miskien het ons net vergeet om daaroor te praat.

Ek weet nie wat Domingo in die weke daarna daarvan gedink het nie. Dalk het hy – soos die meeste van Team Bravo wat daardie dag teenwoordig was – vermoed dat die sparkie met sy chopper-praatjies die aandag wou aflei van die meisies. Al het dit nie heeltemal sin gemaak nie. Dalk het hy gedink dit het iets te doene gehad met die dagga wat ons in daardie opstal gekry het.

Sy redenasie kon moontlik wees dat ons geen redelike verduideliking vir 'n helikopter en laservisier-toegeruste troepe dáár, by daardie “small-time yahoos” kon gee nie, en daarom het dit nie gebeur nie.

Niemand vra die Sewe Vroue daaroor uit nie, niemand vra of hulle daardie nag die helikopter gehoor het nie. Seker aanvanklik om hulle die trauma van herinnering te spaar. En later ... Ek weet nie. Dalk vergeet ons.

Dit is die enigste antwoord wat ek kan gee.

* * *

Ek het nooit die storie van die vroue en die bende en die helikopter gehoor nie. Ek bedoel, nooit in daardie tyd nie.

Sou ek iets oor my helikopterdroom gesê het as iemand my vertel het van die helikopter by Tarkastad?

Ek weet nie. Ek het regtig geglo myne was net 'n droom. En die voorvalle was maande en 'n paar honderd kilometer uit mekaar.

En daardie jaar, my eerste jaar in Amanzi, was nie vir my lekker nie. Ek het van niemand gehou nie. Ek het dit 'n paar keer baie ernstig oorweeg om weg te loop.

OceanofPDF.com

3 Julie

Ons vertrek tienuur in die aand, Alpha én Bravo, in twee verskillende vragmotors. Domingo ry saam met Team Alpha in die ERF, Brits is ons bevelvoerder in die Volvo. Ons ry in die nag, met radioverbinding, vyf kilometer uit mekaar, oor Koffiefontein en Petrusburg om die N1 te vermy. Ons gaan Bloemfontein toe, ons gaan ons kop in die byenes druk.

Ons het nagmaneuvers en stedelike oorlogvoering geoefen, oor en oor en oor in die verlate strate en deur die verkrummelende huise van Luckhoff. Ons gaan vir die eerste keer offensief wees, sonder die taktiek van die Trojaanse Perd. Ons gaan te voet deur die voorstede loop. Dit is 'n ekspedisie van intelligensie-versameling, letterlik en figuurlik 'n skoot in die donker.

Ons weet daar is lewe in Bloemfontein. Ons het dit gehoor van die migrante wat deur die stad of daar naby moes verby op pad na ons toe. Ons weet nie watter vorm en struktuur daardie lewe het nie, want die reisigers se stories is uiteenlopend. Hulle praat van 'n paar bang inwoners wat soos boemelaars leef, maar ook 'n georganiseerde groep wat naby die middestad in 'n vesting bly en op enigiets skiet wat naby beweeg.

Ons het Bloemfontein tot nou toe vermy, want Domingo het geglo die risiko is te groot. Hy het te min inligting oor die stad gehad, hy was nie tevrede met ons opleiding nie, en niemand het geweet of ons regtig by só 'n sending sou baat vind nie.

Tot nou toe.

Nou glo Domingo die radiostilte van die Sales Club en die totale afwesigheid van stroperbendes op die paaie is deel van 'n doelbewuste

strategie, 'n voorteken van 'n inval. Hy wys nie emosie nie, maar dit is die meeste van ons se vermoede dat sy kop agter daardie donkerbril konstant besig is om Number One en die Chair met 'n wit-brandende haat te haat. Clarkson / Trunkenpolz wat hom so koelbloedig wou skiet, Mecky / Meyiwa wat minagtend sê: “Nee, wat,” asof sy lewe of dood ewe onbelangrik was.

Ons dink ons ken vir Domingo. Ons dink ons weet wat hy voel. Ons dink dit is een van die groot redes waarom ons in die yskoue nag van 3 Julie Bloemfontein toe ry.

* * *

In die uur ná middernag hou ons een straat weg van die N8 stil, naby die ou Makro-hipermark buite die stad. Ons laat vier wagte by die vragmotors agterbly. Ons stap van daar af in twee patrollies. Al twee spanne loop van wes na oos, in verskillende strate, omtrent 'n halfkilometer uit mekaar.

Ek was amper vier jaar gelede laas in Bloemfontein. Dit was net maande ná Die Koors, alles was nog ongeskonde.

Die verandering is verstommend, veral nou in die winter. Tuine en sypaadjies is vergroei, die strate begin verbrokkel onder boomwortels en verdroogde gras en groeisel, stormwaterpype is verstop, dit het verspoeling en erosie veroorsaak.

Sommige lamppale staan skeef, bome het hul takke in stormwinde in die pad laat val en dit lê daar en versamel verwaaide blare en stof en sand. Team Bravo se roete neem ons verby die ou rugbyveld van die Hoërskool Jim Fouché, nou 'n weiveld vir 'n paar skape en beeste. Verder af in die straat is 'n hokkieveld – die rame van die doele staan nog – omgedolwe tot 'n somer-groentetuin, nou gestroop en verlate.

Hier was mense. Dalk is hulle iewers in nabye huise, maar daar is geen sigbare teken nie, alles is donker en stil.

Ons sluip voort deur die grafstil strate.

Team Alpha ruik die reuk van 'n houtvuur. Ons volg dit langsaam tot by die ou Mangaung-krieketovaal, en ons sien twee mans by die vuur langs 'n hemelhoë spreiligpaal, besig om hul hande te verwarm. Al twee is gewapen, al twee dra R4-gewere. Op die veld waar eens internasionale krieketwedstryde gespeel is, wei daar nou 'n bont versameling melkkoeie.

Hulle gesels luid in die donker. Ons oorrompel hulle maklik. Ons kry 'n tweerigtingradio by die een.

Hulle skrik vir ons behendigheid, ons wapens, ons militêre uitrustings. Hulle is vreesbevange vir die pistool wat Domingo teen die een se slaap druk. Hulle beantwoord ons vrae. Hulle vertel ons byna alles:

Hulle is wagte. Die spreiligtoring is hulle uitkykpunt, hulle kan kilometers ver sien. Maar dit is so yskoud daar bo, en die nag is altyd stil en hier gebeur altyd niks, daarom het hulle onder kom vuur maak, net in die donkerste ure. Hulle staan wag. Daar is nog twee plekke met permanente wagte, al twee op Naval Hill, alles ter beskerming van Die Mall se gemeenskap. Die ou Mimosa Mall is nou 'n vesting, daar is pantserkarre en tenks voor die ingange, en sandsakke, daar is masjiengewere en wagte, dit is waar "al die mense" slaap. Die gemeenskap is net meer as eenduisend mense. Bedags kom hulle uit en boer met skape en beeste en boerbokke en varke, in die somer plant hulle gewasse in dit wat destyds parke en sportvelde was. Hulle het die watertoevoer van die Welbedacht- en Rustfontein-damme weer aan die gang gekry, hulle gebruik mensekrag op die reeks pompe, dit is hoe hulle die gewasse natlei. Die enigste elektrisiteit is in Die Mall, waar hulle honderde sonpanele op die dak het.

Waar kry hulle die sonpanele?

Hulle het die eerstes hier in die stad gekry. En toe later toe koop hulle nog, by die Sales Club.

Waar is die Sales Club?

Niemand weet nie. Die Sales Club roep hulle oor 'n radio. Die radio is in Die Mall. Net die Mayor luister na die radio. Die Mayor is hulle groot leier, hy het Die Mall begin, hy regeer met 'n ysterhand.

Waarmee betaal hulle die Sales Club?

Met kos.

En wat nog?

Partykeer vang hulle mense wat hier deur Bloemfontein kom. Die Mall het nie plek vir nog mense nie, Die Mall is vol. En die Sales Club betaal baie vir mense.

Vroue?

Nee, mans ook.

Hoe word mense en kos vir sonpanele en batterye verruil?

Daar kom lorries, soms net een, soms somer vyf.

Wie ry in die lorries?

Ouens met gewere.

Weet hulle van Number One, en die Chair?

Ja. Dis die mense wat die Sales Club het.

Waar is hulle?

Niemand weet nie.

Domingo vra hulle uit oor Die Mall se verdediging en hul bewapening. Hulle raak al hoe meer ongemaklik, hulle sê almal wat buite Die Mall werk, dra bedags skietgoed. Al die wapens kom van die ou Weermagbasisse af, van die Pantsterskool en 1 SA Tenk-regiment en 44 Valskerm-regiment en 1 Infanterie-bataljon.

Werk die tenks en die pantserkarre?

Die een knik, die ander skud sy kop.

Moenie vir my lieg nie.

Nee, die militêre voertuie voor Die Mall werk nie. Die diesel is lankal op, die voertuie staan net daar as afskrikmiddel. Van die kanonne werk nog. Al die gewere kan skiet.

Domingo staan en dink wat hy nog wil weet. Een van Bravo se spanlede vra, het hulle skole en dokters en dominees?

Die twee lyk verdwaas. Nee. Almal werk. Almal moet help om die kosstore vol te kry. Die Mayor is kwaai, as jy daar wil bly, moet jy werk. Wie is ons, vra die een. Waar kom ons vandaan?

“Ek dink ons moet hulle skiet,” sê Domingo, maar ons ken hom, ons weet dit is nie ’n opdrag nie, dit is ’n strategie.

Hulle smEEK, die twee mans. Hulle sê asseblief, hulle durf nie sê ons was hier nie, hulle durf nie beken dat hulle oorrompel en ondervra is nie. As ons weggaan, sal niemand eens weet ons was daar nie, hulle sal geen sprook sprak nie.

Domingo dink. Hy beveel vier Bravo-lede om by die mans te bly, met instruksies om nie ’n enkele woord te rep oor wie ons is nie. Hy lei die res van ons na Die Mall toe. Ons bespied dit deur nagskope en verkykers, van ’n veilige afstand af. Ons kan die tenks en pantserkarre sien, daar is mense wat beweeg by die sandsak-skanse, mense wat wakker en paraat is.

Ons loop terug na die krieketovaal toe om ons makkers te gaan haal. Dan loop Alpha en Bravo met ’n ander pad terug na die vragmotors toe.

Die berugte aanval, die beroemde veldslag waarin vier spanlede van Alpha en drie van Bravo gewond word, vind plaas by Bloemfontein, net anderkant die N1, in die veld tussen Langenhovenpark en die Makro-hipermark.

Ons sal jare later hoor dit is gevaarlike terrein, nie eens die inwoners van Die Mall waag dit daar sonder gewere of daglig nie.

Ons is op pad terug na die vragmotors toe. Dit is 'n uur voor sonop, dit was 'n lang nag. Die spanning maak mens moeg, die ergste is verby, ons is buite die beboude gebied, nie meer so gefokus, so wakker, so gereed soos vroeër nie. Bravo loop voor, in V-formasie, Alpha is 'n honderd meter agter ons.

Stikdonker.

Ons hoor eers die angswekkende geluide, diep dierlik, vol haat en gemeenheid en aggressie. Moorddadig. Dan sien ons, tussen die twee spanne, die donker skaduwees beweeg, laag op die grond, maar onmoontlik vinnig. 'n Horde aanvallers. En voor enigiemand kan reageer, voor Domingo iets kan sê, is hulle hier tussen ons, en hulle stamp ons van ons voete af, massiewe monsters van driehonderd kilogram of meer, en hulle byt, hul slaggende skeur deur vlees en been. Ons kan nie skiet nie uit vrees om mekaar te tref.

Domingo skree bevele en skakel sy flits aan. Hy was op die voerpunt van Bravo, hy moet omdraai om die gevaar te konfronteer, hy knip die flits aan en ons sien die varke, nie wildevarke nie, nie vlakvarke of bosvarke nie. Plaasvarke. Amerikaanse landras, en Cinta Senese en basters van onpeilbare gene, massief en woedend. Later sal die boere onder ons hulle identifiseer van die karkasse wat ons saamvat, dié wat ons geskiet kry voor ons die res verjaag met die lawaai van R4-gewere. Hulle sal sê daar was dalk klein varkies naby wat beskerm moes word.

Plaasvarke. Mak diere wat wild geword het, dalk die afstammelinge van plaasvarke wat iewers in die omtrek aangehou was.

Hulle verwond sewe van ons, een troep se beenslagaar bloei só erg dat ons dink hy gaan dood voor iemand die bloeding gestop kry.

Die Jaar van die Vark.

Sofia Bergman

Nee, ek het glad nie van Nico gehou nie. Glad nie.

En ek was meer eensaam in Amanzi in daardie eerste jaar as toe ek stoksielalleen op die plaas was. Ek weet mense sal dink, asseblief, hoe is dit moontlik, maar jy moet verstaan hoe dit was. Jy kom daar aan en jy is die flavour of the month, jou storie is die groot een vir 'n ruk. En myne was. Ek was die een wat deur die motorfietsbende gevang was, ek was die een wat met die spanner agter die vet vark aangehardloop het, die een wat vir Nico Storm in die bors geskiet het met 'n kruisboog. Almal het gedink ek is die coolste ding ooit, almal wou met my praat en my vriend wees. Tot die volgende mense aankom, met 'n ander, epiese storie. Almal se stories was epies, in daardie tyd. En dan wil almal weer met hulle vriende wees.

En dis die probleem, as jy nuut is, kan jy nie met almal vriende wees nie, en ek het dit baie sien gebeur in Amanzi, dan is jy op die ou end met niemand vriende nie. Ek dink dit is 'n baie eienaardige situasie, 'n gemeenskap soos Amanzi, waar almal eintlik nuut is, maar ...

Die ander ding was, ek was sover ek weet een van net 'n handjievol mense wat alleen by Amanzi aangekom het. Nero Dlamini ook, natuurlik, maar seker nege-en-negentig persent het in groepe gekom. Partykeer klein groepies, maar darem groepies. So as hulle flavour of the month verby was, het hulle darem vir mekaar gehad, tot hulle normaal opgeneem is in die groter groep. Maar vir my was dit anders.

En ek was oorweldig. Probeer jou indink, jy is vir so lank so afgesonder op die plaas, en maande lank heeltemal alleen, en dan skielik gebeur so baie goed, en jy is tussen mense en jy kry baie aandag, dit is oorweldigend.

En ek was sestien, onthou tog net, ek was sestien én wanaangepas.

Eers sê hulle ek moet in die Orphanage bly. Toe, net ná Nuwejaar, toe moet ek Groendakkies toe ... Net onderkant die Orphanage in Madelifiestraat is daar so 'n hele string meenthuisies of skakelhuisies, ek weet nie wat hulle dit in die ou dae genoem het nie. Dis waar hulle die meeste tieners – die weeskind-tieners – laat bly het. Die huisies het almal sulke groen dakke gehad, en “Groendakkies” was blykbaar 'n spotwoord vir 'n malhuis voor Die Koors. In elke geval, dit was ... Vandag weet ek dit was die beste moontlike stelsel. Nero Dlamini het dit bestuur, hy het die grootmense opgelei en raad gegee, die grootmense wat as pleegouers en soort van mentors vir ons opgetree het. Maar in elk geval, ek trek toe saam met die ander in, hulle is enigiets van twaalf tot sewentien, meisies eenkant, seuns anderkant. En hulle sê vir my ek moet een week lank skool toe, ek moet wiskunde, biologie, wetenskap, aardrykskunde en wêreldgeskiedenis vat, en een “vaardigheid”. Hulle stel voor ek vat naaldwerk of voedselverwerking as “vaardigheid”.

Miskien sou dit okay gewees het as ek so 'n bietjie skool gehad het. Maar toe is ek al vier jaar sonder enige skool, en hulle toets my en hulle sê ek moet saam met die veertienjariges in die klas sit, en ek moet naaldwerk of voedselverwerking vat. Toe weier ek om skool toe te gaan. Toe kom Nero met my praat, en ek sê vir hom ek het van die plaas af geloop met stewels wat te groot is, en ek was okay. Nou het ek skoene wat pas, ek loop liewer terug plaas toe, maar ek gaan nie saam met klein kindertjies in 'n klas sit nie, en ek gaan nie sulke simpel vaardighede leer nie.

Toe onderhandel hy met my. Hy het seker in sy mou gelag vir my, ek was so simpel, maar naaldwerk of voedselverwerking? Asseblief!

Toe vra hy watse vaardigheid wil ek vat? Toe sê ek wat is daar? Toe noem hy almal op. Toe sê ek landbou en skiet. Toe sê hy okay. En sal ek net eers vir ses maande saam met die veertienjariges skool toe gaan? Net vir hersiening. Dan sal hy persoonlik kyk hoe ek vorder, en dan maak ons 'n plan.

Toe sê ek ja. Maar ek was nie gelukkig nie.

Die enigste ding wat gemaak het dat ek nie heeltemal ontspoor nie, was die hardloop. Ek het omtrent elke middag ná skool gaan hardloop. Kilometers en kilometers.

* * *

Ek kon nie verstaan hoekom Sofia Bergman so kwaad was nie. Vir alles en almal, maar veral vir my.

Ons as Spotters moes naweke Amanzi toe loop as ons daar wou kom, Domingo het ons verbied om die perde of die voertuie te gebruik. Dis nie ver nie, net so drie kilometer van die SpOT-kaserne tot by die Orphanage, maar dis opdraande, en dis dikwels baie koud of baie warm. Partykeer reën dit. Maar elke Sondag het ek gestap om saam met Pa en Okkie te gaan eet, en om te probeer om met Sofia Bergman te gesels.

Dan ignoreer sy my. Sy het duidelik nie besef sy is my trouvrou nie.

* * *

Sofia Bergman

Natuurlik het ek hom geïgnoreer. Hy was 'n regte klein windgat gewees.

Dan kom staan hy daar voor die Groendakkies en die ander meisies sê: “Oe, oe, hier’s Nico Storm,” en hulle fladder hulle wimpers en hulle gryp na die naaste haarborsel en lipstiffie, en dan staan hy daar met sy uniform en sy houding, God’s gift to women. Hy het ’n houding gehad, hy kan sê wat hy wil, hy het hierdie manier van loop gehad, die ander meisies het gedink dit is die sexyste ding wat hulle nog gesien het, maar ek het gedink dit was net windgat en arrogant.

Dan kom staan hy daar op die Groendakkies se sypaadjie en hy vra of ek daar is, en dan kom roep hulle my, en dan gaan ek uit en dan sê hy: “Haai, Sofia,” op so ’n snaakse manier wat hy seker gedink het my knieë gaan laat swik, maar al wat hy gedoen het, was om my te irriteer.

* * *

Ek vra hulle of Sofia Bergman daar is. Ek het die hele week aan haar gedink. Ek het oor haar gefantaseer, hoe ek haar met 'n heldedaad red uit die kloue van 'n motorfietsbende. Of so iets. 'n Week lank wat ek net smag om haar te sien.

Sy kom uit op die stoep van die Groendakkies, met daardie lang, blonde hare van haar, en haar lenige lyf en haar vel wat so perfek mooi is. My oë vier fees op al haar mooi. Dan hamer my hart hier in my bors, dit druk my keel toe, dit verlam my tong en my brein, en al wat ek kan uitkry, is “Haai, Sofia”.

* * *

Sofia Bergman

Dan sê ek: “Haai in die see, en jy daarby is twee,” en ek draai om en ek loop na my kamer toe, en dan kom my kamermaats en my Groendakkiesmaats en kom sê, dis Nico Storm, hy skiet die beste, en hy het vir Okkie gered en die vliegtuig help kry en hy het al hoeveel KTM-ouens geskiet, dis Nico Storm.

Dan sê ek hy's 'n ploert. En een van die dae skiet ek in elk geval beter as hy. Want ek was 'n goeie skut. Baie goed.

Ek het nie eens geweet wat ploert regtig beteken nie, maar dit het reg geklink.

“Haai in die see, en jy daarby is twee.” Op sestien. Vandag kry ek skaam. Ek was kwaad vir almal toe ek sestien was.

Die eerste moord

Hulle kry die liggaam van Matthew Mbalo net langs die verbrokkelde parkeerterrein naby die hek na die reservaat toe. Op 2 Augustus. Hy was een-en-sestig jaar oud, 'n stil, eenvoudige man, voor Die Koors 'n skoonmaker by die munisipale kantore van 'n klein Vrystaatse dorpie. Hy was een van ons nag-veewagters, 'n verpligting waarvoor hy gevra het en wat hy met genoegdoening nagekom het. Hulle kry sy perd, nog opgesaal en onder toom, in die veld daar naby.

Almal het van Matthew gehou. Almal wat van sy bestaan bewus was.

Die oorsaak van dood is 'n stomp voorwerp wat sy skedel met twee gewelddadige houes verbrysel het.

Ons eerste moord.

* * *

Die Special Ops-spanne is op Luckhoff besig. Luckhoff is ons oefenterrein. Van die huise is al voos geskiet, ons gereelde uithardloop teen die berg langs die dorp het al voetpaadjies gevorm, net langs die witgekalkte klippe wat die dorp se naam destyds gespel het.

Ons draf nou teen die berg af met rugsak en geweer en helm. Ons sien vir Sarge X – sersant Sizwe Xaba – daar onder in sy bakkie, die een met die handgeverfde polisiester op die deur. Hy ry Luckhoff binne en hou net anderkant die ou, verdroogde en vervalde rioolwerke stil.

Sarge X is al sewe maande ons polisiehoof. Die Komitee het hom in Januarie aangestel. Hulle vertel dat hy destyds tydens sy onderhoud vir die werk gesê het: “Eighty-five percent of all crime is domestic in nature, drug or alcohol related, and happens mostly in disadvantaged communities. Amanzi is one big, domestic, disadvantaged community. Of course there will be crime.”

Hy bestuur wetstoepassing saam met sy verantwoordelikhede as verdedigingshoof, en hy en sy stadig groeiende span mense het die misdaadsyfer dramaties laat daal sedert Januarie.

Misdaad in Amanzi is nie nuut nie. Dit het al begin in die Jaar van die Hond.

Eers was dit net diefstal, mense wat klein en onbenullig steel, veral eetgoed. Omdat hulle honger was, omdat hulle daaraan gewoond was om te vat wat hulle kon kry, of nog nie mooi gesnap het dat private en persoonlike eienaarskap weer in ere herstel is ná Die Koors nie. Nero Dlamini sê posttraumatische stres het 'n negatiewe invloed op besluitneming, wat ook bydra tot misdaad.

Aan die begin is die klein oortredings oorgesien. Mense het mekaar aangespreek en betig. Later het hulle geskille na die Komitee toe gebring, wat soms jurie én regter moes wees. Maar in die Jaar van die Jakkals was daar eenvoudig al te veel mense en voorvalle vir dié informele stelsel. Daarom dat Sarge X as hoof van wetstoepassing aangestel is. 'n Vier-en-twintigjarige aspirant-prokureur wat nog nie eens haar artikels voltooi het nie, word ons eerste magistraat. Die Komitee is vir eers die appèlhof, sou dit nodig wees.

Die ergste voorval wat die APS – die Amanzi Police Service – en die hof die afgelope ses maande moes hanteer, was 'n aanranding, toe twee dronk melkboere vuig geslaan het oor 'n bul wat deur 'n draadheining gebreek het.

* * *

Domingo laat Alpha en Bravo halt, 'n honderd meter van Sarge X en sy bakkie af. Hy loop alleen na die polisiehoof toe terwyl ons staan en kyk. Ons almal weet iets moet fout wees, want dit is uitsonderlik dat Sarge X hiernatoe ry. Dit het nog nooit gebeur nie.

Ons sien die liggaamshoudings, Sarge X so half apologeties, Domingo s'n eers neutraal, dan onleesbaar, dan aggressief, sy hande en arms wat saampraat, Sarge X wat verdedig. En klaarblyklik gemoedere kalmeer.

Hulle praat vir nog tien minute, dan klim Sarge X in sy bakkie en hy ry. Domingo kom na ons toe aangestap. Onleesbaar, soos gewoonlik. Hy staan voor ons, hy roep ons tot aandag. Hy talm, sy oë agter die donkerbril.

"Da' was 'n moord, laas nag. Ou uncle Matthew Mbalo. Hulle het hom gekry by die game reserve se hek. Is da' enige van julle wat dink julle weet iets daarvan?"

"Captain, permission to ask a question, captain," roep Jele.

"Permission granted."

"How did he die, captain?"

"Why do you want to know, Jele? Are you a detective?"

"No, captain."

Domingo laat eers die stilte rek. "Blunt force trauma to the head."

Ons staan daar, en ons wonder oor baie dinge. Later, terug by die kaserne, sal ons dieselfde vrae vra wat almal in Amanzi vra: Wie? Wie sou ou oom Matthew Mbalo, sekerlik die onskadelikste van al ons inwoners, wou vermoor? En waarom? Hy het niks gehad nie, hy het niemand ooit geaaffronteer nie.

Waarom só? Met geweld en woede en 'n wapen wat mens laat dink dit was bloot naby, 'n stuk hout, of iets. Asof dit spontaan en onbepland gebeur het.

Waarom daar?

Dit is gou duidelik dat niemand wil glo die moordenaar was 'n Amanziaan nie. Die algemene redenasie is dat almal vir almal ken, en ons wéét, daar is nie moordenaars tussen ons nie. Bakleiers, ja. Mense wat soms klein steel, mense wat skelm drank stook en in dronkenskap eiendom beskadig of die rus verstoer, dié het ons. Maar nie moordenaars nie. Dit is eenvoudig ondenkbaar.

Dit moes iemand van buite gewees het wat ingesluip het. Nie onmoontlik vir een of twee mense nie, as hulle te voet oor die heuwels kom in die nag. Of met 'n vlot oor die dam roei. Die groot teorie, die een wat die meeste steun geniet, is dat oom Matthew vee- of wilddiewe van buite betrap het. Die ou reservaat is steeds stewig omhein, dit is die plek waar die meeste van ons lewende hawe aangehou word, die hoofhek is die uitgang waar dit die maklikste sal wees om 'n beeskarkas of 'n paar skape uit te neem.

En Amanzi se sukses en oorvloed is wyd bekend, dit moes iemand gewees het wat lank beplan en doggehou het. Iemand van buite. Maar dis nie een van ons nie.

Daar was een ander teorie wat net 'n paar van die meer ontnugterde inwoners gehuldig het. Dat Mbalo dalk nie so onskadelik was nie. Dat dit dalk 'n geval van stille waters, diepe grond kon wees, oom Matthew kon by iets onheiligs betrokke gewees het. Met iemand van buite.

Die ondersoek na die moord lewer niks op nie. Niks.

Die enigste bykomende leidraad is dat oom Matthew Mbalo daardie nag omstreeks eenuur vir sy mede-veewagters bo in die reservaat gesê het hy voel nie lekker nie. Toe sê hulle, oom Matthew, gaan lê jy, ons is reg. Toe ry hy te perd daar weg. Dit is die laaste keer dat iemand hom lewend gesien het.

Intussen slaan minstens die pastoor munt daaruit. Nkosi, so bewus daarvan dat hy sedert die aankoms van die Sewe Vroue en in die groeiende gevoel van eendrag steun verloor het, gebruik die moord om van sy preekstoel af luid te waarsku oor die duiwel wat (nog steeds) in Amanzi los is.

Daar is een ding waaroor niemand wonder of praat nie: Sarge X het daardie oggend toe die lyk ontdek is die misdad toneel gefynkam. Hy kon geen moordwapen vind nie, al het hy en sy mense die omgewing binne tweehonderd meter deurgesoek. Hy het vasgestel daar was geen ooggetuies nie. En toe klim hy in sy polisiebakkie, en hy ry Luckhoff toe om met Domingo te praat.

Waarom?

En wat is by die polisiebakkie gesê wat vir Domingo so kwaad gemaak het?

Ons sal dink ons weet wat die antwoorde op al dié vrae is, ses maande later, in Februarie van die Jaar van die Leeu. Ons sal almal verkeerd wees.

Die volle waarheid sal uit ná die moord op my pa.

Twintig dae ná die moord op Matthew Mbalo word ek sewentien.

Op die Donderdagoggend van my verjaardag kom maak Domingo my wakker in die kaserne, voor sesuur, dit is nog donker buite: “Happy birthday. Die Voorsitter wil jou sien. Jy loop met die voet.”

Sedert ek ’n Spotter geword het, is my verhouding met Domingo een van bevelvoerder en troep. Dit het my maande geneem om daaraan gewoond te raak. Nou wil ek dit nie anders hê nie.

“Dankie, kaptein.”

“Jy moet halfagt daar wees, Storm. Roer jou riete.”

“Ja, kaptein.”

“Jy het die dag af. Sorg dat jy voor sesuur vanaand terug is.”

“Ja, kaptein.”

“Jy eet nie my ontbyt vanoggend nie.”

“Ja, kaptein.”

Domingo loop uit, my SpOT-makkers sing vir my “Happy Birthday” vanuit hulle beddens, op die oordrewe, treurig-trekkende toon van begrafnissangers, die manier hoe ons alle lede van SpOT se verjaardae vier.

Ek is steeds die jongste lid van die Spotters, maar niemand onthou dit nie. Ek is die beste skut in die eenheid. Ek hardloop die dertig kilometer tussen ons basis en Luckhoff nou die tweede vinnigste. Aram die Namibiër wen my nog, maar ek haal hom elke week in met ’n minuut of twee. Dis ’n kwessie van tyd.

Ek staan op, was en trek aan. My medetroepe spot met my. “Shame, Storm gaan bietjie by Pappie troos soek. Dis ook al waar hy liefde kry. Sê haai vir Sofia. En dan koebaai vir Sofia.” Daardie soort van ondersteunende ding. Hulle vind dit skreeusnaaks. Ek lag saam. Wat anders kan mens doen met familie?

Ek loop. Dis drie kilometer dorp toe.

Ek meld aan by die hoofhek, waar die ou bushek eers was. Dit is nou ’n stewige struktuur van baksteen en sement. Die wagte is wakker en

gedissiplineerd en gewapen. Hulle groet my op die naam. Hulle weet nie ek verjaar nie. Hulle maak die eerste hek vir my oop, dan die tweede. Hulle maak opmerkings oor Sofia. Almal weet van my verliefdheid op Sofia. Behalwe sy.

Ek stap flink deur die wye U van die teerpad teen die heuwels op, my hande in my sakke om hulle warm te probeer hou teen die laatwinter se kwaai koue. Twee trekkers met sleepwaens kom van die dorp se kant af. Al twee die sleepwaens is vol mense, toegewikkel in warm klere en komberse. Hulle is op pad na die landerye en vrugteboorde toe. Dit is amper die einde van snoeityd vir die perske- en peer- en pruimbome, vir die tafeldruiwe wat ons twee jaar gelede met 'n ekspedisie van Kanoneiland af laat kom het. Die mense groet luid en waai en glimlag vir my. Almal weet wie ek is. Ek glimlag ook, want dit is lekker om dié lewensvreugde te hoor, en ek waai terug.

Ek loop verby die plek waar ek en Okkie gelê het toe ek Die KTM geskiet het, en hulle vir my. My been het nou heeltemal herstel, dit is net die lelike litteken wat nog daar sit. Verby die stalle waar van die skoolkinders as staljongens werk tydens hul nie-skool-week. Dit is 'n stelsel wat steeds voortgaan, van hulle is nou besig om perde uit die stalle te lei. Die diere snork en runnik, hul asems is klein vulkane van stoom in die koue oggendlug. Die staljongens groet. Ek ook.

Ek dink aan Bloemfontein, ek dink aan 'n duisend mense of meer wat daar in 'n ou winkelsentrum slaap. Ek sien dit in my verbeelding, almal langs mekaar op die vloer, dalk op ou stukke matras. Al daardie bedompigheid van so baie lywe, die gedeelde toilette en wasbakke en storte en baddens, jy moet snags lê en luister hoe die mans snork en die kinders huil. Ek dink aan stukkende pantserkarre voor Die Mall se deur, aan 'n despoot aan bewind, en ek kyk na die rustigheid en die ruimte van Amanzi hier voor my, die veiligheid, die lewensvreugde, en ek is trots op wat ons vermag het. Trots op alles wat hierdie dorp en hierdie gemeenskap verteenwoordig.

Ek weet hoekom Domingo vir my kom wakker maak het en Amanzi toe gestuur het. Pa en Okkie wil saam met my verjaardag vier. Pa het tentatief probeer uitvind of ek vir so iets te vinde sou wees. Hy sukkel met enige vorm van geheimhouding en sosiale bedrog.

Ek draai in Madeliefiestraat in, die Orphanage is aan die einde daarvan. My hart klop vinniger. Sofia Bergman bly hier, in die tweede laaste

Groendakkie regs.

Ek het 'n brief in my sak. Ek het weke lank daaraan geskryf, die een weergawe na die ander. In die geheim, saans in die kaserne. Dit was nie 'n maklike taak nie, almal wil sien wat mens doen, veral as jy met iets buitengewoons besig is.

Dit is 'n baie, baie moeilike ding om te skryf, 'n brief vir jou trou vrou. Dink net 'n oomblik lank, wat moet die heel eerste woord wees?

“Liewe?”

Nee, nee, dit is te ... lief.

“Beste?”

Dis te ek-hou-van-jou-soos-'n-vriend. Of erger, ons-kon-broer-en-suster-gewees-het.

“Haai” is nie eens 'n opsie nie. “Hallo” is nie veel beter nie.

Moeilik. As jy sewentien is.

Ek wil dit elke Sondag vir haar gee. Of onderdeur haar voordeur stoot. En dan begewe my moed my, want sê nou net sy lees die brief daar voor almal, in dieselfde stem waarmee sy goed sê soos “Haai in die see, en jy daarby is twee”.

Ek gaan staan voor haar huisie. Die brief brand in my sak.

Ek het dit vier-en-dertig keer al oorgeskryf.

Sofia

Ek weet nie wat ek gedoen het om jou so kwaad te maak nie. Dit maak nie saak wat dit is nie, ek is jammer. Ek wil graag met jou gesels. Ek wil graag hê jy moet net een keer saam met my perdry tot agter in die reservaat. Daar is 'n plek wat uitkyk oor 'n kloof en die dam. Dit is een van my gunstelingplekke. Ek sal graag vir jou die mooi daar wil gaan wys.

Sal jy laat weet as jy nie meer vir my kwaad is nie?

Groete

Nico Storm

In 'n vorige weergawe het ek 'n naskrif gehad: *Ns. Ek gaan in elk geval met jou trou.* Ek het dit liever uitgehaal.

Ek haal die brief nou uit my sak. Ek kyk na haar voordeur.

Nee.

Ek druk dit terug in my binnesak en ek loop Orphanage toe.

Okkie is ses. Okkie kan nog minder 'n geheim hou as my pa. Okkie sit saam met my en Pa by die ontbyttafel en hy kan sy oë nie van die kombuisdeur af hou nie. Hy plaas sy handjie kort-kort oor sy mond, soos iemand wat homself moet keer om iets te sê. Ek weet wat gebeur het. Okkie het die koek en die kerse daar binne gesien. Hy het gevra wie s'n dit is. Toe sê hulle dit is jou broer Nico s'n. Dit is 'n verrassing, jy mag niks sê nie, anders kry jy nie 'n stukkie nie. Nou kan Okkie nie wag dat hulle dit moet bring nie, en die kennis van die koek is soos 'n kisduiweltjie daar binne hom.

Die deur agter my gaan oop.

“Kyk, Nico, kyk!” Die kisduiwel spring met 'n boog en 'n gil, Okkie wys met sy vinger.

Ek draai om en kyk.

“Jinne!” Ek maak of ek stomgeslaan en verheug is.

Okkie is in ekstase. “Dis jou koek, Nico!” Sy stem is hoog en baie opgewonde. “Ek het nie geklik nie, dis jou koek en jou kerse, jy is sewentien, dis baie oud. En ek het niks gesê nie, Pappa, ek het nie geklik nie, ek is nie 'n babbelbek nie, ek kan 'n stukkie kry.”

Ons onthou die oomblikke van vrees, verlies en vernedering die beste. Maar soms ook die oomblikke van diepe, suiwer vreugde. Soos wanneer jy na jou pa kyk en jy sien die lyne op sy gesig is 'n bietjie dieper, die grys aan sy slape 'n ligter skakering van silwer. Jy weet dit is die verantwoordelikheid van 'n gemeenskap, en die onlangse moord, en die verwerping van sy seun wat alles daartoe bygedra het. Maar nou sien jy die geluk in sy oë, hoe hy na sy aangenome seun en sy bloedseun kyk, heen en weer, en hy is gelukkig. Trots. Op ons, hopelik. Dalk op alles wat hy hier bereik het, alles wat ek vanoggend gesien het. En Pa lag omdat sy plan vir 'n verrassing gewerk het, omdat hy ons al twee hier by hom het, omdat hy die hele dag vir net ons twee seuns opsy gesit het, en dit strek lui en lekker voor ons uit.

Laat ek dit nou maar beken, daar is ook vernedering in dié oomblik. Ek voel weer skaam oor wat ek vir hom gesê het, meer as 'n jaar gelede. Ek voel skaam omdat hy – die een wat ek verwond het – die geleentheid van my verjaardag gebruik om 'n brug te probeer bou, 'n vergewende en versoenende hand uit te steek.

Maar meestal voel ek vreugde, want ek kry nou 'n kans om dit reg te maak.

Ek steek my emosie weg deur ook vir Okkie te lag, deur my bloedboetie te gryp en te karnuffel. Dit kamoefleer die trane in my oë toe die koek op die tafel neergesit word, en die omstanders, en natuurlik Okkie die heel skrilste en luidste, vir my sing, en dan sê ek moet al sewentien kerse doodblaas.

Toe hulle klaar is, steek Pa sy hand na my toe uit en hy sê: “Geluk, Nico. Mag dit 'n goeie jaar wees. Mag jy voortgaan om 'n verskil in mense se lewens te maak.”

* * *

Pa het die dag mooi beplan. Hy vat ons om te gaan visvang. Hy het erdwurms en kerriepap vir die aas, verjaardagkoek en gemmerbier, hy het 'n mandjie met vars brood en geel soutbotter, appelkooskonfyt en cheddar-kaas, biltong en droëwors. Dit is alles deur Amanzi se mense gemaak.

Hy het 'n bootjie vir ons voorberei, ons roei tot in die middel van die dam. Ons sit aas aan die lyne, gooi hulle in die water. Ons gesels, ons lag vir Okkie, ons kry nie 'n enkele byt nie. Ons eet en ons drink. Dit is soos die ou dae, net ek en hy. En Okkie om die ys te breek. Dit is lekker.

* * *

Sofia Bergman

Dit is daardie oggend dat ek vir die eerste keer anders dink oor Nico Storm.

Ek is op pad skool toe, ek kom uit by die huis se deur en ek sien vir Nico en sy pa en sy boetie aankom in die straat, van die Orphanage se kant af. En

ek wil asseblief tog nie hê hy moet my sien nie, so ek loop agteruit en ek staan in die deur, ek wil wag dat hulle verbykom.

En ek kyk vir hulle. Nou moet jy verstaan, Nico weet nie ek kyk vir hom nie. So ek is seker wat hy doen, kom uit sy hart uit. Dis die belangrike ding. Ek sien hoe hy met sy kleinboetie praat. Okkie. Ek ken die storie van Okkie, almal het die storie geken. Maar die storie sê nie hoe Nico en Okkie oor mekaar voel nie.

En ek staan en kyk, en ek sien Nico wat so na Okkie kyk met 'n klomp liefde. Hy sê iets vir Okkie op so 'n mooi manier. En hy lag saam met Okkie, en saam met sy pa. En Nico buk so af, en hy tel vir Okkie op, en hy druk hom so vas teen hom. En dan sit hy vir Okkie op sy nek. En toe kyk ek vir Okkie, en ek sien hoe heeltemal mal hy oor Nico is.

En oom Willem ...

Daar was net iets aan daardie toneel. Iets wat sê dis ... spesiale mense. En dis nie 'n windgat daardie nie. Al loop hy en praat hy en maak hy soos 'n windgat as hy by sy maats is, op daardie oomblik is Nico Storm vir my 'n baie mooi mens.

En toe dog ek, okay, as hy weer met my praat, sal ek dit probeer onthou. Sal ek hom 'n kans gee.

Ons is in die roeiboot, die lyne in die water, die visse stel glad nie belang nie.

Die wind kom sag op. In Augustus, in hierdie deel van die Karoo, waai die suidwestewind. Dit druk die bootjie al hoe nader aan die oorkantste wal, weg van Amanzi af.

Ons besef dit, maar ons is nie bekommerd nie. Ons sal maklik kan terugroei. En selfs al waai die wind later sterk, soos wat hy dikwels in hierdie maand doen, kan ons altyd op vaste grond uitklim en die kilometer of twee loop na die betondamwal toe, en van daar terug na Amanzi.

Pa vertel van die handelsnetwerk wat hulle beplan, noudat die paaie veilig is. Ons kos-oorskot is groot genoeg daarvoor, ons biodiesel ook. In Oktober wil hulle die eerste verkenners uitstuur Johannesburg toe, om te kyk of ons met ander gemeenskappe kan begin ruil. Hy vra my mening asof dit saak maak.

Okkie hou sy visstok en die water so stip dop, hy verbeel hom kort-kort hy het 'n byt, hy kap die “vis” met 'n dramatiese ruk van sy stok vas en gil: “Ek het hom, ek het hom!” Net om te sien daar is niks aan nie. Dan moet ons weer van voor af sy lyn intrek, sy aas aansit en dit teruggooi.

Dit is die lekkerste dag in jare.

Iewers in daardie paar uur op die water verstaan ek sekere dinge. Nie noodwendig met glashelder en oombliklike insig nie, maar ek kom tog aansienlik nader aan sekere waarhede. Die eerste is dat Pa net wag vir my om na hom toe uit te reik. Hy dra geen wrok nie, hy is nie kwaad vir my nie. As ek bereid is om die verhouding weer 'n kans te gee, sal hy die seer wat ek hom besorg het, maklik kan vergeet. Vandag weet ek dit is hoe 'n pa oor sy kinders voel. Altyd. Maar vir 'n (baie vars) sewentienjarige was dit 'n groot tree nader aan begrip en wysheid.

Die tweede is dat my pa 'n dapper man is. Sag maar dapper.

Want ek kyk vanuit die dam na Amanzi. Daar staan die mure – al vensterhoogte – van die eerste tagtig nuwe huise op die suidelike oewer aan

die oostekant van die dorp. Gebou met ons stene en ons sement. Die eerste van meer as seshonderd wat beplan word. Die paaie is gemaak, die dienste vir water en riool en elektrisiteit is gelewer. Ek dink aan alles wat ek vanoggend op pad Orphanage toe beleef en gesien het. My pa het dit reggekry. Ondanks die honde en Jeep-manne, ondanks sy onvermoë om mense en slange te skiet, of om op te staan teen die pastoor of Domingo. Ondanks die winters en die teenkanting en die tweespalt. Hy het 'n prys betaal, die lyne op sy gesig, die grys hare, sy seun wat hom so diep beledig en seermaak. Maar dit was sy visie, hy het dit vermag. Binne vier jaar. Hy is 'n dapper man, op sy manier.

Ek voel 'n oorweldigende deernis en 'n liefde vir my pa, op daardie oomblik. Ek besluit ek sal alles doen wat ek kan om ons verhouding te herstel.

En ek dink as ek enigsins so dapper is soos my pa, sal ek vanmiddag die briefie onder Sofia Bergman se deur gaan druk.

Nader en nader aan die noordelike oewer dryf ons.

Meteens hou Pa op met praat. Hy sien iets. Ek volg sy blik. Vyf meter weg, teen die oorkantste oewer, mond 'n droë lopie in die dam uit. Dit is dig begroei daar, met takke wat oor die water strek en hang, diep skaduwees daaronder. 'n Toevallige hoek tussen son, water, en ons bootjie se posisie op die dam veroorsaak 'n onnatuurlike weerkaatsing, 'n skaduwee wat blink. Dit kom en gaan soos die wind die digte plantegroei laat beweeg.

“Wat sou dit kon wees?” sê Pa.

“Kom ons gaan kyk,” sê ek en vat die roeispane.

Ek dink eers ons het verkeerd gesien, want dit verdwyn in die skadu's tussen bosse en water. Ek moet tot teen die oorhangtakke roei, Pa moet dit oplig en wegdruk voor ons dit sien.

“Dis 'n skippie,” sê Okkie.

Dit is 'n swart rubberboot. Die opblaasboeg is vol gate gestee, maar net die vaartuig se agterstewe is onder die water. Want die voorpunt het klaarblyklik vasgehaak aan 'n dik, droë tak.

“Dit lyk nie soos een van ons s'n nie,” sê Pa.

Ek en Pa trek en druk aan die takke om nog nader te kom. Die gate in die boot se boeg is almal dieselfde grootte, dit lyk of dit met dieselfde mes daarin gestee is. Op die boot se bodem lê 'n lang, donker voorwerp. Ek leun oor om te kyk. Dit is 'n ysterpaal – 'n dropper wat in draadheinings

gebruik word. Dit is verroes, die een punt is net-net in die water. Die res is droog. Naby die ander punt is dit donkerder, en die tekstuur is anders.

Ons ken droë bloed. Want ons jag en en slag diere, ek het al mense geskiet.

“Nico ...” sê Pa bekommerd. Hy dink wat ék dink.

Ek strek sover ek kan om die paal van nader te probeer sien.

“Moenie daaraan vat nie,” sê Pa.

Ek is seker dis bloed.

“Wat is dit, Boetie?” vra Okkie, bietjie bang, baie nuuskierig.

Ek kyk vir Pa en knik. “Ek dink ons moet vir Sarge gaan sê.”

* * *

Ek is daardie dag weer vir ’n rukkie die feitlik onsigbare skaduwee van my pa, die Voorsitter.

Ek roei ons terug. Ons ontduik Okkie se vrae oor waarom ons nie meer kan visvang nie en wat in die rubberboot was en wat ons vir Sarge X moet gaan sê.

Pa roep vir Sarge oor die radio. Hy kom haal ons in sy bakkie en ons gaan laai vir Okkie by die skool af onder groot protes. Ek en Pa en Sarge ry om die dam, terug na die rubberboot toe. Ons drie trek die vaartuig uit tussen die bosse. Dit is moeilik, dit neem meer as twintig minute. Sarge sê: “Not one of our boats, I know all our boats.”

Hy haal die bebloede dropper versigtig uit deur sy sakdoek te gebruik en bring dit na die bakkie toe. Dit is bloed, nou swart, wat daaraan kleef. En hare, en stukkies been en brein. Hy sê: “I wish we had forensics.”

Pa sê: “This boat was left by someone who came from outside, Sarge.”

“Yes, I’m afraid it looks that way.”

“I want us to keep this quiet.”

Sarge X knik. Hy stem saam.

“But we’ll have to tell Domingo.”

Ons ry van daar af na die SpOT-basis toe. Alpha en Bravo is besig met lorrie-maneuvers op die paradegrond, hulle spring uit die Volvo en ERF se sleepwaens. Domingo staan en kyk, hande op die heupe.

Sarge stop langs Domingo, ons klim uit en loop na my bevelvoerder toe. Pa vertel hom van die dropper en die boot.

Domingo luister aandagtig. Dan kyk hy na my. “Klaar verjaar, Storm?”

“Ja, kaptein.” Ek wil baie graag eers hoor wat Pa en Sarge en Domingo sê, maar op sewentien is ek darem nie meer heeltemal stommonnosel nie. Die weg van minste weerstand is die enigste wat werk met Domingo.

Hy wys na my makkers by die Volvo: “Weg is jy.”

“Ja, kaptein,” sê ek en begin draf teësinnig na Team Bravo toe.

Ek dink nie op daardie oomblik aan die briefie vir Sofia nie.

* * *

Eers twee dae later, op 24 Augustus, laat Domingo ons aantree op die paradegrond. Op aandag. Hy sê: “What I am about to tell you is very confidential. As ek hoor dat hierdie information by ’n civilian uitgekom het, I will make it my sole mission in life to find out which one of you maggots snitched, and I will rip your tongue out with my bare hands, and I will consign you to shovelling horse shit for the rest of your days. Do you read me?”

“Sir, yes sir.”

Hy gluur ons agterdogtig aan, asof hy ons nie glo nie.

“I kid thee not. As jy uitpraat oor dié ding, dan is jy nie meer deel van my Special Ops Team nie. That is a promise. Is that very, very clear.”

“Sir, yes sir.”

Hy loop op en af, op en af, hy is ’n opgewende veer. Hy sê: “Our enemy managed to launch a rigid inflatable craft into our dam. Our enemy managed to cross that dam, and they managed to murder a very good and gentle citizen of our beloved Amanzi. Why would our enemy do this? Why would they go to the considerable trouble to bring a rigid inflatable craft all the way to our dam? In the dark of night. Why would they run the considerable risk of being confronted, and captured. Or killed? Why?”

Ons weet beter as om te probeer antwoord.

“I’ll tell you why. Because they are reconnoitring. Why are they reconnoitring? Because they are planning an attack. An invasion. Why do they want to invade us? Because they want to steal our women and our food and our way of life. Why am I telling you this? Because we will not let it happen. Are we clear?”

“Sir, yes sir.”

“I am also telling you this because you have the right to know why you will not sleep, you will not rest, you will not relax, you will not have a weekend off until we find and annihilate this enemy. Are we clear?”

“Sir, yes sir.”

“Stand at rest.”

Ons volg die bevel.

Domingo se stem is sagter: “Die Special Ops Teams gaan verdubbel. Ek gaan leiers nodig hê om te help. Is jy ’n leier? Show me. In the next eight weeks, show me.”

OceanofPDF.com

Sofia se SpOT-toets: I

Domingo oordryf nie. Ons slaap nie veel nie, ons rus nie veel nie, ons ontspan glad nie en naweke tuis is iets van die verlede. Regdeur September en die eerste helfte van Oktober.

Ek kry nie die kans om Sofia se brief te gaan aflewer nie.

Die herstel in die verhouding met my pa is 'n vrug wat nou – vol potensiaal en belofte – buite my bereik bly hang, want ek sien hom nie.

* * *

Nero Dlamini

Those were troubled times.

Domingo came and convinced the Committee that the rubber duck ... You know, the inflatable boat, I think that's what they called it, the boat and the murder of Matthew Mbalo was connected to a pending invasion. He made the case that the absence of biker gangs on the roads was ominous. That the radio silence was an omen, you know, the fact that Number One and the Chair and the Sales Club were just gone. He said people like that,

an organisation like that did not just disappear. That they were not stupid, they knew something had happened to the gangs we killed. And Amanzi must be the prime suspect, and now they were scheming, and planning their revenge. He said part of their tactics must be to get us to lower our guard, that's why they've gone back into the woodwork. He really believed they were going to come for us big time. Full force. That was the term he used.

And he was right, of course, he was absolutely right.

But when he started talking about spies ... I have to admit, I did not share his sentiments. I ... Look, let me be honest, I was not one of Domingo's biggest fans. I respected him, make no mistake, but I did not like him a lot. Ideologically and philosophically, we were worlds apart. And he was aloof, he was anti-social, he was one of those people who just always believed they were right ... He saw the world in good and evil, black and white. I'm much more of a thousands shades of grey kind of guy. And he ... I think he actually liked violence. And I'm very much against it.

Anyway, troubled times ... So the Committee gave him his way. Again. Said he could double the size of the Special Ops Unit. To four teams.

And then he started with this espionage thing. He came at it from an angle, he said, we have to explain the military expansion, we can't let the people of Amanzi know we are expecting a big attack.

So we ask, why?

So he said, obviously because it could create fear and panic. But the real problem is, there might be a spy or spies in Amanzi.

So I say, come on, Domingo, get real, what are you now, a conspiracy theorist?

And he says: "You go think about the time of the murder, and the place where it happened. And the circumstances. They knew when to cross the dam, because our patrols did not see them. They knew the best place to cross the dam. They knew there would be nobody at that reserve entrance, that time of night. Uncle Matthew was there by accident. How, Nero? How did they know all those things?"

Of course I could not answer him.

So he said: Because they have someone on the inside.

How do you approach that possibility? How do you manage it? How do you react to it? By mistrusting everybody? By changing your immigration policy of "send these, the homeless, tempest-tost to me"? I mean, we had

hundreds of new migrants since the last battle, with the Marauders. If it was true, if they did have a mole in our midst, it could be anybody.

So we deliberated and argued, for hours.

Eventually we voted on the matter. And it was decided: We would lie. We would tell the people of Amanzi we were doubling the Special Ops Teams because of the new trade routes we were developing. We needed more soldiers to safeguard these routes.

Of course, if you lie to the people, you will be found out eventually. And there will be repercussions. And politicians like pastor Nkosi Sebego will exploit that lie. And the repercussions. He was very clever, our dear pastor. He voted against the lie. And he made sure the record showed that he voted against it. And we suspected that he had a reason to do that. But what could we do?

Sofia Bergman

Ek was hardkoppig en ek was hardekwas en ek was later baie spyt daaroor. Maar ek was net so gefrustreerd en ongelukkig. En ek was 'n tiener, ek weet dit is 'n flou verskoning, maar nou ja ...

Ek wou net uit die skool uit, en ek wou uit die Groendakkies uit, en as ek uit die dorp kon kom, sou ek dit ook seker gekies het. Met al die gewone Amanziaanse, post-Koors en puberteitsredes vir my drang tot ontvlugting. En een daarvan was dalk dat ek verveeld was, bo-op alles. Ek het in die eerste ses maande nie goed gedoen in die skool nie. Die werk was maklik, so ek het nie moeite gedoen nie en ek was nie gestimuleer nie. Natuurlik was my houding erg negatief ook. Maar in elk geval, toe laat hulle my die res van die jaar ook sit saam met kinders wat twee jaar jonger is as ek. En jy weet hoe dit is op skool, jy sosialiseer gewoonlik met die kinders in jou klas. En gewoonlik is hulle jou portuur. Maar my portuur was akademies twee jaar voor my, en hulle sluit my heeltemal uit, want ek is hierdie domkop wat saam met die kleintjies moet skoolgaan. So ek pas eintlik nêrens in nie, en niemand wil my hê nie ... Gefrustreerd, ongelukkig, kwaad en alleen.

En toe hoor ek hulle gaan die Special Ops groter maak, en toe gaan sê ek vir die skoolhoof ek gaan die keuring probeer doen. Toe sê sy nee, en ek sê Amanzi se splinternuwe, pas-goedgekeurde grondwet het die toelatingsouderdom vir Special Ops opgeskuif sewentien toe. En die wet sê dis elkeen se keuse op dié ouderdom of hulle wil aansluit. En ek word op 16 Oktober sewentien. Toe praat sy mooi met my, en sy sê Sofia, maak eers jou skool klaar. Maar ek was hardkoppig. En ek was bang daar is dalk nie meer plekke oop by die Spotters nie, want daar was baie aansoeke. Toe stuur sy vir Nero Dlamini om met my te kom praat. Hy't regtig probeer ...

Ek was natuurlik toe glad nie daarvan bewus dat my pad so baie ooreenkomste met Nico s'n gehad het nie. As ek dit geweet het ...

Ek weet nie of dit enigiets sou verander het nie.

* * *

16 Oktober

Domingo is 'n bliksem. Domingo is slim soos die houtjie van die galg.

Hy laat ons meeding vir die leiersposisies. Hy gee ons almal kans om 'n span te lei deur intense oefensituasies, maar hy sê nie hoe jy vaar nie. Hy laat almal dink hulle het 'n kans.

En toe kom Sofia dié oggend daar aan en sy sê sy hoor daar is nog drie plekke oop, en sy wil die keuring doen.

Domingo roep vir my. Want hy weet hoe ek oor Sofia voel. Die wêreld weet hoe ek oor Sofia voel.

Hy laat die ander troepe hardloop, dit is net ons twee wat daar by hom staan. Hy het so 'n klein grinnik op sy gesig. Ek weet wat dit beteken. Moeilikhede. Domingo verander die keuring vir 'n plek in Special Ops net soos hy voel. Hy hou daarvan om dit by mense of seisoene of omstandighede aan te pas. Hy hou daarvan om te verras, om nuwe, onmenslike uitdagings uit te dink.

Ek kyk vir Sofia. Sy lyk onbeskryflik mooi. Haar hare is in twee lang witblonde vlegsels. “Sterkte,” sê ek vir haar. En ek is verlig om te sien sy knik haar dank.

Domingo sê: “Storm, jy vat vir Bergman K-store toe en jy gee vir haar kit.”

“Ja, kaptein.”

“Jy gee vir haar ’n geweer, en jy gee vir haar ’n try-out rucksack.”

“Ja, kaptein.”

“En dan hardloop julle tweetjies Luckhoff toe, tot by die klip.”

“Ja, kaptein.” Wat beplan hy?

“En dan hardloop julle terug.”

“Ja, kaptein.” Maar waar is die vangplek? In die tyd wat hy gaan toelaat? In ’n nuwe roete? Moet sy my abba?

“Julle het agt ure.”

“Ja, kaptein.” Agt ure? Hoekom só lank. Almal weet Sofia Bergman kan hardloop. Soos die wind, kilometers en kilometers ver.

“Maar sy moet jou wen, Storm. Verstaan julle dit?”

Ek sê: “Ja, kaptein.” Sy sê niks, knik net vasberade. Dit is te maklik, dink ek, waar is die Domingo-vangplek?

“As sy voor jou terug is hier by my, is sy in.”

“Ja, kaptein.” Miskien gaan dit tog ’n baie lekker oggend wees. Agt ure saam met Sofia, net ek en sy op ’n stewige draffie.

“Die probleem, Storm, is dat jy een van my sterkste leiers is. Jy is op my kortlys. Ek soek jou as my sersant van Team Bravo.”

“Ja, kaptein. Dankie, kaptein.”

“Die sersant-job is joune. Maar dan moet jy vir Bergman wen. Jy moet voor haar terug wees.”

Slim soos die houtjie van die galg.

* * *

Sofia Bergman

Miskien moet ek net een ding probeer verduidelik: Special Ops was die rock stars van daardie tyd. Onder die tienermeisies. Ons het elke lid van die Spotters se name geken, ons het geweet wie die sterkste en die vinnigste en die hardste en die mooiste en die sexyste was. So, ek staan daar langs Nico Storm en ek kyk vir hom, hy is toe al 'n kop langer as sy pa, hy is langer as Domingo, hy het hierdie paar skouers, hy is verskriklik fiks, hy gloei so van gesondheid. En ek weet hy is die tweede vinnigste oor dertig kilometer én sestig kilometer, nie eens Domingo kan meer skiet soos Nico Storm nie.

En ek moet hom wen.

En hy gaan my nie laat wen omdat hy van my hou nie, want as hy 'n sersant wil word, mag hy my nie laat wen nie.

Toe tel niks meer nie. Toe tel dit nie meer dat ek vir hom en Okkie en sy pa in die straat sien loop het en hy mooi met sy boetie was nie. Toe is hy my teenstander, my mededinger, hy is die hekkie wat ek moet oor. Toe dog ek okay, dan moet ek hom wen.

Sofia se SpOT-toets: II

Sofia Bergman

Dis een ding om elke dag twintig of dertig kilometer te draf met veerligte, baie gemaklike sportskoene. Dis 'n ander ding om met militêre stewels en daardie uniform en die helm en die rugsak met die klippe in en die geweer te draf.

En dit is nog meer vreemd om dit saam met iemand anders te doen.

Nico hardloop net so agter my. En dan sê hy nee, bly in die voetpaadjie. Oppas vir die sand. Versigtig vir die doringbosse. Of hy sê ek moet stadiger, ek moenie te gou my energie verbrand nie. Ek sê nie 'n woord nie, ek hardloop net. En ek dink, vir wat sê hy hierdie goed? Hy gaan my nie laat wen nie. Dink hy nou regtig ek gaan meer van hom hou, of wat?

En so hardloop ons.

* * *

Ek hardloop so 'n paar treë agter haar, want dit is vir my verskriklik lekker om vir haar te kyk. Sy is mooi en sy is 'n mooi hardloper ook. Sy het 'n ritme en 'n grasia wat ek nog nooit by iemand anders gesin het nie. Sy

hardloop met volkome gemak, asof sy nie aan dieselfde swaartekrag en sleurkrag as gewone sterflinge blootgestel word nie.

Sy hardloop aanvanklik te vinnig. Dit is adrenalien. Ek sê sy moet stadiger. Ek ken die roete soos die palm van my hand, ek waarsku haar oor die slaggate, die moeiliker dele, die probleemareas. Want ek wil hê sy moet in dié wedloop bly, so lank as wat moontlik is. Sodat ek kans het om te dink, kans het om te besluit wat ek moet doen. Want hier is meer as een ding op die spel.

Daar is hoe ek oor Sofia voel.

Daar is Domingo, wat altyd werk met 'n strategie. Hy is konstant besig om ons te toets. Ek moet probeer uitwerk wat toets hy dié keer: Wil hy vasstel hoe graag ek 'n sersant wil wees? Die antwoord is: baie graag. Maar dit weet hy. Hy kon dit sekerlik die afgelope sewe weke sien, want ek het soos 'n besetene gewerk.

Dalk wil hy uitvind of ek myself kan opoffer vir 'n medetroep, vir iemand anders se begeerte. Of ek my eie belange kan onderdruk, of ek onselfsugtig kan wees. Dalk is dit wat 'n leier moet kan doen?

Of wil hy weet of ek meedoënloos is, of ek leierskap en die belange van Special Ops bo alle ander kan stel. Ook bo die belange van my hart.

Teen die tyd dat ons op Luckhoff aankom, is ek seker dit is laasgenoemde. Domingo het nie sentiment nie. Domingo glo in animals. Domingo wil sien of ek 'n animal kan wees.

Natuurlik kan ek.

Dit sal baie lekker wees as Sofia Bergman 'n Spotter is. Dit sal nog lekkerder wees as ek 'n SpOT-sersant is en sy is een van my troepe. Dan kan ek haar elke dag sien. Naby haar wees, vir haar wys watter wyse en gebalanseerde leier en briljante soldaat ek is.

Maar as sy nie die keuring suksesvol voltooi nie, as sy moet teruggaan Groendakkies toe, beteken dit nie ek kan nooit weer by haar gaan kuier nie. Ek moet net slim wees. Ek moet haar net laat dink ek het haar 'n billike kans gegee om my te wen.

Daarom hou ek aan om raad aan te bied.

* * *

Op Luckhoff wys Nico my waar die klip is. Hy lig dit vir my op. Daar is 'n briefie wat lees: *Roer jou riete. Die son trek water.* Daar is 'n waterbottel, wat hy vir my gee. Ek drink daarvan.

Hy kyk na sy horlosie en hy sê vir my: “Sjoe, jou tyd is baie goed. Maar jy moet jou pas dophou. Mens kan uitbrand. Kom liewers 'n bietjie laat. Domingo het vir my sewe ure gegee, toe maak ek dit nie, maar toe kry ek in elk geval keuring. Jy kan hom nie altyd letterlik opneem nie.”

Hy sê later vir my hy het dit regtig goed bedoel, maar op daardie oomblik hoor ek dit nie só nie. Ek dink, wat 'n vermete klein windgat. Hy dink ek kan hom nie wen nie. Hy kom sê vir my hy het net sewe ure gekry, en Domingo gee vir my agt. En hy dink boonop ek kan dit nie in agt ure maak nie?

Ek verloor my humeur. Heeltemal. Ek sê vir hom: “Fok jou, Nico Storm. Jy kan my nie wen nie.”

En ek draai om, en hardloop terug.

Jy moes sy gesig gesien het.

* * *

Amper 'n jaar lank fantaseer ek oor hierdie beeldskone meisie, droom ek drome van teer gesprekke oor mooi dinge met haar.

En sy staan daar by die klip en sy vloek soos 'n matroos en ek kan sien sy is smoorkwaad en baie, baie vasberade. Ek kan dit nie glo nie. Ek kan nie glo dat só 'n woord by daardie mond kan uitkom nie, en ek kan nie glo dat sy regtig dink sy kan my wen nie.

Ek weet ons het in 'n uitstekende tyd tot op Luckhoff gehardloop – net so goed soos my heel beste tyd. Maar terug is 'n ander storie. En sy weet dit nie.

Toe kyk ek hoe sy hardloop, berg se kant toe, en ek lag. Saggies, natuurlik. En ek hardloop agterna.

* * *

Sofia Bergman

Eers na so sewe, agt kilometer op pad terug Amanzi toe begin my humeur bedaar en kry ek 'n ritme. En iets gebeur.

My oudste broer Dawid het die silwer in die vyftienhonderdmeter by die Statebondspele gewen. Hy het my die eerste keer vertel van hardloop-euforie. Net so nou en dan, het hy vertel, wanneer hy oefen, wanneer hy draf, dan kry hy die high, die euforie. Dan voel hy lig soos 'n veer, hy voel hy hardloop sonder inspanning, hy voel hy kan vir altyd aanhou. En hy hardloop vinniger as wat hy nog ooit gehardloop het. En ek het altyd gewonder hoe dit voel, want ek het as laerskoolkind dit nooit ervaar nie.

Maar 16 Oktober in die Jaar van die Vark is my verjaardag. En ek het nog by niemand 'n geskenk gekry nie.

Toe kry ek een by my oorlede broer Dawid.

* * *

Van Luckhoff af terug moet jy eers bergop. Dit is 'n plat berg. Jy hardloop vir amper nege kilometer bo-op voor jy in 'n klofie moet af.

'n Kilometer voor ek en Sofia teen die berg moet af, versnel sy haar pas.

“Stadig,” sê ek. “Daar is nog meer as twintig kilo's oor.”

Sy steur haar nie aan my nie. Sy hardloop net. Inspanningloos.

Ek dink nog nie ek kan verloor nie. Ek versnel ook.

Af teen die berg. Ek bly vyf treë agter haar, ek kry haar so 'n bietjie jammer. Ek sal vir Domingo sê sy het een van die beste tye vir die eerste dertig kilometer opgestel, sy het baie groot potensiaal.

Ons kom onder. Die voetpaadjie wat Special Ops se spanne al oor en oor hier uitgekerf het, loop al langs die koppe, tot by die Amanzi-dam. Dit loop op soek na die gemaklikste roete tussen die ongenaakbare tekstuur van die

droë lopies wat in reëntyd die heuwels se water afvoer, en die uitmergelende, rotsagtige heuwels self. Dit is nooit maklik nie, dit is nooit gelyk nie, dit bied geen blaaskans nie, dit hou net aan om jou te toets en toets.

Sy hou haar pas.

Sestien kilometer om te gaan, en sy hardloop voort met daardie ligvoetse grasia.

Vyftien, veertien nog oor. Op dertien punt iets haak haar gestewelde voet vas en sy struikel en ek dink sy gaan val. Sy herwin haar balans en sy hou aan hardloop.

Op tien kilometer is ek nog in ontkenning. Ek het nog nooit 'n burgerlike só sien hardloop nie. Dit kan nie hou nie.

Op sewe wurm die moontlikheid in my gedagtes in: Sê nou maar sy kan dié pas volhou. Kan ék?

Natuurlik kan ek.

Op ses kilometer kom die besef: Ek sal moet besluit wanneer ek gaan versnel. Ek wil nie te lank wag nie.

Op vyf weet ek die tyd het gekom. Ek wag vir 'n deel waar die terrein gelyk genoeg is dat ek langs haar kan verby, en ek versnel, haal haar in, en ek hardloop 'n oomblik lank langs haar. Ek kyk. Haar fokus is voor haar, sy is in haar eie wêreld, sy is onbewus van my. Sy is ongelooflik.

Ek hardloop nog vinniger, ek rek my treë, ek moet 'n voorsprong opbou en dan moet ek dit vergroot, stelselmatig. Ek wil nie in die laaste kilometer, ten aanskoue van my makkers, in 'n naelloop betrokke raak nie. Breek haar moed. Nou.

* * *

Sofia Bergman

Dit is die struikel wat die euforie breek. Sommer so skielik.

Ek hou my pas, maar ek kan voel, my bene en my longe, ek kan hulle voel. En ek hoor hoe hy net hier agter my hardloop, en ek dink hy gaan wen. Ek kan nie my pas volhou nie. Dit is die rugsak en die geweer, dis die goed wat my ritme breek.

Ek wil nie terug skool toe nie.

En ek begin dink aan wat Nico gesê het, van Domingo wat hom in elk geval toegelaat het, van Domingo wat 'n mens nie altyd letterlik moet opneem nie.

Domingo het vir hom gesê: “As sy voor jou terug is hier by my, is sy in.”

Dis al. Dit is die enigste reël.

Ek moet voor Nico Storm terug wees.

Toe kry ek die idee. En ek dink, dis dalk nie regverdig nie. En ek dink, maar dit maak nie saak nie, hy is 'n arrogante, vermetele windgat. All is fair in love and war. And this is war.

En toe dog ek, wag, dalk is dit nie nodig nie. Kom ons sien of hy verby kan kom. En toe kom hy verby.

* * *

Vier kilometer oor. Haar voeteval agter my word swaarder. Stadiger.

My hart gaan uit na haar toe. Soveel verskriklike vasberadenheid, soveel delikate grasia, soveel wonderlike ritme, maar sy gaan nie vandag 'n Spotter word nie. Tensy Domingo in 'n genadige bui is.

Ek rek my voorsprong, ek wil die nekslag toedien, die uitslag bo alle twyfel plaas. Ek wil terugkyk, maar ek moet ook dink aan ons romantiese toekoms.

Ek hoor haar gil, hoog en beangs.

Sofia se SpOT-toets: III

Ek steek vas, ek draai om.

Ons eerste kruisboog-ontmoeting spook al 'n jaar lank by my. Ek het al soveel keer gewens daardie oomblik kon anders gewees het. Meer romanties. Met veel meer waardigheid. Vir my. Ek het soveel keer snags in my bed in die SpOT-kaserne dié toneel herspeel sodat ek as held en redder my hoofrol hervul.

En hier is dit nou, droom wat werklikheid word: Sofia Bergman is in die nood, en ek kan haar red.

Ek hardloop terug, ek sien haar nie. Sy moes neergeslaan het, daar by die groot rotse en die doringbome.

“Sofia!” roep ek, regtig besorg, en ek hardloop terug op ons spoor.

Sy antwoord nie.

Sy kon flou geword het. Uitputting. Dit gebeur.

Ek is verby die doringboom, ek is by die rots. En dan tref die geweer se kolf my reg tussen die oë.

* * *

Ek slaan hom met my geweer se kolf. All is fair in love and war.

Hy slaan neer soos 'n os en hy bly lê en ek hardloop. Ek weet nie of ek hom hard genoeg geslaan het dat hy vir 'n minuut of 'n uur gaan bly lê nie. Ek sal uitvind wanneer ek die keuring geslaag het.

'n Ent verder begin ek bekommerd raak: Het ek hom te hard geslaan? Het hy met sy kop op 'n klip geval?

Sê nou net hy is dood.

Nee, hy's g'n dood nie. Hy is net flou.

Sê nou net hy is dood.

Drie kilometer oor, ek kan die dam sien, ek kan die Special Ops se basis sien daar op die heuwel anderkant die rivier, en ek dink ek het hom doodgeslaan.

Ek sal moet gaan kyk. Ek hardloop stadiger en stadiger. Ek staan stil, ek draai om.

Dan sien ek daar kom hy. Teen 'n spoed. Vyfhonderd meter weg. Of vierhonderd. Toe vlieg ek om en ek hol so vinnig as wat ek kan. Vol adrenalien, want nou is ek bang vir wat hy aan my gaan doen. Jy kan nie iemand teen die kop slaan met 'n geweerkolf en dink daar is nie gevolge nie. Hy gaan kwaad wees. Baie kwaad. En die kwaad gaan hom laat hardloop soos hy nog nooit gehardloop het nie.

En as hy vir my inhaal, gaan hy tien teen een vir my ook slaan.

Vrees maak mens vinnig.

* * *

Ek kan nie als skryf wat ek in daardie oomblikke dink nie, want my kinders gaan hierdie memoires lees.

Ek is kwaad vir Sofia Bergman. Kwaad vir die swak sportmangees, kwaad vir die misbruik van my goedhartigheid, kwaad vir myself oor my goedgeelowigheid, maar bowenal kwaad omdat ek weet: Dit is presies die soort van ding waarvan Domingo sal hou. Hy gaan klein en gemeen glimlag en vir haar sê: “Welkom in die kring van die Spotters.” En hy sal smalend vir my kyk en sê: “Sorry, Storm. Jy is nie my sarge nie. Better luck next time.”

Dit gaan nie gebeur nie.

Woede maak 'n mens vinnig. Maar die mokerhou en die bloed in my oë en die harsingskudding eis sy tol. Ek haal haar in, maar ek weet nie of ek haar vinnig genoeg inhaal nie.

En wat gaan sy doen as ek by haar kom? My weer slaan?

Ons moet deur die hek by die Havenga-brug. Sy is nog amper driehonderd meter voor. Ek hoor hoe sy vir die wagte skree: “Maak oop, maak oop!”

Ek sien hoe die wagte almal uithardloop om te kyk wat aangaan, hoe hulle lag, die hekke vinnig oopstoot. Sy hardloop deur.

“Dis Nico, dis Nico. Hy bloei!” Ek hardloop verby. My waardigheid al weer aan stukke.

Oor die brug. Sy is nog meer as tweehonderd meter voor, maar ek kan haar stewels op die teer hoor, en ek weet sy hoor my voeteval ook. Sy gaan omkyk. Omkyk is sleg. Dit beroof jou van ritme en spoed. Dan gaan ek nóg inhaal.

Ons haal die suidelike oewer, oorkant die brug. Net meer as 'n kilometer terug basis toe.

Die brughek se wagte sou geradio het. Die hele Special Ops sal weet ons kom. En ek is agter. En ek bloei en ek is moeg, dit was 'n baie vinnige pas. Maar die woede is my brandstof.

'n Kilometer om te gaan. Sy is honderd-en-vyftig meter voor.

Sy kyk om.

* * *

Sofia Bergman

Ek hoor hom kom, ek hoor hoe vinnig sy voete is, ek weet ek het nie meer petrol oor in die tenk nie, ek is doodmoeg, alles brand soos vuur in my. Hy is hier reg agter my, ek wil oorgee, ek is bang hy slaan of stamp my of iets.

Ek kyk om.

Hy is nog meer as 'n honderd meter weg, ek het my misgis. Ek het 'n kans. Ek hardloop, ek sit alles in wat ek het, teen die bult op, daardie verskriklike stywe bult op na Special Ops toe.

Ek kyk weer om.

Hy het die afstand halveer.

Deur die hek. Ek is nog voor, sy voete hamer agter my. Daar staan Domingo, ek moet voor Nico daar wees. Die soldate staan en kyk en juig en skree. Ek gaan wen.

En dan tackle Nico my. En ons slaan neer. Hy bo-op my. Ek val my wind uit. Hy swaai sy been oor my maag, hy pen my met sy gewig vas, sy hande op my voorarms, ek kan nie beweeg nie. Ek kry nie asem nie, ek hyg, ek maak vreemde kreun- en snakgeluide, net soos toe ek hom met die kruisboog geskiet het, maar die rolle is nou omgeruil. Ek sien hoe lyk sy voorkop. Die massiewe bloupers kol, die vel stukkend, die wond lank en lelik, die bloed oor sy gesig, in sy oë, dit het afgeloop tot teen sy nek.

Slaan my weer, jou opperste vark, slaan my weer, sê hy. Hy eggo wat ek destyds vir hom gesê het – dit moes 'n groot indruk op hom gemaak het.

* * *

Ek sê vir haar: “Slaan my weer, jou opperste vark, slaan my weer.”

Op daardie oomblik voel dit vir my of die heelal weer in balans is.

OceanofPDF.com

Sofia se SpOT-toets: IV

Sofia Bergman

Daar is 'n deel van hierdie storie wat niemand weet nie. Niemand behalwe Nico nie, en ek het dit eers veel later vir hom vertel.

Op die oomblik wat dit gebeur, maak dit glad nie sin nie.

Ek lê op my rug op die paradegrond, my wind is uit, ek hyg en snak, ek is bang vir Nico, hy is so woedend vir my. Hy sit op my, hou my arms vas. Ek kyk op, ek sien sy stukkende gesig, en dan sien ek die vliegtuig.

Dit is nie Hennie Flaaï se vliegtuig nie. Dit is 'n straler, 'n groot straler, nou klein, nou net meer as 'n spikkel, want dit vlieg baie hoog, dit knipoog blink in die helder diepblou hemel, net so vinnig.

Ek kan nie iets sê nie, want ek het nie asem nie. Ek kan nie eens met my vinger daarna wys nie, want hy druk my hande vas.

Die vliegtuig vlieg noord, Europa toe. En dan is dit weg, en Domingo se skaduwee val oor my.

* * *

Domingo sê: “Klim af van Bergman af, Storm.”

Ek klim af, ek staan op.

Hy kyk na my. Ek weet nie hoe erg die wond aan my kop en die bloed is nie, ek weet net dit is baie en dit is daar, want ek moes die bloed met my hande uit my oë vee.

Domingo kyk na haar. “Bergman, jy het die keuring gemaak. Val in daar by Team Delta.”

Hy wag tot sy opgestaan het en buite hoorafstand is. Hy kyk stip na my. Ek kan myself in die spieël van sy donkerbril se lense sien. Ek lyk pateties.

Domingo sug. “Happy to see you have an anger management problem too. Jy’s nog nie reg vir sergeant nie, Storm. Ek skuif jou Team Charlie toe, tot jy leer om daai temper te control.”

Ek wag dat hy my moet verdaag. Ek kan sien daar is nog woorde in sy mond. Hy hou hulle terug.

Hy sê: “Dismissed.”

OceanofPDF.com

In die Jaar van die Vark leer ek nederigheid.

Ek is net nog een van die troepe in Special Ops Team Charlie, die swakste span by die Spotters. En die Sofia Bergman-storie verwoes my reputasie: Sy word oornag 'n Amanzi-sensasie, 'n legende, 'n held, danksy haar slaan-hom-met-die-geweer-strategie om SpOT-keuring te kry. Wanneer Domingo uitvind van haar agtergrond, van die Boesman wat haar leer spoorsny het, laat hy haar dié kennis met Special Ops se troepe deel as 'n soort informele instrukteur.

En ek is oornag 'n absolute bespotting.

Dit is vir my diep pynlik, op meer as een vlak. My aansien in die eenheid is daarmee heen. Ek was immers die top-skut, die tweede vinnigste, ek was 'n sterk kandidaat vir bevordering. Daar is my eie legendariese verhaal – verstrengel met die diesel-Cessna en Okkie en die twaalf KTM-manne wat ek geskiet het – wat nou vir altyd besoedel is. Daar is die spesiale lekker wat mense kry wanneer 'n seder val: die arrogante seun van die Voorsitter, die Stigter, die Skrywer van die Pamflet. Waar ek ook al kom, sien ek hoe koppe saambuig in skinderpraatjies, hoe die laggies agter bakhande weggesteek word, hoe die oë my volg met 'n mengsel van fassinisie en jammerte.

Maar die grootste seer is die skade aan my verhouding met Sofia. Of dan, die skade aan die potensiaal van ons verhouding.

Net om haar elke dag te sien breek my hart weer van voor af.

* * *

In die Jaar van die Vark sien ek hoe my pa se liefde werk.

'n Dinsdag laat in Oktober, so bietjie meer as 'n week ná my val. Ons werk hard by SpOT, van vroegoggend af. Niemand harder as ek nie, want ek is ontsaglik vasberade om deur my persoonlike poging vir Team Charlie

die beste een te maak. As nederige troep. Net om vir hulle almal te wys. Dit tap my energie, want ek probeer almal help, ek probeer trek én stoot. Ek is saans doodmoeg.

Ek kom uit die stort uit. In Charlie se slaapsaal op die eerste verdieping trek ek aan vir aandete. Deur die gordynlose venster sien ek iets bekends. Ek kyk, en sien dit is Pa en Okkie wat daar wegstap, langs die paradedgrond verby na ons hek toe.

Wat sou hulle hier kom doen?

Ek het hulle nog glad nie gesien sedert Die Sofia-voorval nie, want ons kry nie meer naweke af nie.

My pa en Okkie, hand aan hand, in die sagte lig van die son wat sak. Pa wat met sy los hand beduie. Hy is besig om vir Okkie iets te vertel. Die betekenis van 'n woord? Die geomorfologiese geskiedenis van die rivier daar onder? Die vlermuise wat oor hulle swiep, is soogdiere?

My hart is sag, my lyf vol emosie, ek skrik toe iemand “Storm!” in die gang skree. Ek draai weg van die venster af en antwoord.

“Pakkie vir jou by die voordeur,” hoor ek.

Pa-hulle het dit gebring.

Ek trek vinnig aan, ek gaan haal dit. 'n Stewige kartonboks. Ek dra dit slaapsaal toe, sit dit op my bed neer, en maak dit oop.

Die moka-pot, wat ek en Pa in die Volvo gebruik het. En die gasstofie. En 'n beker. En vier pakke gemaalde koffie, lugdig geseël.

Ek sal nooit weet waarom die heelal op daardie oomblik vir my geglimlag het nie, maar ek is genadiglik alleen in die slaapsaal – iets wat nie dikwels gebeur nie. Ek is baie dankbaar vir dié feit, want ek huil. Geluidloos, bewegingloos, maar ek huil, trane wat onkeerbaar oor my wange loop. Oor die manier hoe Pa na my uitreik. Hy moes die stories gehoor het. Hy moes weet hoe dit 'n man van sewentien laat voel. En hy kon nie kontak maak nie. Hy kon nie hier inkom en sê laat Nico Sondag huis toe kom nie. Want dit sou my verder verneder het.

Toe vat hy sy kosbaarste besitting en hy bring dit vir my. Ek het nie geweet hy het koffie só bewaar nie. Dit was sy geheim.

Ek huil oor die liefde van my pa, ondanks alles wat ek aan hom gedoen het. Ek huil oor die herinneringe van die moka-pot, die maande en maande wat ek en Pa op die pad was en elke oggend ons koffie-ritueel gehad het.

En ek huil so 'n bietjie uit jammerte vir myself. Wat nie noodwendig 'n slegte ding is nie. Dit maak ook gesond.

En ek bêre die moka-pot en die koffie vir eendag.

* * *

In die Jaar van die Vark is dit 'n baie droë en warm somer.

Dit reën nie in Oktober of November nie. In Desember is dit só versengend dat die weiding in die veld verskroei en dertig persent van ons hoenders vrek. Ons het nie weiding vir die vee aangeplant nie, maar daar is genoeg oes-reste om die kudde aan die lewe te hou.

In die Jaar van die Vark stem Birdie eindelijk in om saam met Domingo “uit te gaan”.

Sy sê volgens oorlewering vir Nero Dlamini “he just wore me down”.

Op Oukersdag kom haal hy haar in die Jeep, en hulle ry oor die Havenga-brug en uit by die hek in die laatmiddag, en hulle kom eers die volgende oggend terug. Niemand weet waar hulle heen was nie, maar Sarge X se patrollies rapporteer dat daar glo Jeep-spore op pad na die ou Otterskloof-private wildreservaat gevind is, anderkant die dam, op die noorderoewer. En dat die stoep van die ou gastehuis onlangs gevee is, en dit lyk of die grootste, beste gastekamer silwerskoon gemaak is.

Ek wil dit nie hoor nie. Ek gun nie vir Domingo liefdesgeluk nie. Veral nie vir hom nie.

* * *

Die Jaar van die Vark is die laaste waarin my pa die Voorsitter van die Komitee is. Want Amanzi kry 'n grondwet, en in Januarie van die Jaar van die Leeu sal ons stem, en my pa sal die eerste President van Amanzi word.

Die grondwet verg maande se werk om dit te skaaf tot almal tevrede is. Dit begin met:

We, the people of Amanzi, through our freely elected representatives, adopt this Constitution as the supreme law of our community, so as to create and establish a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law. Our constitution will strive to improve the quality of life of all citizens, free

the potential of each person; and build a united and democratic society able to take its rightful place as a sovereign entity in the post-Fever world.

May God protect our people.

Saam met die nuwe grondwet kom nuwe titels. Pa is die President. Die Komitee is nou die Kabinet. Dit is groter, en elke lid is 'n Minister met 'n portefeulje. Sarge X word verkies tot Minister van Veiligheid en Sekuriteit, wat beteken hy is hoof van Verdediging en Polisie, maar almal verwys nog steeds na hom as Sarge X. Hy gee nie om nie. Domingo weier botweg om 'n meer vername rang of titel te aanvaar. Hy sê captain is genoeg, hy is nie deel van die Kabinet nie, hy neem nie deel aan die verkiesing nie en bly hoof van Special Ops. Hy is steeds die mens met die meeste mag in Amanzi, al het hy so 'n nederige titel. Dalk is dit waarom hy heeltemal tevrede is met sy nederige titel.

In die Jaar van die Vark produseer ons genoeg diesel vir al ons landbou- en militêre behoeftes.

In die Jaar van die Vark begin mense vir die eerste keer belasting betaal.

Ons voltooi bouwerk aan Die Meule in Gansiestraat, oorkant die Forum en stel dit in werking. Ons gebruik elektrisiteit om koring te maal – ons eie koring, vir ons eie brood.

Die ou OK raak heeltemal te klein om al ons surplusvoedsel te berg. Hulle herbeplan en herbou al die geboue in Disastraat om dit in een groot, stewige voedselmagasin te verander.

Birdie Canary sorg dat Petrusville ook elektrisiteit kry. Sewentig huise word in dié dorp herstel en ingerig, en mense trek in. Birdie sê ons sal binne veertien maande ons elektrisiteitsvoorsiening moet vergroot, want die tweehonderd-en-twintig-megawatt hidro-opwekkers gaan nie meer genoeg wees vir die industriële en boerdery-uitbreidings wat ons beplan nie.

Daar is groot debat oor die moontlikheid om die hidrokrags by die Garietdam te gaan herstel en te herlei. Maar Domingo sê ons sal dan die kragstasies daar moet beskerm en verdedig, en dit gaan te veel mannekrag verg.

Pastoor Nkosi Sebego steun vir Domingo. Dit veroorsaak 'n klein opskudding, laat 'n hele paar mense wonder wat sy agenda is.

Die uiteinde is dat die Komitee die besluit neem om die windkrag-torings by Noblesfontein naby Victoria-Wes so gou moontlik te begin verskuif en bo in die berge van Amanzi se reservaat op te rig.

In die Jaar van die Vark is meer as vyfduisend siele deel van Amanzi se gemeenskap. Hulle bly in die dorp, in die SpOT-kaserne, in Petrusville, en op plasies al langs die rivier af, tot so ver as Hopetown. Alles dui daarop dat dit die volgende dorp gaan wees wat sal herrys.

Mense begin praat van die Republiek van Amanzi.

OceanofPDF.com

Die Jaar van die Leeu

OceanofPDF.com

Annus horribilis

Dit is die laaste jaar waarin my pa sal lewe.

Ek wens so ek het dit tóé geweet.

Ek sal terugdink aan daardie laaste maande voor sy dood, en ek sal dink Januarie, veral Januarie, was 'n goeie een vir hom.

Ondanks die heroïese naam daarvan, is Die Jaar van die Leeu 'n annus horribilis. Dit is een wat bevestig: Alles gebeur altyd gelyk, net wanneer jy dit die minste verwag. Ook verraad en oorlog en verwoesting en moord, en die verskeurende pyn van kennis. Oor alles.

* * *

Januarie is warm en droog.

Die verkiesing is op 5 Januarie. Daar is drieduisend-vierhonderd-en-nege mense bo die ouderdom van sewentien jaar wat volgens die nuwe grondwet stemgeregtig is. Altesaam drieduisend-vierhonderd-en-agt daag op om hulle stemme uit te bring. Almal weet Domingo is die een kieser wat wegbly. Want hy glo nie in demokrasie nie.

Free Amanzi, Pa se party, kry agt-en-vyftig persent van die stemme, die Mighty Warrior Party verower die res. Ek is by, daardie aand in die Forum wanneer die pastoor sy toespraak maak. Hy is 'n waardige verloorder. Maar hy sluit af deur vir sy ondersteuners te sê: "Don't worry. The night is darkest before the dawn."

Nie een van ons besef dit is 'n belofte nie.

En dan, my pa.

Hy praat uit sy hart uit. Hy begin deur vir pastoor Nkosi en sy party te bedank vir die statige manier waarop hulle aan die verkiesing deelgeneem het. En dan gebruik hy 'n aanhaling van Plato uit *Die Republiek*: “Demokrasie is 'n sjarmante vorm van regering, vol verskeidenheid en wanorde, en dit verskaf 'n soort gelykheid aan beide die gelykes en die ongelykes.” Hy sê gelykheid is al vir honderde jare een van die hoekstene van demokrasie, Maximilien Robespierre het dit in 1790 deel van sy leuse van Vryheid, Gelykheid en Broederskap gemaak. Die probleem was dat ware gelykheid, in die volste sin van die woord, 'n ontwykende en seldsame verskynsel was. Oral in die wêreld, maar veral in Suid-Afrika. Die Koors was so 'n verskriklike verwoester, maar dit het tog een positiewe gevolg gehad – dit het ons almal werklik gelyk gemaak. In Amanzi is daar nie ryk en arm nie, daar is net mense. En dit is vir hom 'n eer en 'n voorreg om hulle as die demokraties gekose leier te dien.

Pa sê hy wil graag in alle nederigheid vanaand 'n kort stukkies by Plato se siening oor demokrasie voeg. Hy wil sê demokrasie verskaf nie net 'n soort gelykheid aan sowel die gelykes as die ongelykes nie, maar ook 'n vryheid aan die gelowiges én ongelowiges, aan die Christene en die Moslems, Hindoes en Boeddhistes, voorvaderaanbidders en agnostici.

Almal weet hy praat met die pastoor.

“Ek wil elke lid van ons gemeenskap vanaand uitnooi: Omhels hierdie vryheid. Geniet hierdie vryheid. Benut hierdie vryheid. En kom, werk saam om dit groter en sterker te maak.”

* * *

Hennie Flaai vlieg die afgelope vier maande saam met sy eerste leerlingvlieënier, die twintigjarige Peace Pedi. Peace se voornaam is baie verwarrend, want hy is allesbehalwe rustig. Hy is skraal, effens geboë, wanneer hy stap leun sy lyf ver vorentoe – dit lyk of hy vooroor tuimel in altyddurende beweging. Peace het 'n vol, groot mond wat in 'n permanente glimlag gevorm is, en hy is feitlik nooit stil nie. Hy praat, met almal, oor alles, hy is 'n sosiale dinamo.

Hy en Hennie is ietwat onwaarskynlike boesemvriende, verenig in hul groot passie en onblusbare begeerte om te vlieg. En dalk ook in hul liefde

vir gesels. Daar word wyd bespiegel oor hoe en wanneer elkeen 'n spreekbeurt kry in die klein Cessna.

Hulle vlieg elke oggend op patrollie, wanneer die weer dit toelaat. Vier maande lank sien hulle niks, behalwe vee en wild en ons mense, en migrante wat op pad is na ons toe.

Tot 27 Januarie. Januarie is veronderstel om reënseisoen en donderbuiyd te wees, daarom vlieg hulle vroegoggend, net ná dagbreek. Maar die wolke bly weg. Hennie kies elke dag 'n ander roete, sodat daar nie voorspelbare roetine aan sy vlugte is nie. Net ingeval Domingo se spioen-teorie dalk waar is. Hulle vlieg op verskillende hoogtes.

Op 27 Januarie vlieg hulle voor 07:00 al met die R717 langs, oos van Amanzi. Omtrent sestig kilometer van Amanzi af, net buite die heeltemal lewelose en verlate dorp van Philippolis, sien Peace die motorfietse: Vier van hulle, op 'n afstand wat net ver genoeg is om onsekerheid te veroorsaak. Hy wys vir Hennie Flaaï, hulle al twee fokus op die spikkels wat Philippolis binnery. Hulle sien die motorfietse twintig of dertig sekondes lank, en dan verdwyn die voertuie onder groot bome langs die hoofstraat.

Hennie hou kop. Hy wyk nie af van sy roete nie, hy vlieg nie laer of hoër, vinniger of stadiger nie. Hy wil nie vir die motorfietsryers laat besef hulle is raakgesien nie, maar hy rapporteer dit aan minister Xaba se radio-operateurs in Amanzi. Sarge X laat vir Domingo weet, en elf minute nadat Peace se skerp oë hulle gesien het, vertrek die SpOT-bevelvoerder saam met Team Alpha in die Volvo, Philippolis toe.

Veertig minute later kry Alpha net die afdruk van 'n dubbeldoel-motorfiets se voor- en agterband in 'n sliert sand wat oor die teerpad van die dorp se hoofstraat gespoel het.

Dit is die eerste bewys van bende-aktiwiteit in amper 'n jaar.

Die volgende dag ry die Volvo en die ERF, met onderskeidelik Team Alpha en Bravo, na Philippolis en Jagersfontein, Bethulie en Springfontein, Trompsburg en Reddersburg.

Hulle kry niks.

Op 30 Januarie vra Domingo vir Hennie en Peace om ook in die nag patrollie te vlieg. Want hy het vermoedens.

Februarie: I

In die nag van 2 Februarie om 00:23 gewaar Hennie en Peace ligte tussen Koffiefontein en Fauresmith. Vreemde ligte, enkelligte, dit lyk na ses of sewe motorfietse wat teen hoë spoed jaag, maar volgens die vlieëniers se berekening is dit in die veld, daar is nie 'n pad daar nie.

Hulle vlieg na die ligte toe. Dit word meteens afgesit.

Team Alpha in die Volvo gaan kyk baie vroeg die oggend van 3 Februarie. Dit is nie op 'n pad nie, dit is langs die ou treinspoor, naby Bellum-stasie.

Duidelike motorfietsspore. Dalk tot tien voertuie.

Hulle volg die spore tot waar dit naby Koffiefontein op die teerpad verdwyn. Domingo laat vir Hennie en Peace in die Cessna kom, en vir Team Bravo, en hulle fynkam die dag en die nag die hele gebied van Ritchie tot op Jagersfontein.

Hulle kry niks.

Maar nou is dit duidelik: Iets is aan die broei in dié snikhete somer.

* * *

Die vier Special Ops-spanne bestaan nou uit veertien mense elk – twee sersant-instrukteurs en twaalf troepe. Die twee sersante wat Team Charlie oplei, is Aram en Taljaard. Hulle was saam met my gewone troepe in Bravo voor hul bevordering. Ek is die enigste gewone soldaat in Charlie met vorige ervaring. Die ander is almal nuwe rekrute.

Wanneer ons die nuus van die motorfietsspore hoor, wanneer ons sien hoe Alpha en Bravo uit die basis uitry, kyk Aram en Taljaard vir mekaar, en dan vir my. Ons al drie smag daarna om saam met ons oudmakkers te wees. Maar ons is besig met maneuvres, besig om Charlie gereed te kry vir operasies. En in my geval, besig om straf uit te dien vir 'n oortreding waarvan ek steeds onseker is.

* * *

Op 3 Februarie, presies een jaar en twee dae ná ons laaste skermutseling – met die Marauders – hoor Sarge X se radio-meeluisteraars vir die eerste keer stemme op die veertigmeterband van die amateurradio.

“Clan Victor, Clan Victor, this is Number One, come in.” Ons radiokamer weet nie hoe lank Number One al op dié frekwensie roep nie. Hulle hoor die stem om 10:03 en laat dadelik vir Sarge X en Pa en Birdie en Domingo kom. Die refrein hou daarna nog veertien minute lank aan: “Clan Victor, Clan Victor, this is Number One, come in.”

“Dis hy,” sê Domingo, wat seker nooit daardie stem sal vergeet nie. “Dis Trunkenpolz.”

Eindelik kom die antwoord: “Number One, this is Clan Victor, repeat, this is Clan Victor. QRI.”

“Tone is good, Clan Victor. QRM?”

“Negative, Number One, negative. QRU?”

“Roger, Clan Victor, roger. I have an invitation for you. Sierra Charlie at Maseru on 6 February, Clan Victor, repeat, Sierra Charlie at Maseru on 6 February. QRV.”

“Roger, Number One, copy that, Sierra Charlie at Maseru on 6 February.”

“Number One, over and out.”

Dit neem 'n hele paar uur om konsensus te kry oor die betekenis van die gesprek. Domingo, Birdie, die ingenieur en minister Xaba werk aan die vertaling daarvan, wat so lui:

Vikings-bende, dit is Number One, kom in.

Number One, dit is die Vikings-bende, hoe is die toon van my sein?

Jou toon is goed, Vikings. Ervaar jy enigsins storings? Wat Domingo interpreteer as: Ervaar julle enige vyandige optrede, of afluistering?

Nee, Number One. Het jy iets vir my?

Ja, ek het 'n uitnodiging: Daar is 'n Sales Club-ontmoeting op 6 Februarie by Maseru. Is julle reg daarvoor?

Ja, ons is.

Dan bevestig hulle die datum en plek, en groet.

Nero Dlamini sal veel later vertel van die groot debat wat ná die radiogesprek plaasgevind het op 'n spesiale vergadering van die nuwe, groter Kabinet, wat volgens die grondwet nou die ou Komitee vervang het. Hulle roep vir Domingo in om ook sy mening te hoor. Pa, as President van Amanzi, is die voorsitter van die vergadering.

Die groot vraag waarom hulle stry, is: Stuur Amanzi vir Special Ops na Maseru toe vir die ontmoeting, om vir Clarkson en Meyiwa / Number One en The Chair te probeer vang of doodmaak?

Pastoor Nkosi Sebegu is verrassend genoeg die aggressiewe een: "It's been a year. They feel safe. We can't afford to let them slip through our fingers. Let's send the soldiers. Let us take the war to them."

Ravi Pillay steun hom versigtig: "I will have to agree. There is no evidence to the contrary. I say we send SpOT."

Beryl en Birdie is bekommerd oor die toeval: Binne 'n week is daar twee keer tekens van bende-aktiwiteit binne 'n honderd kilometer van ons af, en dan die gesprek op die radio. Ewe skielik, uit die bloute, ná 'n jaar van stilte. En nie net sommer 'n hoe-gaan-dit-radiogesprek nie, maar een wat tussen al die Q-kodes deur dit baie duidelik maak wat die datum en die plek van 'n handelsbyeenkoms is. "Dis net té maklik," sê Birdie. "Té toevallig."

"Please. Not everything is a conspiracy. I just don't think these terrorists, this devil's spawn are that smart," sê die pastoor. En dan redekawel hulle heen en weer, tot Pa eindelijk die Kabinet tot orde roep, en vir Domingo – wat tot nou toe emosieloos gesit en luister het – vra wat hy dink.

"Ek dink hulle het in August geskrik toe hulle vir uncle Matthew doodgeslaan het. Hulle het daai tyd seker gedink, let's wait six months, let the dust settle, let's not make these idiots suspicious. Die dust het nou gesettle. Ek dink hulle kom nou vir ons. Want ons harvest is in, en ons food processing is amper klaar, and it's a very dry season, there will be hunger out there. Ek dink die radio broadcast is 'n trap. Hulle wil hê ons moet soldiers stuur Maseru toe. Hulle wil ons Ops Teams hier weg hê, lat hulle Amanzi kan attack."

"Oh, please," sê pastoor Nkosi. "It seems I'm the only one who is not a coward. Give me a SpOT team. I will lead them."

Domingo staan op voor Pa kan reageer. Nero Dlamini vermoed hy gaan die pastoor 'n oorveeg gee. Hy sê egter net: "Mister President, I have said my piece. It is for this Cabinet to decide." En hy loop uit.

Hulle stem oor die aangeleentheid, en besluit die Special Ops-spanne moet eers bly. As dit nie 'n lokval van Number One is nie, sal daar weer radioboodskappe en Sales Club-byeenkomste wees.

* * *

Die volgende vier dae is dit onheilspellend stil. Daar is geen verdere radiogesprekke op die veertigmeterband nie, ook nie verkenner wat agterdogtige aktiwiteit sien nie.

Op 8 Februarie bars die hel los.

Om 04:41 kom maak Domingo die hele Special Ops-eenheid wakker. Dit is nog donkernag. Hy laat ons aantree op die paragegrond, hy sê daar was net ná middernag 'n aanval op ons nedersetting by Hopetown. Van die ses-en-sestig mense wat daar woon en werk, is drie-en-sestig doodgemaak. Drie kinders van twaalf jaar en jonger het oorleef. Toe die eerste skote klap, het 'n volwassene hulle aangesê om in die ou begraafplaas oorkant die hoofpad te gaan skuil. Hulle het in vrees en bewing gesit en luister na die skote, die ontploffings, die gille, die gebrul van enjins, en die geknetter van die vure wat huise verwoes het. Hulle het die vlamme gesien. Hulle het gedink dit is alles verby, en nader gesluip. Toe sien hulle hoe die aanvallers vertrek. Op motorfietse, begelei deur een bakkie. Daar was 'n groot masjiengeweer agterop die bakkie.

Die oudste van die kinders het geweet hoe die radio werk, sy het vir Amanzi laat weet toe hulle seker was die aanvallers is almal weg.

"The girls say the attackers came from the north, and left in that direction. Hennie Flaai is up, they are combing the area. Alpha and Bravo, we are moving out immediately. Charlie and Delta, you are operational as of this morning. In my absence, your team leaders will be taking orders from Sarge X. He will be following our emergency defence plan, and I expect you to perform to the very best of your abilities."

* * *

Die groot aanval op Amanzi kom in die donkerste ure van 9 Februarie.

Ons beste eenhede, Alpha en Bravo, is naby Kimberley, saam met ons beste militêre brein: Domingo. Hulle jag bendes wat soos skimme in die wye, wilde velde verdwyn het. Hennie Flaai en Peace Pedi doen lugondersteuning.

Amanzi se groot noodverdedigingsplan is in werking gestel. Dit beteken dat Sarge X se hele verdedigingsmag – die sogenaamde Grandpa’s Army – ontplooi is. Bygestaan deur die reserviste, sowat honderd inwoners wat nie amptelik deel is van Grandpa’s Army nie, maar darem so ’n bietjie opleiding gehad het in wagstaan en skiet. Hulle het hulself blymoedig en selfspottend *Grandma’s Army* gedoop. Hulle is nog nooit betrek nie, want ons het nog geen werklike noodtoestand gehad nie. Tot nou toe.

In die nag van 9 Februarie is daar meer as tweehonderd mense wat in en om Amanzi gereed staan om die dorp en gemeenskap te verdedig.

Daar is twintig swaargewapende wagte verskans by elk van die Petrusville- en Havenga-hekke. Dertig is aan diens by die kwaai gefortifiseerde hoofhek. Tien mense patroleer te perd oorkant die dam, op die noordelike oewer.

En die res, ’n mag van vyftig van Sarge X se beste (middeljarige) soldate, plus nog vyftig reserviste, is in loopgrawe en skuilings agter in die reservaat, by Sektor 3, die “soft underbelly” van ons natuurlike bergskanse – die klofie wat van die dam af opstrek tot op die berg.

Die plan is om nog eendag Sektor 3 met ’n muur en ’n hek te beveilig. Dit sal ’n lang muur en ’n sterk hek moet wees. Die omvang van só ’n projek gaan veel meer bronne verg as wat Amanzi tot nou tot sy beskikking gehad het, want die terrein is wyd en ru. Daarom lê die verdedigingsmag van eenhonderd mense nou in ’n netwerk van loopgrawe en klipskuilings. Sektor 3 se “linies”.

Ek en die twee sersante van Team Charlie het al meer as ’n jaar se intensiewe militêre opleiding agter die blad. Ons het ’n KTM-veldslag oorleef, ons het die Marauders se radiobasis gaan oorneem. My medetroepe, die nuwer lede van Team Charlie, spog darem met vier maande van Domingo se meedoënlose instruksie. Ondanks ons gevorderde vaardighede het Charlie die sonderlinge eer en voorreg om saam met die swakste reserviste, die res van *Grandma’s Army*, wag te staan in Disastraat. Ons is

die laaste linie van verdediging om Amanzi se voedselmagasin, inmaakfabriek, meule, bakkery en polisiestase – die hart van ons gemeenskap – te verdedig. Ons is twee-twee ontplooi in strategiese posisies tussen die geboue, afgewissel met die reserviste.

Dit is moeilik om dié ontplooiing nie te sien as 'n klap in die Charlie-gesig nie. Maar ons weet dit is nie so bedoel nie. Die noodverdedigingsplan se oorspronklike vorm plaas vir Team Alpha by die hoofhek en vir Team Bravo in Sektor 3. Maar hulle is nou saam met Domingo, iewers naby Kimberley.

Sofia Bergman is saam met Team Delta.

Ek dink aan haar waar ek lê en wag. Ek dink aan haar en wonder of sy ooit aan my dink.

Team Delta se opdrag is net effens meer opwindend. Hulle is bo, in die middel van die reservaat. Hulle dien as rugsteun vir die eenhonderd dapper verdedigers van ons soft underbelly. Hulle wag by die ou wildbewaarder-pakstoor en -kantore, halfpad tussen Sektor 3 en die hek wat ons dorp en die reservaat skei.

* * *

Die aanval op Amanzi kom presies waar Domingo vermoed het dit sal wees. Agter in die kloof.

Die aanvalsmag is groot. Groter as wat ons voorbereiding voorsien het. Meer as tweehonderd voertuie. Omtrent driehonderd bloedlustige manskappe. Dit kom twee uur voor dagbreek.

Februarie: II

Die Vyand. Ek onthou: dit is hoe ons in daardie tyd na hulle verwys, met 'n mate van frustrasie. Want 'n vyand sonder naam is 'n minder gehate en gevreesde vyand. Waar is die dae van Die KTM?

Die amorfe, geamalgameerde terroriste, die onheilige slawehandelsvennootskap, die alfabetsop van motorfiets- en bakkiebendes en die onpeilbare Sales Club en ander misdadige, oorlogsugtige splintergroepe vervorm in die Amanzi-volksmond tot 'n verbeeldinglose "Die Vyand". Hulle het vir ons Cessna en ons patrollies weggekruip in die voue van die berge en skeure van die klowe naby die verste stroomop-punt van die dam, vyftig kilometer van ons dorp af. Dit moes hulle baie nagte van versigtig nader sluip gekos het om almal ongesiens tot daar te kry.

Hulle het ons beste verkenningpogings ontglip danksy die amateurstatus van ons verdedigingsmag, die uitgestrektheid van ons agterveld en die wydte van die Karoo. Hulle moes ná sononder gisteraand die baie voertuie en vegters begin mobiliseer het om stil en stadig en versigtig te ry na hul laaste versamelpunt, die plek waar hulle nog onsigbaar en onhoorbaar vir ons was. Dit is omtrent vier kilometer van Sektor 3, die Soft Underbelly-kloof af.

Van daar, teen 03:25, net meer as twee uur voor sonop, spring hulle weg, in 'n dolle jaagtog, 'n wedren teen tyd om die kleinste moontlike verdedigingsmag te kan konfronteer en hul strategiese voordele ten beste te benut: die verrassingselement, hul oormag van getalle, hul gepantserde bakkies – vier met die relatiewe grofgeskut van 20 mm-kanonne – en die donker van die nag.

Hulle het egter ook vier probleme. Die eerste is wat ons nou Sektor 3 noem: Die kloof self. Die paadjie van onder op die vlakte tot bo in die reservaat is 'n tweespoor teen die steilte op – berg aan die een kant, dal aan die ander, met skerp kontoere. Daar is nie ruimte vir meer as twee motorfietse langs mekaar nie. Vierwielvoertuie sal agter mekaar moet ry. Hul aanvalskonvoi is dus 'n baie lang wurm.

Die tweede is die lengte van die tweespoorpaadjie van onder tot bo: twee kilometer waarin hulle heeltemal blootgestel is. Daar is geen skuiling vir die lang ry voertuie nie.

Die derde: Sou jy dit maak verby die linies en loopgrawe van Grandpa's Army in Sektor 3, moet jy deur die klipveld. Bo-op die reservaat-berg se plato is daar 'n groot area wat met baie ongemaklike, ronde klippe besaai is. Nie klein klippe nie. Die gemiddelde grootte is soos dié van 'n spanspek, die grootste soos sokkerballe. Honderde duisende van hulle. Dit is moeilik om te voet daar te loop. Perde haat dié area. Jy kan daaroor jaag met 'n viertrekvoertuig, maar dit sal mens en masjien skud en stamp en breek. In die donker gaan die skade-ratio baie hoog wees, as jy nie kan waag om jou kopligte aan te sit nie. Met 'n motorfiets kan jy net teen 'n spoed van laer as twintig kilometer per uur, en baie versigtig, daaroor ry. Jou enigste uitweg is om steeds in gelid op die enigste tweespoorpaadjie te bly. Wat dit baie makliker maak vir jou teenstander om jou raak te skiet. Team Delta, Sofia Bergman se span, lê net anderkant die klipveld en wag.

Die vierde: die ou hoofhek van die reservaat. Dit is die enigste plek waar enige voertuig wat deur die reservaat kom, Amanzi kan binnedring. Dit is 'n sterk hek van staal. 'n Motorfiets sal dit nie kan oopjaag nie. 'n Bakkie dalk. Maar danksy die ruveld en die hekgeboue sal net een voertuig op 'n slag daar kan deur.

As hulle egter tot daar vorder, is Amanzi in groot gevaar.

* * *

Dis omtrent onmoontlik om oor te vertel hoe dit is om in 'n veldslag te wees. Ek dink dit is hoekom baie mense nie daaroor kan praat nie. Dit voel of alles verwring word. Tyd – wat voel soos ure, is net minute. Wat voel soos minute, is dalk ure. Ruimte word verwring, jou sin van naby en ver en bo en onder en links en regs, alles voel soos een en alles voel soos 'n duisend brokstukkies. En jou sinne, jou besluitneming, jou geheue, wat jy onthou, alles verwronge. Dit is die verskriklike vrees wat dit doen, jou vrees vir doodgaan. En die adrenalien en die oorlewingsdrang en so 'n woede wat in jou is, 'n woede vir Die Vyand – hoe kan hulle jóú wil doodmaak? Dis wat hulle noem die “rooi mis van oorlog”, daardie woede.

Niemand kan regtig objektief wees as hulle vertel van 'n veldslag nie. Dit is 'n gelapte onthou. 'n Gedeeltelik verbeelde onthou.

* * *

Ek is vas aan die slaap teen 03:30. Dit is die dringendheid van stemme op ons tweerigtingradio's wat my wakker maak. Benoude stemme wat roep, daar is aktiwiteit in Sektor 3, daar is enjins wat raas, baie enjins, voertuie wat jaag, dit klink of hulle oor die vlakte langs die dam aankom. Grandpa's Army in die loopgrawe van die kloof wil weet of die hoofhek en Petrusville se wagte dit ook kan hoor.

Nee, niemand anders hoor dit nie.

Minister Xaba se stem kraak oor die radio soos 'n man wat pas wakker gemaak is, maar hy neem onmiddellik beheer. Hy vra elkeen van die vier uitkykposte in Sektor 3 om die lawaai afsonderlik te bevestig.

Hulle doen dit een na die ander.

“We see sparks or something,” sê een van hulle. “Like a glow. It might be from exhausts.”

“It is a big noise,” voeg 'n ander by. “A lot of engines.” Almal se stemme dra swaar aan die spanning, en die benoudheid.

Sarge X vra weer vir die ander poste: “Is daar enige aktiwiteit?” Weer beaam Petrusville, die hoofhek en die hek by die Havenga-brug: Nee, by hulle is die nag doodstil.

“They are coming through Sector 3,” sê Sarge X. “Stand by for action. If you have a target, fire.”

Ons wag.

Oor die radio: “Coming closer. Noise now louder. We think ... There are hundreds ...”

’n Stem, skril met vrees: “Send more people. Send more ...” Met skote wat opklink.

Sarge X bly kalm, tot sy ewige krediet. Hy gee opdrag aan die radiokamer om vir Domingo te laat weet: Die groot aanval is hier. Bring vir Alpha en Bravo, haas terug Amanzi toe.

Domingo-hulle is al meer as twee uur weg. Dit is te ver om ’n verskil te maak. Hierdie gaan gou oor wees.

Minister Xaba neem sy radio, klim in sy polisiebakkie en hy ry na die reservaat se hek toe, en dan na die front.

* * *

Die Vyand is uitgeslape. Hulle stuur vier staalplaat-versterkte bakkies eerste teen die kloof op. Elk van die vier het ’n 20 mm-kanon wat agterop die laairuim vasgebout is, met twee bemanningslede wat laai en vuur. Ná die bakkies jaag die eerste van tientalle motorfietse.

Grandpa’s Army is nie gewapen om dié gepantserde bakkies te stop nie. Hulle het net R4-gewere.

Die bakkies jaag deur. Die vonke spat waar die koeëls hulle tref. Ons verdedigingsmag se mense skree oor die radio’s om vir Team Delta en vir Amanzi te waarsku. Ek luister en ek spring op, ek wil iets doen, wil vir Team Delta gaan help, want ons is nutteloos hier, ons sal nie ’n oormag hier kan weghou nie, ons moet hulle voor die hek keer.

Sarge X se stem bly kalm. “Keep firing. Hold your positions.”

Ons verdedigers laat weet tussen die chaos deur dat hulle van die motorfietsryers tref. Ek onthou een se hoë, ekstadiese gille, oor en oor: “Ek het hom, ek het hom.”

Maar die meeste van die eerste vyftig voertuie kom deur. Hulle wil nie ons linie in Sektor 3 aanval nie. Hulle wil ’n bres slaan, reg deur na die dorp toe. Hulle jaag net, hulle skiet wild, verby ons linies, oor die plato bo-op die berg, op pad na waar Delta nou baie wakker en baie gereed agter klipskuilings lê en wag.

En dan, Die Vyand se eerste teenspoed. Grandpa’s Army raak gelukkig. Hulle skiet twee motorfietsryers byna gelyktydig raak – net ’n honderd

meter van die kruin van die kloof af. Al twee val in die tweespoorpaadjie. Die volgende twee motorfietse se volgfstand is te klein. Hulle bots teen die twee op die grond, en val ook. Die volgende twee hou net-net betyds stil, maar ons verdedigers skiet hulle. 'n Bakkie is die volgende voertuig. Hy ry oor 'n gevalle motorfiets, swaai om die volgende wrak te probeer vermy, en sy neus tref die rotse links van die paadjie. Meteens is daar 'n prop in die tweespoor-bottelnek. Die Vyand se aantog van nog motorfietse en bakkies dam daaragter op. Hulle kan nie vorentoe nie, hulle kan nie terug nie. Hulle is blootgestel, sonder noemenswaardige skuiling.

Ons verdedigingsmag skree en juig en skiet. Hulle sorg dat niemand die opeenhoping kan skoonmaak nie.

Maar hulle skiet te veel, want hulle is Grandpa's Army. Hulle ammunisie sal nie hou nie.

* * *

Die Vyand se voorste vyftig kom oor die vlakte na Team Delta toe. Deur die klipveld.

Ons hoor die stemme van Team Delta se twee sersante oor die radio. Hulle is oudlede van Alpha, hulle is goeie leiers, hulle is ervare en kalm. "Ons sien hulle. Vyfhonderd meter. Vierhonderd. Driehonderd ..."

Team Delta se sersante gee die bevel om te skiet.

En dan, Die Vyand se oomblik van waansin. Dalk oor die onverwagte en akkurate vuur van Delta. Dalk uit bravade, of net adrenalien. Die klipveld se algemene reliëf is plat. In die donker lyk dit so maklik begaanbaar, lyk dit moontlik om van die tweespoorpaadjie af te ry en langs jou makker te jaag. Hulle spoed is angswekkend hoog, hulle jaag om by die dorp te kom voor ons georganiseerd kan reageer. 'n Bakkie met 'n kanon agterop, en 'n oorgeesdriftige bestuurder, swaai uit die paadjie om langs die een voor hom te ry, of verby te gaan of iets. Die snelheid, die verskriklike gestamp van die klippe, die donker en die swak vaardighede van die bestuurder sweer saam. Hy verloor beheer, net tweehonderd meter van Delta af, die bakkie rol en dan tuimel dit, gat oor kop, vonke spat in die nag en dit slaan neer bo-oor die paadjie. 'n Volgende bakkie ry teen die voorste een vas met 'n weergalmende knal. Die leidende voertuig slaan aan die brand. Dit verlig

die veld en Die Vyand. En dit blokkeer die paadjie. Die jaagkonvooi kom heeltemal tot stilstand.

Van die motorfietsryers kom verby die vuur deur die veld, sukkelend, stampend, stadig. Team Delta skiet hulle dood.

Die res soek gou skuiling agter die bakkies. Sommige van die bakkies swaai uit die paadjie en probeer deur die klipveld kom. Teen 'n slakkepas, helder verlig deur die brand. Team Delta fokus hul gordynvuur voor op die kajuite. Hulle tref die bestuurders, die passasiers, die kanonoperateurs. Die bakkies val vas. En agter dit alles dam die res van die vyftig voertuie op. Die Vyand se soldate spring af en uit, hulle kry skuiling agter klippe en bosse. En skiet nou terug.

Delta kan skiet soveel as wat hulle wil. Want net agter hulle is een van Domingo se wapen-opslagplekke. Daar is genoeg ammunisie.

Meteens is dit loopgraaf-oorlog.

Skielik is dit skaak.

Februarie: III

Ons lê in Disastraat en luister na die radio's. Magteloos. Ons hoor Sektor 3 en minister Xaba en Team Delta se sersante. Ons vorm 'n beeld van wat daar bo gebeur, en eindelik ook die dooiepunt op twee fronte: In die kloof hou ons verdedigers die grootste deel van Die Vyand se mag terug met die bottelnek, maar hulle ammunisie is feitlik op. By die klipveld het Delta 'n tamaai voorraad van ammunisie, maar hulle is vasgepen.

Ons het die inval tydelik gekeer. Solank daardie prop in die kloof bly. Solank Grandpa's Army en hul reservis-broers patrone het om te skiet en Die Vyand kan vaspen.

Die minute tik verby, die stemme op die radio, die skote, dit is soos iets wat in 'n ander wêreld gebeur. Agter die berg, baie ver van die stil, kalm dorp waar ons lê. Dit is amper onmoontlik om te bly sit, om te aanvaar dat hierdie gewag die beste aanwending van ons ervaring en talente is.

Die slegte nuus kom uit Sektor 3: "Ons ammunisie gaan nie hou nie."

As ons hulle net kan help. As ons ...

Ek onthou my dae as veewagter. Ek dink aan die roete wat ek en Jacob Mahlangu destyds uit nood ontdek het, toe dit so swaar gesneeu het, toe die gewone pad reservaat toe 'n onbegaanbare modderbad was. Ons het dit 'n paar keer met daardie vergete vierwiel-motorfiets gery, 'n oeroue skaap- en wildpaadjie wat die diere uitgetrap het na waterpunte toe.

Miskien kan ek ... Daar is 'n manier om ammunisie by Sektor 3 te kry. Ek staan op. Ek sit weer. Ek durf nie bevele verontagsaam nie.

Tot ek dit nie meer kan hou nie. Ek spring op. Ek hardloop na waar Aram, my naaste Charlie-sersant, lê.

“Wat maak jy, Storm?” Ergerlik, want ek verlaat my pos in spannende omstandighede.

“Ek weet hoe ons ammunisie by Sektor 3 kan kry.”

“Hoe?”

“Ek was veewagter daar bo. Vir meer as twee jaar. Daar is ’n voetpaadjie hier van die ou township af. Dis dalk toegegroeï, dis moeilik, dis steil, maar dis ’n kortpad. As ons die perde vat ...”

Hy kyk na my, hy dink. “In die donker?”

Ek knik. “Ek het daardie roete baie gery.”

Hy huiwer ’n oomblik. Hy spring op. “Kom,” sê hy. Ons hardloop na Taljaard toe, die ander sersant.

* * *

Taljaard roep die minister oor die radio en vra toestemming om Sektor 3 se ammunisie aan te vul. Net dit, want ons vermoed Die Vyand luister na die radio’s. Taljaard sê nie wíé dit gaan doen of hóé ons dit gaan doen nie. Sarge X bly langer as ’n minuut stil. “Can you do it?”

Taljaard kyk na my. Ek knik met meer optimisme as wat ek voel.

“Roger. We can.”

Dan kom die antwoord: “Do it,” en ek neem die een helfte van Team Charlie na die perdestalle toe terwyl die ander helfte begin om ammunisie uit die polisiestasie te dra en op die sypaadjie te pak.

Ons saal dertig perde op – veertien vir die ruiters en sestion vir die ammunisie – en ons jaag polisiestasie toe terwyl ons luister na die radio. Die gevegte duur voort, Sektor 3 skiet net enkelskote, hulle ammunisie is nou feitlik heeltemal op.

Ons laai die kiste op die perde. Ek lei die groep, ons ry so vinnig as wat ons kan. Dit is amper vyf kilometer, eers na die ou township, vandag ten volle bewoon deur Amanzi-mense, dan met die kronkelende paadjie wat die diere oor baie jare uitgetrap het. Dit is moeilike terrein, die helling baie steil. Die perde is swaar gelaai. Dis donker. Ons vorder te stadig. Ons hoor oor die radio die angsvolle stemme van ons verdedigingsmag. Hulle sê Die Vyand het ’n aanval te voet geloods toe hulle besef die teenvuur neem af. Hulle skree: “Hier kom hulle, hier kom hulle, kom help ons.” Ons hoor die skote. Ons hoor die krete van vrees in die laaste oomblikke voor die dood.

Ons kom om die laaste draai van die berg. Die reuk van kordiet en brandende rubber en petrol, die skote knetterend, ons is op volle galop, Aram roep hulle op die radio: Team Charlie op perde uit die weste, moenie skiet nie. Maar daar is niemand oor nie, net Die Vyand.

Ons spring van die perde af, soek skuiling teen die rant. Ek het my R4 DM, ek sien die toneel deur my teleskoop – na regs, die tweespoor wat in die kloof opkom. Daar is nog vier motorfietse wat die pad blokkeer en tien of twaalf manne wat nou hard werk om die roete skoon te maak, want niemand skiet meer op hulle nie. Daaragter, so ver as wat ek in die donker kan uitmaak, tot onder, die lang tou van Die Vyand se voertuie, en mense wat ons wil kom doodmaak.

Ek swaai die teleskoop na links. Ek sien die linies en loopgrawe van ons Sektor 3. Die Vyand se soldate hardloop daar met flitse, pistole en gewere, en skiet ons Grandpa's Army-mense waar hulle lê om seker te maak hulle is dood.

Die tweespoor is die belangrikste. Ons moet die pad geblokkeer hou. Ek begin daar. Ek trek my asem in, ek mik, en ek skiet. Die een na die ander. Hulle verwag dit nie, hulle het gedink ons magte is almal uitgewis. Ek is kalm, ek is beheersd. Ek mors nie 'n enkele skoot nie. Sewe van hulle. Die ander vlug tot agter die naaste bakkie en skuil daar.

Hulle skiet terug, eers tentatief, dan met groter fokus, van links en van regs. Wild en in massa, 'n gordyn van lood wat oor ons sing en tussen ons vasklap.

Aram en Taljaard en ek is ervare. Ons is opgelei deur Domingo. Ons hou Team Charlie kalm. Aram ontplooi ons, hy rig die helfte van ons vuurkrag na links, die ander helfte regs. Hy sê vir my: “Kies jou eie teikens.”

Ek skiet linies toe, dan weer kloof toe. Tot die linies skoon en stil is. En Die Vyand se vuur van die kloof-tweespoor ook al hoe stiller raak.

Ons juig nie wanneer ons die mini-veldslag gewen het nie. Want net daar anderkant, skaars tweehonderd meter, lê 'n honderd van ons mense doodgeskiet. Ons mense. Mense wat ons goed ken, dierbare, goeie mense, ons amateur-soldate, wat vanaand hul lewens gegee het vir Amanzi.

Aram laat weet vir Sarge X ons het hulle tydelik gekeer. Dit is egter 'n kwessie van tyd voor hulle die voertuie-in-die-kloof-prop heeltemal los en te voet vir ons kom. Daar is sekerlik nog 'n honderd-en-vyftig van hulle oor.

Sarge X is weer lank stil. Dan: “You will have to hold your position, Charlie. Delta is pinned down for now. But the cavalry is coming.”

Dit beteken Domingo. En Alpha en Bravo. Nog minstens ’n uur weg, volgens my berekeninge. Watter verskil sal hulle kan maak, nege-en-twintig mense, teen hierdie oormag?

* * *

Sofia Bergman

Een van die dinge wat ek ontdek het in daardie nag van 9 Februarie is dat ek ’n baie groot fout gemaak het om ’n Spotter te word. Om ’n soldaat te word. Dit was toe hulle Killian ...

Ek wil nie regtig daarvoor praat nie, ek wil dit nie weer onthou nie. Die blote feit dat jy daar lê saam met jou mense, mense met wie jy ’n baie sterk band het, dit is ’n Special Ops-band van saam swaarkry en so baie ander goed, jy is lief vir hierdie mense, en daar oorkant is ander mense wat vir jou en hierdie mense wil doodmaak. Wat op jou skiet. Wat alles wil kom vat waarvoor jy en jou mense so hard gewerk het. Ek ...

Hulle het Killian ... Hy is getref deur ’n twintigmillimeter-kanonkoeël.

Hier reg langs my.

Maar ek het al voor daardie oomblik geweet ek is nie ’n soldaat nie. Nie omdat ek bang was nie – almal was bang – maar omdat ek geweet het die goed wat ek daardie nag gesien en ervaar het, gaan my ... Dit gaan my verander. Vir altyd. Op ’n manier wat ek nie verander wil word nie.

Toe is dit natuurlik al klaar te laat.

* * *

'n Halfuur voor sonop kom die eerste vlaag van Die Vyand. Hulle kom te voet, hulle kom van die oostekant af, ons linkerflank. Ons het hulle instinktief daar verwag, want teen ons regterflank het ons die voordeel van hoogte. En hulle kan nie op die tweespoorpaadjie aankom nie, ek klits elkeen wat sy kop agter die voertuie uitsteek.

In die donker sien ons die aanval baie laat. Maar Aram en Taljaard het ons laat ingrawe, so goed as wat ons kan. En hulle hou ons gedissiplineerd, ons skiet enkelskote, met beheer. Ondanks hul getalle – daardie eerste voetsoldaataanval naby aan sestig man – kom hulle nie nader as sewentig meter nie. Dan val hulle terug.

Ons verloor net een lid van Charlie.

En dan is dit weer stil.

Ons weet Domingo kom. Ons weet die dagbreek kom.

Ons weet net nie of dit betyds gaan wees nie.

OceanofPDF.com

Februarie: IV

Dit is nie Alpha en Bravo onder leiding van Domingo, of daglig, wat die uitkoms van die veldslag bepaal nie. Dit is die Lugmag van Amanzi.

Die tweede vlag voetsoldate wat ons teen die kruin langs Sektor 3 aanval, is groter en word beter bestuur. Hulle gebruik die dek-en-storm-metode, wat ons teenvuur onderdruk sodat hulle vinniger vorder. En al hoe nader aan ons kom.

Ons verliese neem toe. Hulle skiet in die eerste tien minute van die nuwe skermutseling drie lede van Charlie dood. Een van hulle is ons sersant Aram, wanneer hy vreesloos tussen ons hardloop en ons moed inpraat en kalm hou. Aram, die legendariese Namibiër, wie se rekords vir die Special Ops-marathons van dertig en sestig kilometer nog nooit verbeter is nie.

Maar die oosterkim word lig en ons kan hulle beter sien, en hulle verliese is ook groter. Steeds kom hulle al hoe nader voor ons hulle kan stuit, elke vlag al hoe nader.

Ek besef vir die eerste keer ek sal vanoggend hier doodgaan. Saam met sersant Aram. Ek sal veg tot die laaste koeël, maar as daar nie 'n wonderwerk gebeur nie, sal ek hier doodgaan.

En dan kom die Cessna. Uit die noorde uit, agter ons, van Amanzi se kant af. Net voor die son oor die horison kom.

Ek sal later probeer tel hoeveel keer in my lewe ek verras en bly was om die pens van 'n Hennie Flaai-vliegtuig te sien. Maar daardie oggend was dit sekerlik die lekkerste. Hennie Flaai en Peace Pedi vlieg só laag oor ons dat ek instinktief koes. Dit is, sal hulle later verduidelik, sodat Die Vyand se reaksietyd nie vinnig genoeg is om op die vliegtuig te skiet nie.

Hulle skeur hier oor ons, en dan begin die ontploffings in die kloof af, die een ná die ander. Ons Cessna is 'n bomwerper, die plofstof is handgranate wat Domingo in De Aar se Weermag-arsenaal gekry het. Hy en Hennie het dit geheim gehou, dié strategie. Hennie en Peace het dit stil-stil geoefen. Nie eens die Kabinet het daarvan geweet nie, want Domingo het vas geglo daar is 'n spioen of spioene in ons midde.

Die akkuraatheid van die lugaanval is bedenklik, maar Die Vyand is vir die oomblik oorbluf, dit gee ons kans om ons koppe te lig, om die voetsoldate terug te dryf met gekonsentreerde vuur.

Die Cessna draai skerp na regs en verdwyn weer agter Amanzi se berge na die dorp se kant toe.

En dan kom dit weer. Net so laag. Die granate val beter, Hennie-hulle het gesien waar almal lê. Die Vyand skiet wild op die vliegtuig. Ons skiet op hulle. Ons is baie akkuraat. Die voetsoldate begin terugval.

Die Cessna gaan draai.

Kom weer oor, 'n derde keer. Handgranate ontplof, klippe en skrapnel en doodsgille.

En dan kom die kavallerie. Letterlik.

Behalwe vir die tweespoorpaadjie wat Die Vyand gebruik, is daar geen ander voertuig-toegangsroete na die agterkant van die reservaat nie. Domingo en Team Alpha en Team Bravo moet die Volvo en die ERF in die dorp los en die oorblywende perde gaan haal. Hulle ken nie my en Jacob se kortpad nie, hulle jaag met die langer roete, van anderkant die hoofhek af, agterom die meeste van die berge, tot op die westelike heuwel langs die kloof waarin Die Vyand probeer inkom. En van daar, uit die hoogte, begin Domingo-hulle skiet. Dit is reg agter die vlag voetskrygers wat ons aanval, sodat ons saam met Alpha en Bravo 'n knyptang vorm.

Die Vyand se voetsoldate, hulle groot flank-maneuver, is nou in volle aftog. Hulle retireer na die skuiling van die voertuie.

Die Cessna maak nog 'n bom-aanloop. Hierdie keer val 'n paar van die granate op die voertuie, die lang wurm wat in die tweespoorpaadjie vasgekeer is.

Van daar af kom hul laaste, massiewe spervuur.

Twintig minute lank is die geveg intens, hulle skiet met alles wat hulle het – een oorblywende kanon, aanvalsgewere, jaggewere, handwapens. Hulle skiet wild en aanhoudend en woedend, asof hulle ons met die blote volume wil oordonder en oorwin. Die lug is dik van klank en reuk en rook

en lood. Ons lê laag, ons lig net ons koppe as die Cessna oorkom, ons ly verliese. Van die drie-en-veertig lede van Alpha, Bravo en Charlie verloor ons negentien makkers, waaronder drie van ons sersante. Hulle skiet vir Domingo, eers hoog teen sy ribbekas, net onder sy linkerarm. Dan in sy linkerheup, 'n skoot wat hom ruk en omtol, wat hom teen die aarde vasslaan. Alpha se spanlede wil opspring en hom gaan help, maar die gordyn van koeëls is te dig en te dodelik. En dan, sonder waarskuwing, verrassend in die kollektiewe aard daarvan, is Die Vyand se ammunisie op. Binne ses of sewe minute vandat hul vuurkrag meteens begin afneem, is dit skielik stil. 'n Doodse stilte.

Tot enjins daar onder begin brul, tot die groot onttrekking begin. Eers redelik georganiseerd, die heel verste voertuie wat omdraai en oor die vlakte wegjaag terwyl die ander geduldig moet wag. En stelselmatig, wanneer ons al hoe meer teikens vind, met groter haas en ywer en risiko.

Die son breek los van die oosterkim. Dit verlig 'n toneel wat ek nooit sal vergeet nie. Rookpluime van brandende voertuie wat hoog strek, stofstrepe van vluggende motorfietse en bakkies, kordietdampe wat steeds hier in die kloof hang, voor 'n oggendwind dit lui wegstoot.

En na die noorde toe, wolke in die lug. Die eerste wolke van daardie ondraaglik warm, droë somer.

* * *

Eers in die laatmiddag gee die laaste van Die Vyand oor op die reservaatplato, die eerste vyftig voertuie wat deur die klipveld en Delta gestuit is.

Ons neem die een-en-twintig oorlewendes gevange. Ons jaag hulle soos beeste aan Amanzi toe. Ons en Team Delta. Ek sien vir Sofia Bergman. Ek sien sy lyk soos ons almal. Doodmoeg. Die uitputting is verlamrend, groter as enigiets wat ek nog beleef het. My kop weet dit is net ná al die adrenalien, maar my lyf sê hy kan nie meer nie. Ons is vuil, ons oë is dood, ons het gewen maar dit voel nie so nie, want te veel mense is dood. Te veel van hulle, en te veel van ons.

En Domingo. Ons weet niks van Domingo nie, hy is met 'n perd teruggeneem, ons dink nie hy gaan dit maak nie.

Sonder Domingo is ons almal verlore.

Ons loop terug na die dorp toe. Sofia kyk een keer vir my. Ek weet nie wat om daarin te lees nie.

Op dieselfde oomblik rammel die donderweer oor die berg, vet druppels stippel die veld.

* * *

Sofia Bergman

Ek was so verskriklik bly dat Nico Storm nog leef. Want jy moet onthou, dit was my skuld dat hy nie meer by Alpha of Bravo was nie. So dit sou my skuld gewees het as hy dood was. Ek weet, ek weet, dit is nie 'n sinvolle argument nie, maar daardie middag toe dink nie een van ons enigiets sinvols nie. In elk geval, toe ek hom sien, toe wil ek na hom toe loop en my arms om hom gooi en vir hom sê ek is so verskriklik bly jy leef.

As ek nie so doodmoeg was nie, sou ek. Ek sweer.

OceanofPDF.com

Maart: I

Nero Dlamini

So, during the third Cabinet meeting in March, Nkosi drops the bombshell. Absolute bombshell.

Usually, he spoke with no notes. That day, he read from a written speech ...

Kabinetsvergadering, 24 Maart

Transkripsie deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

Pastor Nkosi Sebego, Minister of Internal Affairs: Mister President, thank you for this opportunity to make a special announcement.

Mister President, colleagues, friends, I must admit that I stand before you today with both great joy and great sadness in my heart.

Great joy, because the Good Lord spared me to take part in, and to witness the great victory over our enemy, the devil's spawn. Joy, because this was God's will, this was his answer to our prayers, this was His sign, to show me and my fellow believers that we should take the road he has

opened up for us. Great joy, because now our world is safe enough to follow that road.

Great joy, my friends, because today, we faithful, we members of the Mighty Warrior Party, take the first step in the realisation of our future, our vision, our dream of a city and a community exclusively ruled by God. Joy, because I was chosen to lead my people to this promised land, to make this vision, this calling, come true.

But let us not forget the great sadness. First of all, sadness for the brave men and women who gave their lives for our victory. Sadness for the loved ones left behind. Sadness for those who were wounded and whose lives will never be the same again. Sadness for those who passed without knowing the love and the grace of God.

And lastly, sadness for the big goodbye. For today, Mister President, colleagues, friends, I have to announce that we will be leaving you, we will be leaving Amanzi. As from tomorrow, we will start our migration to the place you know as Gariep, the great dam just one hundred kilometers east of here. But we will not call it Gariep. As from tomorrow, this place will be known as New Jerusalem.

Of course, our migration to New Jerusalem will not be complete in a day or a week or even a month, but our journey starts in earnest tomorrow.

Yes, we are leaving, but we will remain connected, my friends. We will be physically connected by the same great river. We will be connected, I hope, through our mutual travails and suffering, through our mutual history, our mutual desire for peace and goodwill, and our mutual hope to make this world a better place, each in our own way.

Now, as you know, my followers and I have fought beside you against a common enemy. We have toiled beside you these past years, to build this community. Our blood and our sweat and our tears have run together, we have lived and died together. Despite our differences, despite our disputes. We are part owners, we are partners, I would like to believe, in everything we have achieved here. In that spirit of cooperation and co-ownership, I am calling on you today to grant us our due. Nothing more than our due. We only ask our share. Our share in the food stores, the seed banks, the herds, the weapons and ammunition, the fuel, the agricultural equipment, and the know-how. We ask your support in the months and years ahead, as you have received our support in the years past.

In exchange, of course, you will always be able to count on our loyalty, our friendship, and our support, whatever the future holds.

In conclusion, I want to extend my most heartfelt gratitude to you, Mister President, for your wise leadership and council. Thank you for dreaming of a better world, and a fine community. Thank you for starting it, and leading it. Thank you, too, to our friends and colleagues in the Cabinet, and to every person who will remain in Amanzi. Thank you for sharing our journey so far. Thank you for your love and generosity. And most of all, thank you for understanding that we now seek the right to govern ourselves with God as our President.

Nero Dlamini

And we sit there, absolutely stunned. I mean, if you look back, you can see all the little clues and signs, we should have seen it coming, I suppose. But I always sort of thought his references to a new dawn and the night being darkest before this new dawn were, you know, religious.

So, stunned silence. Which was awkward, because he delivered his speech like a fire and brimstone sermon, all dramatic and magnanimous, he ended on this high note, and then you instinctively feel there should be applause or an amen or hallelujah or something, but we just sat there. And he sits with an expectancy ...

So, finally, dear old Sarge X, our Minister of Safety and Security, he says, "But pastor, Gariep, how are you going to defend Gariep?"

And Nkosi says, "Please, Sizwe, it is now called New Jerusalem." Like, he is totally into this whole new name thing, as if that is going to protect the place by itself. But I think it was an effort to deflect the question.

But then everybody reacts. Birdie says but that's a fair question, and I say but surely, if you are going to lead your people to this place, you must have given thought to how you are going to defend it. It's your responsibility. And Ravi, and Beryl, and Nandi Mahlangu's daughter, Qedani, and Frostie, that's Abraham Frost, our engineer and Minister of Public Works, they all chip in, and take him on.

And Nkosi gets really flippant, he says: “Defend it against what? We’ve won the war, haven’t we.”

But then President Willem Storm stands up.

Kabinetsvergadering, 24 Maart

President Willem Storm: Mister Minister of Internal Affairs pastor Sebego, thank you for your kind comments about me. And thank you for your candour.

As I’m sure you could deduce from the stunned silence, your announcement took us all by surprise. I knew we had our differences, but I never thought you viewed them as so insurmountable that you wanted to leave Amanzi.

I am not sure that it will make any difference, but it is my desire and my duty to at least try to persuade you to not go ahead with this. I can list all the obvious benefits of our strength in unity, and of a single republic; from economic and military, to technological and social. But I’m sure you are aware of it all, and you have considered every implication of secession. So allow me to plead with you, not from the head, but from the heart:

This country, before the Fever, was one of perpetual separation. We have always been divided, and in our separation, we were always at odds with one another. Amongst so many things, we were separated by tribe and clan, by colour and race, by legislation and religion, by language and culture, by our divergent economic realities, and by our ideologies. And the more we argued and fought about the differences, the more we focused on them, the more it separated us.

Today, I want to ask you to help this community, this Republic of Amanzi, to change all of that. Of course, we are not all the same. Of course, there are so many things that could divide us, if we allow them. If we focus on them alone. But, please, take a look at all the things that unite us. We all passionately believe in freedom and democracy. We all believe in human dignity, in basic human rights. We all want to live in peace and prosperity. And our children ...

That man sitting over there, our honourable Minister of Health Nero Dlamini arrived here almost four years ago, on a bicycle. He tells the story of his journey, and his reasons for coming, with so much self-deprecation

and wit and charm. But I always believed there was more to it. So, a few months after his arrival, we sat in the Orphanage lounge, and I asked him, “Nero, what was the real reason for coming?”

And then he told me about John Bowlby, the British psychologist. Such a fascinating man, who did incredible research. But the bottom line was, Bowlby worked with war orphans after the Second World War. And he soon realised that the absence of good fathers, the absence of the fabric of caring families, had a huge and negative impact on people. And eventually, on societies, I think. Nero told me that he thought that was the biggest problem in South Africa before the Fever. The damage done to the fabric of family in the disadvantaged communities was so great that society just wasn’t able to recover. And that’s why Nero took his bicycle, and rode it from Johannesburg to Amanzi. Because he wanted to make sure the children of this community, the children after the Fever, did not suffer the same fate.

Pastor, Mister Minister, surely this is something that unites us. This wish, this passion to create a singular, loving family for all our children?

Please, sir, reconsider. Please, I beg you today. Don’t go.

Nero Dlamini

And you know what Nkosi’s reaction is?

He sits there, and he just shakes his head, and he says: “No.”

OceanofPDF.com

Maart: II**Nero Dlamini**

So Willem Storm calls an emergency meeting of the Cabinet, the very next day. And we take our seats, and the door opens, and Domingo shuffles in. He is limping, that hip was pretty badly shot up, we tried our best to fix it, but our knowledge and our resources were limited. Anyway, everybody is just so relieved and happy that he survived, he was our saviour, really. Everybody except the pastor, of course. So Domingo walks in without a cane, without anybody helping him, and we all stand up, and we give him a great big hand of applause. And he goes and sits right across the table from Nkosi.

And our President says, all formal and dignified, ladies and gentlemen, I would like to welcome our military leader Captain Domingo to this meeting. We have called on him so many times before, for his help, expert opinion, for his support. Today, he got up from a hospital bed against the medical people's orders, he has asked to be part of a special Cabinet meeting. Can I assume that this is in order with everybody?

Of course we all say yes. Even Nkosi. After that applause, he really had no choice. And then Domingo turns those eyes of his on the pastor. You know, that Domingo look that scares the daylights out of you.

Kabinetsvergadering, 25 Maart

Captain Domingo: Nkosi, on 5 January, when you conceded election defeat in the Forum, you told your people: “Don’t worry. The night is darkest before the dawn.” Can you remember that?

Pastor Nkosi Sebego, Minister of Internal Affairs: A little respect for this Cabinet and what I represent might be in order, captain. Please address me as Mister Minister.

Domingo: Can you remember what you said on five January?

Nkosi: I certainly can.

Domingo: Can you remember the emergency meeting on three February, after we intercepted the ham radio conversation?

Nkosi: I ... What is this about, Mister President?

President Storm: May I ask you to indulge us, Mister Minister, and answer Domingo’s questions?

Nkosi: I will not be part of an inquisition. I will especially not be the victim of such a process.

President Storm: Mister Minister, we have tasked Captain Domingo with the responsibility to keep this community safe. Part of that process, part of his job, is to ask strategic and sometimes difficult questions. This is not only about the security of Amanzi, it is also about the future of New Jerusalem. It would be wonderful if we could start out as neighbours who trust each other ...

Nkosi: Mister President, you are manipulating me ...

President Storm: No, please. We are asking for your cooperation. That is all.

Nkosi: Go ahead, captain. Do your damndest.

Domingo: Can you remember the third of February meeting about the radio conversation?

Nkosi: Yes.

Domingo: Do you remember that you were very much in favour of Special Ops going to Maseru?

Nkosi: I thought we should go, yes. So did Ravi ...

Domingo: And would you agree that the radio message was a trap? A diversion? A way to get our soldiers out of Amanzi?

Nkosi: Are you saying that I ... This is an insult.

Domingo: Sit down, pastor, I'm not saying anything. Yet.

Nkosi: I am done here.

Domingo: You want me to give you rifles and ammo, don't you? For your new city.

Nkosi: We demand what is ours. Our share. And this Cabinet will not deny us.

Domingo: If you want your share, you have to answer my questions.

Nkosi: You don't have the authority to withhold what is rightfully ours.

Domingo: You're right. I don't have the authority. But I have something that is much better. I have some exclusive knowledge. You see, two years ago, the old Committee withheld permission to move a large part of our arsenal to a secret location. Problem is, I don't trust anybody. So, let me make a confession, pastor: I was a naughty boy. I was very disobedient. I went and moved eighty per cent of that arsenal anyway. Nobody in this Cabinet today knows where it is stashed. If you want weapons, you'll have to get my cooperation first. And if you want my cooperation, you have to answer my questions. Or do you have something to hide, pastor?

President Storm: Domingo, this was never part of our ... This is blackmail.

Domingo: Only if he has something to hide.

Nkosi: I have absolutely nothing to hide.

Domingo: Then answer the questions.

Nkosi: Do you think I'm stupid? I can see where you are going with this.

Domingo: Where am I going?

Nkosi: I know you suspect that there were spies in Amanzi ...

Domingo: Suspect? No, pastor. After Matthew Mbalo's murder, I was suspicious. After we found that rubber duck on the opposite shore, I was suspicious. But now, I'm absolutely sure there were spies in Amanzi. Let me tell you why. One: Because they attacked just when most of our people were harvesting all along the river, in the irrigation fields, and sleeping outside our walls. Two: Because they attacked through the kloof, specifically. Three: Because of the way they attacked through the kloof; with overwhelming numbers and force, all of it aimed at only the kloof. Because our main gate is almost impenetrable. Four: They attacked only after I took my teams to chase the Hopetown assailants. There is absolutely no way an outsider, with no knowledge of our defences, can get that lucky. Five: What finally convinced me, was when we started interrogating our

prisoners of war. They told me the attack was not about our food reserves, or our women. Although they did say they would have kidnapped them if they had the chance. The attack was about guns and ammo. They say, Number One was aware of the fact that the De Aar weapons depot was stripped, and that we did the stripping. They say Number One knew we had all the weapons and ammo, and that we kept the bulk of it in the old nature reserve warehouse. They did not want to get into Amanzi, pastor, they only wanted to get as far as the warehouse. Because those are the most precious commodities out there at the moment: guns and ammo. The question is, how did they know about the nature reserve warehouse? Because only a few of my security team people knew, and the members of the old Committee knew. That's why I am so sure we have spies in our midst.

Nkosi: And you're saying I'm the spy? That is ridiculous.

Domingo: Is it?

Nkosi: Yes!

Domingo: And yet, you have the most to gain from providing our enemy with that information ...

Nkosi: You are a heathen and a liar. I have nothing to gain.

Domingo: If we lost the battle, and they stole the arsenal, you would have had a great lever to force a new election. And a really good chance to win it. And if we won, you knew it would be safe to take your people to Gariep, because the threat of an enemy attack would diminish for long enough to build up that community. You were the only person on the planet in a win-win situation ...

Nkosi: Mister President, I will not sit here and listen to one more word from ... this Philistine. I am leading my people to New Jerusalem. With or without our share, with or without our weapons ...

Domingo: Why are you not denying my allegations, pastor?

President Storm: Please, Nkosi, Mister Minister, please ...

Domingo: Why did you tell your people: "Don't worry. The night is darkest before the dawn." Why?

Nkosi: I am done here.

Domingo: I'm going to find proof, Nkosi. And then I'm coming for you ...

You've got to hand it to Nkosi, he was nobody's fool. The next day, he comes to see me and President Storm. Actually, he came to see Willem, and Willem asked me to sit in, because he wanted a witness, he ... Well, he just wanted someone to confirm the record, for what it was worth.

So, the pastor says, "You are blackmailing me, Willem."

And Willem says, "I do not condone what Domingo did."

"But you did not stop him," says the pastor.

And Willem says, "He had legitimate questions."

And then the pastor says, "Does Domingo control you, Willem? Does he run Amanzi?"

Which was a very sore point, because there was some truth to that. So Willem does not answer. And the pastor says: "You remember when we found the murder weapon that killed Matthew Mbalo? And that little rubber boat. You remember you lied to the people of Amanzi, about why we wanted to enlarge Domingo's forces?"

So Willem says, "We all lied, pastor."

And Nkosi says, "No Willem, you lied. You, personally. You told the people. And if you don't give me your word right now that I will get half of all the guns and ammunition, I will tell the people how you deceived them. How you knew there was a big attack coming. And still we lost so many people. Then we will see how many are willing to stay behind."

We just sat there.

And Nkosi said: "You have until the third of April to make your decisions."

Februarie: V

Ons was ses-en-vyftig lede van Special Ops. Plus Domingo.

Ná die inval is ons vier-en-dertig. En Domingo is stukkend.

Drie weke lank sien ons hom nie, ons hoor net hoe dit gaan wanneer sersant Taljaard van die hospitaal af terugkom en vir ons sê Domingo is in 'n kritieke toestand. Hulle weet nie of hy dit gaan maak nie. Birdie Canary sit lang ure by hom, deur die nag. Taljaard kom vertel een aand hoe hy saggies by die hospitaalkamer inkom, en daar sit Birdie en sy hou Domingo se hand vas, en dit is vir hom 'n vreemde toneel. Mens dink nie Domingo, weerbarstige, onkreukbare, onverwoesbare Domingo se hand kan vasgehou word nie. Later kom sê hy Domingo sal leef. En Domingo herstel. En Domingo sal dalk in die toekoms maar altyd met 'n effense hink loop.

Ons weet Domingo hoef nie normaal te loop nie, hy sal Domingo bly. Hy sal voortgaan om ons bevelvoerder te wees, dit is sy kop, sy karakter, sy persoonlikheid wat ons lei, ons dryf, ons leer en inspireer.

Maar ons is nutteloos in daardie weke. Al laat Domingo weet ons moet herverdeel in twee spanne van agttien elk. Al doen ons dit, al gaan ons deur ons passies, ons oefeninge, is ons nutteloos. Ons is herderloos, futloos, seer en siek. Dit is as gevolg van die dood van so baie kamerade, maar dit is, dink ek, bowenal die dood van die reserviste, die goeie, gewone mense wat met soveel argelose dapperheid, soveel blye waagmoed daar teen die rant in Sektor 3 gaan sit het. Vir my was daardie toneel die een wat ek die moeilikste uit my kop uit kry, Die Vyand wat tussen hulle loop en die laaste oorlewendes met pistoolskote teen die kop teregstel. Dit is weer 'n

bevestiging van Domingo se filosofie dat ons diere is, wreedaardige diere, harteloos en sielloos.

Dit alles stomp my af, só dat ek vir Sofia Bergman sien by Special Ops – sy is in die nuwe Team Alpha, ek is in my ou eenheid, Bravo – maar dit is asof sy nie werklik is nie, asof sy ’n skim in ’n droom is, ’n fantasie wat ek eens gehad het wat stadigaan vervaag.

Ek weet danksy my terapiegesprekke met Nero Dlamini destyds dat ek weer aan posttraumatiese stres ly. Maar ek kan dit nie ontsnap nie, en Nero is so besig om al die ander mense – burgerlikes – met hul verlies te probeer help.

Dit is Pa wat my in daardie eerste vier weke probeer heelmaak.

Dit begin op 9 Februarie al, die dag van die slag en die slagting. Ons loop doodmoeg uit die reservaat uit, ons gewere gerig op die krygsgevangenes. Ek sien vir Pa anderkant die groot hek, waar ons die dorp in. Hy wag vir my, hy loop na my toe, hy sit sy arm om my, en hy sê: “Ek is ontsaglik trots op jou.” Sy stem is baie swaar aan emosie, sy arm druk my styf. En dan los hy my, want hy wil my nie skaam maak nie.

Op 10 Februarie rus ons in die basis.

Op 11 Februarie kom haal hulle ons met ’n trekker en ’n lang sleepwa, al vier-en-dertig van ons, en Hennie Flaai en Peace Pedi. Hulle ry met ons deur die dorp. Die mense staan langs die strate, meer as drieduisend, hulle skree, hulle sing, hulle klap vir ons hande, hulle laat blomme en blomblare op ons reën. Ek sien vir Pa met Okkie op sy skouers. Ek wink vir hulle. Pa loop tot by die sleepwa. “Kan ek saamry, Nico, kan ek saamry,” vra Okkie.

“Jy kan.” Ek vat hom by Pa.

Pa huil toe hy vir Okkie aangee.

Hierdie een keer is ek nie skaam dat Pa huil nie, dit maak my bly en hartseer. Ek wil ook huil, maar die trane sit iewers vas.

Okkie ry saam met my op die sleepwa. Hy waai vir die mense, asof hy persoonlik en manalleen Die Vyand uitgewis het.

Ons eet daardie aand saam, net ek en Pa. Hy gesels oor ditjies en datjies, hy weet ek wil nie oor die veldslag praat nie. Sy stem en sy oë is sag. Net voor ek bed toe gaan, sê hy: “Ek sal nooit kan doen wat jy gedoen het nie, ek is te veel van ’n bangbroek. Maar ek weet waar jy jou dapperheid gekry het ...”

Daarna sien ek Pa en Okkie elke naweek, Saterdag én Sondag, tot in Maart, tot Domingo uit die hospitaal uit kom, tot pastoor Nkosi sy Moses-

planne – soos almal dit later sal noem – bekend maak.

Elke Saterdag en Sondag loop en ry ek saam met Pa op sy rondes, ek praat nie veel nie, ek luister meestal na hom. En dit is lekker om na Pa te luister, hy is 'n wonderlike gespreksvoerder.

Een gesprek onthou ek so goed. Ons is buite die dorp, in die wingerde langs die rivier. Daar word druiwe geoes. Ons drie, Pa en Okkie en ek, help waar ons kan. Pa gesels met almal. Vieruur in die middag neem die mense 'n blaaskans, in die koelte onder die wilgerbome langs die rivier. Pa kyk na hulle. Ek kan sien hy geniet hierdie oomblik, hierdie vreedsame samesyn, so kort na die verwoesting van die veldslag. Asof hy weet dit, dié toneel, is waarvoor ons geveg het, dit is wat ons behoue laat bly het.

Hy draai na my toe en hy sê: “Jy weet, my projek om soort van ons geskiedenis aan te teken?”

Ek knik. Ek weet daarvan, ek het tot my skaamte maande lank gedink dit is simpel, 'n mors van tyd.

Pa sê: “Nou, in Januarie, toe vra ek vir 'n klomp mense, wat mis hulle nie van die ou wêreld nie. Interessante antwoorde gekry. Maar toe wonder ek, wat mis ék nie. Is daar enigets? Want ek ... Jy weet hoe mal was ek oor die wêreld voor Die Koors. En ek en jy het so baie verloor ... Die wêreld het so baie verloor, kan daar dan iets wees waarna ek nie verlang nie? Iets wat nou beter is, hier, ná Die Koors? Toe onthou ek van die langste navorsingsprojek in die geskiedenis, die een wat vyf-en-sewentig jaar lank aangehou het. Dit het by Harvard in Amerika begin, hulle het 'n klomp mans se lewens gevolg, vandat die mans agttien of negentien jaar oud was, tot in hulle negentigs. En een van die groot bevindings wat uit daardie navorsing gekom het, was dat jou lewensgeluk primêr bepaal word deur goeie, sterk, gesonde menseverhoudings. En dit het nie net jou geluk bepaal nie, dit het ook 'n groot invloed gehad op hoe lank jy leef. En ek onthou hierdie geweldige sin van ironie toe ek destyds oor die navorsing lees. Want daar was ons, in 'n wêreld waar ons al hoe verder van mekaar af geleef het. Waar dit al hoe moeiliker geword het om daardie gesonde verhoudings te hê, in huwelike, in vriendskappe ... Selfs ons vriendskappe het al hoe meer kunsmatig en digitaal geword ... Wat ek wil sê: Dit is die een ding wat ek nie mis nie. Want kyk net hier. Kyk na die verhoudings hier ...”

“Dit is so, Pa,” sê ek. Want ek sien dit, net soos hy.

Later stap hy af na die mense toe en hy gesels met hulle. My afwesigheid in die maande van militêre verpligtinge het my laat vergeet hoe mooi Pa

met almal werk. Ek sit en kyk vir hom, en ek sien dit weer, hoe hy oral is, met almal praat. Hy troos en hy bemoedig en hy lei, maar met 'n absolute en suiwer opregtheid, daar is nie 'n sweem van die politikus se agenda by hom nie.

Ek besef in dié oomblik my pa is iemand van wie ek hou. Hy is iemand wat ek weer van voor af bewonder en respekteer. En ek kan sien hy het my vergewe vir my sotlike oomblik van tiener-swakheid agttien maande gelede.

Ek besef ons verhouding word heel.

Tot 29 Maart.

Tot Domingo uit die hospitaal uit kom.

OceanofPDF.com

Maart: III

Op 29 Maart bring Taljaard vir Domingo van die hospitaal af.

Ons staan aangetree op die paradedgrond voor Special Ops se hoofkwartier. Die swart Jeep hou stil, Domingo klim uit. Dit is die eerste keer dat ons hom sien ná die Slag van Sektor 3. Ons weet hy loop mank, maar ons weet nie hoe erg nie.

Hy hanteer dit op die Domingo-manier. Met beheerste woede. Dit lyk of hy sy stukkende heup haat, of hy deur suiwer wilsrag die ongemak gaan ignoreer.

Hy loop sonder 'n kiere, met 'n wieg-en-huiwer, wieg-en-huiwer, die donkerbril op, tot voor ons.

Sy stem is dieselfde, die toonkleur, die volume, die onderdrukte bedreiging. Hy sê: "You did well. I am proud of you."

Taljaard sê: "Ons is trots op jou, kaptein."

Ons juig Domingo toe. Hy lig sy hand dadelik, streng, sy mond in afkeer gebuig. Ons bly stil.

"Enough," sê hy. En hy loop in die gebou in, na sy kantoor toe.

* * *

Taljaard kom haal my. "Kaptein wil jou sien."

Ek draf na sy kantoor toe en klop aan.

"Kom in."

Ek gaan in, ek maak die deur agter my toe. Hy sit agter sy lessenaar. Ek staan op aandag.

“Nee. Sit.” Die donkerbril lê op die blad voor hom, sy oë is die grys van geweermetaal.

Ek wys nie my verbasing nie. Kaptein Domingo vra jou nie om te sit nie. Maar ek sit.

“Ek was hard op jou,” sê hy.

As ek sê “Ja, kaptein”, skep dit dalk die verkeerde indruk. Met Domingo, het ek geleer, is die beste beleid: Wanneer jy twyfel, bly stil.

“Weet jy hoekom ek hard op jou was?”

“Nee, kaptein.”

“Want jy was ’n arrogant little arsehole.”

“Ja, kaptein.”

“Nou ‘ja, kaptein’ jy ma’ net uit habit uit. Jy was ’n arrogant little arsehole, Storm. Want jy kan skiet en jy kan hardloop, and you got lucky with the diesel aeroplane ding, en jou pa is die President. You were insufferable. The good news is, all of those circumstances would have turned just about everybody into arrogant little arseholes.”

“Ja, kaptein.”

“Jy was nie reg vir promotion nie.”

“Ja, kaptein.”

“Hoekom was jy nie reg vir promotion nie?”

“Want ek was ’n arrogant little arsehole, kaptein.”

Hy knik tevrede. “Quite right.”

En hy grynslag klein, en hy skuif so ’n bietjie in die stoel, dalk om sy heup gemakliker te maak.

“With the Battle of Sector 3, you made me proud.”

Ek sê niks, ek geniet net die seldsame oomblik.

“You showed a keen strategic mind, you showed respect for the chain of command, you showed bravery and discipline.”

Steeds bly ek stil.

“Jy gaan die praise nie kop toe vat nie.”

“Nee, kaptein.”

“Because you will forever refrain from being an arrogant little arsehole.”

“Ja, kaptein.”

“Jy is nou reg vir promotion.”

Hy trek 'n laai oop. Hy haal die twee kentekens uit, drie sersant-strepe vir elke skouer. "Sergeant Storm. It has a ring to it." En hy plaas die kentekens op die middel van die blad.

"Ek wil vir jou iets sê, Nico. Man to man."

Hy het my jare laas op my voornaam genoem.

Domingo kyk by die venster uit, af na die paradegrond. "There is nothing like bleeding like a stuck pig from a good hip wound to remind a man about his mortality," sê hy. "Daai dag, toe lê ek daar, en ek dink, damn, ek gaan nie tyd hê om my successor te train nie. En lo and behold, toe ek dink aan 'n successor, toe dink ek aan net een mannetjie. Arrogant little arsehole that he may be."

Hy kyk na my. "If you repeat this conversation, I will kill you, versta' jy?"

"Ja, kaptein."

"Van môre af werk ons hard. 'Cause I'm not going to live forever."

"Ja, kaptein."

"Van môre af werk ons hard, want jy gaan die beste sergeant wees, en jy gaan baie humble bly."

"Ja, kaptein."

"Van môre af werk ons hard, want jy is my designated successor."

"Ja, kaptein."

"Anything you want to say?"

"Net dankie, kaptein." Maar ek lieg, ek wil vir hom sê hy is Domingo, natuurlik gaan hy vir altyd leef.

"Van môre af werk ons hard. So you have the rest of your day off. Gaan celebrate jou promotion met jou family."

* * *

Daar is in Maart van die Jaar van die Leeu drie verskillende vervoermetodes vir Amanzi-burgerlikes. Sou jy 'n paar kilometer ver moet reis, is jou eerste moontlikheid 'n voertuig, solank dit dieselaangedrewe is. Want dit is al brandstof waaroor ons beskik vir ons vragmotors, bakkies, trekkers, 'n paar motors, die enkele Jeep, en natuurlik die vliegtuig. Omdat ons die diesel egter self vervaardig, en die hoeveelhede nog relatief beperk

is, word die grootste persentasie daarvan vir landbou- en militêre doeleindes gereserveer.

Sou jou vervoer-behoefte in 'n meer persoonlike kategorie val, is jou beste kans om te perd te reis. Ons perdetal, en die gehalte van ons stoet, hou aan met groei, hoewel daar steeds 'n tekort aan saals is, en die meeste mense maar leer om bloots te ry. As jy byvoorbeeld op die ingewing van die oomblik vir iemand op Petrusville wil gaan kuier, behoort jy sonder sukkel 'n perd by die stalle oorkant die Madeliefiestraat-kruising te kan bekom.

Maar nie as jy 'n lid van Amanzi se Special Ops-spanne is nie. Ons moet loop, draf of hardloop, volgens die voorskrifte van ons bevelvoerder. Tensy hy dit persoonlik anders stipuleer.

Daarom draf ek op die oggend van 29 Maart, tussen tien en elf, van ons basis na die middedorp van Amanzi, sodat ek vir Pa kan gaan sê van my bevordering. Sodat ons saam kan fees vier. Ek draf eers tot by die hoofhek, en dan deur die wye U, teen die laaste bult op, verby die stalle, deur die dorp, tot in Disastraat.

Pa se werksruimte is in die ou poskantoor, wanneer hy soms sy administrasie in 'n oopdeurkantoor doen.

Hy is nie daar nie. Ek vra of iemand hom gesien het.

Nee, nog nie vanoggend nie.

Is daar Kabinetsvergadering?

Nee, nie vandag nie. Dalk is die President by die skool, sê een. Of hy help by die Orphanage.

Ek bedank almal, ek draf Orphanage toe.

Dit is stil in die gebou, die kinders is buite iewers. Ek loop deur, en anderkant uit, na die groentetuin se kant toe.

Ek hoor iets, 'n sliert van 'n stem, 'n onderdrukte geluid, 'n halwe woord, of 'n uitroep. Agter my, iewers binne. Ek draai om.

Dalk is Pa siek, dalk is hy nog in sy kamer. Ek loop daarheen, ek klop nie, want dit is my pa met wie ek nog tot gister – dis hoe dit voel – tot onlangs toe 'n kamer gedeel het. Ek maak die deur oop en ek sien vir hom en Beryl in sy bed.

En hulle sien vir my.

Die leeus

Soms voel dit asof alles altyd tegelyk gebeur, net wanneer jy dit die minste verwag.

Op 29 Maart kry ek bevordering. En ek maak 'n deur in die Orphanage oop en ek sien 'n man wat ek nie ken nie, ek ken die littekens van honde se tande op sy rug, hy is my pa.

Ek loop terug basis toe. Ek is verward. Verstom. Kwaad. Pa het my verrai, Pa het hierdie ding vir my weggesteek, vir hoe lank al? Ek dink meteens aan nagte wat Pa laat na ons kamer toe teruggekom het destyds, ek dink aan oomblikke wat ek hom en Beryl saam iewers gekry het, en altyd gedink het die intensiteit van hul gesprek is oor lewensbelangrike Komiteesake.

Dit is al jare.

Hoekom het hy my nie gesê nie? Hoekom het hy my nie vertrou nie? Wat steek hy nog vir my weg?

Wat van my ma, wat van die nagedagtenis van my ma wat hy onteer het?

Dit voel of ek hom nie ken nie, dit voel of my kop nie hierdie ding verwerk en geplaas en verstaan kan kry nie.

Ek is kwaad én skaam, die skande brand deur my, want dit is Beryl. Jacob Mahlangu het destyds al gesê Beryl hou van vroue. Dit is die konvensionele wysheid in die hele gemeenskap; sy is immers 'n oud-gholfspeler met 'n gespierde lyf. Daar word maar altyd in fluisterstemme agter bakhande oor haar en Nero Dlamini se seksualiteit gespekuleer. En dit is die vrou wat my pa kies om te vry. 'n Lesbiër.

Só loop ek skoorvoetend en klipskoppend terug basis toe, omtrent elfuur daardie oggend.

* * *

Min of meer op dieselfde tyd is twintig van ons mense besig by die massiewe windkrag-opwekkers by Noblesfontein naby Victoria-Wes, onder leiding van die ingenieur en nou Minister van Openbare Werke Abraham Frost. Per pad is dit oor die driehonderd kilometer van Amanzi af, en 'n raps meer as tweehonderd vir Hennie Flaai en Peace Pedi se Cessna, wat vir die windkragekspedisie lugdekking en -verkenning bied.

Die mans het met 'n vragmotor en vier bakkies gery, hulle gaan die eerste van die windtorings eksperimenteel aftakel en terselfdertyd probeer vasstel hoe die vervoer van die groot strukture gedoen kan word. Die plan is om net eers twee of drie in die berge oorkant die rivier by Amanzi op te rig.

Al twintig man staan rondom die toring naaste aan die windplaas se substasie, hulle werskaf, hulle stry oor die beste metodes en gereedskap vir die taak. Hulle het elkeen 'n R4-geweer saamgevat – geen ekspedisie verlaat Amanzi daarsonder nie. 'n Paar het radio's op die heup. Maar hul gewere lê in die bakkies en vragmotor, of staan daarteen aangeleun, want Hennie en Peace het hulle verseker daar is geen menslike gevaar in die nabyheid nie.

Hulle is houtgerus. Tot een van die mans 'n beweging teen die rant sien, tweehonderd meter van die toring af. Hy sal later vertel dat hy 'n dubbelkyk gee, want met die eerste sien is die toneel te onwaarskynlik: twee leeuwyfies wat rustig-wandelend nader kom, net mooi tussen die toring en die voertuie. Sy tweede kyk bevestig sy vrese en hy roep hard om die ander te waarsku.

Daar is nie veel wat hulle kan doen nie. Al twintig storm in by die staaldeur aan die onderkant van die windtoring en klim op teen die leer wat na die turbine heel bo lei.

Die twee leeuwyfies stap doodluiters tot by die deur en loer in. Hulle snuif-snuif. Die een leeu nies, die geluid eggo hard in die holte van die toring. Sy skud haar kop asof sy van die reuk in haar neusgate ontslae wil raak. Dan draai die leeus weg en gaan lê net 'n paar meter verder, in die skadu van die toring.

Die mans sal mekaar nog jare daarna spot oor wie die grootste geskrik het en die stankie gemaak het wat die leeu laat nies het. Maar op daardie oomblik lag nie een van hulle nie. Die Minister van Openbare Werke Abraham Frost gebruik sy radio om vir Hennie Flaai te laat weet van hulle probleem.

Dié legende sal nog 'n stertjie bykry wanneer Peace Pedi oor die radio vra: “Would you like us to do a bomb run, Mister Minister?”

En dan, in die tradisie van alles wat tegelyk gebeur, wanneer mens dit die minste verwag, wys Hennie Flaai na die horison in die weste. Daar trek 'n hele paar dun rookvingers die wolklose blou lug in, anderkant Victoria-Wes. Duidelik menslike aktiwiteit waar daar nie veronderstel is om enige so iets te wees nie.

* * *

Ek loop kwaad-kwaad by die basis in. My makkers kom in volle gevegsmondering by die gebou uitgestorm, op pad na die Volvo- en ERF-vragmotors toe.

“Kom, sersant Storm,” skree Taljaard vir my. “Daar is vyandige aktiwiteit anderkant Vic-Wes.”

Ek hardloop om my uitrusting te gaan haal. Ander lede van Alpha en Bravo kom verby. Hulle roep hul gelukwensinge met 'n “hei, Sarge!”.

Die nuus het versprei.

Op die dag van my bevordering lei ek my span na 'n veldslag toe.

Dit laat my so effens beter voel.

* * *

Domingo sit voor, langs die Volvo-bestuurder. Hy sê vir ons oor die radio Hennie Flaai-hulle het 'n saamtrek van 'n groot groep mense – dit lyk na meer as drie- of vierhonderd – gesien anderkant Victoria-Wes, skaars sestig kilometer van die Noblesfontein-windplaas af. Hulle is baie seker dié mense was nie twee dae gelede daar toe hulle verkenning gedoen het nie.

Hennie en Peace berig dat hulle versigtig is om te laag te vlieg, want daar kan op hulle geskiet word. Vanaf 'n veilige hoogte is dit egter moeilik om te sien hoe swaar die groep gewapen is.

Ons moet gaan ondersoek instel.

* * *

Dit neem ons amper vier uur om daar te kom, want die paaie versleg steeds met groeiende momentum. Die somerreën het feitlik die hele jaar weggebly en eindelik in Februarie binne drie dae van tamaai donder- en haelstorms, wolkbreuke en verspoelings gekom, wat die padverbrokkeling vererger het.

Domingo sê ons gaan in die teerpad stilhou, die R63, en die verdagte groep van daar af te voet nader, want hulle is volgens Peace twee kilometer veld-in, op 'n plaas.

Ons hou stil, ek lei my span uit die vragmotor uit. Daar is 'n bord wat lees *Melton Wold*. Dit lyk na 'n vergange vakansieplaas. Ons en Team Alpha draf deur die hek. Daar is baie voetspore in die vergroeide grondplaaspaadjie, hier en daar hoefspore. Geen voertuie nie. Ons wyk uit, deur die veld, ons dek mekaar, ons hoor die Cessna iewers bo ons, baie hoog.

Dit is vreemd om nou weer in aksie te wees. Vir my lê die herinneringe van die Slag van Sektor 3 toe nog baie vars. Die plekke van gestorwe kamerade in ons formasies is leeg, daar draf nou ander mense. Ek wonder hoeveel gaan vanaand dood lê, hoeveel van hierdie mense – nou onder my bevel – gaan ons môre of oormôre moet begrawe. Dalk is ek een van hulle.

En tog, ek wil op geen ander plek wees nie.

Domingo se radio-stem in ons ore, hy wag in die vragmotor, hy onderdruk die frustrasie wat hy sekerlik moet voel. Hy herlei Peace Pedi se boodskappe, hy sê die vyandige mag toon geen nuwe aktiwiteit nie.

Langs die plaaspaadjie loop die droë bedding van 'n stroom, hier en daar staan die water in bruin poele van die onlangse reën. Ons hardloop weerskante van die beboste bedding, die paadjie aan ons regterkant. Ons ruik die rook van hulle vure, ons ruik vleis wat braai. Ons sien geen wagte of uitkykposte nie. Dit is vreemd. Is dit 'n lokval? Ek maan my span tot paraatheid oor die radio, 'n laning groot bome voor ons. Taljaard halt vir Alpha, ek doen dieselfde met Bravo. Hy is die senior sersant, hy stuur twee verkenners vooruit. Hulle kruip tussen die groen doringbosse, dan met die

boomlaning langs. Hulle laat weet ons kan maar kom. Ons draf deur die plantegroei en meteens is ons tussen hulle, mans en vroue en kinders, hulle het versamel rondom die ou opstal. Hulle skrik, die kinders huil, vroue gil, ek laat my span halt, ek laat hulle kniel met hul gewere gereed. Die mans steek hul hande in die lug, vroue gryp kinders en hou hulle vas, skans die kinders met hul lywe.

Die mense is vuil en maer en uitgeteer, hul klere stukkend. Hul oë is bang, hul lyftaal sê hulle weet hierdie is die einde.

Hulle is die Weskussers.

* * *

Sofia Bergman

Daar het iets met my gebeur, daardie dag tussen die Weskussers.

Net soos ek in die nag van 9 Februarie in die Jaar van die Leeu besef het ek sal nooit 'n regte soldaat wees nie, ek het 'n fout gemaak om 'n Spotter te word, só het ek met die Weskussers ... Dit was nie 'n besef nie, dit was 'n saadjie. Daar is 'n saadjie geplant, toe ek so na hulle luister.

Kom ek sê wat vir my so interessant is van die lewe: Ons kan planne maak net soos ons wil, maar die lewe doen sy eie ding. Die lewe met al sy toevallighede maak vir jou deure oop, en deure toe. Ek meen, kyk net na my. Ek was so absoluut seker ek is 'n soldaat. Want my pa en my broers het my leer skiet, Meklein het my leer spoorsny, ek kon hol soos 'n wildsbok, en ek was kwaad vir die wêreld. Perfekte resep vir 'n soldaat, right?

Toe kom die Slag van Sektor 3, en toe kom die Weskussers.

Ek het daar by Melton Wold tussen daardie arme mense geloop, die Weskussers, en ek het gehelp, ek het water gegee, ek het hulle moed ingepraat, en ek het na hulle stories geluister.

En dit was hulle stories wat my geroer het. Dis wat met my gebeur het. Ek is geraak deur hulle stories en ek was heeltemal geboei deur die noodlot.

Die lewe. Dit wat met ons gebeur. Die noodlot, seker.

Ek moet darem ook sê dit was voor ek nog mooi geweet het van Willem Storm se geskiedenisprojek.

Maar ek dink vandag, ek en hy, ons het hierdie onsigbare band. En weet jy wat is my grootste wens? Dat hy nog geleef het. Net vir een dag. En dan wil ek daardie hele dag net met hom praat oor hoekom hy die geskiedenis so vasgelê het. Vir dieselfde redes?

Ek lees nou onlangs hierdie aanhaling van Cicero, die Romeinse staatsman: “Om nooit te weet wat voor jou geboorte gebeur het nie, is soos om vir ewig ’n kind te bly. Want wat is die waarde van ’n mens se lewe, as dit nie verweef is met die lewe van ons voorvaders deur die rekords van die geskiedenis nie?”

Ek wil so graag vir Willem Storm vra of hy ook heelhartig met Cicero saamstem.

My voortsetting van oom Willem se werk het daardie dag begin, daar tussen die Weskussers. Ek het dit natuurlik nie daardie dag geweet nie.

* * *

Die Minister van Openbare Werke en sy negentien helpers sit ses ure lank vas op die leer binne die windkragtoring terwyl die twee leeuwyfies buite lê en slaap. Hulle raak honger en baie dors, hulle sweet in die warm engte van die toring, hul vingers pyn van die vashou, hul liggame raak seer van die ongemak. Maar hulle moet sit, want Special Ops is eers Melton Wold toe, en die leeuwyfies lê.

Teen vyfuur die middag, wanneer ons vasgestel het dat die meer as seshonderd Weskussers – soos hulle vir ewig bekend sal staan – ongewapen en onskadelik is, en ons die leeu-vasgekeerdes kan gaan help, staan die twee wyfies lui-lui op en dreuntel weg, in ’n suidelike rigting.

Pa sal later bespiegel dat hulle van die ou Karoo Nasionale Park af kom. Maar nie teenoor my nie. Ek sal nog te kwaad wees vir hom.

Dit is waarom daardie jaar onthou sal word as die Jaar van die Leeu.

Die Weskussers: I

Joe Drake

Soos opgeteken deur Willem Storm. Amanzi-geskiedenisprojek.

My name is Joseph Drake, I arrived here with the West Coast refugees. After the meltdown, I was in Lambert's Bay for almost four years.

I'm the one who first got suspicious about the origin of some of the groceries we were being offered for trade. Because I used to be an assistant manager at the Spar in Table View, before the meltdown. And last year January in Lambert's Bay, we had these travelling traders offering us fruit juice ... Spar had its own label of fruit juices, the "nectars" ... Now keep in mind, those cartons of juice came to us more than three years after the meltdown, keep in mind, every supermarket and cafe and spaza shop and farm stall this side of the Cederberg has been ransacked over and over again, and we get offered Spar nectar fruit juice, with expiration dates roughly corresponding to the last stuff sent out to supermarkets before the meltdown ... Sorry, you guys refer to it as the Fever, I'm so used to talking about the meltdown, the nuclear meltdown, that was the thing that stuck in my mind.

The fact is, if you looked at all the evidence, there was only one place the juice could have come from.

And when I asked the traders, they said, "Oh, so now you want to go steal my contacts, my sources ..." They were very vague and elusive.

Ja, ek is een van die Weskussers. Ek kom eintlik van Atlantis af, my uncle het vir my die werk gekry op die skuite, ek het op die see gewerk van ek sestien was, op Lambertsbaai. Toe Die Koors na die dorp toe kom, toe is ek twintig, toe is ons op die see met die skuit, 'n trawler, ons praat maar só van 'n skuit, ewenwel, en ons hoor net op die radio van almal wat siek word en almal wat doodgaan.

Nou moet jy weet, ons is op die see, en ons is almal gesond, ons was nie op land toe daai virus gekom het nie, die skipper en twee ander van die crew, hulle hoor op die radio hulle se vrouens en kinders het Die Koors, en ons weet daai virus is highly contagious. Jy kan sien die skipper is stukkend, want hy wil na sy mense toe, maar hy het 'n responsibility om sy crew te protect ook. Ons sê vir hom, kom, ons gaan huis toe, lat skipper vir jou mense kan gaan groet, dan sê hy, nee, hy is die skipper, hy het sy responsibility, en daai responsibility is vir sy crew. Tot die aand dat hulle oor die radio laat weet, nou is die skipper se vrou op haar laaste, toe sê ons nou is dit mutiny, nou gaan ons terug.

Toe gaan ons. So het ek nog die laaste van Die Koors gesien. The very bad part. En die hele crew kry die virus, en die skipper is dood, en die hele crew is dood, behalwe ek, en op die hele dorp is daar vier mense oor. Toe wil ek Atlantis toe, na my mommy en daddy, ek was soort van seker hulle is dood, en ons het nou nie 'n goeie relationship gehad nie, maar jy wil darem na jou mense toe, daai tyd. Toe vat ek 'n kar en ek ry, en ek was nog nie eens op Clanwilliam nie, toe kry ons die refugees, die mense wat so vlug uit die Kaap uit, en hulle sê dis Koeberg, dis die nuclear reactors. Daar was nie meer mense om hulle te werk nie, toe is dit 'n meltdown en alles brand, hulle sê jy kan die rook sien, so 'n dik swart rook wat nooit gaan ophou nie, daai rook lê die een dag so oor die see, en die ander dag lê hy so oor die Kaap, nes die wind waai, en die mense kry nuclear disease, of so iets, hulle se velle dop so af van hulle se lywe af, en die authorities sê vir almal wat Die Koors survive, julle moet uit, julle moet uit, die radioactivity gaan die hele Kaap fry.

Toe weet ek as Die Koors nie vir my family gekry het nie, sal die nuclear disease vir hulle kry, want Atlantis is net 'n katspoegie van Koeberg af. Toe

draai ek om, en die refugees vra vir my, waar gaan jy. En ek sê ek gaan terug Lambertsbaai toe. Toe vra hulle, maar wat is daar? En ek sê daar's net die see, maar mens kan leef. Toe kom hulle saam. En toe kom daar nog, so in die volgende twee, drie weke. En die laastes sê die Kaap is nou 'n death zone, en al die passe oor die berge is toe, en die brûe oor die Bergrivier is toe, daar is hierdie groot signs wat sê:

Nuclear Danger. Do Not Enter.

Toe maak ons 'n lewe op Lambertsbaai, ons was hier by die driehonderd aan die begin.

Dit was 'n tawwe lewe gewees, daai eerste jaar. Daar was mense wat met hulle ou attitudes daar aangekom het, ek wil nie snaaks wees nie, maar wit mense wat gedink het ons bruines en swartes moet vir hulle werk, ons moet vir hulle sorg, want hulle was ryk mense gewees in die Kaap, daar was dié broer en 'n suster, twins nogal, daar uit Constantia uit. Hulle kom trek in daar by die grandste huis op Lambertsbaai, en hulle het vir ons orders gegee, doen dit, doen dat, maak gou. Die meeste van ons het dit ge-ignore, maar toe is daar mense wat kwaad word, en hulle keer daai ryk wittes in daai grand huis vas, en hulle wil net moor. Toe staan Missus Irene Papers op. Sy was 'n skoolprinsipaal op Moorreesburg, sy was een van die refugees, sy staan toe op, sy loop voor die huis in, en sy sê nee, daar was genoeg dood. En nou gaan dit stop. Die ryk wittes moet loop, hulle is nie in daai community welkom nie, hulle moet hulle se goed pak en voor die volgende oggend weg wees, maar daar gaan nie gemoor word nie.

Die volgende oggend was hulle weg. Ek weet nie waarheen nie, ek weet nie wat van hulle geword het nie.

En so het dit gekom lat Missus Papers die community gelei het, en ons het 'n lewe gemaak op Lambertsbaai, maar eintlik uit die see uit, elke jaar dan is die vis en die kreef meer, jy kan sien die see het mooi reggekom, en die voëls, dis waar jy kon sien, Die Koors was eintlik goed vir die wêreld. Daar is mos die blue gannets en die kormorante by Bird Island by Lambertsbaai. En jy kon elke jaar sien daar is meer, en hulle se kondisie is beter, want daar is meer vis vir hulle om te eet, want daar is minder mense wat die vis vang.

Ewenwel, toe word ons al hoe meer, daar op Lambertsbaai, die mense kom van die noorde, en van Clanwilliam se kant af, hulle kom seek seekos want daar is nie eintlik iets anders nie, en dan kry hulle vir ons, en hulle bly. Ons het daai dorp vol gemaak, en daar was mense by Graafwater wat skaap

en bees gehad het, dan ruil ons so, en daar is mense wat oral diesel uitsuig, dan kom ruil hulle by ons vir vis en kreef, ons soek die diesel vir skuite, of course.

En toe, toe begin die snaakse goed.

Eers was daar die ghost ship.

Verlede July, toe is ons uit met 'n skuit. Toe is daar nie meer weather reports nie, jy moet maar gaan op gevoel en op wat jy onthou van die weer. En ek onthou, ná 'n cold front, dan is daar baie keer 'n paar dae se mooi weer. So daar was 'n kwaai cold front, en toe, agterna, toe lyk die weer mooi as jy so uitkyk oor die Atlantic, en ons vat 'n skuit, nou's ek die skipper. Perfect sunshine, en ons kry snoek, ek het in my tyd nog nie gesien die snoek loop só nie, die water lewe sommer hier voor jou. Ma' nou is ek die enigste visterman, die ander is novices, en 'n snoek kan vir jou lelik seermaak, so ek het my hande vol om te vang en vir hulle te leer, ek sien nie die mis nie, toe ek weer kyk, toe lê die bank hier by ons. Weskus-mis. Hy maak vir jou blind. Toe het ons al gesien die GPS werk nie meer lekker nie, hy gee daardie tyd baie snaakse readings, so jy kan hom nie vertrou nie. En ek is die skipper, en 'n skipper vat responsibility vir sy crew, en ek sê kom, ons gaan huis toe, want jy raak gou deurmekaar met rigting daar op die oop see as die mis so inkom.

En ons is skaars aan die gang, of een van die crew sê, skipper, kyk net daar. En ons sien die ghost ship. Ek is nie 'n expert op skippe nie, ma' as jy op die see geleef het, dan hoor jy, en jy weet darem iets. Ek sê daai was 'n frigate gewees. 'n Naval frigate, military ship, nie groot kanonne nie, sulke kleintjies, en daar is missile tubes op die dek, hy's so ligte grys, maar ons sien net vir hom so uit die mis uit, in die sonskyn, en toe weer terug in die mis, ek wonder of dit veertig sekondes was. Ma' ek sê daai was 'n naval frigate gewees. Ons het hom almal gesien, en hy't geseil in die rigting van die Kaap.

En toe, early August, toe is daar twee van die kinders, hulle het skelm gaan gannet-eiers uithaal op die eiland, Missus Irene Papers het gesê ons los die voëls uit, maar die kleintjies, hulle is lekkerbekkies ... En hulle kom da' by die grootmense aangehardloop en hulle sê, kom kyk, kom kyk, daar's 'n walvis in die see, en die mense wat eerste kyk, hulle sien net die submarine wat so duik, net so die laaste glimpse van die toring en die aerial of die periscope of whatever. Dis trustworthy mense wat die submarine gesien het, hulle het nie rede om te lieg nie. Dan dink jy, wel, iewers is daar seker nog

military mense. Maybe in Amerika, maybe in Rusland, maybe het die virus nie daar in die Russian koue so kwaai doodgemaak nie, jy dink dis mense van 'n ander wêreld.

Yvonne Pekeur

Net verby Graafwater dan lê die koppe só, waar die pad deurgaans Clanwilliam toe. Daar is twee rye koppe, ons het gebly so tussen die twee rye, in die plaashuis, ses vroumense en die drie kinders wat met die beeste geboer het, ons het 'n mooi span gehad; laas November toe het ons oor die honderd-en-twintig beeste gehad. Ons het net vir vleis geboer, daar was mense wat gemelk het in die dorp, maar ons het gegaan vir vleisbeeste. Nou laat ek net sê, ons is net so buitekant die dorp, buitekant Graafwater, dis 'n halfuur se stap, tien minute met die perd.

In die somer het ons getrek vir weiding, tot by die Olifantsrivier, maar in die winter, dan is die weiding goed daar in en om die koppe, so dan gaan ons so saam met die beeste, ons is nie verder as sê nou maar 'n uur of twee van die huis af nie. En dit was laas Julie, dit was nou nie 'n baie nat jaar nie, maar die weiding was goed, en ek ... Dit was net 'n paar weke ná die Lambertsbaaiers vir ons kom vertel het van die duikboot. Ons is net so duskant die ou grondpad wat Skurfkop toe loop, ons maak kamp die aand, ek en twee van die kinders is by die beeste, ons het beurte gemaak. Alles is rustig, mens en dier, ons lê al lankal, maar ek is die een wat so lig slaap. Seker eenuur in die môre. En ek word wakker, en ek hoor die helikopters. Nie net een nie. Twee, of meer. Wie ken dan nou nie die geraas van helikopters nie? En ek hoor, maar hulle vlieg daar na die teerpad se kant toe. Dis nou die grootpad, die een wat van Lambertsbaai af Clanwilliam toe geloop het.

Ek is nie goed met afstand skat en rigting en so nie, maar ek dink die teerpad is so vyf kilometer van ons af gewees. So die geluid is nie oorweldigend nie, dis in die verte, half. Maar dit is duidelik genoeg.

Nou weet jy mos, jy wil nou nie vir die kinders wakker maak nie, netnou skrik hulle, maar jy wil ook nie die enigste een wees wat die lawaai hoor nie, jy hoop maar dit kom nader ... Lang storie kort, ek hoor daardie

helikopters seker vir goed by die vyftien minute. En dis nie asof ek gedroom het nie. Juis omdat dit so eenaardig was, toe staan ek op, en ek loop in die donker, so 'n entjie weg van die kinders en die beeste af, om mooi te luister. En ek hoor, ja, dis helikopters daai. Vir omtrent vyftien minute, en toe raak die klank weg, so of hulle wegvlieg. En die volgende dag, toe vat ek 'n perd en ek gaan kyk. En ek kry dit daar langs die teerpad, so min of meer waar ek gedink het ek hoor die helikopters, daar kry ek die waentjie van die smouse.

Nou moet ek eers iets sê oor die smouse en die waentjies. Daar was sewe smouse gewees. Daar was drie van hulle wat so manalleen gery het met donkies of perde en 'n wa, en daar was die ander vier, wat 'n paar mense was wat saam gewerk het. Ou Jan Swartz-hulle was vyf mense wat saam gesmous het, hulle het 'n skaaplorrie gehad wat hulle gestrip het, hulle het agt mooi perde gehad wat die lorrie getrek het. Hy was die groot rooibossmous gewees, en hulle het sommer meubels ook partykeer gesmous, maar mooi goed, jy kan sommer sien dit was erfstukke. En dan kom ruil ou Jan Swartz-hulle dit vir 'n paar blokke botter op die dorp. Die wêreld is op sy kop gedraai, nè.

Nou, die smouse wat ek daardie oggend gekry het by die pad, ná die helikopters, dit was Lionel Phillips se waentjie gewees. Hy het die dwergie gehad wat saam met hom gery het, wat sy helper was, koddige kêreltjie. En Lionel wat so 'n groot forse man was, handsome man gewees, met die dik swart snor, hy was daar van Vredendal gewees, oorspronklik, en die dwergie het gekom uit die Kaap uit, toe almal so gevlug het vir die kernkrag. Lionel en die dwergie het oral saam gesmous met hulle waentjie, hulle het 'n Ford Ranger so gestrip om hom lig te maak en hulle het ses perde voor hom vasgemaak, elke nou en dan is die perde groter en swieriger, dan trek Lionel nog so 'n Ventertjie ook.

So ek het Lionel se waentjie geken.

En ek kry daardie waentjie daar, en die perde is uitgespan, hulle wei daar in die veld. Heel rustig, die diere, makeer niks. Maar Lionel en die dwergie – ek kan nou nie sy naam onthou nie – Lionel-hulle is net missing. Geen teken van hulle nie. En die waentjie is leeg, dolleeg, daar's niks. En die bloed, so op die waentjie se deur, daar waar die driver sou sit, agter die stuurwiel. En die dwergie het so 'n hoedjie gehad, met 'n lang pouveer in, en die hoedjie lê daar eenkant.

Daardie helikopters moes al hulle goed kom steel het, en vir Lionel-hulle ook weggevat het.

Ek sou seker niks van die helikopters gesê het as die Lambertsbaaiers nie kom vertel het van die duikboot nie.

Ek meen, dis snaaks, is dit nie?

En ek wonder vandag nog: Wat het van Lionel Phillips geword? En die dwergie. Dis asof hulle weggeraap is.

Joe Drake

So, that was the funny thing, for me: This Lionel Phillips, the travelling trader, he was the one who started bringing in the suspicious ... I suppose suspicious isn't the right word, but I was pretty sure the stuff was coming from the contaminated zone, I mean, why else would it still be available four years after the Fever, with every town and village pillaged?

And fruit juice. That was the kind of stuff that went first. Or went bad.

Beginning of last year, this Lionel Phillips started coming round with this merchandise, out of the blue. And quite reluctant to tell us where he got it.

And then he's the one that disappears after that cattle woman hears helicopters.

My concern was that the produce might be radioactive. I tried to warn people, but the novelty of fruit juice and peaches in syrup and even bags of sugar ... Nobody listened.

OceanofPDF.com

Die Weskussers: II

Ek sien vir Sofia Bergman tussen die Weskus-vlugtelinge loop. Ek sien haar talm by kinders en vroue, en hoe sy op haar hurke gaan sit by twee tenger ou gryskopmans, hoe sy hulle aanraak, sag en met groot respek, en hoe hulle reageer.

Dit is asof die son oor hulle gelaat opkom wanneer hulle sien die gesig onder die militêre helm is dié van 'n mooi jong vrou. Daar is onmiddellik hoop by hulle. En 'n verligting, asof hulle weet hulle is nou veilig.

Ek kyk nie lank vir haar nie. Want ek wil nie my eie hoop koester nie, ek wil nie hê iemand moet sien my hart is steeds verlore nie. Buitendien, ek is nou 'n sersant. Ek het ernstiger dinge om te doen: Ek maak seker hierdie vlugtelinge is wie hulle sê hulle is. Ek kyk of daar versteekte wapens is, of verskuilde vyandige soldate. Ek samel intelligensie in, ek vra van die vlugtelinge uit oor hul herkoms en hul geskiedenis. Ek is effens haastig en so 'n bietjie streng en selfbelangrik, daarom hoor ek net bondige brokkies van aanvalle iewers by die see, van ontbering tydens hul reis tot hier, en van hul honger en dors.

Maar selfs al was ek meer tydsam en hulle meer spraaksaam, selfs al het ek hul volle verhaal geken, sou dit nie 'n verskil maak het nie. Dit sou geen lewens gered het nie.

Dit was my berusting toe ek later vir die eerste keer toegang gekry het tot my pa se geskiedskrywing-opnames. Dit is van die laastes wat hy met sy gewone ywer en belangstelling en altruïsme en dors na kennis maak het.

En toe was dit te laat.

Sewes Snijders

Ek ken toe al vir auntie Yvonne Pekeur vir seker drie jaar, en ek weet sy't nie stories en sights nie. As sy vir jou sê sy het helikopters gehoor, dan het sy. Dareem seker at least in haar kop. Ma' hier binne wonder jy of dit nou genuine helikopters was. Maar dan dink jy, okay, dis seker wat mense dink as jy praat van die ghost ship.

Ewenwel, dis nie lank ná sy die helikopters gehoor het nie, toe kom die Boesmansklowers. Die Boesmanskloof is diep in die Cederberge, dit is seker so honderd kilometer van Lambertsbaai af. Jy ry deur Clanwilliam, dan ry jy die Pakhuis-pas uit, en anderkant af, en daai deel is die Boesmanskloof. Daar was hierdie grand hotel gewees, in die ou dae, baie afgeleë plek, en dis waar dié mense gebly het. Die Boesmansklowers. Hippies. Nee, wag, laat ek liever net sê hulle was annerlike mense ...

Andrew Nell

Aan die begin was ons net drie in die Boesmanskloof, maar hier teen die laaste was ons so tussen twintig en dertig mense wat daar gebly het, by die ou retreat, dit was 'n baie luukse hotel en 'n spa gewees, daar diep in die kloof op, baie afgesonder. Ek persoonlik was daar vir langer as drie jaar. Dit was 'n baie veilige plek, daar was net een pad in en ons het die padborde afgehaal, as jy by die grootpad verbykom, sal jy nie eens weet van die plek nie.

Die groot ding was die water uit die fontein uit, goeie, skoon water. En ons het so met die tyd 'n klompie skape gehad, en daar was wild, en die vis in die dam. Ons het probeer met groente, maar die bobbejane het ons rot en

kaal besteel, so ons het maar van die sitrusvrugte oor die berg gaan probeer oes. En brandhout uit die berg uit. Dit was nie 'n maklike lewe nie. Maar omdat jy veilig is, dan bly jy. Want van die mense wat bygekom het, het vertel van die honde, honde wat so saam hardloop en wat mense aanval, en van rowers en malles. So jy bly maar, want jy is redelik veilig en jy oorleef.

Ons het geweet van die Lambertsbaaiers, want daar was hierdie een smous wat in die kloof opgekom het eendag, toe kry hy ons daar. Toe sê hy vir ons daar is 'n klomp mense by Lambertsbaai en by Graafwater, hoekom gaan ons nie soontoe nie.

Toe sê ons nee, dankie. Want ons het ons eie maniere gehad. Ons het geweet ander mense sal dalk nie van ons maniere hou nie. Maar ons het dit nie vir die smous gesê nie, ons het net gesê nee, dankie.

Toe sê die smous, maar daardie mense het 'n beter lewe as ons. Toe sê ons weer, nee, dankie, ons is veilig.

Toe vra hy, werk ons saam met die Wupperthallers?

Toe sê ek, ons weet nie van die Wupperthallers nie.

Dit was nie die waarheid nie.

Toe loop hy weer, en toe vra ons mooi, moenie vir iemand sê ons is daar nie. Toe kyk hy ons so, en hy sê, maar hier's dan niks, hoekom sal mense omgee.

Ons het nie kalender gehou nie, so ek weet nie wat die datum presies was nie, die Lambertsbaaiers sê dit was vroeg in September verlede jaar. Dit klink omtrent reg. Een nag in September, toe kom hulle vir ons. Net skielik, toe breek hulle ons deure oop in die middel van die nag en hulle begin ons slaan met swepe en knuppels, en hulle sê: "Go, go, take your stuff and go. We told you, stay away from Wupperthal. We told you." En hulle sê: "Don't come back," en daar was een wat gesê het ons is diewe, "you damn thieving bastards" of so iets. Dit was verskriklik, om so in die nag net skielik oorval te word, en ons kan net 'n paar goed gryp, en hulle slaan vir ons, en ons moet hardloop met die pad af. Hulle sê: "Don't ever come back, if we catch you within a hundred kilometers, we will kill you."

Daar is van ons mense wat gesê het die slanners het almal dieselfde boots aangehad. Hulle was nie dieselfde aangetrek nie, maar hulle het dieselfde boots gehad.

Ek weet nie wie hulle was nie. Ek dink ek weet hoekom hulle ons daar weggejaag het. Ek dink dit was oor Wupperthal.

Toe loop ons deur die nag en deur die volgende dag, oor die pas, na die Lambertsbaaiers toe.

Sewes Snijders

Die Boesmansklowers ... Regtig annerlike mense ... Hulle was veelwywers, daardie Andrew Nell het by ons aangekom, toe het hy vyf vrouens. Vyf. Die oudste een al in die vyftig, die jongste een agttien of so, drie van hulle is gelyk pregnant. En al vyf daai vrouens sweer hoog en laag hulle is in die eg, Andrew Nell het vir hulle getrou, en hulle is baie lief vir hom, en hy was so goed vir hulle. En hy wat so 'n maer man is, en al grys in die baard. Vyf vrouens ... dit wil gedoen word – ek sien nie eens kans vir een vrou nie. En daar was die ander mans ook, uit die Boesmanskloof uit, party het twee of drie vroue gehad. So hulle was maar 'n bietjie snaaks vir ons, en ons het nie geweet om hulle te glo nie. Oor die mense wat hulle so kom verjaag het met die swepe en die knuppels. Maar toe sien ons daardie Boesmanskloof-mense kan wêrk, hulle sal goed wees vir onse dorp. So toe besluit ons, as hulle wil veelwyf, dan kan hulle maar veelwyf. Ek meen, die wêreld is mos nou anders.

En toe, in November, toe kom die skuit in ons hawe in. Helder oordag.

Verlede jaar November, toe roei ons nou maar uit met die bakkies vir kreef en visvang. Dis nou 'n klein bootjie, so 'n roeibootjie, daai noem jy nou 'n bakkie. Ons roei toe nou uit met die bakkies, want toe is dit al maande wat die smouse nie meer kom nie, en die diesel wat hulle laas kom smous het, is op.

Yvonne Pekeur

Ja, ek het nog bedoel om dit te sê: Daar was sewe smouse gewees. En toe Lionel Phillips en die dwergie so saam met die geraas van die helikopters verdwyn, toe is dit ook laaste sien van enige van daardie sewe smouse.

Ek weet nie wat van hulle almal geword het nie. Ek weet glad nie. Maar ek sê maar net: Toe Lionel Phillips en die dwergie so weggeraap is deur die helikopters, was dit die laaste keer dat ons ooit 'n smous gesien het. Dit moet tog iets met mekaar te doene hê. Ek dink so.

Sewes Snijders

Ewenwel, die skuit kom lê daar in die baai, so net buite die hawe, en die mense kom roep vir my en vir Missus Irene Papers, want ek is toe nou die seeman, en sy is die ... Jy kan maar sê sy is die burgemeester, hulle wys ons die skuit wat daar lê.

Dis 'n groot skuit, dis 'n seventy-five foot tuna pole boat, haar naam is die *Atlantic Hunter*, dit sien ek toe nou eers toe ons uitroei met die bakkie, ek en twee crew, Missus Irene Papers stuur vir ons uit om te kyk wat is dié vreemde skuit dan.

En toe ons so aankom, toe kom staan die mense op die dek, en hulle sê: "Don't come closer, don't come closer, we are sick." Net só, op die Engels. Nie Boere-Engels nie, ek wil sê uitlandse Engels. Toe is ons seker so, ek weet nie, sê nou maar agt of tien meter van hulle af, so ek kan hulle mooi sien, ek en die roeiers. En ons kan sien dié mense is van die swere, hier oor hulle se gesigte en nekke en arms, alles wat nie onder die klere weggesteek is nie. Lelike swere, dit lyk soos bysteke wat gevrot het, as jy verstaan wat ek bedoel. En ons stop net daar, want jy wil nie daai swere hê nie, en ek vra: "But what do you want?"

En hulle sê: "We want water, please, we need fresh water."

Toe roei ons terug om vir hulle water te gaan haal, ons het dit vir hulle in bottels getap, toe maak ons die bottels in 'n net, en ek bind 'n tou daaraan vas, en 'n boei aan die tou. Toe roei ons weer uit, en ek gooi die tou en die boei in die water. En ons roei so 'n entjie weg, en hulle kom so 'n bietjie nader, en hulle vat die boei en hulle trek die net met die bottels in. En daai mense drink water, jy kan sien hulle is dors. En hulle sê: "Thank you very much. We have to warn you, there is a new fever. Blister fever. We all have the blister fever. It kills you much more slowly. We were living in Saldanha, and people came from Cape Town, they came with this fever, and they

infected us all. They are coming here, they are coming north. You have to flee before they get here. You have to go north. Go very far. Go to Luderitz, or Angola.”

Toe het hulle twee lyke wat hulle so toegedraai het in lappe, en hulle sê: “Sorry, we have to give two of our people a sea burial, they died of the blister fever, it is a terrible death,” en hulle staan almal so op die dek, en hulle gooi die twee lyke in die see, en die goed sink.

En ek skree vir hulle: “But why did you come bury those people here?”

En hulle sê: “We were too thirsty, we did not have the energy, you will see, when you get the fever.”

En hulle sê weer dankie vir die water, en julle moet vlug, die blister fever kom, en daar ry hulle met die tuna boot, die *Atlantic Hunter*, see-in.

Nou, wat vir my snaaks was: daai enjin, daai dieselenjin loop soos ’n horlosie. Asof hulle se diesel vars uit die oond is.

En wat vir my snaaks was: daardie uitlandse Engels. Nie sterk nie, maar vir my het dit uitlands geklink.

Laat ek nie gedink het om te vra waar kry julle die diesel nie. Maybe was hulle soos julle. Maybe het hulle by Saldanhabaai canola of sonneblomme geplant, en hulle se eie diesel gemaak. Who knows?

Ewenwel, toe roei ons terug om vir Missus Irene Papers en onse mense te gaan sê die blister fever kom. En ons, die hele dorp se mense, ons praat daai hele dag en tot laat in daai nag, en ons besluit, maar nee, ons gaan g’n vlug Angola toe nie. Ons gaan die paaie dophou vir die blister fever mense uit die Kaap uit, en ons gaan vir hulle sê om om te draai. Gaan terug. En as hulle nie wil omdraai nie, dan sal ons maar moet skiet. Maar ons gaan g’n Angola toe nie.

Die Weskussers: III

Joe Drake

This is perhaps a good time to mention that we had heard of you. Not the name of your republic, we did not know it was called Amanzi. But we had heard that there was a settlement on the Orange River, on a dam. I thought it was just a legend, you know, one of those things that people make up. And then, when we heard it from another travelling trader, I thought it was maybe at the Gariep Dam, that's what I thought in my head.

I can't remember which trader told us about you first. This was more than two years ago, he was telling us there's this community on the river, and they've got electricity, and they have irrigation, and they have a bakery and everything. And I thought it was nonsense. And then, early last year, this other trader said he had heard that it was all true, that you made you own diesel, you had tractors and trucks and stuff, and you were even building houses. But it was very dangerous to get to you, because you had these motorcycle patrols to stop people from getting to you.

I think that's why nobody thought of coming, before the big attack.

Sewes Snijders

Desember en Januarie sien ons niks. Ons het wagte uit op al twee die paaie, en op die spoorlyn, noord en suid, en daar is geen blister fever mense nêrens nie.

Dan wonder jy maar, maybe was dit 'n klomp crazies op daai skuit met die vars diesel.

En toe, 16 Februarie, toe breek die hel los.

Yvonne Pekeur

Ons hoor die ontploffing al die pad in Graafwater. Dis dertig kilometer weg. Ná twaalf in die nag, ek is die ligte slaper, ons is bo-op die berg met die beeste, en ek hoor daardie slag en ek staan op en ek kyk see se kant toe. En toe sien ek die gloed.

Sewes Snijders

Ons was vyfhonderd-ses-en-veertig siele in Lambertsbaai daardie nag toe die missile die visfabriek tref. Daar is van die mense wat die missile sien inkom het, van die see se kant af. Soos 'n vuurpyl. En hy tref die visfabriek net mooi. En daar is seker sewentig mense wat in daardie fabriek bly, hulle slaap daar, ons het dit nooit vir 'n fabriek gebruik nie, dit was slaapplek. Blyplek. Hulle is almal dood.

En toe kom die helikopters, ons hoor vir hulle aankom, nie oor die see nie, hulle kom daar van die Muisbosskerm se kant af, hulle vlieg so laag oor ons, hulle loop draai daar oor die karavaanpark, en hulle kom weer terug. Ek wil vir jou sê seker twintig van hulle.

En hulle kom land op die ou skooltjie se sportveld, en die soldate spring daar uit, hordes van hulle, en hulle begin ons so met die swepe en die knuppels slaan, en hulle skiet hulle se gewere in die lug af, en hulle skree op ons: "This area is contaminated, this area is contaminated, in two days

we will bomb this place, there is blister fever contamination, get out, get out, you have two days.”

Dis vreesaanjaend, hier agter jou brand die visfabriek ná ’n helse ontploffing, en hier voor jou storm die mense uit die helikopters uit en die vroue skree en die kinders huil.

En Missus Irene Papers was een van dié wat in die visfabriek gebly het.

Toe sit ons sonder ons burgemeester. Toe trek ons. Dit was ses weke terug.

Yvonne Pekeur

Ja, daardie anderdagmôre, toe kom hulle in sulke strepe aan, en hulle vertel vir ons wat gebeur het.

Toe vat ons mense in Graafwater ook maar ons goedjies.

Toe trek ons, op soek na julle. Maar met die droogte van hierdie jaar ... Daar is baie kinders en oumense dood langs die pad. En een van Andrew Nell se swanger vrouens. Jy weet, die veelwywer.

Andrew Nell

Ek hou nie van die woord nie. Veelwywer. My vrouens is nie wywe nie. Ja, van ons was poligamiste. Nie almal nie. Ek was een. Ek is een. Amanzi se grondwet sê ek mag een wees. Het julle ’n probleem daarmee?

Dit het maar so gebeur. Daar was baie meer vrouens as mans, en dit het maar só gebeur. Ek dink nie ons hoef verder daaroor te praat nie.

Julle moet my liever vra oor Wupperthal. Want ek dink Wupperthal is belangrik. Ek dink Wupperthal is dalk die rede hoekom baie dinge met ons almal gebeur het.

Ja. Goed. Ek sal vertel van Wupperthal.

Ek dink die mense wat ons uit die Boesmanskloof kom verdryf het met die swepe en die knuppels, het gedink ons het iets te doene met Wupperthal.

Ons het nie. Daaroor gee ek jou my woord. Ons het niks met daardie mense te doene gehad nie. Maar ons het geweet van hulle.

Wupperthal was in die ou dae hierdie klein plekkie, hierdie mooi dorpie, 'n ou sendingstasietjie. As jy van Clanwilliam af gery het, het die pad daar geëindig, diep in die Cederberge. Vir die meeste karre het die pad daar geëindig.

Maar eintlik het die pad nie daar geëindig nie. Daar is hierdie rowwe tweespoorpaadjie wat oor die Eselsbank loop, en oor die berg. Anderkant af, en eindelik Ceres toe. Kaap toe. Dis soos 'n geheime roete. Daar was soveel ander paaie Kaap toe, grootpaaie, teerpaaie, grondpaaie. So daar was baie min mense wat geweet het van die pad agter Wupperthal, oor die Eselsbank.

In die Boesmanskloof was daar tye van groot honger, dat ons nie 'n keuse gehad het nie, ons moes gaan uitkoms soek. En ek het toe gedink, so twee jaar terug, dalk is daar iets by Wupperthal, dit is so 'n klein plekkie, dalk het almal daarvan vergeet, dalk is daar nog 'n bietjie blikkieskos of iets. Toe is daar drie van ons Boesmansklowers Wupperthal toe met die donkies. Dit was seker so twintig kilometer gewees.

Die grootpad Wupperthal toe is met 'n pas, of dan minstens 'n kronkelbergpad, tot jy sien hier lê die plekkie hier onder jou in die valleitjie. Ons loop al die pad, en dit was so laat in die middag, en eers ruik ons die vure, en toe stop ons, en ons kruip weg. En toe word dit donker, en ons sien die vure.

Toe los ek die ander twee by die donkies, en ek kruip so deur die riviértjie se loop, tot waar die saaltjie was, en ek sien hier is 'n klomp smouse. Die een smous het ek al voorheen gesien, maar die ander, daar was seker vyf ander, het ek nie geken nie. Maar hulle het almal ou lorries of bakkies wat hulle so die enjin en die goeters uitgehaal het, en dan sleep hulle dit met perde of donkies. En al daardie lorries staan daar.

En ek hoor die smouse roep vir iemand. Toe sien ek daar is vier mans wat anderkant uitstap, hulle het 'n hele klomp pakdonkies, seker agt of tien, en hulle stap in die rigting van Eselsbank. Hulle vat daardie geheime paadjie oor die berg. Kaap toe.

Toe is ons terug Boesmanskloof toe, want daardie mense, daardie smouse ... Ek dink hulle het gesmokkel. Hulle het daar in die radioaktiewe plekke ingegaan en goed uitgebring. Goed wat jou kan siek maak.

Sulke mense is gevaarlike mense. Dis hoekom ek hulle net so gelos het en teruggegaan het.

Die mense met die boots wat ons kom slaan en verdryf het, die sweepmense, hulle het gedink ons is van Wupperthal se smokkelaars.

Dink mooi wat hulle vir ons gesê het: “We told you, stay away from Wupperthal.” En: “You damn thieving bastards.”

Ons, wat nooit iets gesteel het nie, hoekom sal hulle dit vir ons kom sê. Dit was oor die Wupperthal-smokkelaars.

OceanofPDF.com

Pa

Ek wil op hierdie punt van my verhaal talm. Ek wil tyd verspil, want my moed begewe my vir die laaste deel van dié reis.

Ek wil ook stilstaan omdat ek een laaste keer diep wil delf in my geheue, sodat ek die akkuraatste prentjie van my pa kan skets soos hy in die lewe was. Ek wil sy karakter volrond omskryf, ek wil hom vir die leser laat leef, sodat die leser dieselfde ondraaglike pyn sal ervaar wanneer ek van my pa se dood vertel.

Gedeelde pyn is verminderde pyn, dink ek.

Miskien wil ek ook hê die leser moet my verstaan en groter begrip en empatie hê vir my reaksie op die dood van my pa, en my optrede daarna. Ek was my lewe lank nog nooit heeltemal verhewe bo die swakheid-sonde van simpatie soek nie.

Die probleem is dat ek nie die gereedskap het om my pa se karakter hier ten volle bloot te lê nie. Want toe ek hom geken het, was ek 'n kind.

Ek weet dit klink na 'n flou verskoning, na 'n ontduiking van my plig as memoiris. Maar daar is waarheid daarin. Ek dink nie kinders wil hul ouers se karakters analiseer nie. Ek dink nie hulle stel belang daarin nie. As kind was ek te veel betrokke by myself, en as ek nou na my eie kinders kyk, sien ek dit by hulle ook. 'n Kind se obsessie met self laat min ruimte vir die studie van ander.

Wanneer ek as middeljarige man terugkyk, is dit steeds met die oë van 'n kind, daarom dat dit vir my bitter moeilik is om my pa objektief te probeer onthou. Neem nou maar die *in flagrante delicto*-oomblik van hom en Beryl. Selfs nou, hier, is dit vir my 'n groot inspanning om hul verhouding te

probeer visualiseer. Dit het absoluut niks te doene met die feit dat hy wit en sy bruin was, dat hulle hul verhouding weggesteek het en almal sterk vermoed het dat sy 'n lesbiër is nie. Dit is bloot net dat hy my pa was, en ek nie só oor my pa wil dink nie.

Daar is die perspektief-dilemma ook. Ek besef daagliks – en al hoe meer – dat ons vir ewig die gevangenes is van ons eie, unieke siening. Ons probeer werklik gelykmatig en ewewigtig na ander kyk, ons glo opreg ons is oopkop genoeg om dit te kan doen, maar eindelik is dit grootliks 'n illusie. Ons kan net uit ons eie oë sien. Selfs as volwassenes is objektiwiteit immer ontwykend.

Die laaste faktor wat dit vir my so onmoontlik maak, is omdat ek my lewe lank soos my pa wou wees. Nou nog.

En ek sal dit nooit vermag nie.

Enersyds omdat my pa in my kop net soveel 'n idee, 'n konsep, 'n ikoon is, as wat hy mens was. Die gestorwenes het daardie voordeel; 'n lewe, afgesluit en opgesom. En ek is 'n voortsnellende, onvoltooide projek, ek is 'n persoonlikheid en 'n karakter steeds op soek na homself, steeds ongedefinieer, steeds aan 't ontwikkel, steeds met die strewe om net iets te wees van wat Willem Storm was.

Selfs nou, hier in my veertigs.

Dan die insig: Pa moes ook só gevoel het. Dalk het Pa in die skaduwee van sy eie vader geleef. Of in die herinneringe van sy vrou en hul verhouding, en al die pyn wat daarmee gepaardgaan. Sy binnekant was ongetwyfeld veel meer kompleks as wat ek geken of verstaan het. Pa moes ook oomblikke van selfvertwyfeling gehad het, Pa moes ook immer veranderend, groeiend en soekend gewees het. Pa was meer én minder as die man wat ek met 'n kinder- en tienerverstand leer ken het, maar hoeveel meer en minder sal ek nooit weet nie.

My poging tot 'n volledige, gebalanseerde en insiggewende karakterskets sal ten beste oneerbiedig wees, ten slegste 'n misdaad teen sy nalatenskap.

En tog wonder ek in oomblikke van swakheid: Het hy 'n verhouding met Beryl gehad omdat hy haar liefgehad het? Of was sy vir hom 'n plaasvervanger en 'n swakte omdat gespierde vroue sy ding was, want my hokkiespeler-ma was ook atleties en soepel en fiks. Of het hy en Beryl mekaar net vertroos, fisieke konneksies gemaak in die sin van Nero Dlamini se verduideliking van wat ons as sosiale diere so nodig het?

Ek wil graag glo dit was liefde. Ek dink dit het toevallig gebeur. Ek dink hulle het in daardie eerste Amanzi-jare so verskriklik hard gewerk tussen die kinders en die gemeenskap en die gevare en die terugslae, ek dink hulle het een aand in uitputting lyflike troos by mekaar gevind, en dit het daarna 'n saak van gemaklikheid en gewoonte geword wat eindelijk in liefde omvorm is.

As ek onthou hoe hulle met mekaar was – die opregte vriendskap, dié soort wat alles aanvaar en alles vergewe, die soort wedersydse respek, en wedersydse ek-hóú-van-jou – dan maak dit alles sin. Dan gun ek hulle dit, dan is ek bly dit het gebeur. Nou, hier waar ek skryf.

Maar toe ek sewentien was, toe ek sersant Nico Storm van Team Bravo van die Spotters was, het dié kennis van my pa en Beryl se boom van goed en kwaad geweldig ongemaklik in my ingewande gelê, 'n reptiel wat wriemel en draai, sodat ek die laaste maande van sy lewe verloor het.

* * *

Die Sondag ná die Weskussers aangekom het, roep hulle my na die kaserne se voordeur toe. “Jou pa is hier.”

Ek loop af. Hy staan daar, hy en Okkie.

Dit is die eerste keer dat ek hom sien sedert die dag toe ek die Orphanage se deur oopgepluk het.

Ek is kwaad dat hy vir Okkie saambring, ek sien dit as lafhartigheid, as sy manier om 'n verduideliking of enige gesprek oor sy indiskresie te ontduik.

Hy staan daar met 'n vae beskroomdheid, soos 'n kind wat 'n mindere huisreël oortree het, sy gesig vol ingehoue apologie, reg om verlig te glimlag as ek die leiding neem in geamuseerde vergifnis, as ek wys dit is nie so erg nie, as ek wys my kwaad is net vir vertoon, dit is getemper met deernis en begrip en liefde.

Ek kan daardie toneel met groot helderheid herroep, want ons onthou die oomblikke van vrees, verlies en vernedering die beste. En in hierdie geval is dit vernedering. My vernedering, omdat ek nie groot genoeg was om hom die deernis en begrip en liefde te gee nie.

Ek kan daardie toneel met groot helderheid herroep: Pa en Okkie, hand aan hand, teen die lig wat van buite skyn. Pa wat kleiner lyk, elke keer as ek hom sien kleiner, want ek en Okkie word groter en sy verantwoordelikhede

en sy politieke en sosiale vraagstukke raak groter en swaarder. Pa se oë op my gesig, soekend, soekend na begrip en empatie. En ek kyk weg, met minagting. Ek kyk na Okkie, ek groet vir Okkie, ek tel hom op en druk hom en ek laat my pa daar staan en ek ignoreer hom.

“Wil jy saam met ons rivier toe stap?” vra Pa. Sy toon is ’n vredesoffer.

Ek lieg en sê: “Ek kan nie.” Ek kyk nie na hom nie. Ek misbruik my mag tot die uiterste.

Okkie pleit ook: “Kom, Nico, ons kan kleilat gooi.”

“Ander keer,” sê ek. “Ek moet werk.”

Pa weet dit is ’n leuen.

“Goed,” sê hy gelate. “Ander keer.”

April: I

Domingo laat my kom. Hy sê: “Maak toe die deur,” en dan: “Sit.”

Ek wonder, is dit oor my pa, het hy gister gesien hoe ek my pa-hulle laat omdraai het by die deur?

“Hoeveel het jy gehoor van die Weskussers se stories?” vra hy.

“Ek weet hulle het swaargekry. Op pad ...”

“Het hulle vir jou vertel van die helikopters?”

“Nee.”

“Okay. Short version: Hulle sê hulle het op Lambertsbaai gebly. Hulle sê daar was eers hierdie mense op ’n boot met sulke festering boils oor hulle, wat vir hulle kom sê het hulle moet trek, want daar kom nog ’n koors. En toe hulle niks doen nie, toe kom daar helikopters vol troepe om hulle te verjaag. ’n Hele fish factory is opgeblaas.”

“Ek het nie geweet nie.”

“Onthou jy die Marauders?”

“Ja, kaptein.”

“Onthou jy vir Leon Calitz en die sparkie, daar waar hulle die vrouens opgesluit gehou het?”

“Ja, kaptein.”

“Onthou jy hoe die sparkie so aangegaan het oor die ‘chopper’?”

“Ja, kaptein.”

“We have to revisit that. For obvious reasons. En my probleem is, ek kan nie mooi onthou nie, want ek was so pissed off daai dag. As you well know. Ek het nie so mooi geluister nie. En ek en jy is die enigste survivors van Special Ops wat daai dag daar was. So ek wil weet, wat kan jy onthou?”

Ek knik, probeer dit onthou. Dit is meer as 'n jaar gelede, maar dit is gebeure wat 'n groot indruk op my gemaak het.

“Take your time,” sê Domingo.

“Hy het gepraat van die chopper. Een chopper. Dis hoe ek dit onthou.”

“Check,” sê Domingo.

“Hy het gesê daar het ouens met gewere uitgespring, en die gewere het lasers opgehad.”

“Check,” sê Domingo. “Laser sights. Daai onthou ek ook. Ma' hoeveel ouens het uitgespring?”

Ek doen my bes, maar ek kan nie onthou nie. “Ek weet nie.”

“Not important. Okay, wat nog?”

“Hy het so gewys na die koeëlgate bo die deur, toe sê hy die ouens het op hom geskiet toe hy in die deur gestaan het.”

“Check,” sê Domingo. “They shot at him with laser sights, and they all missed him. Daai is wa' ek gescheme het hy's gerook. I mean, arriving in a chopper, the assumption is, jy weet wat jy doen. Arriving in a chopper with laser sights, en die assumption is, jy is really hot shit. En dan skiet jy só mis? Ma' nou sê die Weskus-mense hulle is met swepe en stokke daar weggejaag. Ouens wat 'n missile op 'n fish factory skiet en dan uit choppers uitspring en hulle met stokke jaag ... Dit klink ook vir my na 'n roker-droom, only problem is, al vierhonderd West Coast people kan nie gelyk gerook wees nie. So maybe het daai laser sighted chopper troops aspris mis geskiet. But why?”

Ons oordink dit saam in stilte. Ons kry nie antwoorde nie.

“Okay,” sê Domingo. “Wat kan jy nog onthou? Van daai sparkie?”

“Hy't gesê hulle het hom goed gevra oor mense wat hy nie ken nie.”

“Hulle het hom goed gevra oor mense wat hy nie ken nie?”

“Dis hoe ek onthou.”

“Ma' hy't nie gesê watter mense nie.”

“Nee.”

“Check,” sê Domingo. “Wat nog?”

“Hy't gesê hulle het die radio gaan soek. Die chopper-ouens het die Marauders se radio gaan soek.”

“Daai onthou ek. Ma' toe los hulle die radio weer net só?”

“Ja.”

“It's all a little strange. Kom, ons moet met daai vrouens ook gaan praat.”

Haar naam is Anna van der Walt. Sy was die oudste van die Sewe Vroue wat ons uit die stoorkamer gered het destyds, waar die Marauders hulle gevange gehou het. Sy is iets in die veertig, sy is nou, 'n jaar later, 'n kok in een van die gemeenskapskombuise, maar dit is asof die ervaring nog in haar beendere sit – sy is nog net so skraal en verwese. Sy vee haar hande behendig met 'n lap af, sy sê vir haar kollegas sy gaan eers met my en Domingo gesels, en dan lei sy ons na die tuin toe buite. Ons gaan sit onder 'n peperboom, op stoele van roostermetaal waarvan die verf heeltemal afgedop het.

Domingo het gesê ek moet die woord voer. Ek dink hy is bang hy is nie sensitief en diplomaties genoeg nie.

“Tannie, ons wil praat oor die aand voor ons julle gekry het, daar op die berg. Ons sal nie kom vra as dit nie belangrik is nie. Asseblief, as dit reg is met tannie.”

Haar oë verrai haar, hulle wys dat dié gedagte haar bangmaak. Maar sy sê: “Goed, Nico. Praat maar.”

“Ons wil net weet van die helikopter wat daardie nag daar aangekom het. Dis al.”

“Goed.”

“As tannie vir ons kan vertel wat tannie kan onthou.”

Haar skraal lyf verstyf langsaam, asof sy haarself moet staal om daardie tyd en daardie nag te herbesoek.

“Daar was nie 'n lig in daardie stoorkamer nie,” sê sy.

Dan dink sy terwyl die minute draal. Ons sit, ons haal omtrent nie asem nie.

“En daar was nie 'n venster nie. In die dag het die lig, die sonlig deur die gaatjies in die dak geskyn. En onderdeur die deur. Ons ... Ons was so lank daar binne, hulle het ons nie laat uitkom nie. Ek het nooit regtig geweet wanneer ek geslaap het en wanneer ek wakker was nie. Ek het die helikopter gehoor, en ek het gedink dit is seker 'n droom. En toe kyk ek op dak toe, en ek sien die lig wat deur die gaatjies skyn, die lang dun straaltjies van lig, en hulle beweeg, soos klein soekliggies, hulle beweeg so oor ons. Dit was nie die son nie, dit was iets anders. Dit was mooi ... En die

helikopter se harde geraas ... En mense wat skree, en skiet ... Was julle al ooit toegesluit ... ?”

En Domingo sê “Ja”, so sag dat ek nie seker is hy het dit regtig gesê nie, en ek kan dit nie waag om na hom te kyk nie, maar Anna van der Walt kyk na hom, baie stip en intens, en sy sê: “Mens droom van bevryding. Mens droom iemand kom jou haal. Die hele tyd, dan droom jy jy gaan hierdie hel ontsnap. Ek ... Die liggies uit die dak uit, en die lawaai en die stemme en die skote, en toe maak iemand die deur oop, ons sel se deur, die stoorkamer se deur, en ek sien die mense daar staan, die soldate, ek sien hulle teen hierdie baie skerp lig van die helikopter af, en ek dink ek droom dit is mense wat ons kom bevry, dalk is hulle uit die hemel uit, ek steek my hande so uit na hulle toe. En toe skree hulle. Toe dink ek hulle is net soos die ander mans. En toe maak hulle die deur weer toe. Toe dink ek, ja, dit is definitief ’n droom.”

Sy kyk weg van Domingo af, sy kyk op, na die blou lug, en haar lyf word stadigaan weer ontspanne.

* * *

Ons ry terug met Domingo se Jeep.

“Watse soort mense vlieg in ’n chopper, lyk soos soldiers en maak ’n deur op sewe women prisoners toe? Watse soort mense?”

Ek het nie ’n antwoord nie.

“Watse soort mense skiet ’n missile op ’n fish factory, en dan jaag hulle die mense met swepe?”

Hy maak ’n gebaar wat sê dit is ’n onverstaanbare wêreld.

“Ons sal defences moet kry teen choppers,” sê hy.

“Hoe?”

“I’ll have to think. Daar was sestien Starstreak missiles by De Aar, ma’ ek het nog nooit met hulle gewerk nie, en sestien is te min om mee te experiment. The upside is, hierdie chopper ouens wil nie actually moor nie. As jy die fish factory casualties vat as collateral damage. So, the question remains: What is their agenda ... ?”

Ons ry nadenkend tot by die basis. Hy hou stil. Voor ek kan uitklim, sê hy: “Jy weet, al die mense wat my gehelp het om die lions’ share van ons arsenal Sicily toe te skuif, is dood in die Battle for Sector 3.”

“Nee ...” Want ek het dit nog nie besef nie.

“It’s true. Al vier daai ouens was reservists. Which means ek en jy is die enigste mense wat nou weet waar daai guns en ammo is.”

“Okay ...”

“Jy gaan ... There will be an announcement on the third of April. Daai announcement gaan maybe vir jou heavy divided loyalties gee. Dit gaan jou dalk kwaai laat wonder of jy vir iemand moet sê waar die arsenal is ...”

“Ek sê vir niemand nie.”

Hy kyk na my asof hy my weeg. Dan knik hy. “Okay. Dismissed, sergeant.”

Ek klim uit en begin draf na my span toe wat met drillwerk besig is. Domingo roep my terug: “Sergeant!”

Ek kyk om. Hy wink met sy hand. Ek gaan staan langs die Jeep.

“Ek het vir Birdie gevra om te trou. Toe sê sy ‘ja’.”

Hy sien ek wil hom gelukwens, maar hy sê baie streng: “Nee, jy gaan nie nou iets sê nie. Jy gaan net luister. Die troue is oor drie weke. En jy kan nie attend nie. ’Cause why, as ek vir jou invite, moet ek die hele Special Ops invite, and that’s going to get a little crowded. Die bruid is so ’n bietjie van ’n pacifist.” En hy grinnik sy Domingo-grinnik.

Ek staan, want ek mag niks sê nie.

“Just so you know. Information not to be shared. Dismissed.”

* * *

Dié aand kom die boodskap: Daar sal oormôreoggend om nege-uur ’n groot aankondiging in die Forum gemaak word. Die hele Amanzi moet daar wees.

OceanofPDF.com

April: II

Déjà-vu is daardie sterk gevoel dat ons al voorheen iets gesien of ervaar het. Ons kry die woord direk uit die Frans. In daardie taal beteken dit letterlik “reeds gesien”.

Pa het dié taalles al gegee toe ek dertien was, maar ek onthou dit op die derde April in die Jaar van die Leeu, in die Forum van Amanzi. Want die gevoel van déjà-vu is oorweldigend.

Pastoor Nkosi Sebego staan op die bak van die ou Tata-trokkie, met ’n mikrofoon in sy groot hand. Pa staan langs hom, verdwerg, soos altyd. Die pastoor lyk presidensieel en magtig, hy straal outoriteit en selfversekering uit, my pa lyk verslae en verslaan. En ek voel daardie skaam-kwaad dat Pa dit aan my en aan homself kan doen.

Omtrent die hele bevolking van Amanzi is in die Forum saamgedrom. Die mense staan die ou parkeerterrein heeltemal vol. Hulle staan skouer teen skouer in Gansiestraat, en op die sypaadjies en in die voortuine van die huise oorkant die straat. Hulle staan oos en wes opgedam, nie almal sal kan sien nie, maar danksy die luidsprekerstelsel sal almal kan hoor. Daar is amper sesduisend mense, want die Weskussers is by, en ons hele gemeenskap – die rivierboere, die Petrusvillers, die mense wat besig is om Hopetown te hervestig, en die Spotters en die meeste van Sarge X se wagte.

Pastoor Nkosi maak die aankondiging. Dit is ’n herhaling van die toespraak wat hy vir die Kabinet gegee het, sal ek veel later uitvind. Hy sê hy gaan sy mense lei na die Beloofde Land van New Jerusalem. Hy is ’n natuurlike en briljante orator wat op sy beste is wanneer die skare én die saak én die wedpot groot is. Vandag lees hy nie die toespraak nie, hy voer

dit op, sy stem is 'n drama wat oor die huise en geboue eb en vloed, van die heuwels af eggo, en eindelik oor die waters van die dam weggalm.

Ná die kern van die toespraak juig almal hom toe, selfs die wat hom nie gaan volg nie, want dit is daardie soort toespraak. Besielend en opruiend.

Dan sê die pastoor die uittog begin al volgende week.

“And,” en sy liggaam praat saam, arms en hande wat beduie en dirigeer, “I want to tell those who do not want to join us, that you have to think very carefully: Do you want to be part of a community of truth and justice and fairness, or do you want to remain with liars and cheats? Oh, I hear you gasp; but how can Nkosi say that? How dare he? I wonder, would you still gasp if you knew the truth? Do you want to hear the truth?”

'n Paar honderd stemme roep: “Yes!”

“Do you want to hear the truth?”

“Yes!” Meer en harder.

Nkosi se stem donder oor die skare heen: “Do you want to hear the truth?”

Duisende antwoord hul “ja”.

“Then I shall reveal the truth, and the truth shall set you free. So, let me ask you, did my Mighty Warrior Party people and I work side by side with everyone in Amanzi to build this place?”

“Yes!”

“Did our blood and our sweat and our tears stain the soil of Amanzi, just like everybody else’s?”

“Yes!”

“Is it fair that we ask for our share of what we have built? Just our share, nothing more, nothing less, just our share. Is that fair?”

“Yes!”

“Our proportional share. If ten percent of the people follow me to New Jerusalem, we only want ten percent. Is that fair?”

“Yes!”

“Of course it is fair. But this man,” en hy wys na my pa, “this man and his cronies are denying us that. They are hiding guns and ammunition. They are hiding our own weapons from us, weapons they know we will need to defend our land, our beliefs, our way of life. Our liberty! Why, my brother and sister? Why are they hiding it? Why are they denying us our liberty? Why are they refusing what is rightfully ours? What is their agenda? Do

they want to throw us to the wolves? Do they want to see us suffer? Or do they want to attack us? Dominate us? Rule us?”

Doodse, geskokte stilte.

“I have asked them to give us our share, and do you know what they say? They say I am a spy!”

Krete van ongeloof. My gevoel van déjà-vu duur voort, my respek vir die politieke vernuf van die pastoor groei steeds. En my teleurstelling in my pa, wat al weer gefnuik word, wat al weer strategies aan die kortste ent trek.

“Can you believe that? Me? A spy? But there’s more. This man and his cronies have lied to you. Last August, this man and his cronies knew that we would be attacked. They knew of the death and devastation that was to come. They knew! And they chose to hide that from you. They chose to lie to you about the reasons for enlarging our defence force. If you don’t believe me, ask them for the records of that meeting. And if they don’t want to give it to you, come and ask me, because I have kept a copy in a safe place. The truth, my brother and sister, is that they knew the attack was coming. And still they allowed hundreds of us to die. They knew, and they did not protect us. They knew, and they sent half of our Special Ops Teams on a wild goose chase, while The Enemy was at our door. And they knew! Ask yourself, do you want to stay with people like this? Do you want to stay in a republic built on lies and deceit? Or do you want to be part of the Truth?”

En pastoor Nkosi Sebego hou sy arms wyd, as ’n vraag, as ’n man wat wag om gekruisig te word vir sy eerlikheid, vir sy stryd teen die magte van die bose. Die skare juig hom toe, hulle skree hul aanmoediging en frustrasie en verontwaardiging.

Die pastoor tree terug. Hy beduie, flambojant en teatraal, dat hy die mikrofoon aan my pa afstaan. Pa tree vorentoe. Die skare jou hom uit. Pa wag, kop onderstebo, minute lank, tot Nkosi sy hande lig om vir hulle te wys om stil te bly.

Pa loop vorentoe, tot by die mikrofoon, en hy kyk my in die oë, en hy sê: “Yes, I have lied to you.”

Daar is ’n koor van verwyte, maar die volume en omvang is minder as wat Nkosi sou wou hoor.

“I lied to you in the interest of good order and military security.” Pa se stem is kalm en beredeneerd. “At the time, I thought it was the right thing to do. And today I still believe that. Yes, we suspected an attack was coming.

We did not know when, or where, or how. That is the truth. We did everything in our power to protect you. We made mistakes, and we lost too many people. All that is true. But we did our best, and we did it in your interest. Those of you who choose to stay in Amanzi will have the opportunity to elect a new President, because I am resigning as from today. Our honourable Minister of Technology Cairistine Canary will be Caretaker President until then. But before I go, I want to make it very clear: As your democratically elected leaders, we did not hide or refuse any weapons to pastor Nkosi and his people. We never did, and we never will. Thank you.”

* * *

Die skare is ’n onrustige dier, gesprekke en klaagliedere en argumente trek deur hulle soos windvlae, hulle weet instinktief hulle was die pionne in ’n groter skaakspel, niemand weet regtig of daar ’n wenner is nie.

Ek voel die trots in my opstyg. Pa het die pastoor se eie strategie teen hom gebruik, Nkosi het byna drie jaar gelede die bedanking-skuif ingespan om sy posisie op die magsbord te verbeter. Nou het Pa dieselfde gedoen.

Terwyl ek daar in die skare staan, vermoed ek dat my pa polities veel slimmer is as wat ek gedink het. Dat sy kop vir die lang termyn werk, nie vir die klein en onmiddellike oorwinning nie. En hy het sy eie talent vir teater. Het hy doelbewus so ineengekrimp langs die pastoor gestaan? Wou hy hê dat Nkosi hom fisiek – en met daardie prediker-stem – moet oordonder, sodat Pa na die slagoffer sal lyk, en Nkosi na die boelie?

En het Pa met my gepraat, in daardie oomblikke, toe hy so vir my gekyk het? Het hy vir my gesê, ja, ek het vir jou gejok oor Beryl, maar dit was in jou beste belang?

Ek voel iemand se oë op my. Toe ek omkyk, is dit Domingo. Sy blik sê: Verstaan jy nou oor die wapens?

Ek knik.

Birdie het op die Tata-bakkie geklim. Pa verstel die mikrofoon sodat dit voor haar mond is. Birdie sê: “My fellow Amanzians, it is with great reluctance that I take over the Presidency, and I will ensure a speedy election for those who choose to stay. That is a promise. But first, to ensure the fairest possible division of resources between us and New Jerusalem, we need to know who will be leaving us. Those of you who plan to join

pastor Nkosi must please sign the list at the old post office. You can do so right now.”

* * *

Domingo ry in sy Jeep, ons draf in twee afsonderlike spanne agterna, Team Alpha en Team Bravo, terug na die basis toe. Verby die ou poskantoor sien ons die lang ry mense wat die Verlaters se lys wil teken. En ek wonder hoe laat dit my pa voel? Na alles wat hy vir hierdie mense gedoen het.

Ons is soos die honne, het Domingo destyds gesê. En ek dink hy was reg. Kyk hoe het die honde ná Die Koors teen mekaar gedraai, toe daar skielik nie meer kos was nie, toe hulle net moes oorleef. Geen lojaliteit jeens die breë spesie nie.

Ons is animals, Nico. Social animals. Domesticated, social animals.

Ek draf agter die Jeep aan van die man wie se filosofie dít is, en ek wonder wat sit hy en dink daar agter daardie stuurwiel, agter daardie donkerbrilmasker. Want ek het my afleiding gemaak. As Pa sê nie een van die demokraties gekose leiers het vir Nkosi en sy Mighty Warriors wapens geweier nie, dan beteken dit Domingo het.

En vir die heel eerste keer wonder ek of my pa en Domingo kop in een mus is. Ek dink terug aan elke keer dat Domingo ’n standpunt of besluit gemanipuleer of afgedwing het. Is dit moontlik dat hy en Pa dit só beplan en bestuur het? Want sedert ek my pa en Beryl betrap het, besef ek hoe min ek eintlik van hom weet.

Dit alles gaan deur my gedagtes op pad terug basis toe.

Waar Domingo ons op die paradegrond laat aantree. Hy klim uit die Jeep. Sy heup is nog nie reg nie, hy loop met ’n effense hink. Hy kom staan hier voor ons, sy bene wyd geplant, en sê: “Ek gaan nou hier oor Luckhoff toe. Ek sal eers mōreoggend terug wees. ’Cause why, dit gee jou tyd om jou goedjies te pak, if you are moved to join the good pastor. Hy gaan goeie mense in sy army nodig hê, en julle is the best of the best. I’m leaving for the night so you don’t feel any pressure from my side. As jy vir hom join, dan sê ek vir jou, no hard feelings. You believe what you believe, and I respect that. As jy daai doen, dan sê ek vir jou dankie vir jou service, dankie vir jou loyalty, dankie vir jou bravery, so long and good luck.”

Hy kyk stip na ons, draai om en loop terug Jeep toe.

Hy gaan staan weer.

“Those of you who stay: Die Cabinet het gevra ons moet shotgun ry vir die Great Trek na Gariep toe. En dis wat ons sal doen. To the very best of our abilities.”

OceanofPDF.com

April: III

Cairistine “Birdie” Canary

Soos opgeteken deur Sofia Bergman.

Nee, ek wou nie President wees nie. I never aspired, I never dreamed. Ek meen, ek sal altyd serve. Maar President? Dis net nie vir my nie. Maar toe kom Willem na my toe en hy sê: Birdie, some are born great, some achieve greatness, and some have greatness thrust upon them. En ek sê: Ma’ Willem, hoe gaan dit lyk, in daai geskiedenisboeke wat jy so skryf: President Canary. I ask you. Die nageslagte gaan lag.

* * *

Dit is honderd-ses-en-vyftig kilometer van Amanzi se hoofhek tot by New Jerusalem.

Ons ry dit heen en weer, tot agt keer per dag. Die roete strek oor Colesberg, ons sien male sonder tal die plek waar ons die eerste skermutseling destyds met Die KTM gehad het, en teen die veertigste of vyftigste keer is dit maar net nog ’n oorbrug in die droë, warm laatsomer en jy is verveeld en lankal nie meer paraat vir moontlike aanvalle nie, want daar is niks en niemand op die pad nie – behalwe natuurlik die

tweeëduisend-driehonderd mense wat vir pastoor Nkosi volg na die ou Gariepdam. Ses-en-veertig persent van Amanzi se mense. Hulle stap, hulle ry met perde en donkies en op sleepwaens en in vragmotors en bakkies en motors. Saam met ses-en-veertig persent van ons trekkers en versamelde landbou-implemente, ses-en-veertig persent van ons besproeiingstoerusting, voertuie, radio's, ses-en-veertig persent diesel, ons saad, ons verwerkte, geblikte, gemaalde en gebottelde voedselvoorraad.

Ses-en-veertig persent van alles. Behalwe die wapens.

Hulle kry tagtig persent van die wapens en ammunisie wat in die stoor in die reservaat geberg was. Maar Domingo sê dit is minder as twintig persent van ons totale voorraad. Die res is steeds veilig, net ek en hy weet dit is op Sisilië.

En New Jerusalem kry nul persent van Special Ops se mense. Die Spotters het nie 'n enkele spanlid verloor nie. Wat vir pastoor Nkosi grensloos geïrriteer het, en hom teruggedwing het na die onderhandelingsstafel om vir Birdie en die Kabinet te vra vir “instrukteurs” om sy eie weermag te kom oplei. “But not Domingo. I don't want that heathen near New Jerusalem.”

Die pastoor is gou die enigste wat na die nuwe nedersetting verwys as “New Jerusalem”. In die volksmond praat almal van “NJ” – of En-Jay.

Domingo sekondeer vir sersante Taljaard en Masinga vir drie maande om NJ se soldate te gaan oplei.

Birdie Canary bring drie weke in NJ deur om te help met die opknapping, verlegging en aanpassing van die hidro-elektriese kragstasie.

Vir my is dit in daardie eerste week of twee interessant om geografiese en strategiese verskille tussen die twee damme en dorpe te sien. Gariep/New Jerusalem is groter. Die dam is groter, daar is meer huise en ander infrastruktuur in die dorp. Daar is 'n gevoel van ruimte, van 'n gemeenskap wat meer sal kan asemhaal. Maar by Gariep/New Jerusalem is net omtrent 'n derde van die dorp op 'n heuwel geleë, en goed verdedigbaar. Die res van die huise en 'n ou (luukser as Amanzi s'n) vakansieoord is militêr blootgestel.

En eienaardig genoeg is die bewerkbare besproeiingsgrond minder in die onmiddellike NJ-omgewing.

Ek sien dit alles en ek kry nuwe respek vir my pa se destydse keuses. En ek voel al hoe meer die behoefte om hom te vergewe vir sy Beryl-sondes,

om met hom te gaan vrede maak. Later sal ek wonder of dit 'n voorgevoel was, of die heelal op 'n manier vir my laat weet het ons tyd saam raak min.

OceanofPDF.com

Die laaste dag saam met my pa

Die eerste Sondag in Mei is die eerste naweek wat ons nie begeleidingswerk doen NJ toe nie.

Ek loop elfuur in die oggend na die Orphanage toe. Ek gaan staan in die sitkamer, ek wil nooit weer na my pa se kamer toe gaan nie. Beryl is die een wat op daardie oomblik inkom, toevallig, deur die noodlot bestem. Ek sien hoe sy verstyf, ek sien die skaduwee wat oor haar gesig beweeg, een van skuld en van ongemak en skaamte.

“Beryl, dis okay,” sê ek.

“Regtig?”

“Ja.”

“Ag, dankie Here,” sê sy. “Ek roep jou pa.” En sy stap haastig in die gang af, en ek dink ek sien hoe sy oor haar wang vee.

Okkie kom ingehardloop, Okkie met sy Nico-radar wat voor enigiemand anders weet as ek aankom. Hy strek sy arms uit na my, hy gil sy blydschap en dan my naam. Hy gooi homself in my arms. Ek tel hom op, hy begin dadelik babbel oor perde, hy gaan nou leer perdry, Pappa het gesê vanmiddag kan hy leer om perd te ry, want nou is al die En-Jayers weg en daar is tyd en perde, dis wat Pappa gesê het, gaan jy saam met my ry, Nico? Jy kan mos perdry, ons kan lekker saam ry, maar bring net jou gun, Nico, waar is jou gun vandag? Kan ek vandag aan jou gun vat, asseblief, Nico, net een keer?

’n Stroom van blydschap en woorde, sy armpie om my nek in volkome vertroue en liefde.

Pa verskyn in die gang. Hy is kleiner as wat ek onthou.

“Jy het al weer gegroei,” sê hy om die oomblik te vul. “Gaan jy dan nooit ophou nie.” Maar hy staan daar, ’n paar treë weg, met ’n tentatiewe lyftaal, ’n onsekerheid in sy oë.

“Dis okay, Pa,” sê ek.

Pa kom na my toe en hy druk my, so met Okkie tussen ons. Ek is meer as ’n kop langer as Pa. Ek is breër en sterker, en ek onthou meteens daardie nag voor die Huis van Lig, toe ek klein was, toe ek die twee Jeep-mans geskiet het, toe ek ontdek het ek sal my pa moet beskerm vir die res van sy lewe. En dié gevoel, dié begeerte om hom te beskerm oorrompel my heeltemal terwyl ek my pa vashou.

* * *

Dit is die laaste keer in my lewe dat ek my pa omhels.

Dit is die oomblik waarheen ek terugkeer as die selfverwyt my wil opvreet omdat ek nie vir hom meer tyd en liefde en aandag en respek gegee het nie. Wanneer ek myself wil kruisig omdat ek nie daardie dag vir hom gesê het “Ek is lief vir Pa” nie.

Ek het hom darem ’n oomblik lank vasgehou. Ek het darem ’n *lucidum intervallum* beleef, ná my stommiteit, my waansin, my kwaad omdat hy ’n verhouding met Beryl gehad het.

Lucidum intervallum. Dit is Latyn. ’n Regsterm. Dit beteken – volgens Willem Storm, my pa, die woordeliefhebber en juris – ’n oomblik van geestesnormaliteit, ’n kortstondige oomblik waartydens ’n kranksinnige mens sy rede herwin, sodat hy dan op sy eie kan kontrakteer en optree. En aanspreeklik is vir sy dade.

Ek sal vir die res van my lewe dankbaar wees vir my *lucidum intervallum*.

* * *

Ons stap na die stalle toe. Okkie trek ons al twee aan die hande, ons is hopeloos te stadig na sy sin.

Ek vra hoe gaan dit?

Pa wil vir my sê dit gaan goed noudat ek hier is, noudat hy en Beryl vergewe is. Ek kan dit sien in sy gesigsuitdrukking. Maar voor Okkie doen hy dit nie. Hy sê hy geniet dit nogal om vir 'n verandering geen amptelike pos te bekleë nie. Hy sê hy oorweeg dit om nie in die volgende verkiesing van 1 Junie te staan nie. “So vir 'n termyn net te boer. Ek wil kyk of ek aartappels aan die gang kan kry. Daar is nuwe grond wat ons gaan ontgin, besproeiing, langs die kanaal anderkant Luckhoff. En noudat ons skielik weer die helfte minder is ... Daar is minder druk op alles. En almal.”

“Miskien moet Pa net vakansie vat,” sê ek.

Hy lag. Hy sê dit is dalk 'n baie goeie idee.

Ons is by die stalle. Okkie vra Pa se volle aandag. Ek staan en kyk hoe hulle die perd opsaal, hoe Pa vir Okkie die basiese beginsels van perdry vertel. Ek wonder waar het Pa aan dié kennis gekom. En ek weet: Hy het iemand gevra, hy sou nie sy nuuskierigheid kon onderdruk nie. Ek kyk hoe mooi Pa met Okkie is, ek herken hom daarin. Hy was dieselfde toe ek klein was. Eindeloos geduldig. En hy praat nooit af nie.

Die saal is op. Pa tel vir Okkie daarin en stel die stiebeuels.

Beryl is skielik langs my.

“Ek is jammer, Nico,” sê sy. “Dat jy só moes uitvind.”

“Ek het net geskrik,” sê ek.

“Ek verstaan dit. Ons sou vir jou gesê het, maar elke keer wanneer ons wou, het daar iets gebeur. 'n Krisis. 'n Oorlog. 'n Pastoor ...” en sy glimlag.

Pa kyk na ons kant toe. Hy sien Beryl se glimlag, en myne. Sy lyf ontspan nog 'n bietjie.

“Hoe lank is julle al ... ?”

“Onthou jy vir Thabo en Magriet? Die eerste smouse?”

“*Medicine. For trade. We Come in Peace.*”

“Net so. Dit het ... Ons het van die begin baie van mekaar gehou. Maar daardie tyd het dit ernstig geraak.”

“Okay.”

“En nou is jy orraait met die ding?”

“Amper heeltemal,” sê ek.

“Amper is goed,” sê sy. “Amper is goed.”

Ons al vier gaan ry met die perde, stadig, vir Okkie se onthalwe. Ons ry met die gruisgroef-pad af dam toe, en al met die oewer langs. Ek en Okkie voor, Pa en Beryl agter ons.

Ons eet al vier middagete saam, en dit is lekker.

Ek en Okkie knip saam 'n middag-uiltjie op die grootste rusbank in die Orphanage se sitkamer, vieruur drink ons koffie en ons eet koeksisters en ons gesels.

Vyfuur gaan ek terug basis toe.

Halfsewe roep Pa vir Number One / Trunkenpolz / Clarkson oor die radio. Maar ek weet dit nie. Ek sal eers uitvind wanneer Pa reeds dood is.

Maar dit is min of meer die verloop van die laaste dag wat ek en hy saam is.

Ek speel dit oor in my kop, al amper dertig jaar lank.

Oor en oor.

Send my regards to Cincinnatus: I

Commissioner Sizwe Xaba

The radio room picked up the broadcast on the forty-meter band that Sunday morning at around eleven hundred hours thirty. “This is Number One, calling on Willem Storm, this is Trunkenpolz, calling on Willem Storm.”

Every fifteen minutes, the same call.

So my radio room called me immediately. Of course my responsibility is to report such an incident directly to the President. The problem was, our Caretaker President Cairistine Canary was in New Jerusalem at the time, consulting on their hydroelectric power station, and I was unable to report to her. My second thought was to report this to the former President, as it was him who this Trunkenpolz was calling for. I proceeded to go look for Willem. And I saw him and his two sons and our Minister of Social Development Beryl Fortuin horse riding along the shore of the dam, in the direction of the boat landing. And I knew that Willem had been through a lot, and he had not seen his son the soldier for some time, so I made the decision not to disturb him right then. I then proceeded to the Amanzi Special Operations Headquarters, where I informed the commanding officer of this unit, Captain Domingo, about the radio call. I did this because my reasoning was that Number One / Trunkenpolz is predominantly a military threat.

Cairistine “Birdie” Canary

Nee, ek weet van niks, want ek is in New Jerusalem, en dit is die dag van die gemors met die voltage regulators, so ek het my hande vol, ek kan nie huis toe gaan nie. En hulle, Willem en Domingo en Sarge X, kan nie vir my op die radio iets sê nie, want ons trust nie die pastoor nie, en die pastoor se mense luister op ons general comms radio frequencies, daai weet ons. Ons sal seker nooit weet of hulle op die ham radio frequencies ook geluister het nie.

Commissioner Sizwe Xaba

Captain Domingo insisted on going to the radio room immediately after I informed him of the Trunkenpolz call. This was at about twelve hundred hours twenty, so we had to wait until twelve hundred hours thirty before Trunkenpolz called again, on the same wavelength. This was, as Captain Domingo pointed out at the time, the same wavelength on which we picked up the conversation about the Maseru sales meeting a year ago, which we believed to be a trap at the time.

Captain Domingo decided that, in the absence of President Canary, he and I had to decide on the appropriate military response. His argument was that the calls might stop before the President returned, or before we could get the Cabinet convened. He also argued that the Cabinet would have asked for and followed our advice in the matter anyway. He was very convincing. Captain Domingo was a very convincing man.

He then proceeded to answer Trunkenpolz. He said, on the ham radio, on the forty-meter band: “Trunkenpolz, this is Domingo of Amanzi. I am authorised to respond. State the nature of your business with Willem Storm.”

And Trunkenpolz laughs, and he says: “I don’t speak to servants, I speak to masters. Tell Storm I have a proposition. I will be listening on this

wavelength.”

Captain Domingo did not respond to this. He simply left the radio room. I followed him outside, and I asked him what he proposed we do.

He said we should get the message to Willem Storm.

We proceeded to the Orphanage, where we saw Willem Storm and his sons having lunch with our Minister of Social Development Beryl Fortuin. Captain Domingo and I decided to postpone informing Willem about the radio call. We went and had lunch together. We did not discuss the matter with anybody. I am absolutely certain that my staff members on duty in the radio room that day did not discuss the radio conversations with anybody. I am absolutely certain. I asked them, and I believe them. They are good people.

Captain Domingo and I returned to the Orphanage at about fourteen hundred hours thirty. Willem Storm's sons were asleep in the lounge. Willem Storm was sitting with our Minister of Social Development Beryl Fortuin under the trees on the east side of the building. We informed them both about the radio conversation.

Willem Storm asked for our advice. Captain Domingo said he thought we should make Trunkenpolz wait.

Willem Storm asked, how long?

Domingo said a day or two.

Willem Storm said that he would think about it.

I then issued orders in the radio room to be notified of any further activity, and went home.

At eighteen hundred hours fifteen, Captain Domingo and Willem Storm arrived. They informed me that Storm had made a decision. He would call Trunkenpolz at eighteen hundred hours thirty. It was also decided by the three of us that Storm would not misrepresent his status, but he would also not offer information pertaining to the fact that he was no longer the President of Amanzi. We agreed that this would give us a fair indication of how informed Trunkenpolz was on matters in our community. We then proceeded to the radio room, at the designated time, Willem Storm called Trunkenpolz on the forty-meter band.

The conversation was brief. Trunkenpolz answered within a few minutes, and said he had a proposition for Storm. One that would be to everybody's benefit.

Storm asked after the nature of the proposition. Trunkenpolz said he would discuss this when they met in person. And would Willem Storm be willing to attend such a meeting?

Willem Storm said he needed time to decide.

Trunkenpolz said, ah, the vagaries of democracy, QRM all the time. He was using the Q codes that ham radio people used. QRM means “are you being interfered with”, so what he was saying was that in a democracy, you are being interfered with all the time. Which I believe was an attempt at humour.

We did not laugh.

Cairistine “Birdie” Canary

Ek kon nie die Sondagaand terug Amanzi toe nie, want toe die gemors met die voltage regulators klaar is, toe is dit al donker.

Toe sê ek vir my escort ons ry net voor die son opkom.

Toe kom ek die Maandagoggend halfsewe by die huis, en Sarge X en Willem en Domingo wag vir my voor die Orphanage. Toe weet ek ons moeilikheid is nie net limited to the voltage regulators nie.

OceanofPDF.com

Send my regards to Cincinnatus: II

Domingo maak ons nie wakker nie.

Op dié Maandagoggend, die eerste in Mei in die Jaar van die Leeu, maak Domingo ons nie wakker nie. Hy maak ons elke weeksoggend wakker, dit is 'n gewoonte, 'n ritueel, 'n reël. Hy kom in die gang afgestap, hy maak elke slaapsaal se deur oop, die eerste om presies sesuur. Hy sê: "Rise and shine, ladies." Hy sê dit vir die vroueslaapsaal en vir die manslaapsaal. Hy sê dit afgemete en sonder onnodige volume, hy het nog nooit nodig gehad om ons te verskree nie.

Op dié Maandagoggend, die eerste in Mei in die Jaar van die Leeu, word ek net voor ses wakker, soos altyd, ek wag vir die geluid van sy gestewelde voete op die goedkoop teëls, die hinkstappie van die afgelope maande, maar ek hoor dit nie.

Ek kyk na my horlosie, ek sien dit is vyf voor, dan vier en drie en twee en een, dit is sesuur en Domingo is nie hier nie.

Ek spring op. Sersante Taljaard en Masinga is nog in New Jerusalem, ek is die senior offisier teenwoordig, ek moet die troepe wakker maak.

Ek doen dit. Ek gebruik Domingo se woorde en stemtoon. Dit voel vals en eienaardig en verkeerd.

Ek wou daardie Maandagoggend vir Domingo gaan sê het ek dink ek wil terug skool toe.

Ek moet dit nou nie laat klink of dit 'n groot toevalligheid is nie. Die waarheid is, ek wou die vorige en die vorige en die vorige Maandagoggend dit ook vir hom gaan sê het, ek wou bedank net ná die Slag van Sektor 3, maar dan gebeur daar iets, dan dink ek, wag, ek bly nog, dit is nie nou 'n goeie tyd om te bedank nie. Omdat ek so teen almal se raad die skool gelos en Special Ops toe is, het ek gevoel ek het 'n verpligting om dan minstens op die regte tyd te gaan.

Maar daardie Maandagoggend was ek baie vasberade, want ons het vir omtrent 'n maand aanmekaar patrollie gery saam met die mense van die Groot Trek, NJ toe en terug, en toe is dit skielik klaar, en ek het gedink, voor daar nog iets gebeur, sê net vir Domingo. As hy dink ek moet nog 'n week of twee of langer bly, dan sal ek, maar dan weet hy ek wil uit.

En toe maak Nico die deur oop en hy sê: "Rise and shine, ladies," en dit is net so verkeerd en so onverwags, ek het geweet iets is nie reg nie. Ek het 'n baie sterk gevoel gehad van ... Dit was so 'n soort boosheid wat ek gevoel het. Natuurlik is dit nonsens, dis net omdat 'n mens weet wat agterna gebeur het, en ons so gewoond daaraan was om Domingo se stem te hoor, en hier is dit skielik Nico s'n, maar dit het later vir my gevoel ek het die voorbode gehad.

* * *

Domingo kom om halftien.

Ons versorg toerusting ná die weke van op die pad wees. Ek hoor Domingo se stem in die gang: "Storm!"

"Kaptein!" antwoord ek, en draf af met die trappe na sy kantoor toe.

Birdie sit agter Domingo se lessenaar. Hy staan langs haar. Teen die muur is een van die Weskussers, 'n bebrilde man wat ek al gesien het, maar ek ken nie sy naam nie.

“Maak toe die deur,” sê Domingo.

Ek doen dit.

Hy laat my nie sit nie. Hy sê: “Is Bravo good to go?”

“Ja, kaptein.”

“Dis ’n hush-hush job. Strictly confidential. Are we clear?”

“Ja, kaptein.”

“Birdie.”

Sy knik en sê: “Nico, ken jy vir John?”

“Ek weet jy is een van die Weskussers,” sê ek vir die man.

Hy kom nader en steek sy hand uit. “John Hahn,” sê hy.

“Okay,” sê Birdie. “Ek gaan nie baie technical raak nie. Laat ek net sê vir ’n hydroelectric system om te werk, het jy voltage regulators nodig. Dis vital, dis critical. Dit is hoekom daar altyd twee voltage regulators op jou control panel is. Die een doen die werk, die ander een is die back-up, die redundancy. Soos in, die spaar regulator. Verstaan jy?”

“Ek verstaan.”

“Soos jy weet, het ek by die pastoor-hulle gehelp om NJ se hydropower aan die gang te kry. Hulle het basies dieselfde stelsel as ons, dis net vyf jaar laas gebruik of geservice. Ons het alles gereconnect en gedivert, en toe die hele ding aan die gang gekry, ons was baie versigtig, but when I threw the final switch, toe blaas ons die voltage regulator. Completely fried, irreparable. So toe weet ek iewers het ek ’n fout gemaak ...”

“Maybe was dit nie jy nie, Birdie. Maybe was dit ...”

“Shush, Domingo.”

Net Birdie Canary kan vir Domingo sê om te “shush”. Die dinamiek van hul verhouding bly verrassend en onverklaarbaar. En ondenkbaar. Mens verwag dat hy ’n mes of ’n pistool sal uitpluk en sê: “Nobody tells me to shush.” Maar nie wanneer Birdie betrokke is nie.

En tog, daar is iets in die afwesige knik van sy kop wanneer hy haar stilmaak gelate aanvaar, wat sê Domingo se gedagtes is elders.

“Ek het ’n fout gemaak,” sê Birdie. “Finish en klaar. En toe soek ek die fout, en ek was doodseker ek het die fout gekry. Toe switch ek weer alles aan, en toe blaas ek die redundancy regulator ook. So nou het die Promised Land nie die promised electricity nie. And there’s no way to fix it. Toe moet ek vir die pastor gaan sê, en die pastor was nie happy nie, to put it mildly. En die pastor vra my, maar wat van onse regulators hier by Amanzi. Sal hulle werk? En ek sê dis ons regulators. En hy vra, ma’ sal hulle werk? En

ek moet sê ja, hulle sal werk. Toe sê hy dis ek wat die ding ge-fry het, dis my skuld. En daar is a strict share agreement, forty-six percent. So nou is Amanzi se voltage regulators deel van die share. Ons het twee regulators, en hulle claim een. Dit is ons spare, Nico. Ons one and only back-up. Die goed breek eventually. As ons s'n ook fry ... Anyway, dit help nou nie om te huil nie. Toe ek vir die pastor sê sorry, dis tough luck vir NJ, toe sê hy ek moet vir sy mense gaan sê. Ek moet vir hulle vertel hulle moet in die donker en in die koue sit, hulle moet kos maak op die vuur, meanwhile is ons in Amanzi in the lap of electric luxury, 'cause why, ons wil nie 'n extra, unused voltage regulator deel nie. Nkosi sê kom ons kyk hoe sy mense daai vat. Kom ons kyk of ons civil war kan keer.”

Domingo maak 'n geluid.

Birdie sê: “Nee, Domingo, dit maak nie saak of ons sal wen in 'n civil war nie. Daai was onse mense. Daai mense het gehelp bou aan wat ons het ...”

Sy kyk weer vir my. “Dis 'n tough choice, Nico. Ma' ek wil die regte ding doen. And to do that, I need more information. Fast. Ek het vir Nkosi gesê om my twee dae te gee. Vandag is dag een. Maybe there's hope, want John ...” en sy beduie na die Weskuser teen die muur, “... het by Eskom gewerk. John het my ge-assist, hierdie laaste twee weke by NJ. En John het strategic information. Sê hom, John.”

Hahn tree vorentoe. Hy sê: “Ja, ek was by Eskom. Dit was tien jaar gelede. Ek was Werke Koördineerder: Onderhoud en Operasies vir Eskom in die Oos-Kaap, ek het in Queenstown gewerk. Ek moes die spanne uitstuur om die substasies te bou en te onderhou. En een van die substasies was by Teebus.”

“Weet jy waar dit is?” vra Domingo.

“Nee,” sê ek.

“Tussen Middelburg en Steynsburg,” sê Domingo. “Ma' John sal jou wys. Hy gaan saam met julle.”

“Want daar is voltage regulators,” sê Birdie.

“Daar is 'n hidro-kragstasie wat eintlik niemand van weet nie,” sê Hahn. “Onder die grond. In die middel van niks en nêrens.”

“Weird,” sê Domingo.

“But true,” sê Birdie.

“Die Oranje-Vis-tonnel,” sê Hahn. “In 1975 het hulle 'n tonnel gebou van die Gariepdam af, om water in die Visrivier te kry, vir besproeiing, en sodat

Grahamstad en Port Elizabeth genoeg drinkwater het. Daardie tunnel loop onder die grond, van die dam af, vir omtrent negentig kilometer. Tot by twee sulke snaakse spitsberge, Teebus en Koffiebus. Net anderkant Teebus kom dit onder die grond uit, en dan loop dit in 'n kanaal vir 'n paar kilometer, en uit in die Teebusrivier, wat een van die bo-lope van die Visrivier is. Nou, net voor die tunnel uitmond, het hulle 'n hidro-kragstasie gebou. Onder die grond. Onder 'n koppie, net anderkant Koffiebus. Jy ry so met 'n tunnel in, skuins en af, tot by 'n groter tunnel. Hulle noem dit die turbine-saal, waar die turbines en alles sit.”

“En dis waar julle moet uitkom,” sê Birdie. “Om te kyk of die voltage regulators nog daar is.”

“Dit behoort te wees,” sê Hahn. “Die snaakse ding is, die kragstasie is nooit gebruik nie, want dis beskadig voor hulle dit kon aanskakel. Die een of ander sot het vergeet om sy bakkie se handrem aan te sit, en toe loop die ding teen die steilte in die tunnel af en stamp die een beheerpaneel stukkend. Daardie tyd was daar oorgenoeg elektrisiteit, en die Teebus-stasie kon maar punt ses megawatt opwek, so hulle het nie eens geworry om dit reg te maak nie. Dis van dieselfde era en dieselfde tegnologie as ons kragstasie en Gariep ... ek bedoel, NJ s'n. Daar behoort twee voltage regulators daar te wees. En hulle behoort te werk.”

“As a matter of fact, ons wil hê julle moet die hele control panel vir ons uithaal,” sê Birdie.

“Ek sal julle help,” sê Hahn.

“As dit nog daar is,” sê Domingo.

“My ray of sunshine,” sê Birdie.

“I'm a realist,” sê Domingo.

“Hy's reg,” sê Hahn. “Daardie tunnels is destyds vir vyf weke elke jaar toegemaak vir onderhoud. Dis nou meer as vyf jaar laas dat daar enige onderhoud was. Die tunnels kon ingeval het.”

“Ek moet oormôreand vir die pastoor 'n antwoord gee,” sê Birdie. “Julle moet op die laaste oormôre teen lunchtime vir my laat weet of die regulators daar is. En serviceable is.”

“Vat die Volvo,” sê Domingo. “Julle kan nie die N1 of die N10 gebruik nie, en ek kan nie vir julle air cover gee nie. 'Cause why, ek soek nie 'n Nkosi spy wat sien julle travel in daai direction nie. Daai voltage regulators is nou a very strategic asset. Julle sal moet agterpaaie ry, en hulle is vrot en

stukkend. So drive carefully, but don't waste time. En ons gebruik Romeo as radio code. R, soos in regulator, means Romeo."

"Ja, kaptein."

"As julle sien die regulators is okay, dan sê jy vir my oor die radio, Romeo is affirmative."

"Romeo is affirmative."

"Check. En as dit nie okay is nie, for whatever reason, dan sê jy vir my, Romeo is a negative."

OceanofPDF.com

Send my regards to Cincinnatus: III

Sofia Bergman

Ons sien net, daar klim Team Bravo in die Volvo, en een van die Weskussers is ook saam, en hulle ry uit by die hek. Dit is die eerste keer vandat ek 'n Spotter is dat die een span nie weet wat die ander een doen nie. En dit dra net by tot ons almal se gevoel dat alles nie reg is nie. En Domingo bly. Domingo gaan nie saam met hulle nie? En Birdie kom uit ons gebou geloop, en sy lyk baie bekommerd.

Dit was eienaardig.

En ons twee sersante is nog in NJ besig met opleiding, so ons het maar baie onder mekaar gepraat oor wat kan aangaan.

Cairistine "Birdie" Canary

Dit was 'n weird oggend daardie. Ons moet die Special Ops Team op die pad kry, want ons het nie baie tyd nie. En toe moet ons gaan sit met Willem Storm en Sarge X oor die Trunkenpolz-radioboodschap. Ek weet sy naam is

eintlik Clarkson, en daar's mense wat praat van Number One, maar vir ons, dink ek, sal hy altyd Trunkenpolz bly.

Anyway, Willem sê hy dink dit is strategically 'n goeie ding om aan te hou om met Trunkenpolz te praat. Ons trust nie vir hom nie, hy weet ons trust nie vir hom nie, let's see where it goes.

En Domingo sê ja, sooner or later he's going to make a mistake. So kom ons praat. En ek en Sarge X sê okay, let's do it.

En Domingo sê dit moet net hy en Willem in die radio room wees. En Sarge X sê ma' sy mense is betroubaar, en Domingo sê be that as it may, kom ons vat nie kanse nie.

En so gaan praat net Domingo en Willem met Trunkenpolz. En hulle kom daar uit, en hulle sê okay, hulle het gesê hulle sal gaan vir 'n meeting, date and place to be determined.

Net hulle twee sal weet wat alles oor daardie radio gesê is, daardie dag.

* * *

Ons ry van De Aar na Richmond, ons ry met 'n baie slegte grondpad Middelburg toe, daar is een plek waar die pad heeltemal weggespoel is. Ons verspil drie ure om met die grawe wat ons agter in die sleepwa het, genoeg grond en klippe te verskuif sodat ons kan deur.

In Middelburg is daar mense. Nie baie nie, seker elf of twaalf wat uitgehardloop kom wanneer hulle die Volvo se dieselenjin hoor. Ek beveel die bestuurder om net aan te ry. Ek sien die mense waai, hulle is uitgeteer en verwaarloos en wild. Hier was geen lewe toe ons laas hier deur is nie, dertien, veertien maande gelede. Ek dink dit is die verskil as hier nie KTM-moordbendes rondjaag nie.

Die ou R56 was geteer, maar dit moes selfs voor Die Koors 'n vrotterige pad gewees het. Waar ons oor die Rooispruit tussen twee heuwels moet deur, het 'n laagwaterbrug heeltemal verspoel. Ons mors nog meer as twee uur om deur te kom.

En dan sien ons Koffiebus en Teebus, die twee spitskoppe, Koffiebus soos 'n gesette man aan ons linkerkant, Teebus skraal en fyn en vroulik regs.

John Hahn, die voormalige Eskom-werker en Weskusser, sit voor. Hy sê vir my oor die radio: "Nee, dis verby Koffiebus, anderkant, jy kan omtrent

niks van die pad af sien nie.” En dan eindelijk: “Stadig, stadig, daar, draai daar links.”

Ek kyk deur die loergat wat Domingo gewoonlik gebruik. Ek sien die verbleikte padpredikant sê Hopewell, Teebus-stasie, Bulhoek. Ons draai links, en skaars twee kilometer verder sit die ou gehuggie: ’n paar huise, ’n groot swembad, nou leeg en vuil. Ek kyk daarna en wonder waarom ’n swembad, van alle mensgemaakte strukture, die grootste melancholie laat wanneer dit in onbruik en verwaarloosing verval. Is dit omdat dit gewoonlik geassosieer word met blink, blou water en die vreugdegille van kinders?

Net ’n paar honderd meter verder, agter ’n hoë draadheining, die ingang tot die tunnel. Die wit bord teen die pad sê niks van ’n hidro-kragstasie nie, daar staan net *ORANGE-FISH TUNNEL: Administration and Plant*.

Ons ry deur die eerste groot hek, wat oopstaan. Nie ’n goeie teken nie.

Die tweede hek, voor die paar strukture, is ook oop.

Die Volvo hou stil net voor die tweede hek. Na regs is ’n rooibaksteengeboutjie, na links ’n afdak waar agt motors kon parkeer. Dit is vergroei, verbleik en verbrokkel. Reg voor ons, die tunnel. Maar dit is toegepak met pale en klippe en stene, planke, panele en dakplate.

Ek beveel my span om uit te klim, laat hulle stelling inneem om die tunnel se ingang te dek. Ek laat die Volvo agteruit ry, tot buite die hek, op ’n veilige afstand. Ek loop versigtig na die ingang van die tunnel. Dit lyk of iemand dit toegemaak het sodat hulle in die tunnel kan skuil. Is hulle nou daar binne?

Ek sien geen teken van onlangse lewe nie.

En dan is daar ’n warboel van beweging van agter die skuiling, en die skote klap.

* * *

“Send my regards to Cincinnatus.” That was Willem Storm’s distress call.

It goes way back, to that very first winter in Amanzi, that terrible winter. When we had our first democratic election. Everybody wanted Domingo to stand, to make himself available as a candidate, because we were all a little scared of him – especially the pastor – and we all wanted him inside the tent pissing out, rather than outside pissing in.

Of course Domingo refused. And the pastor cornered him about it, and Domingo said he did not believe in democracy in this crazy post-Fever world, he believed in a benevolent dictator. The pastor wanted to make a big song and dance about it, and that damn polymath Willem Storm said, hold your horses, Domingo has the ancient Romans on his side, they were democrats, but they knew the value of a dictatorship when they were in deep trouble.

And some time later, I think it was when Domingo saved the election for us, the second election. I think it was the second election, he saved it for us by telling the people he would leave Amanzi if Nkosi won ... Anyway, that night, Willem Storm told Domingo that he basically was our dictator.

And Domingo said, well, you don’t sound very upset about it, and Willem told us the story of Cincinnatus. He’s the guy after which the American city of Cincinnati was named, by the way. Cincinnatus was this ancient Roman guy, just another aristocrat, whom they elected dictator after Rome was attacked, and they were in real trouble. And then they defeated the enemy, and Cincinnatus said, okay cool, guys, I’m all done here, he relinquished his power, he went back to being just an ordinary aristocrat citizen, and he became this big democratic hero for letting go of power.

So Willem was saying, Domingo can be our Cincinnatus. One day, he must just let the power go. And that’s how it started.

When Willem was President, he insisted on going everywhere on his bicycle. No escort, no guards, no fancy presidential car, he said please, that’s just nonsense. Which was all fine, most of the time. But then we were at war too, off and on. And Sarge X and Domingo were not happy, they called him our greatest asset, but Willem absolutely insisted. So, they demanded that he carry a radio with him at all times and they gave him this distress signal. It was Willem’s idea: “Send my regards to Cincinnatus.” He came up with that. It was a sort of reminder to Domingo, to let go of power one day. And Domingo just smiled, and said okay.

So if Willem was ever in real danger, life-threatening stuff, he had to say that on the radio: “Send my regards to Cincinnatus.”

* * *

Hulle spring hier reg by my, voor my, uit die chaos van klippe en stene en plate, met onaardse geluide, en ek skrik en ek lig my geweer en ek skiet. My troepe agter my skiet ook, die koeëls klap vas links en regs en bo my.

En die twee massiewe mannetjies hardloop vinniger as wat ek ooit gedink het bobbejane kan, vaalgrys strepe van naakte vrees, een links, een regs, en dan teen die koppie agter die ingang op.

En nie een van die Spotters skiet hulle raak nie. Ondanks al die honderde ure van oefen.

En dan is dit stil.

En dan lag ons. My troepe het die ordentlikheid om eers te wag tot ek begin lag. Maar hulle hou langer as ek aan.

OceanofPDF.com

Send my regards to Cincinnatus: IV

Die mense wat die tunnel toegepak het, was jare laas daar.

Wanneer ons die versperrings begin verwyder, is die enigste tekens van lewe bobbejaanmis, dassiemis, en die afgegooide vel van 'n baie groot pofadder.

Die tunnel is in 'n baie swak toestand – 'n deel van die dak het ingeval. Dit gaan 'n halwe dag of meer verg om 'n pad daardeur te grawe.

Ons begin dadelik, terwyl daar nog 'n paar uur daglig oor is. Ons het fakkels en kerse saamgebring, maar ons moet dit spaar vir wanneer ons hopelik onder in die turbinesaal die kontroleborde bereik en hulle versigtig moet uithaal. Ons moet diep onder die aarde in die donker werk, en dan gaan ons al die lig nodig hê wat ons kan kry.

* * *

Cairistine “Birdie” Canary

Hier teen vieruur roep hulle my radiokamer toe, die pastoor wil met my praat, al die pad van New Jerusalem af.

Ek is nie lus nie, ek weet hy wil karring oor die voltage regulators, ek kan vir hom niks sê nie. But what can you do? Ek gaan radiokamer toe. Hy sê, Madam President, I cannot wait. I have spoken to my people, and I have prayed on the matter, and I cannot wait. Tomorrow, I am coming to fetch that voltage regulator. We want what is rightfully ours.

I'm no shrink, ma' ek het altyd gedink die pastor is 'n bietjie van 'n anal retentive, of obsessive compulsive, of wat jy ook al daai noem.

En ek sê, Mister President ... Maybe moet ek nou net hier mention, vanlat hulle nou daar in NJ is, insist die good pastor jy moet vir hom ook Mister President sê. So ek sê vir hom, Mister President, I will have to consult with my Cabinet.

En hy sê nee, daar's niks om oor te consult nie. They want their share ...

Wag, dis nou baie belangrik dat ek mooi onthou wat hy gesê het. Laat niemand ooit doubt presies wat hy gesê het nie. Op my woord van eer, hy't gesê: "There is nothing to consult about. We will no longer be denied. I want to make this very clear. We demand what is rightfully ours, and we will take what is rightfully ours. Our voltage regulators and our weapons."

Dis wat hy gesê het.

Sofia Bergman

Domingo kom die middag hier sesuur se kant, en hy sê ons slaap op die damwal tot verdere kennisgewing, ons pas van nou af die hidro-elektriese kragstasie op, en ons voltage regulators. Ons almal, die hele Team Alpha. En as enigiemand naby die ingang van die kragstasie kom, het ons sy toestemming om te skiet.

Cairistine "Birdie" Canary

Ons kry die Special Ops Team om wag te staan op die damwal, en ons try vir Nico Storm by Teebus op die radio kry, maar ons maak nie kontak nie.

En ek moet ook bysê, Willem Storm was nie meer in die Kabinet nie, hy was nie by die vergadering waar ons besluit ons gee vir die pastoor niks voor Nico ons nie laat weet het nie.

And finally, seker eers hier halfagt die aand, toe roep Nico ons op die radio, en die sein is sleg, en die nuus is sleg, ons dink hulle is nog nie eens in die tunnel af nie, want Nico sê: “No news on Romeo yet.”

* * *

Van net buite die tonnelingang kry ons glad nie vir Amanzi op die radio nie. Ons moet met die Volvo terugry op die R56 tot anderkant Teebus en weer probeer. Ek bly binne die protokol deur te sê: “No news on Romeo.”

Domingo sê: “Really bad news. When can news be expected?”

“Perhaps tomorrow around twelve,” sê ek.

“That is really bad news,” sê hy.

Toe weet ek hulle wil hê ons moet gou maak.

Ons ry terug. Ek verdeel my mense in drie spanne – een vir grawe met die minimum lig, een vir wagstaan en een vir slaap. En ek laat hulle roteer. En ek slaap omtrent glad nie.

* * *

Beryl Fortuin

Willem was die middag Witput toe. Witput was die besproeiingsdeel daar wes van Luckhoff, die plaas langs die kanaal waar hy aartappels wou plant in die volgende lente. Hy was besig om die landerye te beplan, en hy het gaan soek vir die regte plek om die ou diesel-waterpomp te installeer, want daar was natuurlik nie elektrisiteit dáár nie.

Hy het alleen gegaan. Ek dink hy het die alleenwees geniet. Onthou, dit was toe hoeveel jaar wat hy nooit alleen kon wees nie, wat hy die hele tyd tussen mense was, wat hy mense se probleme moet oplos, wat hy mense moet please, die hele tyd. So ek dink hy het die alleenwees baie geniet.

In daardie tyd ... Ek dink nie hy het gedink dit is gevaarlik om alleen te gaan nie. Witput is ... Daar's niks en niemand, daar's nie eens 'n ordentlike pad nie. En dit was ná die groot Slag van Sektor 3, daar was geen rede om bang te wees nie ...

En toe kom hy so sonder terug en ons eet saam in die Orphanage, en Birdie en Nero kom in en hulle vertel vir hom die nuus van die pastoor se nuwe deadline, en Special Ops wat nou die damwal oppas. En Willem sê toe hy dink die pastoor probeer vir Birdie intimideer, Nkosi was nog altyd so 'n bietjie van 'n boelie. Toe sê Willem: "Birdie, sê vir Nkosi jy is bereid om die regulators te deel, maar Willem Storm het die sleutels van die kragstasie, en hy wil dit nie gee nie. As jy moet, kan jy dit sê. Gee my die skuld."

Toe sê Birdie baie dankie. Toe loop hulle weer.

Dit was die laaste aand wat ons saam was.

* * *

Ons werk deur die nag, en deur die oggend. Die Dinsdagmiddag net ná twaalf is die tunnel oop en veilig, en ons kan af tot onder in die turbinekamer. Daar is tekens van mense wat hier gebly het, dalk twee of drie jaar gelede. Leë blikkies, leë bottels, beddegoed, juwele in 'n kissie.

Die paneelborde met die volt-reguleerders is ongeskonde. Vol stof, klam van die humiditeit, maar John Hahn sê hulle sal definitief werk as hulle uitgedroog is.

Ek ry in die Volvo terug tot waar die radio-ontvangs goed is en roep die radiokamer. Hulle laat Domingo kom.

"Romeo is affirmative," sê ek.

Die sein is flou. "Repeat," sê hy. Ek herhaal dit.

"He's in good health?" vra Domingo

"Romeo seems to be in good health," sê ek. En ek wonder wie almal op ons algemene kommunikasie-golflengte luister. As pastoor Nkosi se mense

dit hoor, sal hulle weet ons is met iets geheimsinnigs besig, maar hulle sal geen idee hê waarom dit gaan nie.

“Excellent news,” sê Domingo. “When will he be joining Juliet?”

John Hahn sê ons behoort teen drie-uur klaar te wees.

“Some time tonight.”

“Safe travels,” sê Domingo.

* * *

Cairistine “Birdie” Canary

Lunchtime op die Dinsdag kom sê Domingo die Teebus voltage regulators is reg, hulle behoort vanaand te kom. En ek kry die Cabinet bymekaar, en ons besluit ons kan maar die risk vat, ek moet vir die pastor laat weet ons bring die volgende dag vir hom sy regulator.

Toe is ek radio room toe, en ons roep vir New Jerusalem, en hulle antwoord, maar hulle sê die pastor is nie available nie.

En ek vra nou wanneer gaan hy available wees, en hulle sê hulle weet nie, maybe eers môre.

En ek vra nou waar is die pastor? En hulle sê none of your business.

Sofia Bergman

Domingo is by ons, drie-uur daardie Dinsdagmiddag. Hy het vir ons kos en water vir die nag gebring, hy het sy pistool en sy radio op sy heup en sy R4 in die Jeep, die geweer staan so regop waar hy dit altyd in ’n houer sit.

Hy het die proviand uitgedeel, hy het met ons gesels, en toe ry hy. Hy het nie gesê waarheen hy gaan nie.

En toe, halfvier, toe hoor ons oom Willem se stem oor die radio, helder en duidelik. Op ons golflengte, die militêre kanaal. Ek hoor daar is iets baie dringend in sy stem. En ek gryp die radio en ek draai die volume harder en ek hoor Domingo se stem wat sê: “Repeat, Willem, repeat.”

En oom Willem sê: “Regards to Cincinnatus from Witput, regards to Cincinnatus, ek is op Witput.” Maar jy kan hoor hy bedoel regtig nie hy wil vir iemand groete stuur nie, jy kan hoor hy is ... opgewonde. As ek eerlik moet wees, as ek nie my verbeelding toelaat om ... Kom ons sê maar net sy stem was baie opgewonde.

En toe is dit stil op die kanaal, en toe sê Domingo: “Affirmative, Willem, I will send regards to Cincinnatus.”

Dis al.

OceanofPDF.com

Send my regards to Cincinnatus: V

Ons kom ná agt die aand terug by Amanzi. Die son is al onder.

Die wagte by Petrusville se hek is bedees. Ek wonder nie daaroor nie.

Die wagte by die hoofhek is stil en stroef. Hulle verwelkom ons gewoonlik met opregte hartlikheid, maar nie vanaand nie. Ek vermoed dit is omdat hulle moeg is van die langer skofte werk, omdat daar minder mense oor is. Meer as veertig persent van Sarge X se verdedigingsmag en reserviste is saam met die Groot Trek New Jerusalem toe.

Ons hou voor die basis stil, ek laat my span uitklim, ons is tam en honger en dors. Ons weet die Special Ops-kombuis sal vir ons iets spesiaals hê, soos altyd wanneer ons van 'n sending af terugkom.

Ons tel die elektriese paneelborde uit, my span dra dit hoofkwartier toe.

Die ander loop in kaserne toe, ek staan en wag vir die Volvo-bestuurder om ook te kom, ek wil maak soos Domingo – ek wil die laaste wees om in te gaan.

Ek wonder waar is Domingo?

Birdie en Sarge X en Nero Dlamini en Beryl Fortuin kom uit ons hoofkwartier aangestap. Verby die paneelbord met die volt-reguleerders, hulle kyk nie eens daarna nie. Aan al vier kan ek sien iets is verskriklik verkeerd.

Birdie, kleine Birdie, President Cairistine Canary snik voor sy by my kan kom. Sy sê: “Nico, ai, Nico,” haar stem is heeltemal stukkend.

“Wat is dit?” en my hart is koud.

“Jou pa,” sê sy.

Ek weet. Ek hoef nie te vra nie want ek kan aan haar en Beryl, aan Nero en Sarge X sien, sy hoef niks meer te sê nie.

Ek voel hoe die bloed en die lewe uit my vloei, so vinnig, leeg. Ek voel hoe my knieë swik, my bene wankel.

Birdie vat my, sy omhels my. Ek voel hoe Birdie se lyf fladder en ruk soos 'n voëltjie s'n. Langs ons begin Beryl troosteloos te huil, Beryl sit 'n arm om ons, asof sy deel van dié rou wil wees.

Birdie se gesig teen my bors. Sy sê: “Domingo ook, Nico. Domingo is ook dood.”

* * *

Ek onthou min van daardie eerste paar uur.

Ek onthou ek en Birdie probeer mekaar troos. Ons sit lank net só, ons hou mekaar vas.

Ek huil nie, alles is te onwerklik. Ek kan nie. Ek wil, ek weet die huil is hier iewers in my, maar ek gló dit nog nie heeltemal nie: Pa én Domingo? Onmoontlik.

Ons sit in Domingo se kantoor. Iemand dra soet tee en varsgebak aan. Ek kan nie my mond daaraan sit nie, ek vra vir water.

Almal se stemme is sag. Die hele kaserne is stil, die nuus versprei en laat almal stom.

Nero praat. Hy is die sterkste van ons almal, dink ek. Hy praat so mooi en so reg met ons. Hy kalmeer ons.

Eindelik kan ek dit nie meer hou nie. Ek vra hulle wat gebeur het.

Nero sê ja, hy verstaan dit. Hy verstaan ek het nodig om te weet.

Ja, sê ek, vertel my, asseblief.

Hy sê my pa was op Witput.

Pa het tussen eenuur en drie-uur vanmiddag verskeie kere met die besproeiingsboere op die landbou-gereserveerde golflengte gepraat. Hy het raad gevra oor die dieselpomp en die stelsel wat hy besig was om te installeer. Pa het grappies gemaak oor sy gebrekkige tegniese kennis, hy het nooit 'n aanduiding gegee dat iemand naby hom was of dat hy enige bedreiging gesien het nie.

Tot halfvier.

Toe gebruik my pa sy noodroep-kodewoord op die radio. Net dit. Niks anders nie. Domingo het na hom toe gejaag met sy Jeep. Die radiokamer het ook vir Sarge X laat weet. Sarge wou sy Luckhoff-patrollie stuur, die een wat bedags die dam se noordelike oewer tot by Philippolis bespied. Toe antwoord hulle nie. Sarge het 'n tekort aan mense en voertuie ná die Groot Trek, hy het dadelik die enigste ander beskikbare span opdrag gegee om ook Witput toe te ry, maar hulle was by Hopetown, dit het hulle vyf-en-twintig minute langer geneem om daar uit te kom.

Daar het Sarge X se twee verdedigingsmaglede vir Pa en Domingo gekry. Hulle het naby aan mekaar gelê, aan die rand van die soutpan, die spierwit, dorre soutpan langs die ou besproeiingsirkels van Witput.

Hulle was geskiet. Die verdedigingsmaglede het die twee liggame opgelaai en hulle het Amanzi toe gejaag, na ons hospitaal toe. Sonder hoop, want hulle was redelik seker Pa en Domingo was reeds dood, maar wat anders kon hulle doen?

Sarge X sê: “By the time I got out there, to the crime scene, it was almost dark. There wasn’t much we could learn ...”

En hy huiwer, en ek sien Sarge X en Nero en Birdie kyk vir mekaar, en ek sê: “Wat is dit?”

“I want you to know, I had Hennie Flaai in the sky. I had every available patrol out and searching, but there is just so much territory to cover ...”

Nero Dlamini sê: “We have no evidence, Nico. We don’t know for certain who did it. We really don’t.”

Ek snap wat aangaan. “But you suspect someone.”

“Nico, ons moet baie versigtig ...”

“Wie, Birdie?”

“Sit eers, Nico,” en ek besef ek staan.

“We need cool heads,” sê Nero Dlamini. “Perhaps you should get some sleep first.”

“Very cool heads,” sê Sarge X.

“Nee,” sê ek.

“Sit, Nico.”

Ek kan nie.

“Please, Nico, we need you to be strong. We need you to be very strong tonight,” sê Nero.

Nero het nog altyd die vermoë gehad om my tot bedaring te bring, al sedert hy my behandel het vir die PTSD ná hulle vir Okkie gestee het. En

nou maak dit my skielik baie moeg. Ek sit. My kop sak. My lyf sidder. Ek hou my hande op my knieë, want ek weet hulle sal nou bewe. Ek voel vir die eerste keer 'n emosie, ek hou dit weg, ek wil nog nie glo dit is alles waar nie.

Hulle sê nie 'n woord nie. Ek kry beheer. Stadigaan. Ek kyk op, na Birdie.

“Asseblief. Sê my nou.”

Dit is te veel vir Birdie. Sy kyk na Nero. Nero knik. “I’ll tell him.”

* * *

Dit neem hom 'n kwartier. Hy vertel my die hele storie. Hy begin by die radiokontak van Trunkopolz af. Hy sê ons aartsvyand wou twee dae gelede skielik 'n ontmoeting reël. Pa en Domingo het eindelijk alleen vir Trunkopolz geantwoord, niemand weet wat daar gesê is nie.

“Dis hy,” sê ek. Woede en haat wat meteens opvlam sodat ek weer opspring.

Nero vat sag aan my skouer. “Sit down, Nico. We don’t know that it was him. We really don’t. There’s other stuff. You need to hear everything.”

“But he’s the one who ...”

“Please sit down first ...”

“Asseblief, Nico,” sê Birdie. Daar is iets in haar stem wat tot my deurdring, 'n toon en 'n kleur wat sê sy kan nie veel meer uitstaan nie. En dan kom ek uit my eie verlies en ek sien hare, ek besef sy het vir Domingo verloor. Sy het haar aanstaande verloor. Haar hart is net so stukkend.

Ek gaan sit.

Nero neem 'n rukkie voor hy weer aan die gang kom. Hy vertel my van al die gebeure rondom pastoor Nkosi Sebego; van die oomblik dat hy die Groot Trek tydens die Kabinetsvergadering aangekondig het, tot gister, toe hy sê hy kom die volt-reguleerders én die wapens haal. Hy vertel van Domingo se spioen-bewerings en sy konfrontasie van die pastoor, en my pa se slotsom agterna dat dit moontlik, maar hoogs onwaarskynlik is.

“Ek verstaan nie, Nero,” sê ek. My kop is deurmekaar, die skok en emosie en moegheid en adrenalien en seer is alles in my, ek weet ek prosessee nie die inligting soos ek moet nie.

“Your dad wasn’t happy to confront Nkosi like that. But he had little ... You know how it was, how tough it was for anybody to refuse Domingo. We owe our lives to him. So your dad didn’t have a choice, really. And afterwards, he said we should let it go. There just wasn’t any real evidence, other than circumstantial.”

“Wag,” sê ek. “Ek verstaan nie hoekom jy vir my al dié goed vertel nie.”

“Patience, Nico,” sê Sarge X. “That was just to give you the background. Because something else happened this afternoon.”

“What?”

Nero sê: “I need you to first promise me something.”

“What?”

“We are going to tell you, and then you are going to drink a sleeping pill, and I’m going to put you to bed,” sê Nero.

“What?” sê ek weer, en kyk na Sarge.

“Sal jy doen wat ons vra, Nico? Sal jy die pil drink en gaan slaap?” sê Birdie pleitend, asof sy net wil hê hierdie dag moet eindig.

“Ek sal.”

Sarge X kyk na Nero. Nero kyk baie stip en baie lank na my, voor hy vir Sarge knik.

“As you know, I have a Luckhoff to Philippolis patrol during the day,” sê Sarge. “Two men in a Nissan truck. They do the farm roads, all along the northern shore. It’s a slow trip. They leave in the morning, they have lunch in Philippolis, then they take the jeep track for a quick look at Luckhoff, just before they return here, at about five. They were the team I called when I received your father’s distress call. But they did not answer. Turns out their radio wasn’t working. And they never checked. Just one of those things, because the radio is quiet, they just assumed. Today, of all days ... They got back about an hour after dark. They came straight to me, they want to report an incident. They did not know about your father and Domingo at that time.”

“What incident?”

“They saw three vehicles, speeding off ...”

“Motorbikes?” vra ek, met ’n eerste vonk van woede.

“Nico, please, just listen,” sê Nero.

“My patrol came via the little jeep track into Luckhoff from the east, and they saw the three vehicles speeding off on the tar road towards

Koffiefontein. The timing, that was the significant thing. It was just after four. About ten past.”

Hoekom sê hy nie vir my wie dit was nie? “Did they see who it was?”

Hy maak ’n gebaar met sy hande. Daar is ’n bietjie wanhoop daarin, maar ek verstaan dit nie. “What did they see, Sarge?”

“They think it was our vehicles. Our trucks.”

“Ours?”

“Yes. Until three weeks ago, when we gave them to New Jerusalem.”

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: I

In die stilte van Domingo se kantoor sê Birdie: “Nico, hulle dink dit was ons s’n. Hulle is nie seker nie.”

“They gave chase, but they could not catch up,” sê Sarge.

“Why do they think it was NJ’s trucks?”

“They were three Toyotas. All three.”

“Of course, that’s not proof,” sê Nero Dlamini. “And they weren’t perfectly sure.”

Ek skud my kop, want ek stem nie saam met Nero nie. As dit drie Toyotas was, is die kans baie goed dat hulle aan New Jerusalem behoort. Ons het vir hulle al die Toyota-bakkies in Amanzi gegee, om onderdele en onderhoud te vereenvoudig. Dit was deel van die uiteindelijke ooreenkoms. Ons het die Fords en die Nissans gehou. En wie anders in hierdie wêreld het die diesels om drie bakkies – van enige fabrikaat – so ver van ’n dorp af op die pad te hou? Net ons en New Jerusalem.

“Ek wil weet, Nico,” sê Birdie. “Ek wil weet wie hierdie ding gedoen het. Ek gaan nie rus voor ons uitgevind het nie. Dit belowe ek jou. Maar ons moet bewyse kry. Nie bewerings nie. Dit is wat jou pa sou wou gehad het. En Domingo. Ons moenie dat hierdie ding alles opvreet wat hulle gebou het nie.”

“We need cool heads,” sê Sarge X.

Nero Dlamini skink nog water in my glas. Hy haal ’n plastiekpilhouer uit sy hemp se sak. “I want you to drink two of these,” sê hy.

“Ons sal môre weer begin,” sê Birdie. Dit klink of sy met haarself praat.

Ek hou my hand. Nero skud die pille in my palm uit. Ek neem die glas. Ek maak my mond oop en ek pleeg klein bedrog. Ek maak of ek die pille in my mond skiet. Ek sluk die water, my regterhand sit die pille in my broek se sak.

* * *

Sofia Bergman

Ek dink nie enigiemand kon daardie nag slaap nie.

Domingo is dood. Dit is ondenkbaar. Domingo was onbreekbaar. Onsterflik. Soos 'n superheld, jy het net nooit gedink hy kan enigiets oorkom nie. En as hulle hom kan doodmaak, watter kans het jy? En Willem Storm. Hy en Domingo was ... Hulle wás Amanzi. Hulle was alles van Amanzi. Die lede van die Kabinet, die res van ons was net byspelers gewees.

Ons was ontsteld, maar ons was ook bang. Want wie gaan ons nou lei? Wat gaan van ons word?

Daardie aand was dit die grootste gevoel, dink ek, 'n bang, 'n soort ... beklemming. En ongeloof. Dit kon nie waar wees nie. Willem Storm én Domingo? Onmoontlik.

Die hartseer van verlies het later gekom. Nou moet jy ook onthou, ons was kinders van Die Koors. Ons het almal dood en verlies geken. So ons het maniere gehad om dit te hanteer. Op 'n manier. Maar so baie van ons in Special Ops was kinders. Sewentien, agttien, negentien. Willem Storm en Domingo was soos pa's vir ons. Of dan minstens surrogaatouers. Gesagsfigure ... Nee, dit klink so ... Toe ek klein was, en ek lê in my bed op die plaas, en ek hoor my pa se stem, of ek ruik die pyptabak wat hy gerook het, dan voel ek veilig. Dan weet ek die wêreld is okay.

Dis wat Willem en Domingo vir ons gegee het. Daardie gevoel dat ons veilig en die wêreld okay is.

Maar ek onthou ons kon nie eintlik daardie nag daaroor praat nie. Ons het net op daardie damwal gesit, in 'n soort geskokte stilte. Team Alpha het nog steeds wagdiens gedoen, soos Domingo ons opdrag gegee het. Ons twee sersante, Taljaard en Masinga, was nog in NJ, so ons was heeltemal herderloos. Heeltemal.

Met Domingo se dood ... Niemand het gedink om vir ons kos en water te bring nie, net ná twaalf daardie nag was ons kos en water op, en ek sê ek sal gaan haal. En ek stap basis toe, met die kortpad is dit net meer as een-en-'n-halwe kilometer.

Doodstil, alles is doodstil. Ná middernag.

En ek kom naby die voordeur van HK, en hier kom Nico Storm uit en ek skrik, en met die skrik wil ek huil, vir hom, vir sy verlies, vir alles. Ek verwag toe dat hy nie kan slaap nie, dat hy net 'n bietjie uit wil kom, dat hy dalk iewers wil gaan treur. Maar hy hou sy vinger voor sy mond, en ek kan sien sy oë sê “asseblief” en ek wonder, maar hoekom? Dit is nie wat ek verwag het nie, dit is nie hoe ek gedink het iemand sal optree as sy pa dood is nie.

Ek staan net daar, ek sê nie 'n woord nie, ek kyk hoe hy verby my loop, en hy loop na Domingo se Jeep toe, dit staan daar waar Sarge X se mense dit parkeer het, en Nico klim in die Jeep en hy ry by die hek uit.

En ek dink by myself, hy lyk nie hartseer nie, hy lyk ... vasberade. En ek besef, maar hy het sy geweer oor sy skouer.

Ek het glad nie besef hy ry New Jerusalem toe nie. Ons het niks van al daardie dinge geweet nie.

* * *

Ek moes my pa beskerm het.

Dit was my taak, my roeping, my verantwoordelikheid. En ek het nie. Ek was nie hier nie, maar dit maak nie saak nie, ek moes my pa beskerm het.

Ek lê op my bed en ek kan nie slaap nie, ek is leeg en die kwaad begin die gat hier binne stelselmatig vul. Dit is 'n kwaad wat 'n ver pad kom, dit is 'n kwaad vir myself wat oorgaan in 'n kwaad vir hierdie wêreld, hierdie gebreekte, onregverdige, mislike wêreld, wat oorgaan in 'n haat vir Nkosi Sebego, want ek sien dat hy vir alles verantwoordelik is. Op die minste, die heel minste: As hy nie New Jerusalem toe is nie, sou Pa nog President

gewees het, sou Pa nie by Witput wou gaan boer nie. Op die heel minste. Maar daar is meer. Baie meer. Hoe meer ek daaroor dink, hoe meer weet ek dit, ek wéét dit en ek staan op uit die bed uit en ek trek aan en ek vat my pistool en my geweer en ek loop, af met die trappe, uit by die deur.

Ek sien Sofia Bergman inkom. 'n Oomblik lank ruk dit my tot 'n soort helderheid, sodat ek besef vir wat ek gaan doen, moet daar nie getuies wees nie. Ek wys vir haar sy moet stilbly. Sy moet vir niemand sê nie. Haar oë is groot. Sy knik.

Ek loop na Domingo se Jeep. Ek sit dit aan. Die tenk is byna vol. Dit is genoeg brandstof. Ek ry.

By die hoofhek is die wagte respekvol en gedemp, hulle spreek hulle simpatie uit. Ek sê dankie, ek sê ek gaan net 'n bietjie ry om my kop skoon te kry.

Hulle sê hulle verstaan.

By die Petrusville-hek is dit dieselfde.

En dan is dit net ek, die donker en die ligte van die Jeep wat die pad verlig. Colesberg toe, en dan Gariep. New Jerusalem.

Dit is honderd-vyf-en-vyftig kilometer. Ek ken hierdie stuk pad, ons het dit die afgelope weke oor en oor gery saam met die Groot Trek. Met die Jeep sal dit my net meer as negentig minute neem.

In dié tyd groei my woede vir die pastoor tot 'n lighoofdigheid. Ek het geluister hoe Nero vertel van Domingo se spioenasie-aantygings teen hom. Ek sit al die leidrade bymekaar, en ek besef Domingo was reg. Nkosi is 'n verraaier en 'n spioen. Ek onthou wat hy in die Komitee gesê het destyds. En ek onthou hoe hy my pa verneder het, keer op keer. Hy is magsbehep, hy was dit van die begin af, ek onthou daardie heel eerste dag toe hy aangekom het, hoe hy na Domingo gekyk het, asof hy wou sê: Eendag gaan jy in my pad staan, en ek gaan jou doodmaak.

Domingo is dood.

Nkosi het my pa vermoor, en hy het die onsterflikheid van Domingo verwoes.

Die woede is 'n spierwit vlam wanneer ek afdraai van die N1. Ek weet waar Nkosi bly. Hy het 'n nederige huis in die onderdorp in Hamerkopstraat gekies. Dit het die meeste van die Spotters wat saam met die Groot Trek gery het, verras. Ek dink dit is 'n les wat hy by Pa geleer het.

NJ is stikdonker. So anders as Amanzi.

Hulle het 'n tydelike versperring by die dorpsingang, waar die suil met die woord *Gariepdam* steeds langs die spitsdakgeboutjie staan. NJ se wagte staan om 'n vuurtjie, hulle lyk benoud en onervare soos hulle met gewere voor die Jeep instap. Hulle herken my. Hulle wil weet wat gaan aan.

Ek is koud en kalm. Ek sê ek het 'n dringende boodskap vir die pastoor.

Hulle moet hom net gou laat weet ek is hier.

Ek besef ek het nie dié ding deurdink nie.

Ek sê laat weet hom maar.

As hy wagte het wat my wil keer, skiet ek hulle eerste.

* * *

Sofia Bergman

Ek het my rugsak vol kos en water gepak en ek het teruggestap na die damwal toe, en ek het die hele tyd aan Nico gedink. Ek het gedink aan sy gesig, wat het ek daar gesien? Dit was ... bekend. Dit was agter die vinger voor die mond, dit was in sy oë, en ek het dit al gesien.

En waarheen het hy met Domingo se Jeep gery? In die middel van die nag.

Moet ek vir iemand sê?

* * *

Dit neem hulle 'n ewigheid om die pastoor wakker te kry. Ek kan nie hoor wat hy sê nie, ek hoor net die dreuning van sy diep stem oor die wag se radio. Die wag stap na my toe, hy sê: "The pastor wants to know what this is about."

"I have a message from my father." Laat ons sien hoe dit hom laat reageer. Laat ons sien of hy homself verrai.

Hulle sê dit vir hom oor die radio. Hy reageer nie. Sy stilte gee hom weg.
Sy stilte gee my die sekerheid waarna ek soek.

Hy swyg só lank dat selfs die hekwag ongemaklik raak.

“Send him in,” sê Nkosi.

* * *

Sofia Bergman

Ek onthou drie-uur daardie oggend waar ek daardie trek in Nico se oë gesien het. Dit was die dag toe ek hom met die kruisboog geskiet het. En die dag toe hy my geduik het, daar voor die HK, nadat ek hom met die geweer geslaan het.

Dit is die oë van iemand wat verby kwaad is.

Maar waarheen is hy?

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: II

Ek hou voor sy huis stil, die R4 in my hand. Ek sit die Jeep af, ek klim uit, ek loop na die voordeur toe.

Hy moet my stewels hoor op die gruis, hy maak die deur oop. Hy het 'n kamerjas aan. Daar brand 'n lamp iewers agter hom, ek sien sy silhoeët. Ek verplaas die R4 na my linkerhand, ek is by die deur, ek slaan hom met my vuus in die gesig. Ek slaan hom met al die woede en seer en haat in my.

Ek tref sy mond. "I am going to kill you," sê ek toe hy terugsteier tot in die huis. Maar hy val nie.

Hy slaan na my. Hy is 'n groot man, hy is langer as ek, sy skouers wyd en kragtig. En hy is veel vinniger as wat ek gedink het. Hy tref my teen my regterwangbeen, hy lig my van my voete af, ek slaan neer, halfdoof in my regteroor, swart spikkels voor my oë. Ek probeer orentkom, maar my balans is sleg. Hy mik nog 'n hou, ek sien die wit van sy oë, sy mond bloei, ek sien hy kan moor, hy is wild, gevaarlik. Ek rol na links, tot teen die muur. Hy slaan mis, dan tref hy, iewers teen my ribbes. Ek druk teen die muur om weg te rol, ek besef meteens hierdie verloop glad nie soos ek dit beplan het nie, hier word ek vanaand doodgeslaan.

Adrenalien.

Ek kom vinnig orent, hy wag vir my, ek beweeg vinnig, ek slaan na hom met alles wat ek het, teen sy neus.

Hy maak 'n diep geluid, hy kom vir my, 'n bebloede bul, ek weet nou hoe vinnig hy is, hy slaan, ek ruk my kop net betyds uit die pad uit, die hou teen my linkerskouer, die geweld daarvan gooi my teen die muur. My linkerarm voel dood. Ek slaan weer, my enigste hoop is dat ek vinniger is as hy, ek

slaan met my regtervuis, elke greintjie krag. Hy ruk sy kop af, ondertoe. My kneukels tref die bokant van sy kaalgeskeerde skedel. Ek kan hoor hoe my kneukel breek, dit is 'n siek, harde geluid, die pyn skiet in my arm op. Hy val op sy knie, hy gryp iets op 'n tafel. Ek moet weer slaan, ek swaai my linkerhand, maar hy tref my eerste, hy het iets in sy hand waarmee hy slaan, teen my heup en my pistool, die geluid is soos 'n metaalklok wat lui, want hy slaan my met 'n pan, 'n groot gietysterpan, ek swik en ek val en hy is op my. Hy lig die pan, hy wil weer slaan, ek stamp my regterelmboog teen sy oog, so hard as wat ek kan, ek weet my kneukel is stukkend, die pyn is skerp, ek sal nie weer my vuis kan gebruik nie.

Hy bulk weer, hy skud sy groot kop, hy los die pan, hy kry sy massiewe hande om my keel. Ek slaan hom met my linkervuis teen sy voorkop, ek sien in sy oë die hou skud hom, maar hy wurg my. Ek slaan met my regterelmboog teen sy mond. Hy spoeg 'n tand uit, hy wurg stywer.

Ek kry nie asem nie.

Ek slaan weer met my elmboog, weer teen sy mond, desperaat, ek kry nie asem nie. Hy spoeg bloed en speeksel oor my, hy wurg my stywer.

Ek gryp sy hande, ek moet hulle loskry.

Ek moet asem kry.

Ek kan nie.

Ek besef dan eers: Dit is te laat, sy hande is te groot en sterk, sy greep te vas, die wêreld swem voor my, ek ruk en pluk aan sy hande, en skop en draai en wriemel en beur, my mond wyd oop op soek na asem, ek kry dit nie in my longe nie, ek sien niks meer nie, ek gaan dood, ek gaan – soos my pa – deur hierdie man vermoor word.

* * *

Sofia Bergman

Onthou net, niemand het vir ons vertel van pastoor Nkosi en spioene en versteekte wapens en die drie Toyotas wat van Luckhoff weggejaag het nie. Dit sou eers later uitkom. Veel later. Daarom dat ek daardie nag tussen my Alpha-spanmaats gesit het, en nie 'n woord gesê het oor Nico nie. Vir niemand nie.

* * *

Ek herwin my bewussyn toe pastoor Nkosi Sebego 'n emmer yskoue water oor my uitgooi. Ek hoes en proes en steun en stik en snuit, ek trek die lug, die goddelike suurstof, diep in my longe in, en hy sê: "What the devil is the matter with you?" Sy woorde slordig deur sy stukkende mond gevorm.

Ek wil opstaan. "I'm going to kill you." My stem is hees, my lyf is swaar.

Hy trap 'n groot voet teen my bors. Hy druk my plat teen die vloer. My regterhand pyn. My ribbes ook.

"But why, Nico?"

"You know," en ek probeer regop kom, ek gryp sy voet, maar my arms wil nie mooi werk nie.

Hy trek die pan op die tafel weer nader. "I will hit you again."

"Kill me. You had better kill me."

"I am not going to kill you, but I will hit you again if you don't tell me what the hell is going on." Hy lig die swaar pan in sy hand, dreigend.

"You killed my father, you bastard."

"I did what?"

"You killed my father."

Die pan val op die vloer met 'n hol klank. Ek sien Nkosi se hele lyf reageer, ek sien sy verstomming. "Your father? Your father is dead?"

Hy is 'n swendelaar, 'n leuenaar. "We saw your trucks, yesterday."

"Trucks?" Hy lyk heeltemal verslae.

"Three Toyota bakkies in Luckhoff."

"Yes," sê hy. "That was me."

Dit maak my blind, ek gryp sy voet wat op my bors druk. Hy ruk dit uit my greep, tree weg van my af. Hy sê: "Nico, please! I had nothing to do ... Tell me, when ... how did your father die?"

Ek kom regop. Ek loop na hom toe, ek lig my linkervuis. "You shot him yesterday at four o'clock."

“Oh, God,” sê hy. “Oh, dear God.” En hy steier agteruit asof ek hom geslaan het, en hy gaan sit op ’n kombuisstoel.

* * *

My pa het my vertel ’n asteroïed van tien kilometer in wydte het tweemiljoen jaar gelede die aarde getref.

Dit het ’n krater van driehonderd kilometer wyd gevorm, die grootste op die planeet aarde waarvan ons weet. Die krater het lank reeds heeltemal verdwyn weens erosie, maar in die middel daarvan is ’n geologiese struktuur, ’n halfmaan van heuwellandskap wat vandag bekend staan as die Vredefort-koepel, naby Parys in die Vrystaat.

Net maande voor Die Koors het wetenskaplikes ’n uitgebreide reeks grotte in die koepel se heuwels ontdek. Dit was in daardie grotte wat ek en my pa was toe Die Koors die wêreld verwoes het.

Dit was in daardie grotte dat ek Die Koors gekry het.

Wat ek daardie nag in pastoor Nkosi Sebego se kombuis herroep, is die koorsdrome. Terwyl hy met sy kop in sy hande by sy kombuistafel sit en die Allerhoogste aanroep, onthou ek my pa was ook siek in daardie grotte, maar minder as ek. Pa het my verpleeg terwyl die koorsdrome deur my trek soos hittegolwe, hulle kom en gaan, ek het nie geweet of ek wakker of aan die slaap was nie. Met elke koorsdroom was die sensasie dieselfde: Dit was vir my soos om na die wêreld te kyk deur ’n baie eng, wasige venster. My ledemate, veral my hande, het vet en opgeswel gevoel, swaar, vreemd, maar hulle was nie. My hele lyf en my kop het traag gevoel, asof ek in ’n bitter, dik stroop moet swem. Dit was eienaardig en vreesaanjaend en heeltemal onwerklik.

In Nkosi se kombuis voel dit weer so.

Ek troon oor hom, vol van die haat en die fisieke en emosionele pyn, maar ek voel stadig, ek voel vasgevang, my kop en my lyf en my hande en my vingers dik en onbruikbaar, en ek wil my pyn nou vir iemand anders toedien, Nero sê dit is wat mans doen wanneer hulle ondraaglike seer het.

“I loved you father,” sê Nkosi. Die woorde is soos lood, dit kom stadig na my toe aan, ek hoor dit langsaam, verwerk dit ’n ewigheid lank. Ek sê hy lieg, hy lieg, hy het Pa én Domingo gehaat.

En hy sê: “No, I’m just scared of Domingo,” en ek skree vir hom: “You killed him because you’re scared of him?” Hy kyk na my asof ek kranksinnig is en vra dan verward: “Domingo?” en ek kan sien hy is nou in dieselfde koorsdroom, ons is al twee verlore.

“You killed Domingo.”

“Domingo is dead?”

“You killed him, and you killed my father.”

“Heaven help us.”

Ek haal die pistool uit die holster op my heup. Ek kyk deur die nou, wasige venster van my koors na Nkosi, ek druk die pistool teen sy slaap. Hy sit net daar, die bloed drup van sy stukkende lippe op die tafel, hy skud sy kop baie stadig, en hy sê: “I did not kill anybody, Nico.”

Ek druk die veiligheidsknip van die pistool af.

“You let your people do the killing?”

Hy sê nie die woord nie. Hy skud net sy kop om nee te sê.

Hy maak sy oë toe.

Die ondersoek na die moord op my pa: III

En ek kan hom nie skiet nie, want anderkant die koors en die haat en die kwaad en die oorweldigende emosie weet ek: Hy praat die waarheid. Ek kan dit sien in die manier hoe sy kop hang, met sy oë toe, ek kan dit hoor in sy stem, ek kan dit voel in hoe hy die kopskoot-teregstelling aanvaar. In hoe hy nie meer veg nie, in hoe hy my laat loskom het. In sy slaapklere en sy bebloede kamerjas is hy 'n gebroke, onskuldige man. En hy treur. Oor my pa.

Ek staan met die pistool teen sy kop, ek wag dat die koors wyk, dat dit uit my vloei. Dit neem die drukking en die intensiteit daarmee saam.

Ek druk die pistool se knip weer op en ek swik en ek hou aan die tafel vas en ek loop en ek gaan sit oorkant hom.

Hy maak sy oë stadig oop. "How did they die?"

"They were shot."

"I am so sorry, Nico."

"But you were there."

"I was in Luckhoff."

"They were in Witput."

"Dear Lord ..."

"Why were you there?"

"I went to fetch my rifles. And ammunition. Our share."

"In Luckhoff?"

"I was sure it was there. I was so absolutely sure. You used Luckhoff for military purposes. That whole town. It was Domingo's playground. Exclusively. In the Cabinet we often talked about settling people there, it

was closer than Hopetown, it had lots of canal water. And Domingo just refused, he said it was Special Ops' training facility, you needed it. So I thought that is where he hid the arms. We went there yesterday. We searched that town. We looked in every house. We had this metal detector, we thought it might be buried somewhere ..."

Sy stem raak weg.

En dan sit ons in die diep skemer, die olielamp wat laag brand, ons haal asem.

Ek wil hom nie glo nie. Hy is so 'n uitgeslape man.

"You spied for Number One," sê ek.

'n Geluid plof oor sy lippe, bloedsproei oor die tafel.

Hy skud sy kop.

"I saw you, that first day," sê ek vir hom. "I saw you."

"What first day?"

"When you came to Amanzi."

"You saw me?"

"Yes. I saw how you looked at Domingo. You hated him."

Hy kyk na my. Ek kan nie regtig sy uitdrukking sien nie. Dit klink of hy kort en bitter lag. Dan staan hy stadig op. "Would you like some brandy?"

Ek het nog nooit brandewyn gedrink nie.

"Yes."

Dit smaak soos baie slegte hoesmedisyne. Dit brand my mond, my keel, dit laat my stik.

Pastoor Nkosi Sebego sou seker geglimlag het as sy mond heel en die omstandighede anders was.

Hy kom sit oorkant my. Hy sê: "Do you know what that tattoo on Domingo's hand stands for?"

"No." Ek het al vergeet van die tatoeëermerk op die rugkant van Domingo se hand, twee kromswaarde en 'n opkomende son. Dit was so deel van hom, ek was gewoon daaraan, dit was sonder betekenis.

"It means he was a member of the Twenty-Sevens."

"The who?"

"The Twenty-Sevens. The Numbers gangs? You've never heard ... ? Never mind. They were prison gangs, the Numbers, in the old days. Before the Fever. You had three divisions. There were Twenty-Sixes, who were the least violent, they were the thieves and the con men and the burglars and the fraudsters. Then you had the Twenty-Eights, they ..."

“How do you know this?” vra ek hom, want ek wil niks slegs van Domingo glo nie.

“As a pastor it was my duty to visit those parishioners who were in prison, Nico.”

“Domingo was not a criminal.”

“Then why did he have that tattoo? The sign of the Twenty-Sevens? The most violent of all the prison gangs, the killers. The assassins.”

“It was just a tattoo.”

“I’ve seen many of them, Nico. He was a Twenty-Seven.”

“That’s not true.”

“Go ask Sarge X.”

“Why?”

“He was a policeman. And ... Do you remember when Matthew Mbalo was killed? Our first murder.”

“Yes.”

“Can you remember who the only person was that Sarge X interrogated, right after the body was found?”

Ek kan onthou. Ons het gesien, daar by Luckhoff, hoe Sarge en Domingo by sy bakkie gestaan en praat het. Hoe kwaad Domingo was. Maar ek sê niks.

“Sarge X did not tell us about it,” sê Nkosi. “Until I confronted him, about a week after the murder. I called him lazy and inefficient, because there was absolutely no progress in the investigation. Then he told me, he said he had interrogated the only real suspect. The only Amanzian with a known criminal record who had been up and about that night, moving freely according to his responsibilities. Domingo. So I asked Sarge, how do you know Domingo has a criminal record. And Sarge says, that tattoo, pastor. And he told me what I already knew. Domingo had been in prison, and he was a member of the most violent Numbers gang.”

Steeds wil ek dit nie glo nie.

Die pastoor sien dit. “I know you liked Domingo a lot.”

“Yes. He was my hero.”

“I know.”

“He was a very brave man, and he was a good man.”

“Yes, he was brave. And we can be good and bad, Nico. We can do good and bad things. That’s the way God made us.”

Hy staan op, loop na die kas toe waar die bottel brandewyn staan en skink vir homself nog. Ek het nie geweet hy drink alkohol nie. Hy hou die bottel omhoog, 'n vraag of ek ook wil hê. Ek skud my kop. Die goed is sleg, ek het nog oor in my glas.

“You have my deepest sympathy for the loss of your father,” sê hy, drink, en kom terug tafel toe. “I had the greatest respect for him. He was an exceptional man. I did not leave Amanzi because of him.”

Hy gaan sit. “I left because of Domingo. Because there was no real democracy. No real liberty. No real freedom of religion. Because there was one state religion in Amanzi. Domingo’s. He ruled that place. With an iron fist.”

Ek skud my kop. “That’s not true.”

“Just think about it, will you? Just go look at the facts. Ask yourself, why did he hide the arsenal?”

“Because you are a spy.”

Weer maak hy die proesgелuid. Hy vat aan sy mond, dit moet seer wees. “Really, Nico? Really? A spy? Okay, so I might be a spy. But answer these questions: Do you know who else is called ‘Number One’? Go ask Sarge X. In the Numbers gangs, the top structure is called Number Ones. If you’re a leader of the Twenty-Sixes, you are a Number One. And do you know what the speciality of the Twenty-Sixes was in prison? Smuggling. Smuggling and selling. Do you remember when Trunkenpolz came to Amanzi the first time, do you remember how Domingo did not like it at all? How uncomfortable he was that night? Why? Because maybe he saw a tattoo on Trunkenpolz. And Trunkenpolz saw Domingo’s? Go ask yourself, when Trunkenpolz could have killed Domingo, when he was standing there with a pistol to Domingo’s head, why didn’t he just pull the trigger? Because, perhaps, he saw somebody he could blackmail? Ask yourself, who arrived at Amanzi on a motorcycle, Nico? A motorcycle. Think about it. Ask yourself, who killed that Marauders man, the one you took prisoner, what was his name ... ?”

“Leon Calitz.”

“Yes, that one. Who killed him, who shot him and their radio man before you could bring them back for questioning about human smuggling?”

“That was because of the ... Domingo saw the women, the Seven ...”

“Okay. Do you remember when the KTM attacked us, that day when you shot ten or eleven of them?”

“Twelve.”

“Yes. Twelve. Do you remember, there were two of the attackers trapped in the truck. And they were shouting ‘We give up, we give up!’ and Domingo walked up to them and he executed them. Shot them right between the eyes. Do you remember?”

“Yes.”

“Why would he do that?”

“Because they were animals.”

“I wonder who the real animal was, that day. Why did he have to kill them? Why were there never any people to interrogate? Just ask yourself why, that’s all I’m saying.”

Ek stoot die glas weg en staan op.

“I don’t believe you.”

Sy handgebaar sê hy gee nie regtig om nie.

“I will find out if you are lying.”

“I took my people away from Amanzi, because they deserved better than Domingo’s tyranny.”

“Domingo’s tyranny was good enough for my dad.”

“Are you sure, Nico?”

As jy sewentien is, en jy is moeg en verward, en alles wat jy weet en glo word bedreig, is die maklikste uitweg om te vlug.

Ek antwoord hom nie. Ek loop net uit, sodat die donkerte van New Jerusalem vir my en die Jeep kan insluk.

Die ondersoek na die moord op my pa: IV

Tot vandag toe weet ek nie hoe ek by die brug oor die Seekoeirivier gekom het nie.

Dit is veertig kilometer noord van Colesberg, net voor die ou R369 'n grondpad word.

Dit is waar ek daardie oggend omstreeks vieruur weer my bewussyn terugkry, wanneer die Jeep se kopligte die silwer van die staalreling en die grys van die beton verlig, en ek skrik en rem trap, vir geen goeie rede behalwe dat ek skielik wakker is nie, terug in die werklikheid.

Ek hou stil, omdat ek moet, omdat ek nie weet waarheen om te gaan nie.

Ek skakel die Jeep en sy ligte af en ek klim uit en ek loop tot voor die voertuig en ek kyk op na die ongelooflike uitspansel, die biljoene sterre wat flonker. Pa het gesê die nagruim is 'n tydmasjien, elke ster is in sy eie era, soveel ligjare weg. Ek soek 'n tydmasjien, Pa, om alles terug te draai.

Ek sien nie die aseembenemende skoonheid nie. Ek voel net klein, onmeetbaar klein en nietig en verlore, maar bowenal onthou ek tot vandag toe die oorweldigende eensaamheid wat op daardie oomblik in ondraaglike tonnemaat op my druk. My ma is dood en my pa is dood en Domingo is dood. Ek is eindelijk weeskind, reg vir die Orphanage.

Deel van die gewig wat ek voel, het te doene met die verlies aan vertroue, die verlies aan sekerheid. Wie glo ek? Wat glo ek? Waar is die waarheid? Nog 'n toevoeging tot dié massa is die verlies van 'n ideaal, van 'n idee, soos Amanzi my pa se idee was. Sy visie, sy droom. Meteens is daar niks. Geen uitkoms. Geen toekoms, net die stikdonkerte.

Ek voel nie selfbejammering nie. Ek is net bewus van die volslae eensaamheid. Ek weet nie hoe lank ek só gestaan en staar het na die hemele nie. Dit kan tien of twintig minute wees.

En dan hoor ek die kras van die radio in Domingo se Jeep, en ek hoor die stem van een van Sarge X se verdedigingsmag-mense: “Base, this is Sector Three. Four o’clock, and all’s well.”

Ek is naby genoeg om dié radiosein op te vang.

Ek laat my oë sak na die horison. Ek sien die vae gloed van Amanzi. Ons plek van lig.

* * *

Sofia Bergman

Ek het op die klipharde teer van die pad oor die damwal gelê en slaap, en ek voel iemand druk my skouer so saggies, en ek skrik wakker en dis Sarge X. En hy sê: “Sofia, I need you to track for me.”

En ek voel skuldig dat hy my aan die slaap gevang het, ek wil verduidelik. Ek sê: “I wasn’t on duty,” en hy sê: “I know, my dear, I know. But the sun will rise in half an hour, and I want to start searching the crime scene for tracks as soon as there is enough light.”

“Yes, Sarge,” sê ek en ek staan op en ek wil vir hom vra of daar nie darem net tyd is om te was en hare en tande te borsel nie, maar hy loop al na waar die drie APS-voertuie staan, die bakkies van die Amanzi Police Service, almal met die handgeverfde sterre op die deure.

* * *

Ek hou voor die Orphanage stil wanneer die oosterkim vuurrooi is oor die dam, en ek klim uit en die pyn van my gebreekte kneukel klop

onophoudelik, en ek wonder, het hulle al vir Okkie gesê? Weet Okkie ons pa is dood?

Ek gaan in en ek hoor daar is al mense in die kombuis, ek wil hulle nie sien nie, ek wil net sit en wag vir Birdie, ek moet met Birdie praat, ek loop tot in die sitkamer, en ek sien daar staan Birdie voor die venster, sy kon ook nie slaap nie.

Sy hoor my kom. Sy draai om. Sy lyk oud en moeg, sy kyk na my met deernis, en dan met sorgsaamheid. “Wat het gebeur?” Sy sien die bloed aan my wang.

“Was Domingo in die tronk, Birdie?” Ek vra dit, want dit druk so swaar, en as dit uit is, as dit onkeerbaar uit is, besef ek hoe gemeen en selfsugtig dit is.

Birdie struikel. Ek kom by haar, ek hou haar regop, sy beur na ’n stoel toe, gaan sit. Sy kyk op na my.

Sy sê: “Ja, Nico. Hy was.”

* * *

Sofia Bergman

Sarge X wys vir my waar die liggame gelê het. Ek onthou hoe sag die lig van die opkomende son was, en hoe purper die droë bloed in die spierwit stof.

“Domingo was here, Sofia,” sê hy, “and Willem was right there.” Ou Sarge X was ’n klein oompie gewees, hy moes daardie tyd al in die vyftig gewees het, en toe hy so staan en vir my beduie, toe wil ek hom vasdruk, want hy het so verwese gelyk, so asof hy nie daar wou wees nie. Asof hy nie hierdie dood wil ondersoek nie, hy wil liewer vir hulle terughê. Ek was toe te jonk en self te ontsteld en te moeg om te besef dat die verantwoordelikheid swaar op hom gerus het. Hy was die enigste van die senior militêre mense oor.

Hy wys vir my Domingo en Willem Storm het net drie meter uitmekaar gelê.

Hy wys vir my die spatsels bloed langs die spore, en die twee kolle waar hulle gelê het, dis verbasend min bloed.

Ek het nog nooit van daardie gebied gehou nie. Dis vir my ... Ek weet nie ... Spookagtig. Daar is die panne, die droë vlak panne, so wit soos geraamtes, en onbruikbaar, hulle grond siek en brak, en dan is daar die kanaal wat daar naby deurloop, en die ou besproeiingsirkels, jy kan nog die buitelyne sien. Ek ... Ek kry altyd so 'n rilling daar. In elk geval, oom Willem en Domingo het in die pan gelê, net 'n paar treë van die soom af, die soom van gewone veld. En Domingo se Jeep het in die pad gestaan, naby die ou plaashuis, seker driehonderd meter weg.

En toe vra ek vir Sarge wie was gisteraand almal hier. En hy sê net sy patrollie van Hopetown af, en hy. En hy roep die twee ouens van die patrollie nader. En ek kyk na hulle stewels, en ek kyk na Sarge se stewels, en ek vra of een van hulle weet watse skoene oom Willem aangehad het. Toe gaan haal een van die patrollie-ouens die goed, en hy kom aan daarmee: Domingo se stewels, en oom Willem se skoene. En hulle kom sit dit hier voor my neer. Die leë skoene.

Dit was vir my 'n baie slegte oomblik. Ek kan dit nie verduidelik nie.

Cairistine "Birdie" Canary

Ja, kyk, daardie Oukersaand, die laaste een voor hy dood is, toe vat Domingo nou vir my daar na Otterskloof toe, dit was so 'n grand gastehuis en wildplaas oorkant die rivier, en hy't die plek so in secret mooi en skoon gemaak, en toe ons aankom, staan daar so 'n tafeltjie met 'n tablecloth, nogal, and wildflowers, en ek lag en ek sê, wie het dit gedoen, dit kan nie hy wees nie. Dis dan romantic. En hy smile glad nie, hy is vreeslik serious, en hy sê, Birdie, ek wil vir jou hê, maar jy moet eers weet wie ek is.

Toe vertel hy my.

Ek dink dit was vir Birdie 'n soort verlossing om daardie oggend alles aan my te vertel. Ek dink sy het swaar aan die alleenkennis oor Domingo gedra.

Ons sit teen mekaar op die rusbank. Sy hou al twee my hande vas. Sy is só gefokus dat sy nie die swelsel aan my hand en die skaafmerke en die bloed aan my kneukel sien nie.

Sy vertel my van Domingo. Sy sê hy was Ryan John Domingo. Hy het in Riverview op Worcester grootgeword, waar die stank van die rioolwerke in die somer saam met die suidoostewind by hulle huisie ingewaai het. Sy ma was 'n skoonmaker by die De la Batskool vir Dowes, sy pa was 'n gemors, 'n man wat leeggelê en gesteel en gelieg en bedrieg en gesuip het. 'n Man wat nooit 'n betrekking vir langer as drie maande kon hou nie. Sy pa was swak van binne, maar sterk van buite, 'n groot man, 'n man wat as kind fisiek mishandel is en dié tradisie voortgesit het deur sy vrou en sy ses kinders met vuiste en gordels en toue en enigiets byderhand te slaan, wanneer hy nugter of dronk was. 'n Man met 'n verskriklike humeur.

Sy pa se name was ook Ryan John.

Domingo was die oudste. Domingo was die eerste om sy pa se woede en geweld te voel. Later het hy vir sy broers en susters ingestaan, en vir sy ma. As hy sien hulle gaan geslaan word, het hy tussenbeide getree en die slae gevat.

Op hoërskool het hy vir die eerste keer probeer om terug te baklei, en sy pa het hom so gefoeter dat hy 'n week lank in die hospitaal moes herstel. Verpleegpersoneel en 'n maatskaplike werker het kom vra wie het hom só geslaan. Toe sê hy nee, hy is nie geslaan nie. Hy het geval.

Toe sê die maatskaplike werker hy moet weet hy kan 'n einde maak aan die mishandeling. Hy moet net praat.

Toe dink hy daaroor, en hy besluit hy kán 'n einde maak. Toe beplan hy die moord op sy pa.

Hy was in graad elf. Sestien jaar oud. Van sy skoolmaats se pa's het by die Brandvlei-gevangenis gewerk. Hy het stories gehoor van hoe daar gemoor word. Een daarvan was die fietsspeek-metode.

Cairistine “Birdie” Canary

Domingo praat met my daar by daai tafeltjie, maar ek sien sommer hy’s terug op Worcester. Mens het nie baie Domingo se oë gesien nie, ek dink dis oorlat hy geweet het sy oë sê alles wat in sy siel aangaan. Ek sien sy oë is ver, and it hurts. Hy sê Birdie, ek het die bicycle spoke skerp gemaak, weke aanmekaar, daardie puntjie was vlym. En ek wil hom doodmaak, ma’ dan kry ek nie die moed nie. Ek wil hom doodmaak, ek sien dit so in my kop, hy lê in sy dronkslaap en ek glip daai spoke tussen sy ribbes in, net soos wat hulle maak da’ in die Brandvlei in, ma’ ek kry nie die moed nie. Dis ’n big step, to kill another human being. Selfs as jy die hart en die motivation het. Selfs as dit in self-defence is. A very big step. Weke aanmekaar, dan sit ek en ek luister na sy dronkmanstories, ken jy dronkmanstories, Birdie? Hulle is ammal dieselfde, elke keer, oor en oor, long and rambling and all the same, tot jy wil kots. Dronkmanstories van watse hero my pa was, al die goed wat hy gedoen het, die ouens wat hy geslaan het, die base vir wie hy gesê het keep your jobs, oor en oor, oor en oor. En toe een aand toe slaan hy my ma, en ek try hom keer, en hy slaan vir my, hy slaan my so stukkend, Birdie, en my boetietjie try hom keer, en hy slaan my klein boetietjie, hy was maar elf, hy slaan hom ook stukkend. Daardie aand, Birdie, toe gaan druk ek daai bicycle spoke deur my pa se ribbes, en ek maak vir hom vrek.

Sofia Bergman

Ek sê vir Sarge X en sy mense hulle moet net daar wag en ek begin na die spore te kyk, soos Meklein my geleer het. Maar onthou, ek het darem toe al vir langer as ’n jaar vir die Spotters ook spoorsny geleer, so dit was lekker vars in my kop. En ek wil wéét wat daar gebeur het, wie vir oom Willem-hulle doodgemaak het. So ek is baie gefokus.

En die eerste ding wat ek sien, is dat daar vier mense is wie se spore uit die noordekant kom, van die kanaal af. En nie een van die vier is oom Willem of Domingo nie.

Dit lyk later of hulle vir oom Willem en Domingo tot daar in die pan gedra het.

Dit maak eers glad nie sin nie.

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: V

Birdie sê volgens Domingo het hy die volgende dag in 'n doodsvrees skool toe gegaan. En toe die skoolhoof hom laat roep, en hy sien die polisiemanne wat daar by die kantoor se deur staan, het hy geweet hulle het hom kom haal vir die moord op sy pa.

Maar toe sê hulle hom net sy pa is dood. In sy bed gekry. Hartaanval. Hulle is so jammer. Innigste simpatie. Hy kan nou huis toe gaan.

Hy het, om sy ma en sy broers en susters te gaan troos.

Hy weet nie waarom hulle nie die klein wond gesien het nie. Miskien omdat almal geweet het Ryan John Domingo senior was besig om homself dood te drink. Miskien omdat die wond juis so klein is? Miskien omdat hulle nie nadoodse-ondersoek-moeite doen met Riverview se bruines nie?

Toe begrawe hulle sy pa. En hy het gewonder: Hoe lank voor die lyk verrot, en die bewyse daarmee saam?

* * *

Hulle het vir oom Willem en vir Domingo in die pan neergesit, en toe sluit hulle by die ander een aan, en hulle draf noord. Die derde ou het iets swaars gedra. Vir meer as vyfhonderd meter volg ek hulle – dis nou waar die ou besproeiingsirkels was, jy kan so kol-kol die spore baie mooi sien – en dan is daar 'n groot bloedkol in die sand, en jy kan sien die een ou het geval.

Spoorsny is eintlik net baie mooi kyk, en logika.

Jy moet kyk hoe naby elke man se treë aan mekaar is, dan weet jy hoe vinnig hy loop of hardloop. Jy kyk hoe diep sy spore is teenoor die ander, dan weet jy of hy iets dra. En bloedspatsels ... Meklein het my geleer, toe ons gewonde bokke agtervolg het, bloedspatsels vertel elkeen hulle eie storie.

So volg ek hulle, al hoe nader aan die kanaal. Ek sien hulle hardloop, maar nie vinnig nie. Ek sien die een bloei, en die bloed raak al hoe meer.

Daar was nie wind gewees nie, net so 'n briesie, so 'n oggendbriesie, en ek sien so uit die hoek van my oog uit iets wat ... Dit pas nie daar nie, dit is nie natuurlik nie. Ek kyk so half onwillig, want ek wil net op die spoor fokus, en dié ding is seker so vyf treë ... Nee, tien treë weg van die spore af, daar sien ek iets wat fladder, iets wit. En ek kyk, en ek loop soontoe, en dis 'n foto, van oom Willem, en van Nico, en van so 'n mooi vrou, maar Nico is nog klein. Pa, ma en kind. En ek weet dit moes in oom Willem se sak gewees het, ek tel dit op en ek vat weer die spoor.

Tussen die besproeiingsirkels loop daar 'n sloot. Ek weet nie of hulle pype in die sloot gehad het of wat nie, maar dit is 'n dieperige sloot. En ek sien, maar hier lê iemand. Die sloot ... Onthou, dis seker ses, sewe jaar laas dat daar mense ... Daar is bosse in die sloot, onkruid en doringbosse, en die ou lê so half onder die bosse, dit lyk of hy wegkruip, en ek skrik, want ek het niks by my nie, my geweer lê in Sarge se bakkie. Toe sien ek die ou is dood.

* * *

In die Orphanage op die bank, ek en Birdie Canary, sy hou my hande vas en sê Domingo se pa bly begrawe, niemand vra vrae nie, niemand kyk agterdogtig na hom nie, en stadigaan begin hy vermoed hy het met die moord weggekom. En soos die weke en die maande verbygaan, so is hy al

hoe meer seker dit was die regte ding. Want hy sien hoe sy ma gesond word. Hoe sy broers en susters ontluik en herstel. Hoe hulle koppe lig.

Hy hoor van jong Gevangenisdiens-manne wat Brittanje toe gaan om by die Britse Leër aan te sluit. Die Britte maak oorlog in Afghanistan, hulle moedig mense in die Commonwealth aan om by hul weermag aan te sluit. Hy hoor hulle maak goed geld, hulle stuur baie rande huis toe, na ma's en pa's en oupas en oumas en boeties en sussies. Hy praat met sy ma. Sy wil eers niks hoor nie. Sy sê jy maak eers skool klaar. Hy sê natuurlik sal hy, maar dan wil hy gaan. Sy sê nee. Maar hy maak haar sag, oor maande, vir langer as 'n jaar. Tot sy ingee.

In die Januarie nadat hy matriek maak, kry hy sy paspoort.

Hy spaar en hy leen geld vir die vliegtuigkaartjie. Twaalf maande daarna, in die volgende Januarie, is hy in Afghanistan as 'n lid van die Derde Bataljon van die Britse Valskermregiment.

Sofia Bergman

Die spore sê die ander drie het die ou daar in die sloot gesleep, en toe hardloop hulle.

Hy is morsdood, hy het 'n wond tussen sy oë. En hy het so 'n vaal uniform aan, dit lyk na 'n soort militêre uniform, so grys, en sy stewels is swart.

Toe gaan roep ek vir Sarge X, en ek gaan haal my geweer, en ek sê vir Sarge ek gaan op daardie drie ouens se spoor draf, as ek iets sien, sal ek in die lug skiet, en hy sê nee, vat die radio.

So vergeet ek van die foto in my sak. Ek draf al met die spoor langs, deur die tweede besproeiingsirkel, tot by die kanaal. Daar sien ek die ouens het links gedraai, na die brug toe.

En ek sien nog bloedspikkels, al hoe meer en meer.

Daar is so elke tweehonderd meter so 'n voetbrug oor die kanaal, maar party van hulle is stukkend, verspoel of so, en daar is so elke kilometer of wat 'n brug vir karre. En ek sien die ouens is oor een van die voetbruggies, oor die kanaal, en hulle het oor die volgende ou spook-sirkel gehardloop. Die een wat bloei, het al hoe meer sleepvoet gehardloop, en toe

kom die spore so bymekaar soos die ander twee hom help. En ek draf en ek draf, en skielik is hulle spore net weg.

Ek stop, en ek gaan terug. Ek sien hulle het gehardloop, en net voor die spoor weg is, het hulle nie meer gehardloop nie. Hulle het gestap.

En toe het hulle spore net heeltemal verdwyn.

* * *

Ryan John Domingo van 3 Para word 'n onderkorporaal en later korporaal en ná vyf jaar se diens 'n sersant. Hy stuur elke maand vir sy ma geld, hy kom een keer per jaar huis toe vir twee weke – met geskenke vir sy broers en susters – en dan gaan hy terug Brittanje en Afghanistan toe.

Hy is 'n goeie soldaat. Hy wen medaljes. Hy sorg vir sy familie. Hy drink nie, hy rook nie. In Riverview op Worcester is hy 'n legende, en wanneer hy huis toe kom, loop die nooiens talmend verby die Domingo's se huis. Want hy het 'n aantreklike, sterk jong man geword, en hy is bestendig en 'n goeie verdienster.

Tydens sy verlof in sy vyfde diensjaar woon hy 'n hoërskool-atletiekbyeenkoms by, waar sy sussie deelneem. Hy ontmoet die jong onderwyseres Yolande Goedeman. Sy is 'n sensuele jong vrou, vol van lyf en lip, haar lighartige persoonlikheid skyn met dieselfde lewenslus as haar vlekkelose vel.

Dis liefde met die eerste oogopslag, hy bel na sy eenheid toe om 'n ekstra week se verlof te vra, sodat hy dié yster kan smee terwyl die liefdesvuur nog warm brand. Hulle spandeer elke moontlike oomblik saam, hulle is die paartjie waaroor almal praat, die mense sê hulle is so gelukkig om vir mekaar te kry.

Hy wil nie terug nie, want hy is bang hy verloor haar. Sy wil hom nie laat gaan nie, want Afghanistan is die land van die dood. Hy belowe haar hy sal aansoek doen vir 'n pos by die Gevangenisdiens, hulle behoort hom krediet te gee vir sy militêre ervaring, hy behoort 'n goeie rang te kry.

En hy is terug, eers Brittanje, en toe na die Helmand-provinsie in suidelike Afghanistan vir Operasie Herrick, as deel van 16 Lugaanvalbrigade. Veertien van sy kamerade is dood, vyf-en-veertig is gewond.

Domingo oorleef. Hy stuur sy briewe na die Gevangenisdiens in Suid-Afrika om aansoek te doen vir werk. Net om 'n brief van sy oudste suster te

kry. “Jy beter kom, Yolande Goedeman is deurmekaar met die verkeerde mense.”

* * *

Sofia Bergman

Spoorsny is mooi kyk en logika, en as iets nie reg lyk nie, as jy dit nie kan verklaar nie, dan vat jy dit weer van ’n ander punt af.

Ek het die drie ouens se spoor gevolg soos hulle weggehardloop het, maar toe vat ek hulle spoor soos hulle aangekom het. Toe sien ek daar was eers vier. En ek sien so min of meer wat gebeur het: oom Willem was in die ou plaashuis ... Ek bedoel nie die plaashuis was regtig oud nie, dit was net ... Dit het mos lank leeggestaan, dit was so verwaarloos soos al die opstalle van daardie tyd, maar jy kon sien, oom Willem het so begin om dit skoon te maak. En ons kry toe daar in die plaashuis papiere op ’n tafel, en potlode, wat wys hy was besig om ’n kaart te teken van die area, en hy was besig om die besproeiing te beplan.

En ek dink hy was daar in die plaashuis besig gewees toe die vier ouens gekom het. En Domingo. Daar was strepe en merke in die stof, vensters en deure gebreek, daar was struwelinge.

Die vier ouens ... Hulle spore was vir my baie snaaks, want dit het begin in die middel van ’n baie groot ou besproeiingsirkel anderkant die kanaal, seker so drie kilo’s van oom Willem se plaashuis af. En ek kon dit glad nie verstaan nie, die spore het net sommer daar begin.

En terwyl ek wonder, nou hoe op aarde kan dit sin maak, toe kom die bakkie daar aan. Toe is dit mense van Ou Brug af, wat vir Sarge kom soek. Ou Brug is anderkant Hopetown, dis waar so ’n mooi ou brug oor die Oranjerivier gebou was, daar het van ons mense gebly wat sonneblomme geplant het, dit was ons verste westelike boere. En Sarge roep my oor die radio, en hy sê: “You had better come and hear this, Sofia.”

* * *

Domingo vra spesiale verlof by sy eenheid. Hy sê hy het 'n gesinskrisis by die huis. Hulle is dankbaar vir sy dapperheid en sy diens in daardie verskriklike maande van Operasie Herrick. Hulle sê gaan neem soveel tyd as wat jy nodig het.

Hy vlieg van Kaboel na Frankfurt, en van daar na Kaapstad. Hy is op reis vir een-en-twintig uur, kom in die nag aan, hy huur 'n motor en hy ry deur Worcester toe, doodmoeg en vlugflou en nog vol van die bittere veldslae en geweldige spanning en die groot verliese van sy kamerade in Afghanistan. Sy suster sê vir hom Yolande Goedeman is met Martin Apollis deurmekaar. Die groot dwelmbaas van die Breederiviervallei, die een wat die Mustang ry.

Domingo weet waar Martin Apollis bly. Hy loop by sy ma se huis uit, in die middel van die nag. Sy suster wil hom keer, maar hy is nie keerbaar nie. Hy vat sy huurkar en hy ry na Martin Apollis se huis toe, en hy sien hier staan Yolande Goedeman se klein Toyota Tazz voor die huis. Hy klop nie, hy skop die voordeur oop en hy loop in die gang af. Hy roep haar naam.

Apollis kom in die gang af, kaal, pistool in die hand, verward, wie waag dit in sy huis, hy is Martin Apollis, jy speel met jou lewe as jy hier inkom.

Ryan John Domingo vat die pistool by Apollis af en hy skiet hom. Tussen die oë. En hy loop na die slaapkamer toe, en daar lê Yolande Goedeman met haar ryp, vol lyf. En hy skiet vir haar ook.

* * *

Cairistine "Birdie" Canary

Hy sê vir my: "Birdie, I want you to know I have my father's temper. Ek het dit nie geweet nie, Birdie, ma' daai nag, toe discover ek dit."

Toe stuur hulle vir Domingo tronk toe.

Toe Die Koors kom, is hy nog daar, by Buffeljagsrivier. Toe word almal siek, die prisoners, die guards, almal. Maar nie Domingo nie.

Sofia Bergman

Die mense van Ou Brug sê vir ons hulle het die vorige middag 'n helikopter gesien.

Hulle het hom eers gehoor, so teen drie-uur se kant, verder wes. Hulle het probeer kyk, maar hy was te ver.

En toe, iewers ná vier, dit kan al halfvyf gewees het, toe hoor hulle hom weer, en toe hulle kyk, toe sien hulle daar vlieg die helikopter. Hoog, en ver na die weste toe, maar hulle het hom gesien. Drie van ons mense, al drie betroubaar en eerlik, hulle is doodseker hulle het die helikopter gesien.

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: VI

Sofia Bergman

Sjoe, daar is so baie wat ek moet sê oor daardie oggend, nie net oor wat gebeur het nie, maar hoe ek gevoel het ook.

Maar die grootste ding wat daardie oggend gebeur het, is dat ek op Nico Storm verlief geraak het.

Net só.

Die een oomblik is daar niks, en die volgende oomblik is ek verlief.

Dit was 'n baie snaakse oggend. Nico sê altyd, niks gebeur nie, en dan gebeur alles gelyk, wanneer jy dit die minste verwag.

Dit is hoe dinge daardie oggend gebeur het.

* * *

Ons sit in die Orphanage se sitkamer, langs mekaar op die bank. Die oggend is koel, die herfssonnetjie kom deur die venster, ek is so verskriklik uitgeput, my hand is seer, my kop is vol van die storie van Domingo en die moorde wat hy gepleeg het. Dis moorde wat ek verstaan, dis moorde wat ek hom wil vergewe, as dit die volle verhaal is. Ek wil vir Birdie vra of

Domingo 'n lid van 'n tronkbende was. Ek wil vir haar vra of hy met Number One deurmekaar was. Ek het 'n duisend vrae.

En dan kom Beryl in, en aan haar hand is Okkie, en hulle al twee lyk bang. Hy sien my en sê: “Waar is Pappa, Nico?”

Beryl sê: “Ek weet nie wat om te doen nie. Ek is jammer, Nico, hy hou aan vir my vra waar sy pa is.”

“Waar is Pappa?”

Ek staan op, ek hou my arms vir hom uit. Hy kom stadig na my toe. Hy weet iets is verkeerd. Hy kan dit sien aan my en Birdie en Beryl, aan die feit dat Pa nie daar is nie. Pa is áltyd daar.

Ek tel hom op en ek druk hom teen my vas en ek sê vir hom: “Pappie is nie meer hier nie, Okkie.”

Dan huil ek vir die eerste keer.

* * *

Sofia Bergman

Nero Dlamini spot my vandag nog daaroor, dat ek op daardie oomblik op Nico verlief geraak het. Hy sê hy sal so graag wil weet wat Freud daarvan sou sê.

Ek en Sarge X loop by die Orphanage in, en daar sit Nico op die bank, en hy hou vir Okkie vas, en hy en Okkie huil so verskriklik, hulle al twee huil soos klein kindertjies, daardie soort huil wat jy nie kan troos nie, jy kan niks daaraan doen nie, jy moet net wag tot dit klaar is.

Dit is toe ek op Nico verlief raak.

Weird, nè.

* * *

Ek huil, en op 'n manier weet ek dit is 'n goeie ding.

Ek huil oor alles waaroor ek nog nie gehuil het nie. En daar is so baie.

Ek sien vir Sofia inkom saam met Sarge X, ek kan sien hulle het iets belangriks wat hulle wil sê. Ek weet ek moet luister, maar ek moet eers klaar huil voor ek dit kan doen.

Dit neem lank. Só lank dat Sicelo Kula inkom. Saam met Nero Dlamini.

Sicelo Kula. Hulle noem hom Thula Kula. Die Stil Een. Ek ken hom skaars.

Alles gebeur altyd tegelyk, net wanneer jy dit die minste verwag.

* * *

Sicelo Kula is een van die Weskussers.

Hy is sestien. Hy is in die skool. Hy bly in die Groendakkies, waar Sofia eers gebly het. Hy werk in die stalle, want hy het 'n gevoel vir die perde. Hy is baie stil en baie skaam. Inkennig, sê sommige mense. 'n Bietjie snaaks. Hulle bespiegel: Hy's só omdat hy deel was van die Veelwywers, die Boesmansklowers, die hippies, die gypsies. Hy is een van Hulle.

Nero Dlamini het vir Sicelo die afgelope maande behandel omdat hy simptome van posttraumatische stres getoon het. Sicelo vertrou vir Nero.

Daardie oggend loop Sicelo van die Groendakkies af stalle toe. Hy sien Sarge X se bakkie, hy sien die uniform wat bekend lyk, van die man wat agter op die bakkie lê. Hy loop nader om te gaan kyk.

Sicelo herken die gestorwe man in die grys uniform. Hy weet nie wat om te doen nie. Hy wik en weeg, en dan gaan seek hy vir Nero Dlamini. Wanneer hy vir Nero gesê het, kom hulle na die sitkamer van die Orphanage.

Teen daardie tyd is ek klaar gehuil.

Okkie klou aan my. Sy snikke is stil, sy kop is styf teen my bors.

Sarge X maak hoflik keel skoon. "There has been some very strange happenings," sê hy. "We think a helicopter brought the men who killed Willem and Domingo."

Sicelo Kula kan die inligting nie langer inhou nie: "I know that man," sê hy.

"What man?" vra Sarge X.

"The dead man on your bakkie."

Nero Dlamini laat hom sit, hy help hom om die volle verhaal te vertel, want Sicelo se Engels is gebrekkig:

Sicelo Kula se ouers het op 'n vrugteplaas naby Citrusdal gewerk toe Die Koors kom. Hy was in die plaasskooltjie.

Hy was die enigste een wat nie siek geword het nie. Hy was twaalf jaar oud. Hy het agttien maande lank oorleef van kos uit die dorp en plaasopstalle en die boorde. Hy het weggekruip wanneer hy mense sien.

Toe raak dit stil, die stroom vlugteling uit die Kaap het skielik opgehou.

Hy het gedink hy sien dalk nooit weer ander mense nie. Maar toe sien hy Jan Swartz se skaaplorrie. Jan Swartz, van wie die Weskusser Yvonne Pekeur gesê het: *Ou Jan Swartz-hulle was vyf mense wat saam gesmous het, hulle het 'n skaaplorrie gehad wat hulle gestrip het, hulle het agt mooi perde gehad wat die lorrie getrek het. Hy was die groot rooibossmous, en hulle het sommer meubels ook partykeer gesmous, maar mooi goed, jy kan sommer sien dit was erfstukke.*

Jan Swartz het twee weke lank in Citrusdal na smousgoed kom soek. Sicelo Kula het weggekruip, hy het vir Jan Swartz en sy vier helpers fyn dopgehou. Hy het gesien hulle is skadeloos, hulle soek smousgoed en kos. Op die agtste dag het hy die moed bymekaar geskraap om homself te wys, want hy wou nie meer só baie alleen wees nie. Dit het maar gesukkel, Jan en sy helpers was Afrikaans, Sicelo was Xhosa, niemand se Engels was watwonders nie. Maar toe Jan hier teen die elfde dag sien hoe mooi Sicelo met die perde werk, het hy beduie jy is nou een van ons. Die perde se versorging het gou sy verantwoordelikheid geword.

Hulle het geswerf en Sicelo het van dié bestaan gehou. Van Januarie tot Maart het hulle rooibostee gesny van Citrusdal en Clanwilliam, oor die berg en deur die Botterkloof, tot anderkant Nieuwoudtville. Hulle het die tee laat sweet en fermenteer en met die voete fyngemaak, hulle het dit deur die wintermaande gesmous aan die gemeenskappe by Lambertsbaai en Sutherland, en een keer by Boesmanskloof.

Jan Swartz was streng, maar hy was regverdig. Hy het gehou van stories vertel en sing om die kampvuur. Sicelo het nie altyd die stories verstaan nie, maar hy het gehou van die sing. Hy het saamgesing en vir die ander Xhosa-liedere geleer.

Elke Augustus is hulle Wupperthal toe. Want dit was die maand van armoede en hongersnood, die hele teevoorraad lankal verruil vir kos, die Weskus was reën- en windverwaaid, die veldkos het eers hier teen September begin eetbaar word.

Wupperthal was 'n geheimsinnige plek.

Hulle het met die perdelorrie getrek, moeisaam tot by Wupperthal. Daar was ander smouse ook daar, met hul eie voertuie. In die eerste twee jaar het Jan Swartz vir Cicelo gesê: “Jy bly hier. Jy pas ons goed op. Ek vertrou nie hierdie ander maaifoedies nie.” Dan gaan Jan-hulle saam met van die ander smouse, dan vat hulle die spoor. En dan kom hulle terug, twee dae, soms drie dae later, met die donkies. En op die donkies is daar bokse vol handelsgoedere. Kos, meestal kos. Rys en pasta, blikkies met die soetste vrugte. Bokse met langlewe-vla. Lekker goed. Dan verdeel die smouse dit onder mekaar.

Toe, drie jaar gelede, toe gaan die smouse nie meer oor die berg nie. Toe wag hulle net daar, toe kom ander mense met die donkies en die goedere. Vreemde mense, maar dit het gelyk of Jan Swartz van hulle geken het.

En toe, die laaste jaar, toe wag hulle daar, die smouse, hulle wag daar by Wupperthal vir die donkies en die smokkelaars om te kom, en toe kom hierdie man, hierdie dooie man agterop Sarge X se bakkie. Hy was die baas van die grys uniforms, hulle was 'n klomp gewees, almal met dieselfde uniforms en die swart stewels. Hulle het skielik gekom, in die nag, in die donker, oor die berg, en hulle het die smouse geskiet met outomatiese gewere, hulle het vir Jan Swartz en sy mense geskiet, en al die ander smouse, hulle het almal doodgeskiet.

Cicelo was by die perde. By Wupperthal was daar altyd drank, van die smouse het witblits van sitrus gestook, en daar was baie dronkenskap daar om die vuur. Cicelo het nie daarvan gehou nie, dan gaan slaap hy by die perde. Dit het hom gered, daardie nag.

Die grys manne het almal geskiet, en al die lorriewaens aan die brand gestee. En van die geboue ook, waar die smouse geslaap het. Alles het gebrand, die vuur het alles lig gemaak. Dit is hoekom Cicelo gedink het die man gaan hom sien.

Die perde was in die geboutjie eenkant, wat hulle vir stalle gebruik het.

Cicelo was doodbang, hy het tussen die diere gestaan, hulle was wild en onrustig, hulle het gebeur teen die pale voor die deur. Toe kom die vier grys manne. Hulle hou hulle gewere reg, Cicelo was seker hulle gaan die diere

en vir hom skiet. En hierdie een wat nou agterop Sarge X se bakkie lê, hy was die baas van die vier gewees, want hy het gesê: “Wait.”

Toe kom hierdie baas van die grys manne nader en nader, met sy geweer reg om te skiet, sodat hy in die donker van die stalle kan insien. En Sicelo sien vir hom in die lig van die groot vure wat om hulle brand. Hy sien die man het die blare in sy nek.

“Tattoos,” vertaal Nero Dlamini. “The dead guy outside, he has these Maori tattoos in his neck.”

Sicelo knik. Hy sê dis reg, dit het soos blare gelyk. Hy het lank vir die grys baasman gekyk, hy is seker dit is dieselfde een. En toe sê die grys baasman: “Let the horses out.” En toe klou Sicelo aan die flank van ’n perd vas terwyl hulle uithardloop.

En toe hulle op ’n veilige afstand is, toe klim hy op, en hy ry.

Dit is hoe hy by die Boesmansklowers beland het. Hy was nooit regtig een van hulle nie.

Wanneer hy klaar is, sê Beryl: “Wupperthal ...”

“Yes,” sê Nero Dlamini. “I know what you’re thinking.”

“Wat?” vra ek.

“Die opnames ... Jou Pa het gepraat met van die Weskussers, hulle het ook Wupperthal genoem, meer as een van hulle.”

“Waar is die opnames?” vra ek.

“Nico,” sê Sarge X, “I think you need to listen to Sofia first.”

Die ondersoek na die moord op my pa: VII

Ek luister na Sofia Bergman. Haar stem is sag, vol deernis en verlies en uitputting, en steeds melodieus. Haar vel gloei in die oggendlig van die sitkamer, haar mooi, fyn hande praat saam, die gebare waarmee sy beduie, is net so musikaal soos haar toon. Sy, met die hulp van Sarge X, herkonstrueer die moordtoneel. Sy sê sy het die spore geles na die beste van haar vermoë. Hier is wat sy dink, dit is wat moontlik kon gebeur het:

Pa was in die plaashuis besig om die besproeiing op papier te beplan. Toe hoor hy die helikopter. Hy het sekerlik uitgehardloop, die eerste helikopter in meer as vyf jaar, so kort na die Weskussers se stories van helikopters, hy wou dit sien. Dalk het hy, die wêreld is baie plat daar. Maar ons sal nooit weet nie, die helikopter het amper drie kilometer daarvandaan geland.

Vier mense het uit die helikopter gespring. Al vier rye spore wys dieselfde soort stewels, daarom kan 'n mens spekuleer dat al vier in dieselfde grys uniforms was.

Pa se enkelspoor wys hy het vinnig gestap in die rigting waar die helikopter geland het. Dalk het hy toe sy noodroep op die radio gegee? Hy moes seker bekommerd gewees het, sê Beryl, want die Weskussers se helikopter-stories was vol geweld en verwoesting.

Sofia dink Pa het die vier grys manne sien kom. Sy spoor wys hy het skielik vasgesteek en omgedraai. Hy het teruggehardloop na die opstal toe. Sy sê die spore kan net 'n deel vertel van wat toe gebeur het; sy dink Pa het homself in die huis toegemaak. Die vier grys manne het aangekom en agter die bome om die huis geskuil. Dit lyk of hulle 'n rukkie agter die bome

vertoef het. En toe het hulle 'n venster en 'n deur oopgebreek, en daar is tekens in die huis dat hulle met Pa gestoei het.

Daar is geen bloed in die opstal nie.

Hulle het Pa na buite gesleep, hom geruk en getrek en saamgevat in die rigting waaruit hulle gekom het.

Toe daag Domingo op.

Sy dink hulle het 'n geweer teen Pa se kop gehou. Op die rand van die naaste besproeiingsirkel het Domingo gaan staan, en die vier met Pa ook. Vir 'n hele rukkie. 'n Gyselaarsdrama?

En toe skiet iemand.

Ons weet Domingo het net daar een van hulle tussen die oë geskiet.

Pa het daar terugbaklei teen hulle. Die voetspore trek strepe van struweling.

Pa is daar geskiet.

Domingo ook.

Dit is wat die bloed en die patroondoppies wys.

Twee van die grys manne het vir Pa en Domingo pan toe gedra. Die ander een het met hul eie dooie gestaan en wag. Toe draf al drie noord, na die helikopter toe. Een van die grys manne se dieper spore wys hy het hul gevalle kameraad gedra.

Sy dink Domingo was nie dood nie. Sy dink Domingo het sy R4 gevat, en hy het gemik, en hy het nog een van hulle geskiet. Vyfhonderd meter weg. 'n Verstommende skoot, want Domingo was self baie swaar gewond, hy is kort daarna dood. Maar hy het een laaste skoot ingekry.

Toe het die drie grys manne 'n probleem. Hulle dra swaar aan hulle dooie, en hulle het nog 'n gewonde man ook. Toe druk hulle die dooie se lyk onder die bosse in die sloot.

Sy wonder waarom het die helikopter nie nader gekom nie?

Waarom was hulle so haastig?

Die drie, een gewond en bloeiend, is na die helikopter toe. En die helikopter het eers wes gevlieg, en toe suidwes.

In die rigting van Wupperthal, dink ek.

“That’s all we know, Nico,” sê Sarge X.

Ek stort in die Orphanage. Hulle gee vir my kos. Hulle sê ek moet slaap. Ek sê nee, ek wil eers na Pa se geskiedenis-opnames luister. Ek wil weet van Wupperthal.

Birdie en Beryl en Nero praat mooi. Hulle sê slaap is nou die beste medisyne. Ek sê ek sal nie kan slaap voor ek nie weet nie.

Beryl gaan haal vir my Pa se skootrekenaar, wys my waar die lêer met die klankopnames van die Weskus-onderhoude is.

Ek gaan lê op die bank met oorfone en ek luister. My hand is seer, my gesig en my ribbes ook. Maar ek raak verlore in die stories, ek hoor Pa se vrae en die mense se antwoorde, asof hulle hier om my sit en gesels.

Die verlange na hom is opnuut skerp en seer. Ek stop die opname.

Ek dink aan Pa wat in die plaashuis die besproeiing beplan. Ek sien hom by 'n tafel sit met 'n potlood in sy hand.

Ek dink hy was moeg vir regeer, hy was moeg vir lei, hy was moeg vir verantwoordelikhede. Ek dink hy wou vir 'n ruk net verlore raak in die eenvoud van aartappelboerdery. Aartappels kan jou nie verrai nie. Ek dink hy wou alleen wees. Hy het daardie plaashuis ingerig sodat hy nie 'n hele weeshuis met ander mense hoef te deel nie, sodat hy vir die eerste keer in hoeveel jaar net 'n bietjie alleen kan wees.

En dit was hom nie eens beskore nie.

Ek gaan die mense kry wat hom dit ontnem het. Ek gaan hulle kry en hulle doodmaak.

Ek skakel weer die opname aan.

Iewers raak ek aan die slaap. Beryl kom maak my wakker teen die aand en lei my na 'n slaapkamer toe, waar ek verder slaap, deur die nag, diep en vas.

Ek word die volgende oggend halfvyf wakker met die onmiddellike wete dat ek Wupperthal toe moet gaan.

* * *

Hulle sê “nee”.

Hulle sê “nee, jy kan nie”, en “nee, nie nou nie”, en “nee, nie alleen nie”. En ek sê hulle kan my nie keer nie. Ek gaan as my oorlede pa se seun, nie as 'n lid van die Spotters nie.

Ravi Pillay, die oudste lid van die Kabinet, kom praat lank en mooi. Hy sê, rus uit, herstel, kom eers oor die ding. Dink daardeur.

Ek sê dit sal geen verskil maak nie.

“Dit sal, Nico,” sê hy. “Jy is nou emosioneel. Dit is nie goed vir besluitneming nie.”

Ek sê vir hom die besluit om te gaan soek na antwoorde gaan nooit verander nie.

Hy vra waarom dan nie net ’n week of twee wag nie?

Ek stamel en ek soek in my kop na die redes, ek wil probeer verduidelik dat hulle dit verdien, hierdie goeie mense, my pa se ondersteuners en vriende. Eindelik sê ek bloot vir hom wat ek voel, want dit is my enigste waarheid. Ek sê: “Ravi, there is nothing else I can do. If I don’t go now, I will explode. I will burn up inside. I won’t sleep, I won’t eat, I won’t breathe. I will die slowly. I have to go. Now. So please, just let me go.”

Dit neem hulle twee dae. Dan kom Beryl en Birdie en Nero en Sarge X, my kollegas sersante Taljaard en Masinga, en Sofia Bergman en oom Hennie Flaai, hulle kom almal saam om my te sien. Birdie is die een wat die praatwerk doen.

“Nico, here’s the deal. Hennie Flaai gaan julle met die Cessna vat tot by Calvinia. Jy en Sofia Bergman. Nee, nou shaddup jy en luister. This is not a negotiation. Taljaard en Masinga is hier, ’cause why, if you don’t agree to all our terms, they will take you to the brig. En hulle sal vir jou toesluit tot jy ore kry om te hoor. Versta’ jy?”

“Ja.”

“Okay. Sofia gaan saam, ’cause why, ons het weer met Sicelo Kula gepraat, en hy sê daai Jan Swartz het helder en duidelik gesê ‘at Wupperthal, you just follow the tracks’. So sy gaan saam om die tracks te follow, en om jou back-up te wees. Ons wil nog troepe saamstuur, maar Hennie sê dit gaan lol met die Cessna en die weight, hy het net plek vir twee. Ons is bang om julle verder as Calvinia te laat vlieg, ons weet te min van daardie mense met die helikopters. En Calvinia is die naaste ordentlike airport aan Wupperthal wat behoort te werk. Die Weskussers sê van wat hulle kan onthou, lyk alles nog orraait daar. So wat sê jy? Okay?”

“Okay.”

“Dis omtrent hundred and fifty clicks van Calvinia tot by Wupperthal. Taljaard sê drie dae se slow march. Drie dae soontoe. Dan gee ons vir julle

drie dae se soek. En dan drie dae terug. Nine days, dan gaan Hennie weer Calvinia toe. Okay?”

“Okay.”

“As die weer mooi is, vlieg julle môreoggend, just before dawn.”

Ek kry nie kans om vir hulle dankie te sê nie.

* * *

Sofia kom die aand na my toe. Sy het ’n noodhulpsak by haar, sy sê: “Ons moet daardie hand van jou verbind.”

“Hoe het jy geweet?” Want ek het gedink ek steek die gebreekte kneukel se swelling en seer baie goed weg.

“Ek het nou die oggend al gesien, toe jy en Birdie op die bank gesit het. Elke keer as Birdie aan daardie hand vat ... ”

Sy sien seker my kommer, ek wil nie vir die Kabinet ’n rede gee om ons ekspedisie uit te stel nie. Sy sê: “Ek sal vir niemand sê nie.”

“Dankie.”

“Sal jy kan skiet?”

“Ja. Ek kan net nie baklei nie.”

“Ek belowe ek sal nie eerste slaan nie.”

Ek glimlag vir die eerste keer in dae.

Sy kom sit, maak die noodhulpsak oop, haal die handspalk en verbande uit.

“Hulle gaan die verband sien,” sê ek.

Sy trek haar skouers op. “Maar niemand sal weet wat onder die verband aangaan nie ... ”

“Dankie, Sofia.”

Sy bloos. En dan fokus sy intens op die aanbring van die spalk en die verband, en ons praat geen woord verder nie. Toe sy klaar is, spring sy op en loop haastig uit.

Ek sit en ek dink ek sal vroue nooit verstaan nie.

Die ondersoek na die moord op my pa: VIII

Die Kabinet en die Spotters kom sien ons af. Hulle is die enigstes wat weet van ons ekspedisie. Daar is 'n gedemptheid aan ons afskeid. Wanneer Hennie Flaai opstyg en terugdraai en oor hulle vlieg, dink ek hulle almal lyk verwese daar onder – die Kabinet sonder Pa, Special Ops sonder Domingo. Asof ons almal wag vir hulle om terug te kom en ons weer te lei.

Die weer is perfek; die oggend is koud, maar die lug is wolkloos. Hennie Flaai gesels land en sand, soos gewoonlik. Sofia sit voor langs hom. Hy vra vir Sofia, het sy al gevlieg. Sy sê sy het. In die ou dae was sy in die Vrystaatse landloopspan, hulle het soms Kaap toe gevlieg om te gaan deelneem.

Het sy al in so 'n klein vliegtuig gevlieg?

Nog nooit nie.

Hou sy daarvan?

Nee.

Hy lag.

Ons vlieg oor die uitgestrekte Karoo. Net voor Carnarvon sien ons springbokke, 'n massiewe trop, 'n paar duisend wat oor die vlakte snel. Ons sien die stof wat van hulle hoewe af opstyg soos vaalrooi rook in die oggendlug.

Ons vlieg met die R63 net links of net regs van ons. Daar is geen verkeer nie. Niks. Nie 'n perdewa of 'n donkiekar nie. Ons vlieg oor Williston, en die Karoo word plat en ons kan op die verre horison vir die eerste keer die Cederberge sien.

Twee-en-'n-half uur later vlieg ons laag oor Calvinia se enkele geteerde aanloopbaan. Dit lyk heeltemal ongeskonde.

Sewe minute later klim ons uit, ons vat ons rugsakke en ons wapens, en Hennie Flaai staan langs die vliegtuig en hy omhels ons, eers vir Sofia en dan vir my.

“Ek kom oor nege dae, hoor julle. Dan staan julle hier. Asseblief. En as julle nie hier is nie, dan kom ek 'n week later weer. Okay?”

* * *

Dit is vreemd om die klein Cessna te sien wegvlieg, en hier staan ons, ek en Sofia Bergman, in die middel van dié dorre wêreld, vyfhonderd kilometer van die huis af.

Ons staan en staar tot ons die vliegtuig nie meer kan sien of hoor nie.

“Kom,” sê ek. En ek hoop sy kan nie die onsekerheid hoor wat ek nou skielik voel nie.

Sy knik net, en sy swaai die rugsak oor haar skouers, en sy vat haar geweer, en sy begin stap.

* * *

Ons gesprek begin ongemaklik, met onsekere, neutrale onderwerpe en swanger stiltes, en dan praat ons al twee gelyk, en dan swyg ons weer. Ons dra al twee swaar aan ons eie selfbewustheid, en aan die trauma van die afgelope week, en ek dra net so swaar aan die onderdrukking van my gevoel vir haar. Want ondanks alles weet ek steeds sy is my trou vrou, ek het net lank reeds moed opgegee om dit te bewerkstellig. En nou, op die plek-plek verbrokkelende teerpad van die R27, kom al my versugtinge weer uit, en ek is doodbang dat sy dit sien.

Maar stadigaan vlot dit, soos ons stap-pas ritme kry, en ons al hoe verder van ons Amanzi-werklikheid af beweeg, en voel. Sofia moet die meeste krediet daarvoor kry. Sy het 'n manier, vind ek uit, om vrae te vra asof sy opreg nuuskierig is, asof my antwoorde interessant en luisterwaardig is.

Net voor ons afdraai op die vergroeide, verspoelde grondpad van die ou R364, soek ons skuiling teen die son in die ou wit skuurtjie langs die pad, en ons eet. En sy vra my hoe was dit, voor Amanzi? Hoe was die koms van Die Koors vir my?

En ek sê vir haar in vergelyking met ander se verhale was myne maklik. Dit maak my soms skaam, wanneer mense daaroor begin praat. Maar dit was my pa wat ons ervaring veel minder traumaties gemaak het.

“Hoekom?”

“Want my pa het ... Ons was ’n bietjie gelukkig ook, ons was op ’n afgesonderde plek, maar ek dink wat ons gered het, was dat my pa kalm gebly het en die regte besluite geneem het. En van daardie besluite moes vir hom baie moeilik gewees het.”

“Hoekom?”

“Jy klink soos Okkie ...”

Sy glimlag. “Jy hoef nie te vertel nie.”

Ek sê ek gee glad nie om om te vertel nie. Maar om dit alles te laat sin maak, moet ek begin by die begin.

Sy sê ons het nog honderd-en-twintig kilometer se tyd.

Ek sê nou goed. En ek vertel haar van my pa wat saans vir my gelees het, vandat ek klein was. Nie storieboeke nie. Feiteboeke oor hierdie wonderlike wêreld waarin ons leef. Boeke oor maanlandings en ontdekkingsreisigers, boeke oor diere en landstreke, filosowe en die geskiedenis. Soms het hy net ’n atlas of ’n koerantartikel of ’n nuustydskrif na my slaapkamer toe gebring. En dan lees hy met sy geesdrif en sy fassinatie vir my iets wat hom opgewonde maak, en wat hy met my wil deel.

Van my negende jaar het ons dié gesprekke in die kombuis gehad, ná ete elke aand. Boeke en kaarte, ’n iPad of ’n rekenaar op die tafel, en Pa wat wys en lees en vertel. En ek en Ma wat luister en leer en lag en gesels.

Ek kon kies watter van dié dinge ek wou sien.

NASA en Trafalgarplein en die Eiffeltoring en die Groot Muur van China moes wag tot ek ouer was, het hy gesê. Maar in suidelike Afrika kon ek kies. Amper elke vakansie.

So is ons na die Tsitsikamma-woude. Kosibaai. Die Johannesburgse Effektebeurs. Die Parlement. Die Krugerwildtuin. Die Apartheidmuseum. Die Augrabieswaterval. Die Vrouemonument. Tafelberg. Die Namibwoestyn. Die Katsedam ...

Soms is my ma saam, wanneer haar werk dit toegelaat het. Soms was dit net ek en Pa.

En daardie maande voor Die Koors het Pa vir my kom sê hulle het die grotte ontdek in die berge van die Vredefort-koepel. Hy het vir my op Google Earth die koepel gewys, hoe jy dit vanuit die ruimte kan sien, so groot is dit ...

Hier onderbreek ek myself, want ons het klaar geëet en die pad is nog lank, en ek sê: “Kom, ons moet loop.”

Ons pak op en ons loop uit die skuur, Sofia vra: “Jy was die enigste kind?”

“Ja,” sê ek. En wonder vir die eerste keer in jare wat die werklike rede daarvoor was. My ma en my pa het dikwels gesê toe hulle vir my gekry het, het hulle geweet hulle het niks meer nodig nie, en ek het so baie daarvan gehou dat hulle dit sê. Maar dit was destyds, toe ek nog ’n kind was.

Ek sê vir Sofia: “Ek dink nie my ma het tyd vir nog ’n kind gehad nie.”

“Hoekom?”

“Ek onthou hoe besig sy was.”

Ek het niks wat ek kan byvoeg nie. Sy vul die stilte deur te sê: “Jy wou vertel van die Vredefort-koepel.”

Ek hervat my storie: Een van Pa se vele kontakte in die geografiewêreld het in sy oor gefluister van die ontdekking van die grotte in die Vredefort-koepel. En hoe die ontdekking eers wetenskaplik ondersoek is, voor die skares dit kon besoedel. En hulle sou later daardie jaar die nuus bekendmaak, maar ons het die geleentheid gehad om dit te gaan verken en beleef voor die publiek toegelaat word. Maar dan sal ons dit gou moet doen.

Toe sê ek vir hom, asseblief, kom ons doen dit.

Dit was in die tyd dat Die Koors elke dag in die nuus was. Maar regerings het bly verkondig dat hulle dit kan beheer.

Toe kom maak Pa my een nag wakker en sê kom, ons ry nou, want met Die Koors weet hy nie hoe gou ons weer die kans sal kry nie. En dit is in elk geval amper-amper vakansie, dit sal nie my skoolwerk beïnvloed nie.

Ek en Pa het met die kar op gery – die ou Subaru Forester waarby Pa gesweer het – van Stellenbosch af. Ons het oor die radio gehoor Europa het hul hawens en lughawens gesluit. Kenners sê die Amerikaanse regering jok oor die dodetal. Medici sê hulle werk baie hard aan ’n entstof.

Ek het vir Pa gevra, dink hy ons gaan siek word? Toe sê hy die mense sal ’n plan maak, die dokters en regerings en instellings, ek hoef nie te

bekommer nie. Die mensdom het nog altyd 'n plan gemaak.

Ons het in Bloemfontein geslaap. Ons het die volgende oggend daar proviand gekoop. Op 'n plaaslike radiostasie het hulle gesê mense moet asseblief nie meer na die stad se hospitale toe gaan nie, daar is nie meer plek nie.

Ons het gery tot by die kampeerplek langs die Vaalrivier, net 'n paar kilometer van die grotte af. Ons was die enigste mense daar, behalwe die eienaars. Hulle wou nie nader kom nie, hulle het gevra, is ons siek? Ons het gesê nee. Toe gaan slaan ons tent op en ons ry grotte toe.

Die grotte was ongelooflik. Ons het elke dag gegaan, vir meer as 'n week.

Ons het my ma probeer bel, elke aand, maar sy het nie geantwoord nie. Pa het gesê hy dink sy help seker by die hospitale daar op Stellenbosch.

Pa het elke aand na die nuus gekyk op sy foon. Dan sê hy dit lyk of Die Koors vererger.

Aan die einde van die week het die kampeerplek se eienaars nie meer uit hul huis gekom nie. Toe gaan kyk ons daar in hulle huis. Toe lê hulle daar, dood. Ek dink dít is toe ek en Pa aangesteek het, toe ons die virus gekry het.

Pa het gesê hy dink nie dit is veilig om nou terug te gaan huis toe nie.

Pa het gesê dit is dalk veiliger om in die grotte te gaan wegkruip, want daar is onluste en geweld en chaos.

Toe word ek en Pa siek terwyl ons in die grotte bly. Toe kry ons Die Koors. Maar ons het nie doodgegaan nie. Eers ná drie weke het ons weer uitgekom, en Pa het vir Ma probeer bel. En toe sê hy: “Nico, ek dink Ma is dood.”

Ons het gehuil daardie oggend, ek en my pa, langs die Vaalrivier.

Die ondersoek na die moord op my pa: IX

Wanneer die middag afkoel, sê ek ons kan draf en kyk hoe ver ons kan kom vanaand. Sy sê dis goed so.

Ons kry 'n pas waarvan ons al twee hou. Ek dink aan die dag toe sy gehardloop het om toegelaat te word in Special Ops, toe sy my met die geweer geslaan het. Ek lag hardop. Sy vra hoekom lag ek.

Ek sê vir haar.

“Sal jy my ooit kan vergewe?”

“Ek werk daaraan,” sê ek. En dan: “Dit was dalk 'n goeie ding. Ek was baie vol van myself.”

“Sofia Bergman, terapeut-geweerslaner,” sê sy. “Sê net as jy nog terapie nodig het.”

Ek glimlag en ek kyk vir haar, so in die hardloop. En sy kyk vir my. Dit voel vir my of ek haar 'n bietjie skerper en dieper sien.

* * *

Die son raak aan die horison toe ons bo in die Botterkloofpas aankom. Die afdraande lê kronkelend voor ons.

“Is jy nog reg?” vra ek.

“Ja, ek is nog reg.”

Ons draf in die pas af, en die son sak. Sy vra my vrae oor daardie maande voor Amanzi, en ek vertel vir haar van my en Pa se reise na die noorde,

altyd wyd om die stede, altyd weg van ander mense af, tot in die noorde van die Krugerwildtuin. En toe stadigaan af suide toe, Amanzi toe.

En toe sy alles weet wat sy wil weet, sê ek vir haar: “Nou is dit jou beurt.”

En só draf ons die donkerte in, en ons draf onder die maanlig.

* * *

Net voor die brug oor die Doringrivier is ’n verlate plaasopstal, waar ons halt roep, en vuur maak in die kaggel, en eet en drink.

Dit sal my bybly tot die dag wat ek doodgaan, daardie toneel van Sofia Bergman wat daar sit. Die gloed van die vlamme laat haar beeldskoon lyk. Haar stem maak musiek met haar vertelling, en haar hande en haar arms wat beduie, sulke vroulike gebare. Ek voel ’n oorweldigende begeerte om op te staan en na haar toe te loop en haar te soen.

Maar ek verroer nie ’n vinger nie.

* * *

Met die eerste lig is ons oor die Doringrivier, en Sofia wys die spore anderkant in die stof van die grondpad. “Ek dink dit is ’n luiperd. Hy moes laas nag hier verby gewees het.”

Agter ons kom die son op, voor ons lê die berge.

Ons het gister ’n baie lang dag gehad, ons het ver en vinnig gevorder, maar vanoggend betaal ons die prys daarvoor. Ons is stadiger, die adrenalien ook minder. Maar ons gesprek is gemaklik. Ek dink ons het vriende geword.

Ons stap met die kronkelende pad langs.

Teen nege-uur hoor ons die blaf van ’n brandwag-bobbejaan, dan nog een en nog een. En dan begin die bergwand hier links van ons lewe, en honderde van hulle beweeg hoër op, kleintjies loer nuuskierig van waar hulle onder hul ma’s hang.

Teen tienuur is ons weer op die teer, en by die afdraai na Wupperthal. Ons het die kaarte goed bestudeer in Amanzi. Ons weet van hier af is dit net oor

die dertig kilometer tot by die ou sendingstasie.

Ons staan 'n oomblik lank, asof ons asem wil skep. Dan begin ons stap, en Sofia sê: “Ek het een keer 'n helikopter gehoor. Ná Die Koors, bedoel ek.”

“Waar?”

Sy vertel my van dié nag toe sy op 'n plaashuis se stoep geslaap het, met die lyk van 'n vrou op die bed binne, van die dreuning wat sy gehoor het, en die vuurstreep in die naghemel, en die helikopter later, niks gesien nie, net gehoor.

En ek is diep nadenkend, en sy vertel my dit was die oggend dat sy besluit het sy wil lééf, en dit was 'n besluit met 'n klomp implikasies, want nou sit sy met hierdie lewe wat sy wil leef, maar sy weet nie wat sy daarmee wil doen nie, sy het gedink sy wil 'n Spotter wees, maar dalk nie. En ek is daar in die Cederberge, op pad Wupperthal toe, dankbaar dat sy dit met my deel, ek voel op 'n manier bevoorreg dat sy my daarmee vertrou.

En sy vra: “Wat wil jy met jou lewe doen, Nico?”

“Ek het verlede week nog geweet,” antwoord ek. “Maar nou weet ek nie meer nie.”

* * *

Sy vra my wat dink ek beteken die helikopters.

Ek vertel haar van die een wat in die nag by die Sewe Vroue geland het.

Ek sê ek weet glad nie wat dit beteken nie. Hennie Flaai sê daar is nie helikopters wat op diesel vlieg nie. Hulle was net voor Die Koors besig met diesel-toetse vir helikopters in Europa, maar as daar vandag nog helikopters vlieg, moet hulle toegang tot vliegtuigbrandstof hê. En dit is die groot bekommernis.

“Dink jy ons gaan iets kry by Wupperthal?” wil sy weet.

“Miskien nie. Dan sal ek later weer moet gaan soek. Maar dit sal okay wees. Ek moes nou net wegkom van Amanzi af. Ek kan dit nie verduidelik nie. Ek moes net wegkom.”

“Sodat jy beter kan sien?”

Dit is wanneer ek besef sy verstaan my.

“Ja, Sofia, sodat ek beter kan sien.” Ons kyk vir mekaar, en iets kleins gebeur.

Net ná drie-uur in die middag sien ons Wupperthal. Ons sien die swartgebrande geraamtes van die geboue in die klein, groen vallei tussen die berge. Ons sien wilde perde wat naby die riviértjie wei. Dit is die enigste teken van lewe.

Ons beweeg van die pad af, ons klim teen die berg uit, want Domingo het ons geleer oor die voordeel van hoogte.

Wupperthal lê diep in 'n skeurvallei van die Cederberge, waar drie van die bo-lope van die Doringrivier bymekaar kom. Ons sit teen die flank van die oostelike berg, ons kyk af na die sentrum van die eertydse dorpie, die murasies van die ou kerk en saal. Ons kan die dakke sien van die huisies teen die suidelike wand van die berg.

Ons sit agter klipskuilings en kyk na alles. Ons beweeg, kyk weer.

Teen halfvyf is ons doodseker die plek is heeltemal verlate. Ons kyk oorkant, na die paadjie wat suide toe teen die berg uitslinger. Dit is waar Sicelo Kula se “tracks” loop. Dit is waar ons moet uit.

“Wil jy wag tot môreoggend?” vra Sofia.

“Nee,” sê ek.

“Ek ook nie.”

Die ou bruggie is weggespoel, ons moet deur die vlak stroompie, anderkant uit. Ons beweeg nou stadiger, Sofia se oë soek spore, my oë moet ons veilig hou.

Ons loop met ons gewere oorgehaal.

Teen die berg op, 'n kilometer of meer, 'n stewige steilte, iets blink daar bo, by die eerste haarnaalddraai.

Ons is naby wanneer ek eers besef wat dit is: lemmetjiesdraad, dik rolle wat die pad versper. Die handgemaakte borde wat daaraan vasgemaak is, is verbleik en verweerd. Almal is 'n variasie op een tema: *Danger. Gevaar. Ingozi. Radiation. Don't pass this point. You will die. Nuclear Disease!!!!*

Sofia bestudeer die omgewing. “Dis 'n paar jaar oud,” sê sy.

“Geen spore nie?”

“Niks.”

“Jy weet jy kan hier wag as jy wil.”

“Ek weet, dankie. Ons kan dáár loop om verby die lemmetjiesdraad te kom.”

Nero Dlamini het vir ons gesê bestralingsiekte se simptome wys binne twee uur nadat jy kwaai bestraling opdoen. Met matige blootstelling kan dit tot ses uur neem. Ons moet bedag wees op koors, naarheid en braking.

Ons klouter teen die krans af, en dan weer op, sodat ons om die draad kan kom. En dan vat ons weer die tweespoorpaadjie, op en op met die kronkels. Die roete is baie lank laas gebruik. Dit is vervalte en oorgroei.

Ons vra mekaar kort-kort: “Hoe voel jy?”

“Honger,” is my laaste antwoord, voor ons bo-op die berg kom, en die paadjie is meteens baie sanderig, en weerskante daarvan is die rotse tamaai en hoog. Sofia stop en sê in ’n dringende fluisterstem: “Nico!”

Sy haal haar geweer oor en sak af op haar knie.

Ek lig my geweer, ek kyk rond, ek sien niks.

“Spore,” sê sy. “Baie vars.”

Ek sien waar sy wys. In die wit sand van die paadjie, net anderkant die groot rotse weerskante van ons, loop die spore van links, uit die veld uit. Hulle is die berg in, na regs.

Ons kyk, ons luister.

Niks.

Sy staan stadig op, sy beweeg vorentoe, nader aan die spore.

Sy gaan kniel reg langs hulle.

Ek sluip tot langs haar, my oë steeds op die ruwe bergveld om ons.

“Stewels,” sê sy. “Dieselfde stewels as die mense wat vir jou pa ... Die grys manne.”

Die ondersoek na die moord op my pa: X

Sofia bestudeer die spore noukeurig. “Hulle is omtrent twee ure gelede hier verby. Drie op die meeste,” fluister Sofia.

“Hoe weet jy dit?”

Sy wys na die klein dierspootjies wat bo-op die stewelspore loop. “Voëls en ’n akkedis. Maar die buitelyn van hulle spore is nog skerp. Onthou jy, die wind het vanoggend gewaai?”

Ek kan nie onthou nie, ek het nie opgelet nie. Ek knik net.

“Die wind waai die skerp hoeke van spore sag,” sê sy, en kom orent. “Volg ons die paadjie of die spore?”

“Wat dink jy?”

“Niks het hierdie paadjie in weke gebruik nie. Maar die spore is vars.”

Ek wys in die rigting waarheen die stewelspore beweeg het. “Dan gaan soek ons vir hulle.”

* * *

Binne ’n honderd meter begin die stewelspore ’n baie ou voetpad volg, wat eers oos draai, dan suid.

Sofia loop met haar oë op die grond gerig, en ek probeer so ver moontlik vorentoe sien. Maar dit is moeilik. Die Cederberge is hier laag op laag van draaktand-rotse, soms kan jy ’n kilometer ver sien, soms skaars dertig meter.

Ek sien iets, links van ons, wat nie in dié landskap pas nie. “Kyk,” sê ek. Dit is ’n paal. Boaan is ’n sonpaneel. En ’n klein battery, en ’n klomp los drade.

“Die spore sê hulle het ... Ek dink hulle het teen die paal probeer opklim.”

“Hoeveel is hulle?”

“Agt.” Sonder om te twyfel.

“Nog steeds twee ure gelede?”

Sy kyk weer stip. “Ja. Omtrent.”

En dan volg ons die voetpad weer tot dit al langs ’n krans af loop, en ons sestig meter ondertoe ’n vallei kan sien. Die son is in ons oë, hy sit al hoe laer, maar die klein vallei lyk verlate. Daaragter maak die Cederberge die een ruwe vou na die ander, al hoe hoër, tot by die onbegaanbare pieke heel agter.

Daar is eintlik net een uitweg – volg die voetpad na onder, en dan met die smal vallei langs.

Ons begin weer stap.

En dan ruik ek en Sofia dit byna gelyktydig, ’n seldsame reuk: koffie. Moerkoffie of filterkoffie, maar koffie.

Ons sak onmiddellik op ons hurke.

“Koffie,” fluister ek.

“Ja.” En dan: “Die wind kom van daardie kant af.” Sy wys suid. “En ek sien niks.”

“Dalk is hulle anderkant daardie vou.”

“Koffie,” sê sy. “Waar kry hulle koffie?”

Die wind draai, of gaan lê, ek is nie seker nie. Die reuk het verdwyn.

* * *

Ons loop stadig en versigtig tot onder in die vallei, dan daarmee saam, suid. Die son sak agter die bergspits na die weste, al is dit nog nie sesuur nie. Skielik is die briesie koud.

Haar oë is steeds op die voetpad.

“Is daardie spoor nog steeds twee ure oud?” wil ek weet.

“Ja,” antwoord sy, maar ek kan hoor sy voel net so onrustig soos ek. Die koffiereuk spook by ons. Dit was nie sterk nie, maar dit was so

onmiskienbaar. Dit beteken hulle kan nie ver wees nie.

'n Klipbok spring van agter 'n rots weg. Ek ruk my geweer op, het die knip af, is reg om te skiet. Ek keer myself net betyds. Die bok hardloop ligvoets teen die krans uit, klippe rol teen die bergwand af.

Ons sak af op 'n knie, kyk en luister.

Daar is niks.

Maar dit voel of iemand ons dophou.

Ons beweeg weer. Stadiger. Daar is wolke wat inwaai van die weste af, laag, asof ons daaraan kan vat.

Die vallei draai na links, suidoos. In die groeiende skemer raak dit al hoe moeiliker om ver vorentoe te sien. Die voue van die berg is nou links én regs van ons, hoog en ru en onheilspellend.

Ek sê vir Sofia, gedemp: “Ek dink ons moet 'n plek kry vir die nag.”

Sy antwoord my nie. Haar oë is met groot intensiteit gerig op die krans regs van ons. “Daar is iets ...”

En dan trek 'n beweging my aandag, in die middel van die klein, smal vallei, dalk driehonderd meter weg. Dit is mense wat draf. In gelid, soos soldate. Ses, dalk meer. Nee, definitief meer. En hulle hardloop reguit na ons toe.

* * *

Ek en Sofia is al twee geklee in Weermag-gevegsuniforms, gekamoefleer in skakerings van bruin en groen. Ek vat haar aan haar arm en ek stuur haar na links, na die naaste bergwand. Die rotse en skeure is groot, die lig is al swak genoeg dat ons hier kan wegkruip en dit gaan baie moeilik wees om ons te sien.

Sy volg my, sy snap dadelik wat ek wil doen. Ons hardloop, soekend, en dan sien ek die holte tussen twee massiewe rotse. Ek lei haar soontoe, ons kruip so diep as wat ons kan, sy agter, ek voor. Ek kyk na die ingang, my geweer gereed, maar tensy hulle weet ons is hier, tensy hulle ons spoor oor die rotse kan volg, is dit baie onwaarskynlik dat hulle ons gaan kry.

Net die geluid van insekte, voëls, en ons asem.

Ons wag. Ek probeer skat hoe lank dit gaan vat voor hulle naby ons is.

Die minute draal.

'n Groot swart voël vlieg laag voor die opening voor ons verby.

Ek hoor hul stewels, 'n paar knars op die klippe soos hulle hardloop, maar anderkant die rotse en riwwe, dalk twaalf meter weg.

En dan 'n stem.

“They’re here.” 'n Uitroep wat ons ore net-net bereik.

Ek beweeg agteruit, Sofia ook, want ons wil so diep moontlik in die holte in.

Sal hulle ons spore kan sien?

Dit is oor klippe en rotse. Dit is ligte skemer.

Ek twyfel.

Stemme. Meer as een. Die woorde onduidelik. Maar hulle klink nader.

Ek hoor die veiligheidsknip op Sofia se geweer wat baie sag klik. Ek doen dieselfde met myne.

Ek besef ons is vasgekeer. Dit is te laat om nou te hardloop, hulle is te naby. Daar is net die een ingang, voor my. En dit is smal, skaars twee meter hoog, nie eens 'n meter breed nie. Hulle sal reg voor die ingang moet staan en mooi kyk as hulle ons wil sien. En hulle kan nie weet waar ons is nie. Hulle was te ver. Hulle kon ons hoogstens agter rotse sien verdwyn het.

“No, no. Go left,” hoor ek een se stem. Nog nader.

“Nine meters northeast.”

Waarvan praat hy?

“There, go around there. Halt.”

Stilte.

Dan, die stem wat roep: “We know you are in there, and we know you are armed. Come out with your hands in the air and we won’t harm you.”

Ek en Sofia, teen mekaar, stil en versteen.

“We know exactly where you are. I am going to throw a rock ...”

'n Klip, so groot soos 'n man se vuus, tref die rots by die ingang van ons skeur.

“You are there. We know you are. Now please come out.”

Op daardie oomblik dink ek aan die geskiedenis-opname waarna ek geluister het, die een van die Weskusser Sewes Snijders. Hy het gesê: “Net só, op die Engels. Nie Boere-Engels nie, ek wil sê, uitlandse Engels.” Hierdie soldaat praat met 'n aksent van buitelandse Engels.

Ek weet nie wat om te doen nie. Ek wag.

Stilte.

“Okay. I am going to count to ten. If you don’t come out before I’m done, I will throw a grenade where I’ve just thrown that rock.”

Hulle is minstens agt.

“One.”

Ons het nie ’n kans nie, as ons uitstorm en skiet ...

“Two.”

... gaan ons dalk een of twee kry.

“Three.”

Dalk drie of vier, as ons gelukkig is. Selfs vyf, want ek kán skiet.

“Four.”

Ek draai my kop so ver terug as wat ek kan.

“Five.”

Ek is nie bang terwyl ek daar staan nie. My grootste gevoel is een van skaamte en teleurstelling, omdat ek ons so maklik laat vang het. Wat gaan Sofia van my dink? Dat ek stommonnosel is?

* * *

Sofia Bergman

Ek onthou baie goed ek het daar agter Nico gehurk en gedink ons gaan nie bestralingsiekte kry nie. Want hierdie ouens bly hier iewers, dit is hulle koffie wat ons geruik het. En hulle klink regtig nie vir my siek nie. En ek dink ons behoort okay te wees. Want as hulle ons wil doodmaak, is die maklikste ding om eenvoudig die handgranaat tussen die rotse in te gooi. En hulle het dit nog nie gedoen nie.

* * *

Ek fluister vir Sofia: “Ek gaan vir hulle ...”

“Six.”

“... sê ons is hier.”

“Seven.”

“Okay,” fluister sy.

“Eight!” roep hy daar buite.

“We’re coming out!” skree ek.

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: XI

Hulle is professioneel. Hulle het weerskante van die opening gestaan. Ons stap uit, gewere hoog bo ons koppe, ek kyk na regs, van waar die stem geroep het, en vier van hulle kom van links af en duik my plat. Dan val Sofia bo-op my, hulle het vir haar ook vasgepen. Hulle gryp ons gewere. Myne ruk hulle so hard uit my hand dat die pyn van die kneukel nuut en skerp deur my arm skiet.

Die ander druk die lope van gewere teen ons, stewels op my rug, ek lê vasgedruk met my maag teen die grond.

“Search them,” sê die een wat die aftelling uitgeroep het. Dit klink of hy die leier is.

Hande wat my rugsak afstroop, hande wat my pistool en my mes verwyder. Hande in my sakke, hande wat my omdraai sodat ek op my rug lê. Nou kan ek beter sien. Twee van hulle deursoek vir Sofia. Hulle is agt, almal in dieselfde grys uniforms geklee as die lyk op Sarge X se bakkie. Ek ken nie die gewere wat hulle dra nie, dit is nie R4’s of R6’e nie.

Een van die wat vir Sofia deursoek, haal iets uit haar hemsak. Wit en vierkantig, dit lyk soos ’n velletjie karton. Hy kyk daarna, frons, kyk vir die leier, dan weer na die ding in sy hand. Hy haal iets van sy gordel af. Hy klik dit aan. ’n Flits.

Ek besef hulle moet elektrisiteit hê, want die enigste batterye wat nog in ’n flits kan werk, is herlaaibare batterye.

Hy skyn die flits op die karton. Nou sien ek dit lyk na ’n foto. Hy kyk aandagtig daarna. Dan skyn hy die flits op my, weer op die foto, weer op my.

“What are you doing?” vra die leier.

“You had better look at this,” sê die een met die flits, loop na die leier toe en gee vir hom die foto.

“Ek is so jammer, Nico,” sê Sofia.

“Waarvoor?”

“Shaddup,” sê ’n ander grys man en druk sy geweerloop hard teen my bors.

“Dis jou pa se foto,” sê sy.

Die grys man druk die geweerloop teen haar bors. “I said, shaddup.”

“If you hurt her, I will kill you,” sê ek.

Hy lag.

Die leier kom nader na my toe, hy het nou sy eie flits aan wat hy in my gesig skyn, dan op die foto.

Hy buk en wys vir my die foto terwyl hy die flits daarop skyn. “Is that you?”

Dit is die foto van Pa en Ma en ek. Ek was tien jaar oud.

“I’ll tell you if you let us go.” Ek sien hy het ’n kenmikrofoon wat uit sy gevegshelm uit kom.

“It’s him, sir,” sê die eerste flitsman.

“Is it?” vra die leier weer vir my. “It really is better if you tell me.”

“Let her go, and I will tell you.”

“I can’t do that,” sê hy met ’n redelikheid wat ek nie verwag nie.

Hy staan regop, stap ’n entjie weg. “Tie them up. Blindfold them,” sê hy vir die ander. Dan loop hy verder, en hy praat met iemand anders. Ek hoor net die woord “chopper”.

* * *

Ons lê langs mekaar op die koue, harde rotse, ons is geblinddoek en vasgebind. Ons kan hoor hoe hulle gedemp met mekaar praat, ’n entjie weg van ons af. Dit klink of hulle opgewonde is. Seker omdat hulle ons gevang het. Omdat ek so ’n swaap is.

Maar die foto in Sofia se sak is vir my onverstaanbaar. “Waar kry jy dit?” fluister ek vir haar, met meer dringendheid as wat ek bedoel.

“Dit was jou pa s’n.”

“Ek weet, maar waar het jy dit gekry?”

“In die veld, by Witput.”

“By Witput?”

“Ja. Ek dink dit het uit jou pa se sak geval toe hulle ... Toe hulle hom gedra het.”

Uit sy sak uit geval? Pa het daardie foto in sy kamer gehou, in ’n blik. Dit was ’n blik vol duur sjokolade wat ons in ’n supermark in Nelspruit gekry het, net weke ná die chaos van Die Koors. Ons het die sjokolade saam geëet, en toe het Pa van ons kosbaarste besittings daarin gesit. Drie foto’s – hierdie een, en twee ander van hom en my ma, sy ID-boekie en bestuurslisensie ...

“Is jy seker?”

“Natuurlik is ek seker.”

“Hoeveel van my pa se goed was in daardie plaashuis?”

“By Witput?”

“Ja.”

“Niks. Net die potlode, en ’n paar groot velle papier. En sy waterbottel, en ... Sy hoed het ook daar gelê.”

“Daar was nie ’n silwer blik nie?”

“Nee.”

Ek wonder, het Pa dalk skuldig gevoel nadat ek hom en Beryl betrap het? En toe Ma se foto in sy sak begin dra?

En ek is weer spyt oor my swak hantering daarvan, en ek het ’n intense begeerte om hom terug te hê, om vir hom om verskoning te vra, om alles te probeer regmaak.

Maar wat het hierdie grys manne op die foto gesien?

Ken hulle vir Pa?

En dan hoor ek die geluid van die helikopter.

* * *

Die blinddoek is baie doeltreffend, ek kan niks sien nie. Dit bedek my oë heeltemal, maar nie my neusgate nie. In die helikopter ruik ek sweet en brandstof en die vae suur van braaksel. Ek hoor die donder van die enjins, en vaagweg die geluid van stemme op die radio. Ek voel Sofia se lyf teen myne, ons sit op die vloer van die helikopter, rug teen rug. En ek voel haar regterhand in my linkerhand, ek hou dit styf vas.

Niks van die helikopter en die grys manne maak sin nie.

Ek probeer dink oor alles wat ek weet. Van die helikopter wat Sofia gehoor het daardie nag by die verlate plaashuis – net enkele weke voor die Sewe Vroue by Tarkastad hul helikopter beleef het. En die helikopters van die mense wat die Weskussers by Lambertsbaai verjaag het, en die helikopter wat my pa se moordenaars gebring het.

En niks maak sin nie.

* * *

Sofia Bergman

My mond was baie droog in daardie helikopter, want ek was naar. Ek dink dit is omdat hulle my oë toegebind het, en die beweging van die helikopter, en ons is vasgebind, ons kan nie water drink nie.

* * *

Ek besef meteens 'n paar van die agt grys manne wat ons gevang het, kon by Witput gewees het. Dit is waarom hulle so na die foto gekyk het. Want hulle het Pa daarop herken. Die man wat hulle doodgemaak het, net dae gelede.

Toe sien hulle vanaand ek is ook op die foto, en hulle sit twee en twee bymekaar.

En ek dink dit kan dieselfde helikopter wees dié. Die een wat hulle Witput toe gevat het.

En ek dink aan die man wat met Pa oor die radio gepraat het, net voor sy dood. Trunkenpolz / Number One. En alles wil-wil begin sin maak. My kop soek deur alles wat ek weet, en ek voel ek is naby aan begrip.

Miskien het Pa vir Trunkenpolz gesê kom ontmoet my by Witput.

Hy weet hoe Pa lyk.

Trunkenpolz kon die helikopter Tarkastad toe gestuur het, om te gaan kyk wat die Marauders aanvang.

Hoe het Trunkenpolz gevorder van 'n ou wat met 'n minibussie op Amanzi aangekom het om 'n paar gewere te steel, tot 'n ou wat helikopters honderde kilometer ver kan stuur?

Ek gaan hom doodmaak.

Die haat, noudat ek vermoed hy sit agter alles, is suiwer en sterk, dit vul my al hoe meer terwyl die helikopter vlieg vir wat soos 'n ewigheid voel.

En dan verander die toonhoogte en volume van die motore, en ek kan voel ons vlieg stadiger, en dan begin die helikopter daal, dit voel ek aan my maag.

Tot hy gaan land, die motore skielik afgeskakel en die deur van die helikopter oopgeskuif word.

Ek ruik die see, oorweldigend sterk. En ek hoor geluide. 'n Dieselenjin van 'n vragmotor. Nee, twee of drie van hulle. Ek kan die gloed van skerp ligte uitmaak onder, teen die rand van die blinddoek.

Hande wat ons op- en uithelp. Nie die rowwe hande van die soldate in die berg nie. Hande wat versigtiger en mooier werk. En stemme. Een daarvan is 'n manstem wat sag beveel: "No, keep the blindfolds on. But be careful. Bring them to the car."

Sofia se hand wat uit myne glip, mense wat my stoot en stuur, ek loop saam. Ek ruik ander reuke wat ek nie kan plaas nie. Olie of ghries. Vis? Die sout van die see.

'n Hand op my kop wat my afdruk. "You need to get in the car, sir. Please bend down. Careful now, lift your right foot, that's it, okay, now get in."

Hulle hande lei my, ek sit in die kar, ek voel die sagte leer van die sitplek, ek voel iemand wat langs my inskuif.

"Sofia?"

"Ja," sê sy. "Ek is hier."

"Ek is bly," sê ek soos 'n idioot.

"Ek ook," sê sy en leun teen my aan.

Dit is in daardie motor, met Sofia wat styf teen my aangeskuif het, dat ek vir die eerste keer worstel met die keuse voor my. Ek gaan Trunkenpolz doodmaak as ek die geringste kans kry. Ek gee nie om as hulle my dan ook doodmaak nie.

Maar wat van Sofia?

Ek sal haar eers moet bevry.
Maar hoe?
Ek sal moet wag en kyk.

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: XII

Die seereuk is sterk toe ons uitklim. Daar is die geluid van enjins, mense wat roep, mense wat praat, die gekap-kap van 'n hamer teen metaal. Iewers vlieg 'n helikopter.

Hande wat my trek en stuur, my voete – en dié van minstens drie ander mense – wat raas op metaalroosters onder ons sole. Ons draai regs, ons draai links, weer regs.

Ek voel onvas op my voete. 'n Soort lighoofdigheid.

Ons voetstappe weerklink hol. Ons is in 'n gang, maar dit is nie 'n normale gang nie, iets is ongewoon.

Hande druk my na links.

“Okay,” sê iemand. “Take it off.”

'n Hand trek die blinddoek af. Twee grys manne by my, die een met die blinddoek in sy hand. Ek is in 'n vertrek. Dit lyk soos 'n woonstel. Daar is 'n tafel en vier stoele, metaalkaste teen die een muur, 'n enkelbed, netjies opgemaak. Die ander drie mure is ook van metaal. Die vloer beweeg.

Die ander grys man sê: “We are going to free your hands. Please sit at the table.”

“Where is Sofia?”

“She is safe.”

“Where is she?”

“Please, sir, I need your word that you will sit down, and be civil.”

“Civil?”

“Yes, sir.”

Ek snap iets toe die vloer weer beweeg. “We are on a ship,” sê ek.

“Yes, sir. Do I have your word?”

“Yes.”

“Cut him loose.”

Die ander een gebruik ’n tangetjie om die cable ties van my polse te knip. Ek slaan dadelik na hom. Ek tref hom teen sy agterkop, want hy draai weg. Die pyn in my gebreekte kneukel is só intens dat ek ’n oomblik lank voel of ek gaan flou word. Ek swaai na die ander een, die prater. Hy skree iets en duik teen my vas. Nog drie kom by die deur in, hul stewels luid op die metaalvloer. Hulle swets in Engels, hulle druk my vas op die grond.

“Where’s Sofia?” skree ek, in magtelose woede.

Die prater sê: “Tie him up again.”

Die een wat ek geslaan het, klap my agter die kop.

“Don’t hurt him, you idiot,” sê Prater vir hom. “Just tie him to the chair.”

Hulle ruk my op my voete, stoei met my stoel toe. Ek doen my bes om los te kom, maar hulle is te veel en te behendig.

Hulle maak my aan die stoel vas.

“We tried,” sê Prater. “We really tried to be civil.”

“Where’s Sofia?” vra ek hom.

“Sir, I said she is safe.”

Dan loop hulle almal uit, en maak die swaar metaaldeur agter hulle toe.

Die vloer beweeg weer.

Ek is op ’n skip.

Die klank van hulle stewels verdwyn in die gang af. Dit is stil.

Ons kan in Saldanha wees. Daar is ’n hawe. Die enigste ander hawe is in Kaapstad, maar dit is baie naby aan die radioaktiwiteit van die gesmelte Koeberg-kernreaktor, dit sal onmoontlik wees.

Saldanha. Trunkenpolz is in Saldanha. Heeltemal anders as wat ons gedink het.

’n Nuwe geluid in die gang af. Die tik-tak van skoene op die metaalvloer. Die tik-tak van vroueskoene.

Mecky, die Zoeloe-prinses?

Die deur gaan oop. ’n Grys man staan daar. Hy kyk na binne. Hy knik vir iemand buite my sig. Hy staan weg.

’n Vrou kom by die deur in.

Sy staan ’n oomblik.

Ons maak al twee ’n geluid, ek en sy. Haar geluid is hoog en emosioneel. Myne is anders. Ek weet nie hoe om myne te beskryf nie. Ek sal nooit weet

nie.

Want die vrou in die deur is my ma.

* * *

Sy huil.

Sy kom oor die vloer na my toe aangestap en sy huil, en sy kom omhels my, en ek onthou my ma se reuk en my ma se omhelsing, en ek weet dit is nie waar nie.

En sy sê: “Please cut him loose,” en die grys man kom en knip my los, en ek staan op en sy omhels my en sy sê: “Jy is so groot, jy is so groot,” en sy huil.

Sy hou my verskriklik styf vas. My hande is langs my sye, want dit is ’n droom hierdie, dit is nie werklikheid nie. Die vloer wat beweeg en hierdie hallusinasie, hulle het vir my iets ingegee of ingespuut, dit is nie die werklikheid nie. Ek wil wegkom van haar af, die grys man het uitgeloop, ek moet my bewussyn herwin, ek moet hier wegkom, ek moet vir Sofia kry. Ek stoot haar weg.

“Nico, asseblief,” sê sy. “Ek is so verskriklik jammer. Ek het alles probeer om julle te kry, ek het alles probeer. Ek is so verskriklik jammer oor Pappa. Dit was ’n ongeluk, dit het heeltemal verkeerd geloop. Hulle was veronderstel om vir julle te gaan haal ... toe kom die ander man en hy skiet op my mense.”

“Ma se mense?” Ek beweeg verder van haar af weg.

Sy krimp ineen, ek kan sien sy kry seer toe sy my woede en my verwerping hoor. Sy vat aan ’n stoel, trek dit weg van die tafel af. Sy kyk na die grys man by die deur en sê vir hom: “Please leave us.”

Hy knik en loop uit. Die deur staan oop. Ek staar daarna.

“Nico, kom sit, asseblief.”

Ek weet nie hoe lank ek só staan nie.

Dan gaan sit ek.

* * *

Hulle hou my in 'n restaurant. Dis heeltemal leeg, daar is net 'n paar mense in die kombuis wat vir my kos aandra. Een vra nogal vir my: "Would you like some wine?" Ek is nie vasgemaak nie, ek is nie geblinddoek nie, maar ek sien daar is twee grys manne buite, by die deur. Die restaurant het vensters, maar dit is donker buite, ek kan glad nie sien waar ons is nie.

En ek dink ek hoor die see. Branders. Maar nou moet jy onthou, ek het jare laas die see gehoor, en ook maar net by Hartenbos, waar ons drie keer gaan vakansie hou het. So ek is nie seker nie.

En hulle bring vir my vis en tjips. Met tamatiesous vir die tjips. En 'n Coke. Kan jy dit glo? 'n Coke. Wanneer sal ek ooit weer 'n Coke drink?

* * *

Ek kan nie die presiese verloop van daardie nag se gesprek onthou nie. Ek kan haar nie in hierdie bladsye in haar eie stem aan die woord stel nie. Want dit is alles te deurmekaar in my kop, daar was te veel emosie toe ek moes luister.

En ek het nie net geluister nie. Ek het soms opgespring en deur toe geloop, met my palm daarteen gestamp dat die metaalklank deur die skip geëggo het. Ek het vrae gevra. Ek het gehuil. Ek het op haar geskree, uit pyn en woede en wanbegrip.

En sy het aangehou met praat, met verduidelik. Sy het gesê, ja, haat my, Nico, maar hoor net eers my storie.

Hulle het later vir ons eet- en drinkgoed gebring. Nie ek of sy het daaraan geraak nie.

Haar storie was glad nie 'n liniêre, chronologiese vertelling nie. Dit was deurmekaar, hoofsaaklik weens my onderbrekings en uitbarstings en my stortvloed vrae. Sommige goed het ek geweet, destyds, as kleiner kind, en sy het die feite weer vir my verfris. Sommige kon ek vaagweg onthou, maar net vanuit my eie kinderperspektief. Maar die meeste was vir my nuut.

Sy het 'n manier van praat gehad wat ek teen daardie tyd al vergeet het. Daar is 'n pynlike maar absolute eerlikheid daaraan – soos iemand wat teen wil en dank nie 'n leuen kan vertel nie – en 'n sekere gebrek aan sosiale vaardigheid en bewussyn. Dit is asof sy nie heeltemal besef hoe haar eerlikheid jou laat voel nie, en dit dien as die versagting, as die rede waarom jy haar kan en wil vergewe daarvoor. Sy sê vir my, in die kajuit van daardie skip, sy gaan vir my alles vertel wat relevant is. En eintlik is alles relevant, sê sy. Want ons maak ons toekoms met wie ons is en met wat ons doen. “Ek wil hê jy moet verstaan, én ek wil hê jy moet steeds vir my lief wees. Dit is alles deel van my agenda.”

En daarom, sê sy, wil sy heel voor begin.

Hier is breedweg wat sy gesê het, op 'n manier wat sin sal maak, dit is wat ek onthou:

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: XIII

My ma was 'n wiskundige. Haar naam was Amelia, haar nooiensvan was Foord.

Sy was een van die kinders wat agt vakke in matriek geneem het en in al agt onderskeidings behaal het. Sy het goed hokkie gespeel. Hulle het haar op die hokkieveld agter haar rug The Terminator genoem. En dit was nie 'n positiewe bynaam nie.

Sy het met 'n groot beurs gaan studeer, haar geliefde hoofvak was toegepaste wiskunde, dit was haar enigste akademiese passie. In haar derde jaar het sy my pa ontmoet. Hy was alles wat sy nie was nie. Hy was onsportief en humoristies, sy intelligensie was wyer, soos sy belangstelling – 'n lamp teenoor haar soeklig. Sy persoonlikheid was warmer, hy was die vaardige ekstrovert teenoor haar ongemakliker misantropie.

Sy was geneig tot ekstremisme, hy was polities en ekonomies gematigd.

En sy het hom liefgehad. So sê sy vir my, oor en oor. “Ek het vir jou en vir Pappa baie liefgehad.”

Sy was vanaf haar tweede jaar op universiteit 'n lid van Greenpeace Africa en het teen kernkrag en hidrobreking en aardverwarming en vir elke moontlike ekologiese saak gemarsjeer en betoog. En sy het skouspelagtig uitgeblink in haar studies. Dit was die groot rede waarom die Sentrum vir Kompleksiteitstudies aan die Universiteit Stellenbosch haar kom werf het nog voor sy haar graad gekry het.

“Kom doen 'n honneurs in Kompleksiteitsteorie,” het hulle genooi. Dit is die dissipline wat met die wêreld en met Afrika se groot probleme worstel. Soos omgewingsvolhoubaarheid en die bekamping van pandemiese

armoede. Daar is biochemici, filosowe en ekonome, en as sy aansluit, ook wiskundiges. En dit is maar die begin.

Sy het daaroor gedink, en toe sluit sy by hulle aan. En toe trou sy met Pa. En toe kry hulle vir my. En hulle was gelukkig in hulle huisie in Die Boord.

En binne die eerste paar jaar het hulle besef sy is die ster, die geniale een met die groeiende internasionale aansien, die een wat vir hulle deure gaan oopmaak vir buitelandse studie en verblyf, iets wat hulle al twee baie graag wou beleef. Sy was die akademiese renperd teenoor my pa die karperd.

Daarom het sy op haar loopbaan gekonsentreer, en Pa op ons. Op my.

“En alles sou uitgewerk het, Nico.”

Haar stem verander wanneer sy hier kom. Ek dink nie sy besef dit nie. Dit is baie subtiel, maar ek vermoed ook die feit dat ek haar jare laas gesien het, dat daar ’n afstand tussen ons was, veroorsaak dat ek die verandering nou makliker herken. Dit herinner my so ’n bietjie aan pastoor Nkosi Sebego wanneer hy op die verdediging was, maar geglo het hy loop met die Heilige Lig, al langs die morele hoë grond.

Net nadat ek met laerskool begin het, is sy genooi om ’n referaat by ’n internasionale kongres in New York te gaan lewer. Sy het, met die goedkeuring van die Sentrum vir Kompleksiteitstudies, haar gunsteling-onderwerp gekies: “Pandemiese armoede en aardverhitting: geen toekoms sonder ’n volhoubare planeet.” Haar argument was dat die biljoene dollars wat bestee word – meestal vrugteloos – om Afrika uit sy siklus van armoede te lig, bloot die herrangskikking van dekstoele op die Titanic van planeet aarde was. As Aardverwarming nie gekeer en omgekeer gaan word nie, is alles nutteloos.

Vier mense wat in die gehoor was, het haar daardie aand vir ete genooi. Vier wetenskaplikes, wêreldberoemd vir hul aardverwarming-waarskuwings, wat in konserwatiewe kringe as alarmisties en oordadig afgemaak is. Die vier – drie mans en ’n vrou – het haar gemeet en geweeg; haar Groen militantheid, haar godsdiensoorwegings, haar lewens- en wêreldbeskouing. My ma was nog nooit bang om haar sienswyses prontuit te stel nie, en sy het daardie aand hoegenaamd nie teruggehou nie. Sy het gedink sy is tussen mense wat haar standpunte in ’n groot mate deel.

En tog was die atmosfeer gedemp toe sy daar weg is, en het hulle haar vir die res van die kongres geïgnoreer.

Tot net ’n paar uur voor sy moes terugvlieg Suid-Afrika toe.

Toe kom sien die vrouewetenskaplike haar alleen in haar hotelkamer. En vra vir haar: “Dink jy regtig ons gaan aardverwarming kan keer?”

“Nee,” sê my ma. “Daar is eenvoudig te veel botsende belange.”

“Kan jy aan geen manier dink nie?”

“O, ek kan, maar niks wat vir die wêreld aanvaarbaar sal wees nie.”

“En wat is vir jou aanvaarbaar?”

“Enigiets.”

“Regtig? Enigiets?”

“Ja.”

“Weet jy wat sir David Attenborough van die menslike spesie gesê het?” het die vrou haar gevra, met verwysing na die bekende Britse aanbieder van natuurlewe-televisieprogramme.

“Ja. Hy het gesê die menslike spesie is ’n plaag op die aarde. En ek voel ook so.”

“Regtig?”

“Absoluut.”

“En dink jy dié plaag behoort beheer te word?”

Dit was die oomblik toe my ma besef het hier is iets aan die gang. Hierdie is ’n ander soort toets. Hierdie is ’n voortsetting van die ete, maar dit is versigtiger, geheimsinniger, en daar is iets veel groter op die spel.

“Kyk,” het my ma gesê, “as ek môre ’n virus kon ontwikkel wat negentig persent van die plaag kan beheer, dan doen ek dit,” het sy vir die vrou gesê.

* * *

Soms wanneer ek nadink oor daardie nag, en daardie spesifieke oomblik in die gesprek, wanneer ek dit herleef en herkou, dan wonder ek of die heelal dit nie presies bestem het dat ek sewentien sou wees wanneer die tuimelaars van begrip val nie.

Want sewentien is die perfekte ouderdom daarvoor. Sewentien, met Domingo as mentor – Ryan John Domingo junior, die man wat sy voorname gehaat het omdat hulle aan sy pa behoort het. Domingo, wat sy geloof in en verwerping van die mens as animal aan my oorgedra het, met die tasbare en onteenseglike bewyse van die mans in ’n vliegtuigloods naby Klerksdorp wat vir klein Okkie sonder rede steek, die Marauders wat vroue

op hok gehou het, Die Vyand wat die lieflike mense van ons reservistemag teregstel met kille kopskote.

* * *

Cairistine “Birdie” Canary

Domingo het vir my gesê in Worcester het hy gedink net sy pa is ’n animal. In Afghanistan het hy gedink baie mense is animals. In die hof, toe hulle hom aankla van die dubbele moord, toe dink hy hy is ook ’n animal. In die tronk, toe sien hy goed, goed wat mense doen, prisoners én guards, en toe weet hy ons is almal animals.

* * *

Op sewentien het ek ’n soort vae begrip vir my ma se siening gehad.

Dalk sou ’n jonger ek – of ouer, of sonder die Domingo-invloed – gekerm en geweën en my klere geskeur het toe ek die eerste vermoede gekry het dat Die Koors nie toevallig en ’n lukrake natuurverskynsel was nie, dat die storie van die Man onder die Veselperskeboom dalk deels of heeltemal versinsel is.

Maar ek het daardie nag daar gesit en net die gewig van dié kennis gevoel wat my op die stoel vasdruk, en dit alles op ’n manier verstaan.

Dit het my laat dink aan my pa se woorde: *Jy is jou ma se kind*. Hy het dit vir my gesê toe ek in die winter van die perfekte storm my kos vir die kleintjies gegee het, en toe ek Die KTM van hulle motorfietse afgeskiet het in die Jaar van die Jakkals.

Jy is jou ma se kind.

En ek is Domingo se maaksel.

En ek het 'n oomblik lank ontvlug van die nuwe kennis oor Die Koors, soos mens seker doen wanneer kennis so groot en so swaar is. En ek het na my ma gekyk, en ek het haar onthou soos sy was – die atletiese, energieke, tydlose mooi slim vrou van my jeug, van my laerskool. Die een net buite my bereik, die een na wie se omhelsing ek gesoek het, en soms troos in gevind het wanneer dit beskikbaar was. Die een na wie ek geroep het ná die aanval van die honde op Koffiefontein. En ek besef sy het oud geword. Vinniger ouer as my gestorwe pa. Die lyne op haar gesig was dieper, die grys in haar hare sterker. Die bewaring van die Groot Geheim het 'n groot tol geëis.

Sy het nou al hoe vinniger begin praat, asof sy my gou wou oortuig, voor ek haar en haar besluite kan verwerp. Sy het my vertel van die stand van die aarde voor Die Koors. Van die besoedeling in die oseane, van agtmiljoen ton se plastiek wat die mensdom elke jaar in die oseane gestort het, van die plastiek in die see wat reeds meer geweeg het as al die visse daarin. Van ontbossing, van lugbesoedeling, die koolstofdiksied wat ons planeet laat oorverhit. Van spesies wat reeds uitgesterf het, groot en klein. En die honderde spesies wat op die rand van uitwissing was – renosters en olifante en aasvoëls, orangoetangs en gorillas, wildehonde en walvisse, pandas en skilpaaie en tiere, om nie eens te praat van die minder fotogeniese spesies nie, die ruspes en paddas en koraaldiertjies en visse.

Sy vra my, met soveel meesleurende passie, watter reg het ons, die pespesie, die plaagdier, om dit aan al die ander te doen? Watter reg het die mens, maar net nog 'n dier, om hierdie massamoord te pleeg? En sy sê met soveel evangeliese oortuiging: “Die mens kan nie verander nie, Nico, die mens kan eenvoudig nie verander nie. Evolusie het ons geprogrammeer om aan te hou gebruik, tot alles op is.”

Later sal ek besef dit het my herinner aan die storie van Ravi Pillay en sy restaurant, waar mense altyd meer geskep het as wat hulle kan eet. Maar op daardie oomblik in Ma se vertelling sê ek niks. Ek sit oorkant haar en probeer die tye onthou, in 'n huis in Die Boord op Stellenbosch, toe ons drie saam gelag het. En ek kan nie.

Hulle het haar minder as 'n maand later kom spreek. Drie van hulle. Een was 'n Suid-Afrikaner, 'n dierkundige en eienaar van 'n rehabilitasiesentrum vir aasvoëls in Limpopo. Hulle het haar vertel van Gaia One, die organisasie van mense – wetenskaplikes, sakemense, politici, tegnoloë, medici, selfs 'n paar soldate – wat almal haar bewarings sentimente deel. Hulle het haar genooi om by Gaia One aan te sluit, om saam te werk aan dit wat hulle “Project Balance” genoem het.

Sy het ingestem. Sy het haar trou en haar geheimhouding en haar stilswye beloof. En hulle het haar nie geglo nie, want hulle het haar getoets, tot hulle seker was. En hoe nader sy aan die binnekring toegelaat is, hoe meer het sy besef hierdie mense is ernstig en meedoënloos. Want in die volgende paar jaar het twee lede van Gaia One koue voete gekry. Hulle wou media toe gaan met hul kennis van Project Balance. Hulle is al twee in vreemde omstandighede dood.

Hierdie mense was ernstig en meedoënloos. Maar aardverhitting was net so ernstig. En die bedreiging vir die aarde, en die omvang van die pes-spesie se skade.

Sy het finaal besluit sy steun dit. Solank sy haar man en haar seun kan saamneem na die Nuwe Wêreld ná Die Koors.

Die ondersoek na die moord op my pa: XIV

Die virus is in 'n laboratorium ontwikkel. Dit was 'n keurige versnit van koronavirusse, soos die media gesê het. Net mensgemaak. Die entstof daarteen kom uit dieselfde laboratorium, bestem vir die uitverkorenes, die lede van Gaia One en hul geliefdes.

Die voorbereidings is getref: Die entstof is uitgestuur, en ook die dodelike virus is na elke uithoek van die wêreld geneem, sodat dit volgens 'n spesifieke plan losgelaat kan word, om natuurlike verspreiding na te boots. Die oorlewingsentra se voorbereidings het begin. Daar sou sewe basisse wees waar die Gaia One-mense beskerm en die Beskawing bewaar sal word. Plekke wat geografies afgesonder is – soos die Kaapse Skiereiland met sy omringende berge – en toegang het tot kern-, son- of windkrag om die ligte en stelsels en tegnologie mee aan die gang te hou.

En toe het die aftelling begin.

Ma het ons self met die entstof ingespuut, drie weke voor V-dag. Sy het eenvoudig die aand by die huis gekom en vir my pa gesê sy het die griepinspuitings sommer gou by die apteek gaan koop, want 'n akademiese kollega in Duitsland het laat weet van die kwaai virus wat nou uit Europa op pad is, die kwaai griep wat mense so hondsiek maak. “Kom, ek spuit ons sommer gou in.” Eers vir my, daarna vir Pa, en toe vir haarself, so al geselsend. “Dit sal julle dalk vir 'n dag of twee siekerig laat voel, maar darem niks ernstigs nie.”

Daardie aand, nadat ek in die bed was, het sy vir Pa vertel. Van alles.

My pa, my goeie, sagte, sensitiewe, mensliewende pa. Hy was kwaad omdat sy die geheim so lank van hom gehou het. Dit het sy verwag en

verstaan. Hy was kwaad omdat sy hele filosofie daarop gebou was dat die mens nog altyd elke probleem oorbrug het, en ons hierdie probleem van verpesting en spesie-uitwissing en aardverwarming ook sal oorkom, met intelligensie en vernuwende denke en verstommende tegnologie. Dit het Ma verwag en verstaan.

Pa het nie daardie nag geskree en geraas nie. Dit was net nie in sy aard nie. Toe sy alles klaar vertel het, het hy kalm en beredeneerd vir haar gesê wat hy daarvan dink. En toe vir haar gesê sy integriteit dwing hom om nie stil te bly nie. Sy gewete skryf voor dat hy die volgende dag met dié kennis media toe gaan.

Ook dit het Ma verwag en verstaan. En sy het vir hom gesê niemand sal hom glo nie. En hy sal doodgemaak word. Daar is Gaia One-mense wat spesiaal daarvoor opgelei is en nou gereed staan vir dié moontlikheid, wat hom sal doodmaak. En vir haar. En vir my. Sy moes toestem daartoe voor sy die teenvirus kon ontvang.

Pa en Ma en ek word dopgehou. Ons al drie sal sneuwel, nog voor die oorlog teen Die Pes begin het.

Toe sê Pa dan sal hy niks doen nie, want ek en Ma is sy eerste prioriteit.

Dit het Ma verwag en verstaan.

Maar toe gee hy vir haar 'n slaapmiddel in, en hy vat my en die Subaru Forester in die nag, en ons verdwyn. Net ná die virus losgelaat is. En sy bel, maar Pa se foon is af.

Dit het sy nie verwag óf verstaan nie.

Sy vra my waarheen ek en hy gegaan het.

Na die grotte in die Vredefort-koepel, antwoord ek. Pa het haar probeer bel in daardie tyd – hoekom het sy nie geantwoord nie?

Sy sê sy het nooit weer van my pa gehoor nie. Hy moes net gemaak het of hy bel. Sy sê sy dink sy weet waarom hy dit gedoen het. Dit was sy manier om hom te distansieer van die uitwissing, en van haar bedrog. Dit was sy manier om sy teorieë 'n kans te gee, en om deel daarvan te wees, om te bewys dat die mens se vindingrykheid selfs Die Koors te bowe kan kom.

Dit is wanneer ek terugdink aan my pa se toespraak, daardie aand nadat pastoor Nkosi Sebego sy Mighty Warrior Party gestig het en die verkiesing uitgeroep het.

Is julle nie ook soms heeltemal verwonderd oor waartoe ons in staat is nie? Kyk na ons reis, Homo sapiens se reis, kyk hoe ontsaglik ver ons gekom het, van savanna-prooi tot 'n robot op Mars en die splitsing van die

atoom en die dekodering van DNS. En demokrasie, en rede en rasionaliteit. Wetenskap bo bygeloof, feite voor mites ...

Die Koors ... Ek wonder of die groter skade nie die onderbreking was in wat ons besig was om te vermag nie.

Ek besef hy het daardie aand nie met die oorblyfsels van die Komitee gepraat nie, maar met my ma. Dit was sy pleidooi aan haar, sy teenargument vir die Gaia One-oplossing.

Die verlange na my pa is soos 'n brand in my bors. Ek verstaan alles. Ek verstaan waarom hy my nie kon prys nadat ek Die KTM van hul motorfietse afgeskiet het nie. Want hy was so bang ek is volkome my ma se kind.

En ek is, in so 'n groot mate.

My ma sê vir my sy het geen reg gehad om vir Pa kwaad te wees omdat hy daardie nag weg is nie. Nie ná al haar geheime en die gekonkel nie. Maar sy was woedend, want hy het haar seun van haar weggeneem. Hy het nie die reg gehad nie, net soos wat sy seker nie die reg gehad het om saam te sweer om die mensdom feitlik uit te wis nie.

Sy het nooit weer van my pa gehoor nie. Tot Trunkenpolz vir die Marauders oor die amateurradiogolwe gesê het: "Willem Storm of Amanzi. You kill that guy, and I'll give you gas for ten years."

* * *

Ma het geweet ek en Pa sou nie doodgaan van die virus nie. Sy het geweet ons sal, soos almal wat die teenvirus-inenting gekry het, kwaai siek word, maar ons sal nie doodgaan nie. Maar sy het geen sekerheid gehad of ons die epidemie se chaos sou oorleef nie. Sy het bly hoop. Sy was een van die uitvoerende komiteelede van Gaia One se Kaapse Basis. Sy het gevra dat hulle na die eter sou luister, vir die twee name waarna sy gesmag het: Willem en Nico Storm.

Sy het vir hulle 'n foto gegee sodat hulle dit in hul militêre rekenaars se databasisse kon sit. Dit was dieselfde stelsels wat destyds deur die VSA gebruik is om terroriste te jag, met militêre MQ-9 Reaper-hommeltuie wat te hoog vlieg vir die oog om te sien, maar met sulke kragtige kameras dat rekenaars die videostroom kan dophou en gesigte identifiseer om te

vergelyk met dit wat in die databasis was. En ons was in die databasis, danksy die foto.

En sy het bly hoop dat die hommeltuig-kamera ons iewers in die uitgestrektheid van die land sou raaksien, en dat die programmatuur eendag die alarms sal laat afgaan wanneer die stelsel ons kry.

Sodat ons na haar toe kan kom. Sodat ons 'n beter lewe kan hê. In 'n beter wêreld.

Want sy het dit alles gedoen, sy het betrokke geraak en gewerk en beplan en die geheime bewaar sodat daar vir ons, spesifiek vir my, 'n beter wêreld moet wees. Want sy het ons lief, intens en allesoorheersend, en sy sê sy sal verstaan as ek dit nie nou wil aanvaar nie, maar sy smee my, ek moet gaan dink daaroor: 'n volhoubare voortbestaan vir alle spesies. Ook vir die mens. Ook vir my, haar seun, Nico Storm, en my kinders en hulle kinders. Is dit nie wat ware liefde beteken nie?

Daarom dat sy gehoop het die radio-operateurs sou iets van ons hoor, of die vlieënde hommeltuie sou ons raaksien, al is die statistiese kanse so klein.

Daar was net twee hommeltuie by die Kaapse Basis. Die Gaia One-lede wat in die Amerikaanse weermag was, het hulle saam met operateurs per skip gestuur, net ná die grootste chaos verby was. Hulle moes bedreigings dophou, soos die opkoms van gemeenskappe op die rand van die berggrense, die Weskussers, die Lambertsbaaiers, die Boesmansklowers en die veel kleiner een by Villiersdorp, waarheen hulle troepe en helikopters moes stuur om hulle te verskrik en te verjaag.

Want die groot leuen van Koeberg se kernreaktor – en die fiktiewe bedreiging van radioaktiewe bestraling – het vir langer as drie jaar gewerk. Die reaktor het nooit iets oorgekom nie. Dit is deur Gaia One onderhou en bestuur as primêre bron van elektrisiteit vir die Kaapse Basis. Destyds, tydens die chaos ná Die Koors, het hulle vragte en vragte ou buitebande aangery Melkbosstrand toe en dit aan die brand gestee om die dik, swart, onwelriekende rook te veroorsaak. Mense het dit gesien en geruik. Die natuurlike oorlewendes wat nie deel van Gaia One se komplot was nie, het geredelik gevlug vir die gevaar. Niemand het omgekyk om te sien wie bly nie.

En toe het hulle die grense gesluit – elke bergpas en tunnel Kaap toe. Hulle het wrakke en lyke na die belangrikste roetes geneem – Du Toitskloof, Sir Lowry's, Piekenierskloof, Bainskloof – sodat dit moet lyk of

die bestraling en die virus hier hoogty vier. En so het hulle drie jaar lank geen indringers of nuuskieriges gehad nie.

Tot die smouse en smokkelaars oor Wupperthal begin inkom het, gedryf deur honger en nuuskierigheid. En van Gaia One se eie soldate en werkers met hulle begin handel dryf het. Soos mense maar maak, mense wat altyd méér wil hê.

* * *

Sy vertel my eers van die radioboodschap wat Pa se naam genoem het, en daarna vra ek haar van Sofia se helikopter-waarneming. Later moet ek self die chronologiese volgorde bepaal om alles te verstaan.

Die dreuning wat Sofia gehoor het, die nag op die vreemde plaas se voorstoep, en die vuurstreep soos 'n meteoriet wat sy in die naghemel gesien het, was een van die twee Kaapse hommeltuie. Dit het meganiese probleme ondervind, in die lug aan die brand geslaan en in die berge anderkant Richmond 'n noodlanding gedoen.

Die helikopter wat Sofia die volgende oggend gehoor het, was die sending om die hommeltuig te probeer herwin. Dit was geslaagd.

En toe, net weke daarna, die radioboodschap. “Willem Storm of Amanzi. You kill that guy, and I’ll give you gas for ten years.” Ek weet dit was Trunkenpolz, aan die Marauders. Maar my ma en die Kaapse Basis het nie geweet wat dit beteken nie, behalwe dat my pa se naam genoem is.

Ma-hulle het die tegnologie gehad om die ligging van die twee radiotorings te bepaal. Die een was in die berge van Lesotho, die ander was by 'n ou plaashuis in die berg agter Cradock. Sy moes die Kaapse Raad smee om 'n sending goed te keur, want daar was groot onwilligheid om oor die berggrense met tegnologie soos 'n helikopter te beweeg. Hulle wou ten alle koste en so lank as moontlik hul teenwoordigheid – en natuurlik die Groot Komplot – van die res van die oningeligte wêreld weerhou.

Die deurslag het gekom toe sy sê hul radar wys dat daar tog 'n vliegtuig is wat deur iemand gebruik word anderkant die berge, deur 'n gewone oorlewende, nie 'n lid van Gaia One nie.

Toe sê die Kaapse Raad van Gaia One die sending kan maar voortgaan. Hulle kan 'n helikopter met soldate stuur om te probeer inligting inwin by die radiobronne. Die sending het 'n paar dae geduur, want die afstande was

te groot vir 'n enkele helikoptervlug. Hulle moes brandstofpunte voorberei en van voorraad voorsien.

Die radio in die Lesotho-berge was nie meer daar nie. Daar was spore van voertuie en tekens van lewe, maar die mense het reeds aanbeweeg.

By die ander radio, anderkant Cradock, het hulle mense gekry. Een man, wild en bebaard en vol dagga, en 'n vertrek vol vuil, verslonsde vroue. Die soldate het die wilde man gevra waar Willem Storm is. En waar Amanzi is. Maar hulle kon sien hy het regtig nie geweet nie. Hulle het die vroue gevra, maar die vroue was dronk en het net na hulle gestaar.

Toe kom die helikopter terug en die Gaia One-soldate sê daar was duidelike tekens by die Tarkastad-radio dat die wilde man deel is van 'n groter span mense. Die tydsberekening van die helikopter se besoek was dalk net sleg.

Toe laat hulle die hommeltuig 'n paar dae later dié gebied dophou, weke aaneen. Toe is die radiomas weg en daar is geen teken van lewe nie. Toe verloor my ma weer moed dat sy ons ooit gaan opspoor.

Net meer as 'n week gelede, toe is daar egter weer die stem oor die radio, dieselfde een wat van Lesotho af uitgesaai het, soveel maande gelede. En hierdie keer sê die stem: "This is Number One, calling on Willem Storm, this is Trunkenpolz, calling on Willem Storm." Die radiomense van die Kaapse Basis van Gaia One het haar laat kom, want die stem het oor en oor geroep. Sy het met oorfone aan by die radio gaan sit en die stem self gehoor. Haar hart wou bars van hoop.

Toe kom daar 'n ander stem: "Trunkenpolz, this is Domingo of Amanzi. I am authorised to respond. State the nature of your business with Willem Storm."

En die Trunkenpolz-stem lag en sê: "I don't speak to servants, I speak to masters. Tell Storm I have a proposition. I will be listening on this wavelength."

My ma het by die radio gewag. Die eter in die veertigmeterband was vir ure daarna stil, maar die tegnici het later vir haar gesê die Trunkenpolz-stem se radio is naby Ficksburg in die berge, en die Domingo-stem is by die Vanderkloofdam.

My ma het die som van Vanderkloof en Amanzi byna dadelik gemaak. En eenvoudig gewéét dit is waar my pa is. En dalk ek.

Sy het gewag by die radio. Halfsewe daardie aand het sy haar man, Willem Storm, se stem gehoor, en sy het in die radiokamer van die Kaapse

Basis van Gaia One in trane uitgebars, van verligting en dankbaarheid en 'n oorweldigende skuldgevoel. Sy het só gehuil dat sy nie alles kon hoor wat oor die radio gesê is nie. Hulle moes die opname later vir haar terugspeel.

Die Trunkenpolz-stem het vir Pa brandstof aangebied. Etanol. En vrede. Geen aanvalle nie, vir vyf jaar. In ruil vir wapens. Pa het gesê nee, dankie.

Daar was geen melding van Nico Storm nie.

Toe smee my ma die Kaapse Raad een laaste keer vir 'n sending. 'n Laaste keer, want die tyd was besig om baie min te raak. Die Kaapse Basis sou oor tien dae ontruim word.

OceanofPDF.com

Die ondersoek na die moord op my pa: XIV

My ma sê sy was verantwoordelik vir die wiskundige modelle en algoritmes wat moes voorspel hoeveel mense op natuurlike wyse Die Koors sou oorleef – met ander woorde, mense wat nie deel van die Gaia One-inenting was nie. En hoeveel in die chaos sou omkom wanneer die beskawing in duie stort. Sy moes ook probeer voorspel hoe lank dit daardie oorlewendes sou neem om hulself in gemeenskappe te organiseer en weer te begin kos en energie produseer, en handel dryf en verken.

Sy het die statistieke van wêreld- en burgeroorloë, van opstande en revolusies bestudeer, sy het die effek van die Ebola-virus in Afrika en die Vark- en Voëlgriep-virusse in Asië geanaliseer. En haar rekenaarprogramme het voorspel dat al Gaia One se versigtig uitgesoekte basisse vir minstens tien jaar veilig en indringervry sou wees, spesifiek ook dat die Kaapse Basis ná Die Koors 'n dekade lank 'n veilige hawe vir Gaia One in Afrika sou wees – ook die enigste wat hulle in Afrika in stand sou hou.

Maar die mens se vindingrykheid, die mens se vermoë om die onmoontlike te vermag, om probleme op te los en omstandighede te oorkom, het haar wiskunde verkeerd bewys. Oral, op al die kontinente, het die Gaia One-hommeltuie gewys dat groepe mense veel vinniger herstel en organiseer en produseer as wat hulle gedink het. Dat voertuie soos vragmotors en selfs klein vliegtuie veel langer aan die ry en vlieg bly as wat hulle gedink het brandstof nog bruikbaar sal wees. Wat beteken iemand vervaardig petrol en diesel.

En waagmoedige verkenners het veel vroeër oor die Kaapse berge begin soek na goedere om te smous, ondanks die duidelike waarskuwings van

kernbestraling.

Gemeenskappe se herstel en nuuskierigheid en verkenningsdrang het nie net hier in Afrika en in die Kaap vinnig gebeur nie. Gaia One se basisse in Noord-Amerika, Europa en Asië het almal onder druk begin kom. En hulle was nog lank nie reg om vir die gewone oorlewendes te vertel van die mensgemaakte epidemie om die aarde te red nie, ook nie om hul bewaarde tegnologie en voorrade met dié mense te deel nie.

Hulle het aanvanklik geweldlose strategieë probeer om dié gemeenskappe skrik te maak en terug te dryf, soos 'n boot vol mense met nagebootste swere en gesimuleerde koors. Soms het dit gewerk, maar meestal – soos met die “blister fever” vir die Weskussers – het dit geen invloed gehad nie.

Hulle moes eindelijk troepe en helikopters instuur, wat die ongewenste gevolg van onvoorsiene ongevallen aan albei kante gehad het.

Daarom het die organisasie gesamentlik besluit om met al hul mense, tegnologie en toerusting uit te wyk na die veiligheid en afsondering van 'n paar eilande oor die aarde heen, om nog 'n klompie jare van geheimhouding te wen: Mauritius, Sri Lanka, Nieu-Seeland, Hawaii, Kuba, Ierland en Sisilië. Die verskuiwingsproses is al maande lank aan die gang.

Die laaste skip vanaf die Kaapse Basis vertrek môreoggend.

Dit is waarom dit so dringend was om vir Pa te gaan haal – en hopelik vir my.

Ma het die MQ-9 Reaper-hommeltuig en die helikopter met die Gaia One-soldate gestuur, gewapen met 'n foto van ons drie.

Die hommeltuig het vir Pa opgespoor en dopgehou, danksy Pa se radiogesprekke met ander besproeiingsboere van waar hy in die veld by Witput was.

Ma het hom gesien, op die skerm in die beheersentrum by die Kaapse Basis. Sy het gesit en kyk na haar man wat in die strate van Amanzi loop, wat in 'n bakkie klim en ry. Sy sê dit was 'n baie emosionele ervaring om hom te sien, so naby en tog so ver. Sy het gewens dat hy na sy seun toe sal stap of ry terwyl die hommeltuig se hoëresolusie-kamera hom dophou, sodat sy vir my kan sien. Sodat sy kan sien ek leef, sodat sy kan sien hoe groot ek geword het.

Maar daar was geen teken van my nie, en sy het in dié paar dae begin vermoed dat ek nie oorleef het nie.

Sy het die helikopter en die soldate ingestuur omdat die beeld gewys het Witput is afgesonder. Hulle sou Pa kon bereik sonder dat iemand anders dit

sien.

Die hommeltuig het daardie middag gesien Pa verdwyn in die plaashuis by Witput in. Die helikopter met die soldate het die laaste been van hul vlug voltooi en noord van die plaashuis geland.

Die hommeltuig het Pa afgeneem toe hy uithardloop, en dit het sy noodroep op die radio na die Kaapse Basis herlei: “Regards to Cincinnatus from Witput, regards to Cincinnatus, ek is in Witput.” My ma het nie geweet wat dit beteken nie.

Ma was vasgenaai voor die videoskerm toe die hommeltuig se kameras wys hoe Pa uit die opstal kom en in die rigting van die helikopter loop. Hoe hy omdraai en terugdraai. Hoe haar vier Gaia One-soldate hul opdrag uitvoer om vir Pa uit die plaashuis te kry.

Die plan was om vir Pa na die helikopter toe te vat, van waar hy met Ma oor die radio kan praat. Sodat sy hom kan smee om na haar toe te kom. En haar seun saam te bring, indien hy nog lewe. Dit is ons enigste kans voor die laaste skip na Mauritius vertrek.

Maar toe kom die man in die swart Jeep.

Vanaf ’n hoogte van vyftienduisend meter het hulle die hommeltuig se kamera op Pa en die soldate gerig, die Jeep was ’n verrassing. En toe sien my ma op die skerm hoe Domingo uitklim, na die soldate toe hardloop en hoe die vuurgeveg uitbreek. En hoe my pa in die skermutseling geskiet word. Hoe hy val.

My ma het geskree, daar voor die operateurs in die beheerkamer. Sy het soos ’n gewonde dier geskree.

Sy het gehoor hoe die soldaat die nuus herlei: Willem Storm is dood.

* * *

Ons is teen daardie tyd vyf uur lank in die skeepskajuit. Reg aan die begin het sy my omhels toe sy ingekom het, maar toe stoot ek haar weg. Daarna was daar ’n afstand tussen ons, vir die volle duur van ons gesprek. Ek én sy het beweeg, op en af geloop om emosie te betuel of uit te laat, maar ons het nie weer aan mekaar geraak nie.

Tot sy vir my sê sy het my pa, haar eggenoot, se dood gesien. Dan verkrummel sy finaal, sy stort in duie, fisiek en emosioneel. Sy snik: “Dit was ’n ongeluk, dit was ’n ongeluk, dit was my skuld, Nico,” met absolute

gebrokenheid, en ek staan op en ek gaan omhels my ma, ek hou haar vas, ek troos haar. En ek deel in haar – in ons – verlies, ek treur saam met haar. Vir daardie rukkie. Tot die woede en die verlies en die ongeloof, en die onvermoë van 'n sewentienjarige om dit alles op een slag te hanteer, my weer dwing om haar weg te stoot.

Later sal sy my vertel die hommeltuig het drie wit Toyota-bakkies gesien wat in Luckhoff was. Daarom dat die helikopter 'n ruk lank nie kon opstyg om die grys manne te gaan oppik nie.

Later het sy my vertel die hommeltuie het selfs infrarooi kameras gehad wat in 'n landskap die hitte van 'n menslike liggaam kan isoleer en identifiseer. Dit is hoe hulle geweet het ek en Sofia is vroeër vandag verby die lemmetjiesdraad by Wupperthal, hoe hulle die troepe kon lei na presies waar ons in die rotsskeur weggekruipt het.

Ek onthou dit is die laaste wat ek nog gehoor het. Die uitputting het my oorval.

Ek onthou sy het my na die enkelbed toe gelei en gesê: “My kind, my kind. Ek is so bly ek het jou gekry, my kind. Ek is so bly jy kom saam met my.”

In die Jaar van die Leeu het Die Vyand ons aangeval. Ons het hulle oorwin.
 In die Jaar van die Leeu het ek my pa verloor, en my ma gevind.
 En Domingo is dood, maar sy storie leef.
 En ek het 'n sersant geword in 'n eenheid sonder 'n bevelvoerder.
 In die Jaar van die Leeu het die Weskussers gekom, en pastoor Nkosi
 Sebego en sy volgelinge in die Mighty Warrior Party het gegaan.
 In Mei in die Jaar van die Leeu word ek wakker van 'n vibrasie deur die
 staalromp van die skip. Ek maak my oë oop, en ek sien my ma sit by die
 tafel. En ek ruik die koffie, die goddelike geur van koffie.
 En ek vra my ma wat is dit wat só maak? Sy sê dit is die skip se enjins.
 “Waar is Sofia?” wil ek weet.
 “Kom.” Sy lei my uit die kajuit. Ek voel die skip onder my voete beweeg.
 Ons loop in die gang af en uit op die dek. Die dag breek oor Tafelberg.
 Ons is in die Duncan-dok van die Kaapstadse hawe.
 My ma wys na die beton van die dok, langs die hyskrane. Daar sit die
 helikopter, sy skroef draai, sy enjin dreun. “Daar is Sofia. In die helikopter.
 Hulle vat haar terug na Wupperthal,” sê my ma.
 Ek kyk na die helikopter. 'n Duisend dinge in my kop.
 Ek omhels my ma. Ek hou haar baie styf vas.

* * *

Hulle blinddoek my. Hulle lei my net na die helikopter toe, en hulle sê ek moet inklim, en ek vra vir hulle: “But where is Nico?” En ’n ou sê: “He won’t be joining you.” En ek steek vas en sê hulle kan nie dit doen nie, en die ou, een van die grys manne, hy sê vir my: “But he wants to go, miss.”

En ek sê: “But I don’t believe you,” en ek word bang, want wat gaan hulle met Nico doen? En ek word kwaad ook, en ek loop teen die grys man vas, aspris, en ek skuur my kop so teen sy bors, so hard, want ek wil die blinddoek afkry, en ek kry dit reg, en skielik kan ek alles sien, en dit slaan my asem weg. Ons is in Kaapstad, by die hawe, hier is Tafelberg, hier reg voor my, so mooi! En daar is ’n skip, ’n groot skip wat besig is om te vertrek, en daar is hyskrane en ’n paar vragmotors en die helikopter, en die ses grys manne. En twee van hulle gryp my om die blinddoek weer op te sit, maar die hoof-ou sê: “Too late, just leave it.”

Ek sê: “I want to speak to Nico,” en hy trek net sy skouers op en sê: “Please get in. I will try to get him on the radio. He’s on that ship.”

Nou moet jy verstaan, ek weet van niks. Ek weet net dis dagbreek, ons is in die Kaap, en Nico is daar op die skip, en hy wil weggaan ... Wat kon ek doen? Ek klim toe in die helikopter. En hulle sit die helikopter aan, en een van die grys manne stamp so aan my, en hy wys met sy vinger, en daar sien ek, op die skip, daar staan Nico by ’n vrou. En dis seker sestig meter, maar ek kan sien die vrou is bekend, en die helikopter se enjins maak baie lawaai en die helikopter beweeg, en ek staar na die vrou, hoekom lyk sy so bekend, en dan weet ek maar dis die vrou op die foto, dis Nico se ma. Ek kon dit nie glo nie, ek dog toe, okay, ek verstaan, ek verstaan, ek weet nie hoekom sy daar is nie, ek weet nie hoekom hulle op die skip is nie, maar ek verstaan. Sy pa is dood, hy het sy ma gekry, ek verstaan. Ek wil baie graag by hom wees, ek het hom lief, dit is baie seer in my hart. Maar ek verstaan.

En daar gaan die skip, ek sien die skip beweeg weg van die kaai af.

En ek waai vir hom, ek waai vir Nico, en die ou sê vir my: “He can’t see you, miss.” Maar ek hou aan met waai, en die helikopter styg op, so al langs die hyskraan op, en ek kyk vir Nico en sy ma, ek sien Nico vat sy ma en hy hou haar vas. En daar begin ek te huil. En so tussen die trane deur sien ek die skip is verder en verder weg van die kaai, en ons is hoër en hoër, en dan sien ek, maar daar spring Nico in die water, daar duik hy van die skip af, en hy swem na die kaai toe. En ek roep vir die grys manne, ek sê, kyk daar, kyk daar!

Die helikopter vlieg net aan.

En toe draai die helikopter om. En toe gaan haal ons vir Nico.

OceanofPDF.com

Die begin

Ons onthou die oomblikke van vrees, verlies en vernedering die beste.

Ek onthou hoe dit voel om my ma teen my vas te druk. Ek onthou die koelte van die oggend, die seewind, die skip se dek wat vibreer, die nat van my ma se trane.

Ek sê vir haar: “Ma weet waar om my te kry. Maar ek moet terug na my familie toe. Na my bloedbroer Okkie, en my stiefma Beryl, en my suster Birdie en my ooms Nero Dlamini en Sarge X, Ravi Pillay en Hennie Flaai. En my kamerade by die Spotters. En my trouwvrou, Sofia.”

Ma huil teen my, maar sy knik. Sy sê: “Ek weet waar om jou te kry.”

Ek hou haar vas, en die skip gaan al verder van die kaai af, en sy sê: “Jy beter spring.”

Ek wou nog vir haar gesê het daar is nog geheime om te gaan ontrafel, oor spioene, en oor die Sales Club, en oor ’n pastoor in New Jerusalem, maar daar is nie tyd om dit vir haar te sê nie. Ek moet spring.

Ek wou nog vir haar sê ek is my ma se kind. Maar ek is ook my pa se kind. En dít maak my baie trots.

Ek wou vir haar sê Pa het my vertel: Ons kry die woord “koors” van die Nederlandse “koorts”. Hulle sê dit hou waarskynlik verband met die oud-Indiese woord “jvárati”, wat ook kan beteken “hy gloei”.

Soos ek, op daardie oomblik.

Erkennings

Koors het vier jaar van navorsing en skryf geveg, en was van begin tot einde 'n verrykende ervaring – veral danksy die ruimhartigheid van 'n groot aantal mense wat hul kennis, insig, verbeelding en tyd met soveel geduld gedeel het. Ek is hulle ewig dankbaar. Die foute en leemtes in hierdie boek is net myne. Die res is danksy hulle onbaatsugtigheid. Baie, baie dankie aan:

My agent Isobel Dixon en uitgewer dr. Etienne Bloemhof wat nog meer as gewoonlik ondersteuning en raad gegee het, juis omdat *Koors* so ietwat van my gewone aanbod afwyk. Hester Carstens van NB-Uitgewers het uitstekende redaksionele insette gelewer. Ek is ontsaglik bevoorreg om saam met hulle te kan werk.

Prof. Wolfgang Preiser, hoof van die Afdeling vir Mediese Virologie aan die Universiteit Stellenbosch se Departement Patologie. Ek het vir hom gevra om 'n virus te ontwerp en nie net het hy geesdriftig gehelp nie, maar selfs die hulp van prof. Richard Tedder van University College London ingeroep. Dit was 'n eer!

Cliff Lotter, die afgelope vyf-en-veertig jaar al my goeie vriend, die beste vlieënier wat ek ken, en 'n navorsende skrywer se droom wanneer dit kom by kennis oor enigiets rakende vliegtuie.

Die formidabele en briljante Dave Pepler, voorheen verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Departement van Omgewingsake en Ekologie. Ons gesprek oor honde, kraaie, skape en die Cederberge in 'n post-apokaliptiese wêreld sal my altyd bybly.

Anton-Louis Olivier, vir die baie waardevolle inligting oor Suid-Afrika se bekende en minder bekende hidro-elektriese turbines en volt-reguleerders. Ek en Cairistine “Birdie” Canary en die gemeenskap van Amanzi sal jou altyd dankbaar wees.

Die regte Cairistine Canary, vir toestemming om haar wonderlike naam en van te kon gebruik.

Nathan Trantraal, vir toestemming om uit sy werk aan te haal.

Laura Seegers en al my ander vertalers, wat elkeen op hul eie manier 'n bydrae tot my boeke lewer, asook die proeflesers Liesl Roodt, Annie Klopper en Marette Vorster, vir hul arendsoë.

Baie dankie ook vir jul eindelose geduld en ondersteuning, Marianne Vorster, Diony Kempen, Lida Meyer, Johan Meyer, Marette Vorster, Hannes Vorster en Bekker Vorster.

Vir die mense wie se name tussen aantekeninge, digitale notas, en afgesnyde foonoproepe verlore geraak het: Baie dankie!

OceanofPDF.com

Bronnelys

The Knowledge: How to Rebuild Our World From Scratch. Lewis Dartnell, The Penguin Press, New York, 2014.

The World Without Us. Alan Weisman, Virgin Books, London, 2007.

Sapiens – A Brief History of Humankind. Yuval Noah Harari, Vintage Books, London, 2014.

Amsterdam – A History of the World's Most Liberal City. Russel Shorto, Doubleday, New York, 2013.

Smithers' Mammals of Southern Africa – A Field Guide. Peter Apps (ed.), Struik, Cape Town, 2000.

The Disaster Diaries. Sam Sheridan, Penguin Books, New York, 2013.

The Wilderness Survival Guide. Joe O'Leary, Watkins Publishing, London, 2010.

African Survival. Hein Vosloo, Survival X-pert Events, Johannesburg, 2010.

The Survivors Club – The Secrets and Science that Could Save Your Life. Ben Sherwood, Penguin Books, London, 2010.

The Book of Origins. Trevor Homer, Plum, London, 2007.

<http://www.flyingmag.com/pilot-reports/pistons/cessna-172td-skyhawk-bang>

<https://www.psychologytoday.com/blog/the-camouflage-couch/201008/criminal-behavior-is-not-symptom-ptsd>

<http://discovermagazine.com/2005/feb/earth-without-people>

<http://www.netwerk24.com/Nuus/Eerste-aanleg-vir-hidro-krag-byna-klaar-20141224>

<http://io9.com/everything-you-need-to-know-to-rebuild-civilization-fro-1566170266>

<http://www.qsl.net/w5www/qcode.html>

<http://www.news24.com/Columnists/AndreasSpath/how-global-warming-is-pummelling-the-oceans-20160208>

<http://www.survival-manual.com/gas-to-alcohol-conversion.php>

<http://www.popularmechanics.com/outdoors/survival/tips/how-to-survive-absolutely-anything-15341044>

<http://www.buzzfeed.com/tomchivers/how-come-no-one-mentioned-evolution-by-natural-selection>

<http://kitchenette.jezebel.com/if-we-dont-cut-back-on-eating-meat-were-screwed-1710769158>

http://en.wikipedia.org/wiki/Immortality_Drive
<http://www.theguardian.com/books/2015/sep/25/industrial-farming-one-worst-crimes-history-ethical-question>
https://en.wikipedia.org/wiki/John_Bowlby
<http://www.theguardian.com/commentisfree/2014/sep/02/limits-to-growth-was-right-new-research-shows-were-nearing-collapse>
<http://www.swaviator.com/html/issueAM00/basicsAM00.html>
https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_South_African_provinces_by_population_density
<http://www.theguardian.com/environment/earth-insight/2014/mar/14/nasa-civilisation-irreversible-collapse-study-scientists>
<http://www.netwerk24.com/Stemme/Nathan-Trantaal/nathan-trantraal-uber-atheist-is-soos-om-n-liverpool-fan-te-haat-20151119>
<http://www.netwerk24.com/nuus/2014-10-14-groeiende-bevolkings-beskadig-ons-planeet>
<http://www.gestampwind.com/en/business/innovating-projects/noblesfontein>
<http://www.osric.com/chris/phonetic.html>
http://www.defenceweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=9747:denel-showcases-a-21st-century-r4-assault-rifle-at-aad&catid=50:Land&Itemid=105
<http://www.theguardian.com/environment/2015/sep/15/tuna-and-mackerel-populations-suffer-catastrophic-74-decline-research-shows>

OceanofPDF.com

Opsomming

Hulle het my pa doodgeskiet.

Ek gaan hulle kry.

Hulle het my pa vermoor op Witput, aan die rand van 'n besproeiingsirkel se vergete, verbleikte skaduwee.

Ek gaan hulle kry.

My pa. Willem Storm. Wat Amanzi – hierdie nuwe nedersetting – begin het ná Die Koors. Die Koors wat feitlik die hele mensdom uitgewis het. My pa, wat hierdie klein gemeenskap gelei het van chaos na orde, van donker na lig, van honger na oorvloed. Deur oorlog en vrede.

Ek het my pa gehaat en ek het my pa liefgehad. Ek gaan uitvind wie hom doodgemaak het. Ek is Nico Storm, opgelei in die doodskuns deur Domingo.

Ek gaan hulle kry.

Hier is my storie.

Oor die skrywer

Deon Meyer is voltyds skrywer en woon op Stellenbosch. Sy publikasies sluit in elf romans (*Wie met vuur speel*, 1994, *Feniks*, 1996, *Orion*, 2000, *Proteus*, 2002, *Infanta*, 2004, *Onsigbaar*, 2007, *13 Uur*, 2008, *Spoor*, 2010, *7 Dae*, 2011, *Kobra*, 2013 en *Ikarus*, 2015). *Orion*, *Proteus* en *Infanta* is met die ATKV-prosaprys bekroon.

OceanofPDF.com

Deur Deon Meyer, ook beskikbaar in e-boekformaat:

Wie met vuur speel (1994)

Feniks (1996)

Orion (2000)

Proteus (2002)

Infanta (2004)

Onsigbaar (2007)

13 Uur (2008)

Karoonag en ander verhale (2009)

Spoor (2010)

7 Dae (2011)

Kobra (2013)

Die ballade van Robbie de Wee en ander verhale (2015)

Ikarus (2015)

Deur Deon Meyer, ook beskikbaar as luisterboeke:

13 Uur

Kobra

Ikarus

OceanofPDF.com

Human & Rousseau,
'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms) Bpk,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
www.humanrousseau.com

Kopiereg © Deon Meyer 2016

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp: Mike Cruywagen, na 'n konsep deur Deon Meyer

Omslagfoto: *Apocalypse* deur Panos Lahanas (www.frametastic.gr)

E-boekontwerp: Purple Pocket Solutions

Ook beskikbaar in druk:

Eerste uitgawe in 2016

ISBN: 978-0-7981-7385-8

Epub-uitgawe:

Eerste uitgawe in 2016

ISBN: 978-0-7981-7386-5 (epub)

Mobi-uitgawe:

Eerste uitgawe in 2016

ISBN: 978-0-7981-7387-2 (mobi)

OceanofPDF.com

Inhoudsopgawe

[Titelblad](#)

[Motto's](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Die Jaar van die Hond](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Hoofstuk 20](#)

[Hoofstuk 21](#)

[Hoofstuk 22](#)

[Hoofstuk 23](#)

[Hoofstuk 24](#)

[Hoofstuk 25](#)

[Hoofstuk 26](#)

[Hoofstuk 27](#)

[Hoofstuk 28](#)

[Hoofstuk 29](#)

[Hoofstuk 30](#)

[Hoofstuk 31](#)

[Hoofstuk 32](#)

[Hoofstuk 33](#)

[Die Jaar van die Kraai](#)

[Hoofstuk 34](#)

[Hoofstuk 35](#)

[Hoofstuk 36](#)

[Hoofstuk 37](#)

[Hoofstuk 38](#)

[Hoofstuk 39](#)

[Hoofstuk 40](#)

[Hoofstuk 41](#)

[Hoofstuk 42](#)

[Hoofstuk 43](#)

[Hoofstuk 44](#)

[Die Jaar van die Jakkals](#)

[Hoofstuk 45](#)

[Hoofstuk 46](#)

[Hoofstuk 47](#)

[Hoofstuk 48](#)

[Hoofstuk 49](#)

[Hoofstuk 50](#)

[Hoofstuk 51](#)

[Hoofstuk 52](#)

[Hoofstuk 53](#)

[Hoofstuk 54](#)

[Hoofstuk 55](#)

[Hoofstuk 56](#)

[Hoofstuk 57](#)

[Hoofstuk 58](#)

[Hoofstuk 59](#)

[Hoofstuk 60](#)

[Hoofstuk 61](#)

[Hoofstuk 62](#)

[Hoofstuk 63](#)

[Hoofstuk 64](#)

[Hoofstuk 65](#)

[Hoofstuk 66](#)

Die Jaar van die Vark

[Hoofstuk 67](#)

[Hoofstuk 68](#)

[Hoofstuk 69](#)

[Hoofstuk 70](#)

[Hoofstuk 71](#)

[Hoofstuk 72](#)

[Hoofstuk 73](#)

[Hoofstuk 74](#)

[Hoofstuk 75](#)

[Hoofstuk 76](#)

[Hoofstuk 77](#)

[Hoofstuk 78](#)

[Hoofstuk 79](#)

[Hoofstuk 80](#)

Die Jaar van die Leeu

[Hoofstuk 81](#)

[Hoofstuk 82](#)

[Hoofstuk 83](#)

[Hoofstuk 84](#)

[Hoofstuk 85](#)

[Hoofstuk 86](#)

[Hoofstuk 87](#)

[Hoofstuk 88](#)

[Hoofstuk 89](#)

[Hoofstuk 90](#)

[Hoofstuk 91](#)

[Hoofstuk 92](#)

[Hoofstuk 93](#)

[Hoofstuk 94](#)

[Hoofstuk 95](#)

[Hoofstuk 96](#)

[Hoofstuk 97](#)

[Hoofstuk 98](#)

[Hoofstuk 99](#)

[Hoofstuk 100](#)

[Hoofstuk 101](#)

[Hoofstuk 102](#)
[Hoofstuk 103](#)
[Hoofstuk 104](#)
[Hoofstuk 105](#)
[Hoofstuk 106](#)
[Hoofstuk 107](#)
[Hoofstuk 108](#)
[Hoofstuk 109](#)
[Hoofstuk 110](#)
[Hoofstuk 111](#)
[Hoofstuk 112](#)
[Hoofstuk 113](#)
[Hoofstuk 114](#)
[Hoofstuk 115](#)
[Hoofstuk 116](#)
[Hoofstuk 117](#)
[Hoofstuk 118](#)
[Hoofstuk 119](#)
[Hoofstuk 120](#)

[Erkennings](#)

[Bronnelys](#)

[Oor die boek](#)

[Opsomming](#)

[Oor die skrywer](#)

[Ander boeke deur Deon Meyer](#)

[Kolofonbladsy](#)